


**DIE POLITIEK VAN TRANSFORMASIE: 'N ANALISE VAN EKONOMIESE  
VERANDERING IN SUID-AFRIKA**

**FROUWIEN REINA BOSMAN**



Proefskrif ingelewer vir die graad Doktor in die Wysbegeerte aan die Universiteit van  
Stellenbosch

Promotor : Professor Pierre du Toit  
Mede-promotor: Professor Joachim Ewert  
Maart 2008

## VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie proefskrif vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

.....  
Handtekening

.....  
Datum

## OPSOMMING

Voortgesette sosiale stabiliteit in Suid-Afrika vereis dat die land se sogenaamde "onvolledige transisie" voltooi word deur betekenisvolle sosio-ekonomiese transformasie wat die ekonomiese gevolge van die land se geskiedenis van ongelyke ontwikkeling aanspreek. Transformasie word dus beskou as een van die primêre uitdagings in die ekonomiese en sosio-politiese landskap in Suid-Afrika. Dit is die taak van sosiale wetenskappe om by wyse van sistematiese analise tot begrip vir die sosiale realiteit by te dra en sodoende die effektiewe bestuur van sosiale uitdagings te bevorder.

Huidige literatuur oor die transformasieproses in Suid-Afrika fokus feitlik uitsluitlik op die politieke transisie (as 'n herskikking in *magsverhoudinge*) en analyses van sosio-ekonomiese ongelykheid en beskrywings van die suksesse en mislukkings van beleidsmaatreëls wat sedert 1994 in plek gestel is om 'n *herverdeling in ekonomiese hulpbronne* te bewerkstellig. Drie gapings in die literatuur en teoretisering oor transformasie is geïdentifiseer, naamlik (i) die versuim om die *statusimplikasies* van die herverdeling van politieke en ekonomiese hulpbronne aan te spreek, (ii) die afwesigheid van analyses wat *transformasieprosesse* (en spesifiek die sektor- en bedryfspesifieke inisiatiewe wat ter bevordering van Swart Ekonomiese Bemagtiging geïnisieer word) in sigself problematiseer, en (iii) 'n gebrek aan preskriptiewe riglyne vir die bestuur van transformasieprosesse.

Die doel van hierdie studie is primêr om 'n teoretiese raamwerk te ontwikkel in terme waarvan sosio-ekonomiese transformasie ontleed kan word. Sosio-ekonomiese transformasie word beskryf as 'n potensieel konflikteuele proses en daar word getoon dat die geïnstitutionaliseerde en onderhandelde aard van transformasie in die Suid-Afrikaanse konteks ons toelaat om dit in terme van konflikteorie te interpreteer. Teoretiese materiaal uit konflikstudie, en spesifiek Sosiale Identiteit Teorie, word ingespan om die impak van die herverdeling van mag en materiële hulpbronne op die status van sosiale groepe en die gepaardgaande implikasies vir tussen-groep verhoudings te analiseer. Daar word aan die hand van die teoretiese model spesifieke omstandighede geïdentifiseer waaronder die stabiliteit van sosiale verhoudings te midde van die herverdeling van mag en hulpbronne in stand gehou kan word – naamlik: omstandighede waarin gelykberegting in eiewaarde in

stand gehou word deur wedersydse aanvaarding van die beginsels wat die verdeling van hulpbronne, mag en ander bronne van sosiale status onderlê.

'n Preskriptiewe model vir die hantering van konflik wat aan hierdie vereistes voldoen is ontwikkel vanuit die teorie van konflik transformasie en voorgestel as 'n raamwerk vir die bestuur van transformasie. Hierdie model stel sosiale geregtigheid as die verlangde uitkoms in die hantering van konflik. In die afwesigheid van 'n toereikende definisie van sosiale geregtigheid in hierdie teorie word John Rawls se konseptualisering van geregtigheid as 'n analitiese verruiming tot die teorie voorgestel.

Daar word aan die hand van 'n gevallestudie, naamlik die onderhandelinge rondom die Wynbedryfhandves en die transformasie in 'n sleutel Suid-Afrikaanse wynbedryfstelling, geïllustreer hoe die gekose teoretiese model (en spesifiek die teoretiese aannames rakende die behoefte aan positiewe selfbevestiging) deur ontleders as 'n raamwerk vir die interpretering van transformasie ingespan kan word. Die gevallestudie word ook gebruik om te toon hoe elemente van die gekose preskriptiewe model vir die bestuur van transformasie ingespan is. Daar word in die studie bevestig dat die gekose teoretiese model vir die bestuur van transformasie wel in die formele transformasieproses in die wynbedryf (en spesifiek die suksesvolle ontwikkeling van die Wynbedryfhandves en onderhandelinge rondom die aard en struktuur van die Suid-Afrikaanse Wynraad) ingespan is.

## SUMMARY

For the sake of continued social stability in South Africa it is imperative that the country's so-called "partial transition" is completed through a process of meaningful socio-economic transformation that addresses the consequences of its history of unequal development. Transformation can thus be viewed as one of the primary challenges in the economic and socio-political landscape in South Africa. It is the task of social sciences to contribute to the general understanding of our social reality through systematic analysis and thereby promoting effective responses to social challenges.

Current literature on the transformation process in South Africa focuses almost exclusively on the country's political transition (as a *change in power relationships*) and analyses of socio-economic inequality and descriptions of the successes and failures of policy measures that have been adopted since 1994 to promote the *redistribution of economic resources*. Three shortcomings in current literature on and the theoretical analysis of transformation were identified, namely: (i) the apparent disregard of the *status implications* of the redistribution of political and economic resources, (ii) the absence of analyses that problematise the transformation *process* as such (and specifically the sector and industry specific initiatives initiated to promote Black Economic Empowerment), and (iii) the lack of prescriptive guidelines for the management of transformation processes.

It is the primary goal of this study to develop a theoretical framework in terms of which socio-economic transformation can be analysed. Socio-economic transformation is described as a potentially contentious process and it is shown that the institutionalised and negotiated nature of transformation in the South African context allows us to interpret it in terms of theories of social conflict. Theory from the field of conflict studies, and specifically Social Identity Theory, is used to analyse the impact of the redistribution of power and material resources on the status of social groups and the concurrent implications for inter-group relationships. The theoretical model is also used to identify specific circumstances under which the stability of social relationships can be maintained amidst the redistribution of power and resources – i.e.: circumstances in which parity of esteem is maintained through mutual acceptance of the principles that underlie the distribution of resources, power and other sources of social status.

A prescriptive model for the management of conflict that satisfies these requirements is developed from the theory of conflict transformation and is presented as a model for the management of transformation. This model suggests the achievement of social justice as the desired outcome of conflict management. In the absence of a satisfactory definition of social justice in the existing theory, John Rawls's conceptualisation of justice is suggested as an analytical elaboration of the theory.

A case study, namely the negotiations on the Wine Industry Charter and the transformation of a key institution in the South African wine industry, is used to illustrate how the chosen theoretical model (and specifically the theoretical assumptions regarding the need for positive self-esteem) can be used by analysts to interpret information processes. The case study is also used to illustrate how the elements of the chosen prescriptive model for the management of transformation has been utilised. The study confirms the fact that the chosen theoretical model for the management of transformation was utilised in the formal transformation process in the wine industry (and specifically in the successful development of the Wine Industry Charter and the negotiations regarding the structure and nature of the South African Wine Council).

Geldelike bystand van die Nasionale Navorsingstigting (Suid-Afrika) vir hierdie navorsing word hiermee erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die outeur en moet nie beskou word as noodwendig dié van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.

**Met erkenning aan:**

- My promotor, Professor Pierre du Toit, vir al sy goeie raad en volgehoue opgewondenheid oor my onderwerp;
- My mede-promotor, Professor Joachim Ewert, vir sy insiggewende kommentaar oor transformasieprosesse in die wynbedryf;
- Die Nasionale Navorsingstigting, vir hul finansiële ondersteuning;



## **LYS VAN AFKORTINGS**

AgriSA	Agri Suid-Afrika
ANC	African National Congress
ASGISA	Accelerated and Shared Growth Initiative
BAWSI	Black Association of Workers in the Wine and Spirit Industry
BB-SEB	Breë Basis Swart Ekonomiese Bemagtiging
BBP	Bruto Binnelandse Produk
CAAPD	Comprehensive Africa Agricultural Development Programme
CASP	Comprehensive Agricultural Support Programme
COSATU	Congress of South African Trade Unions
GEAR	Growth Employment and Redistribution
HOP	Heropbou- en Ontwikkelingsprogram
JSE	Johannesburg Stock Exchange
KKO's	Kwalifiserende Klein Ondernemings
KWV	Koöperatiewe Wynbouers Vereniging
LRAD	Land Redistribution for Agricultural Development
NAFU	National African Farmer's Union
NBF	Nasionale Bemagtigingsfonds
NEDLAC	National Economic Development and Labour Council
NEPAD	New Partnership for Africa's Development
NRO's	Nie-Regeringsorganisasies
NSF	National Skills Fund
RUDNET	Rural Development Network
SAIRR	South African Institute for Race Relations
SALBA	South African Liquor Brand Owners Association
SANAC	South African Native Affairs Commission
SAWB	Suid-Afrikaanse Wyn- en Brandewynmaatskappy
SAWIC	South African Wine Industry Council
SAWIS	South African Wine Industry Information Systems
SAWIT	Suid-Afrikaanse Wynindustrie Trust
SEB	Swart Ekonomiese Bemagtiging
SETA	Sectoral Education and Training Authority
VKO's	Vrygestelde Klein Ondernemings

WCSA	Wine Cellars South Africa
WCSC	Wine Charter Steering Committee
WIDA	Wine Industry Development Agency
WINETECH	Wine Industry Network for Expertise and Technology
WIP	South African Wine Industry Strategy Plan
WOSA	Wines of South Africa

### **LYS VAN FIGURE**

Figuur 1	Die progressie van konflik
Figuur 2	Lederach se model vir vredesprosesse

### **LYS VAN ORGANOGRAMME**

Organogram 1	Suid-Afrikaanse Wyn- en Brandewynmaatskappy struktuur
Organogram 2	Suid-Afrikaanse Wynraad struktuur

### **LYS VAN TABELLE**

Tabel 1	Persentasie van die bevolking onder die armoedegrens (volgens ras)
Tabel 2	Die generiese SEB telkaart

### **LYS VAN BYLAES**

Bylae A	Verteenwoordiging in onderhandelinge rakende die herstrukturering van die SAWB
Bylae B	Verteenwoordiging in die Wynbedryfhandves Loodskomitee
Bylae C	Werkswyse vir gesprekke met rolspelers in die wynbedryf

# INHOUDSOPGAWE

---

<b>Hoofstuk 1: Navorsingsfokus en metodologie</b>	<b>1</b>
1. Inleiding	1
2. Probleemstelling en omskrywing van terme	3
3. Literatuuroorsig	7
4. Teoretiese premisse	10
5. Navorsingsdoelwitte en navorsingsvrae	14
6. Metodologie	15
7. Impak	16
8. Begrensing van die studie	17
9. Hoofstukke	22
<b>Hoofstuk 2: Ekonomiese transformasie en beskrywende teorieë van konflik</b>	<b>24</b>
1. Inleiding	24
2. Wat is transformasie?	26
3. Transformasie in Suid-Afrika	29
4. Ekonomiese transformasie in Suid-Afrika	31
4.1 Ekonomiese transformasie as 'n geïnstitusionaliseerde proses	33
5. Konflikteorie	35
5.1 Oorkoepelende teorieë oor die oorsake van tussen-groep konflik	36
5.2 Die Subjektivistiese benadering tot tussen-groep konflik	38
5.2.1 <i>Die behoefte aan identiteit en die bevestiging van eiewaarde</i>	38
5.2.2 <i>Die rol van die groep in die bevestiging van eiewaarde</i>	40
5.2.3 <i>Verskillende bronne van status</i>	41
5.2.4 <i>Positiewe self-bevestiging as 'n meganisme vir tussen-groep konflik</i>	47
5.2.5 <i>Die prominensie van etnisiteit en kultuur</i>	50
5.3 Die versoenbaarheid van objektivistiese en subjektivistiese benaderings tot tussen-groep konflik	52
6. Opsies vir die hantering van bedreigde groepstatus	54
7. Gedragsopsies en die vestiging van stabiele sosiale verhoudings	60
8. Teoretiese skakel tussen konflik en transformasie	63
9. Konflik as voorvereiste vir vooruitgang	64
10. Slot	65

<b>Hoofstuk 3: 'n Model vir die hantering van konflik</b>	<b>67</b>
1. Inleiding	67
2. Twee kanale vir die hantering konflik	68
3. Verskillende benaderings tot die hantering van konflik	69
3.1 Konflik skikking	70
3.2 Konflik resolusie	71
3.3 Konflik transformering	72
4. Die Transformatiewe benadering tot konflik	74
4.1. Konflik transformering as 'n unieke benadering tot die hantering van konflik	75
4.2. Verskillende vlakke van transformering	79
4.3. Die doelwitte van konflik transformering	82
5. Praktiese uitdrukking van die transformatiewe benadering	88
6. Sosiale identiteit, geregtigheid en die transformatiewe benadering tot konflik	99
7. Konflik transformering en die kontakhipotese	109
8. Slot	110
<b>Hoofstuk 4: Transformasie in Suid-Afrika</b>	<b>112</b>
1. Inleiding	112
2. Die behoefte aan transformasie	113
2.1 Die proses van ongelyke ontwikkeling	113
2.2 Sosio-ekonomiese ongelykhede	117
3. Die bevordering van sosio-ekonomiese transformasie in post-apartheid Suid-Afrika	118
4. Swart ekonomiese bemagtiging as 'n instrument vir die bevordering van transformasie	129
4.1 Die ontwikkeling van 'n strategie vir Swart Ekonomiese Bemagtiging	130
4.2 Die definisie van Swart Ekonomiese Bemagtiging	132
4.3 Die implementering van die SEB strategie	133
5. Kommentaar op Breë Basis Swart Ekonomiese Bemagtiging	142
6. Slot	152
<b>Hoofstuk 5: Transformasie in die wynbedryf</b>	<b>153</b>
1. Inleiding	153
2. Die behoefte aan transformasie	154
2.1 Die behoefte aan transformasie in die landbousektor	154
2.2 Die unieke uitdagings in die wynindustrie	157

3. Die bevordering van transformasie in die landbousektor	163
4. Die bevordering van transformasie in die wynbedryf	173
4.1 Strategiese beplanning in die wynindustrie	173
4.2 Die herstrukturering van verteenwoordigende strukture	177
4.3 Die strategie vir die transformasie van die wynbedryf	186
5. Persepsies van die transformasieprosesse in die wynbedryf	193
6. Slot	223
<b>Hoofstuk 6: Teoretiese analise van die gevallestudie</b>	<b>224</b>
1. Inleiding	224
2. Die konflikpotensiaal van die transformasieproses	225
3. Die hantering van konflik in transformasieprosesse in die wynbedryf	240
4. Evaluering van die uitkomste van formele transformasieprosesse in die wynbedryf	254
5. Teoretiese interpretasie van die optrede en reaksies van rolspelers	264
6. Slot	275
<b>Hoofstuk 7: Bevindinge en Voorstelle</b>	<b>277</b>
1. Inleiding	277
2. Die gepastheid van die teoretiese model en die verdieping van begrip vir transformasie	278
2. Voorstelle vir die wynbedryf en die model vir suksesvolle transformasie	281
<b>Hoofstuk 8: Slot</b>	<b>291</b>
1. Inleiding	291
2. Probleemstellings	292
3. Bevindinge	293
4. Voorstelle vir verdere navorsing	300
<b>Bronnelys</b>	<b>301</b>
<b>Bylae A</b>	<b>331</b>
<b>Bylae B</b>	<b>332</b>
<b>Bylae C</b>	<b>333</b>

# Hoofstuk 1: Navorsingsfokus en metodologie

---

## 1. Inleiding

Sosiale navorsing maak staat op teorie om analitiese raamwerke te verskaf waarbinne die sosiale realiteit geïnterpreteer kan word. Die doel van hierdie analitiese interpretasie van die sosiale realiteit is tweeledig. In deskriptiewe studies word teorie ingespan as 'n lens waardeur daar na sosiale fenomene gekyk kan word. Die teorie stel ons in staat om sosiale verskynsels te interpreteer, en dra sodoende by tot ons begrip van die onderwerp. Sosiale teorie het egter ook dikwels 'n normatiewe en preskriptiewe dimensie. Die teorie word in hierdie geval ingespan om te besin en voorstelle te maak oor hoe die sosiale realiteit daaruit *behoort* te sien en om praktiese voorstelle te maak oor die wyse waarop hierdie uitkomste bevorder kan word. Deskriptiewe en normatiewe/preskriptiewe sosiale teorie kan egter ook gesamentlik in analyses van sosiale fenomene ingespan word. In hierdie geval word die teorie eerstens ingespan om begrip vir die onderwerp te bevorder. Hierdie analise van die onderwerp word dan gebruik om normatiewe voorstelle met betrekking tot die onderwerp te ondersteun en as basis vir die ontwikkeling van preskriptiewe raamwerke vir die bestuur van sosiale verskynsels ingespan. Met ander woorde: normatiewe en preskriptiewe voorstelle word op 'n verdiepte teoretiese begrip van die onderwerp van die analise gebaseer. Die doel van die analise is dus nie bloot beskrywend nie, maar het dit ook ten doel om uiteindelik bepaalde aksies aan te moedig wat 'n teoreties-geïnspireerde normatiewe visie kan realiseer. Sodanige gebruik van teorie sluit dus aan by een van die belangrikste doelwitte van sosiale wetenskappe, naamlik om deur verdiepte begrip vir die sosiale wêreld, aksies te bevorder wat die menslike bestaan kan verbeter.

In die afwesigheid van 'n teoretiese onderbou, is die analise van sosiale fenomene suiwer beskrywend. Daar kan geen bydrae gemaak word ten opsigte van die algemene begrip van die fenomeen (buiten die kennis van hoe dit daaruit sien) nie, en voorstelle vir alternatiewe benaderings tot sosiale vraagstukke word binne 'n normatiewe vakuum geformuleer.

In reaksie op sosiale vraagstukke of uitdagings, is dit dus in die eerste plek die taak van die sosiale wetenskaplike om gepaste teoretiese raamwerke te identifiseer of te ontwikkel in terme waarvan die sosiale omstandighede wat die vraagstuk onderlê geanaliseer kan word,

en wat as basis vir normatiewe en preskriptiewe voorstelle aangaande die vraagstuk gebruik kan word.

Sosio-ekonomiese transformasie is een van die vernaamste sosiale vraagstukke in kontemporêre samelewings. Hierdie vraagstuk is veral pertinent in die Suid-Afrikaanse konteks, waar daar in 1994 'n suksesvolle politieke transisie was, maar die resultate van die land se geskiedenis van ongelyke ontwikkeling op 'n sosio-ekonomiese vlak steeds duidelik sigbaar is. Hierdie ongelykheid bied 'n verdere politieke probleem, en die land staan dus tans voor die uitdaging om hierdie sogenaamde "onvolledige transisie" te voltooi deur betekenisvolle sosio-ekonomiese transformasie te bewerkstellig.

In hierdie studie word daar 'n teoretiese raamwerk geïdentifiseer wat in die analisering van sosio-ekonomiese transformasie gebruik kan word. 'n Preskriptiewe<sup>1</sup> voorstel rakende die effektiewe bestuur van transformasie word aan hierdie teorie gekoppel. Daar word aan die hand van 'n gevallestudie getoets of die gekose teoretiese model sinvol in die analisering van sosio-ekonomiese transformasie gebruik kan word en tot 'n verdiepte begrip van transformasie kan bydra. Ook die preskriptiewe dimensie van die teorie vind inslag in die gevallestudie. Die gevallestudie word dus ook gebruik as 'n illustrasie van die kapasiteit van die preskriptiewe voorstelle in die gekose teoretiese model om suksesvolle sosio-ekonomiese transformasie te bevorder al dan nie.

Die probleemstelling van die studie word in afdeling 2 van hierdie hoofstuk in groter detail beskryf. In afdeling 3 word daar 'n oorsig gegee van bestaande literatuur oor die onderwerp, en die wyse waarop hierdie studie tot ons begrip van ekonomiese transformasie kan toevoeg. Die teoretiese premisse, navorsingsdoelwitte en navorsingsvrae en die metodologie wat in die studie gevolg word, word in afdelings 4, 5 en 6 bespreek. Afdeling 7 is 'n bondige opsomming van die moontlike impak van die studie. In Afdeling 8 word die begrensing van die studie omskryf en in afdeling 9 word daar 'n uiteensetting van die hoofstukke in die studie voorsien.

---

<sup>1</sup> Dit is belangrik om te let dat die preskriptiewe voorstelle wat in hoofstuk 3 aan die teoretiese model gekoppel word ook 'n normatiewe dimensie het, in dié sin dat 'n bepaalde normatiewe uitkoms as 'n maatstaf vir die suksesvolle bestuur van die sosiale fenomeen onder bespreking voorgehou word.

## 2. Probleemstelling en omskrywing van terme

Die titel van hierdie studie is - Die Politiek van Transformasie: 'n Analise van Ekonomiese Verandering in Suid-Afrika. Die probleemstelling van die studie, kan aan die hand van die terme in hierdie titel beskryf word.

Oorweeg eerstens die konsep "ekonomiese verandering in Suid-Afrika":

Die "*ekonomie*" of "*ekonomiese stelsel*" binne 'n bepaalde samelewing, bepaal hoe materiële hulpbronne in daardie omgewing verdeel en aangewend word. Suid-Afrika se geskiedenis van ongelyke ontwikkeling het veroorsaak dat die verdeling en aanwending van ekonomiese hulpbronne 13 jaar na die land se demokratiese transisie (van 1994) steeds vir die meerderheid van Suid-Afrikaners onaanvaarbaar is. Daar is dus 'n behoefte aan *verandering*. Die aard van die verandering wat verlang word is ook baie duidelik. Daar is 'n behoefte aan ekonomiese verandering wat ongelykhede van die verlede, en die sosio-ekonomiese agterstand van swart Suid-Afrikaners wat deur die apartheidsbeleid gevestig is aanspreek.

*In Suid-Afrika* word hierdie behoefte aan verandering op 'n duidelik gedefinieerde wyse aangespreek in o.a. grondwetlike bepalinge wat vir regstellende aksie voorsiening maak, aanpassings in nasionale besteding, makro-ekonomiese beleidsraamwerke wat ontwikkeling, herverdeling en gedeelde ekonomiese groei beklemtoon en wetgewing wat hierdie doelwitte ondersteun. Een van die mees prominente beleid- en wetgewende raamwerke wat daarop gemik is om ekonomiese verandering ten gunste van voorheen benadeelde Suid-Afrikaners teweeg te bring is die beleid en wetgewing rondom Breë Basis Swart Ekonomiese Bemagtiging (BB-SEB)<sup>2</sup>. Daar word later in die studie meer detail oor hierdie beleid gegee. Dit is egter nodig om hier te meld dat dit as 'n belangrike katalisator vir "ekonomiese verandering" in Suid-Afrika beskou word.

Gegewe die inter-dissiplinêre aard van die teoretiese raamwerk wat in die studie ingespan word is dit met betrekking tot die titel van die studie ook nodig om te verduidelik waarom daar verwys word na "die politiek van transformasie":

---

<sup>2</sup> Daar sal voortaan in hierdie studie gerieflikheidshalwe na Breë Basis Swart Ekonomiese Bemagtiging (BB-SEB) as SEB (Swart Ekonomiese Bemagtiging) verwys word. Die noodsaaklikheid van 'n inklusiewe projek van swart ekonomiese bemagtiging word geensins hierdeur ontken nie.



"*Transformasie*" in die titel verwys na die proses van ekonomiese verandering in Suid-Afrika wat ter regstelling van die land se geskiedenis van ongelyke ontwikkeling en ter voltooiing van die politieke transformasie en die land se demokratiese oorgang sedert 1994 (in effek: die Suid-Afrikaanse vredesproses) aangepak word.

Die verwysing na "*politiek*" dui op die karakterisering van ekonomiese transformasie as 'n politieke proses. As 'n proses van verandering vanaf 'n gegewe sosio-ekonomiese realiteit na 'n nuwe, onderhandelde orde is ekonomiese transformasie 'n politieke proses waartydens die reëls wat die ekonomiese omgewing in 'n bepaalde samelewing reguleer aangepas word en daar gepaardgaande veranderinge plaasvind in die verdeling van hulpbronne en mag. Die transformasieproses is dus as't ware 'n proses van besinning oor die allokering van eenhede van waarde (o.a. in die vorm van mag of die besit en beheer van ekonomiese hulpbronne) in die samelewing. Daar word aanvaar dat daar opponerende belange en opinies oor hierdie allokasie sal wees wat in die proses van transformasie versoen moet word. In die Suid-Afrikaans konteks geskied hierdie besinning tans by uitstek op 'n georganiseerde wyse binne onderhandelinge rakende Swart Ekonomiese Bemagtiging. Dit sluit dus aan by twee bekende definisies van politiek, naamlik David Easton (1953:129) se definisie van politiek as "the authoritative allocation of values for a society" sowel as Bernard Crick (2000:21) se definisie van politiek as "the activity by which differing interests within a given unit of rule are conciliated". Easton (1981:400) koppel die proses van die allokering van waarde boonop aan die proses van *beleidmaking* as die daarstelling van "a plan of action for the community". Die feit dat ekonomiese transformasie in die Suid-Afrikaanse konteks op 'n onderhandelde basis plaasvind en deur middel van nasionale en sektor-spesifieke beleidsooreenkomste gedryf word, dien dus as verdere bevestiging van die politieke aard van die proses.

Ook die klem wat daar in die Suid-Afrikaanse konteks in die proses van ekonomiese transformasie op die *herverdeling* van mag en hulpbronne geplaas word, anker vraagstukke rakende transformasie stewig in die sfeer van politiek. Daar is byvoorbeeld 'n sterk korrelasie tussen Laswell (1936) se bekende definisie van politiek as die proses waardeur verskillende standpunte ten opsigte van "who gets what, when and how" versoen word, en die besinning oor die verdeling van o.a. mag en hulpbronne wat in die proses van ekonomiese transformasie plaasvind.

Die klem op die politieke dimensie van transformasie impliseer egter ook dat daar nie hier uitsluitlik gefokus word op die ekonomiese verskuiwings wat deur die transformasieproses teweeg gebring word nie, maar pertinent aandag gegee word aan die effek van hierdie verskuiwings op die verdeling van *mag* en die *verhoudings* tussen verskillende groepe in die samelewing - m.a.w. die onderwerpe van politieke wetenskap soos geïdentifiseer in Robert Dahl (1984:9-10) se definisie van politieke stelsels as “pattern[s] of human relationships that involves, to significant extent, control, influence, power, or authority”.

Die titel meld egter ook die term "analise". Die gebruik van hierdie term impliseer dat die studie meer as 'n blote beskrywing van ekonomiese verandering behels. W. Lawrence Neuman (2000:13) beskryf "analise" as 'n proses waardeur daar patrone in data gesoek word wat "betekenis" aan die data gee. Die analitiese proses stel ons dan ook in staat om die inligting wat versamel word te "interpreteer", en sodoende tot ons begrip van die onderwerp van die analise by te dra (Neuman, 2000:13).

In kwalitatiewe sosiale navorsing word daar staatgemaak op sosiale teorie om raamwerke te verskaf waarbinne sosiale analise aangepak kan word - die teorie word dus as die raamwerk vir interpretasie van die sosiale verskynsel ingespan. Om ekonomiese verandering in Suid-Afrika te analiseer moet ons dus in die eerste plek 'n teoretiese raamwerk identifiseer wat as raamwerk vir die analise gebruik kan word. Hierdie imperatief om 'n analitiese raamwerk te identifiseer waarbinne transformasie ontleed kan word onderlê die primêre onderwerp van die studie, naamlik: die soeke na 'n geskikte teoretiese raamwerk waarbinne sosiale analises van ekonomiese transformasie aangepak kan word<sup>3</sup>.

Sosiale analise word egter nie uitsluitlik aangepak om groter begrip vir sosiale verskynsels te bevorder nie. Daar word dikwels veronderstel dat hierdie verdiepte begrip gebruik sal kan word om sosiale gedrag en besluitneming te beïnvloed en sodoende sosiale vooruitgang te bevorder. Preskriptiewe raamwerke, wat spesifieke response op sosiale vraagstukke voorstel word dus telkens aan deskriptiewe teorieë gekoppel. Hierdie benadering is veral ooglopend die geval in die sub-dissipline van konflik-/ vrede studies. Konflik word ontleed ten einde 'n bydrae te maak tot vrede.

---

<sup>3</sup> Hierdie onderwerp word ook in die navorsingsdoelwitte en navorsingsvrae wat in afdeling 5 geïdentifiseer word ingesluit.

In hierdie studie word daar 'n bepaalde deskriptiewe teoretiese raamwerk voorgestel wat in die analise van ekonomiese verandering in Suid-Afrika gebruik kan word. Die toepaslikheid van die raamwerk, en die wyse waarop dit tot ons begrip van transformasie bydra, word geïllustreer aan die hand van 'n gevallestudie, naamlik: die transformasieprosesse in die Suid-Afrikaanse wynbedryf. In die lig van die gekose deskriptiewe teorie word daar egter ook 'n preskriptiewe model vir die hantering van transformasieprosesse voorgestel. Daar word in hoofstuk 6 geargumenteer dat baie van hierdie preskriptiewe voorstelle implisiet in die bestuur van transformasieprosesse in die Suid-Afrikaanse wynbedryf inslag gevind het. Die gevallestudie maak dit dus ook vir ons moontlik om die praktiese implementering van die preskriptiewe raamwerk te evalueer en om te peil tot welke mate dit suksesvolle transformasie bevorder.

Twee formele transformasieprosesse in die wynbedryf word spesifiek oorweeg. Eerstens, word daar gekyk na die proses van die ontwikkeling van 'n handves vir die transformasie van die wynbedryf (as 'n industrie-spesifieke SEB strategie). In die tweede plek, word daar aandag gegee aan die herstrukturering van die verteenwoordigende liggaam van die wynbedryf - as 'n sentrale dimensie van die transformasieproses in die bedryf as geheel.

Die transformasieprosesse in die wynbedryf is om verskeie redes as 'n gevallestudie van sosio-ekonomiese transformasie in Suid-Afrika gekies. Die bedryf vorm deel van die Suid-Afrikaanse landbousektor. Dié sektor is as oorkoepelende tema van die analise gekies op grond van: (1) die strategiese belang van die industrie vir Suid-Afrika se sosio-ekonomiese ontwikkeling in terme van sy bydrae tot voedselsekuriteit, Bruto Binnelandse Produk (BBP) en werkskepping<sup>4</sup>, (2) die kontensieuse aard van onderhandelinge oor transformasie in die sektor as gevolg van die simboliese belangrikheid van die eienaarskap van grond en die veronderstelde beeld van die landbou-gemeenskap as 'n bastion van die voormalige apartheidstaat, (3) die status van onderhandelings rakende die AgriSEB handves en die geleentheid om die ontvouing van die proses te volg (4) die student se toegang tot

---

<sup>4</sup> Primêre landbou is verantwoordelik vir 4.5% van BBP (Department of Agriculture, 2001). Die Agri-voedsel waardeketting dra 'n verdere 9% tot BBP by (Department of Agriculture, 2001). Die landbousektor neem ook ongeveer een miljoen werkers in diens (+11% van formele indiensname in Suid-Afrika) (Department of Agriculture, 2001).

organisasies en sleutel belanghebbers in die sektor<sup>5</sup>. Die wynindustrie is gekies as industrië-spesifieke gevallestudie op grond van (1) die sleutelrol van die industrie in die Wes-Kaapse ekonomie<sup>6</sup>, (2) die feit dat belanghebbers in die wynindustrie ten tye van die studie in onderhandelings betrokke was rakende die Wyn-SEB handves en SEB telkaart vir die industrie (3) die nabyheid en beskikbaarheid van organisasies en kern belanghebbers in die industrie en die gevolglike gemak waarmee onderhandelingsprosesse gevolg en belanghebbers gekontak kon word. Dit is ook belangrik om daarop te let dat daar by die aanvang van hierdie studie geen skikking ten opsigte van transformasie-verwante kwessies tussen belanghebbers in die wynbedryf bestaan het nie.

### 3. Literatuuroorsig

In hierdie afdeling word daar gepoog om te toon watter gaping in die bestaande literatuur oor ekonomiese transformasie deur hierdie studie aangespreek word.

Suid-Afrika se politieke en ekonomiese ontwikkeling word gekenmerk deur konflik en mededinging om hulpbronne en mag (Anstey, 1998:51). Die vreedsame transisie wat wit minderheidsbeheer (dus: die eksklusiewe magsposisie van wit groepe in Suid-Afrika) in 1994 beëindig het is dus wyd beskryf as 'n "wonderwerk" en is ekstensief ge-analiseer ten einde vas te stel wat die onderhandelde skikking moontlik gemaak het<sup>7</sup>.

Hoewel die hervorming van politieke instellings 'n demokratiese politieke orde daargestel het wat gelyke politieke regte aan alle Suid-Afrikaanse burgers toestaan het die land se geskiedenis van rasse-diskriminasie ook 'n nalatenskap van sosio-ekonomiese onderontwikkeling en ongelykheid gelaat wat deurentyd op die transformasie-agenda was, maar nie in die aanvanklike transisie ongedaan gemaak kon word nie<sup>8</sup>. Ekstensiewe koukus

---

<sup>5</sup> Die student het gewerk as navorsings-assistent vir 'n organisasie wat optree as konsultant in SEB en transformasieprosesse (met 'n spesifieke fokus op die landbousektor). Die student het ook toegang tot sleutel rolspelers in die landbousektor en wynindustrie via die Landbou Besigheidskamer, AgriSA, die KWV en die Suid-Afrikaanse Wyn en Brandewynmaatskappy (SAWB) (sedert 2007 bekend as die Suid-Afrikaanse Wynraad).

<sup>6</sup> Wyn, bier en spiritus verteenwoordig 11.2% van die Wes-Kaap se jaarlikse uitvoere (Troskie & Murdoch, 2004:3). Suid-Afrika is die wêreld se sesde grootste wynprodusent, en ongeveer 91% van die land se wyn word in die Wes-Kaap vervaardig (Troskie & Murdoch, 2004:10). Die industrie neem ongeveer 3 300 kelderpersoneel en meer as 80 000 permanente plaaswerkers in diens (Troskie & Murdoch, 2004:11).

<sup>7</sup> Sien: Anstey (1998), Hamber (2003 and 1998), Adam (2002), Alexander (2002).

<sup>8</sup> Volgens 'n studie deur die *Human Sciences Research Council* in 2004, het Suid-Afrika se gini koëffisiënt tussen 1991 en 2001 van 0.62 tot 0.72 gestyg, en kan die land dus beskou word as een van die mees ongelyke samelewings ter wêreld (Schwabe, 2004). Ten spyte van 'n afname in die ongelykheid tussen rasse-groepe, het ongelykheid binne ras-groepe totale ongelykheid sedert 1994 verhoog (van der Berg & Louw, 2003). Tussen-ras ongelykheid bly egter baie hoog en rasgebaseerde ongelykheid is verantwoordelik vir meer as 37% van totale ongelykheid (May, Woolard & Klasen, 2000:27). Ook armoede het 'n sterk rasse-dimensie, net 61% van swart Suid-Afrikaners wat as arm beskou word, teenoor 1% van wittes (World Bank, 2000).

tussen die African National Congress (ANC) en die Suid-Afrikaanse sakesektor in die aanloop tot die 1994 transisie het gelei tot die vestiging van relatief liberale ekonomiese beleid<sup>9</sup> wat in die 13 jaar tussen 1994 en 2007 nie daarin kon slaag om die land se behoefte aan 'n herverdeling in ekonomiese voordele te bevredig nie<sup>10</sup>. Betekenisvolle ekonomiese transformasie word dus beskou as 'n essensiële, en tans uitstaande, voorvereiste vir volgehoue vrede en verdere demokratiese konsolidasie in Suid-Afrika (CDE [1999]; Michie & Padayachee [1997]; de Lille [2004]; Khosa [2001])<sup>11</sup>.

Die proses van ekonomiese transformasie in Suid-Afrika (as die herverdeling van rykdom) is tans onderweg. Transformasie en Swart Ekonomiese Bemagtiging figureer sterk in regeringsbeleid en word in beginsel deur die Suid-Afrikaanse burgerlike samelewing en sakesektor aanvaar as deel van hul verantwoordelikheid om Suid-Afrika op die pad na herstel te laat vorder. (Korgnegay & Landsberg, 1998). Transformasie bly egter 'n kontensieuse kwessie aangesien die veranderinge wat nodig is om ekonomiese ongelykheid te herstel 'n heroorweging van die reëls wat ekonomiese verhoudings en die verdeling van hulpbronne en mag reguleer, noodsaak (Raubenheimer, 1996). Dit is dus ten diepste 'n politieke proses waarin die vrae rakende "who gets what, when and how"<sup>12</sup> opnuut beantwoord word, en konflik onvermydelik word namate verskillende belanghebbers meeding om hul eie belange te beskerm. Die politieke imperatief om te transformeer moet boonop ook gebalanseer met die belange van alle kern rolspelers in die ekonomie sowel as die grondwetlike vereiste van nie-diskriminasie ten einde sosiale stabiliteit en volhoubare ekonomiese ontwikkeling te verseker.

In 2003 het die Suid-Afrikaanse regering sy strategiese raamwerk vir ekonomiese transformasie en swart ekonomiese bemagtiging bekendgemaak (Government of South Africa, 2003). Die dokument omskryf die beleidsdoelwitte van SEB, die kernbeginsels wat die proses moet stuur en 'n gebalanseerde telkaart waarvolgens besighede se bydraes tot SEB gemeet kan word. Menige sektore het op hierdie nasionale strategie gereageer deur sektor-

---

<sup>9</sup> Sien: Williams & Taylor (2000), Marais (1998) and Harris & Michie (1998), Alexander (2002).

<sup>10</sup> Sien: Legum (2002), Lesufi (2002), Natrass & Seekings (2000) and Terreblanche (2002); Bond (1999).

<sup>11</sup> Gegewe die rasse-dimensie van ekonomiese ongelykheid, word daar spesifiek 'n proses van transformasie verlang wat die ekonomiese bemagtiging van swart Suid-Afrikaners sal bevorder.

<sup>12</sup> Sien: Lasswell (1936).

spesifieke handveste te ontwikkel<sup>13</sup>, of prosesse vir die ontwikkeling van sodanige handveste te inisieer<sup>14</sup>.

Terwyl die behoefte aan ekonomiese transformasie en transformasie as 'n algemene beleidkwestie omvattende akademiese aandag geniet, was analyses van die proses waardeur hierdie behoefte aan transformasie sedert 1994 aangespreek is en die operasionalisering van die beleid-imperatief vir transformasie in die SEB prosesse ten tyde van hierdie skrywe grootliks beskrywende of kwantitatiewe analise van vordering ten opsigte van die formele transformasiedoelwitte wat op 'n nasionale vlak gestel word<sup>15</sup>. Daar is dus min akademiese ontledings van die transformasieproses in sigself. Hierdie waarneming is ook waar van analyses van transformasie in die landbousektor. Daar bestaan studies wat die strategiese belang van die landbou-industrie beskryf (bv. in terme van die industrie se bydrae tot BBP en indiensname), wat die simboliese belang van die eienaarskap van grond beklemtoon (Everingham [2002], Boshoff [2004]) en wat die behoefte aan transformasie in die landbousektor op grond van huidige ongelykhede uitwys (Weimer, 1992). Sedert die bekendmaking van die regering se nasionale strategie vir transformasie in die landbousektor in Julie 2004 is daar in verskeie studies aandag gegee aan bestaande SEB en transformasie-inisiatiewe in die landbousektor en kernkwesties in die transformasie van die landbousektor en wynbedryf (sien Karaan [2004], Swanepoel et al. [2004]), Hobson [2006], Williams [2005]<sup>16</sup>, en McEwan & Bek [2005]). Die transformasieproses as sodanig, die onderhandeling wat tot die regering se strategiese raamwerk vir transformasie en die voortslepende onderhandelings ten opsigte van Agri-SEB en die handves vir die transformasie van die wynindustrie het egter tot en met die aanvang van hierdie studie (in Julie 2005) ook geen akademiese aandag geniet nie.

---

<sup>13</sup> Hierdie handveste sluit in: die Vereniging vir Kommunikasie en Advertensiewese se handves vir transformasie, die handves van die Informasie- en Telekommunikasie Industrie, die SEB telkaart van die toerisme-industrie, die Handves vir Mynwese, die Finansiële Dienste Handves, die handves van die Konstruksiebedryf en die handves van die Petroleum en Vloeibare Brandstof Industrie.

<sup>14</sup> Sektore en professies wat prosesse vir die ontwikkeling van transformasie-strategieë geïnisieer het sluit in: die eiendomsektor, die landbousektor en die regsprofessie.

<sup>15</sup> Die Instituut vir Versoening en Geregtigheid publiseer byvoorbeeld sedert 2004 jaarliks 'n "Transformasie Oudit" waarin vordering ten opsigte van nasionale transformasiedoelwitte kwantitatief ontleed word.

<sup>16</sup> In sy artikel getiteld, "Black Empowerment in the South African Wine Industry" gee Williams 'n gedetailleerde beskrywing van die onderhandelinge rondom en die befondsing van die bemagtigingstransaksie van die KWV. Die proses van die ontwikkeling van 'n transformasiehandves vir die wynbedryf en transformasie in die verteenwoordigende strukture van die bedryf as geheel word egter nie pertinent beskryf of geanaliseer nie.

Die akademiese onderbeplymtoning van die ontleding van transformasieprosesse kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat daar geen duidelik gedefinieerde teoretiese raamwerk bestaan in terme waarvan sodanige analises aangepak kan word nie.

Hierdie studie voorsien 'n konseptualisering van transformasie as 'n potensieel kontensieuse politieke proses, en ondersoek dan die toepaslikheid van teorieë uit die veld van konflikstudie in die analisering van ekonomiese transformasie as 'n sosiale fenomeen<sup>17</sup>.

Dit is verder belangrik om te let dat daar by die aanvang van hierdie studie geen omvattende akademiese analises van ekonomiese transformasie in Suid-Afrika bestaan het waaraan daar aandag gegee is aan die *statusimplikasies* van die transformasieproses en die gepaardgaande impak daarvan op die verhouding tussen verskillende sosiale groepe nie<sup>18</sup>. Die konseptualisering van transformasie as 'n proses van konflik en die materiaal vir teoretiese interpretasie wat deur konflikstudies voorsien word maak dit ook moontlik om hierdie belangrike gaping in die literatuur aan te spreek. Daar word in hoofstuk 2 en 3 op grond van verskeie teorieë van sosiale verhoudings en –konflik gemotiveer waarom statuskwessies in die analisering van transformasie in ag geneem behoort te word.

#### **4. Teoretiese premisse**

##### *Transformasie as 'n konfliktuele proses*

Suid-Afrika se politieke transisie het 'n noemenswaardige verandering meegebring in die verdeling van politieke mag en die reëls wat politieke interaksie in die land reguleer. 'n Soortgelyke proses vind sedert 1994 in die ekonomiese arena plaas. Die proses van besinning oor die allokering van eenhede van waarde (sien Easton se definisie van politiek in afdeling 3) vind dus nou ook plaas met betrekking tot die verdeling van ekonomiese hulpbronne en mag - met 'n gepaardgaande heroorweging in die reëls en beginsels wat ekonomiese verhoudings reguleer. Die aard van magsverhoudinge en die verdeling van hulpbronne is egter erkende areas van mededinging tussen verskillende individue en groepe

---

<sup>17</sup> Die toepaslikheid van die teorie word gemeet aan beide die bydra van die teoretiese analise tot ons begrip vir transformasie as sosiale fenomeen, en die mate waarin die implementering van die normatiewe voorstelle vir die bestuur van transformasie wat aan die teorie gekoppel word tot suksesvolle transformasie bydra.

<sup>18</sup> Die uitsondering op hierdie reël is moontlik 'n studie deur Professor Pierre du Toit (2004) waarin hy onder andere aandag gee aan die implikasies van regstellende aksie vir die *menswaardigheid* van verskillende sosiale groepe. Die studie is egter spesifiek gefokus op die implementering en grondwetlike onderbou van regstellende aksie, en het nie impak van die proses van Swart Ekonomiese Bemagtiging as geheel (soos wat dit tans geïmplementeer word) op die pertinent ondersoek nie.

en veranderinge in die *status quo* sal dus byna noodwendig 'n kontensieuse proses wees<sup>19</sup>. Hierdie kontensieuse aard van ekonomiese transformasie stel ons in staat om dit te karakteriseer as 'n situasie van konflik waarin verskillende belanghebbers meeding om hul eie belange (in terme van mag, hulpbronne en hul posisie in ekonomiese verhoudings) te beskerm. Dit is egter ook belangrik om op te let dat die ekonomiese transformasie in Suid-Afrika deur die ekonomiese gevolge van ons politieke geskiedenis genoodsaak word. Ekonomiese transformasie kan dus ook beskryf word as 'n verlenging van die vredesproses wat die politieke transisie in 1994 moontlik gemaak het. Hierdie karakterisering van ekonomiese transformasie as 'n situasie van konflik en 'n verlenging van Suid-Afrika se vredesproses laat ons toe om teoretiese raamwerke uit die veld van konflikstudie te gebruik in die analisering van die transformasieproses.

#### *Konflikteorie en metodologiese kwessies met betrekking tot die ontwikkeling van 'n model vir die bestuur van transformasie*

Akademiese navorsing in die veld van konflikstudie ondersoek verskillende vlakke van kousaliteit en span multi-faktor verklarings in, in hul analyses van die oorsake van konflik (Smith, 2003). In hierdie eklektiese benadering word verskillende vlakke van konflik en vredesprosesse (bv. voorbereidings vir vredesprosesse, skietstakinge, vredesooreenkomste en die herstel van vreedsame verhoudings) nie in terme van 'n enkele analitiese raamwerk ontleed nie, en verkies analiste om spesifieke teorieë en konsepte te identifiseer wat toepaslik is vir die dinamika van die verskillende afdelings<sup>20</sup>. In 'n voorlopige oorsig van literatuur in die veld van konflikstudies is daar vyf teoretiese perspektiewe geïdentifiseer wat potensieel in die analisering van transformasie gebruik kan word. Hierdie perspektiewe hou verband met: die oorsake/ bronne van konflik<sup>21</sup>, die sosio-politieke, ekonomiese en praktiese faktore wat onderhandelings en vredesprosesse beïnvloed<sup>22</sup> en die interpretering van veranderinge in magsverhoudinge en in die reëls wat die sosio-politieke en ekonomiese arena reguleer<sup>23</sup>.

---

<sup>19</sup> Sien: Homer-Dixon (1999), Hartmann (2001), Kaplan (1994), Horowitz (1985) and Monroe (2001).

<sup>20</sup> Sien byvoorbeeld die breë spektrum van teorieë wat deur Darby & Mac Ginty's (2003) ingespan word in hul analyses van vredesprosesse.

<sup>21</sup> Erkende oorsake van konflik wat nuttig kan wees in die analisering van ekonomiese transformasie sluit in: ongelukheid en skaars hulpbronne (sien: Homer-Dixon [1999], Hartmann [2001] and Kaplan [1994]) en kulturele en identiteits-gerelateerde kwessies - spesifiek met verwysing na kwetsende vergelykings wat ontstaan uit ongelyke magsverhoudinge en simboliese kwessies soos die eienaarskap van grond (Horowitz, 1985)

<sup>22</sup> Daar word in konflikstudies ekstensief aandag gegee aan die analisering van onderhandelings- en vredesprosesse (sien: Darby & Mac Ginty [2003] and Harris & Reilly [1998]).

<sup>23</sup> 'n Nuttige raamwerke vir die interpretering van verandering kan gevind word in die konstruktivistiese teorie van Nicholas Onuf (1989; 1998) en Ted Hopf (1998) wat in konflikstudies gebruik word om die proses van herkonseptualisering, wat dikwels 'n voorvereiste vir suksesvolle konflikbeslegting is, te interpreteer.



Dit is ter wille van metodologiese helderheid nodig om te meld dat daar in die veld van politieke wetenskap in die algemeen en spesifiek in die teoretisering rakende sosiale konflik 'n belangrike *voor-wetenskaplike* of *buite-wetenskaplike* keuse *ten gunste van stabiele sosiale verhoudings (vrede)* gemaak word. Daar is dus 'n *normatiewe voorkeur* ten gunste van stabiliteit/vrede wat nie wetenskaplik verdedig word nie, maar sosiale wetenskaplikes implisiet aanmoedig om uit hul analise van sosiale fenomene opsies vir die effektiewe bestuur daarvan te identifiseer of te ontwikkel.

Soos reeds genoem, is hierdie normatiewe keuse by uitstek sigbaar in teoretisering rakende sosiale konflik. In dié veld word deskriptiewe teorie ingespan om die oorsake van konflik (en die gepaardgaande potensiaal vir konflik) in situasies van sosiale kontak te identifiseer. Daar is egter ook in die veld 'n ryk literatuur van preskriptiewe teoretisering rakende die manier waarop konflik *hanteer* kan word (met die oog op die *stabilisering* van die verhouding tussen die betrokke groepe). Een van die belangrikste uitdagings in die veld lê dus uiteindelik ook daarin om *gepaste* response op sosiale konflik te identifiseer. In hierdie verband word daar gepoog om 'n model vir die hantering van konflik te identifiseer wat die relevante *oorsake* van die konflik in spesifieke situasies effektief kan aanspreek.

'n Soortgelyke verband tussen deskriptiewe en preskriptiewe teorie word ook in hierdie studie getrek. 'n Bepaalde sosiale verskynsel, naamlik ekonomiese transformasie, word geïdentifiseer as 'n potensiële bron van sosiale konflik. Deskriptiewe teorie word gebruik om die moontlik *oorsake* van konflik in omstandighede van transformasie te omskryf. Daar word dan in die preskriptiewe literatuur oor die hantering van konflik 'n raamwerk geïdentifiseer waarin daar spesifieke meganismes voorgestel word om die oorsake van hierdie tipe sosiale konflik te *hanteer*.

'n Verdere belangrike metodologiese kwessie wat hier uitgelig moet word hou verband met 'n belangrike konseptuele gaping wat in die gekose preskriptiewe model geïdentifiseer word, naamlik: die afwesigheid van 'n toereikende definisie van "geregtigheid" (wat in die model as 'n belangrike voorvereiste vir stabiele verhoudings voorgelê word). Daar word in hoofstuk 3 'n spesifieke definisie van geregtigheid uit politieke filosofie ingespan om hierdie gaping aan te spreek. Hoewel teoretisering rakende geregtigheid 'n normatiewe dimensie het wat nie spesifiek in die teks verdedig of gemotiveer word nie, is dit belangrik om te let dat daar nie

pertinent hier 'n oordeel rakende *geregtigheid* as normatiewe ideaal in die bestuur van politieke aangeleenthede gemaak word nie. Daar word, soos hierbo genoem, 'n normatiewe keuse *ten gunste van stabiele verhoudings* gemaak en 'n preskriptiewe model gekies om as raamwerk vir die bestuur van sosiale konflik ter bevordering van stabiliteit te dien. 'n Definisie van geregtigheid uit politieke filosofie word dan ingespan om 'n bepaalde konseptuele gaping in hierdie model aan te spreek.

#### *Die doel van die gevallestudie*

'n Gevallestudie word in hierdie studie gebruik om die toepaslikheid al dan nie van die gekose teoretiese raamwerk in die analise van transformasie te illustreer. Daar word ook vasgestel of die preskriptiewe voorstelle (vir die suksesvolle bestuur van transformasie) wat aan die teoretiese raamwerk gekoppel word wel gebruik is, en herken kan word, of nie. Die nut van die gevallestudie is dus tweeledig. In die eerste plek word 'n algemene sosiale teorie in die analisering van 'n spesifieke sosiale fenomeen gebruik. Daar word dus 'n beskrywende teoretiese interpretasie vir spesifieke sosiale omstandighede en gedrag geformuleer en op 'n verkennende basis vasgestel of preskriptiewe voorstelle wat aan die teoretiese model gekoppel word in die gevallestudie inslag gevind het al dan nie. Hierdie teoretiese interpretasie verdiep aan die ander kant ons begrip vir die betrokke sosiale situasie, en waar hierdie situasie eienskappe deel met meer algemene (makro-vlak) sosiale fenomeen is dit vir ons moontlik om die bevindinge van die gevallestudie na die makro-vlak fenomeen te ekstrapoleer. In hierdie opsig sluit dit dus aan by Vaughan (in Neuman, 2000:33) se beskrywing van die doel van gevallestudies, naamlik: om deur gedetailleerde analises van spesifieke (mikro) gevalle begrip vir algemene (makro-vlak) sosiale fenomene te bevorder.

#### *Die betekenis van suksesvolle transformasie*

Soos reeds genoem, word die gevallestudie in hierdie navorsing ingespan om die toepaslikheid van konflikteorie in die analisering van transformasie te toets *en* om die kapasiteit (al dan nie) van die preskriptiewe voorstelle in die gekose teoretiese model om suksesvolle ekonomiese transformasie te bevorder te ondersoek. Wanneer die effektiwiteit van die preskriptiewe raamwerk in die bevordering van suksesvolle transformasie oorweeg word, is dit egter belangrik om te bepaal wat daar hier met "suksesvolle transformasie" bedoel

word<sup>24</sup>. In Hoofstuk 2 word die eienskappe van ekonomiese transformasie in Suid-Afrika beskryf as (1) ekonomiese transisie - m.a.w. die verwydering van diskriminerende beleid, wetgewing en praktyke, (2) die integrering van swart persone in die ekonomie en 'n geïnstusionaliseerde poging om 'n herskikking in die verdeling van hulpbronne en mag in die ekonomiese arena te bewerkstellig, en (3) die aanpassing van onderliggende waardestelsels en informele magsverhoudinge in die ekonomie ter ondersteuning van die veranderde ekonomiese orde. Daar word hierbo genoem dat transformasie in die studie beskryf word as 'n konfliktuele proses. Die onderliggende argument is dus dat die daadwerklike sosiale, ekonomiese en kulturele transformasie wat in die transformasieproses in Suid-Afrika vereis word die potensiaal het om sosiale verhoudings te destabiliseer. Die sukses van transformasie word daarom in hierdie studie gemeet aan die mate waarin stabiele sosiale verhoudings in die transformasieproses bevorder/ bewerkstellig word.

## **5. Navorsingsdoelwitte en navorsingsvrae**

Die primêre doel van die studie is om 'n raamwerk vir die analisering van ekonomiese transformasie te identifiseer. Daar word voorgestel dat teorieë en konsepte uit konflikstudie in die analisering van ekonomiese transformasie in post-konflik samelewings gebruik word. Hierdie teorieë/ konsepte word dan toegepas in 'n analise van ekonomiese transformasie in die Suid-Afrikaanse wynbedryf as 'n gevallestudie van transformasie in post-apartheid Suid-Afrika. Die analise van transformasie in die wynbedryf fokus spesifiek op die ontwikkeling van die bedryf se handves vir Swart Ekonomiese Bemagtiging en die herstrukturering van die verteenwoordigende strukture van die bedryf. Daar word in die besonder aandag gegee aan veranderinge in die reëls wat verhoudings in die sektor reguleer, veranderinge in magsverhoudinge en die politieke gevolge van veranderinge in die beheer en eienaarskap van hulpbronne in die sektor.

Die studie dien dus die tweeledig doel om die effektiwiteit van konflikteorie in die analisering van transformasie te evalueer, en om ons begrip van ekonomiese transformasie in post-konflik samelewings te verdiep - wat ons uiteindelik in staat stel om voorstelle te maak oor hoe die proses meer effektief bestuur kan word.

---

<sup>24</sup> Daar word dus by implikasie veronderstel dat die effektiewe bestuur van transformasie as sosiale fenomeen, suksesvolle transformasie kan bevorder.

Navorsingsdoelwitte sluit dus in:

- Die karakterisering van die proses van ekonomiese transformasie as 'n situasie van konflik.
- Die omskrywing van teorieë en konsepte in die veld van konflikstudie wat in die analisering van transformasie in post-konflik samelewings gebruik kan word.
- Die identifisering van preskriptiewe voorstelle/ beleidsriglyne vir die bestuur van transformasie wat aan die bogenoemde teorie gekoppel kan word.
- Die toepassing van teoretiese konsepte uit konflikstudie in 'n analise van ekonomiese transformasie in die Suid-Afrikaanse wynbedryf (as gevallestudie van ekonomiese transformasie in post-apartheid Suid-Afrika).
- Die ontleding van die geselekteerde transformasieproses om vas te stel of die voorskrifte van die preskriptiewe raamwerk vir die suksesvolle bestuur van transformasie wel gevolg is, al dan nie.

## **6. Metodologie**

Die navorsing word aangebied as 'n kwalitatiewe studie waarin teoretiese perspektiewe uit konflikstudies gebruik word in die analise van ekonomiese transformasie in post-konflik samelewings. Post-apartheid Suid-Afrika word gebruik as 'n gevallestudie van 'n samelewing wat 'n proses van transformasie ondergaan, en die toepaslikheid van die konsepte word in 'n spesifieke konteks getoets deur dit te gebruik in 'n analise van transformasie in die Suid-Afrikaanse landbousektor met spesifieke verwysing na die Suid-Afrikaanse wynindustrie.

Die teoretiese komponent van die studie (m.a.w. die omskrywing en identifisering van gepaste teoretiese perspektiewe uit konflikstudie) neem die vorm van 'n literatuuroorsig waarin die vernaamste relevante denkskole in die veld ondersoek word.

In die toepassing van die teoretiese raamwerk op die algemene Suid-Afrikaanse konteks word daar 'n oorsig gegee van relevante regeringsdokumente (bv. die grondwet, die regering se strategie vir Breë Basis Swart Ekonomiese Bemagtiging, toesprake deur regeringsamptenare en beleidsdokumente wat relevant is tot transformasie) asook

beleidsdokumente en beleidsuitsprake van ander belanghebbers<sup>25</sup>. Waar moontlik, word daar ook verwys na bestaande sekondêre dokumente wat die onderwerp bespreek.

Verskillende navorsingsmetodes is ingespan in die gevallestudie, insluitende:

- 'n Analise van relevante dokumente van die regering en ander sleutel belanghebbers (waaronder: AgriSA, die Landbou Besigheidskamer, die National African Farmers Union/ NAFU, die Black Association of Wine and Spirit Industry Investments/ BAWSI, en die Suid-Afrikaanse Wyn en Brandewynmaatskappy/ SAWB).
- 'n Analise van raamwerke en strategieë vir transformasie waarop daar ooreengekom is.
- 'n Oorsig van sekondêre bronne oor die onderwerp
- Onderhoude met sleutel belanghebbers (insluitende verteenwoordigers van: AgriSA, die Landbou Besigheidskamer, die National African Farmers Union/ NAFU, die Black Association of Wine and Spirit Industry Investments/ BAWSI, en die Suid-Afrikaanse Wyn en Brandewynmaatskappy/ SAWB)
- Deelname as waarnemer aan die onderhandelings/ besprekings oor transformasie in die landbousektor en wynindustrie.

'n Induktiewe benadering word gevolg, waarin gedetailleerde waarnemings in 'n spesifieke konteks (naamlik: die transformasieproses in Suid-Afrika en die Suid-Afrikaanse landbousektor en wynbedryf) gebruik word om afleidings te maak ten opsigte van die toepassing van konflikteorie in die bestudering van transformasie en die eienskappe van effektiewe transformasieprosesse.

## **7. Impak**

Na ongeveer dertien jaar as 'n demokratiese politieke entiteit, bly Suid-Afrika steeds (in 2007) 'n samelewing in transformasie. As Suid-Afrikaanse nasie staan ons voor die uitdaging om die ongelykhede van die verlede aan te spreek en regverdig, volhoubare sosio-politieke en ekonomiese verhoudings te vestig. Die transformasieproses wat hierdie veranderinge moet dryf moet effektief bestuur word ten einde volgehoue steun vir die proses te verseker en sosio-politieke en ekonomiese stabiliteit in stand te hou.

---

<sup>25</sup> Insluitende: AgriSA, die Landbou Besigheidskamer, die National African Farmers Union (NAFU), die Black Association of Wine and Spirit Industry Investments (BAWSI) en die Suid-Afrikaanse Wyn en Brandewynmaatskappy (SAWB).

Die effektiewe bestuur van transformasie vereis egter 'n deeglike begrip vir die kwessies wat in die transformasieproses ter sprake is en die sosiale dinamika wat die proses onderlê. Die gestruktureerde aard en sterk teoretiese onderbou van hierdie analise maak dit 'n instrument ter bevordering van sodanige begrip.

## **8. Begrensing van die studie**

Die studie volg die formele transformasieprosesse in die wynbedryf tot in Julie 2007. Teen hierdie datum was die Wynraad (as nuwe verteenwoordigende liggaam van die bedryf) reeds amptelik geloods, en het die Wynraad reeds die Wynbedryfhandves aanvaar en vir goedkeuring aan die Minister van Landbou gestuur. Die implementering van die Wynbedryfhandves en die sukses van die Wynraad as forum vir besluitneming en konflikbeslegting en die realisering van die doelwitte van die raad word egter nie oorweeg nie.

Dit is ook 'n belangrike begrensing van hierdie studie dat die opinies van belanghebbers kort na die twee formele transformasieprosesse in die wynbedryf getoets is. Dit is onvermydelik dat sekere kompleksiteite rondom die implementering van ooreenkomste eers mettertyd sal sigbaar word.

In hoofstuk 2 (afdeling 5) word relevante teoretiese modelle geïdentifiseer wat in die analisering van ekonomiese transformasie ingespan kan word. Daar word veral verwys na Sosiale Identiteit Teorie, as subjektivistiese model vir die analisering van tussen-groep verhoudings, en die formulering van hierdie teorie deur Henri Tajfel en John Turner. Die keuse van Sosiale Identiteit Teorie as raamwerk vir die analisering van transformasie kan gemotiveer word op grond van:

- Die klem wat daar in Sosiale Identiteit Teorie op die funksie van sosiale identiteit en die rol van die groep in die konstruering van sodanige identiteit geplaas word, en die toepaslikheid van sodanige teorie in die konteks van transformasie in Suid-Afrika wat pertinent aan die etnisiteit van verskillende groepe gekoppel word. Sosiale Identiteit Teorie word boonop ook deur ander prominente skrywers (waaronder: Donald Horowitz) gebruik om etniese konflik te interpreteer.

- Die kapasiteit van die teorie om die optrede van sosiale groepe te interpreteer in omstandighede waar geen instrumentalistiese verklaring vir hul keuses/ gedrag gevind kan word nie.
- Die feit dat daar in Sosiale Identiteit Teorie spesifiek op die reaksies van individue en groepe op bedreigde groepstatus geplaas word, en die nut van so 'n teorie in 'n analise waar daar juis op die *statusimplikasies* van ekonomiese transformasie en die impak daarvan op tussengroep verhoudings gefokus word.

Tajfel & Turner se formulering van hierdie teorie is hoofsaaklik gekies op grond van die prominensie van die skrywers en die feit dat hul formulering van die behoefte aan positiewe selfbevestiging en die rol van die groep in hierdie proses en hul beskrywing van die alternatiewe reaksies van groepe in omstandighede van bedreigde status steeds as die basis vir analyses binne Sosiale Identiteit Teorie beskou word. In sy artikel oor die stand van Sosiale Identiteit Teorie as model vir die interpretering van tussengroep verhoudings gebruik Rupert Brown (2000:746-747) Tajfel en Turner se artikels om die basiese beginsels van die model te beskryf. Ook die *Oxford Handbook of Political Psychology* (Spears, Huddy & Jervis, 2003:9,126, 234, 587) gebruik die eksperimente en artikels van Tajfel en Turner om die beginsels van Sosiale Identiteit Teorie en die potensiaal vir antagonistiese tussengroep verhoudings in omstandighede van bedreigde groepstatus te illustreer.

In hoofstuk 3 word daar 'n belangrike konseptuele verruiming tot die transformatiewe benadering vir die hantering van konflik bygedra deur die spesifisering van 'n definisie van "geregtigheid" – waarvoor daar slegs beperkte definisies in bestaande beskrywings van hierdie benadering bestaan. John Rawls se definisie van "geregtigheid" word vir hierdie doel gebruik. Die keuse van hierdie definisie word in die teks bloot gemotiveer op grond van die ooreenkomste tussen Rawls se "oorspronklike posisie" en die omstandighede wat daar in die transformatiewe benadering tydens onderhandelinge rondom die reëls vir die verdeling van hulpbronne, mag en ander bronne van sosiale status geskep word<sup>26</sup>. Daar bestaan uit die aard van die saak alternatiewe definisies van geregtigheid, wat in soortgelyke analyses ingespan kan word, waaronder: die utilitaristiese definisies van J.S. Mill, Robert Nozick se

---

<sup>26</sup> Hierdie interpretasie van die doel van Rawls se beskrywings van die "oorspronklike posisie" stem ooreen met dié van Fred D'Agostino (2004:350) wat in sy opsomming van die nalatenskap van John Rawls daarop was dat Rawls se werk daarop gemik was om 'n metode vir *beraadslaging* te ontwikkel wat rolspelers in sosiale omgewings in staat sal stel om op raamwerke vir hul interaksie ooreen te kom.

definisie van geregtigheid in terme van toe-eiening ("entitlement") en definisies van geregtigheid (soos die van Karl Marx) waarin gelykheid bo alle ander waardes beklemtoon word<sup>27</sup>. Rawls se definisie is egter hier gekies op grond van:

- Die prominensie van sy *Theory of Justice* in normatiewe filosofiese studies waarin alternatiewe reëls vir die bestuur en organisering van die persoonlike en politieke realm oorweeg word<sup>28</sup>.
- Rawls se rol in die herlewing van normatiewe filosofie en die bevraagtekening van utilitêre konseptualiserings van persoonlike en politieke besluitneming<sup>29</sup>, en die versoenbaarheid van hierdie benadering met subjektivistiese verklarings van sosiale gedrag in situasies van konflik.
- Die ooreenstemming tussen Rawls se morele vertrekpunt vir besinning oor sosiale ooreenkomste, naamlik: dat bestaande raamwerke nie die belange van die mees ontmagtigde groepe beskerm nie<sup>30</sup>, en die morele vertrekpunt van die transformasieprojek in Suid-Afrika, naamlik: konsensus oor die onaanvaarbaarheid van die ongelyke uitkomst van die land se geskiedenis van ongelyke ontwikkeling.
- Die algemene gebruik van Rawls se beskrywing van sosiale geregtigheid in akademiese analyses en beskrywings van die morele gronde vir regstellende aksie ('n erkende instrument vir sosio-ekonomiese transformasie)<sup>31</sup>.
- Die gebruik van Rawls in akademiese analyses van die politieke oorgang in Suid-Afrika<sup>32</sup> en die erkenning van die ooreenkomste tussen die proses van onderhandeling wat hierdie oorgang onderlê het en huidige onderhandelinge rondom gepaste raamwerke vir ekonomiese transformasie in dié land.

Rawls se teorie word wel op verskillende punte gekritiseer, waaronder (i) die aanname dat rolspelers in onderhandelinge rondom beginsels vir die organisering van sosiale omgewings

---

<sup>27</sup> Sien Lebacqz (1986) vir 'n vergelykende studie van verskillende teorieë van geregtigheid, en Kolm (1996) se beskrywing van moderne formuleringe van geregtigheid.

<sup>28</sup> Volgens politieke filosoof Martha Nussbaum, het Rawls se *Theory of Justice* 'n belangrike konseptuele verskuiwing in filosofie, ekonomie, openbare beleid en die regte teweeg gebring en is sy idees steeds die sentrale vertrekpunt in besprekings van geregtigheid (Nussbaum, 2001:2).

<sup>29</sup> Sien D'Agostino (2004) en Nussbaum (2001) vir 'n beskrywing van Rawls se kritiek op utilitêre raamwerke vir sosiale besluitneming.

<sup>30</sup> Volgens Joshua Cohen (2004:114) is Rawls se akademiese fokus op teorieë van sosiale geregtigheid gemotiveer deur sy ontevredenheid met politieke en sosio-ekonomiese beleid wat groot verskille tussen die lewens van armes en rykes tot gevolg het.

<sup>31</sup> Sien: Allan (1998), Goff (1976), Massey (2004) en Anderson (2005) vir voorbeelde van die wyse waarop Rawls se konseptualisering van geregtigheid in akademiese analyses en beskrywings van die morele gronde vir regstellende aksie gebruik word.

<sup>32</sup> In sy analise van die sosiale kontrak wat politieke demokratisering in Suid-Afrika moontlik gemaak het, gebruik Timothy Sisk (1995:291) Rawls se konseptualisering van geregtigheid as die eliminering van arbitrêre diskriminasie om die voorvereistes vir sosiale stabiliteit te beskryf. In sy boek oor die grondwetlike ooreenkomst in Suid-Afrika gebruik Siri Gloppen (1997) Rawls se konseptualisering van sosiale geregtigheid as basis vir 'n vergelyking van die meriete van verskillende konstitusionele raamwerke.



(die sogenaamde "sosiale kontrak") onderhandelinge as "gelykes" betree (en die implisiete ontkenning van verskille in o.a. die mag en vermoë van verskillende rolspelers om effektief aan onderhandelinge deel te neem); (ii) sy oorbeklemtoning van die regverdigte verdeling van materiële hulpbronne as maatstaf vir sosiale geregtigheid (en die implisiete ontkenning van die belangrikheid van ander bronne van self-respek); en (iii) die feit dat die beginsels van vryheid en gelykheid wat die basis van sy teorie van geregtigheid vorm nie noodwendig universeel is - in dié sin dat dit met alle religieuse en morele raamwerke versoenbaar is nie.

Die bogenoemde kritiek rondom aannames van gelykheid tussen rolspelers in forums van onderhandeling is slegs geldig indien Rawls se teorie as *deskriptief* eerder as *normatief* beskou word. As 'n normatiewe teorie, is Rawls se konseptualisering van geregtigheid per definisie 'n ideaal-tipe waarna daar in onderhandelinge rondom die reëls rakende verdeling en interaksie gestreef moet word met die doel om sosiale stabiliteit te bewerkstellig. Waar ongelykhede tussen rolspelers bestaan wat die uitkoms van onderhandelinge negatief kan beïnvloed is behoort daar dus, ter realisering van die omstandighede van Rawls se oorspronklike posisie, pogings aangewend te word om hierdie ongelykhede reg te stel.

Dit is wel waar dat Rawls in oorspronklike formuleringe van sy *Theory of Justice* hoofsaaklik aandag gegee het aan die verdeling van materiële hulpbronne as maatstaf vir geregtigheid. Rawls beskryf egter die besit en beheer van materiële hulpbronne as een van die primêre basisse vir self-respek. Hierdie erkenning van die rol van self-respek in individue en groepe se aanvaarding van sosiale omstandighede en instellings maak dit moontlik om die teorie te ekstrapoleer na *ander* basisse van self-respek of sosiale status (soos dit in hoofstuk 2 van hierdie studie beskryf word).

In 'n herformulering van die belangrikste konsepte van sy teorie van sosiale geregtigheid in sy 1993 boek, *Political Liberalism*, het Rawls self kritiek rakende sy aannames oor vryheid en gelykheid as universele waardes aangespreek. Martha Nussbaum (2001:4-6) beskryf Rawls se respons op hierdie kritiek as volg:

"Recasting, although not repudiating, the core ideas of *A Theory of Justice* in *Political Liberalism*, he argues that all modern societies have continuing differences about basic matters of value and the ultimate meaning of life. These disagreements persist, and they do not seem to be based on misunderstanding or obvious error. We cannot expect, for example,

that all citizens will shortly accept a single religion as the one true religion. So we should agree to respect one another's differences. That means, Rawls thinks, that the political principles of a liberal society must be presented in such a way as to be acceptable to citizens who hold a wide range of different positions about such metaphysical matters as whether immortal souls exist, or whether the ultimate meaning of life is to be found in the worship of God.

... Suppose the political doctrine teaches, as ours does today, that men and women are fully equal as citizens. That means, according to Rawls, that they must be treated equally not only in such matters as voting and political participation; they must also be treated equally in distributing all primary goods. But that still does not mean that men and women are equal in some ultimate metaphysical sense. Rawls believes that political actors in a liberal society should not directly contradict the views of religions that posit inequalities between men and women. For instance, he suggests that a Supreme Court justice, in an opinion on sex discrimination, should say only that all people are equal as citizens and not that men and women are equal by nature. To many critics, that might seem an insufficiently ringing endorsement of human equality. On the other hand, I think Rawls is right to show people the respect of letting them sort out for themselves how to integrate their political and moral ideals."

Hierdie verdediging van Rawls se beginsels van gelykheid en vryheid, en die individuele verantwoordelikheid om politieke en morele beginsels te versoen, is relevant in die Suid-Afrikaanse konteks, waar die vryheid en gelykheid van alle burgers deur die grondwet gewaarborg word.

Die belangrikste kritiek teen Rawls behels sy versuim om ongelykhede op 'n *transnasionale* vlak te problematiseer (Nussbaum, 2001:5). Hierdie vlak van analise val buite die bestek van hierdie studie. Dit is boonop moontlik om Rawls se beginsels van geregtigheid tot hierdie vlak te ekstrapoleer - hoewel hy nie self sodanige ekstrapolasie vir sy teorie in die vooruitsig gestel het nie.

Dit is ook belangrik om in gedagte te hou dat Rawls self in sy leeftyd op kritiek op sy werk gereageer het en dat sy latere werke belangrike verskuiwings in begrip reflekteer. In 'n opsomming van Rawls latere werk in *Justice as Fairness: A Restatement* is dit egter duidelik dat hoewel Rawls wel die *interpretasie* van sy beginsels van geregtigheid verder verhelder, die basiese beginsels van geregtigheid as gelykheid (soos wat dit ook in hoofstuk 3 van

hierdie studie gebruik is) in stand gehou is (Kelly, 2001). Die problematisering van die begrip "geregtigheid" val egter grootliks buite die raamwerk van hierdie studie.

## **9. Hoofstukke**

Die navorsing word aangebied in agt hoofstukke.

In hoofstuk twee word daar gekyk na verskillende definisies van transformasie. Die ooreenkomste tussen ekonomiese transformasie as 'n kontensieuse politieke proses en die onderwerpe in konflikstudies (o.a. konflik, konflik skikking en vredesprosesse) word ondersoek, en daar word getoon dat ekonomiese transformasie in post-konflik samelewings, soos Suid-Afrika, as situasies van konflik getipeer kan word. 'n Teoretiese model, in terme waarvan die gedrag van sosiale rolspelers in omstandighede van transformasie begryp kan word, word vervolgens uiteengesit. In hoofstuk 3 word daar 'n preskriptiewe model vir die hantering van konflik, naamlik konflik transformering, aan die konflikteorie wat in hoofstuk 2 ontwikkel is gekoppel.

In hoofstuk vier word 'n breë raamwerk van transformasie in post-apartheid Suid-Afrika geskets. Die fokus val spesifiek op die omskrywing van die behoefte aan volgehoue ekonomiese transformasie, huidige strategieë en beleid wat daarop gemik is om transformasie te bevorder, en die respons van die Suid-Afrikaanse sakegemeenskap op hierdie raamwerke en die implementering daarvan. In hoofstuk vyf word daar in die besonder gekyk na transformasie in die Suid-Afrikaanse wynbedryf. Daar word spesifiek verwys na die proses van die ontwikkeling van 'n handves vir die transformasie van die wynindustrie, en die herstrukturering van die verteenwoordigende liggaam van die industrie.

In hoofstuk 6 word die teoretiese raamwerke en konsepte wat in hoofstukke 2 en 3 geïdentifiseer is ingespan in 'n analise van transformasie in die Suid-Afrikaanse wynindustrie. In hoofstuk sewe word daar 'n evaluering gedoen van die sukses van die toepassing van konflikteorie in die bestudering van transformasie. Daar word ook 'n opsomming gegee van die insigte wat daar deur middel van konflikteorie tot ons begrip van ekonomiese transformasie as sosiale fenomeen toegevoeg word, die voorstelle vir die meer effektiewe

bestuur van die proses wat op grond van hierdie analise gemaak kan word en die moontlikhede vir die ekstrapolasie van hierdie bevindinge tot ander sektore en kontekste.

Hoofstuk agt dien as slothoofstuk. Daar word 'n opsomming gegee van die vernaamste bevindinge van die studie en die gevolgtrekkings wat hieruit gemaak kan word.

## Hoofstuk 2: Ekonomiese transformasie en beskrywende teorieë van konflik

---

### 1. Inleiding

Suksesvolle ekonomiese transformasie word beskou as 'n noodsaaklike voorvereiste vir volgehoue vrede en demokratiese konsolidasie in Suid-Afrika. Suksesvolle transformasie is egter slegs moontlik indien transformasie as sosiale fenomeen deeglik begryp en dienooreenkomstig effektief bestuur word.

Daar word in die beoefening van sosiale wetenskappe daarna gestreef om die beginsels te begryp waarvolgens sosiale verhoudings en interaksie georganiseer word, en om die operasionalisering van hierdie beginsels (vernaam in die aktiwiteite van verskillende rolspelers in die sosiale omgewing) te evalueer, en uiteindelik voorstelle te maak ten opsigte van die instandhouding of verbetering daarvan ([Rosenau, 1993:27]; [Jacobsen & Lipman, 1959:1]). Die verdieping van kennis/ begrip van die sosiale wêreld stel ons dus in staat om voorstelle te maak ten opsigte van die meer suksesvolle bestuur daarvan.

Sosiale navorsing maak egter staat op teorieë om analitiese raamwerke te voorsien waarvolgens die sosiale realiteit geïnterpreteer kan word. Om transformasie effektief te analiseer, is dit dus nodig om 'n teoretiese raamwerk te identifiseer waarvolgens die dinamika van die proses geïnterpreteer kan word.

In hierdie hoofstuk word daar aan die hand van 'n aantal sosiale teorieë oor die oorsake van konflik in tussen-groep verhoudings getoon dat transformasie as 'n proses van verandering, en spesifiek ekonomiese transformasie in Suid-Afrika as die herverdeling van ekonomiese hulpbronne en mag tussen wit en swart Suid-Afrikaners die potensiaal vir konflik in die Suid-Afrikaanse samelewing kan verhoog. Daar word egter getoon dat daar in situasies van konflik voorspelbare patrone van sosiale gedrag by sosiale akteurs waargeneem kan word. Die erkenning van die konflikpotensiaal van transformasie sou ons dus ook in staat stel om die optrede en reaksies van groepe in én op die transformasie-proses te begryp en moontlik ook te antisipeer.

Die hoofstuk word as volg ingedeel:

Daar word in die eerste plek gekyk na verskillende definisies van transformasie, en die unieke betekenis wat die term in die Suid-Afrikaanse konteks aanneem. Daar word dan kortliks 'n oorsig gegee van die institutionalisering van ekonomiese transformasie in Suid-Afrika (deur middel van die Departement van Handel en Nywerheid se strategie vir swart ekonomiese bemagtiging, die verskillende sektorale- en industrie-spesifieke handveste en die wetgewing wat hierdie prosesse ondersteun) en die onderhandelde aard wat die transformasieproses as gevolg hiervan aanneem.

Die potensiële implikasies van ekonomiese transformasie vir verskillende groeperinge in die Suid-Afrikaanse samelewing word dan oorweeg - met 'n spesifieke fokus op die herverdeling van ekonomiese hulpbronne tussen verskillende groepe, die herskikking van magsverhoudinge in die ekonomiese arena, en die aanpassing in die relatiewe status van groepe wat deur hierdie veranderinge veroorsaak word. In afdeling 5 word daar aan die hand van twee van die vernaamste raamwerke en 'n aantal kernkonsepte in die teoretiese diskoers oor tussen-groep verhoudings getoon dat ekonomiese transformasie die potensiaal vir konflik in die Suid-Afrikaanse samelewing kan verhoog. In afdeling 6 word daar aandag gegee aan patrone van individuele- en groepgedrag wat in sodanige situasies van konflik verwag kan word.

Daar word egter uiteindelik geargumenteer dat konflik nie noodwendig destruktief is nie, maar ook as katalisator vir positiewe verandering kan dien mits dit effektief bestuur word. Op dieselfde wyse sou transformasie dus effektief bestuur kon word ten einde positiewe verandering en 'n meer stabiele politieke en sosio-ekonomiese orde tot stand te bring.

Die hoofstuk word afgesluit met die argument dat begrip vir en die antisipasie van die reaksies en optrede van verskillende groepe in situasies van konflik dit moontlik maak om preskriptiewe modelle vir die hantering van konflik af te lei. Die tipering van transformasie as 'n potensiële konfliktsituasie sou ons dus in staat sal stel om modelle vir die effektiewe bestuur van transformasie uit preskriptiewe raamwerke vir die bestuur van sosiale konflik af te lei.

## 2. Wat is transformasie?

'n Oorsig van moontlike definisies van “transformasie” dui op 'n baie breë interpretasie van die term in biologie, fisika, wiskunde en die sosiale wetenskappe.

In die *Oxford English Dictionary* (Simpson en Weiner, 1989:399-401) word transformasie gedefinieer as “the action of changing in form, shape or appearance”, “to alter in function or nature” of “a complete change in character or condition”. Transformasie behels dus in die eerste plek verandering. Hierdie basiese definisies impliseer egter reeds dat die verandering nie oppervlakkig is nie, maar die aard of struktuur van die objek fundamenteel beïnvloed. Daar word byvoorbeeld verwys na 'n “*volkome* verandering in die karakter of toestand” of 'n “verandering in die *funksie* of *natuur* [aard]” van die veranderende objek<sup>33</sup>. Hierdie konseptualisering van transformasie” as 'n *diepliggende* verandering word ook gereflekteer in die gebruik van die term in ander vakgebiede<sup>34</sup>.

In haar boek, *'n Ander Tongval*, gee Antjie Krog (2005:135) 'n taalkundige analise van die term “transformasie”, wat die gebruik van die woord in die sosiale wetenskappe op 'n interessante wyse toelig. Die pre-morfeem “trans” uit Latyn, beteken letterlik “oor”, of “die oorkant” (Krog, 2005:135). “Form” behels daarenteen die proses om struktuur aan iets te verleen, om te skep of om voort te bring (Krog, 2005:135). Die woord “transformasie” beteken dus om “die anderkant te vorm”, of “om waarheen jy op pad is, te begin skep” (Krog, 2005:135). “Transformasie” behels in hierdie sin 'n vormings-proses op weg na 'n bepaalde eindstaat. Krog bevestig egter ook die definiëring van transformasie as 'n proses van diepliggende/ fundamentele verandering. In 'n omvattende ondersoek na die gebruik van die term “transformasie” in verskillende vakgebiede vind Krog (2005:135) 'n hiërargiese konseptualisering van die terme verandering, metamorfose en transformasie, waarin transformasie beide metamorfose en verandering insluit, maar verandering “nóg metamorfose, nóg transformasie impliseer”. Sy kom tot die gevolgtrekking dat transformasie

---

<sup>33</sup> Eie beklemtoning.

<sup>34</sup> In molekulêre biologie behels “transformasie” 'n aanpassing in die genetiese samestelling van bakteriële selle deur die absorpsie van die DNA van spesies wat daaraan verwant is (Simpson en Weiner, 1989:399). In fisika en chemie beskryf “transformasie” die verandering van 'n stof van een vorm na 'n ander (byvoorbeeld van 'n vloeistof na 'n vaste stof, of 'n gas na 'n vloeistof), of 'n verandering in die chemiese samestelling van 'n element of verbinding (Simpson en Weiner, 1989:399). Die term “transformasie” word in elektronika gebruik om 'n verandering in die tipe of potensiaal van 'n stroombaan te beskryf (Simpson en Weiner, 1989:399). Die verskillende definisies dui telkens op 'n fundamentele verandering in die aard en karakter van dit wat verander word.

nie "n blote verandering van struktuur of uitwendige vorm [is] nie", maar 'n verandering in die "deurslaggewende essensie" van dit wat verander word behels (Krog, 2005:135).

In sy artikel, *Transformasie: 'n Voorvereiste vir Verandering*, tref I. van W. Raubenheimer (1996) 'n soortgelyke onderskeid tussen verandering en transformasie in 'n sosiale konteks. Volgens Raubenheimer (1996) behels verandering 'n fisiese, relatief eenvoudige operasionele proses wat, hoewel dit 'n produk van die menslike verstand is, buite die individu plaasvind. Transformasie word daarenteen beskryf as 'n meer komplekse sielkundige proses, wat bo en behalwe die fisiese verandering, ook 'n aanpassing in die persepsies, houdings, waardes en norme van diegene wat by die proses betrokke is behels. Op 'n sosiale vlak, vereis transformasie dus 'n "diepliggende sielkundige reoriëntasie" en 'n internalisering van die veranderingsproses, wat uiteindelik die volhoubaarheid van die nuwe orde/ "stand van sake" moontlik maak (Raubenheimer, 1996).

Om duidelikheid te kry oor die betekenis van die begrip "transformasie", is dit belangrik om dit onderskei van "transisie". Die definiëring van die terme "transformasie" en "transisie" in die *Oxford English Dictionary* (Simpson en Weiner, 1989) is baie soortgelyk<sup>35</sup>, maar dui tog op 'n subtiële klemverskuiwing na die proses van verandering wanneer daar van "transisie" eerder as "transformasie" gepraat word. "Transisie" word byvoorbeeld gedefinieer as "a passing or passage from one condition, action or (rarely) place, to another" of "a passage from an earlier to a later stage of development or formation" (Simpson en Weiner, 1989:406)<sup>36</sup>. In die geologiese, argeologiese en taalkundige gebruik van die term blyk daar ook 'n dimensie van historiese verloop in die term "transisie" opgesluit te wees waarin 'n vroeëre weergawe van die veranderende objek/ entiteit deur 'n latere weergawe vervang word. Die onderskeid tussen "transformasie" en "transisie" op grond van die klem wat in die gebruik van die term "transisie" op historiese verloop geplaas word, word egter nie konsekwent in die gebruik van die terme in die sosiale wetenskappe weerspieël nie<sup>37</sup>.

---

<sup>35</sup> Die gebruik van die term "transisie" in biologie, fisika en chemie blyk dieselfde verwysings na 'n verandering in die aard en karakter van die veranderende objek te weerspieël, maar word bloot in hierdie geval gebruik om veranderinge in ander biologiese fisiese of chemiese elemente te beskryf. In molekulêre biologie beskryf "transisie" 'n verandering in die kern-suur van 'n puriene, eerder as 'n verandering in die genetiese samestelling van 'n sel; en in fisika behels "transisie" 'n verandering in die gekwantifiseerde staat van 'n atomiese kern van 'n orbitale elektron, eerder as die verandering van die vorm van 'n stof of die chemiese samestelling van elemente of verbindings (Simpson en Weiner, 1989:406).

<sup>36</sup> Eie beklemtoning

<sup>37</sup> Renfrew & Cooke (1979:3-44), Denmark *et al* (2000), Gready (2003) en Sanderson (1995) gebruik byvoorbeeld die term "transisie" in 'n sosiale konteks sonder enige spesifieke klem op historiese progressie.



In sy boek *The Apartheid State in Crisis: Political Transformation in South Africa*, tref Robert M. Price (1991) 'n bruikbare onderskeid tussen “transformasie” en “transisie”. Hy hanteer hierdie terme op 'n sosio-politieke vlak, en redeneer dat transisie 'n aanpassing in die *formele* politieke orde en magsverhoudinge (die “super-struktuur”) van 'n bepaalde samelewing behels. Transformasie impliseer daarenteen 'n aanpassing in die sub-struktuur wat hierdie orde ondersteun, insluitende sosiale interaksie, kulturele norme, ekonomiese aktiwiteite en informele magsverhoudinge. In hierdie sin word die weg vir transisie dikwels deur transformasie gebaan, en kan 'n transisie ook gevolg word deur 'n transformasieproses waartydens die sub-struktuur aangepas word om die nuwe orde/ super-struktuur te ondersteun.

Hierdie konseptualisering van die term “transformasie” en die verhouding waarin dit tot “transisie” staan blyk in die algemene gebruik daarvan in politieke wetenskap bevestig te word. In hul bekende studie van die probleme van gelyktydige transisies gebruik Armijo et al (1994) byvoorbeeld die term “transisie” om die proses van oorgang vanaf staatsbeheerde ekonomieë na kapitalistiese stelsels in Sentraal- en Oos Europa, Latyns Amerika, Oos Asië en sub-Sahara Afrika asook die verskuiwing vanaf outoritêre politieke stelsels na grondwetlike demokrasieë in hierdie areas te beskryf. Transisie word hier gedefinieer as 'n verandering in die formele reëls van politieke en ekonomiese stelsels. Ook Paul Gready (2003) gebruik die term “transisie” om formele politieke veranderinge in post-konflik samelewings (waaronder: post-koloniale Zimbabwe, post-apartheid Suid-Afrika, Noord-Ierland en Oos-Duitsland na die val van die Berlynse muur) te beskryf<sup>38</sup>.

Die term “transformasie” word ook soms ingespan om prosesse van oorgang vanaf outoritêre na demokratiese politieke stelsels te beskryf. In pas met Price se definisie, omvat die ontleding van sodanige prosesse van transformasie egter meer as net die verandering in formele reëls (bv. grondwetlike aanpassings), en oorweeg dit ook die veranderinge in die sub-strukture wat die politieke orde ondersteun en die impak wat die verandering in die “reëls van die politieke spel” op hierdie strukture het. In die konteks van ontwikkelende lande word die begrip “transformasie” ook gebruik om veranderinge in eertyds gekoloniseerde samelewings

---

<sup>38</sup> Gready se analise strek egter wyer, en skenk aandag aan 'n breë reeks response (o.a. op politieke, ekonomiese, sosio-kulture, psigologiese vlak) op die transisies in hierdie samelewings. Hy analiseer dus as't ware die veranderinge (transformasie-prosesse) wat in reaksie op die politieke transisies in die betrokke samelewings geskied.

tydens en na afloop van koloniale besetting te beskryf. Daar word byvoorbeeld oorweeg hoe kolonialisme die kultuur, gebruike, politieke instellings en ekonomiese verhoudings in hierdie samelewings beïnvloed het, hoe samelewings by die koloniale invloed aangepas of daarteen verset het, en die uiteindelijke sosio-kulturele, politieke en ekonomiese respons op onafhanklikheid (sien byvoorbeeld die gebruik van die term in Ashcroft [2001]).

Die bestudering van transformasie in die ekonomiese wetenskappe het tradisioneel gefokus op veranderinge in die aard of bestuur van ekonomiese stelsels – byvoorbeeld: die verskuiwing van ‘n industriële na ‘n meer diens-georiënteerde ekonomie; of ‘n aanpassing vanaf ‘n staatsbeheerde na ‘n meer liberale ekonomiese stelsel (Daianu, 1998:5). Hoewel hierdie transformasie-prosesse (veral in die geval van ekonomiese stelsels) dikwels ‘n formele verandering in die reëls wat ekonomiese interaksie onderlê behels, dui die aard van analyses van ekonomiese transformasie telkens op ‘n meer omvattende konseptualisering van transformasie wat diepliggende veranderinge wat in die sub-strukture in die betrokke samelewings insluit<sup>39</sup>.

### 3. Transformasie in Suid-Afrika

Op beide ‘n sosio-ekonomiese en politieke vlak, figureer die terme “transisie” en “transformasie” vir dekades reeds sterk in die openbare debat, beleidsverklarings, wetgewing, politieke en ekonomiese retoriek en akademiese diskoers in/oor Suid-Afrika<sup>40</sup>.

Reeds voor Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing in 1994, is daar menigte studies en strategieë gepubliseer wat aandag geskenk het aan die noodsaaklikheid van en moontlike benaderings tot sosio-politieke en ekonomiese veranderinge in die land wat sosio-politieke vryheid en regverdige deelname aan die ekonomie vir alle Suid-Afrikaanse burgers sou moontlik maak. Hierdie studies het aanvanklik veral gefokus op die behoefte aan ‘n verandering in die formele reëls (in die vorm van beleid en wetgewing) wat politieke, sosiale en ekonomiese apartheid in stand gehou het en die wyse waarop dit deur die regering van die dag aangespreek is/ moes word<sup>41</sup>. Dit was dus in die eerste plek ‘n ondersoek na sosio-ekonomiese en politieke *transisie* en spesifiek die veranderinge in die diskriminerende

---

<sup>39</sup> sien byvoorbeeld die gebruik van die term deur Sanderson (1995), Marais (2001), Daianu (1998).

<sup>40</sup> sien byvoorbeeld Sisk (1995), Price (1991), Raubenheimer (1996), Maphai (1994a; 1994b) en Khosa (2001).

<sup>41</sup> sien byvoorbeeld African National Congress (1985), Giliomee & Gagliano (1990), Van Vuuren *et al* (1985), Price (1991) en Horowitz (1991).

wetgewing en praktyke van die apartheidsbeleid en die oorgang vanaf wit minderheidsbeheer na 'n nie-rassige demokrasie. Die transisie-proses word ook in retrospektief in verskeie artikels en studies ontleed<sup>42</sup>.

In die nadraai van die politieke transisie in 1994, en die euforie wat dit gevolg het, was daar egter by menigte Suid-Afrikaners en politieke ontleders 'n mate van ontnugtering oor die impak van politieke demokratisering en die verwydering van diskriminerende wetgewing in die ekonomiese arena op die aard van die Suid-Afrikaanse samelewing en die ongelykhede wat as gevolg van apartheid tot stand gekom het. Die fokus in die openbare debat en akademie het toenemend gedraai na die behoefte aan werklike *transformasie* in Suid-Afrika in die vorm van 'n gekonsolideerde demokrasie<sup>43</sup>, 'n daadwerklike verandering in die sosio-ekonomiese posisie van voorheen-benadeelde gemeenskappe, en 'n proses van sosio-kulturele versoening wat die droom van 'n "nie-rassige Suid-Afrika" 'n werklikheid sou maak<sup>44</sup>. Daar was dus 'n behoefte aan meer as net 'n formele verandering in die reëls wat politieke, interaksie en ekonomiese aktiwiteite reguleer, en openbare debatte en akademiese diskoers het begin klem plaas op die belangrikheid van 'n verandering in die sub-strukture (insluitende waardes, ekonomiese verhoudings, informele magsverhoudinge en die struktuur van sosio-kulturele interaksie<sup>45</sup>) wat die aard van die samelewing beïnvloed.

Teen hierdie agtergrond, het "transformasie" in Suid-Afrika 'n nuwe betekenis begin aanneem. Die term word algemeen gebruik om die integrering van swart<sup>46</sup> Suid-Afrikaners in verskillende sfere van die samelewing, en 'n verbetering van hul posisie in hierdie kontekste te beskryf. Daar word byvoorbeeld gepraat van: "transformasie in sport" wat verwys na die insluiting van meer swartes in die spelers-korps en bestuur van Suid-Afrikaanse sport<sup>47</sup>; "transformasie in die onderwys", wat beteken dat daar meer swart onderwys-administrateurs en onderwysers is, dat meer swartes die voordele van die onderwys-stelsel kan geniet en dat curricula aangepas word om 'n wyer verskeidenheid van filosofiese uitgangspunte te

---

<sup>42</sup> Sien byvoorbeeld Maphai (1994), Friedman & Atkinson (1994) en International Institute for Strategic Studies (1995).

<sup>43</sup> Sien byvoorbeeld die analyses van Laurence Piper (2005) en Henning Melber (2003).

<sup>44</sup> Sien byvoorbeeld die gebruik van die term demokrasie in Kristin Henrard (2002) se analise van demokratiese transformasie en nasiebou in post-apartheid Suid-Afrika.

<sup>45</sup> Daar kan kollektief na hierdie sub-strukture as die politieke en ekonomiese kultuur van die omgewing verwys word.

<sup>46</sup> "Swart" verwys in hierdie konteks alle swart, bruin en Asiatiese Suid-Afrikaners (soos gedefinieër in die Wet op Billike Indiensneming [Wet nr. 54 van 1998] en die Wet op Swart Ekonomiese Bemagtiging [Wet nr. 53 van 2003]).

<sup>47</sup> Sien byvoorbeeld die gebruik van die frase "transformasie in sport" in: die Burger se Lesingreeks by die KKNK in 2004, en die algemene debat op LitNet ('n Afrikaanse elektroniese gespreksforum wat sterk aanhang onder akademici, letterkundiges en die algemene publiek geniet); die algemene media (byvoorbeeld in die debat oor transformasie in sport in *Die Burger*); die ANC (1998) se verklaring oor transformasie in sport; en die Handves vir Transformasie in Sport (SA Yearbook, 2004).

akkommodeer<sup>48</sup>; en “transformasie in kuns” wat behels dat swart kuns en kultuur sterker erkenning geniet en dat meer swart kunstenaars en swart lede van die algemene publiek die geleentheid gegun word om aan kulturele aktiwiteite deel te hê<sup>49</sup>.

Dit is egter “ekonomiese transformasie” wat toenemend uitgelig word as ‘n noodsaaklike verlenging van Suid-Afrika se politieke transisie en ‘n voorvereiste vir demokratiese konsolidasie en sosio-politieke en ekonomiese stabiliteit. In ‘n stel scenarios vir 2014 wat deur die Suid-Afrikaanse presidensie ontwikkel is, is sosiale onstabiliteit, veroorsaak deur groeiende ontevredenheid met voortgesette armoede, werkloosheid en ongelykhede in die verdeling van inkomste, as die grootste bedreiging vir grondwetlike demokrasie in Suid-Afrika bestempel (Haffajee & Stober, 2003). Maar wat word daar presies bedoel wanneer daar in die Suid-Afrikaanse konteks van ekonomiese transformasie gepraat word?

#### **4. Ekonomiese transformasie in Suid-Afrika**

Soos reeds genoem is daar in die bestudering van transformasie in die ekonomiese wetenskappe tradisioneel gefokus op veranderinge in die aard of bestuur van ekonomiese stelsels. In die laaste tien tot vyftien jaar is die term “transformasie” ook in Suid-Afrika dikwels gebruik om die liberalisering van die ekonomie en toenemende konformering aan die sogenaamde “Washington konsensus” of “neo-liberale” voorskrifte van ekonomiese bestuur te beskryf<sup>50</sup>. In ooreenstemming met die gebruik van die term in die politieke en sosio-kulturele konteks word die term “transformasie” egter ook in ‘n ekonomiese sin toenemend gebruik om die integrering van swart persone en ‘n verbetering van hul posisie, in hierdie geval in die ekonomiese arena, te beskryf.

Ekonomiese transformasie behels dus ook meer as net ekonomiese transisie. Met ander woorde: meer as net ‘n verandering in die reëls wat die ekonomiese omgewing reguleer en, in die Suid-Afrikaanse konteks spesifiek ook, meer as net die verwydering van diskriminerende wetgewing en beleid. Volgens Krog (2005:135) se definisie van transformasie behels ekonomiese transformasie ‘n vormings-proses wat gemik is op die bereiking van ‘n bepaalde

---

<sup>48</sup> Sodanige gebruik van die frase “transformasie in onderwys” word gesien in Nakusera (2004) Kgobe (2003), Cloete *et al* (2002) en van der Berg (2004).

<sup>49</sup> Sien byvoorbeeld die gebruik van die frase “transformasie in kuns” in: Seutloadi (2003) se evaluering van die transformasieproses in die beheerliggame van Suid-Afrikaanse kuns en die strategiese doelstellings van die *Africa South Art Initiative* (2005).

<sup>50</sup> Taylor & Williams (2000), Marais (1998) en Harris & Michie (1998).

eindstaat in die ekonomiese arena. En hoe lyk hierdie eindstaat (die “anderkant”/“trans-”) waaraan daar gevorm/ geskep (“-formasie”) word?

Soos reeds hierbo genoem, word die term “transformasie” in die Suid-Afrikaanse konteks gebruik om te verwys na die integrering van swart persone in verskillende sferes van die samelewing, en ‘n verbetering van hul posisie in hierdie sferes. Die eindstaat waartoe daar op ekonomiese terrein gemik word is dus veel-dimensioneel. Vyf kern-doelwitte van ekonomiese transformasie word egter herhaaldelik in die Suid-Afrikaanse regering se beleid, strategiese raamwerke, wetgewing en retoriek beklemtoon en geniet ook omvattende aandag in akademiese tekste<sup>51</sup>. Eerstens word daar gestreef na die insluiting van meer swart persone in die arbeidsmark, en spesifiek in die formele sektor of sogenaamde “hoofstroom-ekonomie”. Die tweede doelwit hou hiermee verband. Daar word nie bloot gepoog om meer swart persone in die hoofstroom-ekonomie in diens te neem nie, maar ook om hul deelname in besluitneming (en dus hul mag in die ekonomiese arena) te vergroot. Ekonomiese transformasie is derdens daarop gemik om swart eienaarskap in die ekonomie te vergroot. Daar word byvoorbeeld daarna gestreef om meer swart-beheerde maatskappye tot stand te bring en om swart aandeelhouding in organisasies te vergroot. Die vierde doelwit, naamlik die bemagtiging van swart persone deur opleiding en vaardigheidsontwikkeling, is nie ‘n suiwer ekonomiese doelwit nie, maar word as gevolg van die potensiële impak daarvan op die sukses van ander aspekte van ekonomiese transformasie ook as ‘n kern doelwit van ekonomiese transformasie beskou. In die afwesigheid van ‘n sentraal-beheerde ekonomiese stelsel of substansiële toelae deur die staat is die vyfde doelwit, naamlik ‘n vermindering van inkomste-ongelykhede tussen verskillende bevolkingsgroepe, afhanklik van die suksesvolle bereiking van die eerste vier doelwitte<sup>52</sup>. Gegewe hierdie doelwitte, sou suksesvolle ekonomiese transformasie in Suid-Afrika dus ‘n omvattende herskikking in die verdeling van ekonomiese hulpbronne (rykdom), mag en die aard van verhoudings in die ekonomiese arena

---

<sup>51</sup> Sien die konseptualisering van ekonomiese transformasie en Swart Ekonomiese Bemagtiging in: (1) regeringsbeleid en strategie (byvoorbeeld: die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram [Government of South Africa, 1994] die strategie vir Swart Ekonomiese Bemagtiging [Department of Trade and Industry, 2003], die 10 jaar oorsig [Government of South Africa, 2003a] en die Program van Aksie wat daarop gebaseer is [Government of South Africa, 2003b]), (2) in analises van Swart Ekonomiese Bemagtiging (FW de Klerk Stigting, [2005], Cliffe Dekker Attorneys [2004]), (3) artikels in die media (byvoorbeeld: Finance24 [2005], Business Day [2005] en BBC [2005]) (4) publikasies van instellings wat sosio-ekonomiese verandering ontleed (waaronder: die Jaarlikse Transformasie Audit van die Instituut vir Versoening en Geregtheid en die Verenigde Nasies se Ontwikkelingsverslag [United Nations, 2000]) en (5) akademiese tekste (sien byvoorbeeld du Toit [2004a en 2004b] en Garbers [in Van Vuuren *et al*, 1985:iii]).

<sup>52</sup> Die vermindering van ongelikheid tussen verskillende bevolkingsgroepe word pertinent deur President Thabo Mbeki uitgelig as ‘n noodsaaklike voorvereiste vir stabiliteit in Suid-Afrika (Mbeki, in Khosa, 2001:1), dit figureer sterk in die regering se makro-ekonomiese beleidsraamwerke (byvoorbeeld die HOP-Program [Government of South Africa 1994] wat in 1994 as makro-ekonomiese strategie aangekondig is, en die GEAR program [Government of South Africa, 1996] wat steeds as die primêre raamwerk vir makro-ekonomiese beleid dien), en is ook ‘n eksplisiete doelwit van die strategie vir Swart Ekonomiese Bemagtiging (Department of Trade and Industry, 2003).

impliseer. Dit is belangrik om te let dat daar in die konseptualisering van transformasie in die Suid-Afrikaanse konteks (soos hierbo uiteengesit) uitsluitlik op die herverdeling van mag en materiële hulpbronne gekonsentreer word en dat daar geen verwysing is na *status-ongelykhede* nie. Een van die belangrikste bydraes van hierdie studie, is om hierdie gaping aan te spreek.

#### **4.1 *Ekonomiese transformasie as 'n geïnstusionaliseerde proses***

'n Belangrike eienskap van die proses van ekonomiese transformasie in Suid-Afrika (dus: die “vorming” van “die ander kant”) is dat dit nie aan spontane faktore oorgelaat word nie, en (veral sedert 1994) in 'n groot mate deur beleid en wetgewing geïnstusionaliseer is. Swart deelname aan die arbeidsmark word bevorder deur die Wet op Billike Indiensneming (Government of South Africa, 1998) sowel as die strategiese prosesse en wetgewing rondom Swart Ekonomiese Bemagtiging (Government of South Africa [2003]). Swart eienaarskap in die ekonomie, die posisie van swart persone in die bestuur van ekonomiese entiteite (en dus hul deelname aan besluitneming) sowel as die ekonomiese bemagtiging van swartes deur middel van gepaste opleiding word aangespreek in die strategie vir swart ekonomiese bemagtiging en die wetgewing wat die strategie ondersteun (Government of South Africa [2003] en Department of Trade and Industry [2003]). Die eksplisiete doelwit van die Departement van Handel en Nywerheid se strategie vir Swart Ekonomiese Bemagtiging is dan ook om “'n noemenswaardige toename te bewerkstellig in die aantal swart persone wat die land se ekonomie beheer, besit en bestuur, sowel as 'n noemenswaardige vermindering in ongelykheid” (Department of Trade and Industry, 2003). Die opleiding van swart persone ter wille van hul meer effektiewe deelname aan die hoofstroom-ekonomie word ook aangemoedig en bestuur deur die nasionale strategie vir vaardigheidsontwikkeling (die *National Skills Development Strategy*) en die wetgewing wat die implementering daarvan reguleer (Department of Labour, 2004 en 2005). Swart eienaarskap van grond (as 'n simbolies-belangrike ekonomiese hulpbron) word bevorder deur, onder andere, die aktiwiteite van die Grondherstelkommissie en die Grondhervorming vir Landbouontwikkeling Program en gereguleer deur 'n omvattende stel wetgewing (Departement van Landbou, 2004:46-47). Die transformasie-/ “vormings”-proses behels dus aktiewe ingryping vanaf die kant van die staat (deur middel van beleid en wetgewing) om die doelwitte wat daar vir ekonomiese transformasie gestel word te bereik. Daar is dus 'n *doelbewuste* poging om 'n herskikking in

ekonomiese verhoudings en die verdeling van ekonomiese mag en hulpbronne tussen verskillende groepe te bewerkstellig.

Dit is belangrik om te oorweeg hoe hierdie groepe ingedeel word. Aan die een kant is daar wit Suid-Afrikaners, wat (in terme van die gees van die huidige beleid en wetgewing wat ekonomiese transformasie beheer), tydens die apartheids-era onregverdigde voordeel geniet het om 'n sterk ekonomiese posisie te bewerkstellig. Aan die ander kant is daar swart Suid-Afrikaners, wat kollektief hanteer word (dus: geen onderskeid word tussen verskillende swart etniese groepe, gekleurdes en Asiërs getref nie) en wat as 'n voorheen benadeelde groep beskou word. Ekonomiese transformasie in Suid-Afrika behels dus 'n doelbewuste, geïnstitusioneerde poging om 'n herskikking in ekonomiese verhoudings en die verdeling van ekonomiese mag en hulpbronne tussen wit en swart Suid-Afrikaners te bewerkstellig. Dit is verder interessant om te let op die posisie van wit vroue en wit gestremde persone ingevolge die wetgewing en kodes wat die implementering van swart ekonomiese bemagtiging reguleer. Volgens die Wet op Billike Indiensneming (Nr. 55 van 1998) is wit vroue en wit gestremde persone ook "aangewese groepe" wat by regstellende aksie behoort te baat – met die implikasie dat wit vroue en gestremde persone ook as 'n voorheen benadeelde groep beskou kan word. Volgens die wetgewing en kodes rondom Swart Ekonomiese Bemagtiging, is dit egter *slegs* die aanstelling en opleiding van swart werknemers wat positief tot ondernemings se Swart Ekonomiese Bemagtigingsakkreditasie kan bydra. Hoewel die aanstelling van swart vroue of swart gestremdes vir ondernemings bonuspunte op hul telkaarte vir Swart Ekonomiese Bemagtiging kan verdien, geniet wit vroue en gestremde persone geen spesiale status nie. Die onderskeid tussen "voorheen benadeelde"/ "aangewese" groepe wat spesiale beskerming/ bevordering verdien, en "nie-aangewese groepe" word dus toenemend suiwer volgens ras getref.

Die vernaamste eienskappe van ekonomiese transformasie in Suid-Afrika kan dus as volg opgesom word. Dit behels in die eerste plek 'n ekonomiese transisie – die verwydering van diskriminerende beleid, wetgewing en praktyke. Tweedens, verwys ekonomiese transformasie in Suid-Afrika na die integrering van swart persone in die ekonomie, en 'n geïnstitusioneerde poging om 'n herskikking in die verdeling van hulpbronne en mag in die ekonomiese arena te bewerkstellig. In die derde plek sou volledige ekonomiese transformasie in Suid-Afrika ook beteken dat die onderliggende waardestelsels en informele

magsverhoudinge in die ekonomie aangepas word om 'n veranderde ekonomiese orde te ondersteun.

Die hipotese wat hier ontwikkel word, is dat *die transformasieproses wat hierbo uiteengesit is*<sup>53</sup> *noodwendig 'n herskikking in die verdeling van en beheer oor ekonomiese hulpbronne en aanpassings in ekonomiese verhoudings tot gevolg het; dat hierdie veranderinge ook bepaalde implikasies vir die relatiewe status van wit en swart Suid-Afrikaners inhou en dat hierdie aanpassing in relatiewe status die potensiaal vir konflik tussen verskillende groepe in die land kan verhoog.* Daar word dan ge-argumenteer dat die erkenning van hierdie konflikpotensiaal, die antiserping van groepe se moontlike reaksies op die veranderinge en die effektiewe hantering daarvan in die bestuur van die proses van transformasie tot 'n meer stabiele sosio-kulturele, politieke en ekonomiese orde kan bydra.

Hierdie hipotese sal vervolgens aan die hand van twee oorkoepelende teoretiese raamwerke in die diskoers oor tussen-groep verhoudinge en 'n aantal kern-konsepte uit die veld van konflikstudies ontwikkel word.

## **5. Konflikteorie**

Daar word in die bestudering van konflik primêr gefokus op die *oorsake en aard* van konflik tussen verskillende akteurs in die samelewing (hetsy op individuele-, groep- of staatsvlak), en strategieë om die *hantering/ bestuur* van konflik te begryp en/of te verbeter (Reimann, 2003:3). Modelle vir die hantering van konflik word in 'n groot mate gebaseer op en gevorm deur persepsies oor die oorsake en aard van konflik . Daar sal dus hier in die eerste plek aandag gegee word aan teorieë ten opsigte van die oorsake of bronne van konflik en die aard wat konfliksituasies as gevolg daarvan aanneem. Modelle vir die hantering van konflik sal in hoofstuk 3 bespreek word. Gegewe die aard van die sosiale verskynsel/ proses wat uiteindelik ontleed sal word, naamlik ekonomiese transformasie in Suid-Afrika, en die eienskappe van hierdie proses wat hierbo uiteengesit is, sal daar gefokus word op analitiese raamwerke wat daarop gemik is om ons begrip vir konflik tussen verskillende sosiale groepe (dus: tussen-groep konflik) uit te brei.

---

<sup>53</sup> Daar word in hoofstuk 4 'n meer volledige beskrywing gegee van die transformasieproses in die Suid-Afrikaanse omgewing.



### 5.1 Oorkoepelende teorieë oor die oorsake van tussen-groep konflik

Teorieë oor die oorsake van tussen-groep konflik kan verdeel word in twee “ontologiese strome”, naamlik *objektivistiese* en *subjektivistiese* benaderings tot konflik (Reimann, 2003:3).

Volgens die objektivistiese benadering (ook genoem die Realistiese Teorie van Groepsgebaseerde Konflik), word konflik veroorsaak deur botsende belange tussen groepe (Tajfel & Turner, 1979:33). Dit getuig van ‘n instrumentalistiese begrip van sosiale verhoudings, wat sterk staatmaak op die beginsel van rasonele akteurs wat bewustelik besluite neem en optree om hul eie belange te bevorder<sup>54</sup>. Die benadering is objektief, in die sin dat dit nie staatmaak op die persepsies van die betrokke partye nie, maar gesetel is in wat gesien word as ‘n objektiewe kompetisie vir skaars hulpbronne<sup>55</sup>. Daar word ook geargumenteer dat hierdie kompetisie inherent deel is van die sosio-ekonomiese en politieke struktuur<sup>56</sup> van die samelewing, en dat hierdie kompeterende “objektiewe realiteit” veroorsaak dat die verhoudings tussen groepe byna noodwendig konfliktueel sal wees (Reimann, 2003:3).

Dit sluit in hierdie opsig aan by die Realistiese Teorie van Internasionale Verhoudinge en Politieke Ekonomie waarin daar veronderstel word dat die strukture waarbinne internasionale verhoudinge afspeel inherent konfliktueel is, dat die verhoudings tussen akteurs in die internasionale arena daarom ‘n zero-som spel is waarin elkeen sy eie belange (veral ten opsigte van mag en hulpbronne) probeer bevorder, en dat die samewerking (of positiewe verhoudings) tussen akteurs tot die minimum beperk word of “onbetroubaar” is (Weber [2001:63,66]; Wendt [1991:129]). Die objektivistiese benadering tot tussen-groep konflik strook ook in ‘n mate met die Liberalistiese Teorie van Internasionale Verhoudinge en Politieke Ekonomie, waarin die ekonomiese belange van internasionale akteurs beklemtoon word, en daar veronderstel word dat hierdie akteurs slegs met mekaar sal saamwerk indien al die betrokkenes veronderstel dat hulle een of ander voordeel uit die samewerking kan trek (Bull [1977], Kegley, in Weber [2001:41-42]). Die samewerking is in hierdie geval byna ‘n

---

<sup>54</sup> Vir ‘n meer volledige omskrywing van die beginsels van rasonele keuse teorie, sien Monroe (2001:153).

<sup>55</sup> Hoewel hierdie “skaars hulpbronne” nie noodwendig materieel van aard hoef te wees nie, word daar in objektivistiese teoretiese diskoers dikwels op hierdie dimensie gefokus (sien byvoorbeeld: Renner [2002], Homer-Dixon [1991], Kaplan [1994]).

<sup>56</sup> “Struktuur” verwys hier hoofsaaklik na sogenaamde *nie-materiële strukture* (waaronder: gedeelde konsepsies van realiteit, reëls, norme, instellings ens.) wat die gedrag van die akteurs in die betrokke sosiale beïnvloed, en uiteindelik bepalend is in die *materiële* struktuur van die samelewing (soos gesien in die verdeling van mag, hulpbronne, status/ aansien ens.) (sien Finnemore, 1996:15).

opskorting van konflik ter wille van eie gewin, eerder as 'n aanduiding van werklike positiewe verhoudings tussen die betrokke akteurs.

Die strategieë vir die hantering van konflik wat binne die objektivistiese raamwerk voorgestel word, fokus daarom op die *balansering* van die belange van vegtende groepe.

Subjektivistiese teorieë oor die oorsake van tussen-groep konflik fokus primêr op die *persepsies* van die betrokke groepe, hul *interpretasie* van bepaalde strukture en prosesse en die *sosio-sielkundige effek* van hierdie persepsies en interpretasies op die groepe se optrede teenoor mekaar (Reimann, 2003:3). Die basiese uitgangspunt is dat persepsies en ingesteldhede gedrag bepaal, en dat konflik daarom nie in die eerste plek deur die objektiewe kompetisie tussen groepe of die struktuur van die samelewing veroorsaak word nie, maar die gevolg is van die betrokke groepe en individue se subjektiewe interpretasie van die realiteit en die sosio-sielkundige gevolge van hierdie interpretasies op groepe se ingesteldhede teenoor mekaar (Brown [2000:747]; Tajfel & Turner, 1979:36).

Die subjektivistiese benadering beweeg weg van die idee dat die sosiale verhoudings *binne* 'n statiese, objektiewe orde afspeel en fundamenteel deur hierdie orde gevorm word (dus: dat strukture die gedrag van sosiale akteurs bepaal). Dit sluit in hierdie opsig aan by konstruktivistiese sosiale teorieë waarin daar geargumenteer word dat sosiale realiteit op 'n deurlopende basis deur die verhoudings en interaksie tussen mense *gekonstrueer* word (Onuf, 1998:59). Volgens die konstruktivistiese argument het hierdie gekonstrueerde realiteit uiteindelik 'n effek op die gedrag van sosiale akteurs, maar bly akteurs en strukture in 'n proses van voortdurende wedersydse konstituering.

Daar word in die subjektivistiese benadering tot tussen-groep konflik (soos in konstruktivistiese sosiale teorie) sterk klem geplaas op die rol van identiteit in die bepaling van die gedrag van groepe. Die basiese uitgangspunt is dat die identiteit (of self-persepsie) van sosiale akteurs in 'n groot mate hul keuses en gedrag bepaal, en dat die bestaan van identiteite uiteindelik 'n mate van voorspelbaarheid en orde aan die sosiale wêreld verleen (Hopf, 1998:174-175). Volgens Kristen Monroe (2001:158) bied identiteite 'n raamwerk waarbinne sosiale akteurs die strome van informasie wat hulle op 'n deurlopende basis (en by uitstek in situasies van sosiale interaksie) ontvang kan interpreteer en kan kombineer in 'n

“narrative that allows [them] to make sense of reality”. Houdings en gedrag word dan deur hierdie subjektiewe ervarings en die gepaardgaande interpretasie van die realiteit (wat Monroe “kognitiewe kaart” noem), eerder as objektiewe omstandighede bepaal (Monroe, 2001:158).

Die strategieë vir die hantering van konflik wat binne die subjektivistiese raamwerk voorgestel word, fokus daarom op die aanpassing in die *gesindhede/ houdings* (“dispositions”) van twistende groepe en die impak daarvan op tussengroep verhoudings.

Daar sal vervolgens ‘n meer omvattende beskrywing gegee word van die subjektivistiese teorie van tussen-groep konflik, met spesifieke verwysing na die interpretasie van tussen-groep verhoudinge aan die hand van Sosiale Identiteit Teorie. Daar sal getoon word dat die objektivistiese en subjektivistiese benaderings tot tussen-groep konflik nie totaal onversoenbaar is nie, en dat begrip vir beide hierdie benaderings ons kan help om die konflikpotensiaal van status-verhoudinge binne die konteks van ekonomiese transformasie in Suid-Afrika op ‘n teoretiese vlak te begryp.

## **5.2 Die Subjektivistiese benadering tot tussen-groep konflik**

### *5.2.1 Die behoefte aan identiteit en die bevestiging van eiewaarde*

Soos hierbo genoem, word die botsende belange van groepe in die voortdurende kompetisie vir skaars hulpbronne in die objektivistiese benadering tot tussen-groep verhoudings as die primêre bron van konflik tussen groepe beskou. Ons vind egter dikwels dat daar geen instrumentalistiese verklaring vir groepe se gedrag teenoor mekaar gevind kan word nie.

In studies van groepgedrag, word die geneigdheid tot diskriminasie teen buite-groepe (gemeet aan die geneigdheid om in evaluerings en optrede die binne-groep bo die buite-groep te bevoordeel) beskou as ‘n aanduiding van die konflikpotensiaal tussen groepe (Tajfel & Turner [1979:38]). Tajfel & Turner (1979:34) het in omvattende studies van groepgedrag, bevind dat groepe dikwels selfs in die afwesigheid van konflikterende belange teen mekaar sal diskrimineer. Die groepe in Tajfel en Turner se eksperimentele studies was ook telkens bereid om (meetbare/ vergelykende) voordele prys te gee ten einde ‘n groter *gaping* ten opsigte van een of ander dimensie van vergelyking met buitengroepe te bewerkstellig. Tajfel &

Turner (1979:38) kom dus tot die gevolgtrekking dat die geneigdheid van individue (en die groepe waaraan hulle behoort) om teen lede van buite-groepe te diskrimineer en tot voordeel van hul eie groep op te tree 'n alomteenwoordige ("omnipresent") eienskap van tussen-groep verhoudings is<sup>57</sup>. Ons moet dus aanvaar dat daar een of ander bron of meganisme van konflik is wat nie sy ontstaan het in die funksionele verhoudings of koste-voordeel analises in kompeterende situasies tussen groepe nie.

Du Toit (2004b:197) stel dit as volg:

"...there is ample evidence that adversaries in communally based conflicts tend to be relatively insensitive to material costs. Ethnic groups often pursue their objectives at the expense of material gratification and... sometimes at great cost, knowing that deprivation, impoverishment, and hardship will be their immediate reward. So, if they do not pursue material rewards in the first place, if there is something else, something more fundamental and basic subsumed within their pursuit of overt political objectives...what is it?"

'n Moontlike antwoord op hierdie vraag kan gevind word in Sosiale Identiteit Teorie, as 'n subjektivistiese teorie van tussen-groep konflik<sup>58</sup>. Die basiese uitgangspunt van die teorie is dat individue voortdurend streef na positiewe evaluering van hulself. Tajfel & Turner (1979:40) beskryf dit as die behoefte aan die instandhouding en verbetering van positiewe konsepsies van eiewaarde of positiewe identiteit, en identifiseer dit as 'n primêre behoefte van die individu. Hierdie "positiewe konsepsie van eiewaarde" of "goeie selfbeeld" word beskryf as "the feeling that you are an object of primary value in a meaningful universe" (Greenberg *et al*, 1999:106). Volgens Greenberg *et al* (1999:105-106) is die beperking van angs/ angstigheid die belangrikste funksie van hierdie bevestiging van eie-waarde en vermoëns.

Die basiese uitgangspunt is dat 'n positiewe selfbeeld individue in staat stel om onsekerhede in hul sosiale omgewing en verhoudings, wat 'n primêre oorsaak van angstigheid is, te hanteer. Hierdie beperking van angs deur middel van die redusering van onsekerheid kan op drie maniere geskied: Eerstens, verlaag 'n positiewe selfbeeld die angstigheid wat deur die individu se onsekerheid oor die beoordeling van sy posisie in die samelewing veroorsaak

---

<sup>57</sup> Hierdie argument word bevestig in Hogg & Abrams (1988) se analise van tussen-groep verhoudings.

<sup>58</sup> Die keuse van Sosiale Identiteit Teorie as 'n spesifiek teorie binne die subjektivistiese veld en die fokus op die teoretiese analises van Tajfel & Turner word gemotiveer in afdeling 8 van hoofstuk 1 (die begrening van die studie).

word (Smyth, 2002:149). Tweedens, verminder dit angstigheid oor individuele kwesbaarheid en vrees vir mortaliteit (Greenberg *et al*, 1999:106)<sup>59</sup>. Derdens, motiveer die behoefte aan die bevestiging van eiewaarde en positiewe identiteit dikwels lidmaatskap aan positief ge-evalueerde groepe en vestig sodoende 'n sosiale identiteit wat samehang in die individu se self-begrip en 'n raamwerk vir konsekwente beoordeling van sosiale situasies/ gebeure bewerkstellig (Smyth [2002:149]; Monroe, Hankin & Van Vechten [2000:427])<sup>60</sup>. Die angstigheid wat deur onsekerheid oor die betekenis van gebeure en toestande in die sosiale wêreld veroorsaak word, word sodoende beperk.

Daar sal vervolgens gekyk word na die rol van groepe in die positiewe self-bevestiging van individue.

### 5.2.2 Die rol van die groep in die bevestiging van eiewaarde

Soos hierbo genoem, is die basiese vertrekpunt van Sosiale Indentiteit Teorie dat individue voortdurend streef na positiewe evaluering van hulself en hul eie identiteit (sien byvoorbeeld Tajfel & Turner [1979:40], Horowitz [1985:185] en Smyth [2002]). Die tweede belangrike aanname van die teorie, is dat hierdie positiewe status uit lidmaatskap aan positief ge-evalueerde *groepe* ontleen kan word.

Hierdie proses kan as volg begryp word: Identiteit is 'n multi-dimensionele sosiale konstruksie wat saamgestel word uit verskillende kategoriserings van die self op (a) 'n persoonlike vlak (op grond van persoonlike eienskappe, ervarings en prestasies), en (b) 'n sosiale vlak (op grond van die eienskappe van die groepe waarmee die individu assosieer) (Dittmar [1992:73]; Smyth [2002:150-153]). Individue is daarom in staat om positiewe identiteit te bekom deur middel van hul lidmaatskap aan groepe wat positiewe evaluering geniet (du Toit, 2004b:198). Tajfel & Turner (1979:4), stel dit as volg:

---

<sup>59</sup> Volgens Greenberg *et al* (1999:106) word die idee dat "goeie, waardevolle [persone]" nie deur negatiewe gebeure geraak sal word nie tydens die vormingsjare van individue gevestig. Kinders ontwikkel dikwels in hierdie tydperk die persepsie dat ouerlike beskerming (wat kinders se primêre basis van sekuriteit is) op 'n fisiese en sosio-sielkundige vlak van ouers se positiewe evaluering van hul "waarde" afhanklik is (Greenberg *et al*, 1991:106).

<sup>60</sup> Die bevestiging van die status van die eie groep word dikwels bewerkstellig deur positiewe eienskappe aan die binnegroep toe te skryf, terwyl die buitegroep (sover moontlik) negatief ge-evalueer word. Hierdie vooroordeel ten gunste van die binnegroep ("positive in-group bias") dra dan by tot die positiewe evaluering van die binnegroep, en vorm sodoende 'n meer stabiele basis vir sosiale identiteit – wat uiteindelik die individu in staat stel om angstigheid te hanteer.

"Social groups or categories and the membership of them are associated with positive or negative value connotations. Hence, social identity may be positive or negative according to the evaluations...of those groups that contribute to an individual's social identity".

Die individu se behoefte aan positiewe selfbevestiging kan dus gedeeltelik bevredig word deur sy/ haar lidmaatskap aan bepaalde groepe of organisasie wat positiewe evaluering geniet in die konstruering van sy/ haar eie identiteit te beklemtoon (Tajfel & Turner [1979:40]; Monroe, Hankin & Van Vechten [2000:434]). Dit is belangrik om daarop te let dat vergelykende evaluering die basis vorm van 'n hierargiese gradering van aansien – oftewel status. Die vraag wat egter nou beantwoord moet word, is onder watter omstandighede 'n sosiale groep positiewe status sal geniet (en dus as kanaal vir die positiewe selfbevestiging van individue kan dien) en wat die gevolge van die ontkenning of bedreiging van die status van groepe kan wees.

Hierdie vrae sal nou beantwoord word deur te kyk na (5.2.3) verskillende bronne van groepstatus, (5.2.4) die rol van ongelykheid en die bedreiging van groepstatus, en (5.2.5) die prominensie van etniese- en kulturele identiteit.

### 5.2.3. Verskillende bronne van status

Daar is vier belangrike beginsels van groepstatus wat in die identifisering van verskillende bronne van groepstatus in ag geneem moet word.

Die eerste hiervan, is dat positiewe self-persepsie by uitstek gebaseer word op erkenning deur ander individue of groepe (Dittmar [1992:11]; Monroe, Hankin & Van Vechten [2000:427])<sup>61</sup>. Vir 'n bepaalde groep om tot die positiewe self-bevestiging van die individu by te dra, moet die *bron* van die betrokke groep se status dus ook deur *ander* in die sosiale omgewing erken word. Die bron van status dien as't ware as 'n simboliese tussenganger tussen die self en die ander, en is slegs effektief indien die waarde van die simbool ook deur ander erken word (Tajfel & Turner [1979:41] noem dit 'n "gedeelde dimensie van waarde"). Die proses van positiewe bevestiging vind dus intern (deur die individu se persepsie van die

---

<sup>61</sup> Dittmar (1992:73) plaas 'n klem op die feit dat individuele identiteit meer as net die individu of groep se subjektiewe konstruksie van hom-/haarself behels, en ook verwys na die plasing van die individu as sosiale entiteit deur ander.

positiewe status van die groep) sowel as ekstern (deur die erkenning van die groep se status deur ander in 'n sosiale konteks) plaas (Horowitz, 1985:144, 185).

Die tweede beginsel van groepstatus wat in die identifisering van verskillende bronne van status in ag geneem moet word, is die belangrikheid van vergelykings met ander groepe. Status word bevestig wanneer die groep op grond van een of ander maatstaf van vergelyking *beter of meer gevorderd* as die groepe in sy omgewing is (Tajfel & Turner [1979:40]; Horowitz [1985:143-144]; Monroe, Hankin & Van Vechten [2000:427])<sup>62</sup>.

Tajfel & Turner (1979:43) redeneer daarom dat status nie beskou moet word as 'n skaars kommoditeit nie, maar erken moet word as die *uitkoms* van vergelykings tussen groepe, en 'n refleksie van 'n groep se relatiewe posisie in terme van 'n bepaalde basis van vergelyking. Daar is dus 'n sterk klem op die sosiale gesitueerdheid of sosiale posisie van die groep *in terme van ander* in sy omgewing (Dittmar, 1992:73). Tajfel & Turner (1979:37) beskryf daarom ook sosiale status as 'n ranglys of hiërargie wat veronderstelde ("perceived") sosiale posisies aandui. Soos reeds genoem het Tajfel & Turner (1979:41) bevind dat groepe bereid is om *absolute voordele* volgens 'n aanvaarde maatstaf (byvoorbeeld: groter monetêre belonings) prys te gee, ter wille van *groter differensiasie* ten opsigte van ander groepe in hul omgewing. Positiewe status word dus gebaseer op die groep se posisie *relatief tot* ander groepe. Hierdie beklemtoning van sosiale vergelykings in die konstruksie van sosiale identiteit sluit ook aan by die konstruktivistiese teorie van sosiale verhoudings, waarin daar geredeneer word dat sosiale betekenis (soos byvoorbeeld identiteit) tydens interaksie met ander geskep word, en daarom dikwels in terme van verhoudings met én tot ander groepe gedefinieer word.

Die derde belangrike beginsel van die bevestiging van groepstatus behels die keuse van groepe wat in tussen-groep vergelykings in 'n bepaalde sosiale konteks betrek word. Volgens die beginsels van Sosiale Identiteit Teorie geskied hierdie vergelykings meestal tussen groepe wat in die meeste opsigte ooreenstem, byvoorbeeld: groepe wat in dieselfde omgewing woon, burgers van dieselfde land of deelnemers aan 'n spesifieke industrie (Tajfel & Turner, 1979:41). Die vergelyking en soeke na positiewe bevestiging (en meerderwaardigheid) word dan op grond van die enkele onderskeidende kenmerke tussen

---

<sup>62</sup> Du Toit (2004b) beskryf hierdie proses van die bevestiging van eiewaarde as 'n poging om te toon dat die groep "positively different" as ander in sy sosiale omgewing is.

die groepe gedoen (Horowitz, 1985:144). Daar word veronderstel dat onderskeidende kenmerke wat in vergelykings tussen groepe wat meestal ooreenstem geïdentifiseer word as 'n meer geloofwaardige bevestiging van die ondergeskiktheid of meerderwaardigheid van groepe kan dien (Tajfel & Turner [1979:41]; Horowitz [1985:182]). Dit sluit ook aan by die eerste beginsel vir die bevestiging van groepstatus wat hierbo geïdentifiseer is. Daar is 'n groter waarskynlikheid dat groepe wat in 'n verskeidenheid van ander opsigte ooreenstem ook gedeelde dimensies van waarde sal hê, en dat eksterne bevestiging van eiewaarde daarom deur middel van vergelykings met hierdie groepe bewerkstellig kan word.

Dit is vierdens belangrik om in gedagte te hou, dat individue oënskynlik 'n inherente geneigdheid het om sover moontlik positiewe eienskappe van die groepe waarvan hulle lede is te beklemtoon (dus: positiewe vooroordeel ten gunste van die binnegroep<sup>63</sup>) en negatiewe eienskappe van buitengroepe te beklemtoon (dus: negatiewe vooroordeel ten koste van die buitengroep<sup>64</sup>). Die positiewe status van die binnegroep word sodoende bevestig of versterk. Dit bly egter belangrik dat die maatstaf van vergelyking ook in die sosiale omgewing erken word.

Gegewe die vier beginsels van die bevestiging van groepstatus wat hierbo uiteengesit is, sou ons kon redeneer dat feitlike enige verskil tussen groepe as bron van groepstatus kan dien indien (a) die dimensie van vergelyking ook deur ander akteurs in die betrokke omgewing erken word, (b) die vergelyking dit vir een groep moontlik maak om sy meerderwaardigheid (of "positive in-group distinctiveness"<sup>65</sup>) oor ander groepe te toon, en (c) die vergelyking deur die betrokke groepe as geloofwaardig/ relevant beskou word. Daar sal vervolgens 'n bondige oorsig gegee word van drie bronne van status waarop groepe dikwels aanspraak maak.

---

<sup>63</sup> Positiewe vooroordeel ten gunste van die binnegroep word waargeneem in omstandighede van minimale onderskeid tussen binne- en buitengroepe, maar vind ook plaas in duidelike gedefinieerde, breër sosiale groeperinge, byvoorbeeld: leerlinge van bepaalde skole of studente van bepaalde universiteite wat eienskappe soos hardwerkendheid, sportmangees of politieke bewustheid aan hulself en lede van hul groep toeskryf; sekere vorme van nasionalisme (byvoorbeeld: Amerikaners se geneigdheid om die ondernemingsgees van hul volksgenote te beklemtoon); of mans en vroue wat positiewe eienskappe aan hul eie gender toereken. Positiewe vooroordeel kan egter in 'n oordrewe vorm ook onaantreklike eienskappe hê, soos in die geval van chauvinisme, oordrewe egoïsme of jingoïsme.

<sup>64</sup> Ook negatiewe vooroordeel kan waargeneem word in omstandighede van minimale onderskeid tussen binne- en buitengroepe, of tussen breër gedefinieerde of meer erkende sosiale groepe. Dit vind dikwels neerslag in neerhalende taalgebruik teenoor buitengroepe waarin negatiewe stereotipes ingespan word om buitengroepe te beskryf en word ook waargeneem in algemene negatiewe houdings teenoor, en hantering van die lede van buitengroepe (soos in die geval van rassisme, xenofobie/vreemdelinge-haat of seksisme).

<sup>65</sup> Tajfel & Turner (1979:43).



Sukses in situasies van kompetisie, morele kodes en materiële welvaart word beskou as tipiese “maatstawwe van eiewaarde” wat aan groepe (en dus by implikasie ook aan individue) ‘n bepaalde status kan gee (du Toit, 2004b:197-198).

Volgens du Toit (2004b:199) dien sukses in situasies van kompetisie as bevestiging van die superioriteit van die suksesvolle groep, en word status dienooreenkomstig ook bedreig wanneer ‘n bepaalde groep (of individu) in ‘n kompeterende situasie onsuksesvol is. Veral in omstandighede waar groepe in ‘n verskeidenheid van ander opsigte ooreenstem, word die wenners en verloorders in kompeterende situasies onderskeidelik as “sterk” en “swak” beskou (du Toit, 2004b:199).

As die uitkoms van ‘n proses van politieke kompetisie, kan politieke mag as ‘n belangrike bron van positiewe groepstatus beskou word. Horowitz (1985:186-187) redeneer dat politieke mag ‘n tweeledige attraksie vir groepe inhou. In die eerste plek, bevestig die magposisie van die groep in ‘n politieke opset een of ander vorm van superioriteit. Politieke mag kan bekom word deur demokratiese prosesse, wat impliseer dat die meerderheid van ‘n bepaalde bevolking die meerderwaardige kapasiteit van die groep om oor die land/staat te heers erken, of deur middel van geweld (bv. in ‘n staatsgreep of oorlog), wat ‘n aanduiding is van die groep se militêre meerderwaardigheid. Hoe dit ookal sy – politieke mag word eerstens beskou as ‘n aanduiding dat die groep op een of ander wyse beter (“positively different”) is as ander groepe in die politieke omgewing. Politieke mag is egter ook ‘n kanaal waardeur ‘n groep ‘n sterker posisie vir sy eie kulturele gebruike en simbole kan bewerkstellig. Die groep is byvoorbeeld daartoe in staat om sy meerderwaardigheid te bevestig deur sy eie taal, godsdiens en gebruike in die nasionale omgewing te laat geld.

Horowitz (1985:201-209) identifiseer ook die morele legitimititeit van groepe as belangrike (erkende) bron van groepstatus. Hierdie legitimititeit kan ingespan word om groepe se aanspraak op status in ‘n bepaalde omgewing of gebied te regverdig. So byvoorbeeld word eerste besetting (waar ‘n groep ‘n bepaalde gebied eerste bewoon het) en tradisionele heerskappy (waar ‘n groep in ‘n vorige era dominant was) dikwels voorgehou as redes waarom bepaalde groepe steeds erkenning behoort te geniet of ‘n aanspraak op beheer oor ‘n bepaalde gebied het (Horowitz, 1985:201-209). So ook word prominensie in anti-koloniale bewegings ‘n bron van status in eertydse kolonies, en word daar geredeneer dat groepe wat

ter wille van hul bestaansreg in 'n bepaalde omgewing “bloed vergiet” het, 'n morele aanspraak op status en mag in die betrokke omgewing het (Horowitz, 1985:201-209). In omstandighede van gewelddadige politieke transformasie (soos in Suid-Afrika) en veral waar hierdie transformasie-prosesse deur onderhandelings tussen konflikterende groepe gedryf word (soos dit ook in Suid-Afrika die geval was), word morele aansprake, uitgedruk in digotomiese etikette, ook belangrik. Interpretasies van, en die waarde-konnotasies wat geheg word aan etikette soos “onskuldiges vs. skuldiges”, “vryheidsvegters vs. onderdrukkers”, “slagoffers vs. geweldenaars”, het 'n belangrike impak op die morele status van sosiale groepe. Die posisies van verskillende groepe in terme van hierdie definisies verander boonop voortdurend (afhangende van die heersende sosio-politieke klimaat), en het dikwels 'n bepalende invloed op mag- en statusverhoudinge binne 'n gegewe onderhandelings-opset. In die geval van die onderhandelings-proses tydens Suid-Afrika se politieke transisie word daar byvoorbeeld dikwels opgemerk dat die verteenwoordigers van die apartheidsregering (gegewe hul bydrae tot die instandhouding van die moreel-onregverdigbare apartheidsbeleid) vanuit 'n posisie van morele ondergeskiktheid aan onderhandelings moes deelneem - wat hul status as groep, en dus hul magposisie in die onderhandelings en hul kapasiteit om op toegewings (ten gunste van hulself en hul kiesafdelings) aanspraak te maak, negatief beïnvloed het (Jung, Lust-Okar & Shapiro, 2004:i).

Godsdiens kan ook dien as bron van morele status (of 'n “abstrakte” maatstaf vir groepstatus [Brown, 2000:760]). Waar 'n groep hulself in godsdienstige raamwerke “uitverkore”/“uitverkies” of “geroep” voel om 'n spesifieke missie te vervul of op grond van hul gedrag, oortuigings of belydenis “die guns” van bepaalde godheid kan wen, kan hierdie onderskeid tussen die betrokke groep en ander groepe (wat volgens die betrokke religieuse raamwerk nie positiewe evaluering verdien nie) 'n belangrike bron van status word. Positiewe en negatiewe godsdiens-gebaseerde identiteite word duidelik van mekaar onderskei in die etikette wat aan verskillende groepe toegeken word, byvoorbeeld: gelowiges vs. ongelowiges, Christene of Moslems vs. heidene, die verlostes vs. die verdoemdes, die saliges vs. die goddeloses. Hierdie etikette (en die groeperinge wat dit onderlê) word boonop ondersteun deur omvattende epistemologiese raamwerke wat die onderskeid tussen positiewe en negatiewe status bevestig en op grond van duidelik omskryfde morele reëls regverdig. Die moreel-godsdienstige dimensie van groepstatus word veral belangrik waar 'n bepaalde individu se godsdienstige affiliasie sy primêre bron van identiteit is.

Materiële welvaart en beheer oor ekonomiese hulpbronne word beskou as 'n uiters belangrike bron van groepstatus. Drie eienskappe van materiële/ ekonomiese vergelykings kan dien as verklaring vir die prominensie daarvan as 'n maatstaf van eiewaarde.

Eerstens: Daar is aan die begin van hierdie afdeling klem gelê op die belang van die *erkenning* van bronne van status deur ander groepe in die sosiale omgewing. Die erkenning van 'n bepaalde bron van status is egter afhanklik van 'n gedeelde begrip van die simboliese waarde van die betrokke maatstaf. Die toenemende globale verspreiding van die kapitalistiese denkwyses bring mee dat die basiese beginsel van hierdie ideologie (naamlik: dat elkeen in die ekonomiese omgewing op 'n materiële basis volgens sy insette beloon word) tans wydverspreide erkenning geniet. Welvaart en beheer oor ekonomiese hulpbronne word dus in verskeie samelewings erken as 'n "objektiewe" maatstaf van sukses. Ekonomies-ontmaggigde groepe word daarom dikwels deur buitelanders as agterlik ("backward") beskryf, en daar word aanvaar dat hul armoede en ekonomiese ondergeskiktheid die gevolg is van hul eie onvermoë (byvoorbeeld as gevolg van luiheid, oneffektiwiteit, oningeligtheid of 'n gebrek aan inisiatief) om sukses in 'n kompeterende omgewing te bewerkstellig (Horowitz, 1985:169). Groepe in ekonomiese magposisies (in terme van inkomste en beheer oor hulpbronne) word daarenteen op grond van hul sukses in die kompeterende ekonomiese arena beskou as intelligent, effektief, ondernemend, ambisieus, en slim (Horowitz, 1985:169) – rykdom word dus in hierdie konteks 'n maatstaf van deug. Die materialistiese denkwyses legitimeer dus die status wat op welvaart en ekonomiese mag gebaseer word. Dit is belangrik om daarop te let dat 'n gebrek aan ekonomiese welvaart (hetsy in die vorm van werklike armoede of 'n relatiewe maatstaf soos ongelykheid) in hierdie omstandighede meer as net ontbering behels en ook deur die ondergeskikte groep as *vernedering* ervaar word – aangesien die ondergeskikte ekonomiese posisie impliseer dat die betrokke groep ook in ander opsigte minderwaardig is.

Tweedens: Die meetbaarheid van ekonomiese veranderlikes (byvoorbeeld vlakke van inkomste en eienaarskap in die ekonomie) vergemaklik vergelykings tussen groepe wat op grond van hierdie dimensie getref word. Daar hoef dus min/geen twyfel te bestaan oor watter groep in hierdie opsig meerderwaardig is nie, en een groep kan sonder oormatige regverdiging toon dat hy "beter" as 'n ander is, of "positiewe evaluering" verdien en/of verwerf het.

Dit is derdens belangrik om in gedagte te hou dat sekere materiële hulpbronne of besittings ook nie-materiële simboliese waarde het. Horowitz (1985:223) beklemtoon byvoorbeeld die simboliese waarde van die eienaarskap van grond, en redeneer dat die herstel van grondregte, veral in situasies waar die eiendomsregte van tradisionele grondbesitters ontken of geskaad is (bv. tydens periodes van koloniale besetting of ondemokratiese minderheidsbeheer), 'n simbool vir die her-balansering van mag- sowel as status-verhoudings word. Simboliese status kan egter ontleen word uit feitlik enige strategiese belangrike hulpbronne wat 'n bepaalde rol in die geskiedenis van die betrokke omgewing speel/ gespeel het.

#### 5.2.4 Positiewe self-bevestiging as 'n meganisme vir tussen-groep konflik

Tot dusvêr is daar getoon dat individue streef na positiewe bevestiging van hul eiewaarde, en dat sodanige bevestiging uit lidmaatskap aan 'n groep wat positiewe evaluering geniet ontleen kan word. Daar is in afdeling 5.2.3 ge-argumenteer dat positiewe groepstatus by uitstek deur middel van vergelykings met ander groepe gevestig word, en dat *relatiewe status* (dus: die binne-groep se status relatief tot relevante buite-groepe) daarom van primêre belang is. Die vraag wat egter nou beantwoord moet word, is op welke wyse hierdie behoefte aan positiewe self-bevestiging en die belangrikheid van relatiewe groepstatus tot konflik tussen sosiale groepe bydra.

Met inagneming van die belangrikheid van relatiewe status, is die basiese argument in Sosiale Identiteit Teorie (soos dit deur Tajfel & Turner [1979] geformuleer is en deur Horowitz [1985] ingespan word om konflik tussen etniese groepe te verklaar) as volg: Konflik ontstaan by uitstek in omgewings waar die status van verskillende groepe nie gelyk is of gelyke erkenning geniet nie en "die ander" daarom 'n bedreiging vir die positiewe self-bevestiging van die groep inhou<sup>66</sup>. Gegewe die moontlike bronne van groepstatus wat hierbo uitgelig is, sou ongelykhede (byvoorbeeld ongelykhede in politieke mag, ongelyke erkenning van 'n groep se kultuur en gebruike, verskille in die morele status van groepe en 'n ongelyke verdeling van ekonomiese hulpbronne) wat tot kwetsende vergelykings tussen groepe kan

---

<sup>66</sup> Young (in Darby & MacGinty, 2003:15) argumenteer dat wanneer die onderdrukking van 'n groep (hetsy op politieke, ekonomiese of sosio-kulturele gebied) ongelykhede veroorsaak wat die identiteit van die groep bedreig, die sogenaamde "emosionele dimensies" van groepsbewussyn op die voorgrond geplaas word. "Die ander" word in hierdie omstandighede 'n "mortal threat to one's very existence" en groepe word aangemoedig tot aksies om hierdie bedreiging te probeer neutraliseer.

aanleiding gee dus die potensiaal vir konflik binne 'n bepaalde omgewing verhoog. Hierdie konflikpotensiaal kan deur twee moontlike kanale gerealiseer word.

(i) Groepe wat in die vergelykende situasie as ondergeskik of op grond van een of ander dimensie van onderskeiding as agterlik ("backward") gekenmerk word (en dus hul lede ontnem van die kapasiteit om hul eiewaarde deur lidmaatskap aan die groep te bevestig) kan, as gevolg van die psigologiese spanning wat deur die kwetsende vergelyking veroorsaak word, teen die situasie (die sogenaamde status quo) in opstand kom. Die ongelykheid word dus betwis. (ii) Groepe wat in die vergelykende situasie bevestiging vir hul status of waarde gevind het (en dus aan die lede van die groep 'n kanaal vir positiewe self-bevestiging voorsien) kan egter ook optree om die status quo (en dus hul eie posisie in die samelewing) in stand te hou.

Tajfel & Turner fokus hoofsaaklik op die eerste van hierdie twee meganismes van konflik, en sien dominante groepe se rol in tussen-groep konflik as 'n reaktiewe respons op ondergeskikte groepe se uitdaging van die status quo, eerder as 'n pro-aktiewe poging om hul status te beskerm. Hul konseptualisering van die omstandighede waaronder die potensiaal vir konflik wat op grond van ongelykhede tussen groepe ontstaan tot werklike konflik sal eskaleer, word as volg opgesom (Tajfel & Turner, 1979: 38):

"An unequal distribution of objective resources promotes antagonism between dominant and subordinate groups, provided that the latter group rejects its previously accepted and consensually negative self-image, and with it the status quo, and starts working toward the development of a positive group identity. The dominant group may react to these developments either by doing everything possible to maintain and justify the status quo, or by attempting to find and create new differentiations in its own favour, or both".

Dit gaan dus in die eerste plek oor 'n ongelykheid wat 'n basis vir kwetsende vergelykings vorm, in die tweede plek oor die verwerping van die ongelykheid deur die ondergeskikte groep, en derdens die reaksie van die dominante groep op die uitdaging van die status quo. Hierdie konseptualisering van die inisiëring van konflik word ook ondersteun deur Horowitz (1985 en 2001). Horowitz beweer dat ondergeskikte of agterlike groepe meer gereeld die inisieerders, en dominante of gevorderde groepe dus die slagoffers in situasies van konflik is.

Hierdie meganisme van tussen-groep konflik kan ook waargeneem word in Amy Chua (2003) se argument dat gewelddadige konflik in die hedendaagse samelewing in die eerste plek veroorsaak word deur die opstand van nuut politieke-bemagtigde groepe teen hul voortgesette posisies van ekonomiese ondergeskiktheid<sup>67</sup>.

Brahm (2003a) wys egter daarop dat optrede/ aksie deur ondergeskikte groepe dikwels verhoed word deur (a) die ondergeskikte individu/ groep se onvermoë om sigself effektief te mobiliseer - byvoorbeeld as gevolg van geografiese verspreidheid, 'n gebrek aan hulpbronne of vrees vir vervolging, of (b) die aanvaarding van die status quo - in gevalle waar die onderdrukking van alternatiewe waardes en kulture die bevestiging van die stand van sake verhoed. Kollektiewe optrede deur ondergeskikte groepe word ook belemmer deur die feit dat sterk individue binne die groep (wat moontlik 'n leidende rol in kollektiewe optrede kon speel) dikwels verkies om eerder op 'n individuele basis toegang tot groepe met hoër status en dus positiewe self-bevestiging na te streef (Wrights, Taylor & Moghaddam, 2001:337)<sup>68</sup>.

In 'n interdisiplinêre oorsig van aggressie, misdaad en geweld, het Baumeister, Smart & Boden (1999) ook bevind dat geweld meer dikwels deur groepe met positiewe konsepsies van hul eie-waarde (dus: dominante/ gevorderde groepe) geïnisieer word. Die basiese vertrekpunt van hul argument, is dat individue en groepe ten alle koste sal probeer om afwaartse/ negatiewe aanpassings in die konseptualisering van hul eiewaarde te vermy en daarom geneig is om aggressief op te tree in omstandighede waar hul positiewe self-bevestiging ("favourable views of themselves") bedreig of uitgedaag word. Daar word ook geargumenteer dat ondergeskikte groepe vergelykings met dominante groepe sal vermy, aangesien hulle waarskynlik in sodanige situasies negatiewe terugvoer oor hul eiewaarde sal ontvang (Baumeister, Smart & Boden, 1999:243). Volgens Baumeister, Smart & Boden (1999:243) se argument sal ondergeskikte groepe daarom ook kónflik vermy, aangesien daar in situasies van konflik dikwels baie duidelike terugvoer oor groepe se relatiewe posisies ontvang word.

---

<sup>67</sup> Chua (2003:6-7) redeneer dat demokratisering politieke mag noodwendig in die hande van die (dikwels armoedige) voorheen magtelose meerderheid plaas, terwyl die ekonomiese liberalisering wat dikwels met demokratisering gepaard gaan oënskynlik geneig is om ongelykhede in die verdeling van ekonomiese hulpbronne, en spesifiek die konsentrasie van ekonomiese mag in die hande van etniese minderhede (sogenaamde "market dominant minorities"), te bevorder. Etniese- en rasgebaseerde haat word aangewakker wanneer politieke elites die sterk emosies wat deur ongelykhede en potensiële kwetsende vergelykings ontlok word, gebruik as basis vir politieke mobilisasie (Chua, 2003:7). Gewelddadige konflik ontstaan wanneer die politieke-bemagtigde massa teen hul ekonomiese ondergeskiktheid in opstand kom.

<sup>68</sup> Die impak van individualistiese response op negatiewe status op ondergeskikte groepe se kapasiteit om teen hul omstandighede in opstand te kom word ook in afdeling 5.7 bespreek.

Beide hierdie bronne van konflik word hier erken. Daar word dus aanvaar dat situasies van ongelykheid, en die kwetsende vergelykings en die bevestiging van eiewaarde wat daardeur gevestig word, op grond van die reaksies van ondergeskikte óf dominante groepe, tot konflik aanleiding kan gee. Dit is egter belangrik om te let dat selfs diegene wat die rol van dominante groepe in die inisiëring van konflik beklemtoon die response van die dominante groep as 'n *reaksie* op 'n uitdaging van die status quo, of 'n *bedreiging* van hul status beskou - eerder as 'n pro-aktiewe poging om positiewe status in stand te hou.

#### 5.2.5 Die prominensie van etnisiteit en kultuur

Vir 'n individu om positiewe self-bevestiging uit die erkenning van die status van 'n sosiale groep te ontleen, moet sy/hy op een of ander wyse met daardie groep identifiseer. Lidmaatskap aan die betrokke groep moet dus in die sosiale identiteit van die individu ingesluit word. Die sosiale identiteit van individue word egter beïnvloed deur relatief onveranderbare objektiewe elemente (byvoorbeeld: etnisiteit of kultuur) sowel as meer dinamiese subjektiewe self-identifikasie met ander sosiale groeperinge (Woehrle & Coy [2000:3]; Tajfel & Turner [1979:38]. Daar word in Sosiale Identiteit Teorie 'n verskeidenheid van bewyse gebied dat feitlik enige verskil tussen groepe as basis vir sosiale identiteit kan dien, dat die voorwaardes vir identifikasie met 'n bepaalde groep minimaal is, en dat individue gevolglik in feitlik enige sosiale groepering sal poog om hul superioriteit oor ander groepe te bewys en sodoende bevestiging van hul eiewaarde sal nastreef (Woehrle & Coy [2000:3] Tajfel & Turner [1979:34, 38]).

Ten spyte van hierdie oënskynlik beperkte voorvereistes vir groeps-identifikasie, word ras, etnisiteit en kulturele verskille (soos taal, geloof en kulturele gebruike) telkens voorgehou as primêre oorsake van konflik. W.E.B. Du Bois (wat beskou word as een van die vaders van die sosiologie van ras en etnisiteit) het reeds vroeg in die 20ste eeu voorspel dat ras en etnisiteit (die sogenaamde "kleurgrens") een van die vernaamste verdelingslyne van die eeu sal wees, en dat dit veral in situasies waar kleurgrense oorvleuel met ongelykhede in ander sosio-ekonomiese veranderlikes (byvoorbeeld: status, mag en inkomste<sup>69</sup>) tot konflik sal aanleiding gee (Stone & Dennis, 2003:1). In sy bekende artikel, *The Clash of Civilizations* (1993)

---

<sup>69</sup> Die sosio-ekonomiese veranderlikes wat deur Du Bois geïdentifiseer is as bepalende faktore vir die verhoudings tussen sosiale groepe stem ooreem met Max Weber se konseptualisering van die dimensies van sosiale stratifikasie (naamlik: politieke invloed/ mag, rykdom en status).

voorspel Samuel P. Huntington dat kultuur die vernaamste verdelende faktor tussen mense, en die dominante bron van konflik in die wêreld sal wees. In sy boek *The Transformation of War* argumenteer Martin Van Creveld (1991) dat etniese groepe die nuwe eenheid van konflik sal wees en dat simboliese kwessies wat met etnisiteit verband hou toenemend meer prominent sal word in konfliksituasies. Die vraag wat hier beantwoord moet word, is waarom daar ten spyte van die beperkte voorwaardes vir groeps-identifikasie (soos geïdentifiseer deur Woehrle & Coy [2000:3] en Tajfel & Turner [1979:34]) soveel klem geplaas op ras, etnisiteit en kulturele veranderlikes as basis vir groeps-gebaseerde konflik?

Dit is eerstens belangrik om in gedagte te hou dat die kollektiewe bewussyn van groepe nie bloot gebaseer word op wat individue in die groep in gemeen het nie (dus: wat hulle is nie), maar ook in 'n groot mate afhanklik is van 'n duidelike onderskeid van "die ander" (dus: wat hulle nié is nie). Volgens Crawford Young (in Darby & MacGinty, 2003:13) kan die prominensie van ras, etnisiteit en kultuur in die strukturering van die selfbegrip van die individu dus toegeskryf word aan die wye verskeidenheid eienskappe wat verskillende ras-, etniese en kulturele groepe van mekaar onderskei. Die eiesoortige naam, taal, geskiedenis, kulturele praktyke en gedeelde simbole vereenvoudig die onderskeid tussen binne- en buite-groepe, en vorm dus 'n sterk basis vir die konstruering van 'n identiteit "in terme van ander" (Young, in Darby & MacGinty, 2003:13-14).

Horowitz (1985:147) beklemtoon ook dat waar die onderskeidende kenmerke tussen groepe verband hou met iets wat relatief onveranderbaar is, of waarin mense gebore word eerder as om vrywilliglik daarmee te assosieer, 'n negatiewe evaluering/ kwetsende vergelyking 'n "permanente gebrek" word wat nie deur lede ontkom kan word nie (Horowitz, 1985:147). Die ras, etnisiteit, en in 'n sekere mate die kultuur van individue is askriptiewe eienskappe wat nie verander kan word nie. Die status van die individu se ras-, etniese- of kulturele groep vorm dus 'n onlosmaakbare deel van haar/sy identiteit. Konflik wat op grond van hierdie verskille ontstaan, het dus 'n baie emosionele, byna dringende, aard omdat dit 'n wedersydse poging is om sigself teen bedreigings gerig op jou primêre identiteit te verdedig (Horowitz, 1985:147, 179).

Hierdie verklaring vir die prominensie van ras, etnisiteit en kultuur in intergroep konflik, sluit aan by Tajfel & Turner (1979:35) se konsep van "sosiale mobiliteit". Volgens Tajfel & Turner



(1979:35) vorm ras, etnisiteit en kultuur onveranderbare lyne van sosiale differensiasie. Dit is vir die individu onmoontlik om by wyse van “talent, harde werk, geluk, of enige ander weë” sy ras, etnisiteit of kultuur te verander (Tajfel & Turner, 1979:35). Indien sy/ haar ras, etniese- of kulturele groep dus ‘n negatiewe beeld het, as agterlik beskou word, om een of ander rede gestigmatiseer word of minder bevoorreg is, word hierdie eienskappe deel van die individu se toegeskrewe status en ‘n permanente deel van sy/haar identiteit.

Die individu se vermoë om sy/haar eiewaarde deur middel van die positiewe status van die groepe waaraan hy/sy behoort te bevestig, word dus beperk/ vernietig, en selfs vergelykings wat op grond van ander eienskappe gedoen word, word op ‘n negatiewe wyse deur die veronderstelde ondergeskikte etniese- of kulturele status van die individu beïnvloed.

### **5.3 Die versoenbaarheid van objektivistiese en subjektivistiese benaderings tot tussen-groep konflik**

Daar is in afdeling 5.1 getoon dat objektivistiese teorieë van sosiale konflik gebaseer word op die aanname dat konflik tussen groepe veroorsaak word deur botsende belange tussen groepe in ‘n objektiewe kompetisie vir skaars hulpbronne. Subjektivistiese benaderings tot tussen-groep konflik beklemtoon daarenteen die rol van die persepsies van die betrokke groepe, hul interpretasie van bepaalde strukture en prosesse en die sosio-sielkundige effek van hierdie persepsies en interpretasies op die groepe se optrede teenoor mekaar. Daar is egter in afdeling 5.2 aangedui dat objektivistiese benaderings tot tussen-groep verhoudings en konflik nie daartoe in staat is om konflik in die afwesigheid van opponerende belange te verklaar nie. Wat hier voorgestel word, is dat die analitiese waarde van die objektivistiese benadering nie as gevolg hiervan onderskat moet word nie, en dat sekere van die aannames van die objektivistiese benadering op ‘n logiese wyse met subjektiewe beginsels van tussen-groep verhoudings en konflik versoen kan word.

Die verdeling van skaars hulpbronne en die uitkomste van sogenaamde “objektiewe” situasies van kompetisie speel wél ‘n rol in die verhouding tussen groepe. Die effek van hierdie “objektiewe kompeterende situasies” geskied egter *via* die sosio-sielkundige effek daarvan op groepe se persepsies en die gedrag wat op hierdie persepsies gebaseer word (Tajfel & Turner, 1979:46).

Tajfel & Turner (1979:38) wys ook daarop dat kompetisie vir skaars hulpbronne geneig is om individuele identifisering met 'n bepaalde binne-groep te versterk, en sodoende diskriminerende gedrag teenoor buitengroepe aan te moedig. Die argument is egter dat die kompetisie ingespan word om positiewe bevestiging vir die status van die groep te bewerkstellig, eerder as om absolute "winste" in die kompeterende proses te bekom.

Kriesberg (2002) wys ook daarop dat die intensifisering van kompetisie tussen groepe by individue die behoefte vestig om hul lojaliteit aan hul eie groep op een of ander wyse te bewys. Hierdie behoefte word dan bevredig deur antagonisme teenoor die vyand te demonstreer. Goeie kwaliteite word toenemend toegeskryf aan die eie groep, terwyl die vyand in 'n swakker lig beskou en beskryf, en in ekstreme omstandighede selfs onmenslik word (Kriesberg, 2002)<sup>70</sup>. Die kompetisie se impak op sosiale verhoudings word egter weereens bepaal deur die sosio-sielkundige impak daarvan op die gedrag van individue en groepe.

Subjektivistiese teoretici beklemtoon boonop die feit dat ekonomiese ongelykhede by uitstek die potensiaal het om tot konflik aanleiding te gee in situasies waar dit met die askriptiewe eienskappe van groepe (byvoorbeeld: etnisiteit of kultuur) oorvleuel, en sodoende statushiërargieë vestig wat individue se vermoë om positiewe bevestiging uit hul lidmaatskap aan groepe te put beperk. Dit is dus duidelik dat die objektivistiese benadering tot tussen-groep konflik, waarin daar by uitstek gefokus word op die verdeling van ekonomiese voordele en die negatiewe impak van ongelyke ontwikkeling en ekonomiese polarisasie op die verhoudings tussen groepe, versoen kan word met subjektivistiese benaderings tot konflik as sosiale fenomeen. Die meganisme van konflik lê egter steeds in die betekenis wat individue en groepe aan 'n bepaalde sosiale orde heg, die persepsies wat gevorm word, en die impak van hierdie persepsies op die sosio-sielkundige proses van positiewe self-bevestiging<sup>71</sup>.

Hierdie analise stem ooreen met dié van Tajfel & Turner (1979:46-47) en Monroe, Hankin & Van Vechten (2000:435) wat beweer dat sosio-sielkundige meganismes van konflik deur

---

<sup>70</sup> Die geneigdheid tot 'n versterking van die afbakening tussen groepe en etnosentriese optrede in situasies van kompetisie is bewys in studies deur Brewer (1986), Deutsch (1965), Sherif (1966) en Turner (1975).

<sup>71</sup> Die impak van objektiewe oorwegings op die persepsies en optrede van sosiale akteurs word ook beklemtoon deur Kristen Monroe (2001:165-166). Ook Väyrynen (1991:28) wys spesifiek daarop dat objektiewe sowel as subjektiewe oorwegings in die analisering van tussen-groep konflik, en die raamwerke vir die bestuur van konflik wat daaruit afgelei word, oorweeg moet word.

objektiewe faktore versterk kan word, maar dat objektivistiese benaderings tot tussen-groep konflik nie op sigself die konseptuele instrumente bied om alle situasies van sosiale konflik te verklaar nie.

.....

Dit belangrik om hier te beklemtoon dat die sentrale rol van *relatiewe status* in die positiewe self-bevestiging van groepe (in teenstelling met groepstatus wat gebaseer word op een of ander absolute maatstaf) die politieke en sosio-ekonomiese verhouding waarin groepe tot mekaar staan byna noodwendig 'n bepaalde konfliktpotensiaal gee. Die potensiaal vir konflik in tussen-groep verhoudings word versterk deur die minimale vereistes vir groeps-affiliasie en die onomseilbare feit dat die strewe na *relatiewe status* noodwendig 'n zero-som spel is. Dit is egter belangrik om te let dat die reaksies van groepe en individue op negatiewe status nie noodwendig gewelddadig van aard is nie. Ons begrip vir die sosio-sielkundige implikasies van ongelykhede (op beide ondergeskikte en dominante groepe) stel ons in staat om voorspelbare patrone van sosiale response op ongelykhede in sosiale verhoudings te identifiseer. Die erkenning van die status-behoefte (die behoefte aan positiewe self-bevestiging) van individue en groepe en die antisipering van hul response wanneer hierdie behoefte aan status ontken of erkende bronne van status bedreig word, is daarom 'n sentrale element van Sosiale-Identiteits-Teorie se raamwerk vir die analisering van konflik.

Moontlike response op negatiewe of bedreigde identiteit word daarom in afdeling 6 in meer detail bespreek.

## **6. Opsies vir die hantering van bedreigde groepstatus**

Tajfel & Turner (1979:43-44) identifiseer drie basiese reaksies van individue of groepe op negatiewe of bedreigde status<sup>72</sup>. Die vertrekpunt van die Tajfel & Turner se analise is dat individue streef na positiewe self-bevestiging en dat hierdie bevestiging dikwels aan die status van sosiale groepe gekoppel word. Volgens Tajfel & Turner (1979:43) is status-hiërargieë egter nie 'n onafhanklike veranderlike is nie, maar weerspieël dit die *uitkoms* van vergelykings tussen groepe (Tajfel & Turner, 1979:43). Die verskillende reaksies behels daarom sonder uitsondering pogings om die *uitkoms van die vergelykende proses* te verander. Tajfel &

---

<sup>72</sup> Hierdie reaksies verteenwoordig in werklikheid metodes om kwetsende vergelykings te ontken.

Turner fokus primêr op die opsies vir optrede van lae-status groepe in 'n situasie waar hul positiewe self-bevestiging deur die uitkomst van tussen-groep vergelykings bedreig word. Die meeste van hierdie opsies sou egter ook deur dominante groepe ingespan kon word in omstandighede waar hul positiewe status bedreig word of onder druk is.

(1) Die eerste moontlike reaksie op negatiewe/ bedreigde identiteit, hou verband met *individuele mobiliteit*. Die individu poog om die negatiewe status van sy groep te ontkom, deur die groep te verlaat of haar-/homself van die groep te “dis-assosieer” (Tajfel & Turner, 1979:43). G.F. Ross (in Tajfel & Turner, 1979:43) het bevind dat daar 'n direkte liniêre verhouding is tussen die minderwaardige status en die behoefte aan opwaartse mobiliteit. Sodanige poging om sigself van die negatiewe assosiasies van die groep te ontkoppel, is egter slegs moontlik in situasies van “sosiale mobiliteit”, waar dit vir die individu moontlik is om op een of ander wyse (bv. deur talent of harde werk) sy sosiale kategorie te verander. In situasies waar die stratifikasie gebaseer is op 'n fisiese of onveranderlike eienskap (bv. ras of velkleur) is dit vir die individu haas onmoontlik om sy groep te “verander” of haar-/homself van die groep te distansieer. Selfs in omstandighede van oënskynlik onveranderbare sosiale stratifikasie, is individue egter geneig om hulself op 'n sielkundige vlak van “lae-prestige kategorieë” te dis-assosieer. Hierdie dis-assosiasie word tipies gedoen deur sigself te onderskei t.o.v. die *elemente* van die negatiewe beeld van die groep. Sou die groep dus byvoorbeeld 'n beeld van armoede/ agterlikheid hê, sou die individu haar-/homself van die groep kon onderskei deur middel van materiële sukses. Indien die basis vir die kwetsende vergelykings tussen groepe lê in die tradisies of kulturele gebruike van die onderskeie groepe, sou die individu sigself kon onderskei deur nie volgens haar/sy veronderstelde tradisies te leef of deel te neem aan kulturele praktyke nie.

Tajfel & Turner (1979:43) beklemtoon die feit dat hierdie dis-assosiasie of verwydering van die groep 'n “individualistiese” respons op die negatiewe beeld van die groep is. Die groep se beeld/ status word dus nie verander nie, maar die individu soek as't ware na 'n alternatiewe basis vir die positiewe bevestiging van sy eiewaarde – hetsy deur die beklemtoning van lidmaatskap aan 'n groep wat positiewe status geniet, of deur haar-/homself duidelik van die lae-status groep te onderskei met betrekking tot bepaalde dimensies van die groep se beeld. Hoewel dit nie as sodanig deur Tajfel & Turner beskryf word nie, kan individuele mobiliteit teoreties gesproke uiteindelik impliseer dat die lidmaatskap van sosiale groepe herskryf word

namate meer individue kies om alternatiewe dimensies van hul sosiale identiteit te beklemtoon. Sodanige herskrywing van groep-lidmaatskap word byvoorbeeld gesien in situasies waar 'n toenemende aantal individue verkies om hul ekonomiese klas eerder as hul rasgroep in 'n sosiale konteks te beklemtoon, en klas eerder as ras dus gevestig word as die primêre basis van sosiale affiliasie en vergelyking<sup>73</sup>. Sodanige vergelykings sal egter slegs geloofwaardig wees indien die lede van die nuut gevormde groep 'n basis vir affiliasie het wat sterk genoeg is om die negatiewe dimensies van hul ander sosiale identiteite te oorskadu en daarom ook erkenning deur eksterne agente sal geniet.

(2) Die tweede kategorie van moontlike reaksies op 'n negatiewe of bedreigde identiteit (soos geïdentifiseer deur Tajfel & Turner [1979:43]), is *sosiale kreatiwiteit*. Hierdie reaksie behels 'n poging deur lede van die lae-status groep (of die groep wie se status bedreig word) om die aard van die vergelykings tussen hul eie en ander groepe te herdefinieer of aan te pas (Tajfel & Turner, 1979:43). Tajfel & Turner (1979:43) identifiseer drie moontlike kanale waardeur hierdie aanpassing/ herdefiniëring kan geskied.

(2.1) Die eerste hiervan behels 'n verandering in die *maatstaf* van die vergelyking tussen die binnegroep en buitegroep. Byvoorbeeld: In gevalle waar 'n bepaalde groep 'n negatiewe status het as gevolg van hul ekonomiese agtergeblewenheid, kan die groep poog om die vergelykings tussen hulself en ander groepe eerder op kulturele of morele dimensies te baseer. Lemaine (in Tajfel & Turner, 1979:43) gebruik die voorbeeld van twee groepe kinders wat hutte moes bou. Die groep wie se hut minderwaardig gevind is, het gepoog om hulself eerder met die ander groep te vergelyk op grond van konstruksies en versierings *rondom* die hut – 'n vergelyking wat hul eie status tot 'n groter mate sou bevestig of verhoog.

Die essensie van hierdie opsie is, dat die lidmaatskap van die groepe wat met mekaar vergelyk word nie verander nie, en dat die eienskappe van die groep ook konstant bly. Die groep kies bloot om op grond van 'n ander eienskap (as die een waarvolgens hulle

---

<sup>73</sup> Hierdie reaksie op bedreigde groepstatus verskil van opsie 2.3 ('n verandering in die buitegroep) in die sin dat nie slegs die groep met wie sosiale vergelykings getref word (dus: die buitegroep) verander word nie, maar dat daar ook 'n aanpassing in die definisie van die binnegroep plaasvind. In Tajfel en Turner se omskrywing van opsie 2.3 ('n verandering in die buitegroep) gebruik hulle die voorbeeld van lede van lae-status groepe wat hulself met lede van dieselfde klas in 'n buitegroep (eerder as die groep in geheel) vergelyking, of swart persone wat hulself met ander swartes eerder as met wit persone vergelyk. 'n Verandering in die samestelling van die groep sou dit egter moontlik maak vir swart *en* wit persone van dieselfde ekonomiese klas om hulself met swart *en* wit persone in ander klasse te vergelyk, en dan hul meerderwaardigheid op grond van 'n bepaalde dimensie van hul klas te bewerkstellig. Byvoorbeeld: in terme van hul posisie as die besitters van kapitaal, of hul bydrae tot die ekonomie deur middel van arbeid.

minderwaardig gevind is) hul positiewe status te bevestig. Byvoorbeeld: in plaas daarvan dat die groep kinders (in die voorbeeld hierbo) hulself as swak hut-bouers sien, herdefinieer die groep hulself as goeie hut-versierders. Die buitegroep word ook in hierdie geval nie langer gesien as die goeie hut-bouers nie, maar as die groep wat nie hutte kan versier of konstruksies rondom die hut kon bou nie. Met ander woorde: daar word 'n ander *bron* van status gekies.

Hierdie respons kan slegs suksesvol wees indien die nuwe basis vir die vergelyking as legitiem beskou word (deur beide die binnegroep en die betrokke buitegroep) (Tajfel & Turner, 1979:43). Waar 'n bepaalde buitegroep se status deur die gekose basis van tussen-groep vergelykings bedreig word, kan een of ander vorm van weerstand teen die verandering in die basis van vergelykings boonop ook verwag word (Tajfel & Turner, 1979:43).

(2.2) Die tweede voorbeeld van sosiale kreatiwiteit behels 'n verandering in die *waarde/status-implikasies* van groepseienskappe. Daar vind dus 'n rekonseptualisering plaas waartydens 'n positiewe konnotasie gekoppel word aan die eienskappe van die groep wat voorheen tot hul negatiewe beeld bygedra het (Tajfel & Turner, 1979:43). Tajfel & Turner noem die klassieke voorbeeld van die "black is beautiful" veldtog. Die eienskap wat as basis vir die vergelyking tussen groepe gedien het, naamlik velkleur, bly onveranderd, maar die waarde/betekenis wat aan daardie eienskap gekoppel word, word aangepas.

(2.3) Die derde kanaal waardeur lae-status groep die aard van tussen-groep vergelykings kan aanpas, is om die *buitegroep* waarmee die groep vergelyk word te *verander*. Die lae-status groep kies dus om die buitegroep wat positiewe status geniet in hul vergelykings met ander groepe weg te laat (Tajfel & Turner, 1979:43). Vergelykings word getref met groepe wie se beeld nie so radikaal van die lae-status groep verskil nie, en die "relatiewe status" van die groep word sodoende in stand gehou. Tajfel en Turner (1979:44) noem twee interessante voorbeelde van situasies waar die ontevredenheid van lede van lae-status groepe deur hierdie vorm van sosiale kreatiwiteit verminder word, naamlik (a) 'n afname in die ontevredenheid van die lede van lae-status groepe wat met lede van dieselfde *klas* in 'n buitegroep vergelyk word, eerder as met die groep in geheel, en (b) 'n verbetering in die selfbeeld van swart persone wat met ander swartes, eerder as met wit persone vergelyk is. In

hierdie geval bly die dimensie van die vergelyking konstant, maar die buitegroep met wie die vergelyking getref word, word verander.

(3) Tajfel & Turner (1979:44) se laaste kategorie van moontlike reaksies op negatiewe identiteit is *sosiale kompetisie*. Die lede van 'n lae-status groep, of die groep wie se status bedreig word, kan positiewe bevestiging nastreef deur middel van “direkte kompetisie” met die buitegroep, waarin daar gepoog word om die relatiewe posisies van die groepe ten opsigte van bepaalde veranderlikes aan te pas of in stand te hou (Tajfel & Turner, 1979:44). Hierdie opsie vir die vestiging of beskerming van status kan moontlik deur gewelddadige metodes tot uitdrukking kom<sup>74</sup>.

Volgens Tajfel & Turner (1979:45) sal lae-status groepe se bereidwilligheid om in direkte kompetisie betrokke te raak beïnvloed word deur die veronderstelde “stabiliteit en/of legitimiteit” van die stelsel. Groepe se persepsie van die stabiliteit en/ of legitimiteit van 'n situasie sal ook hul gedrag in omstandighede van direkte kompetisie bepaal. Lae-status groepe wat byvoorbeeld daarvan oortuig is dat hul negatiewe beeld gebaseer is op die uitkomst van 'n onregverdige stelsel sal meer daadwerklik optree om die betrokke stelsel te wysig, terwyl dominante groepe wat hul eie status as die legitieme uitkoms van 'n regverdige stelsel sien, heel moontlik 'n meer ekstreme reaksie op enige uitdaging van die status quo sal hê (Tajfel & Turner, 1979:45-46).

Waar 'n ondergeskikte groep se minderwaardige status die gevolg is van 'n onregverdige stelsel of onregverdige kompetisie, behoort dit (teoreties) vir hulle moontlik te wees om binne 'n regverdige stelsel (of omstandighede van regverdige kompetisie) hul posisie in die statushiërargie te verbeter – dus: om opwaartse mobiliteit as *groep* te bewerkstellig. Die konfliktpotensiaal in so 'n situasie sou kon toeneem indien die dominante groepe in die bestaande (onregverdige) omstandighede sou poog om die status quo ten alle koste te beskerm, aangesien hul eie posisie in 'n regverdige orde in die gedrang sal kom. Die vraag is egter of 'n veronderstelde “bron” van meerderwaardigheid wat in onbillike/ onregverdige omstandighede bepaal word as 'n stabiele “bron” van status kan dien. In afdeling 5.2.3 is daar

---

<sup>74</sup> Die argumente wat in afdeling 5.2.4 gevoer is, ten opsigte van die waarskynlik dat konflik deur ondergeskikte of dominante groepe geïnisiër sal word, is by uitstek ter sprake waar geweld die enigste beskikbare kanaal vir die verwydering van kwetsende vergelykings of die beskerming van die status quo word.

ge-argumenteer dat feitlik enige verskil tussen groepe as bron van groepstatus kan dien indien (a) die dimensie van vergelyking deur ander akteurs in die betrokke omgewing erken word, (b) die vergelyking dit vir een groep moontlik maak om sy superioriteit (of “positive in-group distinctiveness”) oor ander groepe te toon en (c) die vergelyking as relevant beskou word. Beide die relevansie(c) en erkenning(a) van status wat in onregverdig omstandighede gevestig word is egter onseker, en ons sou kon redeneer dat ‘n posisie van meerderwaardigheid wat onder sulke omstandighede gevestig word dus nie volhoubaar of stabiel is nie.

‘n Voorbeeld hiervan kan gesien word in die geval van die beheer oor grond in Suid-Afrika. Grond is hierbo geïdentifiseer as ‘n tradisionele bron van status, en die wit (veral landelike) bevolking in Suid-Afrika het status uit hul posisie as grondbesitters ontleen. Sedert Suid-Afrika se politieke oorgang in 1994 (en in der waarheid reeds tydens die bevrydingstryd in aanloop daartoe) word daar egter toenemend klem geplaas op die “onregverdige” omstandighede waaronder wit grondbesit in Suid-Afrika gevestig is – byvoorbeeld: wetgewing wat swart grondbesit in sekere areas verbied het, grond wat van tradisionele eienaars afgeneem is ensovoorts. Beide die element waarvolgens die vergelyking tussen groepe getref word (dus: grondbesitters vs. nie-grondbesitters) en die groepe waartussen die vergelyking getref word (bv. wit vs. swart) bly in hierdie voorbeeld konstant. Die status-waarde van die eienskap (naamlik grondbesit) word ook nie ontken nie. Die *omstandighede* waaronder grond bekom is word egter as *onregverdig* beskou, en grondbesit word daarom as’t ware ‘n simbool van onderdrukking en ‘n gevolg van ‘n onregverdige sosiale stelsel, eerder as ‘n legitieme bron van status.

Dit is ook belangrik om te let dat direkte kompetisie tussen groepe verhoed word wanneer alternatiewe kanale tot positiewe selfbevestiging (byvoorbeeld individuele mobiliteit of sosiale kreatiwiteit) ingespan word. Waar die lede van ‘n lae-status groep poog om hul selfbeeld deur middel van individuele mobiliteit te verbeter, vervaag die gemeenskaplike belange binne die lae-status groep en word die mobilisering van die groep op grond van hierdie belange gekompliseer (Tajfel & Turner, 1979:44). Tajfel & Turner (1979:44) redeneer dus dat die “lae moraal” wat as gevolg van die negatiewe sosiale identiteit van ‘n groep ontstaan, ‘n “dis-integrerende proses” aan die gang kan sit wat pogings om die groep se status te verander in die wiele kan ry. Waar moontlikhede vir sosiale mobiliteit beperk is, kan verskillende tipes



sosiale kreatiwiteit ook die prominensie van kwetsende vergelykings verlaag en sodoende die lae-status groep se aanvanklik motivering vir direkte kompetisie met 'n bepaalde buitengroep verwyder (Tajfel & Turner, 1979:44).

Wanneer die bogenoemde (meer gematigde) kanale tot die bevestiging van die positiewe status van 'n groep onbeskikbaar is of as onvoldoende beskou word, blyk direkte kompetisie egter die enigste meganisme te wees waardeur veranderinge in 'n sosiale situasie bewerkstellig kan word. Dus: die ondergeskikte groep sal optree/ oorgaan tot aksie om die onbevredigende situasie te verander. Hierdie argument stem ooreen met Maiese & Norlen (2003) se teorie, dat verontregte groepe hulself sal wend tot meer radikale stappe om hul behoeftes te bevredig, wanneer meer gemagtigde pogings tot die hervorming van 'n onbevredigende situasie misluk het.

## **7. Gedragsopsies en die vestiging van stabiele sosiale verhoudings**

Op die oog af wil dit voorkom asof direkte kompetisie tussen groepe vermy behoort te word, aangesien dit die mees "radikale" opsie vir die hantering van bedreigde status is, en ook oënskynlik die potensiaal het om tot geweld tussen groepe aanleiding te gee. *Die hipotese wat hier ontwikkel word, is egter dat direkte kompetisie as't ware die opsie vir gedrag is wat tot die mees stabiele sosiale orde kan bydra – mits die reëls van die "kompetisie" deur alle betrokke groepe as regverdig beskou word en die onvermydelike ongelyke uitkomst in 'n bepaalde omgewing daarom vir alle groepe aanvaarbaar is as die resultaat van 'n legitieme vergelyking.* Hierdie hipotese word afgelei uit die verskillende teorieë aangaande die oorsake van konflik en Tajfel & Turner se omskrywing van opsies vir die hantering van bedreigde groepstatus wat hierbo opgesom is.

Dit is in die eerste plek weereens nodig om aandag te skenk aan die "onveranderbare lyne van sosiale differensiasie" (Tajfel & Turner, 1979:35) wat deur ras, etnisiteit en kultuur geskep word. Wanneer individue of groepe die uitkomst van die vergelykende proses aanpas deur individuele mobiliteit of sosiale kreatiwiteit, vind daar geen werklike verandering plaas in die posisie van die groep ten opsigte van die eienskappe in terme waarvan dit aanvanklik 'n laer posisie in status-hiërargieë bekom het nie. Individue wat hulself van die groep probeer onderskei (bv. deur middel van individuele mobiliteit) sal dus steeds gekonfronteer word met

ander se negatiewe stereotipes van hul ras-, etniese of kulturele groep – veral aangesien sodanige groepe dikwels bepaalde fisiese eienskappe het wat sosiale kategoriserings vergemaklik. Gegewe die belangrikheid van eksterne erkenning in die proses van positiewe self-bevestiging, sou daar geargumenteer kon word dat individuele mobiliteit nie 'n volhoubare meganisme is waardeur die implikasies van negatiewe askriptiewe groepseienskappe ontkom kan word nie.

'n Soortgelyke logika sou kon geld in die gevalle van sosiale kreatiwiteit. Die individu en/of groep verander die uitkomst van die vergelykende proses deur die dimensie van vergelyking, die waarde-implikasies van 'n spesifieke groeps-eienskap of die buitengroepe waarmee die groep vergelyk word te verander. Die aanpassing vind egter primêr op 'n kognitiewe vlak plaas. Dit behels dus 'n verandering in self-persepsie, terwyl daar geen werklike verandering plaasvind in die eienskappe in terme waarvan die *aanvanklike negatiewe status* gevestig is nie. Beide die relevansie van die vergelyking en aanvaarding daarvan deur eksterne partye is in sulke gevalle onseker en verhoed dus dat hierdie “opsie vir die hantering van bedreigde groepstatus” 'n langtermyn oplossing in groepe (en by implikasie ook individue) se strewe na die bevestiging van hul eiewaarde kan wees. Ras-, etniese en kulturele groepe loop boonop ook hier die gevaar dat hul meerderwaardigheid volgens sekere maatstawwe bevestig word, maar die groep se status steeds bedreig word deur die onveranderde eienskappe wat die aanvanklik bron van hul veronderstelde minderwaardigheid is. Voorbeelde van hierdie dinamika word beskryf deur Amy Chua (2003) in haar omskrywing van die frustrasies van *polities*-bemaagtigde meerderhede, wie se status bedreig word deur hul onvermoë om sigself in 'n *ekonomiese* omgewing te laat geld.

In die beskrywing van die rol van positiewe self-bevestiging (of die gebrek daaraan) as 'n meganisme vir tussen-groep konflik is daar verduidelik dat ongelykhede tussen sosiale groepe die positiewe self-bevestiging van groepslede bedreig en uiteindelik tot konflik lei wanneer groepe poog om hul posisies in status-hiërargieë aan te pas of optree om dit te beskerm. Daar is veral klem gelê op die rol van *relatiewe* status, en die behoefte van sosiale groepe om hul meerderwaardigheid oor groepe in hul omgewing te bevestig. Gegewe hierdie klem op relatiewe status, sou dit moontlik wees om te argumenteer dat die verhoudings tussen groepe tot konflik of minstens onstabiliteit gedoem is omdat dit impliseer dat 'n bepaalde groep deurgaans (in relatiewe terme) as minderwaardig beskou sal word, en dus 'n

behoefte sal hê om die situasie (dus: die uitkomst van die vergelykende proses) te verander. Dit wil dus voorkom asof stabiele sosiale verhoudings onmoontlik is in die afwesigheid van *die aanvaarding* van 'n bepaalde vlak van status ongelikheid tussen groepe.

Tajfel & Turner (1979:41-45) het in hul eksperimentele analises gevind dat beide minderwaardige én meerderwaardige groepe tot 'n groter mate bereid is om ongelyke uitkomst in vergelykende situasies te aanvaar indien die vergelyking, en die omstandighede waaronder die verskille tussen groepe ontwikkel/ gevestig word, as *legitiem* beskou word. Volgens Tajfel & Turner word 'n vergelyking as legitiem beskou, wanneer die uitkomst in *regverdige*<sup>75</sup> omstandighede bepaal is. Ons sou dus kon argumenteer dat onstabiele sosiale verhoudings verbeter kan word deur die aanmoediging van *regverdige* direkte kompetisie tussen groepe, wat *legitieme* vergelykings tussen groepe moontlik maak en dus statushiërargieë kan vestig wat deur die verskillende groepe in die omgewing erken word, en (baie belangrik) ook aan die ondergeskikte groepe in die betrokke situasie die *geleentheid* gun om hul posisie (selfs al is dit oor die langtermyn) te verander. Dit moet dus vir beide ondergeskikte en dominante groepe moontlik wees om te glo dat hulle oor die langtermyn hul posisie "voortdurende verloorders" ("perpetual losers") in die kompeterende proses kan verander (Austin, in du Toit [2004b:200])<sup>76</sup>.

Ten spyte van die ongelyke uitkomst van die kompeterende proses, word daar dus in hierdie omstandighede *gelykberegting in eiewaarde* gevestig en die oënskynlike onvermydelike spiraal van kwetsende vergelykings kan sodoende ontkom word. Die legitimiteit en die veranderbaarheid van vergelykings tussen groepe bring dus mee dat die vergelykings nie langer as meer as *kwetsend* ("invidious") ervaar word nie, en in werklikheid skadeloos ("inoffensive") word.

Dit is duidelik dat die werkbaarheid van so 'n proses afhanklik sal wees van *al die betrokke groepe* se aanvaarding van die legitimiteit/ regverdigheid van die vergelykende situasie, die maatstawwe van die vergelyking en die omstandighede waaronder die verskille tussen

---

<sup>75</sup> Die aard van hierdie "regverdigheid" word in hoofstuk 3 in meer detail bespreek.

<sup>76</sup> Dit is hier belangrik om te let op die onderskeid tussen *konflik* en *kompetisie*. Wyl *kompetisie* teenwoordig is in enige situasie waar verskillende individue of groepe meeding om hulpbronne, status, mag, posisie (of enige element wat deur alle betrokkenes as begeerlik beskou word), impliseer *konflik* 'n bepaalde (gewoonlik negatiewe) verandering in die verhouding tussen die betrokkenes, as gevolg van onaanvaarbare pogings om die *reëls* waarvolgens interaksie tussen die groepe geskied, en waarvolgens hulpbronne, status, mag ens. tussen groepe verdeel word, aan te pas.

groepe gevestig word. Die feit dat so 'n proses teoreties moontlik is skep egter 'n alternatief tot die spiraal van konflik wat deur die onontkombaarheid van negatiewe relatiewe statusposisies geskep word, en regverdig verdere ondersoek.

## **8. Teoretiese skakel tussen konflik en transformasie**

Dit bring ons dan terug by transformasie in Suid-Afrika en die hipotese dat die proses van transformasie die potensiaal vir konflik tussen groepe in hierdie samelewing verhoog.

Transformasie impliseer verandering. Individue baseer egter 'n bepaalde gedeelte van hul identiteit op die posisie van hul eie groep binne 'n bepaalde sosio-ekonomiese of politieke orde. Wanneer hierdie orde verander (transformeer), en veral wanneer die relatiewe posisie van 'n groep in 'n bepaalde omgewing afwaarts aangepas word, bedreig dit die groep se status (en dus die identiteit van individu) en gee aanleiding tot konflik wanneer die betrokke individue of groepe teen die aanpassing in opstand kom.

Soos daar in afdeling 4 geargumenteer is, behels ekonomiese transformasie in die Suid-Afrikaanse konteks 'n verandering in wetgewing, beleid en praktyk (die verwydering van diskriminerende beleid, wetgewing en praktyke), 'n verandering in die verdeling van hulpbronne en mag in die ekonomiese arena, 'n verandering in die sub-strukture wat die bestaande status quo in stand hou en uiteindelik 'n verandering in die *relatiewe status* van wit en swart Suid-Afrikaners ter regstelling van die ongelykhede tussen verskillende rasgroepe wat deur apartheid tot stand gebring is.

Daar is dus 'n situasie van ongelykheid, daar is 'n poging om dit te verander, en 'n bepaalde reaksie op hierdie veranderinge kan verwag word. Transformasie in Suid-Afrika het 'n etniese-/ rasse dimensie, en herskikkings in die relatiewe status van die betrokke groepe beïnvloed dus groepslede se kapasiteit om hul eiewaarde op grond van die status van een van die primêre bronne van hul identiteit te bevestig. In die konseptualisering van transformasie in die huidige beleid en wetgewing rondom Swart Ekonomiese Bemagtiging val die klem boonop primêr op 'n herskikking in die besit en beheer van *materiële* hulpbronne.

Die statusimplikasies van rykdom en magverhoudinge in die ekonomiese arena en die rol daarvan in die selfbevestiging van die individu en die groep is dus ook ter sprake – hoewel hierdie implikasies nie in bestaande analyses van transformasie omvattende aandag geniet nie.

Transformasie, soos wat dit tans in Suid-Afrika geskied, word daarom getipeer as 'n situasie van konflik, of minstens: 'n sosiale proses wat bepaalde eienskappe met konfliksituasies deel. Ons sou dus erkende meganismes vir die hantering van konfliksituasies kon inspan om transformasie-prosesse te bestuur.

## **9. Konflik as voorvereiste vir vooruitgang**

Dit is belangrik om hier uit te wys dat die beklemtoning van die konflikpotensiaal van transformasie nie impliseer dat transformasie noodwendig negatief is nie. Konflik kan konstruktief so wel as destruktief wees, en word in der waarheid dikwels beskou as 'n noodsaaklike voorvereiste vir positiewe verandering/ vordering (Deutsch, 1991:27).

Waar konflik bestaan, bestaan daar 'n bepaalde wanbalans of 'n vorm van ontevredenheid met die bestaande orde (soos in die geval van die ontevredenheid met die verdeling van ekonomiese hulpbronne en mag in die ekonomiese arena in Suid-Afrika). Sodanige ontevredenheid kan die stabiliteit van die orde bedreig indien dit de-stabiliserende optrede deur ondergeskikte of dominante groepe aanmoedig. Die uitdaging is dus nie om konflik te verhoed nie, maar om dit effektief te bestuur ten einde 'n meer wenslike of aanvaarbare (en dus ook 'n meer stabiele) orde tot stand te bring.

Coser (in Deutsch, 1991:27) stel dit as volg:

“[Conflict] is the root of personal and social change; it is the medium through which problems can be aired and solutions arrived at. The social and scientific issue is not how to eliminate or prevent conflict, but rather to develop the knowledge which would enable us [to manage it]”.

Konflik is ook nie noodwendig gewelddadig nie, en in pogings om gewelddadige konflik te vermy of die potensiële negatiewe effek van 'n handhawing in die status quo te verhoed, word daar dikwels politieke ruimtes geskep waarin die deelnemers aan die konflik in 'n omgewing van gereguleerde onderhandeling kan besin oor die mees gewenste organisering van 'n nuwe

orde (Väyrynen, 1991:9). Hierdie konsep van 'n onderhandelde orde geld by uitstek wanneer daar van transformasie in die Suid-Afrikaanse konteks gepraat word, aangesien die aard van transformasie-prosesse dikwels deur middel van onderhandelinge bepaal word, en die wetgewing en beleid wat transformasie dryf ook telkens deur middel van onderhandelinge tussen verskillende rolspelers tot stand gebring is. Die sosio-sielkundige dinamika van identiteit en die behoefte aan die bevestiging van individuele en kollektiewe status sal egter steeds in hierdie omstandighede waargeneem kan word en nie-gewelddadige opsies vir die hantering konfliktrue verhoudings kan ook 'n verskeidenheid van gevolge vir die stabiliteit van tussen-groep verhoudings inhou en behoort dus met sorg hanteer te word.

## **10. Slot**

Daar is in die inleiding tot hierdie hoofstuk genoem dat sosiale teorieë raamwerke vir interpretasie daarstel wat ons toelaat om ons begrip vir sosiale fenomene uit te brei. Dit is veral in omstandighede van onvoorspelbare sosiale interaksie wat daar 'n behoefte is aan 'n instrument deur middel waarvan hierdie interaksie ontleed en, in 'n sekere mate, voorspel kan word.

Daar is tans in Suid-Afrika 'n dringende behoefte om begrip vir ekonomiese transformasie uit te brei, en om teoretiese raamwerke te identifiseer waarvolgens transformasie-prosesse ontleed, en voorstelle rakende die effektiewe bestuur van hierdie prosesse gemaak kan word. Daar is by uitstek 'n ooglopende akademiese onderbektone van die statusimplikasies van transformasie, en die wyse waarop dit die verhoudings tussen verskillende groepe beïnvloed. In die analise hierbo word daar getoon dat transformasie (en spesifiek ook die proses van ekonomiese transformasie in die Suid-Afrikaanse konteks) juis as gevolg van die statusimplikasies van herskikkings in die verdeling van rykdom en mag die potensiaal vir tussen-groep konflik verhoog. Reaksies op die proses, en die verwagte optrede van verskillende groepe kan dus met behulp van teoretiese raamwerke in die veld van konflikstudie ge-antisipeer word. Die uitgangspunt vanwaar daar hier voortgegaan sal word, is dat dit juis die onderliggende konflik in omstandighede van ekonomiese transformasie is wat noodsaaklike ekonomiese verandering sal teweegbring. Om hierdie potensiële energie ten goede te laat meewerk, is dit egter noodsaaklik dat transformasie en die konflik wat deur transformasie-prosesse veroorsaak word effektief hanteer word.

Daar is in afdeling 7 geargumenteer dat direkte, regverdige kompetisie tussen groepe wat tot legitieme tussen-groep vergelykings aanleiding kan gee 'n werkbare metode is om die konflikpotensiaal in situasies van ongelykheid te ontlont. In hoofstuk 3 sal daar gepoog word om hierdie beginsel te versoen met die raamwerke vir effektiewe konflikbeslegting wat in konflikteorie omskryf word. Toepaslike teorieë word dan op 'n eklektiese wyse ingespan om 'n raamwerk vir effektiewe ekonomiese transformasie af te lei.

## Hoofstuk 3: 'n Model vir die hantering van konflik

---

### 1. Inleiding

Daar is in hoofstuk 2 geargumenteer dat ekonomiese transformasie in die Suid-Afrikaanse konteks, as 'n konfliktsituasie getipeer kan word, en dat die teoretiese raamwerke in die veld van konflikstudies dus gebruik kan word om begrip vir die konflikpotensiaal van transformasie uit te bou en om 'n raamwerk te voorsien waarvolgens ekonomiese transformasie effektief bestuur kan word. Daar is ook in hoofstuk 2 getoon dat dit by uitstek die sosio-sielkundige meganisme vir intergroep konflik en die impak van die verdeling van ekonomiese hulpbronne op die psige/ self-persepsie van groepe en individue is wat in omstandighede van sosio-ekonomiese transformasie waargeneem kan word. Daar is 'n oorsig gegee van verskillende opsies vir die hantering van bedreigde groepstatus, en regverdig kompetisie tussen groepe volgens wedersyds aanvaarbare reëls is geïdentifiseer as 'n potensieel volhoubare meganisme deur middel waarvan die noodwendige ongelykhede in sosiale verhoudings hanteer kan word.

Hierdie identifisering van die onderliggende oorsake van die konflik wat tydens ekonomiese transformasie ter sprake is, en die formulering van 'n voorlopige hipotese aangaande 'n meganisme vir die vestiging van stabiele verhoudings stel ons nou in staat om teoretiese raamwerke uit die literatuur/ akademiese diskoers oor tussen-groep konflik te identifiseer wat in die bestuur van ekonomiese transformasie ingespan kan word.

Die hoofstuk word as volg ingedeel:

Eerstens, word daar aandag gegee aan die subjektivistiese benadering tot tussen-groep konflik en die twee kanale waardeur konflik binne hierdie raamwerk aangespreek kan word, naamlik: veranderinge in strukture, en aanpassings in persoonlike en intersubjektiewe interpretasies van die objektiewe realiteit. Tweedens, word daar 'n oorsig gegee van drie verskillende modelle vir die hantering van konflik, naamlik konflik skikking, konflik resolusie, en konflik transformering<sup>77</sup>. Konflik transformering word geïdentifiseer as 'n meganisme om beide die objektiewe strukture en subjektiewe sosio-sielkundige uitdagings in konfliktsituasies

---

<sup>77</sup> Die term "transformering" of "die transformatiewe benadering", eerder as die term "transformasie" word hier gebruik om latere verwarring met verwysings na die proses van ekonomiese transformasie te vermy.



aan te spreek. Die benadering word verder omskryf in Afdeling 4, waar daar spesifiek gekyk word na die verskillende vlakke van transformasie, en die doelwitte van die transformatiewe proses. In Afdeling 5 word daar 'n opsomming gegee van die praktiese uitdrukking van die transformatiewe benadering in spesifieke riglyne en instrumente vir die hantering van konflik. In Afdeling 6 word daar bespreek hoe die oorsake van konflik (soos omskryf in die subjektivistiese benadering) in die transformatiewe benadering tot die hantering van konflik aangespreek word, en hoe die beginsels van die transformatiewe benadering aansluit by die gevolgtrekkings wat in Hoofstuk 2 gemaak is ten opsigte van die volhoubare hantering van sosiale groepe se behoefte aan positiewe self-bevestiging.

Die hoofstuk word afgesluit met 'n opsomming van die sleutel konsepte wat in die hoofstuk bespreek is, en die gevolgtrekkings wat daaruit gemaak kan word.

## **2. Twee kanale vir die hantering konflik**

Meganismes vir die hantering van tussen-groep konflik word afgelei uit die veronderstelde oorsake van konfliktuele verhoudings tussen groepe. Daar is in Hoofstuk 2 verduidelik dat die subjektivistiese benadering tot konflik in hierdie studie ingespan sal word. Daar is getoon dat die basiese uitgangspunt van die subjektivistiese benadering is dat persepsies en ingesteldhede gedrag bepaal, en dat konflik daarom nie in die eerste plek deur die (objektiewe) kompetisie tussen groepe of die struktuur van die samelewing veroorsaak word nie, maar die gevolg is van die betrokke groepe en individue se subjektiewe interpretasie van die realiteit en die sosio-sielkundige gevolge van hierdie interpretasies op groepe se ingesteldhede teenoor mekaar. In afdeling 5.3 in Hoofstuk 2 is dit egter beklemtoon dat die objektivistiese en subjektivistiese benaderings tot konflik nie onversoenbaar is nie, en dat objektiewe faktore soos die kompetisie vir skaars hulpbronne 'n belangrike *impak* het op groepsidentiteit en persepsies/ interpretasies van omstandighede. Objektiewe faktore moet dus ook binne die subjektivistiese benadering in ag geneem word. Die hantering van konflik vereis dus 'n *omvattende* benadering wat beide objektiewe en subjektiewe faktore aanspreek.

'n Voorbeeld kan gebruik word om hierdie argument te ondersteun:

Die proses van ekonomiese transformasie in Suid-Afrika word in hierdie studie geklassifiseer as 'n situasie van konflik. Gegewe die teoretiese raamwerk wat in hoofstuk 2 omskryf en

hierbo opgesom is figureer hierdie konflik op twee vlakke. In die eerste plek behels dit 'n bepaalde herverdeling in sogenaamde “objektiewe” faktore, insluitende: ekonomiese hulpbronne en mag. Hierdie herverdeling word moontlik gemaak deur (objektiewe) wetgewing en beleid, en nuwe reëls vir interaksie – sogenaamde “sosiale strukture”. Die herverdeling van hierdie objektiewe hulpbronne het egter ook *status-implikasies* vir die betrokke groepe, word op 'n bepaalde wyse deur die groepe geïnterpreteer, en het 'n impak op hul persepsies van mekaar en die omstandighede in die samelewing. Dit is uiteindelik die laasgenoemde subjektiewe faktore, wat sal bepaal hoe die groepe in hierdie situasie teenoor mekaar sal optree. In die hantering van die konflik (of konflikpotensiaal) in hierdie situasie, is dit dus noodsaaklik om *beide* objektiewe én subjektiewe faktore aan te spreek.

In essensie spruit konflik (volgens die subjektivistiese benadering) uit 'n bepaalde *interpretasie* van die objektiewe realiteit. Meganismes vir die hantering van konflik moet dus beide hierdie “objektiewe realiteit” en die gepaardgaande “interpretasie” aanspreek. Die uitdaging blyk dus te lê in (i) die daarstelling van sosiale strukture wat die potensiaal vir konflik beperk (en dus die impak van objektiewe faktore op tussen-groep verhoudings aanspreek), en (ii) die bevordering van interpretasies van die realiteit wat individue en groepe se behoefte aan die bevestiging van eiewaarde bevredig (en dus die impak van subjektiewe/sosio-sielkundige faktore op tussen-groep verhoudings aanspreek).

Die vraag wat dus hier beantwoord moet word, is watter benadering tot die hantering van konflik beide die strukturele en sosio-sielkundige uitdagings in tussen-groep verhoudings kan hanteer.

### **3. Verskillende benaderings tot die hantering van konflik**

John Paul Lederach (1995) onderskei tussen drie moontlike benaderings tot die hantering van konflik - naamlik: konflik skikking (of konflik bestuur)<sup>78</sup>, konflik resolusie en konflik transformering. Hierdie terme word oor die algemeen verwisselbaar in akademiese literatuur gebruik, en moet volgens Cordula Reimann (2003:7) as ideaal-tipes, eerder as duidelik onderskeibare alles-omvattende teoretiese stelsels beskou word. Die benaderings kan

---

<sup>78</sup> Volgens Cordula Reimann (2003:1,12) word daar in konflik skikking gebruik gemaak van die “logika van bestuur”, maar word die term “konflik skikking” verkies, aangesien “bestuur” dikwels as 'n sambreelterm vir verskillende benaderings tot konflik gebruik word.

nietemin van mekaar onderskei word op grond van hul basiese aannames met betrekking tot die oorsake van konflik, die akteurs wat in die hantering van konflik betrek behoort te word, die strategieë wat in die hantering van die konflik gebruik word, en die kriteria vir suksesvolle uitkomst (Reimann, 2003:7). Die drie benaderings word hier op grond van hierdie vier eienskappe onderskei.

### **3.1 Konflik skikking**

Konflik skikking is 'n *uitkoms-georiënteerde* strategie wat daarop gemik is om sogenaamde “wen-wen” oplossings vir konfliktsituasies te vind (Reimann, 2003:8). Die fokus val primêr op die be-eindiging van onstabiliteit, direkte konfrontasie of geweld, en daar word nie spesifiek aan die onderliggende oorsake van die konflik aandag gegee nie (Burgess & Burgess *et al* [1997] & Reimann [2003:8]).

Konflik word beskou as die gevolg van 'n onaanvaarbare sosio-politieke orde of *status quo*, en daar word aanvaar dat die belange van verskillende partye onversoenbaar is, aangesien die aard van die orde waarbinne groepe opereer hulle in kompetisie vir skaars hulpbronne plaas. Dit sluit in hierdie opsig aan by die sogenaamde *objektivistiese* siening oor die oorsake van konflik, waarin daar veronderstel word dat konflik sy oorsaak in die struktuur van die samelewing het – en nie in die subjektiewe ervaring of persepsies van die betrokke groepe nie.

Onderhandelings word gebaseer op die aanname dat die hoë-vlak verteenwoordigers van die betrokke groepe as rasonale akteurs in staat sal wees om 'n oplossing te formuleer wat “wedersydse tevredenheid” of 'n “optimale punt van inskiklikheid” teweeg sal bring (Reimann, 2003:8). Daar word onderskei tussen die korttermyn, relatief “kunsmatige” *posisies* van groepe, en hul langtermyn, fundamentele *belange*. Daar word aanvaar dat wyl groepe se posisies oor spesifieke kwessies nie onderhandelbaar is nie, daar deur middel van fasilitering, onderhandeling, mediasie of arbitrasie gepoog kan word om hul belange te konvergeer (Reimann, 2003:9). Die proses van konflik skikking word as suksesvol beskou indien geweld of vyandigheid be-eindig word (bv. deur middel van 'n skietstaking of 'n ooreengekome raamwerk vir die vestiging van 'n aanvaarbare politieke orde), en daar is geen eksplisiete poging om sosiale geregtigheid te bevorder of betekenisvolle vrede (dus: meer as net “die

afwesigheid van konflik”) te bewerkstellig nie. ‘n Voorbeeld van hierdie skikkings-benadering tot konflik kan gevind word in I.W. Zartman (2001) se konseptualisering van wedersyds nadelige dooiepunte (“mutually hurting stalemates”), waarby geen party verder by die voortsetting van konflik kan baat nie en rasonale akteurs dus tot onderhandeling sal oorgaan in ‘n poging om ‘n posisie van optimale behoefte-bevrediging vir al die betrokke partye te vind.

### **3.2 Konflik resolusie**

Konflik resolusie behels daarenteen verskillende *proses-georiënteerde* pogings om die onderliggende *oorsake* van konflik aan te spreek (Reimann, 2003:9). Langdurige konflik word in hierdie benadering beskou as die gevolg van onvervulde menslike behoeftes (aan byvoorbeeld: sekuriteit, identiteit, aansien/status, deelname, sosiale geregtigheid en ontwikkeling) en die behoefte aan sosiale verandering wat hieruit ontstaan<sup>79</sup>. Dit sluit aan by die *subjektivistiese* siening oor die oorsake van konflik, waarin daar klem geplaas word op groepe se subjektiewe ervaring en persepsies van hul omstandighede, en die wyse waarop hul aksies beïnvloed word deur die betekenis wat op grond van hierdie ervarings/persepsie aan die sg. objektiewe realiteit geheg word<sup>80</sup>.

As gevolg van die klem op subjektiewe ervaring en persepsie (eerder as ‘n objektiewe realiteit ten opsigte waarvan ‘n bepaalde ononderhandelbare standpunt ingeneem word) is daar in hierdie benadering ruimte om ‘n proses van her-konseptualisering by konflikterende groepe aan te moedig, waarin sienings oor opponente, negatiewe interpretasies van bepaalde omstandighede/ gebeure en opvattinge oor die groep se posisie in die samelewing aangepas kan word. Gefasiliteerde gesprekke, probleemoplossings-werkswinkels of tafelronde besprekings kan konflikterende groepe aanmoedig om mekaar se behoeftes en vrese te erken, en oplossings te identifiseer wat geen groep se fundamentele behoeftes onbevredig laat nie. Waar konflik op hierdie wyse hanteer word, word enige verbetering in kommunikasie, toename in samewerking of bevordering van wedersydse begrip vir mekaar se behoeftes as ‘n suksesvolle uitkoms vir die proses beskou (Reimann, 2003:10). As gevolg van die klem op kommunikasie, en die noodsaaklikheid van nuwe inligting en interpretasies van die sosiale realiteit om her-konseptualisering te fasiliteer, word daar in hierdie benadering tot die

---

<sup>79</sup> Sien byvoorbeeld in hierdie verband John Burton (1990) se teorie oor die rol van menslike behoeftes in tussen-groep konflik.

<sup>80</sup> Dit sluit in hierdie opsig ook aan by die konstruktivistiese teorie van sosiale verhoudings, soos omskryf deur Nicholas Onuf (1998).

hantering van konflik 'n breër basis van akteurs betrek. Nie-regerings organisasies, akademië en burgerlike groepe kan byvoorbeeld 'n sentrale rol speel in die versameling en verspreiding van akkurate inligting oor verskillende groepe se sosio-ekonomiese en politieke omstandighede, hul waardes en hul behoeftes - en sodoende wedersydse begrip tussen groepe bevorder.

Volgens Lederach, (in Burgess & Burgess *et al*, 1997) impliseer die konsep "konflik resolusie" egter steeds dat konflik negatief is, (en dus ten alle koste beëindig moet word), en dat konflik 'n korttermyn "fenomeen" is, wat permanent "opgelos" kan word indien verskillende groepe se behoeftes aangespreek word. Daar is dus steeds 'n onder-beklemtoning van die potensiaal van konflik om positiewe sosiale verandering te bewerkstellig en van die behoefte aan 'n langtermyn benadering wat selfs ná die beëindiging van 'n bepaalde konflik siklus, meer stabiele verhoudings tussen groepe ondersteun.

### **3.3 Konflik transformering**

Konflik transformering (soos omskryf deur Lederach [1995], Curle [1971] en Galtung [1996]) verwys na uitkoms-, proses-, én struktuur-georiënteerde langtermyn pogings om stabiele verhoudings tussen groepe te vestig. Konflik transformering is gebaseer op 'n soortgelyke konsepsie van die oorsake van konflik as wat hierbo onder *konflik resolusie* bespreek is, en maak gebruik van soortgelyke metodes in die hantering van konflik. Dit behels egter ook 'n verdere stap in die vestiging van 'n stabiele sosio-politieke orde, naamlik: die bevordering van *strukturele veranderinge*<sup>81</sup> wat verhoudings tussen groepe op 'n volhoubare basis sal verbeter. Daar word dus gepoog om die potensiaal vir verandering wat in konflik situasies geskep word aan te wend in die bevordering van sosiale geregtigheid (Reimann, 2003:10-11).

Die basiese aannames van "konflik transformering" as 'n benadering tot die beslegting van konflik, en die beginsels wat in die benadering toegepas word, kan as volg opgesom word (Burgess & Burgess *et al*, 1997):

---

<sup>81</sup> Daar is in hoofstuk 2 genoem dat daar "struktuur" in hierdie studie hoofsaaklik verwys na sogenaamde *nie-materiële strukture* (waaronder: gedeelde konsepsies van realiteit, reëls, norme, instellings ens.) wat die gedrag van die akteurs in die betrokke sosiale omgewings beïnvloed, maar dat hierdie strukture uiteindelik bepalend is in die *materiële* struktuur van die samelewing (soos gesien in die verdeling van mag, hulpbronne, status/ aansien ens.). Wanneer daar dus hier van "strukturele verandering" gepraat word, word daar dus verwys na aanpassings in beide *nie-materiële strukture* en die gepaardgaande *materiële strukture* in die samelewing.

- Sosiale konflik ontstaan in die verhoudings tussen mense, hul persepsies van mekaar, hul interpretasie van gebeure en hul sienings oor hulself (dus: die *subjektivistiese* verklaring vir die oorsake van konflik).
- Die bogenoemde verhoudings, persepsies, interpretasies en sienings word deur konflik verander (of “getransformeer”).
- In die afwesigheid van enige vorm van ingryping, kan hierdie veranderinge ‘n destruktiewe impak op die verhoudings tussen groepe hê – veral aangesien konflik gewoonlik die verskille tussen groepe beklemtoon en geneig is om vooroordeel ten gunste van die binnegroep en ten koste van buitengroepe aan te moedig.
- Die uitgangspunt van die transformatiewe benadering tot die beslegting van konflik is egter dat die transformasie van sosiale strukture, verhoudings en die self-persepsie van individue en groepe wat tydens konflik plaasvind *aangepas* kan word, om uiteindelik strukture, verhoudings en persepsies te verbeter, of meer stabiel te maak.
- Konflik is dus nie noodwendig negatief nie, maar kan tot noodsaaklike aanpassings in ‘n sosiale orde aanleiding gee.
- Die “transformasie” wat tydens die proses van konflikbeslegting plaasvind behels primêr ‘n aanpassing in groepe se persepsies van mekaar van hulself, en die uitbou van begrip vir mekaar se situasies.
- Daar word veronderstel dat selfs wanneer groepe se belange en waardes verskil of onversoenbaar is, die verbetering in wedersydse begrip wat in die proses van konflikbeslegting bevorder word ‘n noemenswaardige verbetering in die verhouding en interaksie tussen groepe kan bewerkstellig. Waar so ‘n verbetering in die verhoudings en interaksie tussen groepe bewerkstellig is, word die proses van konflikbeslegting as suksesvol beskou.
- Daar word spesifiek klem geplaas op die rol van konflik in die identifisering/ verheldering van verskillende groepe se behoeftes of griewe (hetsy by wyse van aktivisme of tydens onderhandelings) en die uitdrukking/ erkenning van persoonlike emosies, byvoorbeeld: vrees, woede of bitterheid. Die openbare uitdrukking of erkenning van hierdie behoeftes, griewe en emosies plaas druk op die vooropgestelde idees wat groepe van mekaar en hul eie identiteite koester, en gee aanleiding tot ‘n byna noodsaaklike aanpassing in verskillende groepe se persepsies van en houdings teenoor mekaar. Waar hierdie aanpassing ‘n positiewe, de-polariserende effek op verhoudings het (eerder as om

negatiewe reaksies te ontlok wat antagonisme tussen groepe kan verskerp), word 'n meer stabiele basis vir verhoudings gevestig.

- Die verbetering in intergroep verhoudings, en die siklus van positiewe interaksie wat daardeur gevestig word fasiliteer die ontwikkeling van 'n meer gelyke en regverdigde sosiale orde – bv. deur die eliminasië van onderdrukking, verbetering in die verdeling van hulpbronne en die vestiging van nie-gewelddadige kanale vir die beslegting van konflik.
- Hierdie sistemiese transformasie bevorder weer gesonde verhoudings tussen groepe. 'n Positiewe siklus van verbeterde verhoudings en instellings word dus aan die gang gesit, wat uiteindelik *strukturele veranderinge* teweeg bring wat *sosiale geregtigheid* bevorder, en sodoende 'n meer stabiele samelewing vestig.

Dit is dus duidelik dat daar in die transformatiewe benadering aan beide die vestiging van regverdigde sosiale strukture en die rol van persepsies, houdings en subjektiewe interpretasies van objektiewe omstandighede aandag gegee word. Die beginsels van die transformatiewe benadering tot die hantering van konflik word vervolgens in meer detail bespreek.

#### **4. Die Transformatiewe benadering tot konflik**

“Konflik transformering” is 'n relatiewe nuwe konsep in die veld van konflikstudies. Volgens Hugh Miall (2003:4) was die idee van konflik formasie en transformasie reeds aan die 1970's aanwesig in die werk van Europese strukturaliste (waaronder Senghaas en Krippendorf), maar het die teorie en die konsepte wat daaruit voortvloei eers werklik gestalte gekry in die werk van Johan Galtung, wat in sy boek *Peace by Peaceful Means* (1996) opgesom is. Galtung (1996) het sterk klem gelê op die dialektiese aard van konflik- en vredesprosesse en spesifiek die wyse waarop byvoorbeeld artikulasie en dis-artikulasie, bewusmaking en die onderbeklemtoning van kwessies, komplisering en vereenvoudiging, polarisasie en depolarisasie en eskalasië en de-eskalasië tot die beslegting van konflik kan bydra. Adam Curle het op Galtung se benadering voortgebou. Curle het egter hoofsaaklik gefokus op die transformasie van asimmetriese verhoudings, en die wyse waarop konflik, en die prosesse van bewusmaking, konfrontasie, onderhandelings en die ontwikkeling van wedersydse aanvaarbare beginsels vir sosiale organisasie tot meer stabiele verhoudings kan bydra (Miall, 2003:4). Curle se idees word, onder andere, ingespan deur John Paul Lederach, wat volgens Hugh Miall (2003:6) “een van die mees omvattende beskrywings” van die transformatiewe

benadering tot konflik bied. Die werk van Lederach, Galtung, Kumar Rupesinge, Edward Schwerin, Dale & William Spencer en Raymo Väyrynen het dan ook in die 1990's konsensus oor die unieke aard, of minstens die belangrike bydrae, van die transformatiewe benadering tot konflik bevorder.

Die transformatiewe benadering word hier beskryf aan die hand van (4.1) die definisie en die belangrikste eienskappe van die benadering; (4.2) die verskillende vlakke van transformering wat in die teorie beskryf word; en (4.3) die doelwitte van die transformatiewe proses. Die praktiese uitdrukking van die teorie in transformatiewe benaderings tot vredesprosesse en die hantering van konflik word in Afdeling 5 bespreek.

#### ***4.1. Konflik transformering as 'n unieke benadering tot die hantering van konflik***

John Paul Lederach (in Lederach & Maiese, 2003) beskryf konflik transformering as beide 'n "lens" en 'n "strategiese benadering" tot konflik. Lederach gebruik in hierdie artikel die metafoor van 'n tri-fokale lens in 'n bril, wat in een raam is, maar elk 'n unieke bydrae lewer om verskillende aspekte van die (komplekse) visuele wêreld in fokus te bring. Hy beklemtoon twee belangrike eienskappe van hierdie "bril". Eerstens, indien die verkeerde lens vir die verkeerde vlak van visie ingespan word, sal geen duidelike beeld gesien word nie. Tweedens, kan 'n volledige prentjie van die visuele realiteit nie deur enige enkele lens verkry word nie, en het elke lens 'n bepaalde rol om te vervul ten einde 'n volledige beeld moontlik te maak. Lederach redeneer dat daar in die komplekse sosiale realiteit, en spesifiek in situasies van konflik, ook verskillende "lense" nodig is om verskillende dimensies van die realiteit te verhelder. Volgens Lederach, benodig ons in situasies van konflik "lense" om drie verskillende dimensies van die situasie te verhelder, insluitende: (1) Die onmiddellike omstandighede; (2) Om verby die onmiddellike probleme te sien en diepliggende patrone in verhoudings wat die konteks van die konflik vorm te identifiseer en aan te spreek; (3) Om met beide die onmiddellike omstandighede en die patrone van verhoudings in gedagte 'n platform te vind vanwaar die konteks en sosiale strukture waarbinne die konflik afspeel ontleed en vervolgens aangepas kan word.

Hierdie metafoor strook met beskrywings van konflik transformering as die volgende stap in 'n "kontinuum" in die hantering van konflik wat begin met konflik skikking, konflik resolusie as



volgende stap het, en uiteindelik kulmineer in konflik transformering (soos beskryf deur Botes [2003: 3]). Die unieke bydrae van die transformatiewe benadering lê dus in die laaste dimensie wat hierbo genoem word, naamlik die fokus op konteks en sosiale strukture en die wyse waarop hierdie veranderlikes aangepas kan word om 'n meer stabiele sosiale orde te vestig.

Lederach (in Lederach & Maiese, 2003) definieer verder “konflik transformering” in terme van 'n aantal eienskappe<sup>82</sup> wat volgens hom “lense” voorsien om die drie dimensies van konflik situasies te begryp, en strategiese keuses in die hantering van konflik moet lei. Hierdie eienskappe sluit in:

- *'n Positiewe ingesteldheid teenoor konflik* - waarin die potensiaal van konflik om konstruktiewe verandering teweeg te bring erken word, en daar dus groter bereidwilligheid is om in konflik betrokke te raak. Lederach argumenteer ook dat konflik individue en groepe dwing om hulself en hul verhoudings met ander onder die soeklig te plaas, en sodoende verhoudings en sosiale strukture op 'n dinamiese wyse by veranderende behoeftes aanpas.
- *Erkenning van die eb en vloed van verhoudings*. Lederach redeneer alle verhoudings tussen vreedzaamheid en onstabiliteit/ konflik ossilleer. Hy beveel egter aan dat daar verby geïsoleerde gevalle van konflik gekyk word, en eerder aandag gegee word aan die wyse waarop hierdie konflik situasies by algemene patrone van menslike verhoudings inpas. Daar word dus gepleit vir 'n meer omvattende benadering tot konflik situasies wat die verhouding as geheel, eerder as net die huidige onderwerp van die dispuut, aangespreek word.
- *Fokus op konstruktiewe prosesse van verandering*. Die transformatiewe benadering tot konflik is daarop gemik om konstruktiewe verandering te bewerkstellig deur middel van die “energie” wat deur konflik geskep word. Volgens Lederach is dit moontlik om die destruktiewe impak van konflik op verhoudings te beperk, en die geleentheid vir interaksie en ondersoek te gebruik as 'n “kreatiewe platform” vanwaar beide die objektiewe kwessies in die betrokke dispuut, sowel as sosiale strukture en patrone van verhoudings aangespreek kan word.

---

<sup>82</sup> Die eienskappe beskryf die basis van die transformatiewe model vir die *hantering* van konflik, en is dus hoofsaaklik gesetel in die *benadering* van onderhandelaars, eksterne of interne bemiddelaars. Dit reflekteer egter ook 'n bepaalde teoretiese interpretasie van die oorsake en aard van konflik situasies en die wyse waarop konflik (in die lig van hierdie interpretasie) aangespreek behoort te word, en het dus ook betrekking op die analitiese benadering van die ontleders van konflik.

- *Die beperking van geweld en bevordering van geregtigheid.* Lederach erken dat die bekamping van geweld dikwels 'n belangrike korttermyn doelwit in vredesprosesse is, en dat die identifisering en hantering van beide die kwessies onder dispuut, en hul onderliggende oorsake daarom primêr aandag behoort te geniet. Hy plaas egter ook sterk klem op die behoefte aan die *bevordering van sosiale geregtigheid* en die vestiging van positiewe patrone van interaksie en konflik-hantering, wat oor die langtermyn stabiele verhoudings tussen groepe moontlik kan maak.
- *Direkte interaksie en sosiale strukture.* Volgens die konstruktivistiese benadering tot tussen-groep verhoudings word negatiewe patrone van gedrag, sowel as die reëls, norme en die gepaardgaande instellings waarvolgens samelewings ge-organiseer word (dus: die strukture van die samelewing) gevestig tydens interaksie tussen individue en groepe (Onuf, 1998:49). Daar word daarom ge-argumenteer dat beide positiewe verhoudings en meer aanvaarbare sosiale strukture weer tydens interaksie gevestig/ ontwikkel moet word. Lederach sluit by hierdie argument aan deur klem te lê op die rol van *dialog* (direkte interaksie) tussen vegtende groepe om persepsies en houdings aan te pas, en uiteindelik by te dra tot ontwikkeling van meer volhoubare/ regverdigte sosiale strukture.
- *'n Klem op menslike verhoudings.* Die transformatiewe benadering behels nie uitsluitlik pogings om die objektiewe kwessies in situasies van konflik aan te spreek nie, maar plaas sterk klem op die rol van verhoudings, en die wyse waarop dit aangepas kan word om 'n meer stabiele basis vir sosiale interaksie te vorm.
- *'n Langtermyn benadering tot konflik.* Daar word in die transformatiewe benadering sterk klem gelê op die noodsaaklikheid van volgehoue betrokkenheid in omgewings wat deur konflik geteister is, en ondersteuning aan die akteurs in eertydse konfliktsituasies. Die argument is dat daar by uitstek in post-konflik situasies aandag gegee moet word aan die herstel van verhoudings, die bevordering van aanvaarding van die getransformeerde orde, en die nodige ondersteuning en opleiding aan groepe en individue aan wie daar in die proses van konflik transformering nuwe rolle toegeken is.

Waar die transformatiewe benadering tot die beslegting van konflik deur onderhandelaars, interne of eksterne bemiddelaars of ontleders aanvaar word, word daar dus nie in onderhandelings *primêr* gefokus op die verskillende standpunte van konflikterende groepe, die toegewings wat ter bereiking van 'n ooreenkoms gemaak sal word of voorgestelde

oplossings vir spesifieke probleme nie, maar eerder op die *verhouding* tussen groepe, hul *begrip* vir mekaar en mekaar se situasies, en die wyse waarop 'n verbetering in verhoudings en wedersydse begrip tot 'n erkenning van mekaar se behoeftes – en dus ook meer regverdige sosiale strukture bydra. Daar word dus groter klem geplaas op die potensiele positiewe impak van die *proses* van onderhandeling, en minder gefokus op die *uitkomst* van die proses – bv. in die vorm van ooreenkomste. Ooreenkomste wat wel in die proses opgestel word, word dan gebaseer op die “getransformeerde begrip” van die konflikterende partye (ten opsigte van mekaar, hulself, hul verhoudings en die kwessies waaroor die dispuut handel), en die implementering daarvan word deur die gepaardgaande transformasie in houdings en persepsies vergemaklik.

Lederach se beskrywing van konflik transformering word ondersteun deur ander teoretici wat ook die benadering op grond van die fokus op *sosiale strukture* en die *verhoudings* tussen vegtende groepe, van ander teoretiese raamwerke onderskei<sup>83</sup>. Miall, Ramsbotham & Woodhouse (2005:10-11,27) plaas veral klem op die rol van 'n aanpassing in houdings/verhoudings, en beskryf konflik transformering as beide die verwydering van die bronne en oorsake van die situasie wat die konflik veroorsaak het nie, *en* die sielkundige transformasie in die houdings van en verhoudings tussen die betrokke partye. Väyrynen (1991:151) beskryf konflik transformering as 'n metode om nuwe sosiale verhoudings, instellings [strukture] en visie te bevorder. Hierdie beskrywing van die transformatiewe proses sluit ook aan by Norbert Ropers (2003) se omskrywing van die drie maatstawwe vir suksesvolle konflikbeslegting binne 'n transformatiewe benadering, naamlik (1) 'n struktuur-georiënteerde eliminasië van sosio-ekonomiese ongelykhede tussen groepe, (2) die bevordering van goeie regering en (3) die daarstelling van 'n regverdige sosiale struktuur.

Die omvattende aard van die transformatiewe benadering tot die hantering van konflik word ook geïllustreer in die vlakke van transformasie wat volgens voorstanders van die benadering tydens vredesprosesse behoort plaas te vind.

---

<sup>83</sup> sien byvoorbeeld: Diamond (1994), Kriesberg (1997a) en Miall, Ramsbotham and Woodhouse (1999).

## **4.2. Verskillende vlakke van transformering**

In sy artikel “*Beyond Resolution: What does conflict transformation actually transform*” onderskei Christopher Mitchell (2002) tussen twee kategorieë van verandering wat volgens verskillende teoretici in ‘n transformatiewe benadering tot die hantering van konflik aangemoedig moet word. Die eerste hiervan behels ‘n transformasie in die konflik self, en die tweede ‘n transformasie in bepaalde aspekte van die sosio-politieke stelsel waarbinne die konflik gesetel is (Mitchell, 2002:5). Lederach (in Lederach & Maiese, 2003) tref ‘n soortgelyke onderskeid tussen verskillende kategorieë van verandering, maar definieer dit in terme van: (1) ‘n deskriptiewe vraagstuk, naamlik: wat word deur konflik verander? en (2) ‘n preskriptiewe respons tot konflik, dus: watter tipe veranderinge behoort in die hantering van konflik aangemoedig te word? Lederach identifiseer vier dimensies van verandering (transformasie) wat tydens konflik waargeneem kan word en wat dus ook in die hantering van konflik aangespreek moet word, waaronder:

- i. die persoonlike dimensie
- ii. die verhoudings dimensie
- iii. die strukturele dimensie, en
- iv. die kulturele dimensie

*Persoonlike verandering* verwys na beide die impak van konflik op die individu en die veranderinge wat op ‘n individuele vlak moet plaasvind ten einde stabiele verhoudings tussen groepe te vestig. Lederach (in Lederach & Maiese, 2003) argumenteer dat persoonlike transformasie op ‘n deskriptiewe vlak behels dat konflik die fisiese welstand, selfbeeld, emosionele stabiliteit, interpretasie-vermoëns en geestelike welstand van individue beïnvloed. Op ‘n preskriptiewe vlak (dus: as strategiese respons) vereis persoonlike transformasie daadwerklike inmenging/optrede om die destruktiewe effek van konflik te beperk, en die potensiaal vir persoonlike groei – op fisiese, emosionele en geestelike vlakke te maksimeer.

*Verandering in verhoudings* behels beide die aanpassing in tussengroep verhoudings wat deur situasies van konflik veroorsaak word, en die “verlangde veranderinge” in tussengroep verhoudings wat in die hantering van die konflik bewerkstellig moet word. Daar word op ‘n deskriptiewe vlak veral aandag gegee aan die wyse waarop patrone van kommunikasie en interaksie deur konflik beïnvloed word, en die impak daarvan op die aard van verhoudings.

Op 'n preskriptiewe vlak fokus Lederach op die noodsaaklikheid van ingryping om kommunikasie te verbeter, en om wedersydse begrip te bevorder deur die fasilitering van eksplisiete uitdrukkings van die verskillende groepe se doelwitte, vrese en behoeftes met betrekking tot hul verhoudings met mekaar.

Die *strukturele* dimensie van verandering, spreek tot die kern van die transformatiewe benadering. Op 'n deskriptiewe vlak, behels dit die inkorporering van strukturele vraagstukke in analyses van konflik en ondersoek na die onderliggende oorsake (“root causes”) van spesifieke konfliktsituasies. Die wyse waarop sosiale, ekonomiese en institusionele verhoudings ontwikkel en ge-organiseer word om basiese menslike behoeftes aan te spreek en toegang tot hulpbronne en besluitneming te voorsien, sowel as die impak daarvan op sosiale verhoudings, word dus in die transformatiewe benadering direk onder die soeklig geplaas. Op 'n preskriptiewe vlak behels die strukturele dimensie van die transformatiewe *respons* tot konflik daarom dat die strukturele oorsake van konflik erken word en dat nie-gewelddadige meganismes vir die *hervorming* van sosiale strukture en die *hantering* van die konflikteuele verhoudings wat daaruit spruit bevorder word.

Lederach se klem op die strukturele dimensie van transformasie sluit aan by sy argument dat stabiele sosiale verhoudings slegs moontlik is in omstandighede waar alle betrokke groepe se basiese behoeftes bevredig word, en wanneer hulle ingesluit word by besluite wat hulle affekteer (Lederach & Maiese, 2003). Waar hierdie omstandighede ontbreek, is *strukturele transformasie* dus nodig om die situasie te verander en sodoende *sosiale geregtigheid* te bevorder<sup>84</sup>.

*Kulturele verandering* verwys na die impak van konflik op “patrone van kollektiewe bestaan”, sowel as die wyse waarop kultuur die hantering/ bestuur van konflik kan beïnvloed. Dit behels dus op 'n deskriptiewe vlak die manier waarop konflik kulturele gedrag, en dus groepe se respons tot die onstabiele situasie *en* mekaar beïnvloed. Op 'n preskriptiewe vlak word daar gepoog om kulturele patrone wat in 'n gegewe konteks tot konflik bydra te identifiseer en te beperk, en om kulturele hulpbronne en meganismes vir krisis-/konflikhantering te ontwikkel wat op 'n positiewe wyse ingespan kan word.

---

<sup>84</sup> Die konsep van “sosiale geregtigheid” word in Afdeling 6 van hierdie hoofstuk in meer detail bespreek.

Hoewel uiteenlopende terminologie soms in die veld ingespan word, word Lederach se konseptualisering van die verskillende vlakke van transformasie in 'n groot mate ook in die raamwerke van ander teoretici gereflekteer.

Väyrynen (1991:4-6) identifiseer vier vlakke van transformasie, insluitende: transformasie van akteurs, transformasie in reëls, transformasie van strukture en die transformasie van kwessies. In sy beskrywing van die “transformasie van akteurs” sluit Väyrynen aan by Lederach se konsepte van persoonlike verandering, verandering in verhoudings en kulturele verandering, maar val die klem hoofsaaklik op die deskriptiewe dimensie van hierdie veranderinge, m.a.w. veranderinge in die individue en groepe wat by die konflik betrokke is *in reaksie op* die konflik. Väyrynen sluit egter ook die *toetrede* van akteurs as 'n potensiële dryfveer vir transformasie in konfliktsituasies in.

Väyrynen se “transformasie van reëls” verwys na 'n herdefiniëring in die norme wat die aard van interaksie tussen groepe bepaal, en sluit dus aan by Lederach se “veranderinge in verhoudings”. Waar hierdie norme in instellings en strukture inslag vind, stem Väyrynen se “transformasie van reëls” ook in 'n mate ooreen met Lederach se konseptualisering van strukturele verandering. Väyrynen se fokus blyk egter weereens grootliks op die deskriptiewe aspekte van hierdie verandering te val, en die maniere waarop die transformasie van reëls (en instellings/strukture) tot meer stabiele sosiale verhoudings kan aanleiding gee word dus nie eksplisiet beklemtoon nie.

Väyrynen se beskrywing van “strukturele transformasie” stem grootliks ooreen met Lederach se konseptualisering van strukturele veranderinge. In hierdie geval val Väyrynen se fokus egter hoofsaaklik op die veranderinge in strukture wat *as gevolg van* die konflik plaasvind, terwyl Lederach ook sterker klem plaas op die rol van sosiale strukture as 'n *oorsaak* van onstabiele verhoudings tussen groepe.

Die “transformasie van kwessies” word nie in Lederach se vier vlakke van transformasie aangespreek nie. Väyrynen beskryf dit as: “veranderinge in die politieke agenda van die konflik”. Väyrynen beveel so 'n “transformasie van kwessies” op 'n preskriptiewe vlak aan as 'n meganisme waardeur konflik bestuur kan word. Dit behels hoofsaaklik 'n

onderbeklemtoning (en hopelik uiteindelik ook 'n afname in die belangrikheid) van kwessies waaroor konflikterende groepe verskil en 'n beklemtoning van die kwessies waaroor daar ooreenstemming bestaan, en wat dus as basis vir ooreenkomste kan dien.

Augsburger (in Botes, 2003:9) argumenteer dat daar tydens konflik transformering 'n "metamorfose" of "noemenswaardige verandering" in houdings, gedrag en verhoudings plaasvind. Augsburger se definisie van die dimensies van transformasie impliseer ook 'n preskriptiewe begrip van die konsep as 'n strategiese benadering tot konflik, eerder as proses wat as *gevolg van* konflik plaasvind. Sy elemente van transformasie neem daarom die vorm van aanbevelings vir die hantering van konflik aan. Botes (2003:9) som Augsburger se konseptualisering van konflik transformering as volg op:

"The process of transformation first transforms attitudes by changing and redirecting negative perceptions. Secondly, it transforms behaviour, and lastly transforms the conflict itself by seeking to discover, and remove incompatibilities between the parties."

Ook Northrup (in Botes, 2003:9) beskryf konflik transformering in terme van aanpassings in die identiteite van die betrokke partye, hul verhouding tot mekaar en hul persepsies van hulself (hul "sense of self"). Dit sluit dus aan by Lederach se "persoonlike veranderinge" en "veranderinge in verhoudings", en volg ook die implisiete argument dat hierdie aanpassings positief gerig kan word om meer stabiele verhoudings tussen groepe tot gevolg te hê.

Uit hierdie konseptualisering van die transformatiewe benadering tot konflik stel Lederach drie "voorvereistes vir vrede", wat ook as die doelwitte van konflik transformering beskou kan word, naamlik: geregtigheid, waarheid en vergifnis. Hierdie drie doelwitte word in die volgende afdeling bespreek.

#### **4.3. Die doelwitte van konflik transformering**

Soos dit uit die beskrywing hierbo duidelik is, is die doelwitte van konflik transformering veel meer omvattend as slegs die bereiking van 'n ooreenkoms tussen groepe wat 'n raamwerk vir die hantering van die kwessies in die betrokke geskil uiteensit. Soos in die konstruktivistiese interpretasie van sosiale verskynsels, word daar sterk klem gelê op die wisselwerking tussen persepsies/interpretasies en strukture. Soos daar in Afdeling 3.3 uitgewys is, word daar in die transformatiewe benadering tot konflik geargumenteer dat individue en groepe se persepsies

(hetsy van hulself, ander groepe in die situasie, of sosiale omstandighede) hul gedrag en uiteindelik ook die reëls en instellings binne die samelewing bepaal. Reëls en instellings (sosiale strukture) het egter uiteindelik ook 'n impak op persepsies en houdings. Persepsies/houdings en sosiale strukture is dus voortdurend in 'n proses van wedersydse konstituering. Konflik word in hierdie konteks beskou as 'n katalisator vir veranderinge in ongewenste of onvolhoubare strukture en verhoudings, aangesien dit tipies interaksie tussen groepe bevorder, onderdrukte kwessies en emosies aan die lig bring en dus 'n proses van her-interpretasie en 'n heroorweging van die geldigheid van sosiale strukture aanmoedig. Met verwysing na Lederach se omskrywing van die dialektiese aard van die proses van konflik transformering, beskryf Burgess & Burgess (1997) die interaksie tussen persepsies en strukture as volg:

“[Conflict transformation] must take place at both the personal and the systemic level. At the personal level, conflict transformation involves the pursuit of awareness, growth and commitment to change which may occur through the recognition of fear, anger, grief and bitterness. These emotions must be outwardly acknowledged and dealt with in order for effective conflict transformation to occur. [At a systemic level, peacemaking involves] the process of increasing justice and equality in the social system as a whole. This may involve the elimination of oppression, improved sharing of resources, and the non-violent resolution of conflict between groups and people. Each of these actions reinforces the other. In other word, transformation of personal relationships facilitates the transformation of social systems and systemic changes facilitate personal transformation.”

Die oorkoepelende doelwit van die transformatiewe proses is dus om stabiele verhoudings tussen groepe te vestig. Stabiele verhoudings is egter afhanklik van beide verbeterde begrip en die vestiging van aanvaarbare sosiale strukture. Daar word dus gestreef na 'n proses van *rekonsiliasie* of *versoening* in die sin van: (1) verbeterde verhoudings en begrip tussen groepe, en (2) 'n versoening van uiteenlopende idees oor hoe sosiale strukture daaruit behoort te sien. Lederach identifiseer drie dimensies van die proses van rekonsiliasie, naamlik: waarheid, geregtigheid en vergewensgesindheid<sup>85</sup>. In 'n artikel genaamd “The Meeting Place” skets Lederach op 'n aangrypende wyse 'n denkbeeldige ontmoeting tussen “vrede”, “geregtigheid”, “waarheid” en “vergewensgesindheid” as eerstepersoon deelnemers

---

<sup>85</sup> Lederach se konsep van “mercy” word hier vertaal as “vergewensgesindheid”. “Vergewensgesindheid” impliseer die ingesteldheid (of houding) van partye in 'n konfliktsituasie teenoor mekaar en die kwessies in die betrokke geskil. Dit word onderskei van “vergifnis” (“forgiveness”) wat volgens Lederach die *gevolg* van waarheid en vergewensgesindheid is, en as't ware 'n uitkoms van die vredesproses is. “Vergewensgesindheid” is dus in hierdie sin 'n *voorvereiste* vir vrede en rekonsiliasie, terwyl “vergifnis” 'n produk van die vredesproses is.



aan 'n vredesproses<sup>86</sup>. Die beskrywing van die “bekommernisse” van elkeen van hierdie sogenaamde deelnemers illustreer op 'n interessante wyse Lederach se siening aangaande hul invloed op die vredesproses.

*Waarheid* se bekommernisse word as volg opgesom:

"I am Truth," she said. "I am like light cast so that all may see. At times of conflict I am concerned with bringing forward, out into the open, what really happened. Not with the watered down version. Not with a partial recounting. My handmaidens are transparency, honesty, and clarity. I am set apart from my three colleagues here," Truth gestured toward Mercy, Justice and Peace, "because they need me first and foremost. Without me they cannot go forward. When I am found, I set people free."

Waarheid – as 'n dimensie van rekonsiliasie – vereis dus dat die historiese en hedendaagse gebeure in konfliktsituasies eerlik bespreek word. Dit behels veral 'n erkenning van ongeregthede wat tydens die konflik plaasgevind het, en dien dus as bevestiging van die geldigheid van emosies en bepaalde persepsies en interpretasies van gebeure en situasies. Lederach beklemtoon egter ook in sy vertelling die uitdaging van verskillende opvattinge van die waarheid – soos wat daar dikwels in situasies van konflik bestaan. Sy uitgangspunt is uiteindelik dat waarheid tot rekonsiliasie bydra wanneer verskillende interpretasies daarvan tussen groepe *gedeel* word, en daar genoegsame *respek* vir verskillende interpretasies ontwikkel word. 'n Effektiewe proses van rekonsiliasie hoef dus nie noodwendig tot 'n homogene siening van die waarheid aanleiding te gee nie, maar moet *begrip* vir verskillende interpretasies daarvan bevorder.

Lederach wys dan ook daarop dat daar soms spanning is tussen die behoefte aan *waarheid* en dié aan vergewensgesindheid. Wanneer daar voortydig gepoog word om vergewensgesindheid te vestig, word waarheid dikwels ondermyn, aangesien dit spanning tussen groepe kan beklemtoon. Uiteenlopende interpretasies van die werklikheid kan veral *aanvanklik* tydens onderhandelinge 'n negatiewe impak op die verhoudings tussen groepe hê en word daarom dikwels nie tydens die interaksie tussen konflikterende groepe beklemtoon nie. In Lederach se dialoog wys “waarheid” dan ook “vergewensgesindheid” uit as haar

---

<sup>86</sup> 'n Konsep weergawe van hierdie hoofstuk vir die boek *Journey Towards Reconciliation* verskyn met toestemming van die skrywer op die webtuiste van die “Conflict Research Consortium” van die Universiteit van Colorado (Lederach, 1997b).

grootste bedreiging, en sê: "I fear him...In his haste to heal he covers my light and clouds my clarity. He forgets, that forgiveness is *our* child, not his."

In reaksie hierop, stel "vergewensgesindheid" homself as volg voor:

"I am Mercy...And I am the new beginning. I am concerned with people and their relationships. Acceptance, compassion and support stand with me. I know the frailty of the human condition. Who among them is perfect?" he turned to Truth and continued with his eyes on her. "She knows that her light can bring clarity but too often it blinds and burns. What freedom is there without life and relationship? Forgiveness is indeed our child, but not when people are arrogantly clubbed to humiliation and agony with their imperfections and weaknesses. Our child was birthed to provide for the healing."

Lederach se onderliggende argument is dat waarheid noodsaaklik is, maar dat 'n oormatige beklemtoning van historiese wandade wat individue en groepe voortdurend met hul eie swakhede konfronteer nie bevorderlik is vir die herstel van verhoudings tussen groepe nie. Daar sou byvoorbeeld teen die agtergrond van sosiaal-identiteits teorie geargumenteer kon word dat hierdie beklemtoning van groepe se wandade en swakhede hul positiewe self-bevestiging bedreig, en dat alternatiewe kanale vir die bevestiging van eiewaarde – wat moontlik ten koste van ander groepe kan geskied – dus gesoek sal word. Lederach spreek homself dus as't ware hier uit teen 'n proses van versoening wat *ten koste van* die selfbeeld/eiewaarde van een of meer groepe geskied en dus opnuut 'n proses soeke na positiewe self-bevestiging, en moontlike konflik, kan aanmoedig.

Lederach vestig ook aandag op die potensiële spanning tussen vergewensgesindheid en geregtigheid. In sy boek *Preparing for Peace: Conflict Transformation Across Cultures* (1995:20) argumenteer hy dat vergewensgesindheid en geregtigheid in 'n paradoksale verhouding tot mekaar staan. Hy beskryf geregtigheid as die "strewe na herstel" – of 'n proses waarin ongeregthede reggestel word, en daar word gepoog om verhoudings te vestig wat gebaseer is op gelykheid en regverdigheid ("fairness"). Dit behels dus in die eerste plek 'n proses van bewusmaking ten opsigte van ongeregthede, 'n gepaardgaande erkenning van die foute wat gemaak is en die wandade wat gepleeg is, en uiteindelik 'n poging om die situasie reg te stel – m.a.w. om sosiale geregtigheid te laat seëvier. Vergewensgesindheid behels daarenteen "meegevoel, vergifnis en 'n nuwe begin." Dit is volgens Lederach primêr daarop gemik om persone wat wandade gepleeg het te ondersteun. Hulle moet aangemoedig

word om te verander, maar hierdie proses moet ondersteun word deur die bevestiging van die moontlikheid van 'n nuwe (skoon) begin.

Lederach wys daarop dat vergewensgesindheid en geregtigheid dikwels in situasies van konflik of verdeeldheid as “onversoenbare teenoorgesteldes” beskou word. Daar word dus óf gestrewe na geregtigheid, óf daar word “vergewe en vergeet” (Lederach, 1995:20). “Vergewensgesindheid” in Lederach se gesprek tussen die verskillende dimensies van versoening sê dan ook vir “geregtigheid” dat hy in sy haas om toestande te verander en reg te stel vergeet dat die oorsaak van konflik in werklikheid binne mense en hul verhoudings lê. Die uitdaging lê dus volgens Lederach daarin om geregtigheid na te streef op 'n wyse wat mense *respekteer* en verhoudings herstel te midde van die erkenning en die aanspreek van ongeregtighede<sup>87</sup>.

“Geregtigheid” lewer die volgende bydrae in Lederach se denkbeeldige gesprek:

"I am Justice...And Mercy is correct, I am concerned about making things right. I consider myself a person who looks beyond the surface and the issues about which people seem to fight. What lies at the root of most conflicts are inequality, greed, and wrongdoing. I stand with Truth who sheds her light on the paths of wrongdoing. My task is to make sure that something is done to restore the damage that has been wreaked, particularly on the victims and the downtrodden. We must restore the relationship, but never at the expense of acknowledging and rectifying what broke the relationship in the first place."

Lederach wys dan daarop dat groepe verskillende persepsies van geregtigheid kan hê, en selfs gewelddadige aksie op grond van 'n veronderstelde behoefte aan geregtigheid kan probeer regverdig. Hy beklemtoon daarom in sy model die belangrikheid van *verantwoordbaarheid*. Sy argument is dat wedersydse begrip tussen groepe bevorder word wanneer hulle tydens interaksie aangemoedig word om verantwoordelikheid vir hul dade te aanvaar, en die geleentheid gegun word om hul gekose aksies teenoor ander te regverdig. Verskillende opvattinge aangaande geregtigheid word ook sodoende aan die lig gebring, en vorm 'n basis vanwaar daar 'n wedersydse aanvaarbare sosiale orde ontwikkel kan word. Die strewe na geregtigheid word dus as't ware 'n katalisator vir verdiepte wedersydse begrip (wat

---

<sup>87</sup> Lederach se beskrywing van die spanning tussen waarheid, vergewensgesindheid en geregtigheid sluit aan by Catherine Hu (2002) se argument oor die redes vir die gebrekkige rekonsiliasie van die Vrede van Versailles. Hu argumenteer dat daar in die verdrag van Versailles nie daarin geslaag is om 'n feitlik korrekte weergawe van die oorlog te bevorder nie, en dat die pogings om geregtigheid te bevorder nie met die nodige respek vir die menswaardigheid en die reg op gelykheid van die “verslaande” groepe (en spesifiek Duitsland) hanteer is nie.

vergewensgesindheid bevorder) en die hervorming van sosiale strukture – en dus ‘n sentrale voorvereiste vir vrede.

*Vrede* word uiteindelik in Lederach se model voorgestel as beide ‘n *dryfveer* vir verandering, en ‘n *resultaat* van die veranderingsproses. Trou aan die transformatiewe benadering word konflik, en dus ook die vredesprosesse wat daardeur genoodsaak word, beskou as ‘n dryfveer vir her-interpretasie en herskikking in onaanvaarbare verhoudings en strukture, en bevorder dit dus waarheid, vergewensgesindheid en geregtigheid. Waarheid, vergewensgesindheid en geregtigheid is egter uiteindelik ook voorvereistes vir vrede, aangesien dit stabiele verhoudings tussen groepe bevorder.

Lederach se konseptualisering van die voorvereistes vir stabiele verhoudings, en die fokus op beide strukturele en sosio-sielkundige transformasie word ondersteun deur die teoretiese raamwerke van ander konflik-praktisyns wat van die transformatiewe benadering gebruik maak.

Kriesberg (1997b:2) beskryf byvoorbeeld ook rekonsiliasie (dus: die herstel van verhoudings tussen konflikterende groepe) as die resultaat van erkenning, aanvaarding, apologie, vergifnis en vergoeding wat op ‘n individuele en kollektiewe vlak plaasvind *sowel* as die vestiging van “some or other form of parity” (dus geregtigheid) in die verhoudings tussen groepe – ten einde te vermy dat enige groep in die toekoms deur ‘n ander gedomineer of onderdruk word. Sy benadering sluit dus aan by beide die verskillende vlakke van transformasie en die voorvereistes vir vrede wat deur Lederach beskryf word.

Malvern Lumsden (1999:133) beskryf ook drie sones van realiteit wat in die hantering van konflik aangespreek moet word. Hierdie sones sluit in: die “eksterne, sosiale wêreld” (wat Lumsden beskryf as “disfunksionele sosio-politieke en ekonomiese stelsels”), die “innerlike, sielkundige wêreld” (wat verwys na individue en groepe se houdings en persepsies, hul sin van eiewaarde en die verdeling tussen groepe) en die “transisionele sone” (waarbinne daar volgens Lumsden ruimte geskep moet word vir sielkundige herstel, vir die uitruil van idees en feite rondom die subjektiewe en objektiewe realiteit en vir simboliese geleenthede vir versoening wat ‘n nuwe basis vir verhoudings tussen groepe kan lê). Lumsden se “eksterne, sosiale wêreld”, sluit aan by Lederach se konseptualisering van die bevordering van sosiale

geregtigheid, terwyl die “sielkundige wêreld” en sy beskrywing van die “transisionele sone” in ‘n mate met Lederach se beskrywings van die strewe na waarheid en die kweek van vergewensgesindheid ooreenstem.

Ook E. Franklik Dukes (1999:156) en Richard Rubenstein (1999:173-174) beskryf sosiale konflik as die resultaat van beide destruktiewe patrone van sosiale gedrag en disfunksionele sosiale strukture, en spreek hulself dan uit ten gunste van benaderings tot konflik wat aan beide die behoefte aan sosiale geregtigheid en die herstel van onstabiele verhoudings aandag gee. Hul benaderings steun dus ook Lederach se teorie dat waarheid en vergewensgesindheid (as die basis vir die herstel van verhoudings) en geregtigheid (as die herstel van disfunksionele sosiale strukture) die voorvereistes vir stabiele sosiale verhoudings is.

Gegewe hierdie konseptualisering van die oorsake van konflik, die vlakke van transformering en die voorvereistes vir stabiele verhoudings, word daar in die transformatiewe benadering ook bepaalde voorskrifte neergelê en voorstelle gemaak ten opsigte van die maniere waarop konflik hanteer kan/behoort te word. Hierdie voorskrifte en voorstelle word vervolgens bespreek.


## **5. Praktiese uitdrukking van die transformatiewe benadering**

Daar is in die beskrywing van die verskillende vlakke van transformasie genoem dat die transformatiewe benadering beide ‘n deskriptiewe dimensie (as beskrywing van die oorsake en gevolge van konflik) en ‘n preskriptiewe dimensie (waarin daar sekere voorstelle ten opsigte van die hantering van konflik gemaak word) omvat. Op ‘n deskriptiewe vlak sluit dit nou aan by die subjektivistiese benadering tot konflik. Lederach se riglyne vir die hantering van konflik (dus: die preskriptiewe dimensie van die teorie) word onderlê deur sy beskrywing van die verskillende vlakke van transformasie, sowel as sy voorvereistes vir rekonsiliasie, soos wat dit in afdeling 4.2 en 4.3 opgesom is.

### *Die progressie tot vreedsame verhoudings*

Lederach bou voort op Adam Curle se argument dat die “beweging vanaf konflikttuele na vreedsame verhoudings” voorgestel kan word in ‘n matriks waarin die aard van verhoudings

(d.w.s. of verhoudings gebalanseerd of ongebalanseerd is) met die vlakke van bewustheid van konfliktele belange en behoeftes vergelyk word (Lederach, 1995:12). Hy gebruik die matriks om drie funksies te identifiseer wat “progressiewe verandering” kan fasiliteer – en dus tydens vredesprosesse ingespan behoort te word (sien figuur 1). Elkeen van hierdie funksies, waaronder: opvoeding, advokaatskap (“advocacy”)<sup>88</sup> en mediasie kan op verskillende stadiums van die konflik ter bevordering van die transformiewe proses ingespan word.



**Figuur 1.** Die progressie van konflik (Lederach, 1995:13)

Volgens beide Curle en Lederach se modelle is opvoeding en bewusmaking veral nodig wanneer daar ongeregthede en wanbalanse bestaan waarvan mense nie bewus is nie. Opvoeding is dan daarop gemik om onkundigheid aan te spreek en bewustheid van ongelyke verhoudings en ongeregthede te verhoog (Lederach, 1995:12). Lederach (1995:12) wys

<sup>88</sup> Lederach en Curle se “advocacy” word hier vertaal as “advokaatskap”. Dit word onderskei van “bewusmaking” op grond van die feit dat daar in “bewusmaking” hoofsaaklik daarop gemik is om konfliktele kwessies en ongeregthede aan die lig te bring. In “advokaatskap” word daar egter ook aktief gepoog om *verandering* teweeg te bring, of ongeregthede aan te spreek.

daarop dat hierdie bewusmaking hoofsaaklik deur diegene wat die ongeregtighede ervaar geïnisieer sal word.

‘n Toename in die vlak van bewustheid van kwessies en die behoeftes en belange van verskillende partye lei volgens Lederach op ‘n natuurlike wyse tot eise vir *veranderinge* in die stand van sake. Hierdie eise word egter gewoonlik nie onmiddellik toegestaan nie, aangesien daar in die meerderheid van situasies ook groepe/ persone is wat by die huidige stand van sake baat, en daar dus ‘n bepaalde vlak van weerstand teen die verandering verwag kan word. Waar groepe wat aandring op verandering boonop in ongelyke magsverhoudinge tot ander groepe in hul omgewing staan, word hul kapasiteit om verandering te bewerkstellig ook deur hul ontmagtigde posisie in die samelewing beperk (Lederach, 1995:12-13). Volgens Lederach is dit op hierdie stadium van die konflik wat advokaatskap ‘n rol begin speel.

Advokaatskap behels aktiewe steun aan en samewerking met diegene wat verandering probeer bewerkstellig (Lederach, 1995:13). Dit is daarop gemik om magsverhoudinge te balanseer en die erkenning van wedersydse afhanklikheid aan te moedig deur die behoeftes en belange van ontmagtigde groepe te legitimeer, en hul inspraak in kwessies wat hulle raak te versterk. Volgens Lederach (1995:13) geskied hierdie proses normaalweg deur middel van een of ander vorm van konfrontasie waarin daar van “gewelddadige of nie-gewelddadige meganismes, of ‘n kombinasie van beide” gebruik gemaak kan word.

Die konsep van wedersydse afhanklikheid is belangrik, aangesien dit uiteindelik die erkenning van die unieke rol of posisie van verskillende groepe (en dus die legitimititeit van elkeen se aanspraak op ‘n regverdigde posisie in magsverhoudinge) is wat onderhandelinge tussen groepe moontlik maak.

Lederach stel dit as volg: “In essence, negotiation means that the various people or groups involved recognize they cannot simply impose their will or eliminate the other side, but rather must work with each other to achieve their goals.”

Dit is tydens die onderhandelingsfase wat mediators ‘n rol kan speel in die bevordering van stabiele verhoudings. In tradisionele modelle van onderhandelinge word daar primêr gefokus op die hantering van konflikte kwessies. Lederach se transformatiewe benadering vereis egter dat daar tydens onderhandelinge ook aandag gegee word aan die herstrukturering van

verhoudings. Daar word dus aan die een kant gepoog om wedersyds aanvaarbare reëls vir interaksie en die organisering van die sosiale orde te ontwikkel (dus: om geregtigheid te bevorder). Geregtigheid word egter ook in die onderhandelingsproses tesame met waarheid en vergewensgesindheid aangewend om rekonsiliasie tussen groepe te bewerkstellig. Curle (in Lederach, 1995:14) verwys uiteindelik na die resultaat van die onderhandelingsproses as “increased justice and more peaceful relations”.

Dit is belangrik om daarop te let dat die progressie vanaf bewusmaking na konfrontasie, van konfrontasie na onderhandeling en uiteindelik vanaf onderhandeling na verbeterde verhoudings en die hervorming van onaanvaarbare sosiale strukture nie noodwendig ‘n liniêre proses is nie. Lederach (1995:14) argumenteer dat ‘n gegewe konfliktsituasies vir uitgerekte periodes tussen verskillende kwadrante van die matriks kan sirkuleer of spring. As ‘n *benadering* tot die hantering van konflik, is konflik transformering egter daarop gemik om hierdie progressie oor die langtermyn te bevorder. Opvoeding, advokaatskap en mediasie verteenwoordig dus ‘n stel “komplementerende” en “wedyds ondersteunende” meganismes waardeur hierdie progressie aangemoedig kan word.

Die effektiwiteit van vredesprosesse behoort dus volgens hierdie model voortdurend gemeet te word, aan die mate waarin dit vordering tot vreedsame verhoudings en sosiale geregtigheid aanhelp. Lederach argumenteer ook dat die bevordering van geregtigheid die maatstaf is waaraan alle praktiese instrumente vir die bevordering van vrede gemeet moet word, en dat enige “rol, aktiwiteit of strategie” wat nie geregtigheid as doelwit het nie bevraagteken behoort te word. In aansluiting hierby ondersteun Lederach Curle se waarde-oriëntasie wat voorskryf dat suksesvolle vredesprosesse afhanklik is van die *bemagtiging* van ondergeskikte groepe, en dat enige veranderinge wat in die vredesproses bewerkstellig word ten gunste van ‘n verbeterde magposisie en ander wenslike uitkomst vir hierdie ontmagtigde groepe behoort te geskied (Lederach, 1995:14).

Beide Curle en Lederach beklemtoon egter ook die feit dat daar tydens mediasie, aan die artikulering van die legitieme behoeftes en belange van *alle* betrokke partye aandag gegee moet word om die ontwikkeling van regverdig, praktiese en wedersyds aanvaarbare oplossing moontlik te maak. Met ander woorde, hoewel daar dikwels tydens die bewusmakingsproses hoofsaaklik op die behoeftes van ontmagtigde groepe gefokus word,



moet daar tydens mediasie gepoog word om begrip vir alle standpunte in die konflik te kweek, en sodoende wedersydse begrip en wedersyds aanvaarbare oplossing te ontwikkel (Lederach, 1995:14-15).


Hierdie benadering tot mediasie word ook ondersteun deur Cecilia Albin. Volgens Albin (1991:48-49) kan samewerking tussen groepe slegs bevorder word deur 'n benadering tot onderhandelings waarin daar vanaf die premis gewerk word (en moontlik vooraf ooreengekom word) dat die behoeftes en waardes van konflikterende partye *erken* word; dat hierdie behoeftes en waardes nie op sigself die onderwerp van onderhandeling is nie; en daar slegs gedelibereer sal word oor die verskillende wyses waarop die behoeftes van verskillende partye in 'n prakties uitvoerbare oplossing aangespreek kan word. Daar word dus gestreef na die integrering van belange, eerder as 'n soeke na die minimale voorwaardes vir 'n ooreenkoms (die "laagste gemene deler") wat vir verskillende groepe aanvaarbaar sal wees. Hierdie erkenning van diverse behoeftes speel dien ook as positiewe bevestiging van die eiewaarde van verskillende groepe, en kan sodoende bydra tot die transformering van wedersydse persepsies en verhoudings – en uiteindelik ook vrede.

Hierdie beskrywing van die progressie tot vreedsame verhoudings maak dit ook vir ons moontlik om af te lei watter akteurs by vredesprosesse betrek behoort te word.

#### *Die akteurs wat by vredesprosesse betrek behoort te word*

In sy boek *Building Peace: Sustainable Reconciliation in Divided Societies* argumenteer J.P. Lederach (1997a), dat geen enkele groep leiers of verteenwoordigers van 'n enkele vlak van die samelewing vredesprosesse in isolasie kan dryf en momentum vir die implementering van ooreenkomste kan behou nie. Hy stel die verskillende akteurs in konfliktsituasies in 'n piramide voor (sien Figuur 2).

Lederach skryf dan tydens verskillende fases van die vredesprosesse verskillende rolle aan die "vlakke" (groepe in) die piramide toe. Top leierskap word byvoorbeeld by die aanvanklike onderhandelings betrek wat daarop gemik is om 'n agenda vir onderhandelings te bepaal en voorbereidings vir verdere gesprekke te tref.



**Figuur 2:** Lederach se model vir vredesprosesse

Afgelei van Lederach (1997a:39)

Middelvvlak leiers (hetsy op ekonomiese, etniese, religieuse, akademiese of humanitêre vlak) neem deel aan die onderhandelings self, en speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van werkbare oplossings vir die geskille tussen groepe. Voetsoolvlak akteurs word nie direk by onderhandelings betrek nie en word gewoonlik indirek deur die middelvvlak leiers oor die vredesproses ingelig. Volgens Lederach (in Knox & Quirk, 2000:25) bestaan daar in hierdie opsig 'n inkongruensie in so 'n struktuur, aangesien diegene wat in die grootste mate deur die uitkomst van die onderhandelings geraak gaan word (naamlik die mense op voetsoolvlak), die mees beperkte toegang tot die besluitnemingsprosesse het, wyl diegene wat direk by onderhandelings betrokke is dikwels op 'n "dag-tot-dag" basis geensins deur die gevolge/uitkomst van die proses beïnvloed sal word nie.

Voetsoolvlak leiers en hul volgelinge is boonop dikwels die enigste groep wat suksesvolle *implementering* van ooreenkomste kan waarborg. Waar die beginsels van 'n ooreenkoms deur persone op voetsoolvlak verwerp word, of waar daar geweier word om die bepalings van die ooreenkoms te aanvaar (veral met betrekking tot kritiese kwessies soos ontwapening of die opskorting van gewelddadige aktiwiteite), word leiers op vlak 1 en 2 na die

onderhandelingsstafel terug gedwing. Dit is daarom van sentrale belang dat die algemene publiek se steun vir 'n bepaalde oplossing/ooreenkoms voortdurend deur middel van effektiewe kommunikasie en deursigtige besluitnemingsprosesse gewen word.

Ook Harris & Reilly (1998) wys daarop dat die uitsluiting van groepe uit die onderhandelingsproses – veral in die geval van ekstremistiese partye wat die proses kan ontwig, en vordering tot 'n ooreenkoms kan verhoed – 'n besondere risiko inhou, aangesien die ooreenkoms moontlik 'n aanpassing in die aktiwiteite van hierdie groepe kan vereis. Indien alle groepe nie “inkoop” op die beginsels en bepalinge van die ooreenkoms nie, is die kans vir effektiewe implementering uiters beperk (Väyrynen, 1991:9).

'n Soortgelyke benadering word beskryf deur Reimann (2003:10-12) wat daarop wys dat die bou van vertikale verhoudings tussen akteurs van ongelyke status 'n belangrike bydra kan lewer tot die transformasie van verhoudings en persepsies, en dat akteurs uit al die betrokke groeperinge dus sover as moontlik by vredesprosesse betrek behoort te word.

#### *Die betrokkenheid van derde partye*

Dit is ook belangrik om te oorweeg watter rol daar in die transformatiewe benadering vir *eksterne* akteurs of sogenaamde *derde partye* voorgeskryf word. In Lederach se model van opvoeding, advokaatskap en mediasie, kan derde partye in elke vlak van die progressie tot vreedsame verhoudings betrokke wees. In haar opsomming van die akteurs wat by vredesprosesse betrek kan/ moet word wys Cordula Reimann (2003:4-6) daarop dat konflik transformering 'n langtermyn en dinamiese proses is waarin 'n verskeidenheid van akteurs op verskillende stadiums betrek word. Daar is gevolglik ook volop geleentheid vir derdeparty betrokkenheid, hetsy in 'n amptelike, militêre of politieke hoedanigheid (byvoorbeeld tydens formele onderhandelinge) of as fasiliteerders vir informele rekonsiliasie of probleemoplossingsinisiatiewe op voetsoolvlak of tussen die leiers van verskillende groeperinge (dus: op al die vlakke van Lederach se piramide). Reimann (2003:12) lê ook weereens klem op die belangrikheid van *volgehoue* betrokkenheid by konfliktsituasies, en spesifiek die rol van wat plaaslike en internasionale nie-regerings organisasies (NRO's) in post-konflik samelewings kan speel/ behoort te speel.

Dit is weereens hier belangrik om te noem dat die doel van transformatiewe benaderings tot die hantering van konflik nie is om 'n eksplisiete ooreenkoms tussen konflikterende partye te bewerkstellig nie. Dit is primêr daarop gemik om begrip te bevorder, en *sodoende* hervormings in onregverdigte sosiale strukture aan te moedig. Daar is verskillende praktiese meganismes wat ter bereiking van hierdie doelwit ingespan kan word. Burgess & Burgess *et al* (1997) beklemtoon vier verskillende instrumente wat tot die transformering van konflik kan bydra, insluitende: dialoog, analitiese probleemoplossing, konstruktiewe konfrontasie en deelnemende beredenering<sup>89</sup>. Elkeen van hierdie instrumente word kortliks hier omskryf.

#### *Transformatiewe instrumente vir die hantering van konflik*

Dialoog behels 'n gesprek tussen verskillende individue en groepe. Dit word onderskei van mediasie, onderhandeling en debat op grond van die *doel* van die gesprek – naamlik dat daar primêr gepoog word om wedersydse begrip en respek tussen deelnemers te bevorder. Die verskillende groepe probeer dus nie mekaar van 'n bepaalde standpunt oortuig nie, en daar word ook nie eksplisiet gepoog om 'n oplossing vir die betrokke geskil te ontwikkel/ identifiseer nie (Burgess & Burgess *et al*, 1997). Burgess & Burgess se beskrywing van die proses van dialoog sluit aan by die fisikus David Bohm (in Smyth, 2002:159) se beskrywing van dialoog as 'n “vloei van betekenis” tussen deelnemers, waarin hulle uitgedaag word om hul eie oortuigings tydelik opsy te skuif ten einde hulself as't ware “oop te stel” vir nuwe idees.

Dialoog word veral gebruik in waarde-gebaseerde konfliktsituasies waar onderhandelinge onmoontlik is omdat daar geen gedeelde verwysingsraamwerk tussen groepe bestaan nie (Burgess & Burgess *et al*, 1997). Vir dialoog om suksesvol te wees, is dit belangrik dat vooroordele vermy word, dat groepe na mekaar luister en mekaar se sienings respekteer, en dat die deelnemers hulself oopstel vir nuwe idees of benaderings tot die kwessies onder bespreking (Burgess & Burgess *et al*, 1997). Die dialoog skep in hierdie omstandighede 'n veilige ruimte waarbinne gevoelens en ervarings ge-artikuleer kan word en dit dien dus ook 'n belangrike sielkundige doel vir diegene wat tot op daardie stadium nog geen geleentheid gegun is om opinies te lug en moontlik hul optrede en houdings te legitimeer nie (Roth, 1994).

---

<sup>89</sup> “Collaborative learning” word hier vertaal as “deelnemende beredenering”. Die vertaling is gekies op grond van beide die klem op die betrokkenheid/ deelname van 'n wye verskeidenheid akteurs, en die konnotasie van logika en redelikheid wat daar aan die term “beredenering” geheg word.

Die gesprek word dus uiteindelik 'n instrument vir die bemagtiging van tradisioneel ontmagtigde groepe en die erkenning van hul griewe en belange.

In terme van Lederach se vlakke van transformasie is dit duidelik dat dialoog beide persoonlike en kulturele transformasie en transformasie in verhoudings kan aanmoedig – en dus volgens Lederach se model uiteindelik ook tot strukturele transformasie kan bydra. Dialoog kan ook bydra tot die bevrediging van die behoefte aan waarheid – aangesien al die betrokke groepe die geleentheid gegun word om hul ervarings van die konflik (en dikwels die ongeregtighede wat daarmee gepaard gegaan het) te deel. Volgens Leo Smyth (2002:158-159) word daar in die vloeï van dialoog tussen konflikterende partye “nuwe materiaal vir interpretasie” tot bestaande konsepsies van binne- en buitengroepe gevoeg. 'n Proses van herkonseptualisering van groepe se geïkte opvattinge oor mekaar word sodoende bevorder. Hierdie positiewe interaksie en verbetering in wedersydse begrip kan uiteindelik ook bydra tot die kweek van vergewensgesindheid. In terme van Lederach se model van die progressie na vreedsame verhoudings, sou ons ook kon argumenteer dat dialoog die geleentheid vir beide opvoeding en advokaatskap skep.

Analitiese probleemoplossing as 'n benadering tot die hantering van konflik is oorspronklik ontwikkel deur Herbert Kelman and John Burton, en is gebaseer op die teorieë van die oorsake van konflik wat fokus op menslike behoeftes (Burgess & Burgess *et al*, 1997). Die basiese argument is dat langdurige konflik onvermydelik is in omstandighede waar individue en groepe se fundamentele behoeftes (bv. aan identiteit, sekuriteit en erkenning) nie bevredig word nie. Analitiese probleemoplossing is dan daarop gemik om die behoeftes wat bedreig of ontken word te identifiseer en beide verhoudings en die sosiale stelsel as geheel te struktureer op 'n wyse wat hierdie behoeftes bevredig (Burgess & Burgess *et al*, 1997).

Die proses van analitiese probleemoplossing word gestruktureer bevorder in werkswinkels waarby analitiese besprekings oor die aard van die konflik gefasiliteer word. Konflikterende partye word gehelp om die konflik in terme van beide hul eie behoeftes en potensiële oplossings te omskryf. Die oplossings wat hieruit voortspruit vereis dikwels daadwerklike veranderinge in sosio-politieke en ekonomiese strukture.

Die fokus op probleemoplossing suggereer tot 'n mate dat hierdie instrument meer geskik is vir konflik skikking as vir die transformering van konflik. Dit word egter onderskei van die skikking-benadering op grond van die klem op die identifisering van verskillende partye se perspektiewe op die probleem, en spesifiek ook hul waardes, belange, vooroordele, vrese, behoeftes en wat hulle hoop om uit die getransformeerde orde te put (Burgess & Burgess *et al*, 1997). Emosies word dus nie vermy nie, en die transformering van die konflikterende partye se opvattinge van mekaar en hul interpretasie en persepsies van die situasie is 'n sentrale instrument waardeur gesamentlike oplossings vir die probleem bevorder word (Kelman, 1990:199).

Die proses van analitiese probleemoplossing kan transformasie op al vier van Lederach se "vlakke van transformasie" (naamlik: persoonlike transformasie, transformasie in verhoudings, strukturele transformasie en kulturele transformasie) bevorder. Die proses kan ingespan word om waarheid te ontbloot én vergewensgesindheid te kweek, en is uiteindelik daarop gemik om die sosiale interaksie en die sosio-politieke en ekonomiese omgewing op 'n regverdigte wyse te struktureer. In terme van Lederach se progressie na vreedsame verhoudings kan dit dien as forum vir opvoeding, advokaatskap en onderhandeling.

Soos daar in Afdeling 3.3 verduidelik is, is een van die basiese aannames van die transformatiewe benadering dat konflik 'n onvermydelike eienskap van sosiale verhoudings is. In konstruktiewe konfrontasie word daar gepoog om die destruktiewe impak van konflik te beperk deur konstruktiewe interaksie/ konfrontasie tussen groepe te vestig waarin daar nie noodwendig ooreenkomste bereik of oplossings geïdentifiseer word nie, maar waarin die verhoudings tussen die partye en hul begrip vir mekaar versterk word (Burgess & Burgess *et al*, 1997).

Die doel van die proses is weereens nie om ooreenkomste tussen groepe te beklink nie, maar eerder om konflikterende partye van kanale vir interaksie en betrokkenheid te voorsien wat die verhouding tussen groepe kan verbeter. Dit sluit aan by Bush en Folger (1994) se konsepte van "bemagtiging" en "erkenning". "Bemagtiging" is daarop gemik om groepe se begrip vir hul *eie* belange, waardes en behoeftes *en* die manier waarop dit op 'n aanvaarbare wyse bevredig en uitgeleef kan word te bevorder. "Erkenning" behels aan die ander kant die bevordering van begrip vir die belange, behoeftes en waardes van *ander* groepe. Daar word

uiteindelik gehoop dat hierdie bemagtiging en erkenning 'n basis sal lê vir 'n gesamentlike soeke na wedersyds aanvaarbare oplossings vir die geskil.

In Burgess & Burgess (1996) se beskrywing van konstruktiewe konfrontasie word daar ook spesifiek gefokus op die bevordering van onderskeid tussen fundamentele oorsake van die konflik, en die impak daarvan op ander kwessies of verhoudings – of sogenaamde “konflik bedekking”. Daar word ge-argumenteer dat die belangrikste kwessies (oorsake van die konflik) deur ander kompliserende faktore (byvoorbeeld: misverstande, prosedurele probleme, onenigheid oor bepaalde tegniese feite ens.) versteek word (Burgess & Burgess, 1996). In konstruktiewe konfrontasie word daar dan gepoog om hierdie “bedekkings” te verwyder deur byvoorbeeld die eksplisiete hantering van misverstande, deur konsensus oor prosedurele kwessies te bevorder en deur geleenthede te skep vir die uitruil van wedersyds geloofwaardige tegniese informasie (Burgess & Burgess, 1997). Die destruktiewe aard van die konflik word dan op hierdie wyse beperk.

Konstruktiewe konfrontasie sou kon bydra tot persoonlike transformasie, transformasie in verhoudings, strukturele én kulturele transformasie. Dit kan dien as meganisme om die uitdrukking van “waarheid” tussen konflikterende groepe te bevorder, en kan vergewensgesindheid tussen groepe kweek. Sosiale geregtigheid is uiteindelik ook 'n implisiete doelwit van die proses. In terme van Lederach se progressie tot vreedsame verhoudings, behoort opvoeding, advokaatskap sowel as onderhandeling en mediasie in die proses van konstruktiewe konfrontasie bevorder te word.

Deelnemende beredenering word by uitstek ingespan in konflik rakende openbare beleid. Interaksie tussen kundiges op vakgebiede wat met die konflik verband hou, die algemene publiek en direkte deelnemers aan die betrokke vredesproses word aangemoedig. Hierdie interaksie verdiep uiteindelik kundiges se begrip vir die konflik en die kwessies in die geskil (Burgess & Burgess *et al*, 1997). Die publiek en deelnemers aan die vredesproses word egter ook gekonfronteer met meer objektiewe, teoretiese benaderings tot hul eie situasie, wat dikwels tot nuwe insigte oor hulself, hul eie persepsies, sowel as hul persepsies van ander partye in die konflik kan lei (Burgess & Burgess *et al*, 1997).

Die uiteindelige doel is om partye te *bemagtig* om sinvolle, werkbare oplossings vir hul geskille te vind deur die verbetering van kommunikasie tussen groepe en die versameling,

analiserings en uitbou van begrip vir komplekse tegniese informasie wat meer ingeligte besluitneming deur die konflikterende partye moontlik maak (Burgess & Burgess *et al*, 1997).

Soos in ander transformatiewe benaderings tot konflik word daar groter klem geplaas op die *proses* as op die *uitkoms* van die interaksie, en word daar gestreef na “inkrementele verbeterings” in wedersydse begrip vir mekaar en die situasie – eerder as die bereik van ‘n finale ooreenkoms (Burgess & Burgess *et al*, 1997).

Deelnemende beredenering kan bydra tot transformasie op ‘n persoonlike vlak, in verhoudings en in kulturele interpretasies van die konflik. Soos in ander transformatiewe benaderings word daar gehoop dat hierdie transformasie-prosesse tot strukturele hervorming (ter bevordering van sosiale geregtigheid) sal bydra. In terme van Lederach se “voorvereistes vir vrede” is dit hoofsaaklik gefokus op die uitdrukking van “waarheid” – en veral teoreties korrekte informasie oor die moontlike implikasies van die implementering van bepaalde beleidsraamwerke. In die progressie tot vreedsame verhoudings vervul deelnemende beredenering hoofsaaklik ‘n opvoedings-funksie, wat uiteindelik meer betekenisvolle, beredeneerde onderhandelinge tussen konflikterende groepe moontlik maak.

## **6. Sosiale identiteit, geregtigheid en die transformatiewe benadering tot konflik**

Daar is in Afdeling 2 van hierdie hoofstuk geargumenteer dat ‘n *omvattende* benadering tot konflik benodig word, waarin beide die objektiewe en subjektiewe oorsake van konflik aangespreek word. Daar is in Afdeling 3 en 4 getoon dat so ‘n omvattende benadering tot die hantering van konflik gevind kan word in die transformatiewe benadering, waarin daar aandag gegee word aan beide die bevordering van sosiale geregtigheid en aan die herstel van die verhoudings, die bevordering van begrip en die fasilitering van prosesse van her-interpretasie tussen konflikterende groepe. Daar is ook geargumenteer dat sosiale geregtigheid as’t ware moontlik gemaak word deur die bevordering van begrip tussen konflikterende groepe en die fasilitering van ‘n vernuwing in hul interpretasies van die sosiale realiteit.

In Hoofstuk 2 is daar egter geargumenteer dat die individuele en kollektiewe behoefte aan positiewe selfbevestiging die onderliggende meganisme van konflik tussen groepe is. Daar is (in Hoofstuk 2, Afdeling 5) getoon dat individuele self-bevestiging dikwels ontleen word uit



lidmaatskap aan positief ge-evalueerde groepe, dat opvattinge van kollektiewe sosiale status gebaseer word op vergelyking tussen sosiale groepe en dat daar dus sterk klem gelê word op *relatiewe* (eerder as absolute) status. Teen hierdie agtergrond is daar in Afdeling 5.2.4 klem gelê op die rol van *ongelykheid* as katalisator vir sosiale konflik, en getoon dat konflik ontstaan wanneer (i) ondergeskikte groepe teen 'n bepaalde status quo in opstand kom, of (ii) wanneer dominante groepe poog om 'n status quo wat hul eie meerderwaardigheid bevestig in stand te hou. Daar is vervolgens (in Hoofstuk 2, Afdeling 6) 'n beskrywing gegee van verskillende opsies vir die hantering van bedreigde groepstatus, soos omskryf deur Tajfel & Turner (1979). Elkeen van hierdie opsies behels 'n individuele of kollektiewe poging om die status-implikasies van kwetsende vergelykings (wat op grond van ongelykhede in byvoorbeeld: mag, die verdeling van hulpbronne of die erkenning van waardes en kulture getref word) te ontkom. Daar is egter uiteindelik in Afdeling 7 in Hoofstuk 2 geargumenteer dat ongelykhede tussen groepe (ten opsigte van o.a. hulpbronne, mag en veral die ongelykhede in *status* wat daarmee gepaard gaan) 'n onvermydelike kenmerk van die sosiale realiteit is. Gegewe die belangrikheid van *relatiewe* status blyk *gelykberegting in eiewaarde* – m.a.w. 'n status quo waarin alle sosiale groepe se behoefte aan positiewe self-bevestiging bevredig word – dus 'n oënskylik 'n onbereikbare ideaal te wees. Sosiale konflik blyk dus onvermydelik.

In Tajfel & Turner (1979:41-45) se beskrywing van die opsies vir die hantering van bedreigde groepstatus is daar egter omstandighede beskryf waaronder die groepe in hul eksperimentele situasies bereid was om ongelykhede (en die gepaardgaande status-implikasies) te aanvaar – naamlik: wanneer die ongelykheid die resultaat was van 'n *regverdig* kompetisie waarvan die reëls deur al die betrokke partye aanvaar is.

Hoewel Tajfel & Turner geen eksplisiete omskrywing van die beginsels van regverdige kompetisie gee nie, blyk veral die verloorders in kompeterende situasies se aanvaarding van kompeterende uitkomst afhanglik te wees van die mate waarin dit vir hulle in toekomstige kompeterende situasies moontlik sou wees om hul posisie – en dus hul gepaardgaande status – oor die langtermyn te verander<sup>90</sup>. Waar dit vir groepe moontlik is om hul posisie in

---

<sup>90</sup> Tajfel & Turner (1979:45) gebruik die voorbeeld van twee sokkerspanne wat onderskeidelik eerste en tweede in hul liga ge-eindig het. In die huidige situasie (in hierdie geval, die huidige seisoen) bestaan daar geen twyfel oor watter span hoër status geniet nie. Die uitkomst van die kompetisie word egter nie noodwendig as 'n kwetsende vergelyking ervaar nie, aangesien die spanne in 'n volgende seisoen (dus: in 'n toekomstige kompeterende situasie) weer op 'n gelyke voet sal kompeteer, en die span wat tweede ge-eindig het dus die geleentheid gegun

kompeterende situasies te verander, word daar nie 'n permanente etiket van vernedering (negatiewe status) aan die verloorders toegeken nie. Met ander woorde: om 'n verloorder te wees is nie om ondergeskik, minderwaardig of agterlik te wees nie, en om 'n wenner te wees, is nie om dominant, meerderwaardig of "beter" te wees *op 'n manier wat wyer strek as die huidige uitslag van die kompetisie nie*. Gelykberegting in eiewaarde word dus op hierdie wyse in stand gehou.

Dit is egter moontlik dat die wenners en verloorders in 'n kompeterende situasie verskillende interpretasies kan hê van wat die beginsels van *regverdige* kompetisie behels. Du Toit (2004b:200) wys byvoorbeeld daarop dat dominante groepe onder normale omstandighede ten gunste is van oop, vrye kompetisie, aangesien hulle in sulke omstandighede op hul kompeterende voordeel (as die sterkste deelnemers) sou kon kapitaliseer. Swakker groepe is aan die ander kant geneig om te verkies dat die reëls in kompeterende situasies op een of ander wyse die kompeterende voordeel van dominante groepe inperk, of moontlik swakker groepe bevoordeel, en sodoende hul kanse versterk om hul ondergeskikte posisie te verbeter (du Toit, 2004b:200).

Hierdie twee posisies blyk op die oog af onversoenbaar te wees. In hoofstuk 2, in afdeling 5.2.3 is daar egter ge-argumenteer dat positiewe self-persepsie (of die bevestiging van kollektiewe eiewaarde) afhanklik is van die erkenning van ander in die sosiale omgewing, en dat slegs relevante vergelykings tussen groepe wat in die meeste ander opsigte ooreenstem as 'n legitieme basis vir positiewe selfbevestiging kan dien. Hierdie behoefte aan eksterne *erkenning*, en 'n *legitieme* kanaal om groepstatus te bevestig kan moontlik dien as meganisme om die kompeterende voorkeure van dominante en ondergeskikte groepe te versoen.

Oorweeg ter illustrasie die volgende voorbeeld: 'n Suid-Afrikaanse sokkerspan wen 'n sokkerwedstryd. Hierdie oorwinning behoort die betrokke span se behoefte aan die bevestiging van hul kollektiewe eiewaarde te bevredig. Sou die span wat gewen het egter 'n bekende deelnemer aan die premierliga wees, en die span oor wie die oorwinning behaal is, is die eerstespan van 'n klein landelike skool, sou ons kon verwag dat die positiewe self-

---

sal word om hul posisie te verander. Die reëls van die kompetisie word boonop in hierdie geval deur al die deelnemers aanvaar, en die span wat tweede ge-eindig het behoort dus die wenners as "legitieme meerderes" ("legitimately superior") te aanvaar (Tajfel & Turner, 1979:41).

bevestiging wat uit die wedstryd ontleen is nié so sterk sal wees nie. Beide die relevansie van die vergelyking, en die moontlikheid dat ander in die sosiale omgewing die oorwinning as 'n prestasie (en dus 'n geloofwaardige basis vir self-bevestiging) sal beskou is in hierdie geval onder verdenking. Tog het die spanne volgens gelyke (“oop”/“vrye”) reëls meegeding. Die statusimplikasies van die vergelyking word egter ge-negeer deur iets *buite* die spesifieke kompeterende situasie – byvoorbeeld: die groot verskille in die tyd wat aan sokker afgestaan word, die kwaliteit van afrigting en toerusting, die vermoë om goeie spelers in te koop, die ouderdom en ervaring van die spelers ens. Dit lyk dus asof daar ten spyte van die gelyke reëls in die betrokke wedstryd, nié op 'n gelyke voet meegeding word nie, en dat hierdie ongelykhede wat *ekstern* aan die onmiddellike kompeterende situasie is tog 'n invloed op die statusimplikasies vir die wenners en die verloorders in die kompetisie het.

In hierdie omstandighede sou die dominante span nie noodwendig verkies om volgens “gelyke reëls” mee te ding nie. 'n Aanpassing wat die skoolspan sou bevoordeel (soos byvoorbeeld dat die skoolspan se doelhek heelwat kleiner is, dat hulle twee punte kry vir elke doel wat hulle aanteken, of dat die premierliga span met minder spelers speel) sou intendeel die dominante span se vermoë om positiewe self-bevestiging uit die wedstryd te ontleen versterk. Dit sou beide eksterne erkenning vir die oorwinning aanmoedig, *en* die relevansie van die vergelyking (en dus die uitslag) ondersteun.

Daar is egter 'n verdere dinamika wat ook in die bepaling van die reëls in ag geneem moet word. Ook die swakker span se positiewe self-bevestiging is afhanklik van die erkenning van ander, en die relevansie van die vergelyking waaruit die bevestiging ontleen word. Sou die reëls dus die kompeterende voordeel van die premierliga span tot té 'n groot mate beperk (byvoorbeeld: indien die skoolspan by aanvang van die wedstryd 'n voorsprong van tien doele sou kry) sou 'n oorwinning aan die ondergeskikte span ewe niksseggend wees. Die skoolspan sou selfs moontlik verkies om in 'n wedstryd met gelyke reëls te verloor, en daardeur as “waardige teenstanders” erken te word.

Ons kan uit die voorbeeld aflei dat: (i) daar omstandighede *ekstern* aan 'n spesifieke kompeterende situasie is wat die uitkoms van die kompetisie, en dus die statusimplikasies van die uitkomst, beïnvloed; (ii) dat beide dominante en ondergeskikte groepe 'n behoefte

aan regverdig kompeterende omstandighede het; en (iii) dat hierdie behoefte aan regverdigheid nie noodwendig impliseer dat dieselfde reëls vir alle groepe behoort te geld nie.

'n Belangrike vraag wat dus onbeantwoord bly, is: is daar 'n meer universele maatstaf van regverdigheid wat beide dominante en ondergeskikte groepe se behoefte aan regverdigheid bevredig, en hul sodoende in staat sal stel om gelykberegting in eiewaarde uit kompeterende situasies te ontleen?

*Ons kan aan die konsep van regverdige kompetisie groter analitiese diepte verleen deur dit te koppel aan die konsep van sosiale geregtigheid, soos wat dit in die transformiewe benadering tot konflik as 'n voorvereiste vir stabiele verhoudings tussen sosiale groepe beskryf word. Die koppeling is daarin geleë dat kompetisie, as 'n proses van wedywering, as regverdig beskou word insoverre dit aan die norme van sosiale geregtigheid voldoen. Ons argumenteer dus dat gelykberegting in kollektiewe eiewaarde moontlik word in kompeterende omstandighede waar die norme van sosiale geregtigheid geld.*

*Dit is belangrik om te let dat aanhangers van die transformiewe benadering, ten spyte van hul teoretiese klem op strukturele verandering en die bevordering van sosiale geregtigheid as 'n voorvereiste vir vreedsame verhoudings tussen groepe, self slegs beperkte definisies vir sosiale geregtigheid het. Talle teoretici beklemtoon bloot in hul verwysings na geregtigheid die behoefte aan gelykheid<sup>91</sup>. In hul artikel oor konflik transformering noem Lederach en Maiese (2003:5) wel die behoefte aan stukture wat substantiewe geregtigheid (as die bevrediging van basiese menslike behoeftes) en prosedurele geregtigheid (as die maksimering van individue en groepe se deelname aan besluitnemingsprosesse wat hulle raak) bevorder. Daar is egter 'n belangrike gaping in hierdie hantering van die konsep van "geregtigheid" – naamlik, die versuim om 'n algemene beginsel te identifiseer in terme waarvan die regverdigheid van die onvermydelike ongelykhede in die verdeling van mag, hulpbronne en status in sosiale omgewings gevalueer kan word. Hierdie gaping word aangespreek in John Rawls (1971:3) se beskrywing van geregtigheid as voorwaarde vir vreedsame sosiale verhoudings en die volhoubaarheid van sosiale strukture<sup>92</sup>.*

---

<sup>91</sup> Sien byvoorbeeld Lederach (1997:20), Kriesberg (1999:113), Lumsden (1999:133), Burgess & Burgess *et al* (1997) en Lu (2002).

<sup>92</sup> Rawls (1971:3) redeneer dat geregtigheid die maatstaf is waaraan alle sosiale strukture moet voldoen op dieselfde wyse as wat waarheid die maatstaf is waaraan denkraamwerke (of denkskole) gemeet word.

In sy *Theory of Justice* (1971:4) argumenteer Rawls dat dit in omstandighede van sosiale samewerking (soos byvoorbeeld in die moderne samelewing) noodsaaklik is om reëls/norme te formuleer waarvolgens die basiese regte en verantwoordelikhede in die samelewing, sowel as die sosiale en ekonomiese kostes en voordele wat in die samelewing gegeneer word, verdeel moet word<sup>93</sup>. Hierdie reëls is die “onderwerp” van die beginsels van sosiale geregtigheid soos wat dit deur Rawls omskryf word.

Rawls se konseptualisering van geregtigheid spruit uit sy beskrywing van ‘n denkbeeldige situasie waarin sosiale strukture van nuuts ontwikkel word deur verteenwoordigers van groepe wat geen vooraf kennis dra van hul posisie in die samelewing waarbinne die reëls vir sosiale organisasie waarop hulle ooreenkom geïmplementeer sal word nie<sup>94</sup> (Rawls noem dit die “sluier van onwetendheid” [“veil of ignorance”]). Rawls (1971:12, 17-21) redeneer dat dit in hierdie situasie tot voordeel van *elke* deelnemer aan die besluitnemingsproses is om die belange van *alle* groeperinge in die samelewing te beskerm juis omdat hul uiteindelijke posisie in die samelewing nie aan hulle bekend is nie en daar dus geen poging sal wees om ‘n bepaalde groep onregverdiglik te bevoordeel nie.

Rawls beskryf hierdie “oorspronklike posisie” (“original position”) as volg:

"The original position...is understood as a purely hypothetical situation characterized so as to lead to a certain conception of justice. Among the essential features of this situation is that no one knows his place in society, his class position or social status, nor does any one know his fortune in the distribution of natural assets and abilities, his intelligence, strength and the like...The principles of justice are chosen behind [this] veil of ignorance. This ensures that no one is advantaged or disadvantaged in the choice of principles..."

Volgens Rawls sal besluitnemers in so ‘n situasie ooreenkom op twee beginsels van geregtigheid. Die eerste hiervan bepaal dat alle individue en groepe *gelyke* aanspraak het op die mees omvattende basiese regte en vryhede wat met soortgelyke regte aan ander lede van die samelewing versoenbaar is (Rawls: 1971:60). Met ander woorde: regte en vryhede

---

<sup>93</sup> Soos Thomas Hobbes, John Locke en Jean-Jacques Rousseau benadruk hy die belangrikheid van ‘n “sosiale kontrak” of ooreenkoms wat duidelike reëls vir interaksie uiteensit, en sodoende ‘n stabiele basis vir samewerking tussen verskillende lede van ‘n samelewing kan vorm.

<sup>94</sup> Besluitnemers weet dus nie of hulle in die omgewing waarbinne hul ooreengekome reëls geïmplementeer gaan word lede van sterk of swak groepe sal wees; wat hulle natuurlike talente en aanlegte sal wees; en of hulle dus in kompeterende omstandighede as “wenners” of “verloorders” uit die stryd sou tree nie.

word in beginsel *gelyk* toegedeel. Die *omvang* van hierdie regte word egter bepaal deur dit wat moontlik is sonder om die regte en vryhede van ander in die samelewing te beperk<sup>95</sup>.

Rawls argumenteer egter dat gelykheid in die verdeling van alle sosiale en ekonomiese kostes en voordele (waaronder: gesag en rykdom) nie prakties haalbaar is nie en in der waarheid nódig is om ekonomiese en sosiale prestasie te motiveer<sup>96</sup>. Hy formuleer dus 'n tweede beginsel van geregtigheid (naamlik die "difference principle") wat bepaal, dat ongelyke sosiale en ekonomiese *uitkomst*e wel regverdigbaar is indien dit: (i) ontstaan in kompeterende omstandighede waarin daar gelyke geleenthede bestaan, en (ii) wanneer die ongelykheid tot kompenserende voordele vir alle lede van die samelewing sal bydra, en spesifiek die belange van die mees ontmagtigde groepe sal dien (Rawls, 1971:60-61, 302-303).

Uit hierdie twee beginsels lei Rawls (1971:14-15, 62) 'n *algemene beginsel* van sosiale geregtigheid af, naamlik: *dat alle primêre sosiale goedere [insluitende geleenthede] gelyk verdeel moet word, tensy die ongelyke verdeling daarvan tot voordeel van die mees ontmagtigde groep<sup>97</sup> sal strek*. Hierdie beginsels moet volgens Rawls (1971:62) toegepas word in die verdeling van alle primêre sosiale goedere, waaronder: regte en vryhede, mag en geleenthede, inkomste en rykdom, *en die bronne van self-respek<sup>98</sup>*.

Rawls motiveer sy verwagting dat besluitnemers onder 'n "sluier van onwetendheid" 'n bepaalde vooroordeel ten gunste van ondergeskikte (of ontmagtigde) groepe sal hê, op grond van die feit dat daar omstandighede *ekstern* aan spesifieke kompeterende situasies is, wat die uitkomst van die kompetisie beïnvloed. Die beginsel van gelykheid, en selfs gelyke geleenthede, is dus nie op sigself genoeg om regverdigde *uitkomst*e te verseker nie. Hy

---

<sup>95</sup> Rawls (1971:67) baseer hierdie toedeling van regte op die beginsel van Pareto-optimaliteit, wat bepaal dat 'n verdeling doeltreffend is wanneer dit onmoontlik is om sekere persone (minstens een persoon) se omstandighede te verbeter, sonder om ander persone (minstens een persoon) se omstandighede te versleg.

<sup>96</sup> Rawls maak dus hier gebruik van die kapitalistiese argument dat mense optimaal presteer wanneer elkeen volgens sy insette beloon word.

<sup>97</sup> Dit is belangrik om te let, dat Rawls in die oorspronklike formulering van die algemene beginsel van sosiale geregtigheid verwys na "least advantaged members of society", eerder as die mees ontmagtigde *groep* soos hierbo vertaal. Gegewe die feit dat die verdeling van ekonomiese en ander hulpbronne in die Suid-Afrikaanse konteks steeds 'n duidelik rasse-dimensie het (sien hoofstuk 2, afdeling 2), en die proses van herverdeling ook tans volgens raslyne geskied, word daar egter aanvaar dat die vertaling in hierdie konteks geoorloof is.

<sup>98</sup> Dit is belangrik om te let dat Rawls se konseptualisering van die bronne van self-respek verskil van dié wat tot dusvêr in hierdie hoofstuk beskryf is. Rawls fokus in sy omskrywing van die bronne van self-respek hoofsaaklik op die individu se vertroue in sy eie vermoëns, geleenthede vir die uitlewing van persoonlike oortuigings, en die bevestiging van hierdie persoonlike vermoëns en oortuigings deur ander in die sosiale omgewing. Hoewel hierdie konseptualisering van self-respek by die aanvanklike definisie van self-respek (naamlik "the feeling that you are an object of primary value in a meaningful universe" [hoofstuk 2, afdeling 5.2.1]) aansluit, is daar in Rawls se definisie geen verwysing na die impak van die verdeling van ander sosiale goedere (byvoorbeeld: die verdeling van mag en hulpbronne) op die self-bevestiging van individue en groepe nie.

argumenteer byvoorbeeld dat beide die natuurlike talente van individue sowel as hul sosiale omstandighede hul kapasiteit om in die sosiale en ekonomiese arena te kompeteer, en dus die verdeling van rykdom en ander sosiale kostes en voordele, sal beïnvloed (Rawls, 1971:72-75). Aangesien individue en groepe min of geen beheer het oor hierdie faktore – wat uiteindelik bepalend is vir hul kapasiteit om te kompeteer – nie, is Rawls (1971:75-76) dus van mening dat die besluitnemers onder ‘n “sluier van onwetendheid” in hul beginsels vir die regverdigte verdeling van sosiale en ekonomiese kostes en voordele voorsiening sal maak vir *ongelykhede* wat die belange van swakker of minder bevoorregte groepe beskerm of bevorder. Die ongelykheid dien dan dus as (i) kompensering vir ongelyke uitkomst, of (ii) dit kan swakker groepe in die kompeterende proses bevoordeel, en sodoende meer gelyke uitkomst teeweegbring.

Hierdie beginsel, of dimensies daarvan, word in menigte moderne samelewings toegepas. Oorweeg ter illustrasie die volgende twee voorbeelde:

Proporsionele belasting en die spandering daarvan deur die staat is ‘n klassieke voorbeeld van ‘n sosiale instelling wat daarop gemik is om vir ongelyke uitkomst in kompeterende prosesse te kompenseer. Sterker ekonomiese rolspelers (bv. ryk individue) betaal meer belasting as swak ekonomiese rolspelers (bv. arm individue). Die besteding van belasting bevoordeel aan die ander kant onder normale omstandighede juis swakker spelers – byvoorbeeld in die vorm van armoede-toelae, subsidies ensovoorts. Die ongelykheid in die verdeling van die verantwoordelikheid vir belastingbetaling sowel as die disproporsionele besteding van belasting bevorder dus gelykheid deur vir ongelyke sosio-ekonomiese uitkomst te *kompenseer*.

Die Suid-Afrikaanse grondwet is gebaseer op die beginsel van *gelykheid*. As gevolg van die land se geskiedenis van ongelyke ontwikkeling word daar egter in Afdeling 9(2) van die grondwet voorsiening gemaak vir diskriminasie (met ander woorde: ongelykheid) *ten gunste van* voorheen benadeelde groepe (Government of South Africa, 1996). Daar word dus voorsiening gemaak vir wetgewing en beleidmaatreëls wat swakker groepe bevoordeel (soos byvoorbeeld die Wet op Billike Indiensneming of die Wet op Swart Ekonomiese Bemagtiging), en dus deur die *ongelyke hantering* van verskillende groepe meer *gelyke uitkomst* te bevorder.

*Die proposisie wat hier gestel word, is dat regverdige kompeterende omstandighede stabiele verhoudings tussen groepe moontlik maak, dat Rawls se beginsels van sosiale geregtigheid as 'n maatstaf van regverdige kompetisie kan dien, en dat die aanvaarding van hierdie beginsels in 'n transformatiewe benadering tot konflikbeslegting bevorder kan word.*

Die basiese komponente van die argument wat hierdie proposisie ondersteun, kan as volg opgesom word:

Stabiele sosiale verhoudings is afhanklik van gelykberegting in die eiewaarde van sosiale groepe. Gelykberegting in eiewaarde impliseer egter nie noodwendig gelyke *uitkomst* in kompeterende prosesse nie. In hul sosiaal-sielkundige analise van groepsgebaseerde konflik bevind Tajfel & Turner (1979) byvoorbeeld dat sosiale groepe bereid is om 'n ongelyke verdeling in primêre sosiale goedere en die statusimplikasies wat daarmee gepaard gaan (m.a.w. ongelyke uitkomst) te aanvaar in omstandighede van *regverdige kompetisie*. Tajfel & Turner bied geen eksplisiete definisie gegee van “*regverdige kompetisie*” nie. Daar word egter geargumenteer dat die vergelykings tussen groepe *skadeloos* word wanneer status-hiërargieë nie *permanent* is nie, en dit dus die “verloorders” in konfliktsituasies moontlik is om (selfs al is dit oor die langtermyn) uit hul posisie van ondergeskiktheid te ontsnap. Die vraag wat dus beantwoord moet word, is: watter tipe kompeterende omstandighede (dus: watter tipe reëls) sal sodanige *veranderbaarheid* in die verdeling van sosiale kostes en voordele moontlik maak, en dus 'n potensieel veranderbare status-hiërargie vestig<sup>99</sup>.

Rawls beskryf 'n situasie waar verskillende lede van 'n samelewing op *beginsels* vir die verdeling van sosiale en ekonomiese kostes en voordele (dus: kompeterende reëls) moet ooreenkom. In Rawls se beskrywing van “oorspronklike besinning onder 'n sluier van onwetendheid” het geeneen vooraf kennis van sy posisie in die samelewing nie, en is daar dus by uitstek 'n behoefte om sodanige *veranderbare* (oop) status-hiërargieë te vestig. Volgens Rawls sal besluitnemers in hierdie omstandighede ooreenkom op reëls vir kompetisie (of beginsels vir sosiale geregtigheid) wat in die eerste plek aan die beginsel van *gelykheid* voldoen (insluitende: gelyke geleenthede aan alle “deelnemers”), maar ook voorsiening maak vir ongelykhede wat swakker groepe bevoordeel (bv. waar daar 'n behoefte is om swakker groepe vir *ongelyke uitkomst* te vergoed, of om swakker groepe te

---

<sup>99</sup> Met ander woorde: watter tipe reëls sal dit vir “verloorders” moontlik maak om “wenners” te word.



bevoordeel ten einde meer *gelyke uitkomst* te bevorder). Die argument is dus dat indien kompeterende reëls aan Rawls se beginsels van sosiale geregtigheid voldoen, status-hiërargieë aanpasbaar genoeg behoort te wees om die kwetsende aard van tussen-groep vergelykings te verwyder.

Waar vergelykings so 'n onskadelike karakter aanneem, word gelykberegting in eiewaarde gevestig, en behoort sosiale groepe bereid te wees om die onvermydelike ongelykhede in die verdeling van primêre sosiale goedere te aanvaar. Stabiele sosiale verhoudings word sodoende moontlik gemaak.

Om hierdie beginsel in die hantering van konflik in te span, moet daar prosesse geïdentifiseer word deur middel waarvan die toepassing van Rawls se beginsels vir sosiale geregtigheid in die reëls vir kompetisie geïntegreer kan word. Die transformatiewe benadering tot konflik kan moontlik hierdie rol vervul.

Daar word in die transformatiewe benadering tot konflik voortdurend gepoog om verhoudings te herstel en wedersydse begrip tussen konflikterende partye te bevorder. Daar word geargumenteer dat hierdie bevordering van begrip tot meer regverdige sosiale strukture sal aanleiding gee namate deelnemers aan die konflik die perspektief van buitengroepe begin respekteer, 'n sensitiwiteit ontwikkel vir hul wedersydse afhanklikheid en hul gedeelde belange duidelik word. Daar word dus as't ware *nader* beweeg aan omstandighede soortgelyk aan dié in Rawls se denkbeeldige besluitnemingsproses (die "oorspronklike posisie"), waarin daar verwag word dat besluitnemers in die belang van *alle* betrokke groepe sal optree. Die vredesproses word dus binne 'n transformatiewe benadering 'n geleentheid vir "oorspronklike besinning" oor sosiale strukture, en dien (trou aan die transformatiewe benadering) as 'n katalisator vir verandering ter bevordering van sosiale geregtigheid<sup>100</sup> - met ander woorde: 'n kanaal waardeur die integrering van die beginsels van sosiale geregtigheid in die reëls van kompetisie bevorder kan word.

---

<sup>100</sup> Die klem op die ontwikkeling van regverdige sosiale strukture sou moontlik kon lei tot 'n onderbektoneering van die noodsaaklikheid van die *herstel van sosiale verhoudings* wat in die transformatiewe benadering voorgeskryf word. Die feit dat die aanvaarding van die beginsels van sosiale geregtigheid afhanklik is van die herstel van verhoudings en die bevordering van wedersydse begrip beskerm egter die fokus op opvoeding, advokaatskap en die interaktiewe aard van onderhandelings wat as katalisators vir so 'n verdieping van begrip dien.

## 7. Konflik transformering en die kontakhipotese

Die teorie van konflik transformering sluit op 'n unieke wyse aan by die bekende, maar kontroversiële kontakhipotese. Dié hipotese is aanvanklik ontwikkel deur Gordon Allport in sy 1954 boek, *The Nature of Prejudice*. Allport argumenteer dat tussen-groep vooroordeel in optimale omstandighede deur kontak tussen groepe verminder kan word (du Toit & Bosman, 2007:3-4). 'n Negatiewe korrelasie tussen *kontak tussen groepe* en *konflik tussen groepe* word dus geïdentifiseer (met ander woorde: meer kontak tussen groepe lei tot minder konflik tussen die betrokke groepe) (Forbes, 2004:69).

In terme van die teoretisering rondom die kontakhipotese is daar drie voorvereistes (sogenaamde “optimale omstandighede”) vir die negatiewe korrelasie tussen kontak en konflik om te realiseer, naamlik: (i) dat groepe in situasies van kontak gelyke status geniet, (ii) dat die groepe in 'n aktiwiteit betrek word waar hulle 'n gesamentlike doelwit het, en (iii) waar die situasies van kontak 'n bepaalde vlak van institusionele legitimiteit het (Smith, 1994:438). Dit sluit in hierdie opsig aan by verskeie eienskappe en voorskrifte van konflik transformering, waaronder:

- die positiewe ingesteldheid teenoor konflik – en die gepaargaande aanname dat konflik 'n geleentheid vir *interaksie* tussen twistende groepe skep waarin daar wedersyds nuwe materiaal vir interpretasie ingesamel word wat 'n positiewe impak op die verhoudings tussen groepe kan hê (sien ook Lederach se beskrywing van die vlakke van transformasie in afdeling 4.2 van hierdie hoofstuk);
- die implisiete doelmatigheid van interaksie tussen rolspelers in situasies van konflik – naamlik: om die oorsake van die konflik aan te spreek en verhoudinge tussen groepe te herstel;
- die klem wat daar in die transformatiewe benadering op die *legitimiteit* van vredesonderhandelinge geplaas word; en
- die benadering se behoefte aan gelykmatige deelname aan vredesprosesse, soos verwoord in vereistes rakende verteenwoordiging in onderhandelinge, prosedurele geregtigheid en ewekansigheid in die geldigheid van verskillende standpunte en behoeftes.

Dit is belangrik om te let daar in die kritiek teen die kontakhipotese primêr verwys word na die ontoereikende beskrywing van die omstandighede waaronder kontak tussen groepe tot 'n afname in konflik sal lei (die sogenaamde "optimale omstandighede" vir tussengroep kontak) (Pettigrew & Tropp [2006]; Connolly [2000]; Smith [1994]) . Gegewe die raakpunte tussen die kontakhipotese en konflik transformering sou laasgenoemde moontlik ingespan kon word om hierdie definisie van die optimale omstandighede vir tussengroep kontak in omstandighede van sosiale konflik uit te brei. Op grond van die bogaande bespreking van konflik transformering sou daar byvoorbeeld voorgestel kon word dat daar in die formulering van die "optimale omstandighede" vir tussengroep kontak in die kontakhipotese ook verwys word na die noodsaaklikheid van 'n "vloei van inligting" tussen verskillende groepe, en die skep van 'n veilige ruimte waarbinne groepe die geleentheid gegun word om hul opvattinge oor mekaar, en moontlike ook oor kwessies wat tradisioneel tot konflik tussen die groepe aanleiding gee, te artikuleer.

'n Meer uitgebreide bespreking van die kontakhipotese en die bydrae wat deur die teorie rakende konflik transformering tot hierdie hipotese gemaak kan word val buite die bestek van hierdie studie. Die raakpunte, ooreenkomste en verskille tussen die twee teorieë, en die implikasies daarvan vir die geldigheid van beide teorieë sou egter in verdere studies oorweeg kon word.

## **8. Slot**

Daar is in Hoofstuk 2 tot die gevolgtrekking gekom dat raamwerke vir die effektiewe bestuur van konflik, ook in die bestuur van transformasie ingespan kan word. In hierdie hoofstuk is daar getoon dat beide die behoefte aan sosiale geregtigheid, en die herstel van sosiale verhoudings in die transformatiewe benadering tot die hantering van konflik aangespreek word.

In Afdeling 6 is daar getoon dat 'n transformatiewe benadering tot konflik kan bydra tot stabiele sosiale verhoudings in soverre dit begrip tussen sosiale groepe bevorder en sodoende omstandighede skep waarbinne die beginsels van sosiale geregtigheid in die formulering van kompeterende reëls aanvaar sal word. Waar die reëls vir kompetisie op die beginsels van sosiale geregtigheid gebaseer word, behoort die veranderbaarheid van sosiale hiërargieë die kwetsende aard van vergelykings wat op grond van onvermydelike ongelyke

uitkomst getref word te verwyder. Gelykberegtiging in eiewaarde word sodoende bevorder, en 'n volhoubare basis vir vreedsame sosiale verhoudings word gevestig.

In die soeke na 'n model vir die effektiewe bestuur van transformasie, sou ons dus kon argumenteer dat transformasie ook as 'n proses van konflik transformering hanteer behoort te word. In die volgende twee hoofstukke word daar 'n gevallestudie geskets van die proses van ekonomiese transformasie in Suid-Afrika. Die gevallestudie sal dan aan die hand van die teorieë en konsepte in die transformatiewe benadering tot die hantering van konflik ontleed word met die doel om (a) die toepaslikheid van die teorie as 'n instrument vir die analisering van transformasie te toets en (b) om voorstelle vir die meer effektiewe bestuur van ekonomiese transformasie in die geval onder bespreking te maak.

## Hoofstuk 4: Transformasie in Suid-Afrika

---

### 1. Inleiding

Die bevrydingstryd in Suid-Afrika het in die 1990's gekulmineer in die inkrementele verwydering van die diskriminerende wetgewing en praktyke van die apartheidsbeleid, die eerste demokratiese verkiesing in 1994, en die relatief vreedsame oorgawe van politieke mag aan 'n demokraties-verkose nie-rassige regering. Daar is van die nuwe regering verwag om die nalatenskap van rasgebaseerde onderontwikkeling en die gevolglike armoede en ongelykheid aan te spreek (Padayachee, 2006:7). Volgens Hein Marais (1998:2) was daar by menigte Suid-Afrikaners die verwagting dat die politieke transisie noodwendig, en feitlik onmiddellik sou vertaal in 'n verbetering in hul lewensomstandighede. Marais (1998:2) beskryf dit as 'n vorm van politieke reduksionisme, waarin die staat beskou word as die sentrale sentrum van mag (en dus ook die sentrale agent van transformasie) en waarin daar aanvaar word dat beheer oor die staat via 'n demokraties-verkose regering noodwendig sal lei tot 'n nuwe benadering tot besluitneming en beleid wat (selfs oor die korttermyn) die belange van die politieke meerderheid sal dien.

Die politieke transisie van 1994, word egter toenemend beskryf as 'n "gedeeltelike oordrag" ("partial transfer") waartydens veranderinge aan die *formele politieke* orde en magsverhoudinge suksesvol bewerkstellig is, maar die instellings, ekonomiese ideologie en informele magsverhoudinge wat *ekonomiese* apartheid in stand gehou het grootliks onaangeraak gelaat is (Marais [1998:2]; Brown & Fölscher [2004:xi]). Suid-Afrika se geskiedenis van ongelyke ontwikkeling vereis egter dat daar spesifiek aandag gegee moet word aan die effek van historiese diskriminasie op die sosio-ekonomiese omstandighede van (veral swart) Suid-Afrikaners en die wyse waarop die sosio-ekonomiese nalatenskap van apartheid tans aangespreek word. Toenemende ongeduld met en opstand teen die gebrek aan sosio-ekonomiese transformasie dui op 'n diepliggende behoefte aan ekonomiese geregtigheid wat die ongelykhede van die verlede regstel.

In Afdeling 2 van hierdie hoofstuk word daar 'n bondige opsomming gegee van die ekonomiese aspekte van die apartheidsbeleid wat bepalend was vir die sosio-ekonomiese omstandighede wat tans in Suid-Afrika heers. Daar word dan gekyk na die aard en omvang

van sosio-ekonomiese ongelykhede in Suid-Afrika ten tye van die politieke transisie. In Afdeling 3 word daar 'n oorsig gegee van die verskillende maniere waarop die regerende party en ander akteurs in die ekonomiese arena sedert 1994 gepoog het om sosio-ekonomiese transformasie te bewerkstellig. Die SEB strategie en beleid en die prosesse wat hierdie strategie en beleid ondersteun het word in Afdeling 4 beskryf as 'n spesifieke uitdrukking van die regering se benadering tot transformasie. Daar word in Afdeling 5 'n oorsig gegee van uiteenlopende interpretasies van en kommentaar op die SEB proses, ter illustrasie van die uitdagings wat steeds ten opsigte van sosio-ekonomiese transformasie bestaan. Hierdie hoofstuk dien as oorsig van die politieke en sosio-ekonomiese konteks waarbinne sektorale en industrie-spesifieke transformasieprosesse tans aangepak word, en skets dus die agtergrond vir die bespreking van transformasie-inisiatiewe in die Suid-Afrikaanse landbousektor en wynbedryf wat in Hoofstuk 5 plaasvind.

## **2. Die behoefte aan transformasie**

### ***2.1 Die proses van ongelyke ontwikkeling***

Die post-apartheid regering in Suid-Afrika plaas in hul beleid, strategieë en retoriek sterk klem op die sistematiese ekonomiese marginalisering van die swart bevolking wat voor 1994 aan die orde van die dag was, en identifiseer hierdie uitsluiting as die beweegrede agter die verskillende beleidmaatreëls en strategieë wat daarop gemik is om sosio-ekonomiese transformasie aan te moedig. Die ANC se eerste makro-ekonomiese beleid as 'n regerende party, naamlik die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (1994), het daarop gewys dat daadwerklike ingryping in die ekonomie noodsaaklik is om die gevolge van kolonialisme, rassisme, apartheid, seksisme en onderdrukkende arbeidsbeleid aan te spreek. Daar word verwys na die sistematiese rasgebaseerde segregasie wat in alle sferes van die samelewing gefigureer het, en geargumenteer dat die ongelykhede en armoede wat as gevolg hiervan ontstaan het slegs by wyse van 'n omvattende strategie, wat al die verskillende dimensies van voormalige onderdrukking aanspreek, uitgewis kan word (Government of South Africa, 1998). Die ekonomiese logika wat die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram onderlê het, was dat ekonomiese groei deur middel van herverdeling bevorder kan word.

In die GEAR (Growth, Employment and Redistribution) program wat in 1996 deur die regering aangekondig is, was verwysings na die behoefte aan die herverdeling van rykdom en die

regstelling van ongeregtighede van die verlede grootliks afwesig. Daar is hoofsaaklik gefokus op fiskale en monetêre hervormings wat ingespan sou word om ekonomiese groei aan te moedig. Werkskepping en herverdeling sou volgens die logika van die GEAR strategie deur versnelde ekonomiese groei bevorder word. Daar is dus wegbeweeg van die "groeï deur middel van herverdeling" wat in die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram voorgestel is. Hoewel daar dus nie direk na die oorsprong van Suid-Afrika se sosio-ekonomiese ongelykhede verwys is nie, het die insluiting van armoedeverligting en die herverdeling van inkomste as primêre doelwitte van die beleid steeds impliseer dat Suid-Afrika se ekonomiese geskiedenis 'n onaanvaarbare status quo gevestig het wat op een of ander wyse verander moes word.

Ook in die "Tien Jaar Oorsig" wat in 2003 deur die regering geloods is, is daar verwys na die ongelykhede en verdeeldheid wat in die tien jaar sedert 1994 oorkom moes word. Die doelbewuste aard van die onderontwikkeling en uitsluiting van swart Suid-Afrikaners word weereens beklemtoon. Daar word met verwysing na die nalatenskap van apartheid gesê dat: "Blacks were denied the franchise, society was divided along racial lines and the social exclusion and neglect of the majority was a matter of state policy" en aangedui dat die vernaamste uitdaging van die demokratiese regering juis was om hierdie nalatenskap te ontredde (Government of South Africa, 2003).

In die Strategie vir Swart Ekonomiese Bemagtiging<sup>101</sup> wat in 2003 deur die Departement van Handel en Nywerheid vrygestel is, is die "nalatenskap van Apartheid" weer meer direk beklemtoon. Die SEB Strategie word voorgehou as 'n noodsaaklike poging deur die regering om die "sistematiese uitsluiting van die meerderheid van Suid-Afrikaners van volle deelname aan die ekonomie" aan te spreek (Department of Trade and Industry, 2003b:6).

In 2005, het die Suid-Afrikaanse regering die ASGISA<sup>102</sup> program aangekondig as sy makro-ekonomiese beleidsraamwerk vir die komende 10 jaar. Die primêre doel van die program is om ekonomiese groei genoegsaam te stimuleer om Suid-Afrika in 'n posisie te plaas om (in pas met die VN se Millennium Ontwikkelingsdoelwitte) armoede en werkloosheid teen 2014 te

---

<sup>101</sup> Dit is belangrik om daarop te let dat die regering deurgaans die beskrywing "Breë Basis Swart Ekonomiese Bemagtiging" gebruik. Ter wille van eenvoud, sal daar egter hier bloot verwys word na "Swart Ekonomiese Bemagtiging" of SEB.

<sup>102</sup> Accelerated and Shared Growth Initiative - South Africa

halveer. 'n Ambisieuse groeiteiken van 6% is gestel (Government of South Africa, 2005). Die nalatenskap van apartheid word ook in die ASGISA program as 'n belangrike struikelblok vir Suid-Afrika se toekomstige ontwikkeling geïdentifiseer. Daar word spesifiek verwys na die "doelbewuste minderwaardige" onderwysstelsel waarbinne die meerderheid van die bevolking vasgevang was, die "irrasionele" patrone van bevolkingsverspreiding en die effek daarvan op die beskikbaarheid van gepaste vaardighede en die koste van arbeid<sup>103</sup> (Government of South Africa: 2005:5).

Ook in die toesprake van prominente regeringsleiers word daar verwys na die onderontwikkeling en sosio-ekonomiese agterstande wat as gevolg van apartheid bestaan, en geargumenteer dat die demokraties-verkose regering 'n mandaat het om hierdie agterstande uit te wis<sup>104</sup>. In 'n toespraak oor die tema "ekonomiese ontwikkeling en regstelling" deur die Minister van Finansies, Trevor Manuel (2000), word die situasie as volg opgesom:

"We are a society that has experienced systematic and legally framed oppression of a majority by a minority. The sustained cruelty of the system left its mark on every black person in the country. The cruelty of forced removals, of inferior education, of economic repression, of pass laws, of statelessness, of racism. Today we live in a situation where the former victims have political power. But the past hasn't left us. The mark of cruelty is still manifest in the poverty we suffer, in the inequality in our country, in the appalling legacy of inferior education, in ongoing racism."

Die deurlopende argument in die bogenoemde beleidsraamwerke, sowel as die openbare kommunikasie van regeringsleiers is dat Suid-Afrika se huidige sosio-ekonomiese omstandighede nie 'n historiese toevalligheid is nie, maar die resultaat is van spesifieke diskriminerende wetgewing en praktyke wat tydens (en selfs voor) die apartheidsera toegepas is. Daar word hier 'n kort oorsig gegee van die belangrikste wetgewing wat die sosio-ekonomiese posisie van die swart bevolking beïnvloed het.

Die ekonomiese uitsluiting van swart Suid-Afrikaners het reeds in die laat 1800's onder Brittanje se koloniale bewind begin met die eerste onteiening van grond wat aan swart persone behoort het (Government of South Africa, 2003:6). Volgens Sampie Terreblanche

---

<sup>103</sup> Daar word o.a. geargumenteer dat arbeidskoste (van veral ongeskoolde arbeid) opgejaag word deur die feit dat soveel werknemers groot afstande moet aflê om by hul werkplek te kom.

<sup>104</sup> Sien byvoorbeeld: Mbeki (2006); Mhlambo-Ngcuka (2006); Sigcau (2004); Hendricks (2003) en Didiza (2005).



(2002:245-247) is ras-gebaseerde kapitalisme in die vroeë 1900's geïnstusionaliseer met die implementering van die bevindinge van die verslag van die "South African Natives Affairs Commission" (SANAC) wat in 1903 gepubliseer is. Na die ontdekking van goud in 1886 het Britse koloniale leiers voor 'n belangrike uitdaging te staan gekom. Goud kon in Suid-Afrika slegs winsgewend ontgin word indien 'n goedkoop bron van arbeid gevind kon word. Die SANAC verslag het gevolglik voorgestel dat swart grondbesit beperk behoort te word ten einde swart Suid-Afrikaners indirek te verplig om "vrywilliglik" hul arbeid teen laer pryse beskikbaar te maak (Legassick in Terreblanche, 2002:261). Die Naturelle Grondwet van 1913, het (in pas met die aanbevelings van die SANAC verslag) swart grondbesit buite naturelle-reservate (wat slegs 8.3% van Suid-Afrika se grondgebied beslaan het) verbied ([Terreblanche, 2002:261]; [Gelb, 2004:10]). 'n Goedkoop bron van arbeid is sodoende vir beide die myne (wat in daardie stadium grootliks onder Britse beheer was) sowel as die landbou-aktiwiteite van Afrikaanssprekende wit Suid-Afrikaners gevestig (Marais, 1998:9). Die Wet op Myne en Mynwerkers wat in 1911 aanvaar is, het boonop bepaalde werke in die myne vir wit werkers gereserveer ([Terreblanche, 2002:269]; [Government of South Africa, 2003:6]). Swart werknemers kon dus nie hul posisie in die werkplek, en gevolglik ook nie hul salarisse, bo 'n bepaalde vlak verbeter nie. Diskriminerende arbeidswetgewing het deur die loop van wit minderheidsbeheer 'n belangrike instrument van swart onderdrukking gebly. In kombinasie met paswette en instromingsbeheer (wat swart persone se toegang en vrye beweging in stedelike areas - wat dikwels ook die nodes van ekonomiese ontwikkeling gevorm het - beperk het) het dit swart Suid-Afrikaners tot ekonomiese onderontwikkeling gedoem.

Swart eienaarskap in die ekonomie is sedert die begin van die Nasionale Party se bewind in 1948 op 'n verskeidenheid van wyses belemmer. Daar was onder meer wetgewing wat swart persone se toegang tot kapitaal belemmer het; die Groepsgebiede Wet van 1950 het swart Suid-Afrikaners verhoed om besighede in groot gedeeltes van dorpe en stede te besit; daar was regulasies wat swart entrepreneurs verhoed het om meer as een besigheid te besit, om maatskappye of vennootskappe te stig, of om hul besigheidspersone te besit (Gelb, 2004:9). Swart maatskappye is beperk tot sekere aktiwiteite (hoofsaaklik kleinhandel voorsiening van voedsel en brandstof) (Gelb, 2004:9). Beperkings op swart eienaarskap van eiendom het boonop veroorsaak dat swart persone geen sekuriteit vir lenings kon aanbied nie, en gevolglik nie in 'n posisie was om ander bates te bekom nie.

Die sosio-ekonomiese posisie van swart Suid-Afrikaners word ook steeds beïnvloed deur die minderwaardige onderwys wat tydens apartheid aan swart leerders gebied is. Daar is veral min aandag gegee aan tegniese-, wiskundige- en wetenskaplike vaardighede wat talle swart werkers sonder die nodige vaardighede gelaat het om in 'n moderniserende, kommersiële ekonomie indiensname te vind of om hul eie ondernemings van die grond af te bring ([ACCESS, 2002]; [Government of South Africa, 2003:7]; [Manual, 2000]). Slegs 'n klein minderheid het tersiêre opleiding bekom. Die huidige behoefte aan en klem op hoër kwaliteit onderwys en vaardigheidsontwikkeling vir swart Suid-Afrikaners verteenwoordig 'n poging om die agterstande wat deur hierdie diskriminerende praktyke gevestig is reg te stel ([Government of South Africa, 2003]; [Department of Labour, 2005]).

## **2.2 Sosio-ekonomiese ongelykhede**

Hierdie sistematiese onderontwikkeling het 'n verreikende impak op Suid-Afrika se ekonomiese ontwikkeling, en spesifiek die sosio-ekonomiese situasie van swart Suid-Afrikaners gehad.

In die dekade voor 1994 was ekonomiese groei minder as 1% per jaar (Government of South Africa, 2003). In die vroeë 1990's het die ekonomie tot 'n groot mate stagneer as gevolg van (o.a.) die beperkte binnelandse mark, 'n gebrek aan geskoolde arbeid, die kostes van industriële stakings, internasionale sanksies, hoë uitgawes op veiligheid en sekuriteit en die oneffektiwiteit van ondernemings wat deur sanksies en 'n hoogs beskermende invoerbeleid van internasionale kompetisie geïsoleer is. Hoewel Suid-Afrika in terme van gemiddelde per capita inkomste as 'n hoër-middel inkomste land beskou word is meer as 40% van die bevolking in 1993 as "arm" beskou<sup>105</sup> (Government of South Africa, 1994:8). In terme van 'n relatiewe armoedsgrens (waarin daar aanvaar word dat 'n spesifieke persentasie van die bevolking met die laagste inkomstevlakke as arm beskou kan word) kon 53% van die bevolking in 1993 as "arm" geklassifiseer word.

Die afwyking tussen die gemiddelde vlakke van inkomste en die inkomste van arm Suid-Afrikaners dui op 'n besondere hoë vlak van inkomste-ongelykheid. Met 'n beraamde Gini

---

<sup>105</sup> Hierdie syfer is gebaseer op maatstaf van armoede wat kyk na die vlakke van verbruik (byvoorbeeld - 'n vlak van verbruik wat dui op 'n bepaalde minimum kalorie-inname) waaronder 'n huishouding minder as 'n bepaalde "minimum" lewenstandaard kan handhaaf.

koëffisiënt van 0.61<sup>106</sup>, is Suid-Afrika in die vroeë 1990's (en in der waarheid tot vandag toe) beskou as een van die mees ongelyke samelewings ter wêreld<sup>107</sup>. Gemeet in terme van verskillende bevolkingsdesieles se aandeel in besteding was die armste 40% van huishoudings (wat ongeveer 53% van die totale bevolking verteenwoordig) in 1994 verantwoordelik vir slegs 10% van totale verbruik (Government of South Africa, 1994). Die boonste 10% van huishoudings (wat slegs 5.8% van die bevolking verteenwoordig het) was daarteenoor verantwoordelik vir ongeveer 40% van totale verbruik (Government of South Africa, 1994).

Gegewe Suid-Afrika se politieke en ekonomiese geskiedenis het beide armoede en ongelykheid in die land 'n sterk rasse-dimensie. In 1993 was ongeveer 95% van armes in Suid-Afrika swart. Volgens May, Woolard & Klasen (2000:27) is tussen-ras ongelykheid boonop verantwoordelik vir ongeveer 37% van totale inkomste-ongelykheid - ten spyte van 'n noemenswaardige styging in die inkomste-aandeel van swart huishoudings en die groeiende binne-groep ongelykheid in die 20 jaar tot 1994<sup>108</sup>.

Beide armoede en ongelykheid is vererger deur die historiese gebrek aan beleggings in menslike kapitaal (waaronder: gesondheid en onderwys) vir die meerderheid van Suid-Afrikaners en arbeidspraktyke waarin daar teen swart persone gediskrimineer is (Jenkins & Thomas, 2000:2). Verskille in vlakke van opleiding, werksreservering en ander vorme van diskriminasie het egter oor veroorsaak dat werkloosheid in Suid-Afrika 'n sterk rasse-dimensie het. In 1995 was die werkloosheidsyfer vir swartes 37%, teenoor 6% vir wittes, 23% vir kleurlinge en 13% vir Indiërs (Burger, 2004:61).

### **3. Die bevordering van sosio-ekonomiese transformasie in post-apartheid Suid-Afrika**

Soos reeds genoem het die ANC regering sedert 1994 'n sterk mandaat om armoede en sosio-ekonomiese onderontwikkeling aan te spreek. Nie net is bepaalde sosio-ekonomiese

---

<sup>106</sup> Hierdie statistieke is in 1994 deur die Wêreldbank vir die Suid-Afrikaanse Ministerie vir die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram opgestel.

<sup>107</sup> 'n Gini koëffisiënt van 0 dui op totale gelykheid, terwyl 1 op 'n absolute konsentrasie van inkomste dui.

<sup>108</sup> Tussen 1970 en 1991 het die persentasie van die totale inkomste wat deur swart persone verdien is vanaf 20% tot 28% gestyg (Thomas & Jenkins, 2000:3). Oor dieselfde tydperk het die totale inkomste-aandeel van die armste 40% van swart huishoudings afgeneem vanaf 12% na 6%, terwyl die inkomste-aandeel van swart huishoudings van 32% tot 47% gestyg het). Ook Natrass & Seekings (2000) het bevind dat die persentasie van totale inkomste wat deur swart gesinne verdien is tussen 1975 en 1996 gestyg het vanaf 20% tot 36% (terwyl dié van wittes afgeneem het vanaf 71% tot 52%). Dis egter duidelik dat die rasse-konsentrasie van inkomste steeds geweldig hoog gebly het, indien daar in ag geneem word dat slegs +13% van die bevolking in hierdie tydperk wit was.

regte in Suid-Afrika se grondwet vervat nie<sup>109</sup>, maar die ANC se verkiesingsveldtogte word telkens gebaseer op hul ideaal van "A Better Life for All" en mens sou kon redeneer dat selfs in omstandighede van minimale demokratiese verantwoordbaarheid die ANC as regerende party dus onder druk is om die land se sosio-ekonomiese uitdagings daadwerklik aan te spreek.

Daar is sedert 1994 'n breë spektrum beleidsraamwerke, makro-ekonomiese strategieë en wetgewing in plek gestel met die doel om basiese sosio-ekonomiese regte na alle Suid-Afrikaners uit te brei, en die nalatenskap van apartheid aan te spreek. In die eerste tien jaar na Suid-Afrika se politieke oorgang was daar egter 'n merkbare afwyking tussen die populistiese aard van regeringslui se uitsprake en beloftes tydens verkiesings en die relatief konserwatiewe neo-liberalistiese beleidsraamwerke wat sedert 1994 aanvaar en geïmplementeer is.

Die sosio-ekonomiese platform waarop die ANC sy verkiesingsveldtog in 1994 gebaseer het, en die eerste omvattende makro-ekonomiese strategie wat deur die ANC as regerende party aanvaar is, was die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (HOP). Die HOP is gebaseer op voorstelle van sosiaal-demokratiese faksies binne COSATU. Onder druk van die Nasionale Party (as deel van die Regering van Nasionale Eenheid) sowel as plaaslike en internasionale sakelui is die oorspronklike COSATU voorstelle egter aansienlik aangepas voordat die program in November 1994 deur 'n witskrif in beleid omskep is (Taylor & Williams, 2000:31). Verwysings na nasionalisering is geskrap, daar is bepaal dat die program te midde van streng fiskale dissipline geïmplementeer sou word, en daar is (anders as in aanvanklike formulering) bepaal dat die rol van die staat in die ekonomie beperk moet word (Taylor & Williams, 2000:32).

Hoewel die HOP steeds deur hoëvlak regeringslui voorgehou word as die basis van die ANC se ontwikkelingsagenda is dit as makro-ekonomies raamwerk grootliks vervang deur die *Growth, Employment and Redistribution* (GEAR) program wat in Februarie 1996 aangekondig is as die regering se "ononderhandelbare" ekonomiese strategie (Padayachee, 2006:1). Die

---

<sup>109</sup> Sosio-ekonomiese regte, waaronder: die reg op regverdige arbeidspraktyke (afdeling 23), die reg op voldoende behuising (afdeling 26), die reg op gesondheidsorg, kos, water en sosiale sekuriteit (afdeling 27), die reg op basiese onderwys (afdeling 29), vorm deel van die omvattende handves van menseregte in Hoofstuk 2 van die Suid-Afrikaanse grondwet (Wet no. 108 van 1996) (Seleoane, 2001:36-38).

GEAR strategie is gebaseer op 'n ekonometriese model van die Suid-Afrikaanse Reserwebank en het ooreengestem met beleidsvoorstelle van die Ontwikkelingsbank vir Suider-Afrika, die Buro vir Ekonomiese Navorsing aan die Universiteit van Stellenbosch en die Wêreldbank (Taylor & William, 2000:33). Menigte ontleders beskou die aankondiging van die GEAR strategie in 1996 as die finale bewys dat neo-liberalistiese beginsels voorts die ekonomiese beleid van die ANC as regerende party sou stuur<sup>110</sup>. Ekonomiese beleidmaatreëls wat sedertdien deur die regering geïmplementeer is, bevestig ook die implisiete aanvaarding van die logika van neo-liberale beleid (of die sogenaamde "Washington konsensus") - wat gebaseer is op die aanname dat ekonomiese groei in omstandighede van vry ekonomiese aktiwiteite en minimale inmenging deur die staat ge-optimaliseer word, en by wyse van 'n afsyferingseffek ook mettertyd die armste lede van die samelewing sal bereik (Self, 2000:7)<sup>111</sup>. Ten spyte van die oënskynlike voortsetting van debatte ten opsigte van ekonomiese ideologie en ontwikkelingsmodelle binne die ANC alliansie en akademiese diskoers, was die ontwikkeling van die GEAR strategie 'n grootliks ondeursigtige, eksklusiewe proses met geen werklike konsultasie met groepe wat moontlik alternatiewe modelle op die tafel sou plaas nie (Padayachee, 2006:1).

'n Belangrikste beginsel van die HOP strategie (en dus ook die linkse ontwikkelingsagenda) wat egter wel staande gebly het, is die integrasie van Suid-Afrika se groei- en ontwikkelings strategieë. Daar word in die HOP dokument daarop gewys dat ekonomiese groei (of heropbou) en ontwikkeling (of 'n herverdeling in hulpbronne) algemeen beskou word as teenstrydige prosesse, en dat daar veronderstel word dat ekonomiese groei (gedefinieer as meetbare toenames in uitset) noodwendig in "moderne industriële ekonomieë" ontwikkeling moet voorafgaan (Government of South Africa, 1994). Die HOP pleit daarenteen vir 'n meer omvattende benadering tot ekonomiese groei, wat prioriteite soos: volhoubaarheid (op 'n sosiale vlak sowel as t.o.v. die omgewing), regverdige verdeling van ekonomiese voordele, bydraes tot die langtermyn produktiewe kapasiteit en die ontwikkeling van menslike hulpbronne insluit (Government of South Africa, 1994). Daar is dus 'n sterk fokus op die daarstelling van infrastruktuur wat die voorsiening van basiese dienste (waaronder: water en

---

<sup>110</sup> Sien byvoorbeeld: Harris & Michie (1998); Marais (1998:160-162); Taylor & Williams (2000:32) en Padayachee (2000:1).

<sup>111</sup> Neo-liberal beleid word dus gekenmerk aan 'n sterk fokus op die liberalisering van handel en die verslapping van valutabeheer (ter bevordering van vry ekonomiese aktiwiteite); streng fiskale dissipline en privatisering (ten einde die betrokkenheid van die staat in die ekonomie te beperk) en 'n monetêre beleid wat (veral d.m.v. hoë rentekoerse) inflasie bekamp (met die doel om stabiele ekonomiese toestande te skep wat beleggings sal lok en sodoende ekonomiese groei sal bevorder) (Sharer [1999]; Klasen [2001]; Eatwell [1996]; Berg & Krueger [2000]).

elektrisiteit en effektiewe en moderne vervoer en telekommunikasie) sowel as die ontwikkeling van menslike kapitaal (onder andere d.m.v. toeganklike gesondheidsdienste en toepaslike onderwys en opleiding) sal bevorder. Getrou aan die beginsel van "ekonomiese groei deur middel van herverdeling", word daar in die strategie geargumenteer dat hierdie beleggings in fisiese en menslike kapitaal oor die langtermyn ekonomiese groei sal ondersteun, en as't ware noodsaaklike voorvereistes is vir die volhoubaarheid van ekonomiese vooruitgang.

Makro-ekonomiese herstrukturering (in die gees van die GEAR strategie) is dus oor die afgelope dekade in die Suid-Afrikaanse konteks onderskraag deur 'n noemenswaardige herstrukturering in die besteding en prioriteite van die staat. Onderwys is byvoorbeeld jaarliks (teen ongeveer 6% van die Bruto Binnelandse Produk<sup>112</sup>) een van die grootste items op die nasionale begroting, daar was 'n aansienlike verskuiwing in die allokering van onderwysbesteding en 'n sterk toename in infrastruktuur-beleggings (o.a. as gevolg van 'n nasionale projek om meer skole op te rig) (van der Berg, 2004:30). Dit was ook tydens die regering se "Tien Jaar Oorsig" in 2004 duidelik dat daar aansienlike vordering gemaak is ten opsigte van toegang tot sosiale dienste: tussen 1994 en 2003 is 8.4 miljoen huisgesinne voorsien van water en 3.8 miljoen huisgesinne voorsien van elektrisiteit, gratis gesondheidsorg word voorsien aan vroue en kinders onder ses, die staat se voedingskema in skole is uitgebrei en die aantal begunstigdes van sosiale toelae (waaronder: kindertoelae, pensioene en ongeskiktheidstoelae) het gestyg vanaf 2.6 miljoen in 1994 tot 11 miljoen in 2007 (Mbeki, 2007).

Gegewe Suid-Afrika se geskiedenis van ongelyke ontwikkeling was daar egter 'n behoefte aan meer as bloot 'n sosio-ekonomiese beleidsraamwerk en ondersteunende wetgewing en strategieë wat ekonomiese ontwikkeling op 'n oorkoepelende vlak kon hanteer. Die ras-spesifieke aard van die sosio-ekonomiese onderontwikkeling van die Suid-Afrikaanse bevolking het 'n respons vereis wat die ongelykhede tussen groepe direk aanspreek. Die grondwet maak daarom voorsiening vir regstellende praktyke wat op die oog af die grondwetlike beginsel van gelykheid ondermyn. Die regstellende beginsel word geformuleer as "diskriminasie ten gunste van" persone wat deur onregverdige diskriminasie benadeel is

---

<sup>112</sup> Hierdie syfer sluit nie die vaardigheidsontwikkeling-heffing ('n geallokeerde belasting op lone) in nie.

(sien Afdeling 9.2 van die Grondwet) en daar word geargumenteer dat sodanige bevoordeling ten doel het om gelykheid te bevorder.

In die gees van hierdie grondwetlike beginsel is (o.a.) die volgende beleidsraamwerke en wetgewing aanvaar met die doel om regstellende ekonomiese aktiwiteite, en dus ekonomiese geregtigheid, te bevorder: die Wet op Billike Indiensneming, die Wet op die Herstel van Grondregte; die Wet op Voorkeurverkryging; die Geïntegreerde Strategie vir die Ontwikkeling van Menslike Hulpbronne; die Geïntegreerde Volhoubare Landelike Ontwikkelingsprogram; Die Nasionale Bemagtigingsfonds en die wet wat die bestuur daarvan reguleer; Die Strategiese Plan vir die Landbousektor, en die Nasionale Program vir die Ontwikkeling van Kleinsakeondernemings.

Een van die regering se oorkoepelende strategieë om meer swart Suid-Afrikaners by die hoofstroom ekonomie te betrek, en sodoende ekonomiese ongelykhede te verminder, behels die bevordering van kleinsakeondernemings (of Klein-, Medium- en Mikro-Ondernemings). 'n Nasionale strategie vir die ontwikkeling van kleinsakeondernemings is dus in 1995 deur die parlement aanvaar (Government of South Africa, 2003:8). Die program word onderskraag deur die Wet op die Ontwikkeling van Kleinsakeondernemings (wat in 1996 aanvaar is) en is daarop gemik om 'n sosio-ekonomiese omgewing te skep wat bevorderlik is vir die ontwikkeling van hierdie soort ondernemings. 'n Verskeidenheid van programme (waaronder die Khula en Ntsika ontwikkelingsinisiatiewe en die Industriële Ontwikkelingskorporasie) is op die been gebring om kleinsakeondernemings te ondersteun. Hierdie programme is spesifiek ontwerp om finansiële en operasionele steun aan swart entrepreneurs te bied (Government of South Africa, 2003:8).

In 'n verdere poging om die ontwikkeling van swart ondernemings te bevorder, het die regering in 1997 'n Groenskrif oor Verkryging in die openbare sektor uitgebring. Die beleidsdokument erken die regering as een van die grootste kopers van goedere en dienste in die ekonomie, en stel meganismes voor deur middel waarvan die staat hierdie koopkrag kan gebruik om swart ekonomiese bemagtiging te bevorder. Die staat se tenderprosesse is byvoorbeeld meer toeganklik gemaak vir swart ondernemings, groot tenders is ontbondel in kleiner kontrakte - om kleiner ondernemings toe te laat om vir staatskontrakte te tender, en 'n puntestelsel vir tenders is ontwerp wat voorkeur gee aan voorheen benadeelde groepe

(Government of South Africa, 2003:8). Die nuwe puntstelsel is in 2000 deur die Wet op Voorkeurverkryging geformaliseer.

Swart eienaarskap in die ekonomie word ook ondersteun deur die Nasionale Bemagtigingsfonds (NBF), wat in 1998 geskep is. Die NBF is 'n trust wat namens voorheen benadeelde groepe aandele in staats-beheerde en private ondernemings hou. Die NBF korporasie bevorder en ondersteun besighede wat deur voorheen-benadeelde persone bestuur word en dit bevorder besparings, (direkte en indirekte) beleggings en ekonomiese deelname by voorheen benadeelde groepe (Government of South Africa, 2003:9).

Die Wet op Billike Indiensneming wat in 1998 aanvaar is, het alle vorme van onregverdig diskriminasie onwettig verklaar, en bepaal dat alle ondernemings wat meer as 50 werknemers het daadwerklike stappe of "regstellende aksie" moes neem om hul werknemerskorps meer verteenwoordigend van die totale bevolking te maak (Government of South Africa, 2003:9). Daar is ook gepoog om te verhoed dat swart werknemers in minderwaardige poste en beroepe gehou word, deur ondernemings aan te moedig om duidelike teikens vir swart verteenwoordiging in verskillende beroepe en posvlakke te stel (Government of South Africa, 2003:9).

Grondhervorming is 'n verdere meganisme waardeur die regering beoog om ekonomiese transformasie te bevorder. Die eienaarskap van grond is 'n baie emosionele kwessie en word dikwels ook beskou as 'n simboliese aanduiding van die status- en magbalanse in 'n bepaalde omgewing (Boshoff, 2004). Die Suid-Afrikaanse regering volg 'n drieledige benadering tot grondhervorming waarin daar aandag gegee word aan:

- Restitusie - wat daarop gemik is om eienaarskap van grond te herstel of om diegene wat tydens apartheid van hul grond ontnem is te vergoed;
- Herverdeling - waarin daar gepoog word om die nalatenskap van kolonialisme en apartheid t.o.v. grondbesit aan te spreek deur voorheen benadeelde groepe en armes se toegang tot grond vir residensiële en produktiewe doeleindes te vergemaklik; en
- Verblyfreg - wat poog om aan alle Suid-Afrikaners (en veral kwesbare groepe, bv. plaaswerkers) se verblyfreg te verseker.



Hoewel wetgewing of beleidmaatreëls ten opsigte van al die bogenoemde dimensies van grondhervorming (bv. Die Wet op die Herstel van Grondregte; die Verblyfregwet; en subsidies vir die aankoop van grond deur swart Suid-Afrikaners) reeds bestaan, blyk daar ontevredenheid te wees met die gees waarin en tempo waarteen die verskillende prosesse geïmplementeer word (Thwala, 2003). Die regering is vroeër veral gekritiseer vir sy verbintenis tot die beginsel van "gewillige kopers; gewillige verkopers". In 2003 is daar beraam dat indien daar by heersende bestedingspatrone gehou word, dit ongeveer 150 jaar sou neem om die proses van grondherstel te voltooi, en 125 jaar sou neem om die oordrag van 30% van landbougrond na swart persone te bewerkstellig (Thwala, 2003). By die Grondberaad in Julie 2005 het die regering egter laat blyk dat hy bereid sou om hierdie beginsel te skrap, en grond te onteien indien die tempo van grondhervorming nie na wense versnel nie (*ANC Today*, 8-14 September 2006). Die Minister van Landbou en Grondsake, Lulu Xingwana, (wat in 2005 by Thoko Didiza oorgeneem het) het in 'n toespraak gesê dat daar veral ten opsigte van die *herstel* van grondregte nie noodwendig by die beginsel van "gewillige kopers; gewillige verkopers" gehou hoef te word nie, aangesien die program gebaseer is op die regte van diegene wat van hul grond ontnem is (*ANC Today*, 8-14 September 2006). Vordering met grondhervorming bly egter traag, en die bly een van die brandpunte op die Suid-Afrikaanse politieke agenda.

Die Geïntegreerde Nasionale Vaardighedsontwikkeling Strategie is ook 'n komponent van die regering se poging tot die ontwikkeling van menslike hulpbronne. Die Strategie is in 2001 geloods, en is primêr daarop gemik om<sup>113</sup>:

- Vaardighede vir volhoubare groei, ontwikkeling en die bevordering van gelykheid te prioritiseer en te kommunikeer;
- Om hoë-kwaliteit opleiding in die werkplek te bevorder en te bespoedig;
- Om volhoubare bestaansmiddele en die indiensneembaarheid van arbeid deur vaardighedsontwikkeling te verbeter;
- Om aan nuwe toetreders tot die arbeidsmark (en veral persone uit bepaalde teikengroepe), die geleentheid te gee om geakkrediteerde werk te doen en om deur middel van geïntegreerde leerervarings en programme binne werksomgewings kritiese vaardighede te bekom wat hulle in staat sou stel om die arbeidsmark te betree of hul eie werk te skep; en

---

<sup>113</sup> Department of Labour (2005)

- Om die kwaliteit en relevansie van onderwys en opleiding te verbeter.

Die twee belangrikste instrumente waardeur die Nasionale Vaardigheidsontwikkeling Strategie geïmplementeer word is die "National Skills Fund" (NSF) en die 25 SETA's ("Sectoral Education and Training Authorities"). Die "National Skills Fund" word bestuur deur die Departement van Arbeid - op advies van die Nasionale Vaardigheids Gesag (Department of Labour, 2004). Hierdie fonds ontvang 'n gedeelte van die vaardigheidsheffings wat deur werknemers betaal word<sup>114</sup>, en het die taak om fondse te verskaf om kwessies van nasionale belang, waaronder: werkskepping, kleinsake-ontwikkeling en spesiale bystand aan vroue, die jeug en gestremde persone te voorsien.

In terme van die Vaardigheidsontwikkelingswet (Wet nr. 97 van 1998) is 25 SETA's in Maart 2000 deur die Minister van arbeid gevestig. SETA's is verantwoordelik vir die ontwikkeling van sektorale vaardigheidsontwikkelingsplanne, die goedkeuring, registrasie en bevordering van leerlingskappe, die kontrolering van die kwaliteit van opleiding en die administrasie van die heffings wat deur werknemers betaal word.

Die basiese beginsel van die Nasionale Vaardigheidsontwikkeling Strategie is om die indiensneembaarheid ("employability") van arbeid deur middel van opleiding te verbeter. Dit ondersteun die strategieë van die Departement van Onderwys, waarin daar gepoog word om die kwaliteit van primêre, sekondêre en tersiêre onderwys te verhoog en dit in lyn te bring met die vaardigheids-behoefte in die ekonomie (Department of Labour, 2004). Die strategie het 'n oorkoepelende gelykheids-doelwit wat bepaal dat die begunstigdes van die strategie 85% swart, 54% vroulik en 4% gestremde persone moet wees. Daar sal in Afdeling 4 getoon word hoe hierdie strategie ook saamspan met die Strategie vir Swart Ekonomiese Bemagtiging om die kwaliteit van menslike kapitaal (veral onder persone in bepaalde teikengroepe) in Suid-Afrika te verhoog.

Dit is uit die bogaande bespreking duidelik dat sosio-ekonomiese transformasie - en spesifiek die sosio-ekonomiese ontwikkeling van swart Suid-Afrikans – sedert 1994 tot en met hierdie

---

<sup>114</sup> In terme van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling-heffings (Wet nr. 9 van 1999) moet alle werkgewers 1% van hul lonerekening aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens oorbetal. Tagtig persent van hierdie heffing word oorgedra aan die SETA waarby die werkgewer geregistreer is, terwyl die oorblywende 20% aan die Nasionale Vaardigheidsontwikkelingsfonds oorbetal word.

skrywe 'n belangrike prioriteit vir die demokratiese regering was, wat in hul beleid, strategieë en wetgewing inslag vind. Die vraag wat dus hier beantwoord moet word, is waarom Suid-Afrika se transformasieproses steeds as "onafgehandeld" of 'n "gedeeltelike transformasie" beskryf word.

Ten spyte van die noemenswaardige vorderinge in sekere gebiede (waaronder die demokratisering van die politieke bestel, die verwydering van diskriminerende sosiale en ekonomiese praktyke, en die her-oriëntering van die nasionale begroting) bestaan daar steeds substansiële agterstande in sekere areas.

In die *South Africa Survey* van die *South African Institute of Race Relations* (SAIRR) word 'n daar 'n armoedsgrens geïdentifiseer waaronder daar veronderstel word dat 'n persoon nie 'n bepaalde minimum lewenstandaard sal kan handhaaf nie. Volgens hierdie maatstaf het die persentasie van die bevolking wat in armoede leef tussen 1993 en 2003 gestyg vanaf 45.7% tot 48.9% (SAIRR, 1996; 2002; 2003)<sup>115</sup>. Volgens 'n armoedemaatstaf waarvolgens persone wat minder as R91 per dag (in 1991 rand) verdien as arm beskou word, het 28 % van Suid-Afrikaners in 2001 steeds in armoede geleef (Brown, 2005:77). Volgens hierdie maatstaf was daar weliswaar in 2001 meer Suid-Afrikaners wat as arm beskou kon word as in 1996 (toe hierdie syfer 24% was) (Brown, 2005:77). Hierdie styging in die vlak van armoede word bevestig deur 'n studie deur die *Helen Suzman Foundation* (in SAIRR, 2003:181) waarin 'n inkomste van R400 per huishouding per maand in 1989, en R1270 per huishouding per maand in 2001 as die armoedsgrens gebruik is. Hierdie studie kan gekritiseer word op grond van die feit dat die aantal persone waaruit 'n huishouding bestaan nie ag geneem word nie. Dit bied nietemin 'n nuttige uiteensetting van armoedevlakke binne verskillende bevolkingsgroepe, en wys so op die sterk ras-dimensie van armoede in Suid-Afrika. In 2001 het 62% van swart Suid-Afrikaners byvoorbeeld in armoede geleef teenoor 29% van bruines, 11% van Indiërs en 4% van wittes (sien tabel 1).

---

<sup>115</sup> Die armoedsgrens vir 2001 was in hierdie geval R551 per persoon per maand.

**Tabel 1: Persentasie van die bevolking onder die armoedsgrens (volgens ras)**

	<b>Inkomste per maand</b>	<b>Swartes</b>	<b>Kleurlinge</b>	<b>Indiërs</b>	<b>Blankes</b>
1989	R400	51%	24%	6%	3%
1993	R755	50%	26%	8%	3%
1996	R960	57%	22%	9%	3%
1997	R1040	55%	21%	6%	4%
2001	R1270	62%	29%	11%	4%

Bron: SAIRR (03:181)

Hierdie geweldige skewe verdeling van inkomste tussen verskillende rasgroepe word ook getoon in berekeninge deur Matthew Welch (waarin hy gebruik maak van data uit die 1996 en 2001 sensusse) wat toon dat die per capita inkomste van swart Suid-Afrikaners (bruin en Indiër bevolking uitgesluit) as 'n persentasie van wit per capita inkomste in 2001 slegs 6.9% was, en boonop afgeneem het sedert 1996 (toe die syfer 8.2% was) (Brown, 2005:77). Ook die gini koëffisiënt vir die totale bevolking het gestyg - vanaf 0.68 in 1996 na 0.73 in 2001 - en dui dus op 'n meer ongelyke verdeling van inkomste (Brown, 2005:77). Dit is interessant om te let dat daar ook 'n styging was in die gini koëffisiënt binne die swart bevolking (bruin en Indiër bevolking uitgesluit), van 0.62 in 1996 tot 0.66 in 2001 (Brown, 2005:77). Positiewe tendense ten opsigte van die gemiddelde inkomste van die swart bevolking, het dus nie noodwendig na die armste groeperinge deurgesyfer nie.

Werkloosheid word beskou as een van die belangrikste bronne van armoede en ongelykheid in Suid-Afrika. Om mee te begin is werkloosheid besonder hoog, en het dit boonop tussen 1994 en 2004 aansienlik toegeneem. Volgens die uitgebreide definisie van werkloosheid was ongeveer 27.8% van die ekonomiese aktiewe bevolking in die periode van 1990 tot 1994 werkloos, teenoor 42.1% in die periode vanaf 2000 tot 2004 (Brown, 2004:52). Ook werkloosheid onder die jeug - gemeet in terme van die absorpsiekoers van nuwe toetreders tot die arbeidsmark het oor hierdie tydperk vanaf 41.5% tot 55.6% gestyg. Werkloosheid het boonop 'n sterk rassedimensie. In 1995 was die werkloosheidskoers vir swart Suid-Afrikaners (kleurlinge en Indiërs uitgesluit) 37%, teenoor 6% vir wittes, 23% vir kleurlinge en 13% vir Indiërs (Burger, 2004:62). Werkloosheid vir alle groepe het sedertdien gestyg. Dit behou egter steeds 'n sterk rassedimensie - ongeveer 86% van nuwe werklose persone in die periode tussen 1995 en 2002 was swart (kleurlinge en Indiërs uitgesluit) (Burger, 2004:62). Dit is

belangrik om te let dat die aantal werksgeleenthede in die Suid-Afrikaanse ekonomie nie sedert 1994 gedaal het nie. Die groei in werksgeleenthede hou egter nie tred met die groei in die ekonomiese aktiewe bevolking nie, met die gevolg dat werkloosheid steeds styg.

Die Departement van Landbou en Grondsake se grondhervormingsprogram het tot dusvêr ook geen noemenswaardige impak op die verdeling van grond tussen verskillende rasgroepe gehad nie. Volgens Ruth Hall (navorsers oor grondkwessies aan die Universiteit van die Wes-Kaap) is 4% van landbougrond al aan swart Suid-Afrikane oorgedra (Nduru, 2007). Hierdie syfer is effens hoër indien die oordrag van staatsgrond bygereken word. Volgens die *Centre for Development Enterprise* (2005:13) se verslag oor grondhervorming sou die regering die tempo van grondhervormingsprogramme vyfvoudig moes verbeter om die gestelde doelwit - naamlik om 30% van landbougrond teen 2015 na swart persone oor te dra - te bereik.

Eienaarskap in die ekonomie blyk ook grootliks gesentreer te bly in die wit bevolking. In 2006 het BusinessMap berig dat slegs 10% van die Johannesburgse Effektebeurs ("Johannesburg Stock Exchange"/ JSE) (in terme van die waarde van beleggings) tans in swart hande is (Mametse, 2006). Daar kan verwag word dat swart aandeelhouding in die JSE in die toekoms sal toeneem namate verdere SEB transaksies beklink word. Daar is egter kommer oor die gekonsentreerde aard van hierdie transaksies, aangesien 'n paar individue telkens by SEB transaksies betrek word en die poel van swart persone met 'n aandeelbelang in die ekonomie nie noodwendig vergroot namate daar 'n algemene toename in swart aandeelhouding in die JSE is nie.

Dit is dus duidelik dat die behoefte aan ekonomiese transformasie, of ekonomiese regstelling minstens tien jaar na Suid-Afrika se politieke demokratisering steeds bestaan het. Dit is in der waarheid die gebrekkige sukses van aanvanklike transformasieprogramme wat die behoefte aan 'n meer gefokusde benadering tot swart ekonomiese bemagtiging laat ontstaan het (Cliffe Dekker, 2004:1). Die regering het gepoog om hierdie behoefte aan te spreek deur middel van die Strategie vir Swart Ekonomiese Bemagtiging en die wetgewing en gedragskodes wat die strategie ondersteun. Hierdie institusionele ruggraat van SEB word in die volgende afdeling bespreek.

#### **4. Swart ekonomiese bemagtiging as 'n instrument vir die bevordering van transformasie**

Ten spyte van die stappe wat geneem is om sosio-ekonomiese transformasie te bewerkstellig was daar steeds noemenswaardige ongelykhede in die sosio-ekonomiese omstandighede van swart en wit Suid-Afrikaners en het die behoefte aan gefokusde swart ekonomiese bemagtiging teen die laat 1990's al sterker begin figureer in die ontwikkelingsagenda van die demokratiese regering.

Die rasionaal agter swart ekonomiese bemagtiging blyk tweeledig te wees. In die eerste plek is dit 'n poging om 'n verbetering te bewerkstellig in die lewenskwaliteit van die Suid-Afrikaanse bevolking as geheel. Dit word voorgehou as deel van die land se *ekonomiese groeistrategie* wat daarop gemik is om armoede te verlig, werkloosheid te verlaag en toegang tot sosiale dienste (waaronder: onderwys en gesondheid) te verbeter (FW de Klerk Stigting, 2006:2). In die tweede plek word daar klem geplaas op die *herverdeling* van ekonomiese hulpbronne en mag. Swart ekonomiese bemagtiging is dus ook daarop gemik om swart deelname aan die ekonomie aan te moedig ten einde ekonomiese gelykheid te bevorder (FW de Klerk Stigting, 2006:2).

Daar is in afdeling 3 geargumenteer dat sosio-ekonomiese transformasie reeds 'n geruime tyd een van die primêre prioriteite van die Suid-Afrikaanse regering is, en dat heelwat wetgewing oor die afgelope 12 jaar geïmplementeer is met die doel om transformasie, en veral die sosio-ekonomiese opheffing van swart Suid-Afrikaners, te bevorder. Swart ekonomiese bemagtiging is egter aanvanklik nie gedryf deur 'n oorkoepelende strategie wat beide die doelwitte van die proses en die meganismes waardeur die bewerkstellig sou word uiteengesit het nie. Die Departement van Handel en Nywerheid se *Strategie vir Swart Ekonomiese Bemagtiging*, wat in Maart 2003 van stapel gestuur is, die Wet op Swart Ekonomiese Bemagtiging (Nr. 53 van 2003) en die Gedragskodes wat die wet ondersteun het sedertdien die belangrikste meganismes geword waardeur die regering poog om sy ideaal van "an economy that meets the needs of all South Africans in a more equitable manner" (Department of Trade and Industry, 2003) te realiseer.

#### **4.1 Die ontwikkeling van 'n strategie vir Swart Ekonomiese Bemagtiging**

Volgens die inleiding tot die Strategie vir Swart Ekonomiese Bemagtiging (Department of Trade and Industry, 2003), sowel as die Suid-Afrikaanse Jaarboek (Government of South Africa, 2004) was die strategie die uitkoms van 'n omvattende konsultasieproses tussen die regering en die privaatsektor, en was die sienings van die *Kommissie vir Swart Ekonomiese Bemagtiging*, die president se *Black Business* en *Big Business* werkgroepe sowel as die insette van die kamer vir handel en nywerheid in die *National Economic Development and Labour Council* (NEDLAC) daarin geïnkorporeer. Dit is egter by uitstek die 2001 verslag van die Kommissie vir Swart Ekonomiese Bemagtiging wat oënskynlik in die beginsels en benadering van die nasionale strategie inslag gevind het.

Die Kommissie vir Swart Ekonomiese Bemagtiging is in 1997 deur die *Swart Bestuursforum* op die been gebring (Black Economic Empowerment Commission, 2001). Die kommissie het ten doel gehad om:

- Deur middel van empiriese navorsing hul insig in die proses van Swart Ekonomiese Bemagtiging te verdiep en waarnemings te maak ten opsigte van die tempo en resultate van SEB inisiatiewe in die vroeë 1990's.
- Gevolgtrekkings te maak ten opsigte van die struikelblokke wat die betekenisvolle deelname van swart persone aan die ekonomie verhoed.
- Om die noodsaaklikheid van 'n versnelde nasionale strategie vir Swart Ekonomiese Bemagtiging uit te lig, en voorstelle te maak ten opsigte van die beleidmaatreëls en beleidsinstrumente wat nodig sal wees om die strategie volhoubaar te maak.
- Om teikens en riglyne daar te stel in terme waarvan die implementering van die nasionale strategie vir SEB gemonitor kan word.

Die uitkomstes van samesprekings in September 2000 sowel as verdere gesprekke met kern belanghebbers is vervat in 'n verslag wat op 11 April 2001 bekendgestel is. Die voorstelle van die kommissie is op 3 Maart 2001 deur die ANC se Komitee vir Ekonomiese Transformasie aanvaar (FW de Klerk Stigting, 2006:4).

Belangrike grondbeginsels vir volhoubare Swart Ekonomiese Bemagtiging wat in die verslag voorgestel is sluit in dat (Black Economic Empowerment Commission, 2001):

- SEB 'n geïntegreerde en koherente sosio-ekonomiese proses moet wees;
- SEB gesetel moet wees in Suid-Afrika se nasionale transformasieprogram en die HOP;
- SEB daarop gemik moet wees om die ongelykhede van die verlede reg te stel deur 'n substansiële en geregmatige oordrag van eienaarskap van en bestuur en beheer oor Suid-Afrika se finansiële en ekonomiese hulpbronne aan die meerderheid van Suid-Afrikaanse burgers
- SEB daarop gemik moet wees om betekenisvolle ekonomiese deelname van swart Suid-Afrikaners oor 'n breë basis te bevorder - met die doel om volhoubare ontwikkeling en voorspoed te bewerkstellig.

Die volgende mikpunte is gestel vir die tien-jaar periode tot 2011 (Commission for Black Economic Empowerment, 2001).

- Die oordrag van 30% van bewerkbare grond na swart individue en kollektiewe ondernemings;
- Swart aandeelhouding in elke sektor van die ekonomie moet verhoog word tot minstens 25%
- Swart individue, besighede en kollektiewe ondernemings moet minstens 25% van die aandele in genoteerde maatskappy besit;
- Minstens 40% van nie-uitvoerende en uitvoerende direkteure van genoteerde maatskappye moet swart wees;
- Minstens 50% van die verkryging van die staat en staatsbeheerde ondernemings moet aan swart maatskappye en kollektiewe ondernemings gaan - waarvan minstens 30% klein- en mediumgrootte swart ondernemings moet wees;
- Minstens 30% van die aankope van die privaatsektor moet van swart maatskappy kom;
- Minstens 40% van die senior en uitvoerende bestuur van privaatmaatskappye (met meer as 50 werknemers) moet swart wees;
- Die Nasionale Strategie vir die Ontwikkeling van Menslike Hulpbronne moet toesien dat minstens 40% van persone in beroeps-georiënteerde en professionele opleiding swart is;
- Minstens 50% van leners (i.t.v. waarde) op die leenboek van instellings vir die finansiering van nasionale ontwikkeling moet swart maatskappye of kollektiewe ondernemings wees;
- Minstens 30% van die aandele in staatsbeheerde ondernemings moet aan swart maatskappye en kollektiewe ondernemings behoort;



- Minstens 30% van langtermyn kontrakte en konsessies in die openbare sektor moet swart maatskappye of kollektiewe ondernemings insluit;
- Minstens 40% van die regering se insentiewe aan die privaatsektor moet aan swart maatskappye gaan; en
- Die banksektor en die regering moet ooreenkom op doelwitte m.b.t. die toeganklikheid van finansiële dienste aan swart persone

Hierdie doelwitte is tot 'n groot mate in die uiteindelijke SEB Strategie en ondersteunende wetgewing geïnkorporeer.

#### **4.2 Die definisie van Swart Ekonomiese Bemagtiging**

Swart Ekonomiese Bemagtiging word in die strategie van die Departement van Handel en Nywerheid (2003) gedefinieer as: 'n geïntegreerde sosio-ekonomiese proses wat direk bydra tot die ekonomiese transformasie van Suid-Afrika, wat 'n noemenswaardige toename bewerkstellig in die hoeveelheid swart persone wat die land se ekonomie bestuur, besit en beheer en wat 'n noemenswaardige afname in inkomste-ongelykhede teweegbring.

In die Wet op Swart Ekonomiese Bemagtiging (No. 53 van 2003) word SEB gedefinieer as: die ekonomiese bemagtiging van alle swart persone insluitende vroue, werkers, die jeug, persone met gestremdhede en die landelike bevolking, deur diverse, maar geïntegreerde sosio-ekonomiese strategieë wat behels (maar nie beperk is tot):

- a. 'n styging in die hoeveelheid swart persone wat ondernemings en produktiewe bates bestuur, besit en beheer;
- b. vaardigheidsontwikkeling en die ontwikkeling van menslike hulpbronne;
- c. gelykmatige verteenwoordiging in alle kategorieë en vlakke van die werkerskorps;
- d. voorkeur verkryging; en
- e. investering in ondernemings wat deur swart persone besit en bestuur word.

Volgens die terme van die strategie, sal die sukses van die SEB projek ge-evalueer word in terme van agt kern doelwitte, waaronder (Department of Trade and Industry, 2003):

1. 'n Substansiële toename in die hoeveelheid swart persone wat bestaande sowel as nuwe ondernemings besit en beheer;

2. 'n Substansiële toename in die hoeveelheid swart persone wat bestaande sowel as nuwe ondernemings in die prioriteitsektore wat in die regering se strategie vir mikro-ekonomiese hervorming geïdentifiseer word besit<sup>116</sup>;
3. 'n Noemenswaardige toename in die hoeveelheid nuwe swart ondernemings, swart-bemagtigde ondernemings en ondernemings wat swart vroue bemagtig;
4. 'n Noemenswaardige toename in die hoeveelheid swart persone in die uitvoerende en senior bestuur van ondernemings;
5. 'n Toename in die proporsie van die eienaarskap en bestuur van ekonomiese aktiwiteite wat in gemeenskaps- en breë-basis ondernemings (waaronder: vakbonde, werknemerstrusts en ander kollektiewe ondernemings) en koöperasies gesetel is;
6. 'n Toename in die besit van grond en ander produktiewe bates, verbeterde toegang tot infrastruktuur, 'n toename in die aanleer van vaardighede en 'n toename in die ekonomiese aktiwiteite van onder-ontwikkelde areas (waaronder: bepaalde nodale areas wat deel vorm van die stedelike vernuwingsprogram sowel as landelike gebiede);
7. Versnelde en gedeelde ekonomiese groei; en
8. 'n Toename in die inkomstevlakke van swart persone en 'n afname in die inkomste-ongelykhede tussen verskillende rasgroepe.

#### **4.3 Die implementering van die SEB strategie**

Die implementering van die SEB strategie is op regeringsvlak gefasiliteer deur die aanvaarding van die Wet op Swart Ekonomiese Bemagtiging en die vestiging van 'n Komitee vir Swart Ekonomiese Bemagtiging in die kantoor van die president wat daarvoor verantwoordelik is om die implementering van en vordering ten opsigte van die strategiese doelwitte te monitor (FW de Klerk Stigting, 2006:8).

In die SEB strategie word daar 'n SEB telkaart uiteengesit wat Swart Ekonomiese Bemagtiging in terme van drie kern elemente meet. Daar word in die eerste plek aandag gegee aan *direkte bemagtiging* deur eienaarskap en beheer van ondernemings en bates. In die tweede plek word daar gekyk na *gelyke indiensname* en die *ontwikkeling van menslike hulpbronne*. Die laaste element behels *indirekte bemagtiging* deur middel van voorkeur

---

<sup>116</sup> Hierdie sektore sluit in: landbou en landbou-verwerking; mynbou, minerale en die benefisiëring van metale; klere en tekstiel; voertuigproduksie; komponente van lugvaart, informasie en kommunikasie tegnologie sektore, chemiese en kulturele industrieë (waaronder: media, film, musiek, handwerk) en dienste met 'n hoë vlak van toegevoegde waarde.

verkryging en die ontwikkeling van ondernemings. Die generiese telkaart wat in die SEB strategie (Department of Trade and Industry, 2003) voorgestel word meet ondernemings se SEB bydraes in terme van sewe verskillende elemente, waaronder: swart aandeelhouding, swart deelname aan bestuur, gelyke indiensname, vaardigheidsontwikkeling, voorkeur verkryging, die ontwikkeling en ondersteuning van swart besighede en 'n residuele element wat op sosio-ekonomiese ontwikkel fokus of aan die diskresie spesifieke sektore/ industrieë oorgelaat word.

Ingevolge afdeling 9 van die wet op Swart Ekonomiese Bemagtiging (Wet nommer 53 van 2000) is die Minister van Handel en Nywerheid by magte om gedragskodes oor swart ekonomiese bemagtiging in die staatskoerant bekend te maak. Hierdie kodes voorsien verdere interpretasies van die SEB wetgewing en strategie, definisies van verskillende kategorieë van bemagtigde entiteite en riglyne vir belanghebbers in verskillende sektore om hul eie handveste vir transformasie te ontwikkel (Department of Trade and Industry, 2006:3). Die kodes spesifiseer ook indikatore wat dien as maatstawwe vir die verskillende elemente van swart ekonomiese bemagtiging en die gewig wat aan elke element in die telkaart toegeken word (Department of Trade and Industry, 2006:3).

Die proses vir die ontwikkeling van die SEB gedragskodes is in April 2004 geïnisieer. Die finale kodes is egter eers byna drie jaar later in Februarie 2007 in die staatskoerant gepubliseer. Hoewel konsepweergawes van verskillende fases van die kodes in November en Desember 2005 vrygestel is vir publieke kommentaar, was sommige besighede onwillig om SEB prosesse te inisieer alvorens die kodes waaraan hul SEB praktyke gemeet sou word gefinaliseer is. Die uitgerekte proses van die finalisering van die kodes het die sakesektor en ander belanghebbers egter tyd gegee om op die kodes te reageer en insette te lewer wat in die finale kodes geïnkorporeer kon word. Die finale kodes het gevolglik die meerderheid van knelpunte wat in die aanvanklike kodes geïdentifiseer is aangespreek.

Ondernemings gebruik die generiese telkaart wat in die finale kodes uiteengesit word om hul SEB tellings te bepaal. Die sewe verskillende SEB elemente dra elkeen 'n spesifieke gewig in die telkaart (sien tabel 2).

**Tabel 2: Die Generiese SEB telkaart**

Komponent	Beskrywing	Gewig
<b>Direkte bemagtiging</b>		
Eienaarskap	Maatstaf van swart eienaarskap in die onderneming	20
Bestuur/Beheer	Maatstaf van die betrokkenheid van swart persone in die bestuur of beheer van die onderneming	10
<b>Menslike hulpbron ontwikkeling</b>		
Gelyke indiensname	Maatstaf van inisiatiewe wat daarop gemik is om gelykheid in die werkplek te bewerkstellig in terme van die Wet op Swart Ekonomiese Bemagtiging en die Wet op Billike Indiensneming	15
Vaardigheidsontwikkeling	'n Maatstaf van werkgewers se inisiatiewe wat daarop gemik is om die vaardighede van swart werknemers te ontwikkel	15
<b>Indirekte bemagtiging</b>		
Voorkeur verkryging	Maatstaf van die omvang van ondernemings se aankope van goedere en dienste vanaf verskaffers met sterk Breë Basis Swart Ekonomiese Bemagtiging verkrygings erkenningsvlakke	20
Ontwikkeling van ondernemings	Maatstaf van die omvang van ondernemings se inisiatiewe om die ontwikkeling en volhoubaarheid van ander ondernemings mee te help en te versnel.	15
<b>Residu</b>		
Sosio-ekonomiese ontwikkeling en Sektor-spesifieke bydraes	Maatstaf van ondernemings se inisiatiewe om tot sosio-ekonomiese ontwikkeling by te dra of van sektor-spesifieke inisiatiewe om die toegang van swart persone tot die ekonomie te bevorder	5
<b>TOTAAL</b>		100

**Bron:** Departement van Handel en Nywerheid se gedragkodes vir Swart Ekonomiese Bemagtiging (Department of Trade and Industry, 2007:10-11)

Die omvattende aard van die verskillende elemente van Swart Ekonomiese Bemagtiging wat in die SEB strategie geïnkorporeer en in die generiese telkaart opgeneem is, reflekteer die regering se behoefte om 'n *breë basis* van swart persone (as beide deelnemers en begunstigdes) by die Suid-Afrikaanse ekonomie te betrek. Die behoefte aan 'n meer omvattende en inklusiewe benadering tot Swart Ekonomiese Bemagtiging is duidelik in: die fokus op die ontwikkeling van menslike hulpbronne deur opleiding; die aandag wat gegee word aan die fasilitering van finansiering en bestuursondersteuning vir swart besighede; die klem op die inkorporering van swart persone in bestuursposisies waar hulle werklike inspraak sal hê in die wyse waarop ondernemings bestuur word; die voorsiening wat gemaak word vir kollektiewe ondernemings met 'n breë basis van begunstigdes (waaronder werknemerstrusts) om aandele in ondernemings te bekom; en die voorsiening wat later gemaak is vir 'n residuele

element in terme waarvan ondernemings se bydraes tot en ondersteuning vir gemeenskapsprojekte ook as 'n bydrae tot transformasie gereken word<sup>117</sup>.

Die doel van die telkaart is uiteindelik om ondernemings se bydrae tot swart ekonomiese bemagtiging te kwantifiseer. Die telling vir 'n bepaalde element van die telkaart word bepaal in terme van spesifieke teikens wat vir die onderafdelings van die betrokke element gestel is. (Byvoorbeeld: een van die teikens vir gelyke indiensname is om 43% van senior bestuurders in 'n bepaalde onderneming swart persone moet wees. Wanneer 'n onderneming hierdie teiken bereik, kry hy die volledige punte wat aan die betrokke onderafdeling van gelyke indiensname toegeken word. Waar ondernemings die gestelde teikens oorskry, kan hulle 'n beperkte hoeveelheid bonuspunte in die betrokke element van die telkaart verdien.) 'n Onderneming kwalifiseer dan op grond van sy SEB telling vir 'n bepaalde "Breë Basis Swart Ekonomiese Bemagtiging Status" (SEB Status). Daar is agt verskillende vlakke van SEB status wat wissel vanaf 'n "Vlak een bydraer", wat meer as 100 punte op die generiese telkaart verdien, tot 'n "Vlak agt bydraer", wat tussen 30 en 40 punte op die generiese telkaart verdien. 'n Onderneming wat minder as 30 punte op die generiese telkaart verdien, word beskou as 'n "nie-voldoende bydraer".

Die SEB status van 'n onderneming word deur die staat in ag geneem wanneer hy: lisensies toeken of aan gereguleerde ekonomiese aktiwiteite deelneem; wanneer daar konsessies aan private ondernemings toegeken word om 'n bate of onderneming namens die staat te bestuur; wanneer bates of staats-beheerde ondernemings verkoop word; wanneer vennootskappe tussen die openbare en private sektor gevestig word; of wanneer daar aan enige ekonomiese aktiwiteite deelgeneem word (Department of Trade and Industry, 2003). Besighede met hoër SEB tellings geniet voorkeur in al die bogenoemde gevalle (FW de Klerk, 2006:8).

'n Onderneming se SEB status bepaal ook sy "Breë Basis Swart Ekonomiese Bemagtiging erkenningsvlak". Hierdie erkenningsvlakke wissel vanaf 135% vir "vlak een bydraers" tot 10% vir "vlak agt bydraers" en 0% vir "nie-voldoende bydraers". Hierdie erkenningsvlak is relevant tot die "voorkeur verkryging" element van die telkaart. In terme van hierdie element van die

---

<sup>117</sup> Dit is ook interessant om te let dat daar in reaksie op die aanvanklike eksklusiewe aard van Swart Ekonomiese Bemagtigingstransaksies in beide die wet wat in 2003 in die staatskoerant verskyn het, en die amptelike strategie wat in 2003 bekend gemaak is, pertinent na *Breë Basis Swart Ekonomiese Bemagtiging* verwys word.

telkaart word daar van ondernemings verwag om in die aankope van goedere en dienste voorkeur te gee aan ondernemings wat oor 'n bevredigende SEB status beskik. 'n Onderneming se telling in hierdie element van die telkaart word bepaal deur sy verkryging van swart bemagtigde ondernemings te meet as 'n persentasie van sy totale verkryging. Die erkenningsvlak van die onderneming van wie die verkryging gedoen word (met ander woorde: die SEB erkenningsvlak van die verskaffer) bepaal watter persentasie van die betrokke aankope as verkryging vanaf swart bemagtigde maatskappye beskou word. Byvoorbeeld: Indien onderneming A R100 se goedere aankoop van 'n onderneming B wat 'n "vlak een bydraer" tot SEB is en dus 'n erkenningsvlak van 135% geniet, kan 135% van die waarde van hierdie aankoop (dus, R135) as verkryging vanaf 'n swart bemagtigde maatskappy beskou word. Indien onderneming A R100 se goedere aankoop van 'n onderneming wat 'n "vlak agt bydraer" tot SEB is en dus 'n erkenningsvlak van 30% geniet, kan 30% van die waarde van hierdie aankoop (dus, R30) as verkryging vanaf 'n swart bemagtigde maatskappy beskou word.

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat ondernemings nie wetlik verplig is om aan die gestelde SEB standarde te voldoen nie. Hierdie meganisme vir die erkenning van 'n onderneming se SEB status, en die wyse waarop dit die telling wat ondernemings in die "voorkeur verkryging" element van die generiese telkaarte kan verdien beïnvloed, is ontwerp om ondernemings aan te moedig om vrywilliglik aan die SEB gedragskodes te voldoen. Dit staan dus groot ondernemings wat voel dat hulle sonder bemagtigingsverifikasie genoeg kliënte kan wen vry om geen stappe te neem om hul SEB tellings te verbeter nie (Bonorchis, 2005).

Daar is 'n aantal ander eienskappe van die jongste weergawe van die SEB kodes en telkaart wat belangrik is in terme van die aard van die verandering wat dit poog om te bevorder.

Daar is in Afdeling 3 van hierdie hoofstuk genoem dat die bevordering van kleinsakeondernemings een van die regering se oorkoepelende strategieë is om 'n groter aantal swart Suid-Afrikaners in die hoofstroom ekonomie te betrek. Die regering steun egter kleinsakeondernemings en entrepreneurs in alle Suid-Afrikaanse gemeenskappe in 'n poging om ekonomiese groei en werkskepping te bevorder. Daar is aanvanklik gevrees dat die vereistes van die SEB kodes en telkaarte te kompleks is, en te duur sal wees vir kleinsakeondernemings om te implementeer, en dat dit ekonomiese aktiwiteite in hierdie

sektor sal ontmoedig. Vir hierdie doel word daar in die SEB kodes en telkaarte van die Departement van Handel en Nywerheid onderskei tussen verskillende tipes ondernemings, waarvan die SEB bydraes op 'n unieke wyse bepaal word.

Ondernemings met 'n omset van minder as R5 miljoen per jaar kwalifiseer as "Vrygestelde Klein Ondernemings" (VKO's) (Department of Trade and Industry, 2007:9). VKO's word outomaties beskou as "vlak vier bydraers" tot SEB, en het dus 'n SEB erkenningvlak van 100% (wat beteken dat 100% van die aankope wat van sodanige ondernemings gedoen word in die "voorkeur verkryging" element van die telkaart as aankope vanaf swart bemagtigde maatskappye gereken kan word) (Department of Trade and Industry, 2007:9). VKO's kan egter hul SEB status en erkenningvlak verbeter deur aan die vereistes van die telkaart vir "Kwalifiserende Klein Ondernemings" (KKO's) te voldoen.

Ondernemings met 'n jaarlikse omset tussen R5 miljoen en R35 miljoen, kwalifiseer as KKO's. KKO's (en VKO's wat kies om op 'n vrywillige basis te probeer om hul SEB status te verbeter) moet voldoen aan 'n aangepaste SEB telkaart waarin hulle kan kies om aan enige vier van die sewe elemente van die generiese telkaart te voldoen. Elk van die gekose vier elemente dra dan 'n gelyke gewig van 25 (Department of Trade and Industry, 2007:79).

Die jongste kodes maak ook daarvoor voorsiening dat nuwe ondernemings (sogenaamde: "start-up enterprises") in die eerste jaar van hul bestaan as VKO erken kan word. Hierdie status impliseer dat sodanige ondernemings outomaties as "vlak vier bydraers" met 'n SEB erkenningstatus van 100% beskou word (Department of Trade and Industry, 2007:10). Waar hierdie ondernemings egter vir kontrakte bo R5 miljoen tender, word dit aan die telkaart vir KKO's gemeet. Wanneer nuwe ondernemings vir kontrakte van meer as R35 miljoen tender word hul SEB status in terme van die generiese telkaart bepaal. Dit is dus duidelik dat die bepaling ten opsigte van VKO's, KKO's en nuwe ondernemings in die SEB kodes en telkaarte die staat se strategie om klein ondernemings aan te moedig ondersteun deur aan hierdie soort ondernemings verhoogde SEB status toe te ken en sodoende verkryging van hierdie ondernemings te bevorder.

Dit is ook belangrik om te kyk na die wyse waarop "swart persone" in die kodes gedefinieer word. Volgens die Wet op Swart Ekonomiese Bemagtiging is "swart persone" "a generic term which means Africans, Coloureds and Indians". In skedule 1 van die SEB kodes (Department of Trade and Industry, 2007:87), waarin die interpretasies en definisies van die kodes uiteengesit word, word "swart persone" as volg gedefinieer:

"Black people has the meaning defined in the [Broad-Based Black Economic Empowerment] Act qualified as including only natural persons who are citizens of the Republic of South Africa by birth or descent or are citizens of the Republic of South Africa by naturalisation:  
(a) occurring before the commencement date of the constitution of the Republic of South Africa Act of 1993; or  
(b) occurring after the commencement date of the constitution of the Republic of South Africa Act of 1993 but who without the Apartheid policy would have qualified for naturalisation before then."

Daar word in hierdie definisie geen onderskeid getref tussen swart, bruin en Indiër persone nie. Die vereiste van burgerskap verseker ook dat persone wat nie deel is van die Suid-Afrikaanse samelewing wat as gevolg van die land se apartheidsbeleid benadeel is nie, nie direkte voordeel uit die SEB kodes en praktyke kan trek nie. Dit is wel interessant om te let dat hoewel persone wat na 1993 Suid-Afrikaanse burgerskap ontvang het nie as "swart persone" kwalifiseer nie, wyl daar geen uitsondering gemaak word ten opsigte van Suid-Afrikaners wat na 1993 gebore is nie.

Die SEB strategie en kodes maak ook voorsiening vir die bevordering van die ekonomiese deelname van vyf vêrdere kategorieë van persone, naamlik: swart vroue, swart gestremde persone, swart jeugdige, swart werklose persone en swart persone in landelike gebiede (Department of Trade and Industry, 2007:11). Daar word in die verskillende elemente van die telkaart op 'n direkte wyse sowel as deur middel van bonuspunte voorsiening gemaak vir die bevordering van die belange van hierdie groeperinge (Department of Trade and Industry, 2007:11). Dit is belangrik om te let dat hoewel die Wet op Billike Indiensneming ook wit vroue en wit gestremde persone teiken as persone wat in indiensnemingspraktyke bevoordeel behoort te word, daar in die SEB strategie uitsluitlik op swart persone gefokus word.



In die SEB strategie word dit duidelik gemaak dat hoewel die regering as primêre agent vir Swart Ekonomiese Bemagtiging optree (deur o.a. sy ekonomiese aktiwiteite volgens die wetgewing en regulasies rondom SEB aan te pas, finansiering te verskaf en institusionele steun vir die SEB proses te bied) daar ook sterk staatgemaak word op "vennootskappe" met die privaatsektor - insluitende: besighede, vakbonde en gemeenskapsorganisasies (Department of Trade and Industry, 2003:16). Om sodanige vennootskappe aan te moedig, en ook die privaatsektor se ondersteuning vir die SEB proses te versterk, word daar in die SEB strategie voorsiening gemaak vir die ontwikkeling van sektorale of industrie-spesifieke SEB handveste. Verskillende sektore of industrieë word dus toegelaat om (binne die parameters wat deur die SEB strategie, wetgewing en gedragskodes gestel word) hul eie transformasie-programme en SEB telkaarte op te stel. Die SEB strategie en gedragskodes skryf voor dat hierdie handveste in oorleg met al die belangrikste belanghebbers in die betrokke industrie of sektor ontwikkel moet word, en 'n opsomming moet bied van: (i) die belangrikste SEB uitdagings in die industrie/ sektor, (ii) die sektor/ industrie se visie ten opsigte van transformasie en SEB, (iii) die meganismes wat ingespan gaan word om SEB teikens te bereik, (iv) 'n beraming van die finansieringsbehoefte van die sektor/ industrie t.o.v. SEB, en (v) die institusionele- en bestuursmeganismes wat die implementering van die strategie/handves sal koördineer, fasiliteer, monitor en evalueer (Department of Trade and Industry, 2003:17).

Hierdie klem op sektorale of industrie-spesifieke handveste vir transformasie en SEB dui op die Departement van Handel en Nywerheid se erkenning van die unieke uitdagings wat in verskillende sektore/ industrieë bestaan, en die wyse waarop dit hul prioriteite ten opsigte van SEB sal beïnvloed.

Dit is egter belangrik om te let dat sektorale of industrie-spesifieke handveste steeds aan die algemene vereistes wat in die SEB strategie en gedragskodes gestel word moet voldoen en uiteindelik deur die Departement van Handel en Nywerheid goedgekeur moet word. In terme van die riglyne vir die ontwikkeling van sektor kodes of handveste vir transformasie wat in die gedragskodes van die Departement van Handel en Nywerheid (2007:13) vervat is, mag sektorale of industrie-spesifieke handveste slegs van die generiese kodes afwyk indien dit regverdigbaar is in terme van "goeie ekonomiese beginsels", "sektorale eienskappe" of "empiriese navorsing". Selfs in hierdie omstandighede word die sektor of industrie se

diskresie bekamp tot die elemente in die telkaart, die gewig van die verskillende elemente en die teikens wat vir verskillende elemente in die telkaart gestel word en mag daar nie afgewyk word van die definisies van begunstigdes van SEB transaksies, aktiwiteite of projekte nie (Department of Trade and Industry, 2007:14).

Industrieë/ sektore het een van twee opsies t.o.v. hul individuele handveste. Handveste kan in terme van afdeling 9 van die SEB wet as sektor kodes, óf in terme van afdeling 12 van die SEB wet as handveste vir transformasie in die staatskoerant gepubliseer word. Indien 'n bepaalde sektor/ industrie se transformasie-strategie as 'n sektor kode deur die Departement van Handel en Nywerheid goedgekeur word, het dit in wetlike status gelyk aan die finale SEB kodes en word die SEB tellings van ondernemings in die betrokke industrie/ sektor in terme van hierdie sektor kode bepaal. Waar onsekerheid bestaan moet ondernemings in die betrokke sektor/ industrie egter steeds aan die algemene kodes voldoen. Handveste vir transformasie het daarenteen geen wetlike status nie, en dien bloot as 'n formalisering van die betrokke industrie/ sektor se intensies en doelwitte ten opsigte van Swart Ekonomiese Bemagtiging. In hierdie geval word die algemene kodes gebruik om SEB tellings vir die ondernemings in die betrokke industrie of sektor te bepaal.

'n Hele aantal sektore het reeds prosesse geïnisieer om kodes of transformasie handveste op te stel. Die eerste sektorale kode wat wetlike status geniet het, was die Handves van die Mynwese-industrie wat reeds voor die publisering van die SEB strategie en wetgewing gefinaliseer is, en as't ware as basis vir gesprekke rondom die ontwikkeling van die finale strategie en wetgewing gebruik is. Die kodes van die finansiële sektor sowel as die konstruksiebedryf is ook sedertdien ingevolge afdeling 12 van die Wet op Swart Ekonomiese bemagtiging in die staatskoerant gepubliseer. Die handves van die petroleum en vloeibare brandstof industrie is ook reeds in die staatskoerant gepubliseer, maar wel volgens die bepaling van die Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleum Hulpbronne. By die vrystelling van 'n opsomming van die finale gedragskodes vir Swart Ekonomiese Bemagtiging in Januarie 2007, het die Departement van Handel en Nywerheid aangedui dat die meerderheid van sektorale handveste waarskynlik ingevolge Seksie 9 van die wet aanvaar sal word, en dus in terme van wetlike status aan die kodes gelyk sal wees. Industrieë/ sektore wat hul handveste vir goedkeuring deur die Departement van Handel en Nywerheid voorgelê het sluit in: die maritieme vervoer en dienste industrie, die sektor vir informasie- en

kommunikasietegnologie, die toerismesektor en die versending en verrekening industrie. Ook die landbousektor werk steeds aan 'n sektor-spesifieke handves wat hy in terme van afdeling 9 van die Wet op Swart Ekonomiese Bemagtiging as sektorale kode wil laat goedkeur, terwyl verskillende bedrywe in die landbousektor (bv. die wynbedryf, vrugtebedryf, rooivleisbedryf, graanbedryf ens.) ook werk aan handveste van transformasie of kodes wat in die nabye toekoms vir goedkeuring aan die Departement van Handel en Nywerheid voorgelê sal word.

## **5. Kommentaar op Breë Basis Swart Ekonomiese Bemagtiging**

As gevolg van die ingrypende aard van die SEB wetgewing, strategie en kodes en die trefwydte van SEB as 'n transformasieprojek word daar vanuit verskeie oorde kommentaar gelewer op hierdie beleid en die manier waarop dit geïmplementeer word. Hierdie kommentaar word hier opgesom ter beskrywing van die suksesse en mislukkings van die SEB projek en die belangrikste uitdagings wat aangespreek moet word vir hierdie projek om 'n betekenisvolle bydrae tot sosio-ekonomiese transformasie in Suid-Afrika te lewer.

### *Aanvaarding van die morele onderbou*

Daar word meestal in beginsel saamgestem dat daar, gegewe Suid-Afrika se geskiedenis van ongelyke ontwikkeling, 'n behoefte aan sosio-ekonomiese transformasie en die ekonomiese bemagtiging van swart Suid-Afrikaners bestaan. Dit word dus beskou as 'n politieke noodsaaklikheid en die morele meriete van die projek word aanvaar (Brown [2004:xiv]; Hoskings [2003:2]). In 'n artikel oor Swart Ekonomiese Bemagtiging sê die Suid-Afrikaanse akademikus en besigheidspersoonlikheid, Jakes Gerwel (2007), dat "ná aanvanklike teenkanting skyn dit asof die meeste van die gevestigde - lees wit beheerde - ondernemings nou vrede gemaak het met SEB en soms selfs geesdriftig daarvoor is". Sektorale handveste vir transformasie, waarby daar direkte en omvattende betrokkenheid deur 'n breë spektrum rolspelers in die Suid-Afrikaanse ekonomie is, beskryf ook bykans sonder uitsondering in die eerste plek die ongelykhede en die gebrekkige deelname van swart persone in die betrokke sektor/ industrie as gevolg van historiese ongelyke ontwikkeling en erken die behoefte aan 'n transformasieproses wat swart Suid-Afrikaners hul regmatige deel in die bestuur, beheer en voordele van die industrie/ sektor sal gee.

### *Ondersteuning vir SEB as 'n markgedrewe groeistrategie*

In die Instituut vir Versoening en Geregtheid se Transformasie Oudit (Brown 2004), lewer Gelb (2004:10) ook positiewe kommentaar op die feit dat Swart Ekonomiese Bemagtiging deurgaans op 'n "markgedrewe" basis aangepak word. Daar het tot op hede nog geen konfiskering of nasionalisering van produktiewe bates plaasgevind nie. Ten spyte van toenemende druk van ekonomies ontmagtigdes hou die Departement van Handel en Nywerheid ook vol dat bemagtiging op 'n inkrementele wyse moet plaasvind, wat die volhoubaarheid van beide individuele projekte en die ekonomie as geheel voorop stel (Department of Trade and Industry, 2003; 2005).

### *SEB, ekonomiese groei en die groei in die swart middelklas*

Die breër projek van Swart Ekonomiese Bemagtiging het 'n belangrike rol gespeel om groei in die swart middelklas te bewerkstellig (Southall, 2005:9). Volgens 'n studie deur Rivero, du Toit en Kotzé (2003) het die Suid-Afrikaanse middelklas tussen 1994 en 2000 toegeneem vanaf 8.8% tot 11.9% van die bevolking. Die grootste gedeelte van hierdie groei is veroorsaak deur die snel groei in die swart middelklas (kleurlinge en Indiërs uitgesluit) wat tussen 1994 en 2000 toegeneem het vanaf 3.3% tot 7.8% van die totale swart bevolking. Daar was ook tussen 1998 en 2004 'n noemenswaardige toename van 368% in die hoeveelheid swart huishoudings in middel- en hoër inkomstegroepe (Visser, 2005). Hierteenoor was die toename in die hoeveelheid wit huishoudings in middel- en hoër inkomstegroepe oor dieselfde periode slegs 16% (Visser, 2005). Volgens die jongste "All Media Products Survey" was daar in 2005 alleen 'n 30% toename in die swart middelklas (*Finance 24*, 2006). Daar word verwag dat swart huishoudings teen 2007 'n groter deel van persoonlike bestebare inkomste (46.5%) sal verdien as wit huishoudings (40.4%) wat 'n daadwerklike ommekeer is sedert 1960, toe wit huishoudings 69.4% van totale inkomste verdien het teenoor die 23% van totale inkomste wat deur swart huishoudings verdien is (FW de Klerk Stigting, 2006:18).

Daar word ook geargumenteer dat hierdie toename in die bestebare inkomste van swart huishoudings een van die dryfvere agter die opbloei in die kleinhandelsektor is - wat oor die laaste paar jaar so 'n beduidende bydrae gemaak het tot ekonomiese groei in Suid-Afrika (Groenewald, 2006). Die strategie is dus suksesvol in die realisering van sy doelwit om deel van Suid-Afrika se ekonomiese groeistrategie te wees.

### *Formalisering van beleid t.o.v. transformasie versterk sakevertroue*

Daar word in regeringskringe geargumenteer dat 'n regulasiebeheerde SEB proses noodsaaklik was omdat "skikkings vir gelykstelling" op ekonomiese gebied nie "vanself sou kom" nie (Gerwel, 2007). Hierdie regulasiebeheerde proses het egter die positiewe gevolg dat onsekerhede ten opsigte van ekonomiese transformasie uit die weg geruim word. Die bevordering van investering (beide binnelands en buitelands) is een van die belangrikste makro-ekonomiese doelwitte in Suid-Afrika. Dit is ter wille van die voorspelbaarheid van Suid-Afrikaanse ekonomiese siklusse en patrone van eienaarskap, besit en bestuur van die ekonomie belangrik dat die proses van Swart Ekonomiese Bemagtiging op 'n voorspelbare wyse moet geskied. Die formalisering van die Departement van Handel en Nywerheid se strategie vir SEB (in 2003) en die gedetailleerde gedragskodes wat ter ondersteuning van die strategie uitgebring word bevorder die voorspelbaarheid van die SEB proses, en ruim onsekerhede oor transformasie-teikens, en die strategieë wat ter bereiking van hierdie doelwitte ingespan gaan word, uit die weg. Dit is dan ook een van die redes waarom daar soveel frustrasie bestaan het rondom die ongeveer drie jaar lange proses om die gedragskodes op te stel en die Departement van Handel en Nywerheid se versuim om die *finale* gedragskodes teen ooreengekome teikendatums bekend te maak.

Analiste in die besigheidswêreld het sterk kritiek uitgespreek teen die regering se versuim om die SEB kodes op die ooreengekome sperdatums beskikbaar te maak. Kern sektore en industrieë was en is steeds onder druk om hul transformasie-strategieë en SEB handveste bekend te maak. Enorme beleggings (in die vorm van beide tyd en geld) is gemaak in omvattende prosesse waartydens daar oor hierdie kwessies onderhandel en op aanvaarbare strategieë ooreengekom moes word. Ook individuele ondernemings is aangemoedig om pro-aktief op te tree om hul transformasieprogramme en SEB status in orde te kry (*Classic Business Day*, 2 November 2005). Verskillende weergawes van die kodes strook egter nie met die aanvanklike telkaart en kodes wat deur Departement van Handel en Nywerheid bekend gemaak is nie, en verskeie sektore, industrieë en ondernemings word dus gedwing om duur inisiatiewe te herhaal om te verseker dat daar aan die nuutste stel gedragskodes voldoen word (Monteiro, 2005).

Verdere onsekerheid oor die SEB kodes is geskep toe die Minister van Finansies, Trevor Manuel, in April 2007 (skaars twee maande na die publisering van die "finale" SEB

gedragskodes in die staatskoerant) in 'n onderhoud met die Britse koerant, die *Financial Times*, gesê het dat die SEB wetgewing en kodes hersien sal moet word omdat dit nie die aanvanklike doelwitte ten opsigte van *breë basis*, swart ekonomiese bemagtiging bereik nie (Milazi, 2007:1-2). Die nuwe kodes is juis ontwerp om die elitistiese aard van SEB projekte te probeer verhoed, en besigheidskommentators was van mening dat Manuel se opmerkings voortydig is, en onnodige onsekerheid skep rondom die wyse waarop SEB tellings uiteindelik bepaal sal word (Jacks, 2007).

#### *Versoenbaarheid met ander wetgewing*

In 'n artikel oor die regsimplikasies van die SEB wetgewing en gedragskodes wys Morné van der Merwe (2004) daarop dat die SEB wetgewing suksesvol geïntegreer kan word met bestaande wetgewing om sosio-ekonomiese transformasie te bevorder. Raakpunte met die Wet op Billike Indiensneming, die Wet op Voorkeurverkryging en die Wet op Vaardigheidsontwikkeling behoort die implementering van SEB wetgewing te vergemaklik. Van der Merwe (2004) wys egter ook op 'n aantal regstegniese punte ten opsigte waarvan die SEB wetgewing teenstrydig is met bestaande wetgewing. Afdeling 38 van die Maatskappywet bepaal byvoorbeeld dat 'n maatskappy geen direkte of indirekte finansiële steun kan bied aan persone wat aandele in die maatskappy wil bekom nie. Daar is dus 'n moontlikheid dat transaksies waarin ondernemings aan werknemerstrusts of SEB konsortiums finansiering verskaf om aandele in die besigheid te bekom nietig verklaar kan word. Die strukture wat geskep word om die bepalinge van die Maatskappywet te omseil is dikwels geweldig kompleks en maak dit vir minder ingeligte swart werknemers of ontwikkelingstrusts moeilik om voordele binne hierdie strukture op te eis.

Verskille in die definisies van groepe wat vir regstellende aksie kwalifiseer in die Wet op Billike Indiensneming en die Wet op Swart Ekonomiese Bemagtiging skep verwarring oor die posisie van wit vroue en wit gestremde persone (wat volgens die Wet op Billike Indiensneming vir regstellende aksie kwalifiseer, maar nie kwalifiseer vir punte in die gelyke indiensname element van die SEB telkaart nie).

#### *Vaardigheidsontwikkeling as meganisme om volhoubaarheid te bevorder*

Die behoefte aan 'n volhoubare proses van ekonomiese transformasie word gereflekteer in die klem wat daar geplaas word op vaardigheidsontwikkeling onder voorheen benadeelde

groepe, wat swart Suid-Afrikaners in staat sal stel om hul posisie in die ekonomie oor die langtermyn te verbeter (Gelb, 2004:11). Die gewig wat daar in die telkaart aan vaardigheidsontwikkeling toegeken word (15 uit die totaal van 100 punte) sowel as die sterk fokus op die oordrag van vaardighede in die besigheidsontwikkeling element van die telkaart (wat ook 15 punte uit die totaal van 100 tel) is gevolglik baie positief ontvang.

Sommige waarnemers meen egter dat daar steeds nie genoeg aandag aan vaardigheidsontwikkeling gegee word nie, en dat ander teikens in die SEB telkaart (bv. dié ten opsigte van swart betrokkenheid in die beheer van organisasies en gelyke indiensname) onhaalbaar is as gevolg van die beperkte poel goed-gekwalfiseerde swart persone (Clark, 2007). Die sake-ekoonom, Roelof Botha (2007), argumenteer ook dat "[dit] eenvoudig onmoontlik [is] om oornag derduisende swart ingenieurs, projekbestuurders, vlieëniers, vakmanne en sakeleiers uit die niet te laat verskyn". Volgens Botha word Suid-Afrika se groeiteikens as gevolg van die "verbete" toewyding aan SEB (wat die aanstelling van internasionale kundiges en ervare persone uit die wit gemeenskap verhoed), geknou - o.a. omdat daar nie in die infrastrukturele behoeftes van die groeiende ekonomie voorsien kan word nie (Botha, 2007). 'n Lid van die Khayelitsha gemeenskap buite Kaapstad skryf in 'n brief aan die *Cape Times* dat "affirmative education" liefers die fokus van regstellende aksie en transformasieprosesse moet wees en argumenteer dat só 'n benadering tot transformasie oor die langtermyn swart Suid-Afrikaners in 'n posisie sal plaas om op 'n gelyke voet in verskillende sferes van die samelewing deel te neem en te kompeteer - eerder as die huidige tendens om vinnig werk [en geleenthede] te gee aan 'n klein elite groep (Madikizela, 2007).

### *SEB voordele nie breed genoeg versprei*

Die SEB proses word veral gekritiseer vir die feit dat dit nie daarin slaag om ekonomiese voordele na 'n breë basis van swart persone te versprei nie. Hierdie kritiek is veral relevant vir die sogenaamde "eerste golf" van SEB transaksies, waarin 'n paar prominente individue telkens die begunstigdes van die transaksies was (*Economist*, 16 October 2004). In die verslag van die SEB kommissie word daar erken dat dit aanvanklik moeilik was om die persepsie uit die weg te ruim dat Swart Ekonomiese Bemagtiging bloot daarop gemik is om 'n groep swart individue se aandeelhouing in die ekonomie te vergroot (Andreasson, 2006:313). Volgens berigte in die finansiële pers, was ses groot SEB konsortiums, waaronder: ARM, Mveplaphanda, Shanduka, Safika, Kagiso en Tiso, betrokke by ongeveer

72% van die SEB transaksies wat in 2003 beklank is (Andreasson, 2006:313). In 'n opiniestuk oor SEB in die *Mail & Guardian* (Ntshalintshali, 2007:7) argumenteer Bheki Ntshalintshali, die adjunk sekretaris van COSATU, dat die SEB proses die "prooi" geword het van die nuwe kultuur van self-verryking, dat dit 'n klein swart elite verryk, en dat dit patrone van welvaartverspreiding, armoede en werkloosheid feitlik onveranderd laat. Ook die Instituut vir Geregtigheid en Versoening (Brown, 2004:xiv) argumenteer dat die beperkte omvang van swart bemagtiging die rol van SEB in die bevordering van ekonomiese groei en die bekamping van armoede lamlê. Die SEB proses word dus 'n bloot 'n proses van herverdeling van bestaande rykdom. Die doelwit om 'n verbetering in die lewenskwaliteit van alle Suid-Afrikaners te bewerkstellig (soos wat dit aan die begin van Afdeling 4 omskryf is) word dus nie verwesenlik nie.

Die eksklusiewe aard van onderhandelinge rondom die SEB strategie en wetgewing, en die versuim van sekere industrieë om 'n breë basis van belanghebbers in die ontwikkeling van hul transformasie strategieë te betrek, dra verder by tot die persepsie dat Swart Ekonomiese Bemagtiging 'n elitistiese proses is. Daar was onder andere ontevredenheid oor die wyse waarop die Handves vir die Finansiële Sektor opgestel is. Sekere belanghebbers in die sektor (waaronder vakbondvertegenwoordigers) is nie by aanvanklike onderhandelings ingesluit nie. Toe hierdie griewe later aan die lig gekom het, was daar selfs gevaar dat die proses in totaliteit kan ontspoor.

Kritiek oor die beperkte aantal begunstigdes in die SEB proses het veral ook gespruit uit die tussentydse bepaling dat die SEB telling van ondernemings in terme van 'n sogenaamde "narrow based" telkaart bepaal kan word in die eerste jaar na die publisering van die finale kodes in die staatskoerant (Department of Trade and Industry, 2007:12). Volgens hierdie telkaart word SEB tellings slegs deur inisiatiewe ten opsigte van die eerste twee elemente van die telkaart, naamlik eienaarskap en beheer, bepaal. Die samestelling van hierdie tussentydse telkaart het volgens waarnemers die persepsie geskep dat hierdie twee elemente die belangrikste komponente van die telkaart is - en só die veronderstelde fokus op *breë basis* swart ekonomiese bemagtiging ondermyn (Jacks, 2007).



### *Die beklemtoning van ras en die gebrek aan strukturele verandering*

Die ANC word (veral deur linkse faksies binne die alliansie) gekritiseer vir die feit dat die huidige SEB proses die belangrikheid van die *klassestryd* in Suid-Afrika onderskat, en bloot die herverdeling van ekonomiese welvaart tussen verskillende *rasgroepe* ten doel het (Andreasson, 2006:316). Daar word erken dat die SEB proses daarin slaag om 'n groter gedeelte van die ekonomie onder swart beheer, en 'n groter gedeelte van die winste wat in die ekonomie gegeneer word in swart hande te plaas. Linkse faksies binne die ANC alliansie argumenteer egter dat die neo-liberalistiese ekonomiese benadering wat deur die ANC ingespan word geen geleentheid bied vir laer klasse om in die voordele van die proses te deel nie aangesien die stelsel ontwerp is om bestaande prestasie - en dus ook bestaande kapitaal - te beloon (Andreasson, 2006:316).

Bheki Ntshalintshali (2007:7) stel dit as volg:

"What has passed for 'black economic empowerment' over the past decade, has been essentially the accommodation of an elite. There has been nothing broad-based about it. And there has been little that is transformational about it. It has been about changing some of the leading agents of the existing system, leaving intact the entire system itself, a system that generates and reproduces inequality in our country. Racialised capitalism persists."

Ter verdediging van die eksklusiewe aard van SEB projekte in 'n onderhoud op die British Broadcasting Commission (BBC) se program *Hardtalk* het die Minister van Openbare Ondernemings, Alec Erwin, geargumenteer dat dit nodig is dat swart persone binne die kapitalistiese stelsel vorder (Quintal, 2007). Hierdeur het Erwin egter bevestig dat die stelsel waarbinne voordele verdeel word onveranderd is, en sodoende die gebrek aan strukturele veranderinge in die Suid-Afrikaanse ekonomie beklemtoon.

In 'n artikel oor Swart Ekonomiese Bemagtiging en die spanning binne die ANC alliansie, kritiseer Stefan Andreasson (2006) die ANC vir sy gebruik van SEB as 'n politieke hefboom. Hy vergelyk die SEB proses met die Wêreldbank se "pro-poor agenda", wat volgens hom uitsluitlik daarop gemik is om die bevolkings van ontwikkelende lande te ko-opteer in die proses van neo-liberale herstrukturering. Hy argumenteer dat SEB, soos neo-liberalistiese ontwikkeling, nie daarin slaag om ekonomiese voordele na armes te versprei nie, maar deur beleidmakers en sakelui ingespan word om op grond van onvervulbare beloftes steun vir hul

prosesse van ekonomiese herstrukturering te wen. Andreasson (2006:318) argumenteer verder (in 'n formulering wat strook met Marxistiese ideologie) dat armes nie oor die langtermyn met 'n elitistiese proses van ekonomiese bemagtiging tevrede sal bly nie, en dan teen die stelsel in opstand sal kom.

'n Verdere argument teen die beklemtoning van ras in SEB beleid, wetgewing en kodes is dat dit ras weereens as die primêre determinant van ekonomiese begunstiging vestig, en sodoende die normalisering van sosiale verhoudings tussen verskillende rasgroepe belemmer. Stephen Hoskings (2003:2) argumenteer ook dat die rasse-voorkeur wat in die SEB strategie en wetgewing ter sprake is nuwe ongeregthede vestig. Volgens Hoskings word die koste van ras-gebaseerde beleid disproporsioneel gedra deur groepe wat nie direk betrokke was by of bevoordeel is binne die vorige bedeling nie. Hy wys spesifiek op die effek van regstellende aksie op nuwe toetreders tot die arbeidsmark wat min of geen verbintenis met besluitneming binne die apartheidsregering gehad het (Hoskings, 2006:2). In 'n onderhoud met die Britse koerant *The Sunday Telegraph* het Oudpresident FW de Klerk gesê dat "die inwerkingstelling van regstellende aksie [en by implikasie ook swart ekonomiese bemagtiging wat dieselfde logika volg] daartoe gelei het dat 'n wesenlike persentasie van nie net Afrikaners nie, maar alle wittes, bruines en Indiërs voel dat hul groepe tot tweedeklasburgers verlaag word" (Barnard, 2007).

#### *Die ongerealiseerde ideaal van swart filantropie*

Daar is op 'n implisiete vlak in die SEB projek veronderstel dat swart Suid-Afrikaanse kapitaliste meer geneig sal wees om hul invloed te gebruik om beleid ten gunste van die armes te beïnvloed en ontwikkelingsprojekte wat die breë bevolking bevoordeel te ondersteun (Andreasson, 2006:313). Die oorspronklike visie van SEB transaksies was ook dat die oordrag van eienaarskap aan 'n paar swart persone noodwendig sal beteken dat rykdom wat op hierdie wyse bekom is met 'n breër basis van armes gedeel sou word (Brown, 2004:xiv). Daar is dus gehoop dat 'n tipe "patriotiese bourgeoisie" sal ontstaan wat in solidariteit met armes en die werkersklas sal poog om 'n meer regverdige verdeling van inkomste aan te moedig (Andreasson, 2006:314). Daar blyk egter 'n noemenswaardige gaping te wees tussen die beleidsvoorkeure van armes en die swart elite, en daar word verwag dat hierdie gaping sal groei namate identifisering met 'n bepaalde sosio-ekonomiese klas (eerder as ras) in die Suid-Afrikaanse konteks toeneem (Andreasson, 2006:313). Susan

Brown (2004:xiv) wys boonop daar dat so 'n "gemeenskaps-georiënteerde kapitalisme" nog nêrens in die wêreld suksesvol gevestig is nie, en dit dus onrealisties sou wees om te verwag dat die meerderheid van swart Suid-Afrikaners noodwendig op een of ander wyse by die SEB projek sou baat. Ook Roger Southall, navorsingsgenoot verbonde aan die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, argumenteer dat opwaarts mobiele klasse in verbruiksgeoriënteerde kulture nie onder normale omstandighede as "patriotiese kapitaliste" na vore tree nie, en dat die regerende party se aanvanklike visie van swart kapitaliste wat op hul onselfsugtige wyse hul rykdom na histories verarmde gemeenskappe versprei dus onrealisties is (Southall, 2007).

#### *Die rol van politieke verbintenisse in die keuse van SEB vennote*

Southall (2007) wys ook daarop dat swart kapitaliste dikwels by sake-transaksies betrek word op grond van hul politieke verbintenisse. In 'n aktualiteitsprogram op 'n internasionale televisiekanaal is daar ook beweer dat die begunstigdes van SEB transaksies telkens 'n klein groepie ANC trawante is, wat daarop dui dat politieke konneksies in die keuse van SEB vennote swaarder weeg as oorwegings ten opsigte van kundigheid, geskiktheid vir bepaalde rolle of 'n werklike verbintenis tot sosio-ekonomiese transformasie - wat uit die aard van die saak belangrike implikasies het vir die wyse waarop SEB projekte bestuur word (Quintal, 2007).

#### *Skyn SEB inisiatiewe*

Die Departement van Handel Nywerheid is genoop om sterk standpunt in te neem teen "skyn"-SEB inisiatiewe (sogenaamde "fronting") - wat verwys na praktyke waar swart persone in sleutelposte aangestel word, maar verhoed of ontmoedig word om aan besluitneming deel te neem, die implementering van SEB ooreenkomste op 'n wyse wat verhoed dat ekonomiese voordele swart persone in die ooreengekome proporsies toekom sowel as wanvoorstellings in die SEB status van ondernemings in 'n poging om regeringskontrakte te wen (Department of Trade and Industry, 2005). In 2005 is 'n aantal besighede op 'n swartlys geplaas nadat skyn-SEB praktyke aan die lig gekom het. In die finale stel gedragskodes word daar direk te velde getrek teen skyn-inisiatiewe en prosedures vir die rapportering van wanpraktyke word uiteengesit. Een van die kern beginsels wat as basis vir die finale kodes beskou word is ook dat SEB gemeet moet word in terme van die "ekonomiese werklikheid" eerder as die "regstegniese struktuur" van projekte (Department of Trade and Industry, 2006:11). Die

werklike toedeling van voordele uit projekte, eerder as die formele struktuur daarvan sal dus bepalend wees in die beoordeling van projekte.

### *Ingewikkelde kodes en die hoë kostes van implementering*

Daar is 20 verskillende SEB kode-reekse wat besonder kompleks geformuleer is. Baie analiste meen dus dat die kompleksiteit van die SEB kodes dit vir beide kleiner besighede en nuwe toetreders moeilik maak om die strategie effektief te interpreteer en toe te pas (de Lange, 2005). Gegewe die groot hoeveelheid sektorale en industrie-spesifieke kodes en handveste wat tans die lig sien, is dit ook nie altyd duidelik aan watter telkaart 'n bepaalde onderneming gemeet sal word nie. Beide die gereelde veranderinge en die kompleksiteit van die SEB kodes het ook enorme regskostes tot gevolg gehad vir besighede wat poog om hulself as geloofwaardige SEB ondernemings te vestig (*Economist*, 8 April 2006). Die koste van prokureurs, konsultante en ouditeurs wat nodig is om besighede as SEB organisasies te akkrediteer word dus tot die kostes van onderhandelinge rondom SEB transaksies en transformasie-strategieë toegevoeg, en maak SEB 'n baie prominente item op die balansstate van Suid-Afrikaanse ondernemings. Reg Rumney, die direkteur van *BusinessMap Foundation* ('n organisasie wat die SEB akkreditering van ondernemings hanteer) argumenteer dat die regering as't ware 'n nuwe industrie van rasse-oudits gevestig het (*Economist*, 8 April 2006). Daar word ook geargumenteer dat groot hoeveelhede geld spandeer word aan SEB graderings en die affiliasie van graderingsagentskappy by die Suid-Afrikaanse Nasionale Akkreditasiestelsel, sonder dat enige voorheen benadeelde persone of groepe noodwendig daarby baat (Vollgraaff, 2007).

### *Onvoldoende aandag aan die vestiging van nuwe ondernemings*

'n Laaste punt van kritiek teen die SEB strategie en kodes, is dat daar nie voldoende aandag geskenk word aan die ontwikkeling van nuwe ondernemings nie. Volgens Patrice Motsepe, sogenaamde SEB ikoon en president van Besigheidseenheid Suid-Afrika, behoort die sukses van swart ekonomiese bemagtiging gemeet te word aan die hoeveelheid suksesvolle maatskappye wat deur swart persone gestig is (de Lange, 2005). Motsepe spreek kritiek uit teen SEB transaksies wat gesluit word "ter wille daarvan om aan SEB-vereistes te voldoen" en "uit 'n kommersiële oogpunt hoegenaamd geen sin het nie". Hierdie benadering bedreig nie net die volhoubaarheid van SEB transaksies (aangesien kommersiële sukses uiteindelik bepalend is vir die volhoubaarheid van sodanige transaksies) nie, maar beperk ook die mate

waarin SEB projekte tot ekonomiese groei bydra (de Lange, 2005). Die proses behels dus bloot 'n herverdeling van bestaande hulpbronne en die koöptering van swart belange binne bestaande besighede, eerder as om innoverende, entrepreneuriese ekonomiese aktiwiteite deur swart Suid-Afrikaners aan te moedig. Daar word wel gehoop dat die omvattende aard van die SEB telkaart oor die langtermyn (bv. ten opsigte van vaardigheidsontwikkeling en die ontwikkeling van ondernemings) oor die langtermyn hierdie tendens sal teenwerk.

## **6. Slot**

Dit is uit hierdie hoofstuk duidelik dat apartheid verreikende sosio-ekonomiese implikasies vir swart Suid-Afrikaners ingehou het. Sosio-ekonomiese onderontwikkeling word egter sedert 1994 vanaf verskillende platforms en via 'n verskeidenheid van kanale aangespreek. Een hiervan is die SEB strategie, en die telkaarte wat die strategie ondersteun. Verskeie sektorale en industrie-spesifieke inisiatiewe ter bevordering van transformasie is sedertdien geloods. In hoofstuk 5 word daar 'n opsomming gegee van die wyse waarop hierdie prosesse in die Suid-Afrikaanse landbousektor en wynbedryf plaasgevind het.

## Hoofstuk 5: Transformasie in die wynbedryf

---

### 1. Inleiding

In die vorige hoofstuk is daar gekyk na die proses van sosio-ekonomiese transformasie in Suid-Afrika, die beweegredes agter die transformasieprojek en die wetgewing en beleid wat geïmplementeer is om die proses te bevorder. In hierdie hoofstuk word daar meer spesifiek aandag gegee aan die transformasieproses in die landbousektor, en die wyse waarop transformasie in die Suid-Afrikaanse wynbedryf aangepak word.

In Afdeling 2 word daar 'n opsomming gegee van die sosio-ekonomiese uitdagings in die landbousektor en wynbedryf wat 'n strategiese respons van die sektor en bedryf vereis het.

Ten einde die konteks te skets waarbinne transformasie-prosesse in die wynbedryf plaasvind, word die algemene beleidmaatreëls ten opsigte van transformasie in die landbousektor (soos uiteengesit in die Strategiese Plan vir die Suid-Afrikaanse Landbou) en die handves vir die transformasie van die landbousektor (wat in Desember 2006 deur die Departement van Landbou en die Suid-Afrikaanse kabinet as bloudruk vir die transformasie van die sektor aanvaar is) in Afdeling 3 omskryf.

In Afdeling 4 word daar spesifiek gekyk na transformasie in die wynbedryf. In die eerste plek word daar oorweeg hoe strategiese uitdagings in die industrie op 'n kollektiewe vlak aangespreek is. Daar word vervolgens 'n oorsig gegee van die rol van die eertydse Suid-Afrikaanse Wyn- en Brandewynmaatskappy (SAWB) in die transformasie van die industrie en die wyse waarop hierdie liggaam geherstruktureer is om dit meer verteenwoordigend en aanvaarbaar vir 'n breër spektrum van belanghebbers te maak. Afdeling 4.3 dien as opsomming van die proses van die ontwikkeling van 'n handves vir transformasie in die wynindustrie, en verskaf detail oor die aard van hierdie handves.

Die reaksies en kommentaar op en posisies ten opsigte van die transformasieproses in die wynbedryf word opgesom in Afdeling 5. Hierdie afdeling is hoofsaaklik gebaseer op die uitkomst van 'n reeks onderhoude met sleutel-belanghebbers in die wynbedryf en die

navorser se waarnemings by onderhandelinge rondom die Wynbedryfhandves en tydens die herstruktureringproses van die SAWB.

Die wynbedryf word in die volgende hoofstuk (hoofstuk 6) gebruik as 'n gevallestudie van sosio-ekonomiese transformasie in Suid-Afrika wat in terme van die teoretiese model wat in hoofstuk 2 en 3 uiteengesit is ontleed word.

## **2. Die behoefte aan transformasie**

### ***2.1 Die behoefte aan transformasie in die landbousektor***

Soos menigte ander sektore, en in der waarheid die Suid-Afrikaanse ekonomie as geheel, staan die landbousektor tans voor die uitdaging om Swart Ekonomiese Bemagtiging, breë sosio-ekonomiese transformasie aan te moedig wyl daar ook gepoog word om die mededingendheid, winsgewendheid en volhoubare groei van die sektor te bevorder. Hierdie uitdaging word erken in die visie en strategiese doelwit van die Suid-Afrikaanse landbousektor wat in die Strategiese Plan vir Suid-Afrikaanse Landbou (Department of Agriculture, 2001:9) uiteengesit word, naamlik: "'n Verenigde en Voorspoedige Landbousektor", wat ten doel het om "gelyke toegang en deelname in 'n globaal kompeterende, winsgewende en volhoubare landbousektor te skep en so by te dra tot 'n beter lewe vir almal".

In die Strategiese Plan vir Suid-Afrikaanse Landbou (2001) word daar geargumenteer dat landbou 'n kritiese rol speel in die vervulling van twee basiese menslike behoeftes, naamlik voedsel en klere, dat dit 'n belangrike bydrae lewer tot ekonomiese groei<sup>118</sup>, dat dit 'n belangrike indiensnemer van (veral ongeskoolde) arbeid is<sup>119</sup>, en 'n sentrale rol speel in die voortbestaan van landelike ekonomieë. Daar word beraam dat ongeveer 40% van die Suid-Afrikaanse bevolking van landbou en landbou-verwante aktiwiteite afhanklik is (Department of Agriculture, 2001:3).

Die mededingendheid en winsgewendheid van die bedryf is egter in gedrang as gevolg van (o.a.): hoë insetkoste, lae produktiwiteit, swak bestuur- en besigheidstrategieë, die gevolge

---

<sup>118</sup> Primêre landbou is verantwoordelik vir ongeveer 4.5% van die bruto nasionale produk, terwyl die groter agri-voedsel waardeketting 'n verdere 9% tot nasionale produksie bydrae (Department of Agriculture, 2004a:3).

<sup>119</sup> Die ongeveer 50 000 kommersiële landbouers in Suid-Afrika neem ongeveer een miljoen werkers in diens - ongeveer 11% van totale formele indiensname (Department of Agriculture, 2004a:3). Daarbenewens is daar ook ongeveer 240 000 kleinboere in die land wat lewensmiddele aan ongeveer een miljoen familieledede en tydelike werk aan 'n verdere 500 000 mense verskaf, sowel as 'n beraamde drie miljoen bestaansboere wat in die voedsel-behoeftes van hul families voorsien (Department of Agriculture, 2004a:3).

van onregverdigde handelspraktyke deur Suid-Afrika se internasionale handelsvennote en onvoorbereidheid vir sterker internasionale kompetisie<sup>120</sup>. Die afskaffing van landbou-beheerrade, wat die bemaking en verspreiding van produkte in verskillende bedrywe (byvoorbeeld: suiwel, graan, pluimvee, ens.) hanteer het, het landbouers boonop voor die uitdaging te staan gebring om (dikwels met beperkte ervaring en kennis van die betrokke prosesse) hul eie produkte in 'n toenemend kompeterende omgewing te bemark en versprei.

Teen hierdie agtergrond is daar egter ook 'n duidelik behoefte aan transformasie in die landbousektor. Volgens die Strategiese Plan vir Suid-Afrikaanse Landbou (Department of Agriculture, 2001:4) word die sektor gekenmerk deur ongelykhede - wat spruit uit 'n lang geskiedenis van eksklusiewe toegang tot produktiewe hulpbronne, en arbeidspraktyke wat werknemers se deelname aan bestuur en besluitneming beperk of verhoed het. Die ongelykhede in die landbousektor is gekwantifiseer in studie deur 'n navorsingspan aan die Elsenburg landboukollege, vir die PROVIDE (Provincial Decision-making Enabling) projek van die Wes-Kaapse regering (Pauw *et al*, 2005).

Volgens Pauw *et al*. (2005:3) word die dualistiese aard van die Suid-Afrikaanse ekonomie ook gereflekteer in die landbousektor. Aan die een kant is daar 'n relatiewe sterk, meestal wit, kommersiële landbousektor wat moderne produksietegnieke inspan om op 'n globale vlak te kompeteer en inkomstes verdien wat vergelykbaar is met die hoogste inkomstegroepe in ander sektore. Aan die ander kant is daar swart<sup>121</sup> huishoudings in die landbousektor wat óf geen grond besit nie en hul arbeid teen 'n lae koste aan kommersiële boere beskikbaar stel, óf op 'n klein skaal boer, óf bestaansboerderye bedryf (bv. in die voormalige tuislande). Swart huishoudings in die landbousektor is dikwels arm, sukkel om hulself d.m.v. landbou te ondersteun, en is daarom afhanklik van regeringstoelae (Pauw *et al*, 2005:3).

Pauw maak gebruik van data uit die "Income and Expenditure Survey" van 2000 en die "Labour Force Survey" van 2003 om die aard van ongelykheid in die landbousektor - en spesifiek tussen verskillende "landbou-huishoudings"<sup>122</sup> te bepaal. In terme van die "breë"

---

<sup>120</sup> Die Suid-Afrikaanse landbousektor het in die verlede redelike beskerming vanaf die regering geniet i.t.v. beperkings en tariewe op die invoer van landbouprodukte. Daar was dus 'n hoër toleransie vir oneffektiewe landboupraktyke. Die liberalisering van Suid-Afrika se handelsregime het Suid-Afrikaanse boere egter in direkte kompetisie met hul internasionale eweknieë geplaas - met 'n gepaardgaande toename in effektiwiteits-vereistes in die landbousektor.

<sup>121</sup> "Swart" verwys hier na sg. Afrikane, Kleurlinge en Indiërs.

<sup>122</sup> "Landbou-huishoudings" in die betrokke opnames is geïdentifiseer deur te kyk na 'n aantal veranderlikes in die opnames, waaronder: looninkomste uit landbouaktiwiteite, direkte en implisiete inkomste uit tuis-verbruik en -verkope, en bruto bedryfsurplus uit landbouaktiwiteite (Pauw *et al*, 2005:4). Volgens die "streng" definisie word 'n huishouding geklassifiseer as 'n landbou-huishouding indien minstens 50% van



definisie van landbou-huishoudings (sien voetnota 122) word ongeveer 26.4% van alle swart huishoudings en 8.8% van alle wit huishoudings as landbou-huishoudings geklassifiseer (Pauw *et al*, 2005:9). Volgens die "streng" definisie, daal hierdie syfer tot 7.8% van swart huishoudings teenoor 3.2% van wit huishoudings. Dit is egter interessant om te let *hoe* swart en wit huishoudings as landbou-huishoudings geklassifiseer word. In Pauw (2005) se studie, is die meerderheid van swart landbou-huishoudings (85.7% i.t.v. die breë definisie, en 71.4% i.t.v. die streng definisie) by landbou betrokke om 'n primêre of sekondêre bron van *voedsel* te vestig. Die meerderheid van wit huishoudings (66.1% en 90.7% volgens onderskeidelik die breë en streng definisie van landbou-huishoudings) is egter by landbou betrokke as hul primêre bron van *inkomste*. Pauw *et al* (2005:17) bevind verder dat ongeveer 70.5% van persone in swart landbou-huishoudings as arm beskou kan word, teenoor slegs 1.1 van persone in wit landbou-huishoudings<sup>123</sup>. Hierdie syfer is boonop hoër as vir swart persone wat nie deel van die landbou-bevolking is nie - volgens Pauw *et al* (2005:17) leef 57.7% van hierdie groep in armoede. Die armoedevlak van wit persone wat nie deel is van die landbou-bevolking nie is ook effens laer op 1% (Pauw *et al*, 2005:17). Die armste groepering binne die landbou-bevolking is huishoudings van bestaansboere, met 'n totale gemiddelde inkomstevlak van R12149 per jaar (teenoor R15520 vir plaaswerker-huishoudings, en R28789 vir huishoudings van kommersiële boere).

Pauw *et al*. (2005:21) het ook bevind dat die Gini-koëffisiënt in die landbousektor, heelwat hoër is as dié vir die totale bevolking (0.73 teenoor 0.69). Dit is interessant om te let dat ongelikheid *binne* die swart landbou-bevolking laer is as dié binne die wit landbou-bevolking (0.53 teenoor 0.64) (Pauw *et al*, 2005:22). Hierdie verskynsel kan egter waarskynlik grootliks toegeskryf word aan die feit dat swart landbou-huishoudings tot onlangs feitlik uitsluitlik in laer inkomstegroepe geval het. Pauw *et al* (2005:24) identifiseer twee verdere tendense met betrekking tot ongelikheid in die landbousektor wat 'n impak het op die wyse waarop sosio-ekonomiese transformasie in die sektor aangepak word. In die eerste plek, verklaar ongelikhede in bruto bedryfsurplus 'n groter gedeelte van ongelikheid onder die landbou-bevolking as wat die geval vir die Suid-Afrikaanse bevolking as geheel is. Volgens Pauw *et al* (2005:24) is hierdie verskynsel 'n weerspieëling van die hoë vlakke van ongelikheid in die

---

huishoudelike inkomste uit die bogenoemde drie bronne van landbou-inkomste spruit (Pauw *et al*, 2005:4). Volgens die "breë" definisie word 'n huishouding egter geklassifiseer as 'n landbou-huishouding indien dit *enige* inkomste uit die bogenoemde drie bronne verdien.

<sup>123</sup> Huishoudings waarvan die volwasse per capita inkomste minder as R5617 per jaar (in 2000 pryse) is, word in hierdie studie as "arm" beskou.

verspreiding van grond en produktiewe bates in die landbousektor. Ongelykhede in inkomste uit arbeid, is egter verantwoordelik vir 'n kleiner deel van ongelykheid binne die landboubevolking as wat die geval is vir die bevolking as geheel (Pauw *et al*, 2005:24). Hierdie twee tendense kan moontlik verklaar waarom daar in die transformasie van die landbousektor groter klem geplaas word op die oordrag van produktiewe bates, terwyl gelyke indiensname in ander sektore as 'n belangrike dryfveer vir transformasie ingespan word (Pauw *et al*, 2005:24).

Die ongelyke verdeling van landbougrond en die simboliese belangrikheid van die eienaarskap van grond is in onderskeidelik Hoofstuk 4 en 3 bespreek. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat grondhervorming daarom 'n belangrike element van sosio-ekonomiese transformasie in die landbousektor is. Die inkorporering van doelwitte ten opsigte van grondhervorming in die handves vir die transformasie van die landbousektor sal in afdeling 3 bespreek word.

## **2.2 Die unieke uitdagings in die wynindustrie**

Die wynbedryf maak 'n noemenswaardige bydrae tot ekonomiese aktiwiteite in beide die Wes- en Noord-Kaap, sowel as in Suid-Afrika as geheel. In 2003, het die industrie R16.3 biljoen rand tot Suid-Afrika se bruto binnelandse produk bygedra (hierdie syfer styg tot R22.5bn indien wyn-toerisme by die berekening ingesluit word) (WCSC<sup>124</sup>, 2005a:15-16). Die industrie neem ongeveer 260 000 mense in diens (waarvan ongeveer 20% in wyn-toerisme werk), en in 2003 was die omset ongeveer R10 675.27 miljoen (WSCS, 2005a:15). Hierdie omset is gebaseer op 'n primêre produksie-basis van R2597.44 miljoen - wat impliseer dat die waarde van roumateriale viervoudig deur die industrie verhoog is (WCSC, 2005a:15-16). 'n Verdere R4 198.37 miljoen is deur middel van wyn-toerisme gegenereer. Gefokusde sosio-ekonomiese transformasie in die wynindustrie kan dus 'n noemenswaardige bydrae tot Swart Ekonomiese Bemagtiging in die landbousektor lewer.

Die Suid-Afrikaanse wynindustrie staar egter 'n aantal uitdagings in die gesig, wat 'n strategiese respons van die industrie as geheel, sowel as ondersteunende strukture binne die regering vereis.

---

<sup>124</sup> Wine Charter Steering Committee

### *Deregulering en gepaardgaande herstrukturering*

In die eerste plek, vind daar tans 'n proses van deregulering en herstrukturering in die plaaslike industrie plaas (Ewert & du Toit, 2005:315-317)<sup>125</sup>. Voor 1996 is aanplantingskwotas en minimum pryse in die wynbedryf op 'n sentrale vlak deur die Koöperatiewe Wynbouers Vereniging (KWV) beheer (WCSC, 2006:21). Daar was ook 'n meganisme vir surplus-verwydering in plek wat veroorsaak het dat die produksie van groot volumes lae-kwaliteit wyn 'n kenmerk van die Suid-Afrikaanse wynindustrie geword het (WCSC, 2006:18021). Menige produsente was ook georganiseer in koöperasies, wat dikwels effektiewe bestuur moes inboet ter wille van die finansiële gewin van hul lede (Ewert, 2005:317). In Oktober 1996, het die KWV egter aangekondig dat dit by die Wes-Kaapse afdeling van die Hooggeregshof wil aansoek doen om vanaf 'n koöperasie in 'n maatskappy omskep te word (WCSC, 2006:21-22). Die Minister van Landbou op daardie tydstip, Derek Hanekom, het egter die hof gevra om die aansoek uit te stel totdat 'n ondersoek na (i) die toekomstige regulatoriese raamwerk van die industrie (ii) die verdeling van regulatoriese funksies en (iii) die verdeling van die KWV se bates wat ter wille van hul rol as reguleerder bekom is, voltooi kon word (WCSC, 2006:22).

'n Komitee onder leiding van Professor Eckart Kassier het hierdie ondersoek onderneem, en in 1997 hul bevindinge in 'n verslag bekendgemaak. Daar is aanbeveel dat die industrie gedereguleer moet word, en dat die oorblywende regulatoriese funksies (waaronder: heffings, die versameling van informasie, navorsing en kwaliteitskontrole) na 'n verteenwoordigende liggaam van die wynindustrie oorgedra word (WCSC, 2006:23-24). Die Suid-Afrikaanse Wynindustrie Trust (SAWIT) is ook gestig om transformasie en die inkorporering van voorheen benadeelde persone in die wynbedryf te bevorder, om kommersiële ontwikkeling te dryf en Suid-Afrikaanse wyne te bemark ten einde globale mededingendheid en volhoubaarheid te verseker (SAWIT webruimte). Die KWV het onderneem om 'n bedrag van R200 miljoen (oor 'n tydperk van tien jaar) en dienste ter waarde van R227 miljoen (oor 'n periode van vyf jaar) aan SAWIT te voorsien. Die direkteur van die trust is deur die KWV en die Minister van Landbou aangewys.

---

<sup>125</sup> Ewert & du Toit beskryf hierdie proses as deel van 'n trippel transisie wat tans die wynbedryf plaasvind. Die ander twee dimensies van die transisie wat deur Ewert & du Toit geïdentifiseer word, sluit in: die integrering van die plaaslike bedryf in internasionale kompeterende omstandighede, en die demokratisering van arbeidsverhoudinge (beide hierdie tendense word ook hieronder bespreek).

Die wynindustrie is gevolglik bevry van "beperkende strukture en regulasies" wat kompetisie beperk, innovasie verhoed, en die kwaliteit van wynproduksie benadeel het (WCSC, 2006:24). Talle koöperatiewe wynkelders is ook omskep in maatskappye wat o.a. strenger finansiële beheer en effektiwiteits-vereistes handhaaf. Hoewel hierdie herstrukturering sekerlik oor die langtermyn tot voordeel van die industrie sou strek, was die sterker mededinging en verlies aan beskerming aanvanklik 'n groot uitdaging vir die "onvolwasse" Suid-Afrikaanse wynbedryf, en moes beide produksie en bestuurspraktyke spoedig by nuwe kompeterende omstandighede aangepas word (Ewert & du Toit, 2005:317).

### *Internasionale mededinging*

Die stygende kwaliteit- en effektiwiteitsvereistes in die Suid-Afrikaanse wynindustrie is verder versterk deur die integrering van die plaaslike industrie in die internasionale mark en - waardeketting<sup>126</sup>. Waar die KWV 'n statutêre monopolie op die uitvoer van wyn gehad het, moet alle kelders en produsente nou hulself rat om hul produkte in 'n kompeterende internasionale omgewing te bemark en te versprei. Gegewe die relatiewe stagnasie van plaaslike wynverbruik, is die groei van die Suid-Afrikaanse wynbedryf boonop toenemend afhanklik van sy vermoë om uitvoere te verhoog (WCSC 2005:36).

### *Die ekonomiese realiteite van landbou-ondernemings*

Die toenemende kompetendheid in die landbou- en wynmarkte impliseer dat ekonomiese eenhede in die landbousektor al hoe groter word. Die skaalvoordele wat uit hierdie groter eenhede geput word, maak dit vir landbou-ondernemings moontlik om kompetend te bly. Die Departement van Landbou en Grondsake om swart kleinboere te vestig, en privaatinisiatiewe waarin daar klein gedeeltes van bestaande boerderye aan swart Suid-Afrikaners oorgedra word is teenstrydig met hierdie tendens, en bedreig die sukses van sodanige projekte.

Onder andere as gevolg van die rol van klimaatstoestande op landbou-aktiwiteite, is die risiko's verbonde aan landbou-besighede uitsonderlik hoog. Landbouprojekte vereis normaalweg ook, veral in die vestigings-stadium, groot kapitaalinsette en dit duur 'n geruime tyd voordat opbrengste op beleggings realiseer. Die hoë risiko's verbonde aan landbou-

---

<sup>126</sup> Die tweede dimensie van Ewert & du Toit (2005) se trippel transisie.

aktiwiteite is veral krities vir nuwe toetreders wat nie oor die nodige kapitaalreserwes beskik om besighede in toestand van lae winsgewendheid te ondersteun nie. Nuwe toetreders is daarom dikwels afhanklik van ondersteuning van die Departement van Landbou- en Grondsake in die vestigings-stadium van hul besighede.

Toenemende kompetisie in die landbousektor en meer gesofistikeerde, kapitaal-intensiewe landboupraktyke bring ook mee dat landbou-aktiwiteite meer kennis-intensief word. Relevante kennis en ervaring is daarom 'n essensiële voorvereiste vir suksesvolle deelname aan die sektor. Beide nuwe toetreders en bestaande landbouers wat nie oor die nodige vaardighede beskik nie, moet dus op die een of ander wyse in hierdie verband deur organisasies in die landbousektor en die owerheid ondersteun word.

#### *Arbeidsverhoudinge*

Ewert & du Toit (2005:315-320) identifiseer ook die politieke en wetlike implikasies van demokratisering as 'n belangrike uitdaging vir die Suid-Afrikaanse wynbedryf. Daar word spesifiek verwys na die omvattende pakket van beleid en wetgewing wat sedert die politieke oorgang aanvaar is in 'n poging om arbeidsverhoudinge in die landbousektor te verbeter<sup>127</sup>. Hoewel plaaswerkers se regte nou deur wetgewing beskerm word, word daar egter dikwels nie aan alle wetlike vereistes voldoen nie en is plaaswerkers nie altyd bewus van of ingelig oor hul regte nie (Ewert & du Toit, 2005:318-320). Ongelyke magsverhoudinge en gebrekkige regsverteenvoerding vir plaaswerkers verhoed ook dikwels dat wetlike prosedures 'n regverdigde verloop neem (Ewert & du Toit, 2005:318-320).

Veranderinge aan die arbeidsregime en wetgewing wat ontwerp is om plaaswerkers te beskerm teen onregverdigte behandeling, afdankings en afsetting van plase het egter nie altyd die gewenste effek nie. Die implementering van 'n minimum loon het byvoorbeeld gelei tot 'n daling in werkskepping vir permanente arbeiders ten spyte van 'n uitbreiding in uitsette in die wynbedryf (WCSC, 2005a:18). Die kostes verbonde aan voldoening aan arbeidsregulasies en die druk op behuising op plase a.g.v. die Verblyfregwet gee ook aanleiding tot verdere rasionalisering van arbeid en 'n toename in die gebruik van tydelike- en kontrakwerkers.

---

<sup>127</sup> Hierdie wetgewing sluit onder andere in: Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (1998), die Wet op Beroepsveiligheid (1993), die Wet op Arbeidsverhoudinge (1995), die Wet op Billike Indiensneming (1998), Die Verblyfregwet (1997) en die Sektorale Bepaling oor plaaswerkers en die vasstelling van 'n minimum loon vir plaaswerkers.

Studies toon dat tot 53% van boere tans gebruik maak van arbeidskontrakteurs en dus 'n kleiner permanente werkerskorps hoef te onderhou (WCSC, 2005a:18). Tydelike- en kontrakwerkers word nie in alle opsigte deur arbeidswetgewing beskerm en is dikwels slegter af as hul eweknieë wat permanente posisies op plase beklee (du Toit & Ewert, 2005:324-325).

Volgens Ewert & du Toit (2005:318) word arbeidsverhoudinge op Suid-Afrikaanse wynplase boonop gekenmerk deur 'n ras-gebaseerde hiërargie van outoritêre paternalisme, wat toegeskryf word aan die nalatenskap van slawerny aan die Kaap. Die paternalistiese aard van arbeidsverhoudinge word veral gereflekteer in die gebrek aan deelnemende bestuur. In 'n basislyn studie deur Professor Eckart Kassier (2005) is daar bevind dat slegs 11% van wyndruif-produisente tans hul werknemers by strategiese besluitneming betrek. Slegs 32% van produisente betrek hul personeel by bestuur en dag-tot-dag besluite (Kassier, 2005:4-5).

### *Sosiale uitdagings*

Die swak sosiale omstandighede van plaaswerkers is 'n verdere belangrike uitdaging vir die wynbedryf. In terme van die Menslike Ontwikkelingsindeks ("Human Development Index"/HDI) is wit persone in die Wes-Kaap se lewenskwaliteit vergelykbaar met dié van die vyf mees ontwikkelde lande in die wêreld (Tregurtha, in WCSC, 2006:27). Die lewenskwaliteit van bruin persone in landelike areas (waarvan 'n groot persentasie plaaswerkers is) is egter in terme van hierdie indeks van die laagste in die wêreld. Plaaswerkers word ook in talle akademiese studies sowel as nasionale en provinsiale strategiese beplanningsdokumente geïdentifiseer as 'n kwesbare groep<sup>128</sup> wie se ontwikkelings-status aandag behoort te geniet. Ontwikkelings-uitdagings sluit in:

- **Onderwys en geletterdheid:** In 1996 het plaaswerkers gemiddeld minder as ses jaar formele onderwys ontvang, en was ongeletterdheid onder plaaswerkers in die Wes-Kaap ongeveer 20%. Meer as 40% van plaaswerkers (waarvan meer as 96% swart is), het 'n onderwysvlak van Graad 4 of laer (Kassier, 2005:4-5). Ongeveer 16% van werkers in koöperatiewe kelders (waarvan meer as 85% swart is) het 'n onderwysvlak van Graad 4 of laer (Kassier, 2005:4-5)

---

<sup>128</sup> Sien byvoorbeeld: Government of South Africa (2000); Department of Agriculture (2001, 2004a en 2004b); Du Toit (2004); Ewert & du Toit (2005); Husy & Samson (2001); Western Cape Provincial Development Council (2004) en Western Cape Provincial Government (2004).

- Behuising: In 1995 het minder as 50% van plaaswerker-huishoudings lopende water, en minder as 45% toegang tot spoeltoilette gehad (WCSC, 2005a:18).
- Werksomstandighede: Daar word nie aan wetlike vereistes i.t.v. werksomstandighede voldoen nie, menige werkers het byvoorbeeld geen skriftelike dienskontrakte nie, en 'n groot persentasie beweer dat hulle geen siekverlof kry nie (WCSC, 2005a:18).
- Afsettings en verblyfreg. Tussen 1994 en 2004 is ongeveer 942 303 mense van plase afgesit (Nkuzi Development Association, 2005:7). Hoewel dit 'n indirekte gevolg van die rasionalisering van arbeid is, het dit verreikende sosiale implikasies.

Ewert & du Toit (2005) wys daarop dat swak sosiale omstandighede nie net 'n ontwikkelingsvraagstuk is nie, maar ook die produktiwiteit en mededingendheid van die industrie negatief beïnvloed. Hierdie argument geld by uitstek ten opsigte van vlakke van onderwys en opleiding. Die modernisering van boerderytegnieke en bestuurstyle vergroot die gaping tussen die aanbod van en vraag na vaardighede in die industrie (du Toit, 2004), en vaardigheidsontwikkeling behoort dus beide die produktiwiteit van die sektor en die sosiale ontwikkeling van plaaswerkers te verhoog.

#### *Ongelyke verdeling van grond/ produktiewe bates*

Slegs een persent van die grond wat vir die produksie van wyndruiwe gebruik word is tans in swart besit (WCSC, 2006:7). Volgens Eckart Kassier (2005:4) is daar in sekere kringe 'n persepsie dat die wynindustrie gekenmerk word aan gevestigde "wynplaas dinastieë" - met ander woorde, dat plase vir generasies deur dieselfde families besit word, dat daar dus min grond in die mark beskikbaar kom en gevolglik moeilik sal wees om grondhervorming op grond van die beginsel van "gewillige kopers, gewillige verkopers" te bevorder. Hierdie persepsie is in Kassier se basislyn studie oor Swart Ekonomiese Bemagtiging in die wynindustrie bevestig. Die plase van respondente in Kassier se studie was gemiddeld reeds vir 20 jaar in die hande van huidige eenaars, en gemiddeld 56 jaar reeds in besit van dieselfde familie (2005:4). Kassier se studie het boonop 'n oorwig van respondente uit sg. "nuwe wynareas" gehad, waar eienaarskap waarskynlik minder stabiel is. Die eienaarskap van grond in die wynindustrie is dus baie stabiel, en kan as kompliserende faktor in grondhervormings-inisiatiewe dien.

Gegewe die bogenoemde uitdagings is dit duidelik dat ook die wynbedryf tans voor die uitdaging staan om noodsaaklike transformasie in die bedryf te bewerkstellig, terwyl daar ook gepoog moet word om mededingendheid te midde van 'n baie kompeterende mark te behou.

Daar sal vervolgens in onderskeidelik afdeling 3 en 4 'n opsomming gegee word van die benadering wat daar oor die afgelope 10 tot 12 jaar in die landbousektor as geheel en in die Suid-Afrikaanse wynbedryf gevolg is om die transformasie-imperatief aan te spreek.

### **3. Die bevordering van transformasie in die landbousektor**

Landbou is op nasionale vlak en op provinsiale vlak in die Wes-Kaap geïdentifiseer as 'n prioriteitsektor wat 'n noemenswaardige impak kan hê op werkskepping, die voorsiening van volhoubare lewensmiddele, die bevordering van gelykheid en ekonomiese groei. Sterk voorwaartse en terugwaartse skakels met ander sektore veroorsaak ook dat groei- en ontwikkelingsinisiatiewe in die landbousektor positiewe uitkringeffekte na die ekonomie as geheel kan hê (Western Cape Provincial Development Council: 2005).

'n Breë spektrum van beleid en wetgewing is reeds sedert die vroeë 1990's aanvaar en geïmplementeer met die doel om groei en transformasie in die landbousektor te bevorder. In die Nasionale Landbougid (Department of Agriculture, 2005:8-24) word daar 'n opsomming gegee van 77 wette wat op landbou van toepassing is. Menige hiervan hou verband met sosio-ekonomiese ontwikkeling en transformasie<sup>129</sup>.

Landbou-verwante wetgewing wat (o.a.) daarop gemik is om transformasie te bevorder fokus veral op die herverdeling van grond en die herstel van grondregte, die bevordering van verbeterde arbeidsverhoudinge, die ontwikkeling van menslike hulpbronne deur onderwys en opleiding en die daarstelling van 'n meer verteenwoordigende landbousektor (met begunstigdes van landbou-besigheidsaktiwiteite uit verskillende rasgroepe).

---

<sup>129</sup> Sien byvoorbeeld: Die Wet op Landbou-arbeid (1993); Die Wet op die Herstel van Grondregte (1994 - gewysig in 2003); Die Wet op Arbeidsverhoudinge (1995); Die Wet op Ontwikkelingsfasilitering (1995); Die Wet op Grondhervorming (1996); Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (1997); Die Wet op die Uitbreiding van Sekerheid op Verblyfreg (1997); Die Wet op Billike Indiensneming (1998); Die Wet op Vaardigheidsontwikkeling (1998); Die Wet op Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes (2000); en Die Wet op Swart Ekonomiese Bemagtiging (2003).



Hierdie prioriteite is ook sigbaar in ander inisiatiewe van die Departement van Landbou, waaronder die "Land Redistribution for Agricultural Development" (LRAD) program en die "Comprehensive Agricultural Support Programme" (CASP).

Die "Land Redistribution for Agricultural Development" (LRAD) program is daarop gemik om 30% van landbougrond teen 2015 in swart hande te plaas. Die belangrikste instrument wat deur die program ingespan word is subsidies en lenings vir die aankoop van grond vir landbou-doeleindes deur swart Suid-Afrikaners sowel as vir die ontwikkeling van landbougrond. Dit sluit aan by beide die grondhervormings-doelwitte van SEB in die landbousektor (soos omskryf in die AgriSEB dokument wat later in hierdie afdeling bespreek word) en ander pogings deur die Departement van Landbou om voedselvoorsiening en vlakke van inkomste in landelike areas te verbeter (Department of Agriculture, 2000).

Die "Comprehensive Agricultural Support Programme" (CASP) is in 2004 van stapel gestuur. Die program stel 'n ondersteuningstelsel vir die landbousektor beskikbaar - met spesifieke klem op landbouers wat die sektor vir die eerste keer deur middel van grondhervormingsprogramme betree. Soos die LRAD program bied CASP ook kanale vir finansiële steun aan nuwe toetreders. Die doelwitte van die program is egter breër, en sluit ook operasionele steun vir nuwe toetreders tot die landbousektor in. Daar word daarom ook pertinent gefokus op opleiding en kapasiteitsbou (Department of Agriculture, 2004b). Dit sluit in hierdie opsig aan by inisiatiewe wat ter nakoming van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling en bevordering van die Nasionale Strategie vir Vaardigheidsontwikkeling geïnisieer geïmplementeer word. In 2004/5 is R13 765 000 en R10 518 000 onderskeidelik die Wes- en Noord-Kaap deur die Departement van Landbou as deel van die CASP program uitbetaal (Western Cape Provincial Government, 2005).

Die rol van landbou in algemene sosio-ekonomiese ontwikkeling en opheffing van landelike gemeenskappe word ook erken in streeksinisiatiewe in Afrika, waaronder: die algemene "New Partnership for Africa's Development" (NEPAD) program en die "Comprehensive Africa Agricultural Development Programme" (CAAPD) wat as deel van die NEPAD inisiatief aanvaar is.

In die opsomming van NEPAD aksieplanne (NEPAD Secretariat, 2005:33) word landbou geïdentifiseer as die primêre dryfveer vir ekonomiese groei in Afrika<sup>130</sup>. Die prominensie van die sektor as kontinentale ontwikkelingstrategie word toegeskryf aan die rol van landbou in landelike gebiede - waar meer as 70% van die armes in Afrika woonagtig is. Daar word weereens klem gelê op die kapasiteit van die landbousektor om landelike ontwikkeling te bevorder, voedselsekuriteit te verbeter en ekonomiese groei te stimuleer deur middel van voorwaartse en terugwaartse verbintenisse met ander sektore.

Die CAAPD is in 2003 deur staats- en regeringshoofde aanvaar as die raamwerk vir die herstel van groei in die landbousektor, landelike ontwikkeling en voedselsekuriteit in Afrika. Die program is in die eerste plek daarop gemik om die effektiwiteit van die sektor deur verbeterde hulpbronbestuur, verbeterde landelike infrastruktuur en die bevordering en verspreiding van relevante navorsing te verhoog (NEPAD Secretariat, 2003). Dit is egter in wese 'n ontwikkelings-inisiatief met die implisiete doel om sosio-ekonomiese onderontwikkeling te beveg.

Die nasionale strategie vir die ontwikkeling van die landbousektor is in 2001 gekonsolideer in die *Strategiese Plan vir Suid-Afrikaanse Landbou* (Department of Agriculture, 2001). Die plan is opgestel deur die Departement van landbou, in samewerking met Agri Suid-Afrika (AgriSA) en die "National African Farmer's Union" (NAFU).

Die strategie bevestig die sektorale visie van "'n verenigde, nie-rassige, florerende landbousektor". Hierdie visie word ondersteun deur drie strategiese doelwitte, insluitende: (i) Die bevordering van gelykmatige toegang en deelname aan die landbousektor; (ii) Die bevordering van globale mededingendheid en winsgewendheid; en (iii) Die bevordering van die volhoubare bestuur van hulpbronne. Alle rolspelers en belanghebbers in die sektor is aangemoedig om die plan te gebruik as 'n verwysingsraamwerk vir hul eie strategiese beplanning.

---

<sup>130</sup> Die strategie stel dit as volg: "Economic advancement will ultimately be the surest way to achieve the vision encapsulated in NEPAD, and agriculture is destined to be the one economic sector to deliver broadly based economic advancement. While other economic sectors, such as petroleum, minerals and tourism, may also contribute significantly to African economic growth, agriculture's importance is rooted in the fact that more than 70% of Africa's poor reside in rural areas. Within NEPAD agriculture will act as the economic spearhead or the engine of economic growth, in Africa's quest for a prosperous continent free of conflict and in which people can participate effectively in economic activity" (NEPAD Secretariat, 2005:33).

*Die doelwit van "gelykmatige toegang en deelname" word as volg omskryf:*

Dit behels in die eerste plek die bevordering van swart grondbesit en eienaarskap van ondernemings in die landbousektor. Grondhervormingsprogramme (soos die LRAD program) en ondersteuning vir nuwe toetreders (soos in die inisiatiewe van die CASP) is vir hierdie doel geïnisieer.

Daar word ook klem gelê op die belangrikheid van samewerking tussen gevestigde boere en nuwe toetreders - veral in die vorm van mentorskapprogramme en vennootskappe tussen wit en swart boere. Daar word ook melding gemaak van die belangrikheid van die daarstelling van 'n strategie vir die ontwikkeling van menslike hulpbronne - wat nuwe toetreders van toepaslike vaardighede voorsien en entrepreneurskap in die landbousektor kan aanmoedig.

Dit is interessant om te let dat daar spesifiek in die strategie melding gemaak word van negatiewe persepsies van die landbousektor - waaronder: (i) die persepsie dat die sektor gekenmerk word deur lae winste, hoë vlakke van skuld, sekturiteits-probleme, 'n gebrek aan legitimiteit en traë transformasieprosesse, (ii) die stereotipe van wit Afrikaner mans wat 'n bedreiging vir nuwe toetreders inhou en daarop uit is om ander rasgroepe te marginaliseer, en (iii) die idee dat swart landbouers nie daartoe in staat is om meer as arm bestaansboere in die landbousektor te wees nie. Daar word egter nie in detail verduidelik hoe hierdie negatiewe beeld beveg gaan word nie, buiten 'n vae verwysing na die vervanging van hierdie beeld met een wat landbou as 'n "lewenskragtige, suksesvolle en verteenwoordigende" sektor uitbeeld.

Die transformasie-strategie van die landbousektor word in meer detail beskryf in die AgriSEB strategie. Die Departement van Landbou het reeds in Augustus 2002 begin met werkswinkels om die ontwikkeling van 'n strategie vir transformasie in die landbousektor te bespreek. 'n Verteenwoordigende taakspan van belanghebbers in die sektor is aangewys, en 'n eerste besprekingsdokument oor AgriSEB is in Oktober 2002 gepubliseer (Mbongwa, 2004). Hierdie dokument is verder ontwikkel in 'n reeks besprekings tussen taakspan die bestuur van die Departement van Landbou, waarin o.a. die definisie van AgriSEB en die omvang van die toepassing die handves bespreek is. Weergawe x van die besprekingsdokument het uiteindelik die eerste weergawe van die AgriSEB handves geword.

Tussen Oktober 2003 en Februarie 2004 is samesprekings met vyf industrieë en nasionale landbou-verwante instellings sowel as ander regeringsdepartemente gevoer. 'n Evaluering van die bemagtigingsbeleid,-strategieë en prestasie binne die landbousektor, is in Februarie 2004 gepubliseer<sup>131</sup>. Die bevindinge van hierdie evaluering is geïnkorporeer in die tweede konsepweergawe van die AgriSEB handves wat in Julie 2004 vir openbare kommentaar bekendgestel is. Die dokument het baie publisiteit geniet en is amptelik in al die provinsies geloods. Belanghebbers in die sektor kon tot Desember 2004 kommentaar lewer op die handves, en verskeie belanghebbers, waaronder verteenwoordigers van: landbou, arbeid, die jeug, vroue en die provinsies het direk met die taakspan geskakel om die dokument te bespreek (Department of Agriculture, 2005). Volgens die Departement van Landbou was die konsultasie-proses rondom die dokument deursigtig, en is 55 geskrewe insette ontvang. Die dokument is veral in die aanloop tot die Grondberaad in November 2005 in diepte bespreek en was in Desember 2005 die fokus van 'n AgriSEB Indaba wat in Pretoria gehou is.

'n Hersiene weergawe van die AgriSEB handves (genoem die "Eerste Konsepweergawe van die Tweede Fase") is in Desember 2005 vir kommentaar bekend gestel, en belanghebbers kon weer tot in Maart 2006 op die konsepweergawe kommentaar lewer (Department of Agriculture, 2006). Met inagneming van hierdie kommentaar is die finale konsepweergawe van die AgriSEB handves van April tot September 2006 ontwikkel, wat op 21 November 2006 deur die Minister van Landbou, Lulu Xingwana, aan die Portefeulje Komitee vir Landbou en Grondsake in die Nasionale Parlement voorgelê is (Department of Agriculture, 2006).

Die gestelde doelwitte van die finale konsepweergawe van die AgriSEB Strategie is om: Swart Ekonomiese Bemagtiging in die landbousektor te fasiliteer deur die implementering van inisiatiewe wat swart Suid-Afrikaners by alle vlakke van landbou aktiwiteite en ondernemings insluit deur:

- Die bevordering van gelyke toegang en deelname van swart persone in die totale waardeketting van die landbousektor;
- Die verwydering van ras-gebaseerde ongelykhede in die besit van grond en landbou-ondernemings, beroepe met hoër vaardigheidsvlakke en die bestuur van bestaande en nuwe landbou-ondernemings;

---

<sup>131</sup> Hierdie evaluering is voltooi deur 'n taakspan insluitende: Almero de Lange, Frans Swanepoel, Edward Nesamvuni, Agnes Nyamande-Pitso en Aldo Stroebel, wat deur die Universiteit van die Vrystaat gekoördineer is.

- Die volledige ontsluiting van die entrepreneursvaardighede en potensiaal van swart persone in die sektor;
- Die fasilitering van strukturele veranderinge in landbou ondersteuningsdienste en ontwikkelingsinisiatiewe wat swart Suid-Afrikaners bystaan in die besit, vestiging, en bestuur van landbou-ondernemings;
- Sosiale ontwikkeling en die herstel van die waardigheid van swart Suid-Afrikaners in die landbousektor;
- Toenames in die besit en beheer van bestaande en nuwe landbou-ondernemings deur gemeenskappe, werkers, koöperasies en ander kollektiewe ondernemings, en verbeteringe in hul toegang tot ekonomiese aktiwiteite, infrastruktuur en opleiding;
- Toenames in die besit en beheer van bestaande en nuwe landbou-ondernemings deur swart teikengroepe, en verbeteringe in hul toegang tot ekonomiese aktiwiteite, infrastruktuur en opleiding;
- Die bemagtiging van landelike en plaaslike gemeenskappe om toegang tot landbougebaseerde ekonomiese aktiwiteite, grond, infrastruktuur, eienaarskap en vaardighede te bekom;
- Verbeteringe in die lewens- en werksomstandighede, en die bevordering van aanvaarbare leef- en werksomstandighede vir plaaswerkers; en
- Verbeteringe in die beskerming van die grondregte en verblyfreg van plaasarbeiders, huurarbeiders en ander kwesbare plaasbewoners en die aanspreek van die inherente paternalistiese aard van die verhoudings wat op onsekere verblyfreg gebaseer word.

(Department of Agriculture, 2006a:6-7)

Die sewe elemente van die AgriSEB telkaart stem ooreen met dié van die algemene telkaart soos omskryf in die gedragskodes van die Departement van Handel en Nywerheid. Daar word dus aandag gegee aan: eienaarskap; bestuur/ beheer; gelyke indiensname; vaardigheidsontwikkeling; voorkeur aankope; en die ontwikkeling van ondernemings. Die residu-element in die AgriSEB telkaart meet landelike ontwikkeling, armoedeverligting en korporatiewe sosiale investering.

Die AgriSEB strategie volg verder die struktuur van die SEB handves van die mynindustrie waarin verskillende belanghebbers vir bepaalde inisiatiewe verantwoordelikheid neem. In terme van die AgriSEB telkaart (Department of Agriculture, 2006b), moet landbouondernemings onder andere poog om:

- Die ekonomiese belang in ondernemings waarop swart persone geregtig is tot 30% te verhoog
- By te dra tot die oordrag van 30% van landbougrond aan swart Suid-Afrikaners (bonuspunte word vir bydraes in hierdie verband verdien)
- Die stemreg van swart persone in die bestuurskomitees van ondernemings tot 30% te verhoog
- Meer swart persone by die bestuur van ondernemings te betrek ('n mikpunt van 40% is vir beide senior topbestuur en ander topbestuur gestel)
- Meer swart persone aan te stel, teikens vir gelyke indiensname sluit in:
  - 2% vir swart persone met gestremdhede
  - 60% vir swart persone in senior bestuur
  - 30% vir swart vroue in senior bestuur
  - 75% vir swart persone in middelvlak bestuur en professionele beroepe
  - 40% vir swart vroue in middelvlak bestuur en professionele beroepe
  - 80% vir swart persone in junior bestuur, tegniese en akademiese personeel, toesighouers, voormanne en superintendente
- Om 2% van hul lonerekening op opleiding en vaardigheidsontwikkeling vir swart werknemers te bestee
- Om aan 5% van swart werkers geleenthede te gee om geakkrediteerde vaardigheidsopleiding te ontvang
- Om 50% van hul totale aankope by swart ondernemings te maak
- Om 2% van hul netto wins na belasting op die ontwikkeling van ondernemings te bestee
- Om 1.5% van hul netto wins oor vyf jaar aan korporatiewe sosiale investering te bestee, en 10% van hul grond aan plaaswerkers beskikbaar te maak (bonuspunte kan verdien word vir korporatiewe sosiale investering wat swart persone in geografiese areas wat in die regering se geïntegreerde volhoubare ontwikkeling of stedelike vernuwingsprogramme geïdentifiseer word bevoordeel).

Die telkaart stem grootliks ooreen met die algemene telkaart soos voorgeskryf in die gedragskodes van die Departement van Handel en Nywerheid. Dit is egter veral belangrik om te let op die wyse waarop grondhervormingsdoelwitte by die telkaart geïnkorporeer is. Die aanvanklike weergawes van die handves het ten opsigte van eienaarskap in die landbousektor feitlik uitsluitlik gefokus op die oordrag van grond. Die nuutste weergawe van die handves erken egter dat eienaarskap in die landbousektor 'n veel wyer definisie behoort te hê, en ook ondernemings op sekondêre vlakke van die waardeketting in ag moet neem (Department of Agriculture, 2006a:10-11). Daar word dus onderskei tussen eienaarskap van grond, en eienaarskap van ondernemings, met eksplisiete doelwitte wat ten opsigte van algemene eienaarskap gestel word, terwyl bonuspunte verdien kan word vir projekte wat bydrae tot die regering se algemene teiken van 'n 30% oordrag van landbougrond aan swart persone teen 2015.

Dit is ook interessant om te let hoe die lot van plaaswerkers (wat deurgaans as een van die belangrikste sosio-ekonomiese uitdagings in die sektor beskou word) in die telkaart aangespreek word. Punte kan op die telkaart verdien word vir beide korporatiewe sosiale investering, wat die sosio-ekonomiese ontwikkeling van plaaswerkers direk kan bevorder, en vir die oordrag van landbougrond aan plaaswerkers. Die insluiting van die oordrag van landbougrond aan plaaswerkers in die residu-element<sup>132</sup> van die telkaart wat landelike ontwikkeling, armoedeverligting en korporatiewe sosiale investering meet, bo en behalwe die wyse waarop grondhervormingsdoelwitte in die eienaarskapselemente verreken word, is 'n aanduiding van die sosio-ekonomiese ontwikkelingsrol wat daar op 'n strategiese vlak aan grondhervormingsprojekte toegeskryf word. Sien ook afdeling 4.3 van hierdie hoofstuk vir 'n bespreking van die verskillende maniere waarop grondhervormingsdoelwitte in die Wynbedryfhandves geïnkorporeer is.

Ook menslike hulpbronontwikkeling speel (soos in die algemene telkaart) 'n belangrik rol in die transformasie van die landbousektor. Daar word in die handves onderneem dat gapings in die vaardighede van werknemers geïdentifiseer sal word, en dat die regering 'n ondersoek sal loods na die vraag na spesifieke vaardighede in die landbousektor. SETA programme,

---

<sup>132</sup> Daar word in afdeling 4.3 van hierdie hoofstuk melding gemaak van die feit dat die "residu" element in die Wynbedryfhandves geherformuleer is as die "landelike ontwikkeling en armoedeverligting" element. Voorstelle van die Wynbedryfhandves Loodskomitee in terugvoersessies oor die Generiese Kodes op nasionale vlak, het ook meegehelp dat hierdie element in finale weergawes van die Generiese Kodes as die "sosio-ekonomiese ontwikkelings-element", eerder as die "residu" element bekend staan.

tersiêre opleidingsprogramme en ander vaardigheidsontwikkelings-inisiatiewe sal dan volgens hierdie behoeftes aangepas word. Daar word ook in die handves erken dat 'n hoë kwaliteit van menslike hulpbronne noodsaaklik is om die volgehoue kompetendheid van die sektor te verseker (Department of Agriculture, 2006a:15-16).

Dit is belangrik om te let op die drie tipes ondernemings wat in die AgriSEB handves en telkaarte geïdentifiseer word, en die verskillende SEB vereistes vir elke tipe onderneming. Ondernemings wat oor 'n periode van vyf jaar 'n gemiddelde omset van meer as R50 miljoen het, moet aan al die elemente van die SEB telkaart voldoen. Ondernemings wat oor 'n periode van vyf jaar 'n gemiddelde omset tussen R5 miljoen en R50 miljoen het, kan as 'n Kwalifiserende Klein Onderneming (KKO) geklassifiseer word (Department of Agriculture, 2006c). KKO hoef aan slegs vyf van die sewe elemente van die AgriSEB telkaart te voldoen. 'n Onderneming wat oor 'n periode van vyf jaar 'n gemiddelde omset van minder as R5 miljoen het, word van SEB vrygestel, en word bloot aangemoedig om op 'n vrywillige basis die AgriSEB teikens (veral ten opsigte van opleiding en korporatiewe sosiale investering) na te streef. Hierdie sogenaamde "Vrygestelde Klein Ondernemings" (VKO's) kry outomaties 'n "vlak vier" SEB status - wat 100% erkenning geniet in terme van SEB verkryging. Hierdie klassifikasie van ondernemings en die vereistes ten opsigte van SEB wat aan elkeen gestel word wyk af van die klassifikasie van ondernemings in die finale gedragskodes van die Departement van Handel en Nywerheid, waarin die afsnypunt vir KKO's R35 miljoen is (Department of Trade and Industry, 2006).

Die AgriSEB handves verskil ook in hierdie stadium steeds van die generiese kodes in dié sin dat KKO's aan *vyf* van die sewe elemente van die generiese telkaart moet voldoen. Die generiese kodes skryf voor dat KKO's aan slegs *vier* van die sewe elemente van die generiese telkaart hoef te voldoen (wat dan elk 25 punte uit 100 sal tel). Daar word egter wel die laaste konsepweergawe van die AgriSEB handves genoem dat dit in lyn met die generiese kodes gebring sal word sodra die finale weergawe van hierdie kodes beskikbaar is.

Die AgriSEB handves word in beginsel deur die meerderheid van rolspelers in die landbousektor aanvaar. Die klassifikasie van ondernemings wat hierbo bespreek is bly egter 'n belangrike punt van dispuut. Die Departement van Landbou het aangedui dat hy dit oorweeg om die afsnypunt vir VKO's te verlaag na R1.5 miljoen, wat beteken dat meer



landbou-ondernemings verplig sou wees om aan die AgriSEB handves te voldoen. Landbou-organisasies het ernstige misnoeë met hierdie afwyking van die Departement van Handel en Nywerheid se gedragskodes uitgespreek, en het beswaar gemaak teen die feit dat die Departement van Landbou in hul unilaterale besluit om die klassifikasie van landbou-ondernemings te heroorweeg die aanbevelings van die AgriSEB taakspan (waarop verskillende belanghebbers verteenwoordig is) ignoreer (*Landbouweekblad*, 2006). Daar word boonop geargumenteer dat die lae vlakke van winsgewendheid in die landbousektor verder bedreig sal word indien ondernemings met 'n beperkte omset gedwing word om duur bemagtigingsprojekte aan te pak (*Landbouweekblad*, 2006). Die Minister van Landbou het in reaksie op hierdie ontevredenheid 'n ondersoek van stapel gestuur, waarin een van die land se voorste bemagtigingsagentskappe, Empowerdex, die omset en winsgewendheid van landbou-ondernemings in Suid-Afrika moet analiseer en aanbevelings moet maak t.o.v. die kapasiteit van hierdie ondernemings om sinvolle bemagtigingsprojekte te akkommodeer (Moos, 2007). Finale besluite oor die afsny punte vir VKO en KKO's sal dus geneem word nadat die bevindinge van hierdie ondersoek bekend gemaak is.

Die AgriSEB dokument is (in sy huidige vorm) ontwerp om te dien as 'n Handves vir die Transformasie van die landbousektor - ingevolge Afdeling 12 van die SEB Wet. Dit dien dus as formalisering van die landbousektor se doelwitte en aksieplanne ten opsigte van Swart Ekonomiese Bemagtiging, maar het geen wetlike status nie. Die Departement van Landbou hoop egter om die AgriSEB telkaart (soos wat dit tans in die AgriSEB dokument verskyn) te gebruik as basis vir 'n Afdeling 9 sektorale kode - wat dan in wetlike status gelyk sal wees aan die finale SEB kodes gedragskodes, en gebruik sal word om die SEB tellings van ondernemings in die landbousektor te bepaal

Daar sal vervolgens gekyk word na die wyse waarop die transformasie-proses in die wynbedryf (as een van die sleutelindustrië in die landbousektor) bestuur is.

## 4. Die bevordering van transformasie in die wynbedryf

### 4.1 Strategiese beplanning in die wynindustrie

Die belangrikste uitdagings in die wynindustrie is in afdeling 2.2 bespreek, en daar is genoem dat hierdie uitdagings op 'n strategiese vlak deur die industrie as geheel aangespreek moes word.

'n Strategiese beplanningsproses vir die wynindustrie, genaamd Visie 2020, is in Junie 1999 deur Winetech (Wine Industry Network for Expertise and Technology) geïnisieer. Die projek was daarop gemik om die toekomstige voorspoed en mededingendheid van die industrie te bevorder te midde van die veranderinge in beheer en regulasies in die plaaslike industrie<sup>133</sup>, veranderinge in die aard van die internasionale vraag na wyn, sterker internasionale mededinging van sogenaamde "Nuwe Wêreld" wynlande<sup>134</sup>, en politieke demokratisering in Suid-Afrika (en die gunstige omstandighede vir Suid-Afrikaanse uitvoere wat hierdeur geskep is). Die 12 strategiese programme waarop daar ooreengekom is het hoofsaaklik aandag gegee aan vir produksie- en bemarkings- verwante uitdagings. Die kredo van die strategie het egter verwysings na die "sosiale-verantwoordelikheid" van die industrie, etiese handelspraktyke, die behoefte aan die bevordering van 'n "vooruitstrewende, regverdige Suid-Afrika" deur middel van programme vir regstellende aksie, sowel as die behoefte aan 'n verteenwoordigende liggaam vir die industrie ingesluit (SAWB, 2002:5). Hierdie doelwitte is uiteindelik ook in die strategiese programme wat uit die projek gespruit het gereflekteer. Die *fokus* van Visie2020 was egter primêr om die mededingendheid van die wynbedryf op 'n besigheids-tegniese vlak te bevorder.

Op die vlak van landbou-politiek, was een van die belangrikste uitvloeisels van die Visie2020 projek die daarstelling van die Suid-Afrikaanse Wyn- en Brandewyn maatskappy (SAWB). Hierdie organisasie is aanvanklik op die been gebring om op 'n nasionale en internasionale vlak as verteenwoordigende liggaam van die industrie te dien, om interaksie met regerings- en ander politieke strukture namens die industrie te hanteer, en om die strategiese programme van die industrie te bestuur en te implementeer (SAWB, 2002:14).

---

<sup>133</sup>Waaronder: produksie - en prysbeheer en die bestuur van surplusse

<sup>134</sup> Waaronder: Chili, Australië en Argentinië

Die proses van die daarstelling van die SAWB is belangrik. 'n Vergadering van belanghebbers in die industrie het in November 2001 'n taakspan aangestel om voorstelle te maak t.o.v. die struktuur van 'n verteenwoordigende liggaam van die industrie. Die aanbevelings van die taakspan is (met minimale wysigings) in Februarie 2002 by 'n volgende vergadering van belanghebbers aanvaar. Volgens die voorstelle van die taakspan is die industrie verdeel in vier "kamers" van betrokkenes by: produksie, prosessering, bemarking en arbeid. Elkeen van hierdie kamers kon vyf verteenwoordigers tot die raad van die verteenwoordigende liggaam verkies (SAWB, 2002:15). Die raad sou ook 'n neutrale voorsitter insluit. Daar is sover moontlik gepoog om alle belanghebbers by die aanwysing van lede van die raad te betrek. Die liggaam sou bestuur word deur 'n Hoof Uitvoerende Bestuurder met 'n klein permanente kantoor wat in gelyke dele deur die verskillende kamers befonds sou word (SAWB, 2002:16). Arbeid is egter vir die eerste tien jaar van finansiële bydraes vrygestel (SAWB, 2002:16)<sup>135</sup>.

Vyf besigheidseenhede (vir: bemarking, tegniese navorsing, die ontwikkeling van menslike hulpbronne, industrie-intelligensie en sosiale en ekonomiese bemagtiging) is volgens 'n funksionele verdeling van verantwoordelikhede gestig (SAWB, 2002:16). Sowel die eenheid vir menslike hulpbronne as dié vir sosiale en ekonomiese ontwikkeling moes vir bepaalde dimensies van die industrie se transformasie-proses verantwoordelikheid neem. Die "Black Association of Workers in the Wine and Spirit Industry" (BAWSI) was 'n stigterslid van die SAWB, wat veral op sosio-ekonomiese bemagtiging en die ontwikkeling van menslike hulpbronne gefokus het. BAWSI moes in hierdie konteks die "stem" van voorheen benadeelde groepe oor die toekomstige ontwikkeling en transformasie van die industrie wees (SAWB, 2003:12). BAWSI is beskou as 'n verteenwoordigende liggaam wat die perspektief van swart persone in die wynindustrie (insluitende: vakbonde, NRO's en die besigheidsektor) kon konsolideer (SAWB, 2002:12).

Die Visie2020 strategie en die SAWB se benadering tot Swart Ekonomiese Bemagtiging was egter redelik konserwatief. Die fokus het hoofsaaklik geval op die ontwikkeling van menslike hulpbronne deur opleiding en vaardigheidsontwikkeling, en sosiale programme wat die sosio-

---

<sup>135</sup> Vakunies regverdig hierdie vrystelling op grond van die feit dat die arbeidsinsette van hul lede dit vir ander rolspelers (bv. produsente) moontlik maak om tot die befondsing van die liggaam by te dra. Die onderliggende argument is dat arbeid nie regverdiglik vergoed word nie, en daar dus 'n surplus van fondse in produksie- en verwerkingseenhede beskikbaar is wat namens arbeid tot die verteenwoordigende liggaam bygedra kan word.

ekonomiese posisie van betrokkenes in die industrie oor 'n breë basis kon verbeter. Daar is egter nie genoeg aandag gegee aan die transformasie van eienaarskap in die industrie of die wyse waarop die industrie tot nasionale doelwitte ten opsigte van Swart Ekonomiese Bemagtiging kon bydra nie. Die begrip "bemagtiging" word byvoorbeeld nie in die Visie2020 dokumentasie genoem nie. Die regering het boonop aanvanklik sy steun van die strategie weerhou alvorens daar bewys kon word dat die verteenwoordigers van arbeid genoegsame inspraak in die proses geniet het (du Plessis, 2003).

In 2003, het die industrie dus 'n projek geloods om Visie2020 met die Strategiese Plan vir die Landbousektor en nasionale inisiatiewe ten opsigte van Swart Ekonomiese Bemagtiging te versoen. Hierdie belyning van strategiese beleidsrigtings in die wynindustrie met dié van die Nasionale Departemente van Landbou en Handel- en Nywerheid was ook daarop gemik om die regering se steun vir die transformasie-inisiatiewe binne die industrie te verseker. Die uitkoms van hierdie proses van strategiese her-besinning was die Suid-Afrikaanse Wynindustrie Plan (WIP).

Die WIP is opgestel as 'n strategiese plan vir 'n "lewenskragtige, verenigde, nie-rassige en vooruitstrewende" wynindustrie. Dit is belangrik om te let dat hoewel die behoefte aan globale mededingendheid en vooruitstrewendheid steeds in hierdie visie ingesluit is, daar nou 'n fokus-verskuiwing was na die uitdagings ten opsigte van transformasie en bemagtiging wat deur die industrie aangespreek moes word. Die "ontwikkeling van gelykmatige toegang en deelname in alle vlakke van die wynbedryf waardeketting" is een van vier strategiese doelwitte van die WIP<sup>136</sup>. Hoewel die vier doelwitte gelyke status in die strategie geniet het, het die transformasiebehoefte in die industrie egter nou begin prioriteit/ voorkeur geniet. Volgens Riaan Kruger, verteenwoordiger van die "South African Liquor Brandowners Association" (SALBA) was die WIP as't ware 'n voorloper vir latere transformasieprosesse in die bedryf. Die behoefte aan bemagtiging en transformasie is ook in die strategiese programme van die plan gereflekteer. Strategiese programme van die WIP sluit in (SAWB, 2003:ii-iii):

- 'n Strategie vir ekonomiese ontwikkeling en bemagtiging

---

<sup>136</sup> Ander strategiese doelwitte sluit in: (i) om globale mededingendheid en winsgewendheid te verhoog, (ii) om produksie sisteme te vestig wat volhoubaar is in terme van die natuurlike omgewing, en (iii) om die verantwoordelike verbruik van die produkte van die industrie aan te moedig.

- 'n Strategie vir sosiale ontwikkeling en opheffing
- 'n Strategie vir opleiding en die ontwikkeling van menslike hulpbronne
- 'n Strategie vir promosie en die ontwikkeling van markte
- 'n Strategie vir die ontwikkeling van kennis en informasie, en
- 'n Strategie vir tegnologiese innovasie en oordrag

In die Strategie vir ekonomiese ontwikkeling en bemagtiging is daar onderneem om 'n operasionele strategie vir bemagtiging en teikens vir swart ekonomiese bemagtiging te ontwikkel, en meganismes in plek te stel om die implementering van die strategie, en vordering m.b.t. teikens te monitor (SAWB, 2003:15). Daar is 'n bepaal dat 'n basislyn studie van Swart Ekonomiese Bemagtiging in die wynindustrie, wat in die identifisering van relevante teikens gebruik kan word, onderneem moet word. Daar is voorsien dat SEB oor 'n breë basis sal moet plaasvind, wat die fasilitering van ontwikkeling van swart bemagtigde besighede, operasionele en strategiese ondersteuning vir nuwe projekte en die oordrag van relevante vaardighede (o.a. deur mentorskap-programme) moet insluit. Hoewel SEB, Opleiding en Sosiale Ontwikkeling in verskillende strategieë aangespreek is, is dit duidelik dat die strategie met betrekking tot opleiding en dié vir sosiale ontwikkeling ook op 'n indirekte vlak daarop gemik is om sosio-ekonomiese transformasie in die industrie te bevorder. Dit is ook belangrik om te let SAWB projekte t.o.v. menslike hulpbronontwikkeling en bemagtiging in noue samewerking met SAWIT aangepak is. Gegewe SAWIT se rol as reguleerder van die verspreiding van fondse wat deur die KWV aan die industrie oorgedra is, het hierdie liggaam veral 'n sentrale rol gespeel in die befondsing van transformasie-inisiatiewe (o.a. die befondsing van die "Rural Development Network"/ RUDNET<sup>137</sup> en die SAWB herstruktureringproses).

Hoewel die inhoud van die WIP ontwikkel is deur 'n taakspan van verteenwoordigers van die SAWB, is die proses vir die ontwikkeling van die dokument bepaal deur akademici wat in die wynbedryf werksaam was (du Plessis, 2003). Dit het 'n persepsie gevestig dat die WIP 'n akademiese dokument is en dat die inspraak van grondvlak verteenwoordigers in die uiteindelik inhoud en struktuur van die dokument beperk is. Dit is gevolglik nie deur alle belanghebbers as 'n onderhandelde grond dokument vir transformasie in die industrie

---

<sup>137</sup> RUDNET is die ontwikkelings-"arm" van BAWSI en is 'n sambreelligaam vir organisasies wat ontwikkelingsprojekte in landelike gebiede bestuur (RUDNET webruimte).

aanvaar nie - met veral verteenwoordigers van burgerlike samelewingsgroepe en ontwikkelingsorganisasies wat van die proses vervreem gevoel het. Verdere samesprekings oor die transformasie-projek in die wynindustrie was dus nodig.

Die twee belangrikste prosesse rakende die transformasie van die wynindustrie wat in die laaste twee jaar plaasgevind het, is die herstrukturering in die verteenwoordigende liggaam van die bedryf (naamlik die SAWB) en die proses van die ontwikkeling van 'n handves vir transformasie in die wynindustrie. Hierdie prosesse word vervolgens in onderskeidelik afdeling 4.2 en 4.3 bespreek.

#### **4.2 Die herstrukturering van verteenwoordigende strukture**

Daar is in afdeling 4.1 genoem dat die SAWB aanvanklik verdeel is vyf besigheidseenhede vir: bemarking, tegniese navorsing, die ontwikkeling van menslike hulpbronne, industrie-intelligensie en sosiale en ekonomiese bemagtiging en dat BAWSI, as stigterslid van die organisasie en verteenwoordiger van swart belange in die industrie, by veral projekte rakende menslike hulpbronontwikkeling en sosiale en ekonomiese bemagtiging betrek is. Dit is belangrik om te let dat hoewel *indirekte* belanghebbers wat daarop gemik is om sosio-ekonomiese transformasie te bevorder (waaronder: plaaslike en nasionale Nie-Regeringsorganisasies/NRO's) in die aanvanklike SAWB struktuur erken is, hierdie belanghebbers nie direkte, amptelike verteenwoordiging binne die SAWB besigheidseenhede gehad het nie. Daar is boonop aanvanklik geargumenteer dat BAWSI as sambreel-organisasie vir swart belange in die industrie kon optree, en direkte verteenwoordiging deur ander gemeenskaps-organisasies dus nie noodsaaklik was nie.

BAWSI se rol as allesomvattende verteenwoordiger van swart belange in die wynbedryf het egter toenemend meer kontroversieel geword namate verskillende belangegroepe begin het om hulself te organiseer en verteenwoordigende liggame te skep wat hul *spesifieke* belange in bedryfspesifieke, provinsiale en nasionale forums kon verteenwoordig. Daar was onder andere by swart groeperinge in die bedryf ongemaklikheid oor BAWSI se kapasiteit om in belang van beide arbeid én swart produsente op te tree - 'n rol wat in 'n tradisionele opset van sosio-ekonomiese onderhandeling geskei is.

Organisasies soos die "National African Farmers' Union" (NAFU) en die "Black Vintners Association" het op nasionale vlak groter erkenning begin geniet. Daar is organisasies op die been gebring wat spesifiek gemik is op die bevordering van SEB in die wynbedryf (waaronder die "Olifants River Black Economic Empowerment Forum"/ORBEEF). Ook vakbondorganisasies wat in die besonder op die belange van plaaswerkers en ander arbeiders in die wynbedryf fokus (waaronder die "National Union of Food, Beverage, Spirits, Alcohol and Wine"/NUFBWSAW; die "Agricultural Workers Association of South Africa"/AGRIWASA; die "Food and Allied Workers Union"/FAWU; en die "Independent Unions Group"/ITUF) het 'n meer prominente rol in die industrie begin speel.

Dis ook belangrik om in gedagte te hou dat sosio-ekonomiese ontwikkeling deurentyd as deel van die transformasie-uitdagings in die wynindustrie beskou is. NRO's wat op sosio-ekonomiese ontwikkeling in die wynbedryf fokus, waaronder: verteenwoordigers van gestremde persone en jeuggroepe, verteenwoordigers van vrouegroepe (bv. "Women in Wine" en "Women on Farms") en RUDNET, beskou dus hulself as belangrike belanghebbers in inisiatiewe wat daarop gemik is om transformasie en bemagtiging in die wynbedryf te bevorder.

Die onder-verteenwoordiging van hierdie organisasies binne die SAWB struktuur, en BAWSI se eksklusiewe status as veronderstelde sambreel-liggaam vir swart belange in die industrie het uiteindelik die legitimiteit van die instelling bedreig in 'n tyd wat 'n sterk industrie-liggaam juis nodig was om transformasie in die industrie te dryf. Daar is dus besluit om die SAWB te herstruktureer ten einde dit meer verteenwoordigend van en aanvaarbaar vir 'n breër spektrum van belanghebbers in die industrie te maak.

Die herstruktureringproses is gelei deur Gavin Pieterse (ondersteun deur sy konsultasie-maatskappy "Gavin Pieterse en Vennote"). Pieterse was deel van die SEB kommissie van die Swart Besigheidsforum en 'n trustee van SAWIT. Volgens rolspelers in die industrie was dit ook te danke aan sy samesprekings met die Minister van Landbou (op daardie stadium Thoko Didiza) dat die regering by 'n konferensie oor hervorming in die wynbedryf by die Kaapse Internasionale Konvensiesentrum in Oktober 2003 die WIP as basis vir die transformasieproses in die industrie aanvaar en gesteun het. Daar het ook die persepsie bestaan dat hierdie steun onderhewig was aan die voortsetting van 'n herstruktureringproses

binne die SAWB, gelei deur Gavin Pieterse. Pieterse is uiteindelik op grond van sy posisie as SEB kenner, relatief onafhanklike buitestaander (hy was van Johannesburg en het buiten sy posisie by SAWIT nie direkte bande met die industrie gehad nie) en sy veronderstelde politieke invloed deur die meerderheid van belanghebbers as legitieme bemiddelaar vir die herstruktureringproses aanvaar. 'n Reeks werksinkels is tussen die einde van 2004 en die begin van 2006 gehou, waarin die herstruktureringproses op 'n omvattende wyse deur 'n verteenwoordigende groep van belanghebbers bespreek is.

Die herstruktureringproses is in vier fases aangepak. Die eerste hiervan was die voltooiing van 'n klimaatstudie, behoeftebepaling en bepaling van die omvang van die projek. Die besprekings deur fokusgroepe en anonieme opnames onder sleutelspelers in die industrie is ingespan om die belangrikste prioriteite en uitdagings in die industrie te bepaal, en belanghebbers se persepsies oor die SAWB te toets (Pieterse, 2005:4). Insette is ook van verteenwoordigers van plaaslike- en provinsiale regeringsinstellings verkry. Die persepsie-gebaseerde evaluering van die SAWB het interessante resultate gelewer. Daar is in Pieterse (2006:5-6) se verslag gerapporteer oor indrukke ten opsigte van die bestuur, die strategiese leierskap en die struktuur van die organisasie. Belanghebbers in die industrie het onder andere laat blyk dat hulle onder die indruk is dat:

- die senior bestuur van die organisasie deur individuele belange eerder as dié van die industrie gedryf word;
- daar 'n gebrek aan begrip is vir hoe kwessies van sosiale ontwikkeling en transformasie 'n impak kan hê op die verskillende vlakke van die wynbedryf waardeketting en geen kollektiewe verbintenis tot transformasie bestaan nie (spesifiek ten opsigte van die voorsiening van leiding en effektiewe monitering van transformasieprojekte);
- die bestuur nie "politieke toegang" het nie [en dus nie hul funksie as die industrie se spreekbuis na die regering kan vervul nie];
- die konflikterende belange van die verskillende kamers nie effektief bestuur word nie;
- daar 'n gebrek aan kredietwaardige en "werklike" verteenwoordiging van swart persone in die industrie-liggame is; en
- die SAWB nie daartoe in staat is om die fragmentering van die industrie te bestuur en leierskap in hierdie verband te verskaf nie.



Die SAWB is ook gekritiseer vir sy gebrek aan doelgerigte vaardigheidsontwikkeling, sy onvermoë om die belange van die verskillende kamers te versoen in 'n strategie wat die uitdagings van die mark hanteer (sy sg. "silo mentaliteit"), die gebrek aan visie en strategieë om die ekonomiese kapasiteite van die industrie uit te bou en sy versuim om arbeid-, gemeenskap- en vroue-organisasies effektief in kontak te bring met die kommersiële belange in die industrie (Pieterse, 2006:5). "Wedersydse wantroue" is ook spesifiek uitgelig as 'n eienskap van die organisasie (Pieterse, 2006:6).

Daar is in kritiek op die struktuur van die SAWB verwys na persepsies dat:

- die SAWB nie die behoeftes van die industrie aanspreek nie, en deur "politieke en regulatoriese" vereistes gedryf word;
- die meerderheid van belanghebbers in die industrie nie verteenwoordiging geniet nie;
- die SAWB gebrekkige toegang tot die regering het;
- dat verskillende kamers nie gelyke status in die struktuur geniet nie (met 'n voorkeur ten gunste van besigheidskamers); en
- die personeel van die organisasie "lelie wit" is.

Die uitkomst van fase een is gebruik om tussentydse doelwitte vir die proses te stel en 'n *modus operandi* vir die herstruktureringproses te bepaal.

In fase twee is verskillende belanghebbers in 'n gesamentlike forum byeengebring (sien Bylae A vir 'n lys van organisasies wat in hierdie forum betrek is). Die doelwitte van die forum was om die gedragsreëls vir die proses te formuleer; om die uitkomst vir die proses te spesifiseer; die raamwerk van die proses vir belanghebbers te verhelder, en te verseker dat daar algemene steun vir die proses (en die manier waarop dit aangepak sou word) is; om bevestiging te kry dat alle kern belanghebbers by die proses betrek is (Pieterse, 2005:4). Daar is ook aandag gegee aan modelle vir effektiewe kommunikasie en veranderingsbestuur (dus: die ontwikkeling van persoonlike vaardighede), en verskillende organisatoriese modelle is aan belanghebbers bekendgestel (Pieterse, 2005:4). Pieterse het ook tydens hierdie fase gepoog om onderliggende beginsels en gedeelde waardes vir die proses en uiteindelijke struktuur vas te stel en beide die gesprek en latere besluite oor die mees gewenste struktuur te vergemaklik.

Die formele doelwit van die proses wat op hierdie stadium deur die verteenwoordigers in die forum ontwikkel is was: "Towards a sustainable, profitable and equitable wine industry" (Pieterse, 2006:8-9). Daar is ook tydens fase twee ooreengekom op 'n stel doelwitte waaraan die sukses van die herstrukturingsproses uiteindelik gemeet sou word. Pieterse het telkens die forum in kleiner groepe verdeel om verskillende opinies oor vraagstukke (byvoorbeeld die doelwitte van die proses) te formuleer. Verteenwoordigers van die kleiner groepe het aan die forum terugvoer gelewer. Hierdie voorleggings is as basis vir besprekings oor kwessies gebruik, en daar is gepoog om op grond van hierdie bespreking 'n konsensus opinie oor spesifieke kwessies te formuleer.

Soos reeds genoem het Pieterse verskillende kommunikasie-modelle aan deelnemers voorgedra. Hierdie modelle is bespreek, en daar is ooreengekom op die model (die sogenaamde "rules of engagement") wat deur die loop van die proses toegepas sou word. Die grondreëls vir die samesprekings waarop daar ooreengekom was onder andere:

- Deelnemers erken dat elkeen na die forum kom met bepaalde aannames oor die wêreld, die industrie en mekaar wat *nie* noodwendig feite is nie, en kom ooreen dat alle bydraes met hierdie verstandhouding in gedagte gelewer sal word. Daar word onderneem om hierdie verstandhouding in taalgebruik te reflekteer (bv. deur stellings te bind met "my opinie is dat" of "my standpunt is dat") en om ander deelnemers toe te laat om die onderliggende aannames in stellings te toets - met die doel om by gedeelde waarhede uit te kom.
- Daar word onderneem om op 'n betekenisvolle wyse dialoog te voer, eerder as om aannames rond te slinger wat die waarde van besprekings ondermyn.
- Deelnemers verbind hulself tot die waarheid.
- Deelnemers aanvaar die beginsel van empatie (m.a.w. om sigself in ander se skoene te plaas en nie gebonde te bly deur hul eie belange).
- Deelnemers onderneem om te alle tye die "groter prentjie" in gedagte te hou.
- Deelnemers verwelkom deelname in die taal van elkeen se keuse.
- Deelnemers verbind hulself daartoe om deel van die proses te bly totdat dit voltooi is.

Pieterse (2006:9-10)

Tydens fase drie is daar verdere aandag gegee aan die ontwikkeling van deelnemers se sensitiwiteit vir verskillende gedragspatrone en die persepsies en kernwaardes van die

onderskeie belanghebbers. Gedeelde doelwitte is uiteindelik met inagneming van die verskille tussen belanghebbers, sowel as hul gedeelde waardes geformuleer. 'n Gesamentlike visie vir die industrie is ontwikkel, en die strategiese gaping tussen huidige strukture en die gepaste instellings vir die realisering van hierdie visie is bepaal.

Die volgende visie vir die industrie en missie vir die herstruktureringproses is geformuleer en deur die deelnemers aanvaar:

"Vision: A globally competitive, profitable, accessible and equitable industry, underpinned by its characteristics of meaningful people development, sustainable resource usage, ethical trade practices and responsible business processes that makes a significant contribution to poverty alleviation and wealth creation for all." (Pieterse, 2006:11)

Mission: "Towards (striving for) a united South African Wine Industry, which is sustainable, prosperous, accessible, just and competitive for the benefit of all." (Pieterse, 2006:12)

In 'n poging om strategiese opsies vir die industrie te identifiseer het deelnemers 'n sg. "SWOT" ("Strength, Weaknesses, Opportunities and Threats") analise gedoen, waarin die industrie se sterk- en swakpunte, die geleenthede wat bestaan en die bedreigings vir die industrie geïdentifiseer is. Hierdie proses is ook bestuur deur kleingroepe te vorm wat die kwessies bespreek en dan aan die forum terugvoer gegee het. Op hierdie wyse is rolspelers se begrip vir uitdagings en geleenthede in die industrie en areas wat aandag nodig het (swakpunte) uitgebrei, en kon daar 'n gesprek gevoer word oor verskillende wyses waarop hierdie uitdagings aangespreek en geleenthede benut kan word.

Tydens fase vier is daar aandag gegee aan die aard van die verteenwoordigende liggaam, en die strukture en leierskaprolle wat sal nodig wees om die gesamentlike visie te realiseer. 'n Bepaalde organisatoriese model, naamlik die "viable systems model" is aan die deelnemers voorgelê (Pieterse, 2006:15). Pieterse het geargumenteer dat hierdie model 'n raamwerk is waarbinne die nuwe struktuur ontwerp kon word, aangesien dit ruimte laat vir die verskillende funksies en doelwitte wat deur die groep vir die nuwe liggaam geïdentifiseer is.

Daar is voortdurend ruimte gelaat vir verskillende belanghebbers om hul persepsies op die tafel te plaas, die akkuraatheid daarvan by ander belanghebbers te toets en om doelwitte vir die industrie te fundeer in die verbeterde wedersydse begrip wat danksy hierdie proses tussen verskillende belanghebbers ontstaan het. Die vier fases is oor 'n periode van meer as

'n jaar voltooi. Die lang tydsverloop tussen verskillende werkwinkels het dit besonder moeilik gemaak om positiewe momentum te behou - veral ten opsigte van die waardes van wedersydse begrip en positiewe interaksie wat die fasiliteerder probeer het om te vestig. Dit was ook bykans onmoontlik om tegniese aspekte met betrekking tot die struktuur van die nuwe liggaam in die algemene forum te finaliseer. Die fasiliteerder het vir hierdie doel samesprekings met kleiner groepe van verteenwoordigers van kern belanghebbers gevoer. 'n Opsomming van die proses en finale voorstelle vir 'n nuwe struktuur is in Februarie 2006 deur Pieterse aan die industrie oorhandig.

In April 2006 het die "ou" SAWB aangekondig dat hy eienaarskap van die proses van die fasiliteerder oorneem, en sal begin met die implementering van die voorstelle. Finale besluite oor die struktuur is tydens verdere samesprekings tussen kern belanghebbers geneem.

Die nuwe struktuur is uiteindelik in Julie 2006 bekendgestel. Dit staan bekend as die Suid-Afrikaanse Wynraad/"South African Wine Industry Council" (SAWIC). Soos die SAWB, is SAWIC verdeel in verskillend besigheidseenhede. Die eerste hiervan is die eenheid vir ontwikkeling en transformasie - wat fokus op transformasie en kwessies rakende die SEB handves van die wynbedryf. Dié eenheid staan bekend as die "Wine Industry Development Agency" (WIDA). Ander besigheidseenhede sluit in: 'n eenheid wat verantwoordelik is vir bedryfsinformasie en intelligensie (die South African Wine Information Systems (SAWIS) tree tans as agentskap op om hierdie rol te vervul), 'n eenheid wat verantwoordelikheid neem vir navorsing en die ontwikkeling van tegnologie (Winetech vervul tans hierdie rol op 'n agentskaps-basis) en 'n eenheid wat verantwoordelikheid neem vir die nasionale en internasionale generiese bemerking van Suid-Afrikaanse wyne sowel as wyn-toerisme (dié rol word tans vervul deur Wines of South Africa/ WOSA). SAWIC se raad van direkteure word saamgestel uit verteenwoordigers van: wynprodusente (verteenwoordig deur VinPro), wynkelders (verteenwoordig deur "Wine Cellars South Africa"/ WCSA), wynhandelaars (verteenwoordig deur die "South African Liquor Brand Owners Association"/ SALBA), arbeid (verteenwoordig deur o.a. 13 verskillende vakbonde en arbeidsorganisasie), gemeenskapsverteenwoordigers (van o.a. BAWSI en RUDNET), opkomende boere (verteenwoordig deur NAFU), en die voorsitters van elk van die besigheidseenhede.

SAWIC ontvang advies oor strategiese kwessies vanaf 'n raadgevende forum bestaande uit 'n breë reeks belanghebbers in die industrie, insluitende verteenwoordigers van NRO's en

arbeid. Daar is in die stigtingsdokument van SAWIC bepaal dat 'n onafhanklike voorsitter vir die raad van direkteure deur die raadgewende forum genomineer en deur die raad aangestel sou word. Professor Kader Asmal is in Junie 2006 as voorsitter van die raad van direkteure van SAWIC aangestel. Asmal het as trustee van SAWIT ondervinding in die wynbedryf opgedoen. Johan van Rooyen (die hoof uitvoerende bestuurder van die SAWB) is weer aangestel as hoof uitvoerende bestuurder van SAWIC, met die verantwoordelikheid om die dag-tot-dag bestuur van die instelling te hanteer.

SAWIT sal steeds 'n sentrale rol speel in die befondsing van ontwikkelingsinisiatiewe, en aan die industrie leiding gee t.o.v. die belyning van hul strategieë vir groei en ontwikkelings met dié van die nasionale regering. SAWIT het egter in die herstruktureringproses erken dat dit nie aan die wetlike vereistes voldoen om statutêre heffings in te vorder, te bestuur en te allokeer nie<sup>138</sup>. Hierdie funksies sal dus oor tyd aan die relevante eenhede binne SAWIC oorgedra word.


Die nuwe struktuur is goed ontvang in die nasionale regering en media. Die liggaam is deur die Nasionale Minister van Landbou goedgekeur - 'n belangrike voorvereiste vir die legitimiteit van die liggaam in sy skakeling met ander instellings. Daar word gehoop dat die nuwe struktuur 'n "verenigde front" vir die wynbedryf sal vorm, waar die stemme van alle belanghebbers erken word, en veral ontwikkelings- en transformasie-prioriteite die nodige aandag sal geniet. Geen amptelike reaksies is van belanghebbers binne die struktuur ontvang nie, en kommentaar in die pers is beperk tot die van industrie-leierskap, waaronder: Johan van Rooyen, Charles Erasmus (hoof uitvoerende bestuurder van SAWIT) en Kader Asmal (die nuwe voorsitter van SAWIC). Reaksies op die herstruktureringproses sowel as die nuwe struktuur is egter in 'n reeks onderhoude met belangrike belanghebbers in die industrie getoets.

'n Vergelyking tussen die struktuur van die SAWB en dié van SAWIC dui op 'n belangrike verskuiwing in magsverhoudinge in die bedryf. In die SAWB struktuur het verskillende besigheidseenhede aan die hoof uitvoerende bestuurder en die direksie gerapporteer. Daar is geen formele geleentheid geskep vir breër deelname aan strategiese besluitneming in die

---


<sup>138</sup> In die afwesigheid van 'n legitieme verteenwoordigende struktuur, het SAWIT hierdie rol noodgedwonge vervul nadat die KWV van sy rol as reguleerder van die industrie afstand gedoen het.

bedryf nie, en aangesien die verskillende besigheidseenhede nie direkte verteenwoordiging in die direksie gehad het nie, het hulle geen wedersydse inspraak in mekaar se aktiwiteite gehad nie (sien organogram 1).



**Organogram 1:** Suid-Afrikaanse Wyn- en Brandewynmaatskappy (SAWB) struktuur

In die nuwe Wynraad, het 'n raadgevende forum, met verteenwoordiging van alle belanghebbendes egter 'n belangrike oorsigrol (sien organogram 2). Besigheidseenhede moet aan dié forum sowel as die direksie verantwoording doen. Die verskillende besigheidseenhede het boonop elk 'n toegekende setel in die direksie, en kan op hierdie wyse in mekaar se aktiwiteite inspraak lewer (sien organogram 2). Hierdie verskuiwing is veral belangrik ten opsigte van die prominensie van arbeids- en ontwikkelingskwessies, aangesien groepe wat hierdie kwessies voorop stel nou in die raadgevende forum sowel as die direksie teenwoordig is (met toegekende setels in die direksie aan arbeid, opkomende produsente, burgerlike groepe én die voorsitter van die wynbedryf ontwikkelingsagentskap). Verteenwoordigers van arbeid, opkomende produsente en burgerlike groepe kan dus nou arbeids- en ontwikkelingsaangeleenthede in verskillende forums op die agenda plaas en is ook in 'n posisie om bedryfsfondse daarvoor te mobiliseer.



**Organogram 2:** Suid-Afrikaanse Wynraad (SAWIC) struktuur

### **4.3 Die strategie vir die transformasie van die wynbedryf**

Die proses van die ontwikkeling van 'n handves vir die transformasie van die wynindustrie is reeds in November 2003 tydens 'n konferensie oor Swart Ekonomiese Bemagtiging in die wynbedryf (wat deur SAWIT en die SAWB aangebied is) aan die gang gesit. SAWIT en die SAWB is by hierdie konferensie deur verteenwoordigers van die industrie 'n mandaat gegee om met die ontwikkeling van 'n handves vir die transformasie van die sektor voort te gaan. 'n Onafhanklike Wynbedryfhandves Loodskomitee ("Wine Charter Steering Committee"/ WCSC), met verteenwoordigers van al die sleutel belanghebbers in die industrie, is vir hierdie doel geskep (sien Bylae B vir 'n oorsig van organisasies wat by hierdie proses betrek is).

Gavin Pieterse is tot voorsitter van die loodskomitee verkies (SAWB, 2006:5). Die inisiatief vir die ontwikkeling van 'n bedryfspesifieke handves vir Swart Ekonomiese Bemagtiging het gespruit uit die WIP, en die visie van 'n "verenigde, nie-rassige" industrie wat in hierdie strategie gestel is. Die proses is gefundeer in die Strategie vir Swart Ekonomiese Bemagtiging van die Departement van Handel en Nywerheid (en spesifiek kode 000 van die SEB gedragskodes - wat vereis dat verskillende sektore en industrieë hul doelwitte en strategieë ten opsigte van Swart Ekonomiese Bemagtiging in handveste vir transformasie formaliseer), en die AgriSEB strategie wat onder leiding van die Departement van Landbou geformuleer is.

'n Verteenwoordigende uitvoerende komitee, 'n sekretariaat wat die proses kon administreer en 'n tegniese span is aangestel om die proses te dryf. Die tegniese span het bestaan uit vyf subkomitees, waaronder: 'n subkomitee vir eienaarskap, bestuur en die ontwikkeling van ondernemings; 'n subkomitee vir gelyke indiensname, vaardigheidsontwikkeling en die ontwikkeling van menslike hulpbronne, 'n subkomitee vir die hervorming van verkryging; 'n subkomitee vir landelike ontwikkeling en armoedeverligting en 'n tegniese komitee wat verantwoordelik was vir die verwerking van bevindinge en die opstel van die verskillende weergawes van die Wynbedryfhandves dokument (WCSC, 2005b:8). Tegniese spanne het opdrag gekry om die inhoud van relevante gedragskodes te analiseer, om die toepassing daarvan binne die wynbedryf te oorweeg en om moontlike probleme vir implementering te identifiseer. Die tegniese spanne moes ook bepaal of die algemene telkaart en gedragskodes gepas is vir toepassing in die wynindustrie. Waar daar bevind is dat die algemene telkaart en gedragskodes nie die unieke uitdagings van die wynindustrie sou aanspreek, of die omstandighede in die industrie genoegsaam in ag neem nie, moes voorstelle vir veranderinge aan die telkaart en gedragskodes gemaak word (Hobson, 2006). Daar is aanvanklik beplan om die finale handves en 'n industrie-spesifieke telkaart deur die Ministers van Landbou en Handel en Nywerheid te laat goedkeur, en die handves só (in terme van afdeling 9 van die SEB wet) dieselfde wetlike status as die algemene gedragskodes te gee (Wine Charter Steering Committee, 2006:ii). In die Julie 2007 weergawe van die handves, word daar egter aangedui dat die wynbedryf sal poog om die handves as 'n afdeling 9 óf 'n afdeling 12 goedgekeur te kry en in die gazette te proklameer en dat gesprekke hieroor sal voortduur (Wine Industry Council, 2007:5). Die keuse tussen 'n afdeling 9 en afdeling 12 handves kan



'n belangrike impak op die status van die dokument hê - en uiteindelik bepalend wees in die mate waartoe die voorstelle in die dokument op grondvlak in die industrie inslag vind.

In 'n voorlegging waarop hy kommentaar lewer op die Wynbedryfhandves, identifiseer Stephen Hobson (2006) sewe uitdagings ten opsigte van Swart Ekonomiese Bemagtiging in die wynbedryf wat deur die tegniese komitees aangespreek moes word.

Die eerste hiervan het betrekking op die feit dat SEB kodes wat deur die Departement van Handel- en Nywerheid saamgestel is, ontwikkel is vir groot besighede. Die inhoud is hoogs tegnies en ingewikkeld en nie toeganklik vir kleinsakeondernemings (soos klein boerdery-ondernemings) nie.

Die tweede uitdaging, behels die onderskeid tussen eienaarskap en grondhervorming. Hoewel die wynbedryf erken dat grondhervorming 'n belangrike element van Swart Ekonomiese Bemagtiging behoort te wees is daar kommer uitgespreek oor die volhoubaarheid en ekonomiese lewensvatbaarheid van 'n SEB strategie wat eienaarskap in ander trappe van die waardeketting buite rekening laat en eksklusief op grondhervorming fokus. Daar moes dus gepoog word om 'n strategie te vind wat tot die nasionale doelwitte t.o.v. grondhervorming sal bydra, maar ook swart persone op ander vlakke as eienaars by die industrie betrek.

Die derde uitdaging wat deur Hobson geïdentifiseer is, is die grootte van ondernemings en die invloed van families in die wynindustrie. Volgens 'n 2002 Landbou-Sensus het helfte van die kommersiële plase in Suid-Afrika 'n jaarlikse omset van minder as R300000 (WCSC, 2005). Hierdie omset laat die eienaar/bestuurder met 'n jaarlikse inkomste van minder as R30 000. Die geleentheid vir betekenisvolle SEB projekte in ondernemings van hierdie grootte is beperk.

Die vierde uitdaging hou ook met die grootte van ondernemings verband. Een van die belangrikste besluite t.o.v. die Wynbedryfhandves was die vasstelling van afsnyvlakke vir mikro ondernemings wat van die telkaart vrygestel kan word (Vrygestelde Klein Ondernemings/VKO's) en kwalifiserende klein besighede (Kwalifiserende Klein Ondernemings KKO's) wat aan 'n minder omvattende telkaart kan voldoen.

Hobson (2006) merk ook op dat landbou-ondernemings dikwels 'n eenvoudige ondernemingstruktuur het, waarin junior bestuurders direk aan die eienaar/bestuurder verantwoording doen en die oorgrote meerderheid van werknemers ongeskoolde arbeid verrig. Die verskillende bestuursvlakke (bv. senior bestuur, middelvlak bestuur, professionele persone ens.) wat in die generiese telkaart en wetgewing met betrekking tot gelyke indiensname aangedui word, is dus selde in landboubesighede teenwoordig, en selfs waar dit teenwoordig is, verteenwoordig dit nie noodwendig posisies met betekenisvolle inspraak in die bestuur van die onderneming nie.

Die sesde uitdaging wat deur Hobson geïdentifiseer word, hou ook verband met die omvang en winsgewendheid van landbouondernemings. Hobson argumenteer dat hierdie ondernemings dikwels groot kapitaaluitlegte verg, en nie oor die korttermyn goeie winste genereer nie. Dit is dus vir nuwe toetreders moeilik om bevredigende opbrengste op bv. die aankoop van duur landbougrond te genereer.

Hobson identifiseer laastens ook die koste van nakoming aan die SEB handves en telkaart as 'n potensiële probleem in die wynbedryf. Dit sluit weereens aan by die feit dat die handves en kodes eintlik meer geskik is vir groot besighede wat regshulp en raadgewende konsultante vir die strukturering van betekenisvolle, volhoubare SEB transaksies kan bekostig. Hobson is van mening dat klein landboubesighede nie hierdie kostes in hul begrotings sal kan regverdig nie.

Volgens die gedragskodes van die Departement van Handel en Nywerheid mag sektorale handveste van die doelwitte en gewigte wat in die algemene kodes aan verskillende SEB elemente toegeken word afwyk indien die afwyking gebaseer is op (i) gesonde ekonomiese beginsels, (ii) unieke eienskappe van die betrokke industrie of (iii) empiriese navorsing (Department of Trade and Industry, 2007:15). Die WCSC het gepoog om die unieke uitdagings van die industrie in die Wynbedryfhandves te reflekteer. Daar is dus in die finale Wynbedryfhandves wat deur die Wynraad aanvaar is 'n aantal wysigings in die SEB telkaart van die Departement van Handel en Nywerheid.

Soos in die algemene telkaart is daar sewe elemente in terme waarvan ondernemings se bydraes tot SEB geëvalueer sal word, insluitende: Eienaarskap, Beheer, Diensbillikheid, Vaardighedsontwikkeling, Voorkeuraankope, Ondernemingsontwikkeling en 'n Residuele

element. Die residuele element in die Wynbedryfhandves word die "landelike ontwikkeling en armoedeverligting" element genoem. Die sewe elemente dra ook in die telkaart vir groot ondernemings in die Wynbedryfhandves dieselfde gewigte as in die generiese telkaart van die Departement van Handel en Nywerheid.

Om die probleem van die beperkte grootte van landbou-ondernemings aan te spreek, is 'n alternatiewe telkaart vir KKO's aanvaar word, en 'n selfs meer beperkte vrywillige telkaart vir VKO's ontwikkel. KKO's kan volledige punte op die SEB telkaart verdien deur aan slegs vier van die sewe elemente van die generiese telkaart te voldoen. Die gekose vier elemente dra dan gelyke gewig in die berekening van die onderneming se SEB telling. Hierdie praktyk stem ooreen met dié in die Departement van Handel en Nywerheid se generiese telkaart. KKO's kan egter vir bonuspunte kwalifiseer deur aan meer elemente van die telkaart te voldoen. VKO's kwalifiseer outomaties vir volledige punte op die SEB telkaart. Omdat 'n groot aantal ondernemings in die wynbedryf as VKO's kwalifiseer en dus effektief van SEB aktiwiteite vrygestel word, is daar egter besluit om 'n derde telkaart vir VKO's te ontwikkel in terme waarvan VKO's hul SEB tellings kan verhoog. Daar word gehoop dat sodanige bevordering van vrywillige deelname aan SEB aktiwiteite die wynbedryf se rol in sosio-ekonomiese transformasie sal uitbrei.

Die telkaart vir VKO's bestaan uit slegs twee elemente van die generiese telkaart, naamlik: menslike hulpbronontwikkeling en landelike ontwikkeling en armoedeverligting (die residu element). Dié twee elemente dra dan elkeen 'n gewig van 50 uit 100 punte op die VKO telkaart. Die voorgestelde afsnyppunte vir VKO's en KKO's in die Wynbedryfhandves stem ooreen met die generiese kodes van die Departement van Handel en Nywerheid. 'n Onderneming met 'n omset van minder as R5 miljoen per jaar kwalifiseer dus as 'n VKO. 'n Onderneming met 'n omset van tussen R5 miljoen en R35 miljoen per jaar kwalifiseer as 'n KKO, terwyl ondernemings met 'n omset van meer as R35 miljoen per jaar se SEB telling in terme van al die elemente van die telkaart gemeet word.

Die uitdaging van grondhervorming in die gevestigde wynbedryf is aangespreek deur insentiewe vir grondhervormingsprogramme in die eienaarskap, vaardigheids-ontwikkeling en ondernemingsontwikkeling elemente van die telkaart. Insentiewe word gekoppel aan 'n komplekse stelsel bonuspunte en vermenigvuldigers. Dit kom egter basies daarop neer dat

die SEB status van 'n bepaalde onderneming aansienlik verhoog kan word indien dit: 'n verhoging in swart grondbesit bewerkstellig, en vaardigheidsontwikkelingsprogramme en programme vir ondernemingsontwikkeling ter ondersteuning van grondhervormingsprojekte aanpak.

Rolspelers in die industrie het hul verbintenis tot vaardigheidsontwikkeling bevestig deur die teiken vir leerlingskappe wat in die generiese telkaart gestel word te aanvaar. Die ontwikkeling van menslike hulpbronne is ook die fokus van die beperkte telkaart vir VKO's. In die "landelike ontwikkeling en armoedeverligting" element van die telkaart word daar ook spesifiek erkenning gegee aan programme wat daarop gemik is om basiese geletterdheid te verhoog. Bonuspunte kan ook deur KKO's verdien word vir die ondersteuning van grondhervormingsprojekte deur die oordrag van gespesialiseerde vaardighede in mentorskappeprogramme wat deur die relevante SETA geakkrediteer is (Wine Industry Council, 2007:19).

Gegewe die unieke uitdagings t.o.v. beheer in kleiner- en familiebesighede en die beperkte aantal poste in landbou-ondernemings wat werklik inspraak het t.o.v. bestuur, is daar besluit om in die telkaart vir KKO's slegs die deelname van swart rolspelers in die topbestuur van landboubesighede te oorweeg, en nie enige teikens ten opsigte van swart deelname aan die direksie van besighede te oorweeg nie. Die Wynbedryfhandves stem ook in hierdie opsig ooreen met die generiese kodes ten opsigte van KKO's van die Departement van Handel en Nywerheid.

In die lig van die omvang van die sosio-ekonomiese uitdagings in die industrie, is daar besluit om in die residuele element te fokus op landelike ontwikkeling en armoedeverligting. Die industrie het dit aanvanklik oorweeg om die gewig van hierdie element te verhoog (deur die gewig van die "beheer" element te verlaag). Aangesien die meerderheid van landbou-ondernemings waarskynlik aan die KKO of VKO telkaart sal moet voldoen - waarin die gekose vier elemente gelyke gewigte dra - is daar egter besluit om liefers by die toegekende gewigte in die generiese telkaart van die Departement van Handel en Nywerheid te hou. Daar word wel onderskeid getref tussen ondernemings waar werknemers op plase woon, en ondernemings waar werknemers nie op plase woon nie. By ondernemings waar daar werknemers op plase woon word daar erkenning gegee aan die verskaffing van kwaliteit

behuising, bydraes tot of die voorsiening van sport- en ontspanningsfasiliteite, voldoende beskikbaarheid van gesondheid- en welsynsdienste, beleggings in opvoeding (en spesifiek volwasse geletterdheidsprogramme), besoldiging wat aan die relevante arbeidswetgewing voldoen, die voorsiening van 'n veilige en gesonde leefomgewing en die implementering van programme vir omgewingsbewaring. Landbou-ondernemings waar daar geen inwonende werknemerskorps is nie se bydrae tot "landelike ontwikkeling en armoedeverligting" word gemeet aan hul bydraes tot kwalifiserende korporatiewe sosiale investering (as 'n persentasie van die omset van die onderneming).

Die wynbedryf het ook belangrike insette gelewer by die AgriSEB beraad in Pretoria aan die begin van 2006, en hul voorstelle t.o.v. bonuspunte vir deelname aan grondhervormingsprogramme is o.a. in nuwe weergawes van die AgriSEB telkaart geïnkorporeer.

Die laaste weergawe van die Wynbedryfhandves is in lyn gebring met die generiese kodes van die Departement van Handel en Nywerheid. Die laaste konsepweergawe van die AgriSEB handves wat teen Julie 2007 beskikbaar was, was egter steeds geformuleer in terme van die eerste konsepweergawe van die generiese kodes en sal dus weer aangepas moet word om dit in lyn te bring met finale weergawe van die generiese kodes wat in Februarie 2007 gepromulgeer is. Indien die Departement van Landbou egter goedkeuring kry om van die generiese kodes af te wyk (byvoorbeeld ten opsigte van die afsnytpunte vir VKO's en KKO's) sal die wynbedryf voor 'n belangrike keuse te staan kom - naamlik: om die gewysigde AgriSEB handves te aanvaar, of om belyn te bly met die generiese kodes en hulself sodoende by die Departement van Handel en Nywerheid te skaar. Die reaksies van die onderskeie departemente op so 'n geval, sal bepalend wees vir die status van sektorale handveste elders in die Suid-Afrikaanse ekonomie.

Die omskrywing wat hier van die ontwikkeling van die Wynbedryfhandves gegee word is sover moontlik 'n objektiewe voorstelling van die proses. Daar is egter deurentyd genoem dat 'n breë spektrum van belanghebbers op verskillende stadiums by die proses betrek is. Die uiteenlopende agtergronde en prioriteite van hierdie belanghebbers het die proses op 'n unieke wyse verryk. Die unieke agtergronde en prioriteite van belanghebbers het egter ook noodwendig impliseer dat die proses op verskillende maniere ervaar, en geïnterpreteer is.

Ten spyte van die feit dat daar voortdurend gepoog is om die belange van verskillende partye te balanseer, is daar ook noodwendig uiteenlopende reaksies t.o.v. die *uitkomst* van die proses.

Die persepsies van verskillende groeperinge het soms deur die optrede van deelnemers aan onderhandelingsprosesse na vore gekom. Interpretasies van en reaksies op beide die SAWB herstruktureringproses en die ontwikkeling van die Wynbedryfhandves is ook soms eksplisiet bespreek. In 'n poging om diverse ervarings van en reaksies op hierdie prosesse te peil, is daar 'n reeks onderhoude met sleutel belanghebbers in die industrie gevoer. Belangrike waarnemings wat in hierdie onderhoude, sowel as tydens spesifieke onderhandelingsgeleenthede gemaak is, word in afdeling 5 bespreek.

## **5. Persepsies van die transformasieprosesse in die wynbedryf**

Daar is in Afdeling 4 gepoog om die transformasieprosesse in die wynbedryf op 'n relatief objektiewe wyse te beskryf. In die teoretiese model wat in hoofstuk 3 beskryf is, word daar egter sterk klem geplaas op die subjektiewe persepsies van verskillende belanghebbers en die impak daarvan op hul optrede. Om die transformasieproses in die wynbedryf in terme van hierdie teorie te kon analiseer, moes daar dus 'n manier gevind word om (minstens elemente van) die persepsies van die betrokkenes te identifiseer en te omskryf.

Persepsies kan op een van twee maniere getoets word. Die eerste hiervan is om te aanvaar dat persepsies bepalend is vir individue en groepe se gedrag, en om dan deur die waarneming van die gedrag van hierdie individue en groepe bepaalde afleidings oor hul persepsies te maak. Die navorser het vir hierdie doel forumvergaderings oor die herstrukturering van die SAWB, taakgroep- en forumvergaderings van die Wynbedryfhandves Stuurkomitee sowel as die wynbedryf se konferensie oor sosiale uitdagings in die landbousektor bygewoon, en notas geneem oor die beleidstandpunte en algemene optrede van en interaksie tussen die rolspelers in die bedryf. Die tweede manier waarop persepsies getoets kan word, is om individue direk oor hul persepsies en interpretasies van en standpunte oor bepaalde kwessies uit te vra. Dít is gedoen in onderhoude met sleutel belanghebbers in die industrie waartydens individue op 'n informele basis oor hul persepsies rondom transformasieprosesse in die industrie uitgevra is. (Sien Bylae C vir 'n kort

opsomming van die werkwyse in die keuse van respondente, 'n lys van die persone met wie gesprekke gevoer is, en die organisasies wat hulle verteenwoordig.)

Inligting wat in hierdie twee prosesse versamel is, word in hierdie afdeling gebruik om die opinies en persepsies van rolspelers in die industrie ten opsigte van 'n aantal kern kwessies op te som.

### *Verteenwoordiging*

Die algemene aanvaarbaarheid van transformasieprosesse in die wynbedryf is in die verlede dikwels ondermyn deur 'n gebrek aan verteenwoordiging (soos in die geval van die gebrek aan konsultasie rondom die WIP en die veronderstelde onderverteenvoordiging van arbeids- en burgerlike organisasies in die SAWB). Persepsies rondom die inklusiwiteit van beide die SAWB herstruktureringproses en die onderhandelinge rondom die Wynbedryfhandves was daarom sentraal tot die aanvaarding van die legitimiteit van beide die prosesse en die uitkomst daarvan.

Beide prosesse het verteenwoordigers van primêre produsente, wynhandel, kelders, arbeid, opkomende produsente, burgerlike organisasies sowel as die plaaslike regering betrek. Burgerlike organisasies het verteenwoordigers vir die jeug, vroue en gestremde persone ingesluit (sien Bylaes A en B vir 'n volledige lys van organisasies wat by die twee prosesse betrokke was). Statutêre liggame wat spesifieke funksies namens die industrie verrig was ook in die herstruktureringproses verteenwoordig<sup>139</sup>.

Dit is veral gebrekkige deelname deur verteenwoordigers van arbeid, en spesifiek plaaswerkers, wat die geloofwaardigheid van verteenwoordigende strukture en strategiese onderhandelinge en beleidsprosesse in die wynbedryf in die verlede ondermyn het. Die insluiting van hierdie groepe in kollektiewe forums word bemoeilik deur die feit dat dat arbeid in die wynbedryf tradisioneel grootliks ongeorganiseerd is. Dit is egter belangrik om te let dat alle erkende arbeidsgroepe wat aanspraak maak op lidmaatskap binne die wynbedryf by

---

<sup>139</sup> Hierdie liggame sluit in: "Wines of South Africa" (WOSA), wat verantwoordelik is vir die generiese bemerking van Suid-Afrikaanse wyn; "Wine Industry Network of Expertise & Technology" Winetech, wat tegniese steun aan die industrie bied deur navorsing en ontwikkeling; "South African Wine Industry Information Systems" (SAWIS) wat verantwoordelik is vir die versameling en verspreiding van informasie in die industrie; en die "Industry Association for Responsible Alcohol Use" (ARA), wat verantwoordelike alkoholverbruik aanmoedig en navorsing doen oor alkohol-gerelateerde probleme.

onderhandelinge rondom die wynbedryfhandves en die herstrukturering van die SAWB betrek is. Daar was boonop in geeneen van die prosesse organisasies (hetsy in die vorm van arbeidsorganisasies of burgerlike groepe wat die belange van arbeid in die bedryf voorop stel) wat op verteenwoordiging aangedring het, wat toegang tot onderhandelinge geweier is nie. Daar is sover moontlik direk met alle belanghebbers oor die onderhandelinge gekommunikeer, en ook van die pers gebruik gemaak om organisasies uit te nooi om aan die prosesse deel te neem. Daar was ook 'n spesiale begroting vir reistoelae om te verseker dat geeneen van die belanghebbers uitgesluit word as gevolg van 'n gebrek aan fondse om by vergaderings uit te kom nie.

Verteenwoordigers van arbeid en drukgroepe wat hulle beywer vir die regte van plaaswerkers is ook tydens die werkwinkel rakende sosiale kwessies in die wynbedryf wat in Augustus 2007 deur SAWIC aangebied is betrek as sprekers en lede van verskillende besprekings-panele. Fatima Shabodien, van *Women on Farms*, het by hierdie geleentheid kwessies rakende verblyfreg en die werksomstandighede van plaaswerkers bespreek. Freddie Lindoor, 'n verteenwoordiger van die *Food and Allied Workers Union (FAWU)* was deel van die paneel wat arbeidskwessies in die bedryf bespreek het. Katishi Masemola, algemene sekretaris van FAWU, was deel van die paneel wat die werkwinkel afgesluit het met 'n bespreking oor die toekoms van sosiale kwessies in die bedryf. Ook Ruth Hall, navorser aan die Universiteit van die Wes-Kaap se Programme for Land and Agrarian Studies (PLAAS), het in haar bydrae oor grondhervormingskwessies in die bedryf spesifiek die behoeftes van plaaswerkers beklemtoon. 'n Verteenwoordiger van die Menseregtekommissie, Ashraf Mohammed, het ook tydens die bespreking oor verblyfreg en plaasuitsettings plaaswerkeraangeleenthede beklemtoon.

Belanghebbers in die industrie was oor die algemeen gelukkig dat die verteenwoordiging in die herstruktureringproses van die SAWB en die ontwikkeling van die Wynbedryfhandves 'n regverdigte refleksie van belanghebbers in die industrie was. 'n Gebrek aan inklusiwiteit is nie deur enige van die persone met wie daar gesels is of in die vergaderings wat bygewoon is geïdentifiseer as 'n kwessie wat die geloofwaardigheid en sukses van die Wynbedryfhandves of die nuwe industrieliggaam kan ondermyn nie.



Verteenwoordigers van opkomende boere het wel kommer uitgespreek dat die geografiese konsentrasie van deelnemers (met die meeste deelnemers wat uit die Kaapse wynstreke, en veral Stellenbosch en die Paarl, gekom het) aan die verskillende transformasieprosesse die implementering van die Wynbedryfhandves kan vertraag en moontlik steun vir die nuwe wynraad negatief kan beïnvloed.

#### *Die parallelle verloop van die prosesse*

Die herstruktureringproses van die SAWB en die onderhandelinge rondom die Wynbedryfhandves het parallel verloop met onderhandeling vanaf 2005 wat aan die einde van 2006 en die begin van 2007 in ooreenkomste gekulmineer het. Talle belanghebbers met wie gesprekke gevoer is het genoem dat die wynindustrie besonder "klein" is, en dat die meerderheid van individue dus (as verteenwoordigers van bepaalde groeperinge in die bedryf) by albei prosesse betrek is. In reaksie op vrae oor die invloed van hierdie parallelle verloop van die twee prosesse op die ooreenkomste wat uiteindelik bereik is, was belanghebbers dit eens dat die twee prosesse mekaar op verskeie maniere gevoed het. Daar word veral (deur rolspelers vanoor die totale spektrum) klem geplaas op die positiewe effek van die gereelde kontak en dialoog tussen verteenwoordigers in die industrie, en die feit dat die twee prosesse 'n geleentheid geword het vir rolspelers om mekaar ingelig te hou oor belangrike kwessies en sodoende begrip vir die uitdagings in die industrie bevorder het. Verskeie rolspelers het ook genoem dat die gereelde interaksie tussen verteenwoordigers hul verhoudings verbeter het, dat dit samewerking buite die betrokke forums bevorder het en dat die aandag wat daar in die herstruktureringproses aan kommunikasie en die verhoudings tussen deelnemers gegee is die onderhandelinge rondom die Wynbedryfhandves vergemaklik het.

Johan van Rooyen, voormalige uitvoerende bestuurder van die SAWB en sedert Julie 2007 ook uitvoerende bestuurder van die wynraad, argumenteer dat hoewel die parallelle verloop van die twee prosesse 'n positiewe wedersydse invloed gehad het, dit ook die risiko's verhoog het - aangesien 'n vertrouensbreuk in een van die twee prosesse sou beteken dat die totale transformasieprojek sou skipbreuk ly. 'n Verteenwoordiger van primêre produsente het genoem dat die herstruktureringproses onsekerheid geskep het rondom industrie spelers se "posisies" binne die industrie en dat dit moontlik 'n positiewe effek sou kon hê indien die herstruktureringproses eers afgehandel kon word, en verdere onderhandelinge dan vanaf 'n

meer stabiele basis kon geskied. Die druk op die industrie om sy verteenwoordigende struktuur te transformeer en om 'n gesamentlike handves vir die transformasie van die industrie te ontwikkel was egter besonder hoog - volgens Charles Erasmus, uitvoerende bestuurder van SAWIT, het die industrie 'n opdrag van die Minister van Landbou gehad om beide prosesse voor die einde van Februarie 2007 af te handel. Die parallelle verloop was dus onvermydelik, maar is nie oor die algemeen negatief deur belanghebbers in die industrie ervaar nie.

#### *Die fasiliteerder*

Daar is in Afdeling 4 genoem dat daar 'n persepsie bestaan het dat Gavin Pieterse 'n mandaat van die regering gehad het om as fasiliteerder vir beide die herstruktureringproses en die ontwikkeling van 'n Wynbedryfhandves op te tree. Hierdie politiese geloofwaardigheid sowel as sy ervaring met SEB (gegewe sy betrokkenheid by die SEB kommissie) en sy posisie as relatief objektiewe buitestaander het breë aanvaarding vir sy posisie as fasiliteerder gevestig. Verteenwoordigers van arbeid, burgerlike organisasies en beide gevestigde en opkomende produsente het telkens Pieterse se sogenaamde "politieke invloed" beklemtoon as basis vir sy aanvaarbaarheid as fasiliteerder. Die beklemtoning van Pieterse se politieke konneksies spruit heel moontlik uit die duidelike behoefte by belanghebbers in die wynbedryf om die bedryf se verhouding met die regering te verbeter.

Volgens 'n verteenwoordiger van gevestigde bedryf, het die sg. "industrie spelers" (waaronder: wynkelders, handel en statutêre liggame soos Winetech en SAWIS) op Pieterse staatgemaak om telkens die "ekonomiese logika"<sup>140</sup> van die industrie binne die verskillende forums op die tafel te plaas en daardeur die politieke en sosiale eise van arbeid- en burgerlike organisasies te temper. Hierdie organisasies het blykbaar ook op 'n informele basis met Pieterse geskakel om te verseker dat "ekonomiese kwessies" hoog op die agenda bly.

Die vernaamste kritiek op Pieterse se benadering tot die herstruktureringproses was dat hy sêlf te veel insette in besprekings gelewer het, eerder as om die dinamika van die gesprek spontaan te laat ontwikkel en deelnemers toe te laat om hul eie gevolgtrekkings te maak en

---

<sup>140</sup> Volgens die beskrywings van verskillende rolspelers behels hierdie "ekonomiese logika" primêr die behoefte aan ekonomiese winsgewendheid en internasionale mededingendheid en die "voorvereistes" vir sodanige mededingendheid en winsgewendheid (waaronder: doeltreffende bestuur en effektiewe navorsing bemarking).

besluite te neem. Die persepsie bestaan dat Pieterse 'n bepaalde eindproduk vir die herstruktureringproses in gedagte gehad het en die proses tot 'n mate gemanipuleer het om hierdie uitkoms te bewerkstellig. Rolspelers argumenteer daarom dat die ekstensiewe aandag wat gegee is aan die uitbou van begrip en verbetering van verhoudings tussen die verskillende belanghebbers "onnodig tydrowend" was, aangesien daar uiteindelik nie werklik van hulle verwag is om gesamentlike oplossings vir die industrie te formuleer nie. Daar was gevolglik vrese dat rolspelers bloot aan die forum moes deelneem om 'n rubberstempel te plaas op 'n struktuur wat deur die fasiliteerder ontwikkel is.

Een van die persone met wie daar gesels is het ook genoem dat dit moontlik 'n positiewe inpak kon hê as verskillende fasiliteerders vir die twee prosesse gebruik is, en "nuwe idees" sodoende tot die onderhandelings toegevoeg kon word. Die meerderheidsposisie was egter dat Pieterse se teenwoordigheid in beide prosesse kontinuïteit gevestig het wat nie andersins sou moontlik wees nie.

Daar was ook besonder baie positiewe terugvoer oor die fasiliteerder wat in belanghebbers se kommentaar op die aard van die verskillende prosesse na vore gekom het.

#### *Kommentaar op die aard van die prosesse*

Die meerderheidsposisie oor die aard van die twee transformasieprosesse was dat dit effektief bestuur is. Volgens Jos le Roux (uitvoerende direkteur van die produsente-organisasie VinPro) sou "'n wedersyds aanvaarbare eindresultaat nie op 'n ander manier moontlik gewees het nie" en was "dialog [waaraan Pieterse pertinent aandag gegee het] 'n onmisbare deel van die proses om aanvaarding vir die uitkomste te kweek".

Belanghebbers is direk uitgevra oor hul indrukke van Pieterse se benadering tot die herstruktureringproses en spesifiek die aandag wat daar gegee is aan die bou van verhoudings tussen verskillende groeperinge in die bedryf. Beide die gevestigde industrie en verteenwoordigers van opkomende boere argumenteer dat die "uitstel" van die gesprek oor netelige kwessies in die bedryf om eers 'n vertrouensverhouding tussen deelnemers aan die herstruktureringproses te bou die "moeilike gesprek" oor onderwerpe soos die befondsing van die bedryfsliggame en die mees gepaste "huis" vir ontwikkeling- en opleidingskwessies vergemaklik het. Daar word ook geargumenteer dat die basis vir konstruktiewe kommunikasie

wat in die herstruktureringproses gelê is kritieke gesprekke (bv. dié oor grondhervorming en die afsny punte vir VKO's en KKO's) oor die Wynbedryfhandves positief beïnvloed het.

Dit is interessant om te let dat die potensieel plofbare gesprekke oor transformasie in die industrie in die benadering van die Wynbedryfhandves Stuurkomitee ontlont is deur die handves op 'n uiters tegnokratiese wyse te ontwikkel. Soos reeds genoem was verskillende taakspanne daarvoor verantwoordelik om elke element van die generiese telkaart te ondersoek, relevante industrie-inligting te oorweeg en voorstelle te maak ten opsigte van die wenslikheid van afwykings van die generiese telkaart al dan nie. Die sameroepers van die verskillende taakspanne moes terugvoer aan die forum gee. Hierdie gesprekke was egter hoogs gestruktureerd met rolspelers wat weinig tyd gegun is om op die bevindinge van spesifieke taakspanne te reageer. Die verskillende konsepweergawes van die handves is boonop opgestel deur 'n "tegniese taakspan", wat lede van die SAWB bestuur en 'n aantal akademici ingesluit het, wat by forumvergaderings opsommenderwys aan belanghebbers in die industrie verslag gedoen het. Volgens 'n waarnemer wat jare reeds by ontwikkelingsprosesse in die wynbedryf betrokke is, word gesprekke dikwels doelbewus op 'n tegniese vlak gehou om dit sodoende vir minder ervare deelnemers of deelnemers wie se kundigheid elders lê moeilik te maak om op 'n sinvolle wyse aan belangrike besluitnemingsprosesse deel te neem. Dit wil voorkom asof hierdie "tegniek" ook deur die fasiliteerder ingespan is om verskillende konsepweergawes van die Wynbedryfhandves deur die forum goedgekeur te kry. Volgens 'n verteenwoordiger van opkomende produsente het die "positiewe momentum" wat in die herstruktureringproses gegenereer is egter "voldoende goedgesindheid" gevestig vir belanghebbers om die voorstelle van die tegniese taakspan in goedertrou te aanvaar.

Etlike deelnemers het genoem dat dit belangrik was vir die voltooiing van die herstruktureringproses en die geloofwaardigheid van die implementering van besluite wat in hierdie proses geneem is dat die SAWB uiteindelik weer eienaarskap van Pieterse se verslag geneem het en die implementering daarvan intern gedryf het. Hierdie stap het deelnemers met die persepsie gelaat dat die industrie nou in 'n posisie was om sy eie uitdagings in die gesig te staar en om deur die daadwerklike implementering van die voorgestelde herstruktureringproses hul verbintenis tot die transformasie van die bedryf getoon het.

Twee belangrike punte van kritiek is teen die proses uitgespreek. Die eerste hiervan hou verband met die gebrek aan direkte konsultasie met persone wat deur die nuwe struktuur van die bedryf geraak sou word. In terme van hierdie kritiek sal die gebrek aan direkte konsultasie en terugvoer oor transformasieprosesse aan voetsoolvlak deelnemers aan die industrie die implementering van uiteindelijke besluite bemoeilik. Leiersfigure in die bedryf is egter van mening dat 'n "kritiese masse" of sogenaamde "leiers-koalisie" wat "weet waarheen die bedryf op pad is" suksesvol gevestig is, en dat implementering ook uiteindelik deur hierdie figure gedryf sou word. Daar is boonop in die loop van die proses op die leierskorps van die bedryf staatgemaak om gereelde terugvoersessies met hul onderskeie ondersteuningsbasisse te hê. Die tweede belangrike punt van kritiek wat teen die proses geopper is, is dat daar nie genoegsame geleentheid gegun is vir die verskillende bedryfsorganisasies om hul funksies en funksionering aan ander bedryfspelers te verduidelik nie. Die gevolg was dat daar ten spyte van die gereelde kontak tussen deelnemers steeds geweldige wanpersepsies bestaan het oor watter bydrae verskillende organisasies tot die industrie maak en veral oor hoe befondsing in die bedryf vloei.

Selfs individue wat aan die tegniese kant van die bedryf is, wat besonder krities is oor die hoeveelheid tyd wat daaraan afgestaan is om positiewe verhoudings aan te moedig en skepties is oor die volhoubaarheid en relevansie van beide die handves en die nuwe wynraad gee egter toe dat "daar nie eintlik 'n ander manier was om die proses te bestuur nie". Verskeie opinie-leiers in die industrie het ook genoem dat (in die geval van die ontwikkeling van die Wynbedryfhandves sowel as die herstrukturering van die SAWB) die "proses meer belangrik as die uitkoms" was, en plaas klem op die feit dat die transformasieproses net soveel 'n "oefening in menslike verhoudings" as strategiese onderhandelinge rondom die toekoms van die industrie was.

#### *"Ekonomiese logika" vs. die behoefte aan transformasie*

'n Belangrike veronderstelde skeidslyn wat duidelik in die optrede van deelnemers aan twee prosesse waargeneem kon word en wat ook in die response van persone met wie gesprekke gevoer is duidelik geword het, is die verdeling tussen diegene wat die ekonomiese volhoubaarheid van die bedryf voorop stel en dié wat groter klem plaas op sosiale volhoubaarheid en die sosiale ontwikkeling van deelnemers aan die bedryf.

Lede van die sogenaamde "gevestigde industrie", wat hoofsaaklik wit rolspelers insluit, beklemtoon voortdurend hul "pragmatiese" benadering en argumenteer dat die verteenwoordigende liggaam van die industrie primêr daarop behoort te fokus om die industrie meer "kompeteerd" te maak. Daar word onder andere verwys na die behoefte aan 'n "praktiese benadering" tot transformasie wat nie die "ekonomiese realiteite" ontken nie en dus "ontwikkelings-, sosiale- en transformasiebehoeftes in balans bring met die bedryf se vereistes ten opsigte van besigheid". Waar hierdie groep die doeltreffendheid van die wynraad of die volhoubaarheid van die projek van swart ekonomiese bemagtiging betwyfel, is dit ook telkens met verwysing na 'n veronderstelde beperkte kapasiteit van die raad en die Wynbedryfhandves om die sukses van die industrie op "besigheidsvlak" te bevorder - m.a.w. om die mededingendheid en winsgewendheid van die industrie positief te beïnvloed. Die veronderstelde verwydering tussen hierdie groepering en ander belanghebbers is ook duidelik in die stelling van 'n produsent-verteenwoordiger dat daar baie uiteenlopende denkrigtings tussen "besigheid" en "die res van die industrie" is. Dit is belangrik om te let dat menslike hulpbronne telkens deur hierdie groep genoem word as 'n bepalende faktor in die sukses van die bedryf. Daar word klem geplaas op vaardigheidsuitdagings en die behoefte aan 'n daadwerklike strategie om vaardigheidstekorte aan te spreek en ook om swart toetreders deur opleiding deeglik voor te berei vir ekonomiese deelname aan die industrie.

Die verteenwoordigers van nuwe toetreders tot die industrie, arbeid en die burgerlike samelewing (hoofsaaklik swart deelnemers) plaas op hul beurt klem op die belangrikheid en dringendheid van 'n industriewye strategie om die sosiale- en ontwikkelingsuitdagings in die industrie aan te spreek. Sentraal tot hierdie konseptualisering van die uitdagings in die bedryf, is die behoefte aan meer geredelike toegang vir swart Suid-Afrikaners tot deelname aan en eienaarskap in die bedryf en die verbetering van die lewensomstandighede van kwesbare groepe wat by die bedryf betrokke is (en spesifiek die lot van plaaswerkers). Met betrekking tot die toegang tot die industrie verwys arbeidsverteenwoordigers ook na die belangrike van die ontwikkeling van die vaardighede van swart deelnemers om hulle in staat te stel om op 'n regverdigte basis in die industrie te kompeteer. Ander kwessies waarna daar dikwels verwys word sluit in die verblyfreg van plaaswerkers en die kwaliteit van plaaswerker-behuising, die nakoming van arbeidsregulasies en sosiale probleme soos alkoholisme (en die fetale alkohol sindroom wat dikwels daarmee gepaard gaan) en die mishandeling van vroue en kinders. Volgens 'n verteenwoordiger van 'n burgerlike organisasies was die sosiale kwessies wat

deur arbeids- en burgerlike organisasies na die tafel gebring word in vorige strategiese prosesse in die bedryf (waaronder: die ontwikkeling van Visie2020 en die WIP) hoogstens periferiaal, en is dit noodsaaklik dat hierdie kwessies nou 'n "plek" in die strategieë en strukture van die bedryf moet vind vanwaar dit doeltreffend aangespreek kan word.

Hierdie konseptualisering van die uitdagings in die bedryf word op twee maniere deur die gevestigde industrie ontvang. Aan die een kant erken die wit verteenwoordigers van primêre produsente, die handel, wynkelders of funksie-spesifieke statutêre liggame sonder uitsondering dat "verandering" in die industrie noodsaaklik is, en verwys hierin ook spesifiek na die behoefte aan 'n meer inklusiewe industrie en die formulering van 'n gepaste respons op die swak lewensomstandighede van kwesbare groepe omdat dit "die regte ding is om te doen". Besprekings van die huidige eksklusiewe samestelling van die bedryf en die sosiale onderontwikkeling van sekere groepe (bv. plaaswerkers) wys egter implisiet 'n beskuldigende vinger na die gevestigde industrie as die begunstigdes van die voormalige onregverdigde bestel en die uitbuiters van kwesbare groepe. Verteenwoordigers van die gevestigde industrie is daarom nie altyd gemaklik met besprekings rondom "die veranderinge" wat moet plaasvind nie, en verkies dikwels om hulself (hoofsaaklik nie-amptelik en deur beperkte deelname) van hierdie tipe gesprekke te onttrek. Hierdie "stilte" van wit deelnemers in sensitiewe gesprekke in die transformasieproses wek onsekerheid by ander rasgroepe oor hul standpunte ten opsigte van hierdie kwessies. 'n Bruin deelnemer wat direk oor hierdie "stilte" van wit deelnemers uitgevra is, het egter genoem dat dit waarskynlik 'n "funksie is van die persoonlikhede van die individue" wat by proses betrokke is, en dat dit nie noodwendig geïnterpreteer moet word as 'n onwilligheid om deel te neem nie. Wit individue wat hieroor uitgevra is, het op hul beurt klem geplaas op hul "bereidwilligheid om te luister" wanneer daar oor sosiale kwessies gepraat word. Toe besware teen die gebrekkige deelname van wit deelnemers in die forum van die herstruktureringproses geopper is, het 'n verteenwoordiger van die gevestigde industrie opgemerk dat "hy nog nooit iets geleer het terwyl hy self aan die woord was nie" - wat ook dui op 'n behoefte om 'n begrip vir die behoeftes en belange van swart belanghebbers in die industrie te ontwikkel.

Daar is vroeër genoem dat tegniese gesprekke soms gebruik word om minder ervare rolspelers van gesprekke uit te sluit. Dit kom egter voor (en word ook deur sommige rolspelers so ervaar) dat forumgesprekke telkens na hierdie sosiale sfeer teruggebring word

juis omdat dit persone wat tradisioneel magsposisies in die industrie beklee het, op grond van die morele onverdedigbaarheid van die historiese stand van sake in die bedryf, tydens belangrike onderhandelinge op die agtervoet plaas. 'n Verteenwoordiger van die primêre produsente het byvoorbeeld opgemerk dat hy in hierdie gesprekke ontmagtig voel omdat dit "moeilik is om teen die 'struggle' retoriek te stry".

Die reaksies op 'n vraag oor die verskuivende alliansies tussen die verskillende groeperinge in die industrie het daarop gedui dat die meerderheid van rolspelers hierdie skeiding tussen groeperinge wat transformasie en sosiale ontwikkeling ten doel het, en diegene wat primêr op ekonomiese oorwegings fokus, ervaar het en dat hierdie onderskeid tussen die verskillende groepe uiteindelik ook die kern was waarrondom alliansies tydens die onderhandelingsprosesse gestruktureer is. Volgens verteenwoordigers van VinPro, Wynkelders Suid-Afrika, die "South African Liquor Brandowners' Association" (SALBA) (en tot 'n mindere mate ook tegniese liggame soos Winetech en SAWIS) het hierdie organisasies byvoorbeeld in die verlede nie gereeld ontmoet en saamgewerk om gedeelde doelwitte te bereik nie, en was daar in der waarheid dikwels struwelinge tussen hierdie organisasies namate elkeen gepoog het om die belange van sy lede te beskerm. In die transformasieprosesse in die bedryf het hierdie organisasies egter saamgegroepeer om (in hul eie woorde) die "ekonomiese belange van die bedryf" te beskerm. Die ekonomiese belang van produsente was ook die basis vir 'n verbetering in die verhouding tussen wit produsente-organisasies en NAFU (wat swart produsente te verteenwoordig). Aan die ander kant van die spektrum het NAFU en BAWSI ook in die verlede 'n antagonistiese verhouding gehad as gevolg van onsekerhede rondom die onderskeie funksies van die twee organisasies (as verteenwoordigers van swart belange in die industrie) en rondom hul mandaat om namens bepaalde groepe in die bedryf "te praat" of "te onderhandel". Die gedeelde behoefte aan transformasie en sosiale ontwikkeling in die industrie het hierdie organisasies egter in die transformasieprosesse nader aan mekaar laat beweeg. Volgens die leierskap van NAFU het die herstruktureringproses en die totstandkoming van WIDA (waarin NAFU en BAWSI met RUDNET saamwerk om ontwikkeling en transformasie in die industrie te dryf) hul organisasie gedwing om deur direkte gesprekke met BAWSI die verskillende organisasies se rol in die bedryf duidelik te definieer. NAFU meen tans dat hulle ten doel het om die "ekonomiese belange" van swart deelnemers in die bedryf te beskerm, terwyl BAWSI 'n sterker fokus op



die "sosiale belange" van kwesbare groepe het. Beide organisasies sien egter steeds opleiding as 'n belangrike deel van hul mandaat.

### *Die belangrikste geskilpunte*

Dit was telkens in onderhandelinge oor die herstrukturering van die SAWB sowel as die Wynbedryfhandves opvallend dat daar in der waarheid min kwessies is waarvoor verskillende rolspelers lynreg verskil. Die vernaamste brandpunte waarrondom debatte gesentreer was, en wat in die gesprekke met deelnemers as geskilpunte geïdentifiseer is, word hier opgesom.

In die verlede was die kwessie van verteenwoordiging en inklusiwiteit 'n belangrike bron van onenigheid. Daar was veral onder die verteenwoordigers van arbeid, nuwe toetreders en burgerlike groepe besware dat hulle uit onderhandelinge en besluitnemingsprosesse in die industrie gesluit word, en dus implisiet nie erken word as verteenwoordigers van belangrike belanghebbers in die bedryf nie. Soos hierbo genoem, is daar egter in die onlangse twee transformasieprosesse pertinent aan die kwessie van inklusiwiteit aandag gegee, en is verteenwoordigers van 'n wye reeks groeperinge toegelaat om die behoeftes en belange van hul lede te artikuleer.

Die probleme rakende verteenwoordiging heg egter weer na vore gekom in die debat rondom die "plek" van sosiale aangeleenthede in die verteenwoordigende struktuur van die industrie en in besprekings rondom die liggaam wat namens die industrie verantwoordelikheid sal aanvaar vir die monitering van die implementering van die Wynbedryfhandves (en spesifiek die sosiale kwessies in die handves bv. opleiding, armoedeverligting en die ontwikkeling van landelike gemeenskappe). In die herstruktureringsproses het die vraag ontstaan of sosiale kwessies deur 'n afsonderlike liggaam of "kamer" in die bedryf hanteer behoort te word, en of dit op 'n gedesentraliseerde wyse binne elke afsonderlike eenheid/kamer in die industrie-liggaam verteenwoordig moet word.

Twee standpunte is in die debat oor hierdie aangeleenthede ingeneem. Aan die een kant is daar geargumenteer dat sosiale kwessies verlore sal gaan indien dit nie spesifiek in 'n afsonderlike kamer aangespreek word nie. Aan die ander kant was belanghebbers egter van mening dat sosiale aangeleenthede, en spesifiek die behoefte aan transformasie, relevant is tot elke sfeer van die bedryf en dus verteenwoordiging in elke kamer van die bedryf behoort

te hê. Daar is met verwysing na die tweede standpunt veral deur die verteenwoordigers van arbeid, opkomende produsente en burgerlike groepe geargumenteer dat statutêre liggame, by wie 'n groot deel van die fondse in die industrie wat deur heffings ingesamel word gesetel is, ook meer verteenwoordigend van die sektor as geheel moet word en dat die "lelie blanke" samestelling van hierdie liggame verander moet word.

In die gesprek rondom die inklusiwiteit van statutêre liggame het die onderskeid tussen diegene wat 'n sogenaamde "ekonomiese logika" volg en dié wat sosiale kwessies voorop stel weereens duidelik geword. Die gevestigde industrie het geargumenteer dat diegene wat die verskillende organisasies deur heffings befonds verteenwoordiging in die bestuur van die betrokke organisasie het, en dat transformasie dus op 'n natuurlike wyse sal plaasvind namate swart persone 'n ekonomiese bydra tot die industrie begin maak. Die teenargument was dat arbeiders en sosiale groepe dit op 'n indirekte wyse vir gevestigde spelers *moontlik* maak om 'n ekonomiese bydrae tot die industrie te maak, en dat hulle gevolglik verteenwoordiging binne hierdie strukture verdien, en dat verteenwoordigers van opkomende produsente juis in hierdie strukture betrokke moet raak om swart deelname aan die industrie te *bevorder* (met die implisiete argument dat die huidige wit leierskap van die statutêre liggame nie die transformasiebehoefte van die industrie effektief aanspreek nie).

Hierdie geskilpunt is uiteindelik besleg deur 'n afsonderlike kamer vir sosiale ontwikkeling en transformasie te vestig, maar ook in die gronddokument van die wynraad aan te dui dat daar van ander organisasies wat deelnemers binne die wynraad is (insluitende WOSA, Winetech en SAWIS, wat statutêre funksies vervul) verwag sal word om strategieë vir die transformasie van die spesifieke organisasie te ontwikkel wat deur die wynraad forum (waar alle belanghebbers verteenwoordig is) en die direksie van die wynraad (wat ook verteenwoordigers van arbeid en burgerlike groepe insluit) goedgekeur moet word. Die selfs meer inklusiewe wynraadforum word boonop in die Wynbedryfhandves (as padkaart vir die transformasie van die bedryf as geheel) geïdentifiseer as 'n waghond vir die implementering van die handves.

Die bogenoemde strukturele verhouding tussen verskillende liggame in die bedryf het ook 'n ander vlak van spanning tussen deelnemers aan die herstruktureringproses aangespreek, naamlik dié tussen persone wat radikale verandering in die industrie wou sien en dié wat klem

geplaas het op die feit dat bestaande strukture wat effektief funksioneer benut moet word. Geen bestaande organisasies of strukture in die bedryf (buiten die vorige samestelling van die SAWB) is egter in die herstruktureringsproses ontbind nie, en daar is liefs gefokus op maniere waarop die bestaande organisasies die gesamentlike doelwitte van die industrie kan dien. Dit is egter belangrik om te let dat hoewel spesifieke organisasies tans funksioneer as bedryfskamers van die nuwe wynraad (bv. WOSA, SAWIS en Winetech) is die kamers meer generies omskryf, en word daar ruimte gelaat dat ander organisasies moontlik na vore kan tree wat hierdie rolle kan oorneem of aanvul. Dieselfde geld vir die rol van NAFU, RUDNET en BAWSI binne WIDA.

Gesprekke rondom die "agentskappe" wat bepaalde funksies namens die wynraad sou uitvoer was besonder sensitief. Soos Gavin Pieterse tereg opgemerk het, het die identifisering van 'n bepaalde organisasie as 'n "diensverskaffer" wat strategiese funksies namens die industrie kan uitvoer nie bloot erkenning gegee aan die historiese rol van organisasies nie, maar ook implisiet hierdie organisasies se mandaat van hul lede erken en bevestig dat die "saak" ("cause") waarvoor spesifieke organisasies hulself beywer vir die industrie van belang is<sup>141</sup>. Om 'n situasie te vermy waarin nuwe organisasies wat in die bedryf aktief raak die legitimiteit van die wynraad kan bedreig (soos wat voor die herstruktureringsproses met die SAWB gebeur het) is daar egter by generiese beskrywings van die verskillende kamers gehou, en is spesifieke organisasies bloot as huidige diensverskaffers benoem. Daar word ook in die wynraadforum voorsiening gemaak vir die toetrede van nuwe lede wat deur die forum as legitieme verteenwoordigers van 'n belangegroep in die industrie aanvaar word.

'n Verdere kritieke kwessie wat in onderhandelinge rondom die Wynbedryfhandves en in die herstruktureringsproses aan die lig gekom het, was die beskerming van die kompetendheid van die "bestaande industrie" te midde van daadwerklike pogings om swart deelname in die industrie aan te moedig en die sosiale verantwoordelikheid van die industrie te verbeter. Gavin Pieterse het in die herstruktureringsproses hierdie vraagstuk beskryf as die "integrering van die eerste en die tweede ekonomie" in die wynbedryf, en het daarop gewys dat 'n meritokrasie wat "sterk spelers" bevoordeel nie daartoe in staat is om transformasie te bewerkstellig nie. Die gevestigde industrie het egter geargumenteer dat bevordering van die

---

<sup>141</sup> Daar sal later in hierdie afdeling weer na hierdie "erkenning" verwys word, wanneer daar gepraat word oor die statusimplikasies van die transformasieprosesse.

ekonomiese sukses van die industrie beide gevestigde spelers en nuwe toetreders sou bevoordeel. Dit is dus volgens hierdie groep nie nodig om in die samestelling van die bedryfskamers van die wynraad te onderskei tussen "besigheid" en "swart besigheid" of die besighedsbehoefte van voorheen benadeelde groepe nie.

Op aandrang van die swart deelnemers aan die proses, is "ontluikende boere en landbou" as 'n afsonderlike belanghebbende met verteenwoordiging in die wynraad behou, en word die bevordering van toeganklikheid en gelykheid in die wynbedryf in die visie van die wynraad gereflekteer. Die "pro-aktiewe opheffing en bemagtiging van voorheen benadeelde persone" is ook in die doelwitte van die wynraad ingesluit.

Die industrie as geheel is baie bewus van die behoefte aan 'n positiewe verhouding met die regering van die dag - veral gegewe die feit dat besighede in die industrie op lisensies van die regering staatmaak, dat daar spesifieke belasting op die produkte van die bedryf gehef word en dat die handelsbeleid van die regering (o.a. ten opsigte van invoertariewe) die plaaslike en internasionale mededingendheid van die bedryf direk raak. Verskillende opinies oor die wyse waarop die staat se rol in die bedryf in strukture gereflekteer moet word is in beide die onderhandelinge rondom die Wynbedryfhandves en in die herstruktureringproses ter tafel gelê. Aan die een kant is daar geargumenteer dat die regering 'n belangrike rolspeler is en dus in die verteenwoordigende liggaam van die bedryf verteenwoordig moet word. Die ander standpunt was dat die regering bepalend is vir die *omgewing* waarbinne die industrie funksioneer, maar nie direkte inspraak in die bedryf behoort te hê nie. Die tweede standpunt is uiteindelik gereflekteer in die gronddokument van die wynraad, waarin die regering en die landbou bemarkingsraad (wat verantwoordelik is vir die implementering van die Landbou Bemarkingswet in terme waarvan heffings in die industrie gereguleer word) as strategiese vennote geïdentifiseer word. Daar word genoem dat regeringsinstellings (insluitende plaaslike owerhede en munisipaliteite) nie direkte verteenwoordiging in die bedryf sal hê nie, maar liefst op 'n *ad hoc* basis genader sal word vir bystand in relevante projekte of besluite.

Volgens Johan van Rooyen is dit belangrik om te let dat daar nie in die herstruktureringproses of in die onderhandelinge rondom die Wynbedryfhandves enige besluite geneem is waarvoor daar nie konsensus bereik is nie. Daar is ook nooit oor enige

kwessies gestem nie, hoewel deelnemers soms vir breuke gevra het om oor spesifieke kwessies te kookus.

#### *Die artikulering van persepsies en die bevordering van begrip*

Daar is vroeër (afdeling 4.3) genoem dat daar in die herstruktureringproses van die SAWB baie aandag gegee is aan die verbetering van die verhouding tussen die belanghebbers in die bedryf deur deelnemers aan die proses aan te moedig om hul persepsies van mekaar en van die uitdagings in die bedryf te artikuleer en met mekaar te bespreek. Daar is ook verwys na die feit dat die verbetering in die verhoudings tussen verskillende belanghebbers en die goedgesindheid wat in hierdie proses gegenereer is die onderhandelinge rondom die Wynbedryfhandves aansienlik vergemaklik het. Volgens Gavin Pieterse was die doel van hierdie proses om "'n leierskap te skep wat op 'n persoonlike vlak volwasse kan omgaan met die emosies rondom individuele en kollektiewe herinneringe" in die bedryf en om 'n gesonde basis vir strategiese samewerking in die industrie te vestig. Deelnemers is aangemoedig om hul vooropgestelde idees oor mekaar en feite wat hulle as vanselfsprekend aanvaar in die forum te "toets" en ook om aan die forum te probeer verduidelik waar hul posisies oor bepaalde kwessies vandaan kom - byvoorbeeld deur staaltjies uit hul verlede te vertel wat beskryf hoe 'n bepaalde persepsie of siening gevestig is. Pieterse verwys na hierdie proses as "reinigend" en "'n geleentheid om oor kontroversiële kwessies stoom af te blaas". Hy het egter ook voortdurend in die gesprekke klem gelê op die feit dat die uiteindelik doel van hierdie proses is om 'n verbetering in die verhoudings tussen industrie spelers te bewerkstellig wat gebruik kan word om "iets te bou". Sekere van die persepsies wat deur rolspelers geartikuleer is sluit in: die persepsie dat die verteenwoordigers van arbeid "moeilik" is, en "probeer om altyd teen alle koste te wen; die persepsie dat burgerlike groepe "ongeorganiseerd" is en "ongegronde aansprake" maak wat konflik veroorsaak; en die persepsie dat produsente "koppig is", "weier om van hul posisies af te wyk" en "met hul koppe maar nie met harte" aan prosesse deelneem. Die groepe onder bespreking het telkens die geleentheid gekry om op stellings te reageer.

Die gesprek oor die wedersydse persepsies wat verskillende groeperinge van mekaar koester is op 'n spits gedryf toe 'n arbeidsverteenwoordiger in die forum opgestaan het en verklaar het dat hy "wit mense nie kan verdra nie". In reaksie hierop het 'n boer wat jare reeds in die bedryf betrokke is en in sy individuele hoedanigheid aan die proses deelgeneem het

opgestaan en gesê "hy's sommer lus en slaan" die persoon wat dit gesê het, omdat dit so 'n negatiewe stelling is en soveel implisiete negatiewe aannames oor wit persone reflekteer. Selfs hierdie gesprek is egter volgens ander deelnemers "in 'n goeie gees" hanteer, en deur humor ontloft. Dit het boonop die ys gebreek, en verdere besprekings rondom rasverwante kwessies makliker gemaak.

Rolspelers verwys skertsend na hierdie deel van die proses as die "waarheids- en versoeningsgesprek" en was oor die algemeen redelik positief oor die impak wat dit op hul onderlinge verhoudings gehad het. Verteenwoordigers vanoor die spektrum het genoem dat die gereelde interaksie en die verhouding wat tussen deelnemers gebou is hulle buite die forum die vrymoedigheid gee om mekaar oor kwessies van gemeenskaplike belang te nader. 'n Verteenwoordiger van opkomende produsente het byvoorbeeld genoem dat hy nou "gemaklik voel om die foon op te tel" om met leiers van gevestigde organisasies te praat. Een van die deelnemers het gesê die "grense van andersheid [is] oorbrug" en dat rolspelers mekaar byvoorbeeld nou op hul voorname aanspreek - in teenstelling met die formele aanspreekvorme wat aanvanklik gebruik is.

Die deelnemers aan die proses is in die gesprekke wat gevoer is direk uitgevra oor verskuiwings in hul eie persepsies, en dié van ander, in die verloop van die proses. Die antwoorde op hierdie vraag het weereens dikwels verband gehou met die skeidslyn tussen diegene wat voel dat hulle 'n "ekonomiese logika" volg en die met 'n sterker fokus op transformasie en sosiale kwessies. Verteenwoordigers van arbeid-, opkomende produsente en burgerlike organisasies wat redelik nuut is in die bedryf het sonder uitsondering genoem dat die proses by hulle 'n verdiepte begrip gevestig het van die ekonomiese uitdagings in die industrie. 'n Verteenwoordiger van nuwe toetreders tot die industrie het byvoorbeeld opgemerk dat hy nou besef dat "landbou besighede eintlik swaarkry", en dat sy organisasie gevolglik hul verwagtinge en eise van wat in die bedryf moet gebeur getemper het. Lede van die gevestigde industrie noem ook telkens dat hulle voel nuwe toetreders begin nou om te verstaan waar die fondse in die bedryf vandaan kom (o.a. ten opsigte van die vloei van fondse wat deur heffings ingesamel word), en dat dit hopelik in die toekoms sal beteken dat dispuete rondom befondsing vir bepaalde projekte makliker opgelos sal kan word.

Die verteenwoordigers van arbeid, opkomende boere en burgerlike groepe noem ook telkens dat hulle voel die proses het die gevestigde industrie se begrip vir die transformasiebehoeftes en sosiale uitdagings in die industrie verbeter. 'n Verteenwoordiger van arbeiders en burgerlike groepe het byvoorbeeld genoem dat die gevestigde industrie nou begin verstaan dat die ontwikkeling van menslike hulpbronne en die verbetering van die lewensomstandighede van kwesbare groepe in die industrie deel vorm van die transformasie van die industrie.

'n Interessante tendens wat in die gesprekke met verskillende belanghebbers na vore gekom het, was dat verteenwoordigers van die gevestigde industrie minder geneig was om te erken dat hulle iets uit die transformasieprosesse geleer het of om aan te dui dat hul persepsies van ander groepe in die industrie noemenswaardig verander het. 'n Verteenwoordiger van primêre produsente het byvoorbeeld gesê dat hy "eintlik vooraf geweet het wat mense se standpunte gaan wees". Ander het ook geargumenteer dat hulle lank reeds met persone of groepe uit ander agtergronde kontak het, dat hulle selfs in die afwesigheid van die formele transformasieprosesse in die bedryf die behoefte aan transformasie besef het en probeer het om meganismes in plek te stel om dit te bevorder en dat hul opinies oor ander rolspelers en die aard van die uitdagings in die bedryf dus nie op 'n noemenswaardige wyse deur die proses beïnvloed is nie.

Nuwe toetreders het hierteenoor meer dikwels klem gelê op die verskuiwing in hul eie persepsies en standpunte oor die bedryf en ander rolspelers. Die meerderheid van hierdie individue het ook genoem dat hul persepsies oor hul eie rol in die industrie verander het namate die werking van die industrie meer duidelik omskryf is, en dit duidelik geword het watter gapings deur die verteenwoordigers van arbeid, opkomende produsente en burgerlike groepe gevul kan word.

Een waarnemer het opgemerk dat "meeste mense se persepsies van mekaar en die industrie verruim is", en dat die proses vir baie lede van die "ou industrie" vir die eerste keer 'n "gesig" of "teenwoordigheid" aan die sogenaamde "politieke rolspelers" gegee het. Menige deelnemers het ook genoem dat 'n "kanaal vir kommunikasie" gevestig is wat dit selfs wanneer daar nie oor spesifieke kwessies saamgestem word nie nou vir rolspelers moontlik maak om op 'n sinvolle wyse daaroor te beraadslaag.

### *Gedeelde belange en die gesamentlike visie van die industrie*

Teorieë oor die gewenste aard van dialoog tussen konflikterende groepe met die oog op 'n "ooreenkoms" oor die wyse waarop die verhouding en interaksie tussen groepe in die toekoms bestuur sal word beklemtoon telkens die noodsaaklikheid van die beklemtoning van die gedeelde belange en wedersydse afhanklikheid van die betrokkenes.

As fasiliteerder van beide die herstrukturingsproses en die onderhandelinge rondom die Wynbedryfhandves het Gavin Pieterse deelnemers voortdurend aangemoedig om hul gedeelde doelwitte te ontdek en in hul interaksie met mekaar hul wedersydse afhanklikheid in gedagte te hou. Pieterse het in hierdie verband drie belangrike konseptuele verruimings probeer aanmoedig. Die eerste hiervan was om dit vir nuwe toetreders te probeer duidelik maak dat die transformasie van die industrie sowel as verbeteringe in die lewensomstandighede van kwesbare groepe ernstig sal skade ly in omstandighede waar die industrie nie langer mededingend/ suksesvol is nie. Die tweede konseptuele verruiming het verband gehou met die insluiting van verbeteringe in die lewensomstandighede en lewensvaardighede van deelnemers aan die industrie as 'n aspek van menslike hulpbron ontwikkeling - wat tradisioneel bloot na tegniese en akademiese opleiding, geletterdheidsprogramme en vaardigheidsontwikkeling verwys het. Daar is derdens ook gepoog om rolspelers se begrip van ekonomiese volhoubaarheid uit te brei om ook die potensiaal van politieke en sosio-ekonomiese destabilisering indien die SEB projek nie daarin slaag om swart persone by ekonomiese aktiwiteite te betrek nie in ag te neem.

Die visie en missie van die industrie, waaroor daar konsensus tussen die verskillende deelnemers was, reflekteer hierdie konseptuele verskuiwings. In gesprekke met belanghebbers in die industrie is die eerste en derde punt hierbo ook telkens genoem as belangrike beginsels wat in die transformasieproses na vore gekom het. Die visie van die industrie wat in die Wynbedryfhandves geformuleer word, en waaroor daar ook konsensus was, verwys ook na die behoefte aan volhoubare ekonomiese en sosiale swart ekonomiese bemagtiging (WCSC, 2007:5). Daar is hierbo genoem dat die verteenwoordigers van arbeid, opkomende produsente en burgerlike groepe aangedui het dat hulle voel dat die gevestigde industrie se begrip vir die sosiale uitdagings in die bedryf is verbeter. Hierdie veronderstelling is egter nie pertinent in gesprekke met verteenwoordigers van die gevestigde industrie bevestig nie. Hoewel hierdie verteenwoordigers telkens verwys na die belangrikheid van



opleiding en vaardigheidsontwikkeling om swart persone te bemagtig om in die industrie te kompeteer het geeneen van hierdie persone spontaan aangedui dat verbeteringe in die *lewensomstandighede* van deelnemers aan die industrie as 'n belegging in menslike hulpbronne en dus indirek as 'n belegging in die sukses van die industrie beskou word nie. Daar is in hierdie gesprekke intendeel eerder klem gelê op die feit dat die ekonomiese sukses van die industrie uiteindelik alle belanghebbers sal bevoordeel (in die gees van die veronderstelde afsyferingseffek van ekonomiese voorspoed). 'n Verteenwoordiger van primêre produsente het ook geargumenteer dat dit nie die verantwoordelikheid van die industrie-liggaam is om hul direk met die sosio-ekonomiese ontwikkeling van betrokkenes te bemoei nie aangesien dit die verantwoordelikheid van die staat is om sosiale onderontwikkeling aan te spreek. In reaksie op 'n vraag oor of die "gedeelde belange" in die industrie genoegsaam in die herstrukturingsproses en onderhandelinge rondom die Wynbedryfhandves beklemtoon is, het sekere verteenwoordigers van die gevestigde industrie ook weereens aangedui dat daar nie genoeg klem geplaas is op die feit dat die ekonomiese winsgewendheid van die industrie in almal se belang is nie.

#### *Nuwe rolle*

Die transformasieprosesse in die industrie het 'n belangrike impak op die rolle wat deur verskillende rolspelers in die industrie gespeel word. Nuwe rolle of verantwoordelikhede van individue of groepe in die industrie sluit die volgende in:

- Verteenwoordigers van arbeid, opkomende produsente en burgerlike groepe het nou inspraak in belangrike industrie-liggame en moet verseker dat die behoeftes en belange van hul lede in hierdie forums aangespreek word.
- Die gevestigde industrie het 'n duidelike verantwoordelikheid om transformasie aktief te bevorder en om steun aan nuwe toetreders te bied.
- Alle belanghebbers word nou beskou as lede van 'n "span" wat verantwoordelikheid vir die sukses van die industrie (hetsy op ekonomiese gebied of ten opsigte van sosiale uitdagings) moet aanvaar, en daar word van hulle verwag om saam te werk om gedeelde doelwitte (bv. dié in die Wynbedryfhandves) te bereik en die visie en missie van die wynraad te realiseer. Daar is byvoorbeeld in beide die herstrukturingsproses en die ontwikkeling van die Wynbedryfhandves dikwels klem gelê op die feit dat die industrie met "een stem" moet praat, en dat konflik tussen verskillende groepe *binne* die strukture van die wynraad bespreek en besleg moet word, aangesien "negatiewe openbare uitsprake"

die bedryf as geheel skade berokken. Hierdie "verenigde front" is 'n uitdaging vir sowel die gevestigde industrie, wat moet poog om die goedgesindheid wat in die transformasieprosesse teenoor ander rolspelers gegenerer is ook in hul organisasies te bevorder, as die verteenwoordigers van arbeid, opkomende produsente en burgerlike groepe wat 'n meer konfronterende styl het en dikwels politieke retoriek inspan om hul uiteenlopende lede te verenig.

- Daar is ook nuwe rolle ontwikkel vir die *lede* van die organisasies wat in die transformasieprosesse betrokke was wanneer dit by die praktiese implementering van die Wynbedryfhandves en realisering van die missie en visie van die wynraad kom. So word daar byvoorbeeld van primêre produsente verwag om individue wat voorheen hul werknemers was nou as vennote in hul besigheid te aanvaar en word daar van histories benadeelde persone met beperkte ervaring in die industrie verwag om innoverende landbouprojekte te inisieer en te bestuur<sup>142</sup>.

Die vraag wat in hierdie verband in gesprekke met die verskillende verteenwoordigers gestel is, is of hulle voel dat verskillende individue en groepe genoegsaam voorberei is om hierdie nuwe rolle te vervul. Die reaksies op hierdie vraag wat insiggewend.

Trou aan die ekonomiese logika waarop hierdie groepering aanspraak maak, het die gevestigde industrie telkens beklemtoon dat daar aan opleiding en vaardigheidsontwikkeling van voorheen benadeelde persone aandag gegee moet word om hulle in staat te stel om op 'n sinvolle wyse aan besigheidsaktiwiteite in die industrie deel te neem. Hierdie kwessie van "bemagtiging" is ook deur ander belanghebbers geopper, met verteenwoordigers van arbeid en opkomende produsente wat veral die belangrikheid van mentorskappe waarin vaardighede na werkers en nuwe toetreders oorgedra word beklemtoon het en gepleit het vir die deurlopende ondersteuning van hierdie groeperinge.

'n Verteenwoordiger van 'n burgerlike organisasie het gemerk dat deelname aan die transformasieprosesse in die industrie hul organisasies die geleentheid gegee het om verhoudings te vorm wat implementering van hul projekte kan vergemaklik. Dié verteenwoordiger voel byvoorbeeld dat haar organisasie sy rol as diensverskaffer in die sfeer

---

<sup>142</sup> In hierdie studie word daar egter gefokus op die makro-vlak transformasieprosesse in die industrie, en hierdie projek-spesifieke rolverskuiwings val dus beide die bestek van die studie.

van sosiale ontwikkeling nou meer effektief sal kan vervul omdat daar "amptelike ingekoop" is op die belangrikheid van hierdie tipe ontwikkeling vir die industrie as geheel.

Ook verteenwoordigers van arbeid het die transformasieprosesse op sigself geïdentifiseer as forums waar belanghebbers oor die aard en uitdagings van die industrie ingelig kon word en waar belangrike lesse oor konstruktiewe dialoog en interaksie geleer is wat hulle nou in staat stel om hul verteenwoordiging in die strategiese strukture in die industrie meer effektief te benut. Verteenwoordigers vanoor die spektrum het ook genoem dat die transformasieprosesse die spanning tussen NAFU en BAWSI ten opsigte van elke organisasie se rol in die industrie op 'n spits gedryf het, en dat die kookusgeleenthede tussen hierdie twee organisasies wat op grond hiervan geskep is hierdie organisasies gehelp het om hul funksies meer duidelik te formuleer. Die transformasieprosesse het NAFU en BAWSI sodoende aangemoedig om hul interne struktuur en strategieë beter te belyn met die rol wat daar van hulle verwag word om in die bedryf te speel.

Geen verteenwoordigers van die gevestigde industrie het die transformasieprosesse as 'n leerproses beskryf nie, en dit lyk asof daar van die veronderstelling uitgegaan is dat hoewel hulle bereid is om te "luister" na die griewe en voorstelle van ander organisasies hulle nie in der waarheid voel dat hulle op 'n individuele of kollektiewe vlak by die transformasieprosesse gebaat het nie.

Die bedryf het ook geen spesifieke opleidingsprogramme van stapel gestuur om nuwe toetreders en die gevestigde industrie vir samewerking en hul rol as 'n kollektiewe spreekbuis vir die bedryf voor te berei nie. Daar word byvoorbeeld van organisasies wat aan die herstruktureringsproses en onderhandelinge rondom die Wynbedryfhandves deelgeneem het verwag om die handves en nuwe wynraad in terugvoersessies aan hul lede te "verkoop". Hierdie "inkoop" van verskillende groepe in die industrie is ook telkens in gesprekke geïdentifiseer as 'n belangrike voorvereiste vir suksesvolle transformasie in die bedryf. Hierdie *verantwoordelikheid* is in beide prosesse beklemtoon, maar daar is nie spesifieke kanale geskep waardeur hierdie terugvoersessies sou plaasvind en riglyne neergelê vir die manier waarop lede se goedkeuring vir die handves en wynraad bevorder sou word nie.

### *Rasseverhoudinge*

In die Suid-Afrikaanse konteks word die begrip "transformasie" geassosieer met 'n proses van regstelling wat daarop gemik is om ongelykhede wat as gevolg van rassediskriminasie ontstaan het aan te spreek. Wanneer daar oor transformasieprosesse gepraat word daar dus op vanuit 'n analitiese oogpunt verwag dat daar 'n duidelike persepsie sal bestaan dat ras 'n bepalende faktor in die verhouding tussen individue en groepe en hul verwagtinge van die transformasieproses sal wees.

In die gesprekke met verskillende belanghebbers in die wynbedryf is hulle uitgevra oor hul persepsies rondom die rasseverhoudinge in die industrie en die impak wat dit op die interne dinamika in die bedryf het. Verskeie individue het opgemerk dat die rasse-identiteit van individue en groepe minder belangrik geword het namate deelnemers aan die verskillende prosesse meer duidelikheid gekry het oor hul verantwoordelikhede as die verteenwoordigers van bepaalde *belangegroep*e. Die verteenwoordiging in onderhandelingsforums en die direksie en forum van die wynraad is byvoorbeeld nie deur alle rolspelers bloot in terme van rasseverteenvoordinging ge-evalueer nie, en rolspelers het hul goedkeuring uitgespreek vir die belange-gebaseerde samestelling van strategiese strukture in die bedryf.

Verskeie lede van die gevestigde industrie het genoem dat hulle verbaas was oor die onenigheid binne die "swart" groep tydens onderhandelinge (bv. in die aanvanklike struwelinge tussen NAFU en BAWSI). Daar was byvoorbeeld aanvanklik wrywing tussen NAFU en BAWSI oor wie werklik swart belange in die industrie bevorder (die term swart verwys hier na swart Afrikane, dus: bruines en Indiërs uitgesluit). Hierdie organisasies het egter toenemend daarin geslaag om hulself as die verteenwoordigers van 'n bepaalde *belangegroep* eerder as rasgroep te posisioneer - wat uiteindelik die gebiedsoorlog tussen die twee groepe besleg het.

Individue wat wél verwys het na die rassesamestelling van sleutel strukture in die bedryf het telkens die behoefte aan "balans" beklemtoon. 'n Verteenwoordiger van opkomende produsente het geargumenteer dat "geen groep 'n ander moet oordonder". Dié verteenwoordiger het egter ook genoem dat die balans tussen wit en swart waarskynlik in die toekoms outomaties bewerkstellig sal word namate meer swart persone tot die bedryf toetree.

Volgens een waarnemer het die industrie nou gevorder tot 'n vlak waar "belangepolitiek" eerder as "rassepolitiek" beoefen word, en is die bedryf in hierdie sin die nasionale politiek een voor.

Een area waar die kwessie van ras egter wel prominent was, was in die besprekings rondom leierskapsposisies in die nuwe struktuur, en spesifiek die rolle van voorsitter en uitvoerende bestuurder. Arbeidsverteenwoordigers het dit in die forumbesprekings duidelik gemaak dat 'n wit leierskorps vir hulle onaanvaarbaar sal wees aangesien dit op 'n simboliese vlak gebrekkige transformasie in die industrie sal vergestalt. Daar was min weerstand teen hierdie posisie van die kant van die gevestigde industrie, deels as gevolg van die visie vir die wynraad as 'n spreekbuis tot die nasionale regering en internasionale owerhede en die persepsie wat bestaan dat 'n swart leierskorps hierdie mandaat tans meer effektief sal kan vervul. 'n Swart leier met sterk politieke konneksies (naamlik Kader Asmal) is as voorsitter van die wynraad gekies. Hoewel die wit hoof uitvoerende beampte van die SAWB, Johan van Rooyen, dié pos in die nuwe wynraad behou het, het verskeie individue (insluitende van Rooyen self) genoem dat die verantwoordelikhede van die uitvoerende beampte van die wynraad waarskynlik in die huidige politieke klimaat meer effektief deur 'n swart persoon vervul sal word.

### *Status en erkenning*

Die transformasieprosesse in die wynbedryf het die potensiaal om die status van spesifieke groeperinge, organisasies en individue op 'n noemenswaardige wyse te beïnvloed. Belanghebbers is daarom spesifiek oor hul persepsies rondom statusverskuiwings in die industrie uitgevra. Die belangrikste status-verwante kwessie wat deur die verteenwoordigers van verskillende groeperinge beklemtoon is, was dié van *erkenning* as 'n belanghebbert in die wynbedryf en die gepaardgaande bevestiging van hul bydrae tot die bedryf en die legitimiteit van die behoeftes van hul diegene wie hul verteenwoordig (hul sogenaamde "constituency"<sup>143</sup>). Die inklusiwiteit van die verskillende transformasieprosesse het verseker dat belanghebbers vanoor 'n breë spektrum sodanige erkenning geniet het.

---

<sup>143</sup> Hierdie term word dikwels deur verteenwoordigers van verskillende belangegroepes gebruik. Die kan direk in Afrikaans vertaal as "kiesafdeling", maar word hier bloot gebruik om te verwys na die groepering wat deur 'n bepaalde individu of groep verteenwoordig word. Hierdie status as verteenwoordiger van 'n bepaalde groep word egter nie noodwendig deur middel van 'n verkiesing gevestig nie.

Dit was interessant om te let dat verteenwoordigers van die gevestigde industrie, arbeid, opkomende produsente en burgerlike groepe telkens die vraag oor status geïnterpreteer het as 'n vraag oor hul *persoonlike* posisie in die bedryf. Die *reaksie* hierop was egter sonder uitsondering dat die eie gewin en status van individue nie 'n rol in die proses behoort te speel nie, en dat die belange van die verskillende *belangegroepes* telkens voorkeur behoort te geniet. Een verteenwoordiger van primêre produsente het gesê dat sy haarself as "'n battery vir die proses van verandering" beskou. 'n Ander verteenwoordiger van die gevestigde industrie het geargumenteer dat dit "nie belangrik is wie op 'n bepaalde stoel sit nie, maar wel dat 'n bepaalde rol of taak effektief vervul moet word". Die erkenning van bepaalde *belange* geniet dus op die oog af voorkeur bo dié van bepaalde individue of organisasies.

Die verhouding wat tussen individuele verteenwoordigers gebou is het ook daartoe gelei dat dié verteenwoordigers erkenning en 'n bepaalde status as die "leierskorps" van die industrie begin geniet het. Tydens die forumbesprekings is daar byvoorbeeld telkens beswaar aangeteken teen die eksklusiewe aard van die hoë profiel geleenthede in die industrie, byvoorbeeld: die Veritas toekenningsaand, die KVV se "Seën op die Oes", en die Nederburg wynveiling, en die feit dat slegs enkele swart persone by hierdie funksies teenwoordig is. Verteenwoordigers van die gevestigde industrie het telkens geargumenteer dat hierdie funksies meer inklusief sal word namate verskillende belangegroepes in die strategiese strukture van die industrie verteenwoordiging begin geniet, en die transformasieprosesse in die industrie daarin slaag om meer swart persone in die bedryf te betrek. Die sosiale akkoord wat daar tydens die formele transformasieprosesse tussen deelnemers gevestig is, het egter beteken dat meer swart individue sedertdien in hul kapasiteit as industrie-leiers by hierdie tipe geleenthede betrek is.

'n Verteenwoordiger van opkomende produsente het ook genoem dat die sukses van die transformasieproses in die industrie as geheel uiteindelik die status van die industrie en indirek ook die status van alle rolspelers in die industrie bepaal. Hy het homself ook sterk uitgespreek teen individue en organisasies wat deel is van die transformasieprosesse in die wynbedryf, maar die bedryf in die openbaar kritiseer - aangesien dit die industrie se "beeld"/ status negatief beïnvloed.

Die status-kwessie het ook in die Wynbedryfhandves op 'n interessante wyse figureer. Een van die doelwitte van die handves is "[to] make a significant contribution to the alleviation of poverty and its related social consequences, leading to upliftment and the restoration of human dignity". Hierdie verwysing na die menswaardigheid van betrokkenes in die wynbedryf impliseer dat kwesbare groepe (wat deur armoede en sosiale uitdagings geteister word) se status as *mense*, en die waardigheid waarop hulle op grond van hierdie status geregtig is, deur die industrie bevestig moet word. Dit sluit in hierdie opsig aan by die handves van regte wat in hoofstuk 2 van die Suid-Afrikaanse Grondwet vervat is, en wat aan burgers van die land sekere onvervreembare regte verseker.

#### *Die behoefte aan geregtigheid*

Die behoefte aan "geregtigheid" en "regverdigheid" in die wynbedryf is telkens tydens onderhandelinge deur deelnemers aan die verskillende transformasieprosesse geopper. Die "creation of an environment where social justice prevails" word in die gronddokument van die Suid-Afrikaans wynraad genoem as een van die take wat die raad in die realisering van hul visie moet vervul (South African Wine Industry Council, 2006:5). "Sosiale geregtigheid" en "regverdigheid" is ook tydens die herstruktureringproses as een van die gedeelde waardes van die industrie geïdentifiseer (Pieterse, 2006:13) en in die stigtings-dokument van die wynraad as "grondwaardes" van die raad aanvaar. Industrie-verteenwoordigers is tydens die gesprekke wat gevoer is oor hul "definisies" en "interpretasies" van die begrippe "geregtigheid" en "regverdigheid" uitgevra.

Die konseptualisering van "geregtigheid" en "regverdigheid" was verbasend konsekwent. Deelnemers beklemtoon oor die algemeen:

- Die behoefte aan groter *deelname* deur voorheen benadeelde groepe in die verteenwoordigende liggame (m.a.w. inspraak in die strategiese bestuur van die industrie) sowel as in die ekonomiese eenhede in die industrie; en
- Die behoefte aan *deursigtige* besluitneming (wat aansluit by die behoefte aan inklusiewe besluitnemingsprosesse);
- Die behoefte aan *toegang* en *gelyke geleenthede* vir alle groepe tot besluitnemingstrukture en tot deelname aan die bedryf; en
- Die behoefte aan die *bemagtiging* van voorheen benadeelde groepe (o.a. deur vaardigheidsontwikkeling) om geleenthede in die bedryf te benut.

"Geregtigheid" word dus in hierdie sin gekonseptualiseer as "betrokkenheid", en die ontwikkeling van kapasiteit om hierdie betrokkenheid effektief aan te wend.

Verteenwoordigers van arbeid, opkomende produsente en burgerlike groepe het weereens sterker klem geplaas op die belangrikheid van "sosiale ontwikkeling", die nakoming van arbeidsregulasies en die beskerming van kwesbare groepe in 'n "regverdige wynbedryf" waarin die beginsels van "sosiale geregtigheid" geld. Volgens Augustinus Hendricks, vise-president van NAFU in die Wes-Kaap, is "die ontwikkeling van menslike hulpbronne 'n onmisbare skakel om geregtigheid in die industrie te bevorder". Hendricks plaas gevolglik ook klem op die rol van WIDA as 'n kanaal waardeur geregtigheid bevorder kan word.

Nosey Pieterse, president van BAWSI, bied 'n drieledige konseptualisering van "geregtigheid", waarin hy verwys na:

1. Ekonomiese geregtigheid, wat insluit: 'n regverdige verhouding tussen werknemers en werkgewers, die nakoming van arbeidsregulasies (dus: regverdige lone en werksomstandighede), 'n regverdige verdeling van rykdom, en die transformering van eienaarskap;
2. Sosiale geregtigheid, wat verwys na die aanspreek van: "euwels waaraan plaaswerkers en ander werkers onderwerp word"; "die onregverdigheid van munisipaliteite, howe, die regering en polisie tydens die afsetting van plaaswerkers"; en
3. Politieke geregtigheid, wat verwys na die behoefte aan "demokratiese bestuur" en bepaal dat "mag nie gesetel moet wees in enkele groep wat die industrie op 'n outokratiese wyse bestuur nie".

Dit is belangrik om te let dat deelnemers telkens ook *gelykheid* as 'n eienskap van 'n regverdige wynindustrie identifiseer. Waar deelnemers verder oor hul konseptualisering van gelykheid uitgevra is, is daar telkens erken dat voorheen benadeelde persone (minstens oor die korttermyn) bevoordeel moet word (dus: dat daar ongelyke hantering van wit en swart persone in die industrie moet wees) om hierdie gelykheid aan te moedig. 'n Verteenwoordiger van die burgerlike samelewing formuleer dit as 'n behoefte aan "regverdige diskriminasie" om historiese ongelykhede aan te spreek.



Verteenwoordigers van die gevestigde industrie het ook telkens in hul antwoorde die behoefte aan 'n proses van *regstelling* genoem. Wit individue erken dat hulle in die vorige bestel bevoordeel is, en dat daar nou 'n daadwerklike poging moet wees om meer swart persone in die voordele van die industrie te laat deel. Jos le Roux, uitvoerende direkteur van Vinpro, het gesê die "behoefte aan geregtigheid is histories in oorsprong, maar moet toekomst-georiënteerd aangespreek word" en dat "alle belanghebbers moet voordeel trek uit die groei en ontwikkeling van die industrie". Wit persone is ook uitgevra rondom hul persepsies en ervaring van regstellende aksie en die feit dat verskillende groepe nou in der waarheid ongelyk hanteer word ten einde algehele gelykheid te bevorder. Wit persone wat by die transformasieprosesse in die wynbedryf betrokke is het sonder uitsondering geargumenteer dat hierdie regstelling noodsaaklik is dat die wyse waarop dit tans geskied regverdig is.

In antwoorde op 'n vraag oor die kapasiteit van die Wynbedryfhandves en die nuwe wynraad om geregtigheid in die bedryf te bevorder, het alle belanghebbers geargumenteer dat die handves en die raad geregtigheid kan bewerkstellig indien die *implementering* van strategiese beleid suksesvol is. Die persepsie is dus dat die nodige strategieë en strukture nou in plek is, maar dat daar nou tot daadwerklike aksie oorgegaan moet word om transformasiedoelwitte te realiseer.

#### *Voorwaardes vir suksesvolle transformasie*

Belanghebbers is ook gevra wat na húl mening die belangrikste voorwaardes is vir die doeltreffende realisering van transformasiedoelwitte. Die reaksies hierop was redelik uiteenlopend, en bied 'n insiggewende opsomming van die transformasie-uitdagings wat steeds in die industrie bestaan.

Rolspelers vanoor die spektrum het egter genoem dat die befondsing van transformasieprojekte 'n belangrike uitdaging vir die industrie bly. WIDA sal 'n klein begroting hê wat deur middel van statutêre heffings ingesamel sal word (Wineland, 2006). Twintig persent van die fondse van ander statutêre liggame (waaronder WOSA, Winetech en SAWIS) moet ook op transformasie-aktiwiteite in die verskillende fokusareas spandeer word (Wineland, 2006). Die beskikbare fondse in die Suid-Afrikaanse Wynindustrie Trust (SAWIT) blyk egter byna uitgeput te wees, en die industrie sal fondse in die nasionale en internasionale ontwikkelingsarena moet mobiliseer.

Daar is ook deur verskeie rolspelers klem gelê op die belangrikheid van die instandhouding van die positiewe verhouding wat tydens die herstruktureringproses tussen deelnemers gevestig is. Die vise-president van NAFU in die Wes-Kaap, Augustinus Hendricks, noem die huidige verhouding tussen verskillende deelnemers "kosbaar" en meen dat die gees van samewerking in stand gehou moet word deur seker te maak dat rolspelers gereeld interaksie het en ook op 'n sosiale vlak skakel om goeie verhoudinge te behou. Volgens Ockert Bosman, wat betrokke is by opleiding en vaardigheidsontwikkeling in die wynbedryf, is dit belangrik dat die *gesprek* oor transformasie voortgesit moet word. In hierdie opsig het die wynraadforum, wat 'n "waghondrol" ten opsigte van transformasie in die bedryf het, 'n belangrike rol om te speel. Bosman meen ook dat hierdie behoefte aan voortgesette gesprekvoering oor transformasie uiteindelik sal meebring dat die belangrikheid van die Wynbedryfhandves as 'n "afgehandelde" ooreenkoms oor transformasie in die industrie afneem, terwyl dié van die wynraad, as platform vir debat oor transformasieprosesse, sal styg. Een individu het egter ook genoem dat die "styl" van die nuwe voorsitter nie altyd ruimte laat vir robuuste debat nie, en dat dit moontlik die doeltreffendheid van die wynraadforum om as so 'n "platform" te dien negatief kan beïnvloed.

Daar is ook in die transformasieprosesse groot verwagtinge geskep ten opsigte van die effek van 'n omvattende transformasieproses in die wynbedryf en die daarstelling van 'n legitieme verteenwoordigende struktuur op die industrie se verhouding met die plaaslike en nasionale regering. Veral verteenwoordigers van die gevestigde industrie het die doeltreffendheid van die wynraad om 'n positiewe verhouding met die regering te vestig as 'n bepalende faktor in die sukses van transformasieprosesse in die bedryf geïdentifiseer. Hierdie verhouding met die regering kan ook 'n invloed hê op die status van die Wynbedryfhandves aangesien dit uiteindelik deur die landbouminister erken en onderskraag en deur die Departement van Handel en Nywerheid goedgekeur moet word. Ten tyde van hierdie skrywe (Julie 2007) kon die bedryf egter nog nie daarin slaag om 'n afspraak met die landbouminister, Lulu Xingwana, te kry om dié kwessie te bespreek nie.

Verskeie verteenwoordigers van produsente, handel, en statutêre liggame het ook genoem dat dit noodsaaklik is dat strategiese raamwerke waarop daar tussen verteenwoordigers ooreengekom word op 'n praktiese vlak moet inslag vind en dat deelnemers aan die verskillende prosesse sowel as die belanghebbers wat hulle verteenwoordig die voordele van

hierdie tipe prosesse begin sien. Hierdie verteenwoordigers plaas ook spesifiek klem op die rol van die wynraad om die mededingendheid van die industrie te bevorder (bv. deur die generiese bemerking van wyn, goeie marknavorsing of effektiewe opleidingsprogramme). 'n Verteenwoordiger van primêre produsente het ook gewaarsku teen die gevaar van oor-analisering wat daadwerklike aksie onbepaald uitstel. Sharron Marco-Thyse, direkteur van die *Centre for Rural Legal Studies* argumenteer ook dat dit noodsaaklik is vir die industrie om op duidelike aanwysers van sukses ooreen te kom, waaraan prestasies oor die langtermyn gemeet kan word.

Volgens Johan van Rooyen, voormalige uitvoerende bestuurder van die SAWB en nou ook van die wynraad, moet die raad daarteen waak om nie in 'n "politieke gesprek" te verval waar die legitimiteit van bepaalde organisasies as die verteenwoordigers van 'n sekere belangegroep bevestig kan word nie. Hy argumenteer dus dat daar nie wegbeweeg moet word van die huidige formulering in die gronddokument van die raad waarin spesifieke belangegroepes eerder as spesifieke organisasies verteenwoordiging in die raad geniet. Van Rooyen meen ook dat die wynraad moet bewys dat verskillende opinies bymekaargebring kan word om 'n "bedryfstandpunt" oor belangrike kwessies te formuleer. Hierdie kapasiteit van die raad sal in die nabye toekoms getoets word wanneer debatte oor kritieke kwessies (waaronder: grondhervorming en plaasafsettings) gevoer sal word, en daar gepoog sal word om 'n gepaste bedryfsposisie oor hierdie kwessies te ontwikkel. Om aan hierdie behoefte aan 'n "verenigde front" na buite te voldoen sal effektiewe meganismes vir konflik resolusie binne die wynraad geskep moet word.

Verskillende verteenwoordigers van die gevestigde industrie het ook beklemtoon dat die mate waarin die wynraad beheer oor ander organisasies in die industrie kan uitoefen uiteindelik bepalend sal wees vir die effektiwiteit van die struktuur. Daar word onder andere in hierdie opsig verwys na die feit dat statutêre heffings op hierdie stadium na spesifieke organisasies (bv. Winetech, SAWIS en WOSA) gaan, wat van die raad kan onttrek indien hulle geen voordeel daaruit trek nie. Volgens die gronddokument van die wynraad is hierdie organisasies aan die direksie van die raad verantwoordbaar. Solank as wat die raad egter van hierdie organisasies afhanklik is vir fondse, sal hierdie egter 'n baie moeilike verhouding wees om te bestuur.

Met betrekking tot die Wynbedryfhandves het Willy Williams, president van NAFU in die Wes-Kaap, ook beklemtoon dat die doeltreffendheid van kommunikasie rondom die handves uiteindelik bepalend sal wees vir die suksesvolle implementering daarvan. Williams meen daar behoort werkwinkels gehou te word waarin belanghebbers op grondvlak oor die handves ingelig word, en dit duidelik gemaak word hoe die handves die lewensomstandighede van die "man op straat" kan raak. Volgens hom is daar boonop nie gereeld genoeg op voetsoolvlak terugvoer oor die onderhandelinge rondom die Wynbedryfhandves en die herstrukturering van die SAWB gegee nie, wat uiteindelik die doeltreffende implementering van die handves en die funksionering van die wynraad kan belemmer. Ook volgens Nosey Pieterse, President van BAWSI, behoort die doelwitte van die wynraad en bepalings van die handves in 'n reeks forums of konferensies aan 'n breë basis van belanghebbers in die industrie bekend gestel te word.

Riaan Kruger, verteenwoordiger van SALBA, het op sy beurt daarop gewys dat die status van die Wynbedryfhandves teenoor dié van die generiese SEB kodes uiteindelik bepalend sal wees vir die dokument se beeld as die bloudruk vir transformasie in die industrie. Volgens Charles Erasmus, hoofbestuurder van SAWIT, was die onderhandelinge rondom die Wynbedryfhandves net soveel 'n "oefening in menslike verhoudinge" as 'n proses om 'n bepaalde dokument te ontwikkel. Erasmus reken dus dat die proses 'n positiewe impak gehad het op samewerking in die industrie en dat dit die erkenning van die transformasiebehoefte in die bedryf bevorder het. Hy beskou dus die proses as suksesvol selfs al word die status van die ooreengekome dokument deur die generiese kodes ondermyn.

## **6. Slot**

Die transformasieprosesse in die Suid-Afrikaanse wynbedryf is in hierdie hoofstuk beskryf teen die agtergrond van die transformasie van die landbousektor as geheel. In afdeling 5 is verskillende persepsies rondom hierdie transformasieprosesse opgesom. In hoofstuk 6 word die transformasieproses wat hier voorgestel is ontleed in terme van die teoretiese raamwerk wat in hoofstuk 2 en 3 ontwikkel is.

## Hoofstuk 6: Teoretiese analise van die gevallestudie

---

### 1. Inleiding

In hoofstuk 2 is daar geargumenteer dat transformasie as 'n proses van verandering, en spesifiek ekonomiese transformasie in Suid-Afrika en die herverdeling van ekonomiese hulpbronne en mag tussen wit en swart Suid-Afrikaners waaraan hierdie proses gekenmerk word, die potensiaal vir konflik in die Suid-Afrikaanse samelewing verhoog. Daar word dan genoem dat daar in die sosiale wetenskappe staatgemaak word op sosiale teorie om raamwerke te voorsien in terme waarvan die sosiale wêreld geanaliseer kan word. Op grond van die gedeelde eienskappe van transformasieprosesse en situasies van konflik word daar voorgestel dat konflikteorie ingespan word om die dinamika van transformasieprosesse te interpreteer. 'n Konflikmodel waarin die subjektivistiese en objektivistiese deskriptiewe teorieë van tussen-groep konflik versoen word, word uiteengesit. In Hoofstuk 3 word 'n bepaalde benadering tot die hantering van konflik (preskriptiewe teorie), naamlik die transformatiewe benadering, voorgestel as 'n potensiele meganisme waardeur volhoubare stabiele verhoudings tussen twistende groepe gevestig kan word.

In hierdie hoofstuk word die teoretiese raamwerk wat in hoofstukke 2 en 3 uiteengesit is ingespan om die transformasie in die Suid-Afrikaanse wynbedryf, as 'n gevallestudie van onderhandelde ekonomiese transformasie in post-konflik samelewings, te ontleed.

In afdeling 2 word die veranderingsproses in die wynbedryf met definisies van transformasie wat in hoofstuk 2 ontwikkel is vergelyk. Die teoretiese skakel tussen konflik en transformasie wat in hoofstuk 2 uiteengesit is word weer kortliks opgesom om die gebruik van konflikteorie in die analisering van die proses te regverdig. Deskriptiewe teorieë oor die oorsake van tussengroep konflik word dan ingespan om potensiele bronne van konflik in die wynbedryf te identifiseer. In afdeling 3 word daar getoon dat die beginsels van die transformatiewe benadering tot die hantering van konflik implisiet op verskeie maniere in die formele transformasieprosesse in die wynbedryf toegepas is. Die uitkomstes van formele transformasieprosesse in die bedryf word in afdeling 4 vergelyk met die voorvereistes vir stabiele sosiale verhoudings wat in die transformatiewe benadering tot die hantering van konflik voorgestel word. Daar word beskryf tot watter mate die bestuur van

transformasieprosesse in die wynbedryf op verskillende vlakke verandering teweeg gebring het wat ooreenstem met die teoretiese voorskrifte rakende die voorvereistes vir stabiele sosiale verhoudings. In Afdeling 5 word die optrede en reaksie van belanghebbers in die wynbedryf in terme van die Tajfel en Turner (1979) se opsies vir die hantering van bedreigde groepstatus geanaliseer. Daar word telkens getoon hoe die transformasieproses individue en groepe se interpretasies van die bedryf aangepas het om aan verskillende groeperinge volhoubare kanale vir positiewe selfbevestiging te voorsien. Afdeling 6 dien as slot vir hierdie hoofstuk.

## **2. Die konflikpotensiaal van die transformasieproses**

### *Die proses van verandering in die wynbedryf as 'n proses van transformasie*

In hoofstuk 2 is transformasie gedefinieer as 'n proses van "diepliggende verandering" wat die aard of struktuur van die objek van transformasie fundamenteel beïnvloed. Daar word aangehaal uit Antjie Krog se werk *'n Ander Tongval* waarin sy die doelgerigtheid van transformasieprosesse beklemtoon en dit dus beskryf as 'n vormingsproses op weg na 'n bepaalde eindstaat. Ook Raubenheimer (1996) se definisie van transformasie verwys na 'n getransformeerde orde, en toon dat transformasie ook 'n sielkundige proses is waartydens die persepsies, houdings, waardes en norme van betrokkenes in prosesse van verandering aangepas word om 'n nuwe orde te ondersteun. Raubenheimer noem hierdie proses die "internalisering" van verandering.

Transformasie word ook in hoofstuk 2 op 'n sosio-politiese vlak onderskei van "transisie". Price (1991) argumenteer dat die term "transisie" verwys na veranderinge in die formele politieke orde en magsverhoudinge in 'n bepaalde samelewing (die sg. "super-struktuur"), terwyl transformasie ook aanpassings in die substrukture wat hierdie orde ondersteun (insluitende: patrone van sosiale interaksie, kulturele norme, ekonomiese aktiwiteite en informele magsverhoudinge) impliseer.

Daar word dan voortgegaan om die hantering van die term "transformasie" in openbare debat, beleidsverklarings, wetgewing, politieke en ekonomiese retoriek en akademiese diskoers in en oor Suid-Afrika te beskryf (Hoofstuk 2, Afdeling 3). Melding word dan gemaak van die verruiming van die begrip "transformasie" in die nadraai van die politieke transisie van

1994 om ook die *ekonomiese* bemagtiging van swart Suid-Afrikaners (as 'n verlenging van die politieke transformasieproses) in te sluit. Vyf kerndoelwitte van hierdie sosio-ekonomiese transformasieproses word uitgelig, waaronder: (1) die insluiting van meer swart persone in die arbeidsmark, en spesifiek die formele sektor/ sg. hoofstroom ekonomie, (2) die vergroting van die deelname van swart persone aan besluitneming in die ekonomie (en by implikasie die vergroting van hul mag in die ekonomiese arena), (3) die vergroting van swart eienaarskap in die ekonomie, (4) die bemagtiging van swart persone deur gepaste opleiding en vaardigheidsontwikkeling, en (5) die vermindering van inkomste-ongelykhede tussen verskillende bevolkingsgroepe.

Daar word dan geargumenteer dat ekonomiese transformasie in Suid-Afrika nie aan spontane faktore oorgelaat word nie, maar deur beleid en wetgewing geïnstusionaliseer is in 'n doelbewuste poging om herskikking in die ekonomiese verhoudings en die verdeling van ekonomiese mag en hulpbronne tussen verskillende groepe (en spesifiek tussen wit en swart Suid-Afrikaners) te bewerkstellig.

Gegewe die definisies van transformasie en die konseptualisering van transformasie in die Suid-Afrikaanse konteks word drie eienskappe van ekonomiese transformasie in Suid-Afrika uiteindelik uitgelig (Hoofstuk 2, Afdeling 4). In die eerste plek word dit beskryf as ekonomiese transisie, m.a.w. die verwydering van diskriminerende beleid, wetgewing en praktyke. Tweedens, word daar (soos hierbo) klem geplaas op die feit dat dit 'n geïnstusionaliseerde proses is waardeur 'n herverdeling in hulpbronne en mag in die ekonomiese arena bevorder word. Derdens, word daar verwys na die feit dat ekonomiese transformasie ook veranderinge in die onderliggende waardestelsels en informele magsverhoudinge in die ekonomie vereis wat 'n veranderde ekonomiese orde kan ondersteun.

Dit is nodig om hier te oorweeg in welke mate die transformasieprosesse in die wynbedryf by hierdie algemene definisies van transformasie en die beskrywing van ekonomiese transformasie in Suid-Afrika inpas.

In terme van die eerste eienskap van transformasie wat hierbo uitgelig word kan daar geargumenteer word dat hoewel daar nie in die wynbedryf 'n formele transisie was waarin spesifieke diskriminerende beleidmaatreëls, wetgewing of praktyke verwyder of geskrap is

nie, die bedryf direk geraak word deur institusionele en wetlike transformasie op 'n nasionale vlak. Spesifieke transisionele maatreëls wat die bedryf geraak het, sluit in: die skraping van die Groepsgebiedewet en ander wetgewing wat swart grondbesit beperk het; die verwydering van diskriminerende arbeidswetgewing en die aanvaarding van arbeidswetgewing wat basiese diensvoorwaardes vir werknemers in die Suid-Afrikaanse ekonomie voorskryf; die skraping van wetgewing wat die aktiwiteite van swart entrepreneurs tot bepaalde sektore beperk het en verhoed het dat swart persone in vennootskappe of maatskappye kon betrokke raak; die beëindiging van diskriminerende onderwysbeleid wat die ontwikkeling van swart vaardighede in strategies belangrike areas verhoed het; die afskaffing van landboubeheerrade en die gepaardgaande veranderinge in die beheerstruktuur van die landboubedryf; die heroorweging van die KWV se rol as beheerliggaam in die wynbedryf; en 'n algemene verskuiwing na meer inklusiewe besluitnemingsprosesse en die gevolglike druk op die bedryf om 'n breër spektrum van belangegroepes in sy gesagstrukture te betrek.

Dit is uit die beskrywing van die herstruktureringproses van die SAWB en die ontwikkeling van die Wynbedryfhandves in hoofstuk 5 duidelik dat hierdie prosesse wél daarop gemik is om die bestaande orde in die bedryf te herskik ter realisering van 'n bepaalde visie ("eindstaat"), en dat die visie wat in hierdie prosesse vir die bedryf geformuleer is en die doelwitte wat in beide die herstruktureringproses en in die ontwikkeling van die Wynbedryfhandves gestel is ooreenstem met die doelwitte van sosio-ekonomiese transformasie as 'n proses van *bemagtiging* sowel as die eienskappe transformasie in die Suid-Afrikaanse konteks wat hierbo uiteengesit word.

Die gesitueerdheid van die wynbedryf binne die Suid-Afrikaanse landbousektor impliseer dat die visie of "eindstaat" wat vir die bedryf in die vooruitsig gestel word moet meewerk tot die realisering van doelwitte wat vir die sektor as geheel gestel is. Daar is in hoofstuk 5 getoon dat die transformasieprosesse in die wynbedryf inskakel by die breër transformasieprojek in die Suid-Afrikaanse landbousektor soos uiteengesit in die Strategiese Plan vir Suid-Afrikaanse Landbou en die Strategie vir Swart Ekonomiese Bemagtiging in die Landbousektor (Departement van Landbou, [2001]; Departement van Landbou, [2006a]). Een van die vernaamste doelwitte van hierdie Strategiese Plan vir Suid-Afrikaanse Landbou is om "gelykmatige toegang en deelname" in die landbousektor te bevorder ter realisering van die visie van 'n "verenigde, nie-rassige, florerende landbousektor" (Department of Agriculture,



2001:12-13) - met noodwendige implikasies vir die verdeling van hulpbronne en mag in die bedryf. Die AgriSEB strategie bevestig die interpretasie van die begrip "transformasie" as die ekonomiese bemagtiging van swart Suid-Afrikaners en die vyf kerndoelwitte van die sosio-ekonomiese transformasieproses wat hierbo uiteengesit word (waaronder: die insluiting van meer swart persone in die arbeidsmark, die vergroting van swart deelname aan besluitnemingsprosesse in die ekonomie, die vergroting van swart eienaarskap in die ekonomie, die ekonomiese bemagtiging van swart persone deur vaardigheidsontwikkeling en die vermindering van inkomste-ongelykhede tussen verskillende bevolkingsgroepe), word in die aard en teikens van die verskillende elemente van die AgriSEB telkaart reflekteer.

In die wynbedryf is hierdie verbintenis tot herskikking in die bedryf ter bemagtiging van swart Suid-Afrikaners eksplisiet gemaak in die Wynindustrie Plan (WIP) wat spesifiek ten doel gehad het om "gelykmatige toegang en deelname in alle vlakke van die wynbedryf waardeketting" te bevorder (SAWB 2003:ii). Die vyf doelwitte van sosio-ekonomiese transformasie wat hierbo uiteengesit is, is ook vervat in die elemente van die Wynbedryfhandves. Die "Diensbillikheid", "Eienaarskap", en "Beheer" elemente van die telkaart is daarop gemik om meer swart persone in die bedryf te betrek, om swart eienaarskap in die bedryf uit te brei en om hul deelname aan bestuur en besluitneming in die bedryf te vergroot (eienskap 1, 2 en 3 hierbo). Die "Vaardigheidsontwikkeling" element van die telkaart gee aandag aan opleiding en vaardigheidsontwikkeling vir swart deelnemers aan die bedryf (eienskap 4 hierbo). In die inleiding tot die Wynbedryfhandves word daar spesifiek genoem dat die handves die ongelyke regime van eienaarskap moet aanspreek (Wine Charter Steering Committee, 2007:4) en daar word voortdurend verwys na die behoefte om "gelykmatige toegang" en die vermindering van ongelykhede in die wynbedryf te bevorder (Wine Charter Steering Committee, 2007:8) (eienskap 5 hierbo). Dit is belangrik om in gedagte te hou dat wanneer daar in hierdie dokumente en prosesse verwys is na "herverdeling" of 'n "verandering in magsverhoudinge" daar spesifiek verwys word na die herverdeling van hulpbronne en mag tussen wit en swart Suid-Afrikaners. Ook "vaardigheidsontwikkeling" impliseer in hierdie konteks opleiding aan en die ontwikkeling van die vaardighede van swart Suid-Afrikaners.

Ook in die SAWB herstruktureringproses was daar 'n sterk klem op die bevordering van swart deelname aan die wynbedryf - en spesifiek in die verteenwoordigende strukture en

besluitnemingsforums van die bedryf. Dit verteenwoordig dus 'n daadwerklike poging om magsverhoudinge in die industrie ten gunste van swart persone aan te pas. Die visie van die proses het ook die behoefte aan gelykmatige toegang en gelykheid in die industrie beklemtoon (Pieterse, 2006:11) en die verteenwoordigende struktuur wat die produk van die proses was sluit 'n besigheidseenheid in wat uitsluitlik op vaardigheidsontwikkeling en transformasie (en die bevordering van die doelwitte van die Wynbedryfhandves) fokus.

Dit is belangrik om daarop te let dat die Wynraad (as 'n struktuur waardeur transformasie in die wynbedryf gedryf sal word) en die Wynbedryfhandves nie in 'n vakuum ontstaan het nie, maar die uitkomst was van formele, gestruktureerde prosesse. Dit is dus beeldend van die transformasieprosesse in Suid-Afrika in dié sin dat dit 'n *doelbewuste geïnstitutionaliseerde* poging is om die ekonomiese bemagtiging van swart Suid-Afrikanners te bevorder en kan beskou word as 'n geïnstitutionaliseerde proses van sosio-ekonomiese en politieke transformasie.

'n Verdere belangrike eienskap van die transformasieprosesse in die wynbedryf wat hier bespreek is, is dat nie Wynraad of die Wynbedryfhandves voltooide transformasieprojekte verteenwoordig nie, maar gesien moet word as deel van 'n proses ter realisering van bepaalde transformasiedoelwitte. Dit stem in hierdie opsig ooreen met Antjie Krog se konseptualisering van transformasie as 'n "vormingsproses" op weg na 'n bepaalde eindstaat. Die proses waardeur die Wynraad en die Wynbedryfhandves tot stand gekom en die inklusiewe en interaktiewe basis waarop hierdie prosesse bestuur is, verteenwoordig egter wel in sigself 'n belangrike fase in die transformasieproses in die bedryf. Daar moes pertinent besin word oor die wyse waarop transformasie in die bedryf bestuur sal word - insluitende: die verdeling van ekonomiese hulpbronne en die aard van magsverhoudinge in die bedryf. Ooreenstemming oor die benadering tot transformasie en die doelwitte wat daar vir die transformasieproses gestel is het vereis dat daar noemenswaardige verskuiwings moes plaasvind in die substrukture in die bedryf (die "patrone van sosiale interaksie, kulturele norme, en informele magsverhoudinge" waarna hierbo verwys word) en die waardestelsels wat beide sosio-kulturele en ekonomiese verhoudings in die bedryf onderlê het.

Daar is in die herstruktureringproses pertinent aandag gegee aan die herstel van verhoudings tussen verskillende groeperinge en die artikulering van gedeelde waardes wat 'n

wedersyds aanvaarbare nuwe ("getransformeerde") orde kan ondersteun (in ooreenstemming met Price se konseptualisering van transformasie wat hierbo bespreek is). Soos reeds genoem, was een van die vertrekpunte van beide die onderhandelinge rondom die Wynbedryfhandves sowel as die herstrukturering van die SAWB ook dat belanghebbers vanoor 'n breë spektrum by die prosesse betrek moes word. Die waarde wat daar in hierdie prosesse aan inklusiwiteit geheg is, verteenwoordig in sigself 'n belangrike normatiewe verskuiwing weg vanaf eksklusiewe paternalistiese en oorwegend wit beheer oor die bedryf. Dit is belangrik om te let dat hierdie fokus op inklusiwiteit nie slegs verwys na die insluiting van swart persone in besluitnemingsprosesse nie, en dat daar ook pertinent aandag gegee word aan die insluiting van ander sosiale groeperinge waaronder: gestremdes, vroue en die jeug.

Ook ten opsigte van die kwessies wat binne onderhandelingsforums bespreek word het 'n belangrike normatiewe verskuiwing plaasgevind. Een van die belangrikste veranderinge in hierdie verband behels die "plek" van sosiale en maatskaplike kwessies in strategiese besprekings in die industrie. Sosiale uitdagings soos ongeletterdheid, drank- en dwelmmisbruik, tiener swangerskappe en gesinsgeweld word in besprekings erken as belangrike uitdagings vir die bedryf en die bedryf se respons op hierdie uitdagings word op 'n strategiese vlak bespreek.

Ook definisies van transformasie wat verwys na veranderinge in onderliggende waardestelsels is relevant tot die transformasieprosesse in die wynbedryf. Die waardes van die bedryf is in der waarheid tydens die herstruktureringproses eksplisiet bespreek. In die stigtingsdokument van die Wynraad word daar 'n aantal waardes geïdentifiseer wat deur deelnemers aan die herstruktureringproses as grondwaardes vir die funksionering van die verteenwoordigende struktuur van die bedryf gekies is. Daar word veronderstel dat hierdie waardes (waaronder: samewerking, gelykheid, volhoubaarheid en sosiale geregtigheid) transformasie in die bedryf sal ondersteun.

Dit is dus duidelik dat die transformasieproses in die wynbedryf ooreenstem met die drie eienskappe van ekonomiese transformasie in Suid-Afrika in dié sin dat dit plaasvind binne 'n nasionale raamwerk waarin diskriminerende beleid, wetgewing en praktyke verwyder is, dat dit 'n geïnstusionaliseerde proses is wat die herverdeling van hulpbronne en mag tussen wit

en swart Suid-Afrikaners probeer aanmoedig en dat daar pertinent aandag gegee word aan die onderliggende waardestelsels en informele magsverhoudinge wat 'n getransformeerde orde kan ondersteun.

Die teoretiese skakel tussen konflik en transformasie

*Die hipotese wat in Hoofstuk 2 (Afdeling 4) gestel is, is dat transformasie, soos wat dit in die Suid-Afrikaanse konteks bestuur word, "noodwendig 'n herskikking in die verdeling van en beheer oor ekonomiese hulpbronne en aanpassings in ekonomiese verhoudings tot gevolg sal hê; dat hierdie veranderinge ook bepaalde implikasies vir die relatiewe status van wit en swart Suid-Afrikaners sal hê en dat hierdie aanpassing in relatiewe status die potensiaal vir konflik tussen verskillende groepe in die land kan verhoog".* Die verdeling van hulpbronne, mag en status tussen verskillende groeperinge in 'n bepaalde sosiale bestel is 'n erkende bronne van konflik. Konflikteoretici beklemtoon ook telkens die hoë konflikpotensiaal in situasies waar ongelykhede in die verdeling van hierdie sosio-ekonomiese veranderlikes oorvleuel met skeidslyne tussen verskillende ras-/etniese groepe en waar daar pogings om hierdie verdeling te verander (Stone & Dennis, 2003:1). In Suid-Afrika, en ook in die Suid-Afrikaanse wynbedryf, het die proses van ongelyke ontwikkeling veroorsaak dat sosio-ekonomiese ongelykhede tot 'n groot mate met ras-/kleurgrense oorvleuel (sien Hoofstuk 4, Afdeling 2 en Hoofstuk 5, Afdeling 2), en is daar nou 'n doelbewuste poging om hierdie ongelyke verdeling van sosio-ekonomiese hulpbronne en mag tussen verskillende rasgroepe aan te spreek. Daar kan dus redelikerwys verwag word dat daar 'n bepaalde potensiaal vir konflik as gevolg van hierdie ongelykheid en die pogings om dit aan te spreek sal bestaan.

Soos daar in Hoofstuk 2 geargumenteer is, maak die erkenning van die konflikpotensiaal van transformasieprosesse dit vir ons moontlik om teorieë oor die aard en ontstaan van konflik te gebruik om transformasie te analiseer en sodoende ons begrip vir die dinamika van transformasieprosesse te bevorder. In hoofstuk 3 is daar 'n konflikmodel ontwikkel waarin die subjektivistiese en objektivistiese deskriptiewe teorieë van tussengroep konflik met mekaar versoen is. Die konflikpotensiaal in die Suid-Afrikaanse wynbedryf word vervolgens in terme van hierdie model beskryf. Die doel van hierdie analise is begrip vir die situasie in die wynbedryf te bevorder sowel as om die toepaslikheid van die gebruik van konflikteorie in die analisering van transformasie te illustreer. In hierdie hoofstuk word daar spesifiek gefokus op die aspekte van die transformasieproses in die wynbedryf wat deur die teorie verhelder word.

Die sukses van die analise, en die aspekte van die teoretiese model wat oortollig is of nie deur die gevallestudie gestaaf word nie, word in Hoofstuk 7 beskryf.

*Analise van transformasie in die wynbedryf aan die hand van 'n deskriptiewe teorie van konflik*

Daar word in Hoofstuk 2 (Afdeling 5.1) genoem dat teorieë oor die oorsake van tussengroep konflik verdeel word in twee ontologiese strome, naamlik die *objektivistiese* en *subjektivistiese* benaderings tot konflik (Reimann, 2003:3).

Volgens objektivistiese teorieë oor die oorsake van konflik is konflik gesetel in wat gesien word as 'n objektiewe kompetisie vir skaars hulpbronne (sien Hoofstuk 2, Afdeling 5.1). Die kompetisie vir materiële en ander hulpbronne word ook beskou as 'n zero-som spel waarin 'n voordeel vir een individu of groep noodwendig 'n ander negatief sal beïnvloed. Konflik is dus 'n onvermydelike eienskap van tussengroep verhoudings aangesien daar verwag word dat verskillende rolspelers voortdurend sal poog om hul eie aandeel in die skaars hulpbron ter sprake te versterk - dus: om trou aan die teorie van rasonale keuse konsekwent hul eie belange te bevorder.

Daar is egter in Hoofstuk 2 geargumenteer dat die objektivistiese benadering tot konflikanalise geen *meganisme* vir konflik identifiseer nie. Daar word nie verduidelik *waarom* individue en groepe poog om hul eie voordele te maksimeer nie. In die subjektivistiese benadering tot tussengroep konflik word daar geargumenteer dat daar dikwels geen instrumentalistiese verklaring vir groepe se gedrag teenoor mekaar gevind kan word nie<sup>144</sup>. Daar word onder andere verwys na eksperimentele situasies waar groepe bereid is om absolute voordele prys te gee ten einde 'n groter gaping tussen hulself en ander groepe ten opsigte van 'n bepaalde dimensie van vergelyking te bewerkstellig. In Hoofstuk 2 word daar ook omstandighede gespesifiseer waaronder groepe bereid is om ongelykhede in die verdeling materiële en ander skaars hulpbronne te aanvaar - wat nie binne die objektivistiese teorie verklaar kan word nie.

---

<sup>144</sup> Sien die opsomming van Tajfel en Turner se argument in Hoofstuk 2, Afdeling 5.2.1.

In die subjektivistiese benadering tot tussengroep konflik word daar 'n moontlike kanaal vir die realisering van konflik (dus: 'n *meganisme* vir konflik) geïdentifiseer wat ons toelaat om die impak van die verdeling van materiële en ander hulpbronne in tussengroep verhoudings te begryp terwyl daar ook voorsiening gemaak word vir grondoorzaak van konflik wat nie in hierdie verdeling van hulpbronne gesetel is nie.

Subjektivistiese teorieë oor die oorsake van tussen-groep konflik fokus primêr op die *persepsies* van die betrokke groepe, hul *interpretasies* van bepaalde strukture en prosesse en die *sosio-sielkundige effek* van hierdie persepsies en interpretasies op die groepe se optrede teenoor mekaar<sup>145</sup>. Die teorie is geskoei op die aanname dat individue streef na positiewe self-bevestiging of die bevestiging van eiewaarde. Volgens Sosiale Identiteits-Teorie word hierdie bevestiging dikwels gevind in lidmaatskap aan 'n groep wat positiewe bevestiging geniet. Hierdie status kan uit ontleen word uit enige bron wat (a) 'n "gedeelde dimensie van waarde" het, (b) die groep in staat stel om hul meerderwaardigheid *in vergelyking met/ relatief tot* ander groepe te bevestig, en (c) as relevant beskou word<sup>146</sup>. Moontlike bronne van status sluit in: sukses in situasies van kompetisie wat die meerderwaardigheid van een groep teenoor 'n ander bevestig (bv. kompetisie vir politieke mag), morele legitimiteit (bv. aansprake op materiële hulpbronne op grond van historiese besit wat onregverdiglik ontnem is of morele status wat op religieuse ideologie baseer word) en materiële welvaart en beheer oor ekonomiese hulpbronne.

In Hoofstuk 2 (Afdeling 5.2) is daar (in terme van Sosiale Identiteit Teorie) geargumenteer dat die individu se behoefte aan positiewe self-bevestiging 'n meganisme bied waardeur die objektivistiese en subjektivistiese oorsake van tussengroep konflik versoen kan word. Daar word geargumenteer dat die ongelyke verdeling van sosiale veranderlikes (bv. materiële hulpbronne en mag) tussen verskillende groepe, wat in die objektivistiese benadering as die oorsaak van konflik voorgehou word, as 'n belangrike bron van konflik aanvaar word, *maar* slegs in soverre dit individue en groepe se kapasiteit vir positiewe self-bevestiging beïnvloed. Die prominensie van materiële welvaart en beheer oor ekonomiese hulpbronne as oorsaak van konflik word dan verklaar op grond van die effektiwiteit van hierdie veranderlike as maatstaf vir eiewaarde gegewe (i) die wydverspreide *erkenning* van materiële welvaart as

---

<sup>145</sup> Sien Hoofstuk 2, Afdeling 5.1.

<sup>146</sup> Sien Hoofstuk 2, Afdeling 5.2.3.

indikator van meerderwaardige status binne die kapitalistiese denkwyse, (ii) die meetbaarheid van ekonomiese veranderlikes en die gevolglike vergemakliking van vergelykings tussen groepe, en (iii) die nie-materiële simboliese waarde van bepaalde hulpbronne (byvoorbeeld grond)<sup>147</sup>.

Konflik word teen hierdie agtergrond deur een van twee moontlike kanale gerealiseer. Dit kan die resultaat wees van 'n ondergeskikte (lae status) groep wat probeer om 'n bepaalde status quo te verander en sodoende die kwetsende vergelykings wat aan hul posisie gekoppel word te ontkom; of konflik kan gerealiseer word deur 'n dominante (hoë status) groep wat hul gunstige posisie probeer beskerm.

Daar word vervolgens uiteengesit hoe die *konflikpotensiaal* in die transformasieprosesse in die wynbedryf op grond van hierdie interpretasie van die oorsake van tussengroep konflik begryp kan word.

(1.) Daar word in die eerste plek aandag gegee aan die verdeling van materiële hulpbronne en die verskillende kanale vir die realisering van konflik wat hierdeur geskep word.

(1.a) Die ongelykhede in die verdeling van materiële hulpbronne (hetsy grond, aandeelhouding of winste uit ondernemings) in die landbousektor as geheel sowel as in die wynbedryf het 'n duidelike rassedimensie, waarin wit individue en groepe 'n dominante posisie geniet<sup>148</sup>. Daar is in hoofstuk 2 (Afdeling 5.2.5) op grond van die teorie van tussengroep konflik van Donald Horowitz (1985) aangedui dat waar ongelykhede met askriptiewe eienskappe (waaronder ras/etnisiteit) oorvleuel, kwetsende vergelykings wat op grond van hierdie eienskappe getref word 'n negatiewe status aan lede van die ondergeskikte groep toesê wat (as gevolg van die askriptiewe aard van groep-affiliasie) moeilik ontkom kan word. Op dieselfde wyse word 'n positiewe vergelyking wat met 'n bepaalde askriptiewe eienskap geassosieer word oor tyd 'n belangrike dimensie van die identiteit en positiewe selfbevestiging van die dominante groep. Daar kan dus in hierdie tipe vergelykende situasies verwag word dat ondergeskikte groepe sterk motivering sal hê om hul posisie te verander, terwyl dominante groepe alles in hul vermoë sal doen om die status quo te handhaaf.

---

<sup>147</sup> Sien Hoofstuk 2, Afdeling 5.2.3.

<sup>148</sup> Sien Hoofstuk 5, Afdeling 3.

Die behoefte aan die herverdeling van hulpbronne tussen wit en swart groepe (ter regstelling van ongeregthede van die verlede) onderlê die transformasieproses in Suid-Afrika en is ook een van die primêre beweegredes agter die transformasieprosesse in die wynbedryf. Volgens die teorie wat hierbo uiteengesit word sou materiële welvaart dus mettertyd 'n belangrike dimensie van die identiteit van wit individue en groepe in die wynbedryf geword het, en daar kan verwag word dat hierdie individue en groepe stappe sal neem om hul materiële dominansie te beskerm. In terme van die teoretiese raamwerk sou materiële ondergeskiktheid daarenteen egter ook lank reeds die positiewe selfbevestiging van swart individue en groepe in die bedryf ondermyn. Daar is dus potensiaal vir konflik indien hierdie groepe begin druk uitoefen om die verdeling van hulpbronne in die bedryf aan te pas.

(1.b) Dit is egter belangrik om ook die historiese konteks waarbinne die huidige verdeling van hulpbronne tot stand gekom het in ag te neem. Die ekonomiese transformasieproses in Suid-Afrika sowel as dié in die wynbedryf is gebaseer op die aanname dat daar 'n behoefte is aan 'n proses van *regstelling* wat die uitkomst van 'n *onregverdige* voormalige bestel aanspreek. Daar word dus geïmpliseer dat die huidige verdeling van hulpbronne nie onder regverdige omstandighede plaasgevind het nie.

In die beskrywing van verskillende bronne van status hierbo<sup>149</sup> is daar geargumenteer dat 'n bepaalde sosiale veranderlike slegs as bron van positiewe self-bevestiging kan dien indien dit ook deur ander in die sosiale omgewing *erken* word. Waar die verdeling van hulpbronne as die uitkoms van 'n onregverdige proses beskou word, word die legitimiteit van materiële welvaart as bron van status dus ondermyn. Om welvarend te wees dui dus nie op 'n meerderwaardige kapasiteit om in die ekonomiese omgewing te kompeteer nie, aangesien ander groepe nie op 'n regverdige basis aan sodanige kompeterende situasies kon deelneem nie. Konflik kan gevolglik ontstaan wanneer dominante groepe teen hierdie interpretasie van die verdeling van hulpbronne in opstand kom in 'n poging om hierdie bron van die bevestiging van hul status as groep te beskerm.

Waar die ongelyke verdeling van hulpbronne beskou word as die resultaat van historiese diskriminasie, word daar ook 'n bepaalde *morele* status aan 'n *gebrek* aan materiële welvaart

---

<sup>149</sup> Sien ook Hoofstuk 2, Afdeling 5.2.3.



gekoppel. Om arm te wees impliseer dus nie bloot dat 'n individu of groep as verloorder(s) uit 'n ekonomiese stryd tree nie, maar bevestig hul status as slagoffers van 'n onregverdigde bestel en distansieer die groep van die veronderstelde morele deprivasie wat met die betrokke bestel geassosieer word. Volgens die teoretiese model sou die demonisering van alles wat met 'n vorige bestel geassosieer word dus 'n belangrike kanaal wees vir die positiewe selfbevestiging van groepe wat op 'n materiële vlak as ondergeskik beskou word.

(1.c) Gegewe die teorie wat hierbo uiteengesit word, sou die moontlikhede vir positiewe-selfbevestiging op grond van materiële welvaart ook in die transformasieprosesse ter sprake wees in gesprekke oor die historiese rol van arbeiders. In ekonomiese onderhandelinge redeneer arbeidsverteenwoordigers dikwels dat wit persone en groepe in Suid-Afrika hul materiële welvaart te danke het aan die insette van swart werknemers wat nie genoegsaam vir hul bydraes tot ondernemings vergoed is. Soortgelyke argumente word ook gevoer deur arbeidsverteenwoordigers in die wynbedryf. Die aanvaarding van hierdie argument sou weereens 'n ondermyning van die selfbevestiging wat wit groeperinge uit hul materiële welvaart kan put verteenwoordig. In terme van die teoretiese model sou ons kon verwag dat wit individue en groepe weerstand teen hierdie argumente sal bied, terwyl swart individue en groepe hul vir die aanvaarding van hierdie argument sal beywer.

(1.d) 'n Laaste belangrike materiële dimensie in terme waarvan konflik in die wynbedryf kan realiseer is die verdeling van grond. Daar is in Hoofstuk 2 (Afdeling 5.2.3) geargumenteer dat die eienaarskap van grond beide ekonomiese en simboliese waarde het. Hierdie hulpbron is in die wynbedryf (soos in die res van Suid-Afrika) uiters ongelyk verdeel is, en die ongelyke verdeling oorvleuel boonop met die skeidslyne tussen verskillende rasgroepe. In terme van die teorie sou ons dus kon verwag dat swart groepe sal eis vir 'n aanpassing in die status quo - moontlik via 'n omvattende grondhervormingsprogram wat swart eienaarskap van grond sal uitbrei - en so die swart groepering se kapasiteit vir die bevestiging van eiewaarde sal probeer versterk. Waar wittes tans die meerderheid van grond besit, word daar veronderstel dat daar 'n bepaalde mate van weerstand teen grondhervormingsprojekte sal wees - aangesien dit wit individue en groepe van 'n belangrike bron van status sal ontnem.

(2.) Dit is tweedens belangrik om te oorweeg hoe die magsverhoudinge in die wynbedryf en druk om hierdie verhoudings aan te pas 'n bepaalde potensiaal vir konflik in die wynbedryf impliseer.

Die tradisionele magsverhoudinge tussen wit en swart groeperinge in die wynbedryf was eenvoudig. Wit groepe was dominant. Groot besighede (waaronder die KWV) het die industrie domineer, en wit individue was aan hoof van feitlik alle verteenwoordigende strukture en besighede in die bedryf. Swart groepe was ondergeskik. Swart individue was waarskynlik blote werknemers of arbeiders in besighede in die bedryf met min of geen inspraak in besluitnemingsprosesse, of het as verteenwoordigers van arbeid moontlik minimale verteenwoordiging in beheerstrukture in die bedryf gehad.

In die sosio-ekonomiese transformasieprosesse en die beleidsklimaat wat tans in Suid-Afrika heers word daar egter van alle sektore en bedrywe verwag om swart persone in besluitneming in spesifieke besighede sowel as in oorkoepelende beheerstrukture te betrek. 'n Herskikking in magsverhoudinge is reeds in die onderhandelingsforums rondom die Wynbedryfhandves en die nuwe bedryfsliggaam waargeneem. 'n Breë spektrum van belanghebbers (insluitende: verteenwoordigers van arbeid, opkomende boere, vroue en gestremdes) is by onderhandelings betrek. 'n Transformasie (aanpassing) in die magsverhoudinge in die bedryf was ook 'n eksplisiete doelwit van die herstrukturering van die SAWB en die insluiting van swart persone in die bestuur en beheer van besighede is 'n doelwit van die generiese SEB kodes wat ook in die Wynbedryfhandves gereflekteer moes word.

Dit is belangrik om te let dat insluiting by besluitnemingsprosesse (hetsy op bedryfsvlak of in individuele ondernemings) 'n tweeledige doelwit dien. In die eerste plek bemagtig dit individue en groepe om die *aard* van 'n bedryf/besigheid te beïnvloed en gee dit hulle *inspraak* in die verdeling van ander potensiële bronne van status (byvoorbeeld: rykdom). Insluiting by besluitnemingsprosesse is in die tweede plek *in sigself* 'n bron van status in soverre dit erkenning gee aan die betrokke groep se bydrae tot die besigheid of bedryf en dus as moontlike bron van selfbevestiging kan dien.

Dit is belangrik om te let dat insluiting of inklusiwiteit in sigself nie noodwendig 'n zero-som spel hoef te wees nie. Wit groepe kan byvoorbeeld verteenwoordiging behou en die insluiting van swart groepe kan bloot impliseer dat die verteenwoordigende groep of besluitnemingstruktuur groter word. Waar meer persone of groepe in 'n bepaalde struktuur verteenwoordig word het dit egter noodwendige implikasies vir die *magsposisie* van die oorspronklike deelnemers.

In terme van die model vir konflik wat hierbo (en in hoofstuk 2) uiteengesit is, kan ons dus verwag dat wit individue en groepe gekant sal wees teen die herverdeling van mag wat in die transformasieproses aangemoedig word, terwyl swart individue en groepe sal poog om hierdie herskikking te bevorder. Die statusimplikasies van insluiting by besluitnemingsprosesse ter syde, is dit belangrik om in gedagte te hou dat blote *verteenwoordiging* egter nie noodwendig beteken dat individue of groepe in staat is om besluitneming te beïnvloed (dus: om 'n dominante magsposisie te hê nie). Ander veranderlikes (waaronder ekonomiese dominansie of morele legitimiteit) het 'n belangrike invloed op die posisies vanwaar individue en groepe aan hierdie prosesse deelneem. Hierdie kwessie word weer in afdeling 6 van hierdie hoofstuk bespreek - wanneer daar gekyk word na die reaksies van verskillende groepe op transformasieprosesse in die wynbedryf.

(3.) 'n Derde moontlike kanaal vir die realisering van konflik in die wynbedryf hou verband met die status wat ontleen word uit assosiasie met die prestige van die bedryf. Hierdie prestige word tipies waargeneem by vlagskip geleenthede in die bedryf, waaronder die Veritas toekenningsaand (waartydens top Suid-Afrikaanse wyne bekroon word), die KWV se Seën op die Oes geleentheid, die Nederburg Wynveiling en verskillende wynskoue. Dit het in gesprekke met belanghebbers in die bedryf duidelik geblyk dat uitnodigings na hierdie geleenthede beskou word as 'n as 'n illustrasie van informele magsverhoudinge in die wynindustrie. Gegewe die status wat uit uitnodigings na hierdie geleenthede ontleen kan word behoort wit individue en groepe teoreties te poog om swart individue en groepe sover moontlik van hierdie geleenthede uit te sluit. Aan die ander kant, kan daar van swart groepe verwag word om aansienlike druk uit te oefen om by hierdie geleenthede ingesluit te word. Spesifieke reaksies op hierdie kwessie sal ook in afdeling 6 van hierdie hoofstuk bespreek word.

(4.) 'n Vierde potensiële bron van konflik in die wynbedryf is die etikette wat verskillende groepe aan mekaar toeken en groepe se reaksie op die identiteite wat sodoende aan hul toegeskryf word. Daar was histories minimale kontak tussen belanghebbers in die bedryf. Waar groepe wedersydse persepsies van mekaar gevorm het, was hierdie persepsies dus gebaseer op minimale (waarskynlik negatiewe) interaksie en heel moontlik die stereotipiese beelde van verskillende groepe wat tydens apartheid aan die orde van die dag was. Baie van hierdie stereotipes is blootgelê in die response op die vraelys wat ter voorbereiding van die SAWB herstruktureringproses voltooi is sowel as in gesprekke met rolspelers in die bedryf. Etikette en eienskappe wat in algemene diskoers sowel as in die wynbedryf aan wit individue en groepe gegee is sluit in: uitbuiters, histories bevoorreedes en verkrampes. Etikette en eienskappe wat aan swart individue en groepe gegee is sluit in: onkundigheid, agtergeblewenheid, 'n gebrek aan insig in ekonomiese kompleksiteite en 'n eis ("entitlement") mentaliteit. Waar hierdie etikette of eienskappe wat deur buitengroepe aan 'n bepaalde groep toegeskryf word die positiewe selfbevestiging van die groep ondermyn, kan ons in terme van die teorie verwag dat die groep teen hierdie etikette en toegeskrewe eienskappe in opstand sal kom.

Die laaste potensiële bron van konflik in transformasieprosesse in die wynbedryf, het betrekking op die uiteenlopende prioriteite van verskillende belanghebbers in die bedryf. Waar ooreenstemming oor die belangrikste strategiese doelwitte van die bedryf ontbreek, is geen ooreenstemming oor 'n gepaste benadering tot die transformasie van die bedryf moontlik nie. In die onderhandelinge rondom die Wynbedryfhandves sowel as in gesprekke rakende die herstrukturering van die SAWB was dit duidelik dat die gevestigde industrie en nuwe toetreders nie saamstem oor die primêre doelwitte van strategiese inisiatiewe in die bedryf nie. Wit individue het telkens die uitdagings in die bedryf, en die prioriteite wat daardeur geïmpliseer word, in ekonomiese terme beskryf. Hierdie groep het hoofsaaklik gefokus op die kompetendheid van die bedryf, en verskillende meganismes om hierdie kompetendheid te bevorder. Swart rolspelers het hierteenoor die sosiale prioriteite van die bedryf beklemtoon.

Die wisselwerking tussen ekonomiese en sosiale prioriteite is beskou as 'n zero-som spel waarin daar aanvaar is dat sosiale vooruitgang noodwendig sal beteken dat ekonomiese voorspoed ingeboet moet word, of dat ekonomiese sukses slegs ten koste van sosiale

voortgang kan geskied. Die interpretering van hierdie prioriteite as wedersyds uitsluitend het konsensus oor strategiese inisiatiewe in die bedryf verhoed.

### **3. Die hantering van konflik in transformasieprosesse in die wynbedryf**

#### *'n Model vir die hantering van konflik*

Met inbegrip van hierdie potensiële kanale vir die realisering van konflik in die transformasieprosesse in die wynbedryf word daar vervolgens, in terme van die teoretiese model wat in hoofstuk 3 uiteengesit is, oorweeg hoe konflik in hierdie prosesse hanteer behoort te word.

In die konflikmodel wat in Hoofstuk 2 beskryf is, word beide objektivistiese en subjektivistiese oorsake van konflik erken - met inagneming van die feit dat objektiewe faktore in der waarheid ook via subjektivistiese kanale tot konflik bydra<sup>150</sup>. Daar moet gevolglik in die hantering van konflik ook aan beide subjektiewe en objektiewe faktore aandag gegee word. In Hoofstuk 3 (Afdeling 2) is daar dus geargumenteer dat daar in die hantering van konflik aandag gegee moet word aan sowel objektiewe faktore as subjektiewe interpretasies van die objektiewe realiteit wat 'n impak het op verhoudings en gedrag. Konflik transformering is beskryf as 'n omvattende benadering waarin beide objektiewe en subjektiewe faktore hanteer word<sup>151</sup>. Gegewe die beskrywing van die kanale vir die realisering van konflik in transformasieprosesse in die wynbedryf kan konflik transformering ook beskou word as 'n geskikte model vir die hantering van konflik in die wynbedryf.

Die onderliggende aanname van die benadering is dat konflik ontstaan in die verhoudings tussen mense, hul persepsies van mekaar, hul interpretasies van die objektiewe realiteit en hul sienings oor hulself. Daar word aanvaar dat hierdie verhoudings, persepsies, interpretasies en sienings in die hantering van konflik getransformeer (verander) kan word om uiteindelik 'n meer stabiele sosiale orde tot stand te bring. Dit is dus 'n proses-gedrewe benadering waarin daar van verskillende praktiese meganismes gebruik gemaak word om kommunikasie tussen groepe te verbeter, om hul begrip van mekaar, vir mekaar se omstandighede en van die objektiewe realiteit waarbinne die konflik afspeel te verdiep. Daar

---

<sup>150</sup> Sien Hoofstuk 2 (Afdeling 5.3) en Afdeling 2 in hierdie hoofstuk.

<sup>151</sup> Sien Hoofstuk 3 (Afdeling 3.3).

word veronderstel dat die verbetering in verhoudings wat in hierdie proses gevestig word strukturele veranderinge sal aanmoedig wat sosiale geregtigheid sal bevorder en sodoende stabiele sosiale verhoudings sal vestig<sup>152</sup>.

### *Konflik transformering in die wynbedryf*

Die transformasieprosesse in die wynbedryf is tot 'n groot mate op 'n formele basis bestuur. Daar word hier geargumenteer dat daar in die bestuur van transformasieprosesse in die wynbedryf van verskillende transformatiewe instrumente vir die hantering van konflik gebruik gemaak is. Om hierdie argument te staaf, sal daar verwys word na (i) praktiese meganismes vir konflik transformering wat in die bestuur van die transformasieproses in die wynbedryf ingespan is, (ii) die verskillende vlakke van transformasie wat plaasgevind het en die wyse waarop hierdie transformasie bewerkstellig is, en (iii) die manier waarop die doelwitte van konflik transformering in die wynbedryf bevorder is.

'n Belangrike basiese vertrekpunt van die transformatiewe benadering tot konflik, is dat daar in hierdie benadering 'n positiewe ingesteldheid teenoor konflik is, waarin die potensiaal vir konflik om konstruktiewe verandering teweeg te bring erken word, en daar dus groter bereidwilligheid is om in konflik betrokke te raak<sup>153</sup>. Volgens John Paul Lederach word daar in die hantering van konflik geleenthede geskep vir interaksie tussen konflikterende groepe, waarin individue en groepe gedwing word om hulself, hul omgewing en hul verhoudings met ander onder die soeklig te plaas (sien Hoofstuk 3, Afdeling 4.1). In die transformatiewe model vir die hantering van konflik word daar van verskillende instrumente gebruik gemaak om individue en groepe van nuwe materiaal vir interpretasie te voorsien wat hul *begrip* vir mekaar en hul omgewing bevorder. Daar word veronderstel dat sodanige transformering in *begrip* uiteindelik strukturele veranderinge teweegbring wat sosiale geregtigheid bevorder en sodoende 'n meer stabiele sosiale orde vestig<sup>154</sup>.

In die bestuur van transformasieprosesse in die wynbedryf was daar twee belangrike prosesse waarin konflikterende groepe met mekaar in kontak gebring is, naamlik: prosesse rondom die herstrukturering van die SAWB as verteenwoordigende liggaam van die industrie

---

<sup>152</sup> Sien Hoofstuk 3 (Afdeling 4 en 5) vir 'n gedetailleerde beskrywing van die transformatiewe benadering.

<sup>153</sup> Sien Hoofstuk 3 (Afdeling 4.1).

<sup>154</sup> Sien Hoofstuk 3 (Afdelings 3.3 en 4.1) vir die argumente wat hierdie stelling onderlê.

(as 'n geleentheid waarin daar besin is oor die toekomstige bestuur van verhoudings tussen verskillende groeperinge in die bedryf) en in die onderhandelinge rondom die ontwikkeling van die Wynbedryfhandves (wat as padkaart vir strukturele transformasie in die bedryf dien). Daar is in beide hierdie prosesse gebruik gemaak van 'n fasiliteerder (of mediator), naamlik Gavin Pieterse, wat die interaksie tussen groepe bestuur het. Trou aan die transformatiewe benadering is daar in hierdie formele bestuur van transformasieprosesse in die bedryf van verskillende instrumente gebruik gemaak om begrip vir die (sosiale en ekonomiese) uitdagings in die bedryf sowel as groepe se begrip vir mekaar en verskillende interpretasies van omstandighede in die bedryf te bevorder.

'n Eerste voorbeeld van 'n transformatiewe meganisme vir die hantering van konflik wat in transformasieprosesse in die wynbedryf ingespan is, is die formele prosesse van *dialog*.

Dialog word onderskei van mediasie en onderhandeling op grond van die doel van die gesprek - naamlik dat daar primêr gepoog word om wedersydse begrip en respek tussen deelnemers te bevorder<sup>155</sup>. In fase twee van die herstruktureringproses (die eerste fase waarin deelnemers aan hierdie proses direk met mekaar in kontak gekom het) het die fasiliteerder verskillende kommunikasie-modelle aan deelnemers voorgedra, en is deelnemers opgelei om konstruktiewe dialog te voer. Deelnemers is spesifiek attent gemaak op die feit dat hul eie persepsies van ander belanghebbers en interpretasies van die uitdagings in die industrie nie noodwendig universeel is nie. Hulle is aangemoedig om op 'n empatiese wyse die kwessies onder bespreking ook van ander se perspektief te probeer oorweeg en om die onderliggende aannames in hul eie en ander se stellings te toets - met die doel om gedeelde waarhede te ontdek (Pieterse, 2006:9-10). Daar is ook geleentheid geskep vir deelnemers om hul eie ervarings van die verlede in die forum te artikuleer en sodoende wedersydse begrip vir die ervarings wat aan die wortel van ander se standpunte en optrede is te kweek. Trou aan die transformatiewe benadering is daar dus 'n sg. "veilige ruimte" vir die artikulering van gevoelens en ervarings geskep - met die oog op die bevordering van wedersydse begrip.

---

<sup>155</sup> Sien Hoofstuk 3 (Afdeling 5) vir 'n volledige opsomming van die eienskappe en doelwitte van dialog.

Dialogo is ook tydens fase twee en drie van die herstruktureringproses bevorder in kleingroepbesprekings. In fase twee is daar in kleingroepbesprekings besin oor die doelwitte van die herstruktureringproses en die uitdagings waarop daar gefokus behoort te word. Die uitkomst van hierdie besprekings is wel in die forum saamgevat om konsensus oor spesifieke kwessies te probeer bevorder. In die kleingroepe is daar egter prioriteit gegee aan die artikulering van verskillende opinies met die oog op die verbreding van begrip en deelnemers het nie mekaar wedersyds van hul standpunte probeer oortuig nie. 'n "Vloei van betekenis" is dus geskep wat volgens die beginsels transformatiewe benadering nuwe "materiaal vir interpretasie" aan alle betrokkenes gegee het. Transformatiewe teorie bepaal dat hierdie nuwe materiaal vir interpretasie tot veranderinge in persepsies en standpunte bydra namate individue en groepe gedwing word om hierdie inligting in hul wêreldbeeld te integreer.

Burgess & Burgess *et al* (1997) plaas in hul beskrywing van transformatiewe instrumente vir die hantering van konflik ook klem op die waarde van dialoog in waarde-gebaseerde konfliktsituasies waar onderhandelinge belemmer word deur 'n gebrek aan 'n gedeelde verwysingsraamwerk. In die wynbedryf het die uiteenlopende verwysingsraamwerke van rolspelers wat primêr in terme van ekonomiese uitdagings dink en redeneer en dié van belanghebbers wat 'n sterker sosiale agenda het aanvanklik sinvolle gesprekvoering moeilik gemaak. Pieterse het deelnemers egter aangemoedig om *gedeelde* waardes vir die proses sowel as die uiteindelige struktuur vas te stel. Belanghebbers is in hierdie proses gekonfronteer met hul wedersydse afhanklikheid en gedeelde belang in die sukses van die industrie. Hierdie vroegtydige artikulering van gedeelde doelwitte het latere gesprekke oor die spesifieke aard van die verteenwoordigende struktuur vergemaklik.

Die dialoog in die herstruktureringproses het by uitstek geleentheid geskep vir persoonlike transformasie, 'n transformasie in verhoudings en kulturele transformasie<sup>156</sup>. Individuele deelnemers is in die proses gedwing om hul eie vooropgestelde idees oor ander rolspelers sowel as hul interpretasie van uitdagings in die bedryf opsy te skuif. Pieterse het ook rolspelers se aandag spesifiek gevestig op die rol van gesonde interpersoonlike verhoudings in die sukses van die bedryf - wat rolspelers aangemoedig het om op verskillende vlakke

---

<sup>156</sup> Sien die beskrywing van verskillende vlakke van transformasie in Hoofstuk 3 (Afdeling 4.2).



(beide in formele gesprekke en tydens sosiale interaksie) met mekaar te probeer kontak maak en om praktiese strategieë te formuleer om verhoudings in die industrie te verbeter. Die kultuur of onderliggende waardes in die wynbedryf is ook direk aangespreek, en rolspelers het ooreengekom op 'n stel waardes wat hul toekomstige interaksie sou onderlê. Rolspelers het ook ooreengekom dat elkeen in die taal van sy keuse aan gesprekke kon deelneem, wat kommunikasie verder vergemaklik het.

Daar is in die herstrukturingsproses, deur die aanmoediging van konstruktiewe dialoog, voorsien aan die behoefte aan "waarheid" wat volgens Lederach (in Burgess & Burgess, 1997) 'n voorvereiste vir vrede is<sup>157</sup>. Daar was, trou aan die transformatiewe benadering tot die hantering van konflik, 'n platform geskep vir eerlike gesprekvoering oor historiese en hedendaagse gebeure in die bedryf. Pieterse het daarop aangedring dat geen standpunte of opinies voor die voet afgeskiet word nie. Waar rolspelers van 'n spesifieke opinie verskil het, is hulle gedwing om deur middel van redelike vrae die onderliggende aannames wat die opinie onderlê te probeer blootlê en met mekaar daaroor in gesprek te tree. Daar is sodoende respek en begrip vir verskillende standpunte en interpretasies van die objektiewe realiteit ontwikkel.

*Analitiese probleemoplossing* is 'n tweede transformatiewe meganisme vir die hantering van konflik wat in formele transformasieprosesse in die wynbedryf ingespan is.

Die basiese vertrekpunt van analitiese probleemoplossing as 'n benadering tot die hantering van konflik is dat konflik ontstaan waar groepe se fundamentele behoeftes (bv. aan identiteit, sekuriteit en erkenning) nie bevredig word nie<sup>158</sup>. As 'n proses, het dit primêr ten doel om behoeftes wat bedreig of ontken word te identifiseer en meganismes vir die herstrukturering van verhoudings en sosiale stelsels voor te stel wat tot die bevrediging van hierdie behoeftes sal bydra. Gefasiliteerde analitiese besprekings oor behoeftes en potensiële oplossings word op 'n gestruktureerde wyse in werkswinkels gevoer. Daar word ook in hierdie benadering klem gelê op die invloed van die konflikterende partye se opvattinge van mekaar en hul interpretasies en persepsies van die konfliktsituasie. Die transformering van hierdie

---

<sup>157</sup> Sien Hoofstuk 3 (Afdeling 4.3) vir 'n volledige beskrywing van Lederach se voorvereistes vir vrede.

<sup>158</sup> Sien Hoofstuk 3 (Afdeling 5) vir 'n meer omvattende beskrywing van analitiese probleemoplossing.

opvattinge, persepsies en interpretasies is 'n sentrale instrument waardeur gesamentlike oplossings bevorder word (Kelman, 1990:199)<sup>159</sup>.

In onderhandelinge rondom die Wynbedryfhandves kan besprekings in die verskillende tegniese spanne (wat vir voorstelle rondom spesifieke aspekte van die handves verantwoordelikheid moes neem) as oefeninge in analitiese probleemoplossing beskou word. Elke span het verteenwoordigers van 'n breë spektrum van belanghebbers ingesluit. Die kleiner aantal deelnemers aan hierdie gesprekke en die meer beperkte agenda (aangesien daar op 'n spesifieke aspek van die handves gefokus is) het dit vir die voorsitters van vergaderings van die tegniese spanne moontlik gemaak om gesprekke te lei waarin die behoeftes van verskillende rolspelers en potensiële instrumente vir die bevrediging van hierdie behoeftes in diepte bespreek kon word. Daar is egter ook in vergaderings van die verteenwoordigende uitvoerende komitee geleenthede vir analitiese probleemoplossing geskep deur aan verskillende belanghebbers 'n platform te voorsien om hul behoeftes te artikuleer en voorstelle vir die herstrukturering van verhoudings en die werking van die bedryf as geheel aan die hand te doen. So is daar byvoorbeeld in hierdie vergaderings deur verskeie groepe (waaronder vakbonde en burgerlike groepe) klem gelê op die behoeftes en swak sosiale omstandighede van die plaaswerkgemeenskap. Die hoë vlakke van ongeletterdheid onder plaaswerkers, maatskaplike probleme (waaronder drankmisbruik en gesinsgeweld), arbeidskwessies (insluitende minimum lone en die gebrek aan deelnemende bestuur) en uitdagings rondom verblyfreg op plase is in diepte bespreek, en verskillende groeperinge het kans gekry om hul persepsies en interpretasies van hierdie kwessies en potensiële oplossings aan die komitee voor te lê. Hierdie gesprekke het onder andere bygedra tot die bedryf se unieke benadering tot vrywillige nakoming van die Wynbedryfhandves en die klem wat daar in die beperkte telkaart vir vrygestelde klein ondernemings (VKO's) op menslike hulpbronontwikkeling, landelike ontwikkeling en armoedeverligting geplaas word.

Die onderhandelinge rondom die Wynbedryfhandves was meer tegnies van aard, en daar is nie so pertinent aandag gegee aan die verhouding tussen verskillende groeperinge nie. Daar was egter wel 'n gesprek rondom die visie van die industrie, waarin die waardes wat die toekomstige samewerking en interaksie in die industrie behoort te onderlê onder die loep

---

<sup>159</sup> Sien Hoofstuk 3 (Afdeling 5).

geneem is. Die gesprek rondom oplossings vir spesifieke probleme in die bedryf is hierdeur vergemaklik, aangesien praktiese voorstelle telkens gemeet kon word aan die mate waarin dit tot die realisering van die visie vir die bedryf sal bydra. Die parallelle verloop van die onderhandelinge rondom die Wynbedryfhandves en gesprekke rakende die herstrukturering van die SAWB, en die feit dat die meerderheid van rolspelers in die industrie aan beide prosesse deelgeneem het, het egter ook beteken dat die tegniese onderhandelinge rondom die handves deur die meer persoonlike en emosie- en persepsie gebaseerde herstruktureringproses ondersteun is.

Ook die kleingroepbesprekings sowel as forumbesprekings in die herstruktureringproses kan beskou word as oefeninge in analitiese probleemoplossing. Een van die eienskappe van analitiese probleemoplossing is dat daar in die besonder besin word oor strukturele veranderinge wat nodig is om 'n volhoubare sosio-politieke en ekonomiese bestel te onderlê. Sodanige strukturele veranderinge was die onderwerp van verskeie gesprekke rondom: die magsbalans in die bedryf (soos o.a. bepaal deur die samestelling van strategiese instellings soos die SAWB, WOSA, Vinpro en SAWIS, die posisie van groot industriespelers, soos die KWV en Distell, binne die bedryf en die rol van finansiële bydraes in die bepaling van stemreg in die nuwe SAWB struktuur); die doelwitte van die nuwe verteenwoordigende struktuur (en die mate waarin daar spesifiek gefokus sal word op die bevordering van die belange van swart toetreders tot die bedryf) en die sosiale verantwoordelikheid van die industrie (bv. ten opsigte van die bevordering van verantwoordelike alkoholgebruik).

Gesprekke wat op die basis van analitiese probleemoplossing bestuur is, het persoonlike en kulturele transformasie sowel as 'n transformasie in verhoudings bewerkstellig<sup>160</sup>. Verteenwoordigers van die gevestigde industrie sowel as nuwe toetreders is byvoorbeeld gedwing om hul persepsies van ander deelnemers aan die gesprek, sowel as hul interpretasie van die kwessies onder bespreking te verander namate nuwe "materiaal vir interpretasie" deur verskillende groepe op die tafel geplaas is. Die gesprekke in sigself sowel as die klem wat daar in gesprekke geplaas is op die toeganklikheid van rolspelers en die belangrikheid van die inklusiwiteit van alle besluitnemingstrukture in die bedryf het die verhouding tussen rolspelers en die basis waarop daar met mekaar in gesprek getree (m.a.w.

---

<sup>160</sup> Sien die beskrywing van verskillende vlakke van transformasie in Hoofstuk 3 (Afdeling 4.2).

die kultuur van interaksie in die bedryf) is omvorm. Dit het byvoorbeeld in die verloop van die proses baie duidelik geword dat verteenwoordigers van die gevestigde industrie waardering vir die opinies en standpunte van die vakbondverteenwoordigers en die verteenwoordigers van opkomende boere ontwikkel. Gesprekke is ook toenemend in die taal van vennootskap eerder as vyandskap gevoer, en daar is met verloop van tyd groter klem geplaas op gedeelde doelwitte en potensiaal vir wedersydse ondersteuning (eerder as om die behoeftes van verskillende groeperinge in isolasie te beskou).

In terme van die doelwitte van konflik transformering (Lederach se "voorvereistes vir vrede")<sup>161</sup>, het gesprekke wat op die basis van analitiese probleemoplossing bestuur is geleentheid geskep vir "waarheid" - in soverre dit unieke interpretasies van gebeure en omstandighede in die industrie aan die lig gebring het. Hierdie gesprekke het egter by uitstek 'n platform geskep vir die bevordering van "geregtigheid". Die oorsake van ongeregtighede in die bedryf is aan die lig gebring en verskillende idees oor 'n "regverdige industrie" is geartikuleer. Die eksplisiete doel van sowel die herstruktureringproses as die onderhandelinge rondom die Wynbedryfhandves was boonop om begrip vir die uitdagings in die bedryf by verskillende rolspelers te verdiep, en om ooreenkomste rondom die bevordering van sosiale geregtigheid in die bedryf op hierdie verdiepte begrip te baseer.

Derde meganisme vir die hantering van konflik wat in formele transformasieprosesse in die wynbedryf ingespan is, is *konstruktiewe konfrontasie*.

Hierdie benadering tot konflik transformasie oorvleuel met beide dialoog en analitiese probleemoplossing in dié sin dat dit gesetel is in kommunikasie/ dialoog tussen konflikterende groepe. Groepe word (soos in die geval van dialoog en analitiese probleemoplossing) direk met mekaar in kontak gebring. In konstruktiewe konfrontasie val die klem weereens op die herstel van verhoudings en die identifisering van gedeelde belange wat 'n basis kan vorm vir 'n gesamentlike soeke na wedersyds aanvaarbare oplossings<sup>162</sup>. Die benadering word hoofsaaklik van dialoog en analitiese probleemoplossing onderskei op grond van die fokus op pogings om alle kompliserende faktore of sogenaamde "bedekkings" van die fundamentele

---

<sup>161</sup> Sien Hoofstuk 3 (Afdeling 4.3) vir 'n volledige beskrywing van Lederach se voorvereistes vir vrede.

<sup>162</sup> Sien Hoofstuk 3 (Afdeling 5) vir 'n meer volledige beskrywing van konstruktiewe konfrontasie as 'n meganisme vir die hantering van konflik.

oorsake van die konflik (waaronder: misverstande, prosedurele probleme, onenigheid oor bepaalde tegniese feite ens.) uit die weg te ruim in 'n poging om die destruktiewe momentum van konfliktuele interaksie om te keer.

Aspekte van hierdie benadering tot die hantering van konflik was in die wynbedryf sigbaar in die wyse waarop sowel die herstrukturingsproses as onderhandelinge rondom die Wynbedryfhandves deur die fasiliteerder, Gavin Pieterse, hanteer is. Direkte interaksie in beide prosesse het afgeskop met gesprekke rondom (i) verskillende verteenwoordigers se verwagtinge van die proses (ii) die aanvaarbaarheid van verteenwoordiging in die onderhandelinge (iii) deelnemers se opinies oor aanvaarbare vergaderingsprosedure, die manier waarop daar tussen vergaderings met deelnemers gekommunikeer behoort te word en die taal van interaksie, en (iv) die wyse waarop besluite geneem sal word<sup>163</sup>. In die geval van die Loodskomitee van die Wynbedryfhandves (Wine Charter Steering Committee/WCSC), is daar ooreengekom op 'n volledige besigheidsplan wat die samestelling, take en werkplan van die Loodskomitee sowel as die van die verskillende tegniese spanne uiteengesit het (WCSC, 2005b).

In gesprekke oor kritiese kwessies in die herstrukturingsproses is deelnemers aangemoedig om hul interpretasies van ander se stellings en opinies na hulle terug te kaats in 'n poging om misverstande uit die weg te ruim. Wanneer 'n deelnemer 'n stelling van 'n ander individu negatief ervaar het, is daar dus ruimte geskep vir hierdie deelnemer om 'n direkte vraag aan die individu wat die stelling gemaak het te vra en het die individu dan ook die geleentheid gekry om sy stelling te verdedig of te kwalifiseer. Misverstande rondom die definisie van "volhoubaarheid" is byvoorbeeld op hierdie wyse uit die weg geruim. In die vroeë fases van onderhandelinge wanneer die gevestigde industrie na "volhoubaarheid" verwys het, het ander rolspelers veronderstel dat daar eksklusief na ekonomiese volhoubaarheid verwys word. Ander deelnemers het die geleentheid gekry om hierdie definisie te bevraagteken en om alternatiewe (meer inklusiewe) definisies voor te stel. Verteenwoordigers van die gevestigde industrie het in reaksie hierop die geleentheid gekry om hul definisie van volhoubaarheid op 'n inklusiewe wyse te artikuleer. Die definisie vir "volhoubaarheid" waarop uiteindelik ooreengekom is het verwys na ekonomiese en sosiale volhoubaarheid sowel as die

---

<sup>163</sup> Dit is belangrik om te let dat daar in beide prosesse gekies is om besluite te neem op grond van konsensus tussen alle rolspelers en dat daar nie op enige stadium oor spesifieke kwessies gestem is nie.

volhoubare gebruik van natuurlike hulpbronne. Hierdie definisie is deur konstruktiewe konfrontasie verfyn, en was uiteindelik bepalend vir die gees waarin ander besluite geneem is.

Die kwessie van geloofwaardige tegniese informasie wat as basis vir gesprekvoering kan dien het in verskillende fases van onderhandelinge rondom die Wynbedryfhandves sowel as die herstrukturering van die SAWB gefigureer. Spesifieke kwessies ten opsigte waarvan tegniese informasie verlang is sluit in: nasionale vordering met grondhervormingsdoelwitte, die omvang van die onwettige afsetting van plaaswerkers, en persepsies oor swart ekonomiese bemagtiging en die omvang van bestaande bemagtigingsaktiwiteite in die wynbedryf.

In besprekings oor grondhervorming in die onderhandelinge rondom die Wynbedryfhandves is daar verwys na die gepubliseerde statistieke van die Departement van Grondsake oor vordering ten opsigte van grondhervormingsdoelwitte. Spesifieke syfers oor grondhervorming in die wynbedryf is ook uit akademiese studies aangehaal. Die beskikbaarheid van betroubare statistieke het gesprekvoering rondom hierdie kwessie vergemaklik. Die herstruktureringproses en die Wynbedryfhandves Loodskomitee is boonop gebruik as platform vir verskillende groeperinge om hierdie tipe statistieke met mekaar te deel en sodoende 'n gemeenskaplike verwysingsraamwerk te vestig.

Die *status quo* met betrekking tot swart ekonomiese bemagtiging in die wynbedryf sowel as persepsies en opinies oor transformasie in die bedryf is in 'n vraelys-gebaseerde studie bepaal. Die studie is uitgevoer deur 'n navorsingspan van AgriAfrica (onder leiding van Professor Eckart Kassier) in opdrag van die Wynbedryfhandves Loodskomitee. Hierdie studies het dit duidelik gemaak dat die behoefte aan transformasie deur belanghebbers in die bedryf erken word, en dat die meerderheid van rolspelers bereid is om by bemagtigingsprojekte betrokke te raak (Kassier, 2005:8-9). Uitdagings t.o.v. bemagtiging, waaronder onkunde rakende gepaste bemagtigingsinstrumente en die behoefte aan 'n adviesdiens oor bemagtigingskwessies is ook geïdentifiseer (Kassier, 2005:8-10). Die feitelike materiaal wat in hierdie studie voorsien is, kon deur die fasiliteerder gebruik word om gesprekke rondom hierdie kwessies te struktureer en om sekere van die foutiewe emosionele aannames van rolspelers (byvoorbeeld: dat wit persone in die landbousektore nie tot transformasie wil bydra nie) te weerlê.

Gesprekke rondom die omvang van onwettige afsettings van plaaswerkers het dikwels dialoog rondom die sosiale uitdagings in die industrie gedomineer. Die afsettingskwessie is op nasionale vlak 'n punt van dispuut tussen georganiseerde landbou, arbeidsorganisasies en die Departement van Landbou. Daar is op hierdie stadium slegs een formele studie wat die omvang van onwettige afsettings op nasionale vlak probeer vasstel het. Die studie is onderneem deur die *Nkuzi Ontwikkelings Assosiasie* en *Social Surveys*, 'n sosiale navorsingsgroep in Johannesburg. Die uitkomst van die studie is egter nie deur alle groeperinge in die landbousektor aanvaar nie. Die gevestigde industrie meen dat die aard en omvang van uitsettings oorskat word en dat daar nie genoegsame aandag gegee word aan die ekonomiese omstandighede wat tot uitsettings bydra nie. Arbeidsorganisasies en burgerlike groepe beskou uitsettings egter as 'n sosiaal-maatskaplike uitdaging en argumenteer dat dit die voorkoming van uitsettings 'n primêre doelwit van strategiese forums in die wynbedryf behoort te wees - desnieteenstaande die feit dat daar onsekerheid rondom die spesifieke omvang van die probleem is. Debatte rondom die omvang van die probleem het gedreig om konstruktiewe debat rondom sosiale ontwikkeling in die bedryf te ontspoor. Pieterse het, in die afwesigheid van akkurate statistieke, deelnemers aangemoedig om in gesprekke oor die kwessie eerder op die *oorsake* van uitsettings en moontlik *meganismes* vir die beskerming van persone met kwesbare verblyfreg te fokus.

In terme van die doelwitte van die transformatiewe benadering tot die hantering van konflik is die proses van analitiese probleemoplossing daarop gemik om "waarheid" te bevorder<sup>164</sup>. In die wynbedryf het gesprekke rondom die uitdagings in die industrie en die inligting wat op die basis van konstruktiewe konfrontasie in die proses ingewin en gedeel is, bygedra tot 'n transformering in die begrip van individue en groepe wat deel was van die proses. Dit was dus nog 'n meganisme waarin 'n transformasie in begrip bewerkstellig is wat tot die ontwikkeling van werkbare oplossings vir die bedryf bygedra het.

'n Laaste transformatiewe meganisme wat in die wynbedryf gebruik is, is *deelnemende beredenering*. In deelnemende beredenering word interaksie kundiges op vakgebiede wat met die konflik verband hou, die algemene publiek en rolspelers in 'n bepaalde konflik georkestreer in 'n poging om beide die deelnemers, die publiek en die kundiges se begrip vir

---

<sup>164</sup> Sien Hoofstuk 3 (Afdeling 4.3) vir 'n volledige omskrywing van die doelwitte van konflik transformering.

die probleem en potensiële oplossings by te dra. In die transformasieprosesse in die wynbedryf is kundiges oor transformasie en bemagtiging in die bedryf op verskillende vlakke in gesprekke met rolspelers betrek. In die Wynbedryfhandves Loodskomitee het kundiges in verskillende areas voorleggings aan die Loodskomitee gedoen waarin inligting oor die bedryf met rolspelers gedeel en bespreek is. Professor Eckart Kassier het byvoorbeeld die bevindinge van hul studie oor bestaande bemagtigingsaktiwiteite en die persepsies en opinies van verskillende rolspelers t.o.v. bemagtiging aan die Loodskomitee voorgelê. Deelnemers het ook die geleentheid gekry om vrae te stel. Konstruktiewe debat is op hierdie wyse bevorder.

Professionele konsultasie organisasies wat op die transformasie in die landboubedryf fokus is ook by gesprekke binne die Wynbedryfhandves Loodskomitee betrek. Een van hierdie organisasies het byvoorbeeld 'n bespreking van die Loodskomitee gelei waarin daar besin is oor gepaste afsny punte in die omset van ondernemings wat aan verskillende telkaarte (bv. vir groot ondernemings, kwalifiserende klein ondernemings of vrygestelde klein ondernemings) moet voldoen. Hierdie gesprekke was van strategiese belang vir die proses, aangesien die gekose afsny punte 'n bepalende invloed kan hê op die omvang van bemagtigingsaktiwiteite in die bedryf. Die relatief objektiewe bydraes van kundige buitestanders het gehelp om verskillende deelnemers se begrip vir die potensiële impak van hul keuses in hierdie verband te verbreed en sodoende die 'n kwaliteit van besluitneming te verhoog.

In die onderhandelinge rondom die herstrukturering van die SAWB is daar nie direkte bydraes deur vakkundiges gelewer nie, maar is daar gepoog om lede van die publiek wat ervaring in die bedryf het (maar nie noodwendig op daardie stadium as verteenwoordiger van 'n spesifieke groep opgetree het nie) by die gesprek te betrek. Dit was interessant om te let dat hierdie individue, moontlik juis omdat hulle nie aan die mandaat van enige spesifieke groep verbind was nie, dikwels meer uitgesproke was oor die verskillende kwessies wat bespreek is en so meer eerlike gesprekvoering by ander deelnemers aangemoedig het.

Hierdie "deelnemende beredenering" was dus ook daarop gemik om "waarheid" te bevorder en om so, deur die uitbreiding van rolspelers se begrip vir mekaar en van omstandighede in die bedryf (dus: persoonlike transformasie) die formulering van wedersyds aanvaarbare oplossings vir spesifieke probleme te bevorder.



Bo en behalwe die bogenoemde vier praktiese transformatiewe meganismes wat in die hantering van konflik in die wynbedryf gebruik is, is dit belangrik om te let dat ander beginsels van die preskriptiewe teorie van konflik transformering ook in die wynbedryf geïmplementeer is.

Die eerste hiervan, het betrekking op die *inklusiwiteit* van die onderhandelingsprosesse. Geen rolspelers of belanghebbers in die wynbedryf is doelbewus buite die formele transformasieprosesse gelaat nie. Belanghebbers vanoor 'n breë spektrum is by die proses betrek, en daar is in die besonder moeite gedoen om verteenwoordigers van kwesbare- en minderheidsgroepe (waaronder: vroue, gestremdes en plaaswerkers) in die verskillende forums en taakgroepe in te sluit. Daar is boonop in beide prosesse ruimte gelaat vir deelnemers om ander groepe te nomineer wat ook na vergaderings uitgenooi moet word en enige organisasie kon binne redelike perke versoek om by die prosesse betrek te word. Die prosesse is boonop befonds deur SAWIT en die oorspronklike SAWB, en geen groepe is op grond van 'n onvermoë om tot die befondsing van die onderhandelingsproses by te dra van onderhandelinge uitgesluit nie. Dit is ook belangrik om te let dat die profiel van persone nie tot top leierskap in verskillende organisasies beperk was nie, en dat verskeie middel- en voetsoolvlak leiers ook by die prosesse betrek is<sup>165</sup>. Leiers van verskillende plaaslike NRO's, waaronder: die Rural Development Network/ RUDNET, die Centre for Rural Legal Studies, Arise and Shine ('n organisasie wat gestremdes verteenwoordig) en die Cape Women's Forum, Women in Wine en Jeuggroepe is byvoorbeeld na die verskillende gesprekke uitgenooi. Ook "middelvlak leierskap" van sektorale organisasies soos vakbonde en verteenwoordigers van opkomende boere was by onderhandelinge teenwoordig. Trou aan die transformatiewe benadering is daar telkens die hoop uitgespreek dat hierdie inklusiewe benadering uiteindelik die implementering van ooreenkomste sal vergemaklik.

Ook Lederach en Curle se preskriptiewe aanbevelings ten opsigte van die *progressie* tot vreedsame verhoudings is op 'n implisiete vlak sigbaar in die benadering wat deur die fasiliteerder in beide die formele transformasieprosesse in die wynbedryf gevolg is<sup>166</sup>. Die potensiële konflik in die wynbedryf (soos beskryf in Afdeling 2 hierbo) is as't ware in die

---

<sup>165</sup> Sien Figuur 2, in Hoofstuk 3 (Afdeling 5) vir 'n oorsig van verskillende leierskapsvlakke.

<sup>166</sup> Sien Hoofstuk 3 (Afdeling 5 en Figuur 1) vir 'n opsomming van Lederach se konseptualisering van die progressie tot vreedsame verhoudings.

formele transformasieprosesse op die spits gedryf deur rolspelers te dwing om konsensusopinies oor kontensieuse kwessies te formuleer. Die implisiete aanname in die verskillende prosesse, was dat daar wedersyds aanvaarbare oplossings gevind kan word wat volhoubare vreedsame verhoudings tussen die verskillende groeperinge in die bedryf sal moontlik maak en dat sodanige oplossings in 'n proses van interaksie tussen twistende groepe geïdentifiseer kan word. Gesprekke binne die Wynbedryfhandves Loodskomitee sowel as die forum- en kleingroepbesprekings in die herstrukturingsproses het gelyktydig as platforms vir opvoeding, advokaatskap en onderhandeling gedien. Deur middel van dialoog, analitiese probleemoplossing, konstruktiewe konfrontasie en deelnemende beredenering, is bewustheid van ongelyke verhoudings en ongeregthede in die bedryf sowel as praktiese oorwegings wat in die formulering van ooreenkomste in ag geneem moet word bevorder. Pieterse (die fasiliteerder) het self 'n "advokaatskap" funksie vervul deur die erkenning van die wedersydse afhanklikheid van verskillende groeperinge tydens gesprekvoering aan te moedig. Te danke aan die inklusiewe aard van die formele transformasieprosesse was verskillende groeperinge boonop in 'n posisie om die behoeftes en belange van histories ontmagtigde groepe te artikuleer en om 'n waghondrol te vervul ten opsigte van die inspraak van ontmagtigde groepe in die toekomstige sosio-politiese en ekonomiese bestel binne die wynbedryf - wat in die transformatiewe benadering as 'n belangrike voorwaarde vir volhoubare stabiele verhoudings beskou word.

Dit is ook belangrik om te let dat die kwessie van sosiale geregtigheid wat dikwels implisiet in vredesprosesse ter sprake is, en volgens die transformatiewe benadering bepaalend is vir stabiele sosiale verhoudings, in die formele transformasieprosesse in die wynbedryf eksplisiet bespreek is. Beide die prosesse was daarop gemik om wedersyds aanvaarbare reëls vir interaksie en die organisering van die sosio-politiese en ekonomiese orde in die wynbedryf te ontwikkel<sup>167</sup>. Potensieel plofbare kwessies soos magsverhoudinge in die bedryf, die verdeling van hulpbronne en die bevordering van die belange van ontmagtigde groepe was in der waarheid die onderwerp van die verskillende gesprekke, en die feit dat daar in hierdie gesprekke genoegsame gemeenskaplike gronde gevind kon word om konsensusopinies oor hierdie kwessies te formuleer wat formeel (in die Wynbedryfhandves en stigtingsdokumente

---

<sup>167</sup> Sien die beskrywing van Lederach se progressie tot vreedsame verhoudings in Hoofstuk 3, Afdeling 5.

van die Wynraad) deur alle belanghebbers aanvaar is, dui op 'n strategiese belyning van standpunte in die industrie wat 'n sterk basis vir toekomstige transformasie-inisiatiewe vestig.

Hierdie formele ooreenkomste en ander uitkomste van die transformasieproses in die wynbedryf word vervolgens binne die konseptuele raamwerk van die transformatiewe benadering tot die hantering van konflik geëvalueer.

#### **4. Evaluering van die uitkomste van formele transformasieprosesse in die wynbedryf**

In Afdeling 3 van hierdie hoofstuk is daar gekyk na preskriptiewe transformatiewe teorieë rakende die *hantering* van konflik en die wyse waarop dit in die transformasieprosesse in die wynbedryf toegepas is. In hierdie afdeling word daar oorweeg tot welke mate die *uitkomste* van die transformasieprosesse in die wynbedryf aan die vereistes van die transformatiewe model voldoen. Drie verlangde uitkomste binne die transformatiewe model, wat elk op 'n unieke wyse bydra tot stabiele sosiale verhoudings, word oorweeg.

Die eerste hiervan het betrekking op sogenaamde *subjektiewe* kwessies, waaronder die transformering van wedersydse begrip en die herinterpretering van die situasie/omstandighede wat tot die konflik aanleiding gegee het en die impak hiervan op die verhouding tussen verskillende rolspelers of belanghebbers binne 'n bepaalde omgewing. Hierdie is 'n belangrike vertrekpunt, aangesien daar in die transformatiewe model geargumenteer word dat sodanige omvormde begrip en getransformeerde interpretasies van die konfliksituasie rolspelers aanmoedig om wedersyds aanvaarbare oplossings vir kontensieuse kwessies te vind.

Soos reeds genoem, is daar in die formele transformasieprosesse in die wynbedryf op verskillende maniere pertinent aandag gegee aan die herstel van verhoudings, die ontwikkeling van 'n gedeelde begrip vir die uitdagings in die bedryf en die daarstelling van wedersyds aanvaarbare instrumente om hierdie uitdagings aan te spreek. In die gesprekke met deelnemers aan die transformasieprosesse het deelnemers feitlik sonder uitsondering

verwys na die positiewe invloed van die formele transformasieprosesse op die verhoudings tussen verskillende individue en groeperinge<sup>168</sup>. Daar is onder andere verwys na:

- Die oorbrugging van die "grense van andersheid" deur informele sosiale kontak sowel as die openhartige interpersoonlike gesprekke wat deur Gavin Pieterse gefasiliteer is.
- Belanghebbers vanoor die spektrum het genoem dat die transformasieprosesse 'n "kanaal vir kommunikasie" gevestig het, wat samewerking tussen verskillende groeperinge in die bedryf rondom kwessies van gemeenskaplike belang vergemaklik.
- Verteenwoordigers van arbeid en nuwe toetreders het verwys na die impak van die prosesse op hul begrip vir die vernaamste uitdagings (en veral die ekonomiese uitdagings) in die bedryf en hul oortuiging dat die gevestigde industrie 'n groter sensitiwiteit vir die sosiale uitdagings en transformasiebehoefte van die industrie ontwikkel. Daar is in hierdie opsig spesifiek verwys na die verbreding van die definisie van "transformasie" om ook die ontwikkeling van menslike hulpbronne en die verbetering van die lewensomstandighede van kwesbare groepe in die bedryf in te sluit.
- Nuwe toetreders het ook genoem dat hulle persepsies oor hul *eie* rol in die industrie verander het namate die werking van die industrie meer duidelik omskryf is, en daar konsensusopinies gevorm is rondom die strategiese visie vir die bedryf en die kapasiteite binne die verskillende organisasies in die bedryf om hierdie visie te help realiseer.
- In die opsomming van die uitkomst van gesprekke met verskillende rolspelers in die bedryf in Hoofstuk 5 (Afdeling 5) is daar genoem dat verteenwoordigers van die gevestigde industrie minder geneig was om 'n radikale transformasie van *hul eie* begrip vir die bedryf en ander rolspelers as 'n uitkoms van die proses te identifiseer. Daar is ook verwys na die argumente van die gevestigde industrie dat hulle lank reeds met individue en groepe uit verskillende agtergronde kontak het en voel dat hulle ander groepe se behoeftes verstaan, en dat hulle selfs in die afwesigheid van die formele transformasieprosesse die behoefte aan transformasie besef het en probeer het om meganismes in plek te stel om dit te bevorder. Moontlike interpretasies van hierdie uitkoms sal in Afdeling 5 van hierdie hoofstuk gegee word, wanneer die reaksies van verskillende rolspelers op die transformasieprosesse en die uitkomst daarvan bespreek word.

---

<sup>168</sup> Sien Hoofstuk 5 (Afdeling 5) vir 'n volledige opsomming van rolspelers se opinies oor die impak van die proses op verhoudings en wedersydse persepsies.

Met betrekking tot die transformering van persepsies en verhoudings is dit veral belangrik om te let op die impak van die formele transformasieprosesse op belanghebbers in die wynbedryf se benadering tot en interpretasie van geleenthede vir interaksie en die konflik wat soms in hierdie omstandighede ontstaan. Daar is in beide die herstruktureringproses en onderhandelinge rondom die Wynbedryfhandves voortdurend klem geplaas op die "gedeelde belange" van die verskillende belanghebbers in die bedryf, en die feit dat verskillende groepe elk op 'n unieke wyse tot die realisering van die visie wat vir die bedryf geformuleer is moet bydra<sup>169</sup>. Teen hierdie agtergrond word die toekomstige interaksie van belanghebbers in die bedryf beskou as 'n platform waar vordering ten opsigte van die visie van die bedryf, bedreigings vir hierdie visie en strategieë om die visie te realiseer bespreek kan word. Interaksie word dus 'n geleentheid vir gesprekvoering rondom die bevordering van die sukses van die bedryf (wat in almal se belang is), eerder as 'n forum vir voortgesette konflik waarin verskillende rolspelers bepaalde nougesette agendas probeer bevorder. Sodanige voortgesette gesprek is by uitstek moontlik gemaak deur die gekose struktuur van die verteenwoordigende liggaam van die bedryf, waarin verskillende belanghebbers op 'n gereelde basis gesamentlik besin oor strategiese uitdagings vir die industrie en die wyse waarop dit kollektief aangespreek kan word. Die voortsetting van debat rondom kontensieuse kwessies is een van die eienskappe van 'n transformatiewe benadering tot die hantering van konflik wat dit onderskei van konflik skikking of konflik beslegting in dié sin dat daar nie aanvaar word dat konflik "afgehandel" kan word of dat uitdagings in die konfliksituasies of strategieë vir die hantering van hierdie uitdagings staties kan bly nie. Die sukses van die wynraad forum (waarbinne hierdie voortgesette gesprekke in die wynbedryf moet plaasvind) sal dus uiteindelik bepalend wees vir die langtermyn sukses van die transformasieprosesse in die wynbedryf.

Die tweede verlangde uitkoms van die transformatiewe benadering tot die hantering van konflik wat hier oorweeg sal word, is die mate waarin die transformering in begrip wat hierbo beskryf word tot *werklike veranderinge in die beleid en instellings in die wynbedryf* bygedra het - met ander woorde: die mate van strukturele transformasie wat deur die proses bewerkstellig is. In Hoofstuk 3 (Afdeling 3.3) is daar in die oorsig van die transformatiewe benadering tot die hantering van konflik genoem dat die proses van konflik transformering

---

<sup>169</sup> Tydens die herstruktureringproses het Gavin Pieterse rolspelers aangemoedig om "diensverskaffers" te identifiseer wat verskillende strategiese funksies namens die bedryf kan vervul.

daarop gemik is om 'n verbetering in tussengroep verhoudings te bewerkstellig, en dat die "siklus van positiewe interaksie" wat daardeur gevestig word die ontwikkeling van 'n meer regverdigde sosiale orde fasiliteer. Daar is spesifiek verwys na die eliminasië van onderdrukking (m.a.w. 'n herstel in magsverhoudinge), verbeteringe in die verdeling van hulpbronne en die vestiging van nie-gewelddadige kanale vir die beslegting van konflik.

Die formele transformasieprosesse in die wynbedryf het reeds strukturele verandering in die bedryf tot gevolg gehad. Daadwerklike veranderinge in die magsverhoudinge in die bedryf is sigbaar in:

- Die inklusiwiteit van forums waarin die strategiese doelwitte van die bedryf bespreek is (vergelyk byvoorbeeld die eksklusiewe groep wat Visie2020 en die Wynindustrie Plan/WIP opgestel het met die verskeidenheid rolspelers wat by onderhandelinge rondom die Wynbedryfhandves en die herstrukturering van die SAWB betrek is).
- Die samestelling van die Wynraad - en spesifiek die insluiting van verteenwoordigers van arbeid, opkomende produsente en burgerlike organisasies in die "Wine Industry Development Agency" (WIDA), en die toekenning van direksieposte aan verteenwoordigers van arbeid, opkomende boere, gemeenskapsverteenwoordigers sowel as die voorsitter van WIDA.
- Die rol van die Wynraad Forum - en by uitstek die fokus van hierdie forum op sosiale uitdagings in die bedryf.
- Die besluit om nie seggenskap in die Wynraad direksie of forums te koppel aan die finansiële bydraes van onderliggende organisasies nie.
- Die besluit om sosiale kwessies en die ontwikkeling van menslike hulpbronne in 'n afsonderlike "kamer" binne die Wynraad te hanteer (eerder as om dit 'n bykomende doelwit van al die ander substrukture te maak).
- Die uitbreiding van die seggenskap van die Wynraad oor onderliggende organisasies (bv. WOSA, Winetech en SAWIS), en spesifiek die waghondrol van die Wynraad direksie oor transformasie-aktiwiteite binne hierdie organisasies (as 'n verdere meganisme om 'n genoegsame fokus op die sosiale uitdagings in die bedryf te verseker).
- Die besluit om "ontluikende boere en landbou" as 'n afsonderlike belanghebbende met verteenwoordiging in die Wynraad te behou, eerder as om hul verteenwoordiger met dié van bestaande produsente te integreer op grond van die veronderstelde identiese doelwitte van hierdie twee groeperinge.

Ook die fokus wat daar in die Wynbedryfhandves geplaas word op die insluiting van swart persone in die bestuur en besluitneming van ondernemings in die bedryf is daarop gemik om die magsbalans tussen wit en swart groepe in die industrie aan te pas.

Dit is uit die bogaande voorbeelde van veranderinge in die magsverhoudinge in die wynbedryf duidelik dat daar 'n algemene magsverskuiwing plaasgevind het wat aan verteenwoordigers van arbeid, burgerlike organisasies en opkomende produsente (wat op hierdie stadium hoofsaaklik swart belange verteenwoordig) meer inspraak in besluitnemingstrukture in die wynbedryf gee.

Die Wynbedryfhandves, wat in Julie 2007 deur die Wynraad Forum as die roetekaart vir transformasie in die wynbedryf aanvaar is, lê belangrike beleidsbeginsels neer wat die potensiaal het om die verdeling van hulpbronne in die wynbedryf radikaal te verander. Die handves stel duidelike doelwitte vir:

- Die uitbreiding van swart eienaarskap in landboubesighede;
- Die uitbreiding van swart eienaarskap van landbougrond in die wynbedryf;
- Opleiding en vaardigheidsontwikkeling vir swart persone in die wynbedryf, wat hulle in staat sal stel om meer effektief in die bedryf te kompeteer;
- Die bevordering van swart ondernemings deur die aanmoediging van verkryging vanaf swart organisasies en bystand aan swart organisasies as deel van die "ontwikkeling van ondernemings"; en
- Die bevordering van sosiale investering in die wynbedryf wat 'n radikale verandering kan teweegbring in die materiële welstand van kwesbare groeperinge in die bedryf.

Dit is ook belangrik om te let dat belanghebbers in die wynbedryf ooreengekom het dat vrywillige nakoming van die handves deur vrygestelde klein ondernemings aan die Wynbedryfhandves aangemoedig moet word ten einde 'n breë basis van swart ekonomiese bemagtiging in die bedryf te verseker. Daar word boonop in hierdie vrywillige nakoming spesifiek aandag gegee aan die bevordering van sosiale investering en die ontwikkeling van menslike hulpbronne wat swart persone se kapasiteit om in die bedryf te kompeteer sal versterk.

Die Wynbedryfhandves word boonop ondersteun deur nasionale beleid wat die onregverdighede in die huidige verdeling van ekonomiese hulpbronne in Suid-Afrika erken en daarop gemik is om 'n verandering in die verdeling van inkomste en patrone van eienaarskap tussen wit en swart Suid-Afrikanners te bewerkstellig<sup>170</sup>. Die legitimiteit van die doelwitte van die Wynbedryfhandves word hierdeur versterk. Die prominensie van sosio-ekonomiese transformasie in nasionale beleid versterk ook die druk op die wynbedryf om die doelwitte wat in die Wynbedryfhandves gestel word te bereik.

In die wynbedryf is die doelwitte van die Wynbedryfhandves ook bevestig in die visie vir die bedryf wat in onderhandelinge rondom die herstrukturering van die SAWB deur alle belanghebbers aanvaar is, en die waardes wat hierdie visie onderlê. Die visie vir die bedryf in die stigtingsdokumente van die Wynraad lui as volg:

"The South African wine industry is a globally competitive, profitable, accessible and equitable industry, underpinned by its characteristics of meaningful people development, sustainable, natural resource usage, ethical trade practices and responsible business processes that makes a significant contribution to poverty alleviation and wealth creation for all".

Daar is in hierdie visie 'n duidelike fokus op die behoefte aan 'n herverdeling in hulpbronne - soos geïllustreer in die klem op "gelykheid", "armoedeverligting" en "welvaartskepping vir almal". Hierdie visie word boonop onderlê deur 'n stel waardes in terme waarvan alle deelnemers ooreengekom het dat samewerking in die industrie sal geskied, waarin daar ook verwys word na "gelykheid", "regverdigheid", "welvaart vir almal" en "sosiale geregtigheid".

Soos hierbo genoem, vereis suksesvolle konflik transformering ook dat daar aanvaarbare kanale vir die hantering van konflik gevestig word - waar die uitdagings in 'n bepaalde omgewing of stel verhoudings op 'n voortgesette basis bespreek kan word en daar sodoende verseker kan word dat die gekose response op uitdagings gereeld geëvalueer word en relevant bly tot die omgewing waarbinne dit geïmplementeer word. In die wynbedryf verteenwoordig die Wynraad Forum so 'n "kanaal vir die hantering van konflik". Rolspelers het ooreengekom om hul griewe binne hierdie forum met mekaar te bespreek en daar is

---

<sup>170</sup> Sien Hoofstuk 4 (Afdelings 2, 3 en 4) vir 'n volledige beskrywing van die konteks van sosio-ekonomiese transformasie in Suid-Afrika en die manier waarop transformasie op 'n nasionale vlak bevorder word.



prosedures aanvaar waarvolgens besluite binne hierdie forum sowel as binne die direksie van die Wynraad geneem sal word. Die Wynraad het boonop eienaarskap van die Wynbedryfhandves geneem, en is daarvoor verantwoordelik om die implementering van die handves en vordering ten opsigte van die doelwitte wat in die handves gestel word te monitor. Dit is dus belangrik dat alle belanghebbers in die bedryf aangemoedig word om aktief aan hierdie forum deel te neem, en dit as platform vir die uitdrukking van behoeftes en griewe te beskou. Die konferensie oor sosiale uitdagings wat in Augustus 2007 deur die Wynraad Forum aangebied is, was 'n eerste praktiese realisering van die Forum se rol as so 'n platform. Soortgelyke gesprekke oor ander uitdagings sal 'n bepalende rol speel in die stabiliteit van verhoudings in die wynbedryf.

Die laaste uitkoms wat in terme van die transformatiewe benadering tot die vestiging van stabiele sosiale verhoudings bydra (en dus as 'n "toets" vir die volhoubaarheid van ooreenkomste rondom transformasie in die wynbedryf ingespan kan word), is die bevordering van sosiale geregtigheid. Daar is in Hoofstuk 3 (Afdeling 3.3 en 4) geargumenteer dat die transformasie in begrip wat deur konflik transformering bewerkstellig word strukturele veranderinge aanmoedig wat sosiale geregtigheid bevorder. Sosiale geregtigheid is ook in Afdeling 4.3 geïdentifiseer as een van die basiese doelwitte van konflik transformering en die implisiete doelwit van die praktiese meganismes wat in die transformatiewe benadering tot die hantering van konflik ingespan word.

Daar is ook in Hoofstuk 3 verwys na die Tajfel & Turner (1979) se beskrywing van die opsies vir die hantering van bedreigde groepstatus, en die feit dat twistende groepe in eksperimentele situasies bereid was om ongelyke uitkomst (en die gepaardgaande status-implikasies) te aanvaar indien die ongelykheid die resultaat was van 'n "regverdig kompetisie" waarvan die reëls deur al die betrokke partye aanvaar is. In sosiale omstandighede waar ongelykheid 'n gegewe is (en "gelykberegting in eiewaarde" dus na 'n onbereikbare ideaal lyk), word hierdie soort "regverdig kompetisie" met wedersyds aanvaarbare reëls beskou as 'n noodsaaklike voorvereiste vir stabiele sosiale verhoudings (of 'n meganisme om gelykberegting in eiewaarde te vestig).

In Hoofstuk 3 word daar vervolgens geargumenteer dat:

*"Ons kan aan die konsep van regverdige kompetisie groter analitiese diepte verleen deur dit te koppel aan die konsep van sosiale geregtigheid, soos wat dit in die transformatiewe benadering tot konflik as 'n voorvereiste vir stabiele verhoudings tussen sosiale groepe beskryf word. Die koppeling is daarin geleë dat kompetisie, as 'n proses van wedywing, as regverdig beskou word insoverre dit aan die norme van sosiale geregtigheid voldoen. Ons argumenteer dus dat gelykberegtiging in kollektiewe eiewaarde moontlik word in kompeterende omstandighede waar die norme van sosiale geregtigheid geld".*

Die implisiete argument is, dat indien daar in die proses van konflik transformering in 'n bepaalde omgewing daarin geslaag word om sosiale geregtigheid (of "regverdige kompetisie") te bevorder, stabiele sosiale verhoudings in hierdie omgewing moontlik sal wees. Waar sodanige "regverdige kompetisie" of "sosiale geregtigheid" as 'n voorvereiste vir stabiele sosiale verhoudings beskou word, is dit egter belangrik dat daar 'n definisie van geregtigheid voorgestel word, waaraan die strukture binne 'n bepaalde omgewing gemeet kan word ten einde hul kapasiteit om tot stabiele sosiale verhoudings by te dra te bepaal.

Gegewe die ooreenkomste tussen John Rawls se "situasie van oorspronklike besinning" en die geleentheid vir die herontwerp van sosiale strukture wat in die hantering van konflik geskep word, word Rawls se konseptualisering van geregtigheid in Hoofstuk 3 aanvaar as 'n maatstaf vir die beoordeling van die "regverdigheid" van sosiale strukture.

Die belangrikste aspekte van Rawls se definisie van geregtigheid vir die doel van hierdie studie word opgesom in sy algemene beginsels van geregtigheid wat in Hoofstuk 3 beskryf word<sup>171</sup>, naamlik:

*"...dat alle primêre sosiale goedere [insluitende geleenthede] gelyk verdeel moet word, tensy die ongelyke verdeling daarvan tot voordeel van die mees ontmagtigde groep sal strek. Hierdie beginsels moet volgens Rawls (1971:62) toegepas word in die verdeling van alle primêre sosiale goedere, waaronder: regte en vryhede, mag en geleenthede, inkomste en rykdom, en die bronne van self-respek".*

Die uitkomst van die transformasieprosesse in die wynbedryf (en in der waarheid die onderbou van transformasieprosesse in die Suid-Afrikaanse samelewing as geheel) voldoen

---

<sup>171</sup> Sien Hoofstuk 3 (Afdeling 6) vir 'n meer volledige beskrywing van Rawls se konseptualisering van sosiale geregtigheid.

aan hierdie konseptualisering van geregtigheid. *Dit is belangrik om te let dat daar hier verwys word na die uitkomst van die twee formele transformasieprosesse in die wynbedryf, naamlik die nuwe verteenwoordigende liggaam vir die bedryf en die Wynbedryfhandves, en dat die implementering van hierdie raamwerke vir transformasie buite die bestek van hierdie studie val.* Die beginsel van gelykheid, met voorsiening vir ongelykhede wat die mees ontmagtigde groep bevoordeel, is sigbaar in:

- Artikel 9(2) van die Grondwet, waarin "gelykheid" as deel van die handves van regte aanvaar word, maar daar ook voorsiening gemaak word vir diskriminasie ten gunste van voorheen benadeelde groepe. Hierdie grondwetlike beginsel onderlê verskillende aspekte van die transformasieprojek in Suid-Afrika, insluitende: die Wet op Billike Indiensneming, die Vaardigheidsontwikkeling Strategie van die Departement van Arbeid (waarin daar voorkeur aan opleiding en vaardigheidsontwikkeling vir swart Suid-Afrikaners gegee word) en die Wet op Swart Ekonomiese Bemagtiging (wat die bevoordeling van swart persone in verskillende sosio-ekonomiese sfere institusionaliseer).
- Die samestelling van die forum en direksie van die Wynraad - waarin alle belanghebbers gelyke verteenwoordiging geniet.
- Die verskillende bepalings van die Wynbedryfhandves, wat die bemagtiging van swart persone in die wynbedryf vereis - en dus 'n vorm van ongelyke hantering van wit en swart persone waarin swart persone voorkeur geniet voorstaan. Hierdie maatreëls sluit o.a. in:
  - Die bevordering van swart eienaarskap in die industrie wat daarop gemik is om groter gelykheid in die verdeling van ekonomiese hulpbronne te bevorder;
  - Die uitbreiding van swart deelname aan besluitneming in die bedryf wat daarop gemik is om meer gelyke magsverhoudinge te bevorder; en
  - Vaardigheidsontwikkeling en opleiding aan swart persone in die wynbedryf wat hulle in staat sal stel om op 'n meer gelyke voet met wit rolspelers te kompeteer.
- Die voorsiening wat daar in die struktuur van die Wynraad gemaak is vir 'n spesifieke fokus op die bevordering van Swart Ekonomiese Bemagtiging en die bevordering van die belange van nuwe toetreders tot die bedryf (binne WIDA).
- Die klem wat daar in die Wynbedryfhandves sowel as in die gronddokumente van die Wynraad geplaas word op die bevordering van die belange van plaaswerkers, die jeug, vroue en gestremdes (wat as kwesbare groepe in die bedryf beskou word).

\

Dit is belangrik om te let dat daar in die Suid-Afrikaanse konteks op 'n implisiete vlak ook telkens 'n bepaalde askriptiewe eienskap (naamlik ras) aan die konsep ontmagtiging gekoppel word. Daar word dus veronderstel dat alle swart Suid-Afrikaners as lede van 'n "voorheen benadeelde gemeenskap" nou geregtig is op bevoordeling in die verdeling van hulpbronne, mag en status. 'n Suksesvolle transformasieproses (wat in Suid-Afrika ook direk aan die konsep van *Swart* Ekonomiese Bemagtiging gekoppel word) sal egter 'n ontkoppeling tussen "ras" en "ontmagtiging" bewerkstellig namate meer swart individue meer welvarend word. In hierdie omstandige is die aanname dat alle swart Suid-Afrikaners "ontmagtig" is nie langer geldig nie, en behoort die regverdigheid van 'n transformasieproses wat so sterk aan ras gekoppel word, heroorweeg te word.

Ten spyte van die bogenoemde beperking van hierdie benadering, in die onderhandelingsprosesse rondom die Wynbedryfhandves sowel as die herstrukturering van die SAWB uiteindelik *konsensus* was rondom hierdie "ongelyke" hantering van verskillende groeperinge ter bevordering van gelykheid in die bedryf as geheel. Deelnemers aan die formele transformasieprosesse in die wynbedryf het dus op 'n implisiete vlak hierdie konseptualisering van "geregtigheid" aanvaar. Rolspelers is ook tydens onderhoude direk oor hul konseptualisering van geregtigheid uitgevra, en het feitlik sonder uitsondering verwys na die behoefte aan die bevoordeling van swart persone in die wynbedryf, ter regstelling van historiese diskriminasie en die ongelykhede wat as gevolg daarvan ontstaan het. Belanghebbers het egter ook beklemtoon dat hoewel daar nou (in die Wynbedryfhandves en die Wynraad) 'n strategiese beleid in plek is om geregtigheid in die bedryf te bevorder, die bereiking van die ideaal van sosiale geregtigheid net moontlik sal wees indien hierdie strategieë suksesvol geïmplementeer word.

Die vraag oor of die uitkomst van die formele transformasieprosesse in die wynbedryf stabiele verhoudings tussen verskillende rolspelers sal vestig, word vervolgens beantwoord in 'n analise van die *optrede* van verskillende belanghebbers tydens verskillende fases van die transformasieproses en hul *reaksies* op die uitkomst van die formele transformasieprosesse in die bedryf.

## 5. Teoretiese interpretasie van die optrede en reaksies van rolspelers

In hierdie afdeling word daar 'n oorsig gegee van die optrede en reaksies van belanghebbers in die wynbedryf ten opsigte van sleutelkwessies wat in die transformasieproses bespreek is, met spesifieke verwysings na die wyse waarop verskillende individue en groepe bedreigings vir die status van hul groep in vergelykende situasies hanteer het. Tajfel & Turner se teorie ten opsigte van die hantering van bedreigde groepstatus word as basis vir die analise gebruik<sup>172</sup>. Daar word ook telkens verwys na alternatiewe reaksies op en interpretasies van hierdie selfde kwessies wat deur die transformasieproses moontlik gemaak en die wyse waarop dit verhoudings tussen verskillende belanghebbers beïnvloed.

### *Verskuiwings in alliansies*

Dit is in die eerste plek belangrik om te let hoe die verhoudings en alliansies tussen verskillende groepe wat aan formele transformasieprosesse in die wynbedryf deelgeneem het met verloop van tyd verander het.

In onderhoude met belanghebbers in die bedryf, het verteenwoordigers van die gevestigde industrie opgemerk dat die transformasieproses wit groeperinge aangemoedig het om saam te groepeer om die "ekonomiese belange van die wynbedryf" te beskerm. Groepe wat nooit vantevore saamgewerk het nie, omdat hulle gevoel het dat hulle verskillende belange in die bedryf (bv. dié van produsente teenoor dié van die wynhandel) verteenwoordig is dus deur die transformasieproses saamgesnoer. In terme van Tajfel Turner se gedragsopsies kan hierdie proses as volg geïnterpreteer: In die afwesigheid van ander buitengroepe, was produsente en die wynhandel met mekaar in kompetisie vir o.a. ekonomiese hulpbronne. 'n Bepaalde binnegroep (bv. produsente) het deur sosiale kompetisie hul meerderwaardigheid *in vergelyking met* ander wit groeperinge (bv. die wynhandel) bewys. Groter swart deelname aan en betrokkenheid by die wynbedryf het 'n nuwe "buitegroep" tot status-vergelykings in die bedryf toegevoeg en ook nuwe dimensies van vergelyking in die bedryf begin beklemtoon (swart groepe plaas byvoorbeeld groter klem op morele of politieke status eerder as ekonomiese status). Tajfel & Turner se teorie oor gedragsopsies in situasies van bedreigde groepstatus is daarop gemik om "voorspelbaarheid" aan die aksies van sosiale groepe te verleen. In hierdie geval het die gevestigde industrie op 'n voorspelbare wyse gekies om hul

---

<sup>172</sup> Sien Hoofstuk 2 (Afdeling 6) vir 'n opsomming van Tajfel en Turner (1979) se beskrywing van moontlike kanale waardeur die interpretasie van vergelykende situasies aangepas kan word.

status te bevestig deur hulself in terme van 'n gedeelde eienskap van waarde, naamlik hul ekonomiese sukses en ekonomiese "insig"/ervaring met 'n alternatiewe buitegroep, naamlik swart toetreders, te vergelyk. Daar is dus 'n vorm van sosiale kreatiwiteit uitgeoefen, waarin die buitegroep aangepas is om die kollektiewe status van die gevestigde industrie *teenoor* die status van nuwe toetreders te bevestig. Die uitdaging vir hierdie groep lê egter daarin dat hul gekose "basis van vergelyking" (naamlik hul ekonomiese deug/vaardigheid) nie noodwendig deur ander in hul sosiale omgewing erken word nie. Hul kapasiteit om hierdie vergelyking as 'n kanaal vir positiewe selfbevestiging te gebruik word hierdeur ondermyn. Hierdie uitdaging word weer later in hierdie afdeling bespreek.

Nuwe toetreders/ swart deelnemers aan die bedryf het in 'n sekere mate 'n omgekeerde proses in hul verhoudings ervaar. Swart belangegroepes in die bedryf moes vantevore saamwerk om sosio-ekonomiese onderdrukking en diskriminasie in die wynbedryf te beveg. Die buitegroep waarmee hulle hulself vergelyk het, naamlik "wit deelnemers aan die bedryf", was duidelik gedefinieer, en daar was 'n basis van vergelyking op grond waarvan die swart groep as geheel hul meerderwaardigheid teenoor hierdie buitegroep kon bewys - bv. hul morele meerderwaardigheid (gegewe die morele onverdedigbaarheid van diskriminatoriese praktyke in die bedryf). Swart belanghebbers in die bedryf het boonop 'n gedeelde doelwit gehad - naamlik om die onregverdige status quo in die bedryf te verander ('n klassieke kanaal vir die realisering van konflik deur ondergeskikte groepe). Namate die bedryf egter verander het (o.a. deur die verwydering van diskriminatoriese wetgewing en die eksplisiete aanvaarding van die noodsaaklikheid van swart ekonomiese bemagtiging) is swart groepe egter direk met mekaar in kompetisie gebring, en het hul eertydse alliansie tot 'n groot mate verswak. Een belangrike dimensie van vergelyking wat in die wynbedryf groot waarde dra, is die kwessie van *verteenwoordiging* in forums van besluitneming. Waar verskillende swart organisasies dieselfde belangegroepes verteenwoordig het of 'n soortgelyke mandaat gehad het, was daar gevolglik konflik *tussen* verskillende swart organisasies om as legitieme verteenwoordigers van bepaalde belangegroepes aanvaar te word. Die ekonomiese voordele wat soms uit verteenwoordiging binne bepaalde strukture getrek kan word (byvoorbeeld: waar verteenwoordigers vir hul betrokkenheid in 'n bepaalde proses vergoed word of waar organisasies vergoed word vir 'n diens wat hulle namens die bedryf lewer) het ook 'n punt van dispuut geword namate verskillende organisasies (en in sommige gevalle ook individue) hul solidariteit met die groep prysgegee het ter wille van individuele of groepsmobiliteit wat hulle

in staat sou stel om hul meerderwaardigheid *in vergelyking met* ander swart individue of groepe te bevestig. Ook hier was daar egter nie eenstemmigheid oor die *geldigheid* van die vergelykings nie, aangesien die "bron" van status (bv. ekonomiese vooruitgang of politieke status binne die strukture van die bedryf) nie deur alle groepe aanvaar is nie.

In die verloop van die verskillende transformasieprosesse is die gedeelde doelwitte en status van die *bedryf as geheel* egter voortdurend beklemtoon, en het 'n alternatiewe binnegroep, naamlik "belanghebbers in die wynbedryf", ontstaan. Deelnemers aan die transformasieprosesse in die wynbedryf het dus die geleentheid gekry om positiewe selfbevestiging te ontleen uit hul status as rolspelers in hierdie bedryf. Verskillende basisse van vergelyking op grond waarvan die meerderwaardigheid van hierdie bedryf bevestig kon word is in die transformasieprosesse geïdentifiseer. Daar is o.a. verwys na die internasionale kompetendheid van die bedryf en die pro-aktiewe aard van transformasieprosesse in die wynbedryf teenoor dié in ander landbou-industrieë en hul gevolglike vermoë om transformasieprosesse in die landbousektor positief te beïnvloed.

#### *Veranderinge in formele en informele magsverhoudinge*

Daar word vervolgens gekyk na die reaksies van individue en groepe in transformasieprosesse in die wynbedryf op veranderinge in formele en informele magsverhoudinge.

Dit is duidelik dat inkorporering van nuwe toetreders in die magstrukture in die wynbedryf 'n daadwerklike impak gehad het op die magsposisie van die gevestigde industrie. Dit is daarom nodig om te oorweeg waarom hierdie groep oënskynlik vrywilliglik mag aan nuwe toetreders afgestaan het. Verteenwoordigers van die gevestigde industrie het telkens in onderhoude beklemtoon dat magsverhoudinge in die wynbedryf nie volhoubaar was nie omdat daar in die instellings van die bedryf eksklusief op ekonomiese kwessies en die bevordering van die kompetendheid van die bedryf (o.a. deur mark- en tegniese navorsing) gefokus is. In 'n nasionale omgewing waarin uitdagings ten opsigte van ontwikkeling en sosio-ekonomiese bemagtiging toenemend in die kollig was, is die positiewe selfbevestiging van deelnemers aan die bedryf dus ondermyn deur hul onvermoë om gepaste response op hierdie uitdagings te ontwikkel.

Die inkorporering van verteenwoordigers van arbeid, burgerlike groepe en opkomende produsente in die besluitnemingsforums van die bedryf was dus weereens 'n poging om die status van die *bedryf* eerder as die status van die gevestigde industrie teenoor dié van nuwe toetreders te bevestig.

Dit is ook belangrik om te let dat mag ook hoofsaaklik prysgegee is in areas wat die gevestigde industrie nie as hul "kern vaardighede" beskou nie. In die nuwe Wynraad is swart verteenwoordiging by uitstek gekonsentreer in WIDA - wat fokus op bemagtiging en die ontwikkeling van menslike hulpbronne. Wit groepe kan dus steeds bevestiging van hul meerderwaardige status ontleen uit hul dominante posisie in forums waar daar oor suiwer besigheid/ ekonomiese uitdagings in die bedryf besin word. Hierdie posisie sal moontlik verander namate daar groter druk op die onderliggende organisasies binne die Wynraad geplaas word om verteenwoordigend van die bedryf as geheel te word. In die interim word hierdie selektiewe toegewings ten opsigte van mag egter gebruik as 'n vorm van sosiale kreatiwiteit waarin die basis van vergelyking aangepas word om die wit groep te bevoordeel (die groep kies dus 'n basis van vergelyking waarin hulle hul meerderwaardigheid kan bevestig). Ook hier word die groep egter gekonfronteer met die feit dat sukses in die ekonomiese arena nie noodwendig deur alle groepe as 'n geldige bron van status beskou word nie. Soos reeds genoem, word hierdie kwessie later in hierdie afdeling bespreek.

Dis ook belangrik om te let hoe verskillende belanghebbers hul kennis en ervaring in bepaalde areas tydens die transformasieprosesse as informele magsinstrumente ingespan het. Daar is in Hoofstuk 5 genoem dat die gevestigde industrie soms "tegniese" gesprekke gebruik het om minder ervare rolspelers van gesprekke - en dus van besluitneming - uit te sluit. Rolspelers het egter ook genoem dat forumgesprekke dikwels deur nuwe toetreders na die sosiale sfeer teruggeneem is omdat persone wat tradisioneel magsposisie in die bedryf beklee het in hierdie gesprekke "op die agtervoet" geplaas word. Sodanige manipulerings van die onderwerpe van kommunikasie tussen verskillende rolspelers verteenwoordig ook 'n vorm van sosiale kreatiwiteit waarin groepe poog om telkens die basis van vergelyking in hul eie guns te swaai. Dieselfde logika geld ten opsigte van swart deelnemers se behoefte om telkens in gesprekke hul politieke invloed te beklemtoon. Die politieke invloed van nuwe toetreders is in die huidige bestel groter as die van die gevestigde industrie, en bied dus 'n basis van vergelyking waardeur nuwe toetreders hul meerderwaardige status kan bevestig.



Daar is vroeër in hierdie hoofstuk genoem dat uitnodigings na prestige funksies van die bedryf beskou word as 'n belangrike simboliese kwessie waarin die inklusiwiteit van die bedryf gemeet word. Wit rolspelers was egter nie daarteen gekant om meer swart persone by hierdie soort funksies in te sluit nie. Hierdie vrywillige afstaan van 'n informele magposisie kan weereens geïnterpreteer word as 'n vorm van sosiale kreatiwiteit waarin die buitegroep ten opsigte waarvan status bepaal word aangepas word. In plaas van om hul status met die van swart persone in die wynbedryf te vergelyk, kies die gevestigde industrie dus om hulself op grond van hul inklusiwiteit met *ander* industrieë te vergelyk. Waar die teenwoordigheid van swart persone by prestige funksies dan as simbool van die inklusiwiteit en positiewe ingesteldheid van die wynbedryf ten opsigte van kwessies van transformasie dien, stel dit dus deelnemers aan die industrie in staat om status uit hierdie interpretasie te ontleen.

#### *Historiese ontneming en die herskikking in ekonomiese hulpbronne*

Die ekonomiese transformasieprosesse in die wynbedryf, en in die Suid-Afrikaanse samelewing as geheel, is eksplisiet daarop gemik om 'n *herverdeling* in ekonomiese hulpbronne tussen wit en swart Suid-Afrikaners te bewerkstellig. In terme van die kanale vir die realisering van konflik wat in Hoofstuk 3 uiteengesit is, is daar twee meganismes waardeur konflik in hierdie omstandighede kan realiseer. Eerstens, is daar 'n ondergeskikte groep wat verandering eis. Die groep eis groter sosiale mobiliteit (dus: geleentheid om hul ekonomiese posisie te verbeter), maar maak ook aanspraak op 'n regstelling van die ongeregthede van die verlede, wat impliseer dat hulle nie net in die toekoms *gelyke geleentheid* moet geniet nie, maar ook direk *bevoordeel* moet word ten einde die onregverdige uitkomst van historiese diskriminasie reg te stel. Hierteenoor is daar 'n dominante groep van wie ons verwag om hul posisie van dominansie te skerm en dus transformasie teen te staan.

Die gevestigde industrie in die wynbedryf erken egter sonder uitsondering die behoefte aan sosio-politiese en ekonomiese verandering wat 'n meer regverdige sosiale orde tot gevolg sal hê. Hierdie groep neem vrywilliglik deel aan onderhandelinge wat daarop gemik is om hul posisie van ekonomiese dominansie te ondermyn. Hierdie reaksie op transformasie kan nie begryp word in terme van die model van rasonele keuse waarvolgens individue en groepe voortdurend die maksimalisering van hul eie belange nastreef nie. Die optrede kan egter wel

begryp word in terme van Tajfel & Turner se teorie rakende gedragsopsies in omstandighede van bedreigde groepstatus.

Oorweeg eerstens die status quo vóór die aanvang van die transformasieproses. Wit groeperinge in die bedryf was ekonomies dominant. Die besit en beheer van hulpbronne is 'n erkende bron van status in die huidige kapitalistiese bestel, en die gevestigde industrie kon dus positiewe selfbevestiging uit hul ekonomiese dominansie ontleen. Daar is egter in Hoofstuk 2 getoon dat 'n bepaalde bron van status slegs relevant is indien dit ook deur ander binne die betrokke sosiale omgewing *erken* word. In 'n omgewing waarin die onregverdigheid van die vorige bestel alom aanvaar word<sup>173</sup>, word die uitkomste van die ekonomiese kompetisie wat binne hierdie bestel beslis is nie as 'n legitieme bron van status beskou nie. Hierdie interpretasie is bevestig in verskillende reaksies deur groepe in die wynbedryf ten opsigte van die verdeling van hulpbronne, byvoorbeeld:

- Swart groepe beklemtoon gereeld tydens interaksie die aard en omvang van historiese diskriminasie. Deur aandag op hierdie diskriminasie te vestig, beklemtoon hierdie groep nie net hul *morele* meerderwaardigheid nie, maar verwerp hulle ook die ekonomiese uitkomste van hierdie bestel, en ontkom sodoende die potensiële negatiewe statusimplikasies van hul ondergeskikte ekonomiese posisie. Hierdie reaksie kan gesien word as 'n vorm van sosiale kreatiwiteit waarin die status-implikasies van bepaalde eienskappe aangepas word om die positiewe selfbevestiging van die groep te ondersteun.
- Die interpretering van ekonomiese ondergeskiktheid as 'n aanduiding van morele deug word ook geïllustreer in rolspelers in die wynbedryf se reaksie op die ekonomiese sukses van swart individue of groepe. Waar bepaalde swart individue of spesifieke organisasies by wyse van individuele mobiliteit hul ekonomiese posisie versterk (en sodoende die statusimplikasies van ekonomiese ondergeskiktheid ontkom) word hierdie mobiliteit dikwels in negatiewe terme deur beide wit en swart individue en groepe beskryf. Swart persone wat sukses in die ekonomiese arena behaal word byvoorbeeld daarvan beskuldig dat hulle self-gesentreerd is, of nie die belange van die groep as geheel op die hart dra nie. Hulle gee dus, in die oë van ander, die morele status van ekonomiese ondergeskiktheid prys.

---

<sup>173</sup> Dit is belangrik om te let dat selfs waar wit groepe hul ekonomiese dominansie probeer beskerm, die onregverdigheid van die vorige bestel nie betwis word nie. Daar is wél soms 'n poging deur wit groepe om hul posisie van ekonomiese dominansie te legitimeer op grond van ander faktore wat tot ekonomiese sukses bydra (bv. die feit dat hulle hard moes werk of risiko's moes neem om ekonomiese sukses te behaal), maar die impak van diskriminerende wetgewing op die verdeling van ekonomiese hulpbronne word nie ontken nie.

- Die gevestigde industrie beywer hulself vir aanpassings in die reëls van ekonomiese kompetisie ten gunste van swart individue en groepe en staan in sommige gevalle vrywilliglik ekonomiese hulpbronne aan swart persone af (byvoorbeeld deur aandele in besighede in die wynbedryf teen verminderde pryse aan swart persone te gee). Verteenwoordigers van die gevestigde industrie het in die onderhoude wat met rolspelers in die bedryf gevoer is telkens bevestig dat hulle aan transformasieprosesse deelneem omdat "die regte ding is om te doen" en omdat hulle die noodsaaklikheid van 'n "proses van [sosio-ekonomiese] regstelling" besef. Vrywillige betrokkenheid by transformasieprosesse dien so 'n tweeledige doel. Aan die een kant is dit 'n vorm van sosiale kreatiwiteit waarin 'n alternatiewe basis van vergelyking vir positiewe selfbevestiging gebruik word - ekonomiese hulpbronne word dus prysgegee ter wille van *morele* selfbevestiging. Aan die ander kant bevorder die transformasieproses ook regverdige kompeterende omstandighede. Volgens die teorie wat in Hoofstuk 2 en 3 uiteengesit is, is individue en groepe bereid om kompeterende uitkomst te aanvaar indien dit onder "omstandighede van regverdige kompetisie" gevestig is. Die legitimiteit van ekonomiese dominansie as 'n bron van status word dus deur die transformasieproses herstel (in wat weereens beskou kan word as 'n ommekeer in die status-implikasies van 'n eienskap wat as basis vir vergelykings tussen groepe ingespan word).
- Die behoefte van wit rolspelers in die bedryf om hul posisie van ekonomiese dominansie te legitimeer is ook sigbaar in die interpretasie van groot hoeveelheid geld wat deur die KWV bewillig is om transformasie in die bedryf te bevorder. Wit rolspelers beskryf hierdie oorbetalings as 'n proses van "boetedoening" waardeur die gevestigde industrie die ongeregtighede van die verlede erken het. Daar word dus gepoog om 'n morele waarde aan hierdie aksie toe te skryf, wat kan opmaak vir die verlies in ekonomiese hulpbronne. Swart persone in die bedryf verwys egter telkens na hierdie oorbetalings as 'n poging deur die gevestigde industrie om hulself vry te skeld van verdere verantwoordelikheid vir transformasie en sosio-ekonomiese opheffing in die wynbedryf. Daar kan geargumenteer word dat hierdie oorbetalings deur die KWV onsuksesvol was as 'n instrument vir transformasie juis omdat daar geen konsensus ontwikkel is rondom die betekenis van die gebaar nie, en geen groep dit dus as 'n basis vir selfbevestiging kon inspan nie.

Dit is ook ten opsigte van die verdeling van ekonomiese hulpbronne belangrik om in gedagte te hou dat rolspelers in die bedryf op 'n duidelike stel reëls en teikens vir die verdeling van

ekonomiese hulpbronne in die bedryf ooreengekom het. In terme van Tajfel & Turner se model is rolspelers bereid om die uitkomst van kompeterende situasies te aanvaar indien die omstandighede waaronder die kompetisie beslis is deur alle betrokke partye as regverdig beskou word. Die wedersydse instemming tot die reëls en teikens wat in die Wynbedryfhandves gestel is, dui op 'n aanvaarding van die ekonomiese beginsels wat in die handves vervat is deur al die rolspelers in die bedryf. Daar is dus omstandighede vir regverdig ekonomiese kompetisie geskep wat volgens Tajfel & Turner se teoretiese model sal beteken dat ook *ongelyke* uitkomst in die toekoms vir verskillende rolspelers aanvaarbaar sal wees. 'n Sterk basis vir stabiele sosiale verhoudings in die wynbedryf is dus gelê.

#### *Die herkonseptualisering van rolle*

Die behoefte aan positiewe selfbevestiging en die uitoefening van Tajfel & Turner se opsies vir die hantering van bedreigde groepstatus was ook sigbaar in die herkonseptualisering van die rolle van verskillende groeperinge in die wynbedryf. Voorbeelde hiervan sluit die volgende in:

- Teen die agtergrond van die bedreiging van hul ekonomiese status sowel as hul tradisionele magposisie in die wynbedryf definieer verteenwoordigers van die gevestigde industrie toenemend hul rol in terme van hul meerderwaardige vaardighede en ervaring ten opsigte van die aard van suksesvolle sakeondernemings in die wynbedryf en die voorvereistes vir ekonomiese sukses. Die deelname van wit persone in verteenwoordigende liggame in die bedryf word gevolglik geregverdig op grond van hul vermoë om die sukses van die bedryf aan te help deur die inspanning en verspreiding van hul kennis (en nie op grond van hul ras nie). Hierdie denkwyse is sigbaar in die gereelde beklemtoning van die gevestigde industrie se potensiële rol as "mentors" aan nuwe toetreders in die wynbedryf.
- Hoewel die nut/utiliteit van wit rolspelers in die bedryf deur swart groepe aanvaar word, word ook hierdie basis vir die bevestiging van die positiewe status van wit groepe in die wynbedryf ondermyn deur die veronderstelde onregverdig omstandighede waaronder hulle die kennis en vaardighede wat hierdie utiliteit onderlê bekom het. Waar persone met relevante vaardighede egter instem om hierdie vaardighede tot voordeel van die transformasie van die bedryf in te span (byvoorbeeld: deur hulp te verleen aan opkomende

boere) word daar egter 'n morele dimensie tot die oordrag van kennis toegevoeg wat dan as basis vir positiewe selfbevestiging dien.

- Waar swart individue en groepe gedwing word om die meerderwaardige kennis van die gevestigde industrie ten opsigte van ekonomiese kwessies (en sodoende hul eie minderwaardigheid op grond van hierdie dimensie van vergelyking) te erken, word 'n alternatiewe vorm van sosiale kreatiwiteit egter dikwels ingespan om die potensiële kwetsende aard van die vergelyking te ontgom. Swart individue en groepe plaas dikwels klem op die onvermoë van die gevestigde industrie om die sosiale logika en ontwikkelingsuitdagings in die bedryf te begryp. Wit groeperinge se vaardighede word as "eng" bestempel en swart individue en groepe se begrip vir sosiale uitdagings word beklemtoon in wat beskou kan word as 'n poging om deur 'n aanpassing in die basis van vergelyking die positiewe selfbevestiging van swart individue en groepe te versterk.
- Daar is in Hoofstuk 5 (Afdeling 5) telkens aangedui dat wit persone minder geneig was om te erken dat hul interpretasie van die vernaamste uitdagings in die bedryf en hul persepsies oor ander rolspelers op 'n noemenswaardige wyse deur die formele transformasieprosesse in die wynbedryf beïnvloed is. Twee van die vernaamste redes wat hiervoor aangevoer is, was dat (i) wit individue en groepe lank reeds met rolspelers uit ander agtergrond in kontak is en dus voel dat hulle reeds voldoende begrip vir die behoeftes van ander groeperinge ontwikkel het, en (ii) dat wit rolspelers selfs in die afwesigheid van formele transformasieprosesse die behoefte aan verandering in die bedryf besef het en meganismes in plek gestel het om dit te bevorder. Hierdie reaksie kan op 'n sosio-sielkundige vlak 'n tweeledige doel hê. Eerstens: in omstandighede waar wit persone hul selfbevestiging ontleen uit veronderstelde meerderwaardige ervaring in en kennis van die wynbedryf sal 'n erkenning van onkunde in bepaalde areas die selfbevestiging van die groep ondermyn. Tweedens: waar wit individue en groepe kan aanspraak maak op 'n verbintenis tot transformasie wat die formele transformasieprosesse in die bedryf voorafgegaan het, word die kwetsende vergelykings met ander groepe wat gebaseer word op die minderwaardige morele status van wit persone (op grond van hul betrokkenheid in die vorige onregverdigde bestel) meer onskadelik gemaak.
- Ook die rol van arbeid is tydens die formele transformasieprosesse in die bedryf onder die loep geneem. Swart groeperinge, en veral verteenwoordigers van arbeid, het telkens genoem dat wit persone en groepe in die wynbedryf hul materiële welvaart te danke het aan die insette van swart werknemers wat nie genoegsaam vir hul bydraes tot

landboubesighede vergoed is nie. Aan die een kant is hierdie argument weereens 'n ondermyning van die selfbevestiging wat wit groeperinge uit hul materiële welvaart kan put. Aan die ander kant verteenwoordig dit ook 'n poging deur swart groepe in die bedryf om te verklaar waarom swart persone nie tans 'n dominante ekonomiese posisie geniet nie en om te deel in die positiewe status wat aan die materiële welvaart van wit groepe in die bedryf gekoppel kan word.

- Met betrekking tot die posisie van arbeid in die wynbedryf, en spesifiek die kwesbaarheid van die plaaswerkgemeenskap, is dit ook belangrik om te let hoe verskillende rolspelers hul selfbevestiging ten opsigte van hierdie kwessie bestuur. Swart rolspelers beklemtoon telkens hul rol as direkte verteenwoordigers van hierdie kwesbare groep. Die bevestiging wat daaruit ontleen word, word aan die een kant gebaseer op die morele status wat gekoppel word aan die beskerming van die belange van 'n kwesbare groep, en verteenwoordig aan die ander kant 'n politieke oorwinning in soverre die rolspeler deur die plaaswerkgemeenskap as 'n verteenwoordiger gekies of aangewys is.

#### *Die herkonseptualisering van "sukses" in die wynbedryf en nuwe bronne van status*

'n Belangrike proses van herkonseptualisering wat in formele transformasieprosesse in die wynbedryf bevorder is, en 'n potensieel bepalende invloed op die volhoubaarheid van stabiele verhoudings in die bedryf kan hê, is die herkonseptualisering van "sukses" in die wynbedryf en die gepaardgaande daarstelling van gedeelde bronne van status. Daar is in Hoofstuk 5 (Afdeling 5) geargumenteer dat die fasiliteerder van die formele transformasieprosesse in die wynbedryf belangrike konseptuele verruimings bewerkstellig het wat uiteindelik in die visie en missie van die bedryf (soos uiteengesit in beide die gronddokument van die Wynraad en die Wynbedryfhandves) gereflekteer is. Hierdie konseptuele verruiming het hoofsaaklik behels dat die belanghebbers in die bedryf aangemoedig is om raak te sien dat die realisering van die ekonomiese en sosiale doelwitte in die bedryf wedersyds van mekaar afhanklik is. Daar is dus beweeg na 'n konseptualisering van "sukses" in die wynbedryf wat beide ekonomiese en sosiale doelwitte reflekteer. Dit is belangrik om te let dat hierdie verruiming van wedersydse begrip en die identifisering van die interafhanklikheid van die doelwitte van verskillende groeperinge deur in onderhoude met rolspelers in die bedryf deur feitlik sonder uitsondering as 'n positiewe uitkoms van die herstruktureringproses uitgelig is. In die Wynbedryfhandves word hierdie interafhanklikheid van sosiale en ekonomiese doelwitte opgesom in die toeligtiging van die visie van die bedryf, waarin daar onder andere gestel word dat:

" Our vision is for sustainable economic and social black empowerment through growth to achieve a representative, united and prosperous wine industry...The process of change and development emphasises growing the industry to its full potential, and sharing in the benefits of this process, rather than reliance on a programme to redistribute current assets. The emphasis instead is on redistribution of opportunity... The major challenge facing the industry is to increase its competitiveness while at the same time facing up to its inherited legacy."

Wine Industry Council (2007:8)

In die gronddokument van die Wynraad word hierdie interafhanklikheid van ekonomiese en sosiale doelwitte saamgevat in die visie van die raad, naamlik:

"The South African wine industry is a globally competitive, profitable, accessible and equitable industry, underpinned by its characteristics of meaningful people development, sustainable, natural resource usage, ethical trade practices and responsible business processes that makes a significant contribution to poverty alleviation and wealth creation for all".

Wine Industry Council (2006:5)

Dit is duidelik dat daar in beide hierdie visiestellings onderneem word om die sukses van die wynbedryf aan beide sosiale en ekonomiese doelwitte te meet. Hierdie konseptuele verskuiwing het verskeie implikasies. In die eerste plek, is dit 'n industrie-wye verbintenis tot bepaalde doelwitte. Daar word veronderstel dat alle belanghebbers in die bedryf tot hierdie doelwitte moet en kan bydra. Doelwitte word boonop as *interafhanklik* beskou, wat impliseer dat aktiwiteite in die ekonomiese sfeer tot die realisering van sosiale doelwitte bydra en *vice versa*. Die beklemtoning van die interafhanklikheid van die doelwitte van die bedryf maak dit moontlik vir rolspelers in verskillende arenas, en met verskillende vaardighede, om selfbevestiging uit sukses in enige sfeer van die bedryf te ontleen. Nuwe toetreders wat hulself tradisioneel toegespits het op ontwikkeling en sosiale kwessies, en moontlik minder suksesvol was in die ekonomiese arena, is dus nou in 'n posisie om positiewe selfbevestiging uit die ekonomiese sukses van die wynbedryf te put omdat daar veronderstel word dat hulle indirek tot hierdie sukses bydra. Die gevestigde industrie kan aan die ander kant steeds hulself toespits op areas waar hulle voel dat hulle 'n meer effektiewe bydrae kan maak (hoofsaaklik in die ekonomiese sfeer), maar ook positiewe selfbevestiging ontleen uit sosio-ekonomiese vooruitgang in die wynbedryf en die bedryf se verbintenis tot transformasie. Die geldigheid van hul status in die ekonomiese arena word nie bloot hierdeur herstel nie, maar daar word boonop aan hierdie groepe 'n alternatiewe basis vir selfbevestiging gebied in die

vorm van sosio-ekonomiese vooruitgang (waartoe daar veronderstel word dat hulle indirek bydra) en die morele status wat aan 'n verbintenis tot transformasie gekoppel kan word.

In hierdie omstandighede van gedeelde, en interafhanklike, basisse vir positiewe selfbevestiging word die stabiliteit van tussengroep verhoudings versterk, aangesien geen groep 'n belang daarin het om die status van 'n ander te ondermyn nie. Bronne van status word dus *komplementierend* eerder as *kompetierend*, en die potensiële kanale vir die realisering van konflik (waaronder: pogings deur minderwaardige groepe om hul posisie te verbeter of stappe wat deur dominante groepe geneem word om die *status quo* te beskerm) word sodoende irrelevant gemaak.

## **6. Slot**

In hierdie hoofstuk is die formele transformasieprosesse in die wynbedryf aan die hand van die teoretiese model wat in Hoofstuk 2 en 3 uiteengesit is ontleed.

Deskriptiewe teorieë van konflik is ingespan om die konflikpotensiaal van transformasieprosesse in die wynbedryf toe te lig. In afdelings 3 en 4 is daar geargumenteer dat die transformatiewe benadering tot die hantering van konflik implisiet in die bestuur van transformasieprosesse in die wynbedryf toegepas is, en dat die uitkomst van die formele transformasieprosesse in die wynbedryf grootendeels aan die voorvereistes vir suksesvolle konflik transformering voldoen. In afdeling 5 is die optrede en reaksies van rolspelers in die wynbedryf in terme van Tajfel en Turner se teorie rakende die opsies vir die hantering van bedreigde groepstatus geanaliseer. Daar is getoon dat die formele transformasieprosesse op verskeie vlakke alternatiewe basisse vir die bevestiging van eiewaarde aan verskillende rolspelers in die bedryf voorsien het en dat die herkonseptualisering van die doelwitte van die bedryf verskillende rolspelers se bronne van status herbevestig en verhoed dat die bevestiging van groepstatus noodwendig ten koste van ander groeperinge in die bedryf geskied.

In Hoofstuk 7 word daar gekyk na die toepaslikheid van konflikteorie in die analisering van transformasie, aanbevelings rakende transformasie in die wynbedryf wat op hierdie teoretiese



analise gebaseer kan word en toevoegings tot die voorgestelde raamwerk vir die bestuur van transformasie wat op grond van hierdie aanbevelings gemaak kan word.

## Hoofstuk 7: Bevindinge en Voorstelle

---

### 1. Inleiding

Die primêre vertrekpunt van hierdie studie was dat sosiale teorie 'n raamwerk voorsien waarbinne sosiale fenomene geanaliseer kan word, en dat hierdie analises (en die verdiepte begrip vir die onderwerp van die analise wat hierin bewerkstellig word) dit moontlik maak om op 'n preskriptiewe vlak aanbevelings te maak ten opsigte van die bestuur van sosiale prosesse.

In hoofstuk 2 is konflikteorie geïdentifiseer as 'n gepaste raamwerk vir die analisering van transformasie in die Suid-Afrikaanse konteks. 'n Preskriptiewe voorstel vir die bestuur van transformasie is in hoofstuk 3 aan hierdie teorie gekoppel. In hoofstukke 4 en 5 is die agtergrond van transformasie in Suid-Afrika en die aard van transformasieprosesse in die Suid-Afrikaanse wynbedryf beskryf. Hierdie gevallestudie is in hoofstuk 6 aan die hand van die teoretiese model geanaliseer en daar is vasgestel dat die preskriptiewe raamwerk wat die kenmerke van die teoretiese model vertoon wel inslag gevind het in die wyse waarop transformasie in die wynbedryf bestuur is.

Op grond van hierdie analise word twee vrae in hierdie hoofstuk beantwoord. In die eerste plek (in afdeling 2) word die gepastheid van konflikteorie in die analisering van ekonomiese transformasie geëvalueer. Dit behels 'n opsomming van die insigte ten opsigte van transformasie in die wynbedryf wat deur die analise moontlik gemaak is en die verdiepte begrip vir transformasie as sosiale fenomeen wat op hierdie wyse bewerkstellig is. Tweedens, word daar op grond van die teoretiese analise in hoofstuk 6 spesifieke aanbevelings rakende transformasie in die wynbedryf gemaak. Hierdie aanbevelings word uiteindelik gebruik om toevoegings tot die voorgestelde raamwerk vir die suksesvolle bestuur van transformasie te maak.

## 2. Die gepastheid van die teoretiese model en die verdieping van begrip vir transformasie

In hierdie afdeling word die toepaslikheid van die gebruik van konflikteorie in die analisering van transformasie geïllustreer in 'n bondige opsomming van die insigte rakende transformasie, in die wynbedryf sowel as in die Suid-Afrikaanse samelewing as geheel, wat deur die analise na vore gebring is.

Die erkenning van die konfliktpotensiaal van die transformasieprosesse in die wynbedryf het dit moontlik gemaak om die uitdagings van die transformasieproses in die bedryf in terme van die potensiële impak daarvan op *verhoudings* tussen verskillende rolspelers te beskryf. Daar is verwys na vyf potensiële bronne van konflik in die bedryf wat stabiele sosiale verhoudings, en dus suksesvolle transformasie<sup>174</sup>, in die wynbedryf bedreig, waaronder: die herverdeling van materiële hulpbronne, veranderinge in magsverhoudinge, die negatiewe wedersydse persepsies wat rolspelers van mekaar koester, kompetisie vir informele bronne van status en uiteenlopende prioriteite vir transformasie in die bedryf. Daar is telkens getoon hoe hierdie kwessies die positiewe self-bevestiging van groepe, en dus die stabiliteit van tussen-groep verhoudings in die wynbedryf, beïnvloed. Dit is ook hierdie klem op verhoudings en die manier waarop dit informele strukture in sosiale omgewings beïnvloed wat, indien dit suksesvol bestuur word, uiteindelik transformasie onderskei van transisie - waarin daar uitsluitlik gefokus word op die verwydering van diskriminatoriese reëls en wetgewing<sup>175</sup>.

'n Tweede belangrike funksie van die toepassing van konflikteorie in die analisering van transformasie wat in hoofstuk 6 duidelik geword het, het betrekking op die verduidelikende kapasiteit van die teorie ten opsigte van die *optrede* van verskillende rolspelers tydens transformasieprosesse. In hoofstuk 2 is daar 'n gedetailleerde beskrywing gegee van die individuele behoefte aan positiewe self-bevestiging en die rol van die groep om sodanige selfbevestiging te bewerkstellig. Daar is geargumenteer dat enige ekonomiese, sosiale en politieke veranderinge die relatiewe status tussen verskillende groepe in die samelewing beïnvloed, en aan die hand van Sosiale Identiteit Teorie getoon dat sosiale groepe in hierdie omstandighede op voorspelbare wyses reageer. In die transformasieprosesse in die

---

<sup>174</sup> Sien hoofstuk 1 (afdeling 4) vir 'n beskrywing van "suksesvolle transformasie" - let spesifiek op die klem wat daar in hierdie beskrywing op die belangrikheid van die handhawing van stabiele sosiale verhoudings geplaas is.

<sup>175</sup> Sien hoofstuk 2 (afdeling 2) vir 'n volledige beskrywing van die konseptuele onderskeid tussen transisie en transformasie.

wynbedryf kon verskeie reaksies en standpunte van rolspelers in die bedryf aan die hand van Tajfel & Turner se teorie rakende die opsies vir die hantering van bedreigde groepstatus waargeneem word. Die gevallestudie het aan die een kant die teoretiese beskrywing van groepgedrag in situasies van konflik bevestig. Die toepassing van die teorie het dit egter ook moontlik gemaak om verskillende groepe se reaksies op spesifieke kwessies wat in die transformasieproses na vore gekom het te interpreteer.

Dit is belangrik om te let dat hierdie beskrywing van die reaksies en optrede van verskillende rolspelers in die formele transformasieprosesse in die wynbedryf sterk verband hou met die kwessies wat in afdeling 2 as potensiële bronne van konflik in die bedryf geïdentifiseer is. Daar is byvoorbeeld in afdeling 5 'n teoretiese analise gedoen van die reaksie van verskillende groepe op die herverdeling van ekonomiese hulpbronne. Daar is in hierdie analise wegbeweeg van die objektivistiese beskrywings van rolspelers se behoefte om hul aandeel in materiële hulpbronne te maksimaliseer. Die beklemtoning van die status-implikasies van die verdeling van hulpbronne het begrip vir die gedrag van beide dominante en ondergeskikte groepe bevorder. In die karakterisering van die beginsels van die Wynbedryfhandves as wedersyds aanvaarbare reëls vir ekonomiese kompetisie in die bedryf is die belangrikheid van die handves as 'n instrument vir transformasie in die bedryf bevestig. Daar is spesifiek verwys na die belangrikheid van so 'n onderhandelde raamwerk om aanvaarding vir ongelyke ekonomiese uitkomst te kweek, en sodoende stabiele sosiale verhoudings in stand te hou. Gegewe die onvermydelikheid van ongelyke uitkomst in kompeterende omgewings bied hierdie konseptualisering van die potensiële rol van 'n onderhandelde handves vir transformasie 'n kanaal waardeur stabiele sosiale verhoudings in verskillende omgewings bevorder en beskerm kan word.

In die beskrywing van die herkonseptualisering van "sukses" in die wynbedryf en nuwe bronne van status is daar getoon hoe die uiteenlopende prioriteite van verskillende rolspelers ten opsigte van die transformasie van die bedryf versoen is. Daar is in hierdie opsig spesifiek verwys na die moontlikheid om transformasiedoelwitte as komplementêrend eerder as kompetêrend te karakteriseer. In hierdie karakterisering word die statusbehoefte van verskillende groepe versoen. Die positiewe selfbevestiging van die rolspelers in die bedryf kan dus gesamentlik aangepak word. Dit is belangrik om te let dat die "sukses" van die bedryf in hierdie opsig steeds die maatstaf bly waaraan die status van die verskillende groepe in die

bedryf gemeet word. Dit verteenwoordig dus nie, in terme van Tajfel & Turner se strategieë vir die hantering van bedreigde groepstatus, nie die keuse van 'n *nuwe* maatstaf van vergelyking nie, maar verteenwoordig as't ware 'n *verruiming of herdefiniëring* van 'n bestaande maatstaf van vergelyking om die statusbehoefte van verskillende groepe te akkomodeer. Hierdie herdefiniëring impliseer ook uiteindelik die uitbreiding van die binnegroep wat dit moontlik maak om 'n alternatiewe buitegroep (in hierdie geval, ander bedrywe of industrieë) te identifiseer ten opsigte waarvan status-vergelykings getref kan word. *Die verruiming of herdefiniëring van maatstawwe wat vir die bevestiging van groepstatus ingespan word om verskillende statusbehoefte te akkomodeer, kan beskou word as 'n toevoeging tot Tajfel & Turner se strategieë vir die hantering van bedreigde groepstatus.* Hierdie strategie het boonop die potensiaal om stabiele sosiale verhoudings te bevorder en is dus veral van waarde wanneer daar oorweeg word watter tipe opsies vir die hantering van bedreigde groepstatus in die bestuur van sosiale konflik aangemoedig moet word.

Daar is ook in afdeling 5 getoon hoe verskillende rolspelers veranderinge in informele en formele magsverhoudings hanteer het. Die beklemtoning van die status van die bedryf as geheel teenoor die van ander bedrywe (dus: die herkonseptualisering van binne- en buitegroep in die strewe na positiewe selfbevestiging) is uitgelig as 'n potensiële meganisme om 'n verlies aan mag vir dominante groepe in die bedryf meer aanvaarbaar te maak. Dit is belangrik om te let dat die vergelyking met alternatiewe buitegroep ook ten opsigte van 'n alternatiewe dimensie van vergelyking gedoen is. Die inklusiwiteit van die bedryf, eerder as die mag van die bedryf in die ekonomiese arena, is as basis vir self-bevestiging ingespan. Hierdie kanaal vir self-bevestiging word moontlik gemaak deur die waarde wat daar in die huidige politieke konteks in Suid-Afrika aan transformasie geheg word - en die gepaardgaande status van bedrywe wat hierdie transformasieproses suksesvol kan bestuur. Dit kan in hierdie opsig vergelyk word met die selfbevestiging wat Suid-Afrikaanse politici in die 1990's geput het uit hul betrokkenheid by onderhandelinge wat die land se politieke transisie moontlik gemaak het.

Binne die wynbedryf het rolspelers ook die statusimplikasies van die herverdeling van mag hanteer deur nis areas te identifiseer waarbinne hulle steeds 'n dominante posisie kon handhaaf. Oorweeg byvoorbeeld die gevestigde industrie se beklemtoning van hul kennis van die ekonomiese uitdagings in die bedryf en nuwe toetreders se behoefte om hul

meerderwaardige kennis van sosiale uitdagings en hul politieke invloed binne die huidige bestel te beklemtoon. Waar hierdie nis areas komplementêrend eerder as kompetêrend is - met ander woorde, waar verskillende rolspelers se positiewe selfbevestiging nie noodwendig dié van ander groepe negatief beïnvloed nie - bied hierdie identifisering van alternatiewe basisse vir self-bevestiging in omstandighede van verskuivende magsverhoudinge in meganisme waardeur stabiele verhoudings in stand gehou kan word.

Die analise vul dus die vakuum in die akademiese bestudering van transformasie wat in hoofstuk 1 geïdentifiseer is, naamlik die afwesigheid van analyses wat transformasieprosesse as sodanig problematiseer<sup>176</sup>.

## **2. Voorstelle vir die wynbedryf en die model vir suksesvolle transformasie**

Daar is in Hoofstuk 5 getoon dat die beginsels van die transformatiewe benadering tot die hantering van konflik implisiet in verskeie elemente van die bestuur van transformasie in die wynbedryf inslag gevind het. In hoofstuk 6 (afdeling 4) is daar getoon hoe drie van die verlangde uitkomstes binne die transformatiewe benadering, wat elk op 'n unieke wyse tot stabiele sosiale verhoudings bydra, in die wynbedryf bevorder is<sup>177</sup>. Die uitkomstes van die formele transformasieprosesse in die bedryf is ook in terme van die doelwitte van die transformatiewe benadering ontleed.

*Dit is op grond van hierdie analise moontlik om kommentaar te lewer op en bepaalde aanbevelings te maak ten opsigte van transformasie in die wynbedryf.*

Die eerste opmerking oor die benadering wat in die wynbedryf gevolg is het betrekking op die rol van die fasiliteerder. In die transformatiewe model word die betrokkenheid van derde partye o.a. aangemoedig in gevalle waar hierdie partye in 'n politieke hoedanigheid

---

<sup>176</sup> Daar is in hoofstuk 1 geargumenteer dat bestaande studies van ekonomiese transformasie grootliks beskrywend is. Studies van transformasie in Suid-Afrika fokus byvoorbeeld hoofsaaklik op die behoefte aan transformasie, beskrywings van spesifieke transformasieprojekte en kwantitatiewe evalueringe van die uitkomstes van transformasieprojekte. Daar word dus gefokus op die motivering vir en verlangde uitkomstes van die transformasieprosesse, sonder om die proses op sigself en die onderhandelinge wat transformasieprosesse onderlê te problematiseer. Die effek van transformasieprosesse op die status van verskillende groepe in 'n bepaalde sosiale bestel en die gepaardgaande impak op tussengroep verhoudings word dus nie genoegsaam in ag geneem nie. In hoofstuk 1 word daar geargumenteer dat die akademiese onderbeklemtoning van transformasieprosesse moontlik toegeskryf kan word aan die feit dat daar geen duidelik gedefinieerde teoretiese raamwerk bestaan in terme waarvan sodanige analyses aangepak kan word nie.

<sup>177</sup> Hierdie uitkomstes sluit in: (i) die bevordering van interpretasies van die sosiale realiteit wat ruimte laat vir die positiewe self-bevestiging van die betrokke groepe, (ii) die bevordering van strukturele veranderinge wat aanvaarding vir die uitkomstes van ekonomiese kompetisie kweek, en (iii) die bevordering van 'n konseptualisering van sosiale geregtigheid wat 'n basis vir stabiele verhoudings in die betrokke sosiale omgewing kan vorm.

(byvoorbeeld tydens formele onderhandelinge) rekonsiliasie en probleemoplossings-inisiatiewe tussen die leiers van verskillende groeperinge kan fasiliteer. Soos reeds genoem is daar 'n fasiliteerder wat in beide formele transformasieprosesse in die wynbedryf ingespan. In die transformatiewe benadering is die doel van interaksie tussen twistende groepe om 'n vloeï van inligting aan te moedig wat groepe se begrip vir mekaar en die uitdagings en kwessies in die konflik bevorder. Vir opponerende groepe om begrip vir mekaar se standpunte te ontwikkel, is dit egter nodig dat hierdie standpunte deur rolspelers self geformuleer word. Daar word geargumenteer dat hierdie persoonlike betrokkenheid van rolspelers by die gesprek nie net oor tyd verskillende partye se opinies duidelik maak nie, maar ook vertroue tussen rolspelers kweek namate verskillende rolspelers hulself in die gesprek blootstel. Waar die fasiliteerder te direk by die gesprek betrokke raak word die oorspronklike formulering van standpunte verwring - wat die werklike posisie van rolspelers oor verskillende kwessies vertroebel. Wanneer rolspelers boonop nie verantwoordelikheid daarvoor neem om hul eie standpunte te opper nie word die potensiële voordele van die gesprek in terme van die bevordering van vertroue tussen rolspelers ondermyn. In onderhoude met persone wat by formele transformasieprosesse in die wynbedryf betrokke was is die kritiek uitgespreek dat die fasiliteerder nie 'n neutrale posisie in die gesprekke gehandhaaf het en bloot die vloeï van inligting gekanaliseer het nie, maar bepaalde standpunte tot die gesprek toegevoeg en spesifieke interpretasies van die uitdagings in die bedryf aangemoedig het.

Daar is ook genoem dat die fasiliteerder 'n bepaalde uitkoms in gedagte gehad het en gesprekke bestuur het om hierdie uitkoms te bereik. Wanneer onderhandelinge binne 'n bepaalde preskriptiewe raamwerk benader word, is daar wel bepaalde *beginsele* wat deur fasiliteerder aangemoedig moet/kan word. Indien die uitkoms in sigself egter deur die fasiliteerder voorgeskryf word, ondermyn dit die geloofwaardigheid van die proses en verswak sodoende rolspelers se steun vir die uiteindelijke uitkoms. Dit is moontlik dat die fasiliteerder van formele transformasieprosesse in die wynbedryf se persoonlike betrokkenheid by die bedryf sy objektiviteit in die verskillende prosesse negatief beïnvloed het. Dit sou dus vir die bedryf voordelig kon wees om liefs 'n fasiliteerder te betrek wat 'n bepaalde preskriptiewe vertrekpunt het in die fasilitering van onderhandelinge, maar nie 'n direkte belang sou hê in die uitkoms van die transformasieproses nie.

'n Verdere punt wat hiermee verband hou behels die eensydige vloei van betekenis in die formele transformasieprosesse in die wynbedryf as gevolg van die sogenaamde "wit stilte". Soos reeds genoem, maak die transformatiewe proses staat op 'n vloei van begrip tussen verskillende rolspelers. Wit rolspelers se versuim om meer aktief aan gesprekke deel te neem het die ontwikkeling van vertrouensverhoudings tussen rolspelers belemmer en boonop meegebring dat bepaalde belangrike punte in die gesprek, o.a. met betrekking tot ekonomiese realiteite in die bedryf en die uitdagings rondom die befondsing van transformasieprojekte en die nuwe verteenwoordigende struktuur, onderbeklemtoon is. Die fasiliteerder het tot 'n mate vir hierdie "wit stilte" probeer vergoed deur sêlf kwessies wat vir hierdie groep van belang is op die tafel te plaas. Hierdie direkte betrokkenheid van die fasiliteerder het egter nie net sy veronderstelde onafhanklikheid ondermyn nie, maar ook uiteindelik daartoe gelei dat die gevestigde industrie op hom staatgemaak het om hul standpunte oor belangrike kwessies te opper en hulself toenemend van direkte betrokkenheid by die gesprek onttrek het. Daar kan verskeie redes aangevoer word vir die onwilligheid van wit deelnemers om aan die gesprek deel te neem (waaronder: die "morele agtervoet" vanwaar daar geargumenteer moes word en 'n sensitiwiteit vir moontlike beskuldigings van 'n patriargale benadering tot onderhandelinge). Gebalanseerde konflik transformering (veral t.o.v. die bevordering van begrip vir die persepsies en belange van verskillende rolspelers) vereis egter deelname deur alle belangegroepe in die betrokke sosiale omgewing. Die probleem van hierdie eensydige vloei van inligting kon moontlik aangespreek word deur tydgleuwe aan verskillende verteenwoordigers te gee om hul standpunte oor kwessies aan die groep bekend te maak. Dit is moontlik dat die gevestigde industrie meer gemaklik sou wees met so 'n formele benadering tot die onderhandelinge waarin hulle op 'n demokratiese wyse by gesprekke betrek word en nie self op spreekbeurt in die gesprek hoef aan te dring nie. So 'n benadering bevorder ook die indruk dat alle standpunte en belange waardig is van gelyke aandag/ oorweging in kommunikasie tussen twistende groepe - wat ook aan rolspelers 'n moontlike kanaal vir positiewe selfbevestiging voorsien.

'n Tweede punt van kritiek teen die benadering tot die transformasieprosesse in die wynbedryf het betrekking op die wyse waarop analitiese probleemoplossing in die verskillende prosesse ingespan is. Hoewel daar in die transformatiewe benadering nie primêr gefokus word op die uiteindelijke ooreenkoms tussen rolspelers nie, maar op die bevordering van positiewe verhoudings en gedeelde begrip is dit noodsaaklik dat probleme en uitdagings



in die sosiale omgewing onder bespreking ook in terme van bepaalde *oplossings* beskryf word. Sodanige formulering van konfliktnuë kwessies in terme van oplossings eerder as in terme van die oorsaak van die probleem of die impak op verskillende rolspelers bring 'n mate van progressie in gesprekvoering en bevorder ook die ontwikkeling van gedeelde interpretasies van potensiële oplossings. Gesprekke rondom die Wynbedryfhandves het grootliks in terme van so 'n "oplossing-gebaseerde" benadering geskied. Daar is boonop voortdurend deur tegniese spanne konkrete voorstelle vir bepaalde elemente van die telkaart op die tafel geplaas wat die bedryf se benadering tot verskillende uitdagings geformaliseer het. Hierdie voorstelle kon die basis vir bespreking vorm en daar kon geleidelik beweeg word na 'n formulering wat vir alle rolspelers aanvaarbaar is. In die onderhandelinge rondom die herstrukturering van die SAWB is gesprekke rondom die spesifieke aard van die uiteindelijke liggaam voortdurend uitgestel. Hoewel hierdie benadering ruimte gelaat het vir interpersoonlike gesprekke tussen rolspelers wat hul persepsies van mekaar positief beïnvloed het, het die voortdurende identifisering van uitdagings en probleme in die bedryf sonder enige poging tot die formulering van wedersyds aanvaarbare alternatiewe soms negatiewe momentum in die proses ingebring wat die andersins positiewe impak van die gesprek op die verhouding tussen verskillende rolspelers (en die gepaardgaande potensiaal vir die formulering van wedersyds aanvaarbare oplossings) negeer het. Wanneer analitiese probleemoplossing as praktiese meganisme in die hantering van konflik ingespan word, is dit dus noodsaaklik dat daar voortdurend ook aan die formulering van uitdagings en probleme in die betrokke sosiale omgewing *in terme van oplossings* vir hierdie uitdagings en probleme aandag gegee word.

'n Derde punt van kritiek wat met die bogenoemde punt verband hou verwys na die belangrikheid van die dokumentering van gesprekke en ooreenkomste. Gesprekke rakende die herstrukturering van die SAWB is nie deurentyd duidelik gedokumenteer nie. Die fasiliteerder se projekspan het wel notas van gesprekke geneem en, veral aanvanklik, opsommings uit hierdie notas by daaropvolgende vergaderings aan deelnemers beskikbaar gemaak. Hierdie opsommings het 'n gedeelde verwysingsraamwerk gevorm wat die basis vir daaropvolgende gesprekke kon vorm. Teen die einde van die proses, toe die struktuur van die nuwe verteenwoordigende liggaam bespreek is, het die dokumentering egter ontbreek en het gesprekke gevolglik dikwels in die detail van spesifieke uitdagings verval eerder as om te fokus op die verlangde aard van 'n verteenwoordigende struktuur wat hierdie uitdagings

effektief kan aanspreek. Die finale struktuur is boonop nie in detail in 'n gesamentlike vergadering bespreek nie, maar is deur 'n kleiner taakspan van verteenwoordigers opgestel en individueel by verskillende belangegroepes getoets. Sommige rolspelers het dus gevoel dat die onderhandelinge rondom die nuwe struktuur 'n "oefening in openbare verhoudings" was, maar dat hulle geen werklike inspraak in die finale besluitneming gehad het nie. Hierdie onsekerheid kon voorkom word deur die finale ooreenkoms weer in openbare vergaderings te bespreek. Verskillende rolspelers sou sodoende die geleentheid kry om voorstelle vir aanpassings in die struktuur te maak en hierdie veranderinge kon op 'n deursigtige wyse aangebring word. Steun vir die finale ooreenkoms kon op hierdie wyse versterk word.

Die vierde punt van kritiek hou verband met die tydsraamwerk waarbinne die verskillende prosesse voltooi is. Die tydsraamwerk van die onderhandelinge rondom die Wynbedryfhandves is grootliks bepaal deur die publisering van die Departement van Handel en Nywerheid se kodes vir Swart Ekonomiese Bemagtiging, en die bedryf het nie noodwendig direk beheer gehad oor vordering met die proses nie. In die geval van onderhandelinge rondom die herstrukturering van die verteenwoordigende struktuur het die uitgerekte aard van die proses veroorsaak dat kosbare positiewe momentum voortdurend onderbreek is. Die gesprek het staatgemaak op die verbeterde verhoudings tussen rolspelers wat deur die positiewe interaksie binne die forum en by informele geleenthede gevestig is. Vergaderings het egter soms maande uitmekaar plaasgevind, en vordering wat by vorige ontmoetings bewerkstellig is, is dikwels in die periodes tussen vergaderings ondermyn deur praktiese gebeure waarin rolspelers met mekaar in konflik was. Hierdie konflik het dan boonop plaasgevind in wat beskryf kan word as 'n "institusionele vakuum" waarin daar geen meganisme vir die hantering van geskille bestaan het nie. In 'n meer gefokusde proses, wat in 'n korter periode afgehandel is, sou rolspelers in die bedryf moontlik tot 'n groter mate op die positiewe momentum van interaksie kon kapitaliseer.

Dit is in die vyfde plek belangrik om te oorweeg hoe die uitkomst van formele transformasieprosesse met verskillende belanghebbers gekommunikeer is. Transformatiewe prosesse maak daarop staat dat die verdiepte begrip en gepaardgaande herkonseptualisering van rolspelers wat aan onderhandelinge deelneem hulle sal bemagtig om wedersyds aanvaarbare oplossings te formuleer. Hierdie oplossings moet egter uiteindelik op voetsoolvlak deur deelnemers aan die bedryf aanvaar en geïmplementeer word. Vir die

uitkomst van die proses om vir 'n breë basis van belanghebbers aanvaarbaar te wees is dit egter nodig dat hierdie belanghebbers 'n soortgelyke transformasieproses as dié van besluitnemers ondergaan. Dit is dus noodsaaklik dat verteenwoordigers wat direk by onderhandelinge betrokke is op 'n gereelde basis met die belangegroep wat hulle verteenwoordig moet kommunikeer. Belanghebbers word sodoende betrek by die verdieping van begrip wat deur hul verteenwoordigers ervaar is en word op hierdie wyse gelei om die uiteindelijke oplossings te aanvaar. In die afwesigheid van so 'n voorbereidingsproses word belanghebbers gekonfronteer met 'n uitkoms wat nie met hul aanvanklike konseptualisering van probleme en aanvaarbare oplossings strook nie en is daar die gevaar dat daar aansienlike weerstand in die implementering van die ooreenkoms ervaar kan word. In die wynbedryf is die kwessie van kommunikasie met onderliggende belangegroep wel van tyd tot tyd in formele onderhandelinge bespreek. Daar is egter geen formele kommunikasiestrategie geformuleer nie, en kommunikasie met onderliggende belangegroep het dikwels op 'n *ad hoc* basis geskied. Die implementering van die Wynbedryfhandves en die werking van die Wynraad word gevolglik dikwels belemmer deur weerstand van persone wat op voetsoolvlak deur die ooreenkomste geraak word. So is daar byvoorbeeld weerstand van primêre produsente wat nie, soos direkte betrokkenes by die verskillende onderhandelinge, tot verdiepte begrip vir die interafhanklikheid van verskillende belange in die bedryf gebring is nie om 'n liggaam te befonds wat nie noodwendig hul belange voorop stel nie. Meer omvattende en deurlopende kommunikasie met hierdie produsente kon hierdie interpretasie van die situasie aangepas het en sodoende aanvaarding vir die uitkomst bevorder het.

Die sesde opmerking rakende transformasie in die wynbedryf verwys na die voorbereiding van rolspelers vir rolle wat daar in die getransformeerde bestel vervul moet word. Die transformatiewe benadering skryf voor dat verskillende rolspelers deeglike voorberei moet word vir die funksies wat hulle in 'n nuwe orde moet vervul. In die wynbedryf kan die deelname aan die transformasieprosesse in sigself beskou word as voorbereiding vir toekomstige rolle in dié sin dat rolspelers reeds in hierdie prosesse bekend gestel is aan die aard van die getransformeerde bestel en die funksies wat daar in hierdie bestel vervul moet word. Rolspelers het dus 'n oorsig gekry van hoe die bedryf funksioneer en watter funksies deur leierskap sowel as voetsoolvlak deelnemers aan die bedryf vervul moet word. Daar was egter in die wynbedryf geen formele proses waarin rolspelers opgelei is om nuwe rolle te vervul nie. Een voorbeeld hiervan het betrekking op die benadering tot onderhandeling wat

dikwels deur verteenwoordigers van arbeid ingespan word. Hierdie verteenwoordigers het dikwels 'n konfronterende styl juis omdat hul interaksie met werknemers tradisioneel konflikteel van aard is en rolspelers in bv. loononderhandelings of gesprekke rondom diensvoorwaardes opponerende belange het. Die doel van die Wynraad is egter om 'n platform te skep waar kwessies in die bedryf bespreek kan word. Waar die belange van rolspelers as komplementêrend beskou word is 'n konfronterende styl van onderhandeling egter nie altyd gepas om konsensus aan te moedig nie. Opleiding aan arbeidsverteenwoordigers in alternatiewe style van onderhandeling sou dus moontlik 'n positiewe impak op interaksie en besluitneming in die Wynraad kon hê.

Waar funksies/rolle in 'n bepaalde bestel as komplementêrend beskou word, word verskillende rolspelers boonop vertrou om bepaalde funksies namens die bedryf te verrig. Indien hierdie funksies nie suksesvol vervul word nie, kan rolspelers hul wedersydse afhanklikheid bevraagteken en word die basis van ooreenkomste wat op hierdie veronderstelde wedersydse afhanklikheid baseer is, weggekalwe.

Dit is belangrik om te erken dat daar, selfs te midde van sterk verhoudings en 'n sterk basis van gedeelde begrip, in interaksie tussen individue uit uiteenlopende agtergrond en met diverse belange voortdurend verskille in opinie en interpretasie sal wees. Die transformatiewe benadering vereis daarom dat daar 'n kanaal vir die beslegting van toekomstige konflik geskep word. In die wynbedryf word hierdie rol vervul deur die Wynraad - wat as forum vir voortgesette gesprekvoering dien en wat verantwoordelikheid vir die monitering van die implementering van die handves aanvaar. So 'n forum kan egter slegs suksesvol wees in die fasilitering van 'n voortgesette vloe van betekenis wat die oplossing van geskille kan moontlik maak indien oop, eerlike gesprekke toegelaat word. Dit is dus belangrik dat *alle* rolspelers die vrymoedigheid het om die Wynraad as platform te gebruik. Die voorsitter het in hierdie opsig 'n belangrike rol om te speel, en daar moet geen twyfel bestaan dat verskillende opinies in die raad verwelkom word nie. Die voorsitter van die Wynraad moet dus aandag gee aan kritiek dat hy bepaalde opinies in die raad onderdruk en nie genoeg ruimte vir gesprekvoering laat nie.

Dit is laastens nodig om te let dat daar in die transformatiewe benadering sterk klem geplaas word op die belangrikheid van voortgesette pogings om vertrouwe tussen verskillende

rolspelers te bou. Waar spesifieke ooreenkomste tussen rolspelers getref is, is voortgesette vertroue egter grootliks afhanklik van die mate waarin en wyse waarop die ooreenkomste deur verskillende rolspelers geïmplementeer word. Rolspelers bevestig hul verbintenis tot die beginsels van ooreenkomste deur daadwerklike pogings om die bepalings van ooreenkomste in hul omgewings te implementeer. Ter wille van die beskerming van die vertrouensverhouding tussen rolspelers wat tydens formele transformasieprosesse gevestig is, is dit dus noodsaaklik dat die ooreenkomste wat uit hierdie prosesse gevloei het so gou as moontlik tot 'n implementeringsfase oorgaan.

*Die teoretiese analise van die formele transformasieprosesse in die wynbedryf maak dit ook moontlik om tot die voorgestelde preskriptiewe raamwerk vir die hantering van transformasieprosesse toe te voeg en algemene beginsels vir die suksesvolle bestuur van transformasieprosesse voor te stel.*

In Suid-Afrika is die herverdelingsproses wat transformasie onderlê 'n gegewe. Die raamwerk vir ekonomiese transformasie word tot 'n groot mate deur die Department van Handel en Nywerheid se kodes vir Swart Ekonomiese Bemagtiging voorgeskryf. Aan die hand van die teoretiese raamwerk rakende tussengroep verhoudings wat in hoofstuk 2 uiteengesit is, kan daar egter geargumenteer word dat die *volhoubaarheid* van transformatiewe prosesse (en die herverdeling van hulpbronne, mag en ander bronne van status wat hiermee verband hou) afhanklik is van die mate waarin 'n basis vir stabiele sosiale *verhoudings* in die transformasieproses gevestig kan word.

Daar word gevolglik voorgestel dat transformasie bestuur word op 'n wyse wat die impak van herverdeling op die status van verskillende groepe en die gepaardgaande dinamika van tussengroep verhoudings deurlopend in ag neem. In hoofstuk 3 word die transformatiewe benadering tot die hantering van konflik as 'n raamwerk vir sodanige hantering van konflik voorgelê. In hoofstuk 6 is daar getoon dat elemente van die transformatiewe benadering tot konflik in die bestuur van transformasie in die wynbedryf inslag gevind het. Daar is ook in hoofstuk 6 (afdeling 4) getoon dat die uitkomst van transformasieprosesse in die wynbedryf (en spesifiek die Wynbedryfhandves en die struktuur van die Wynraad) grootliks voldoen aan die beginsels wat, in terme van die transformatiewe benadering tot konflik, stabiele verhoudings tussen rolspelers moontlik maak. Verhoudings in die bedryf is boonop tans

stabil. Belanghebbers vanoor 'n breë spektrum het die ooreenkomste wat tydens formele transformasieprosesse ontwikkel is aanvaar, en daar word tans voorbereidings getref om met die implementering van ooreenkomste voort te gaan. Die formele transformasieprosesse in die bedryf kan dus as suksesvol beskou word. Die transformatiewe benadering tot die hantering van konflik (soos wat dit in hoofstuk 3 beskryf is) is dus bevestig as 'n effektiewe raamwerk vir die bestuur van transformasie - in omstandighede waar die doelwitte van transformasie wyer strek as die blote herverdeling van mag, hulpbronne en ander bronne van status.

Die toepassing van die teoretiese model op transformasieprosesse in die wynbedryf en die kommentaar wat op grond van hierdie analise op die prosesse in die wynbedryf gelewer is (sien die bespreking hierbo) stel ons in staat om algemene opmerkings oor die voorgestelde raamwerk vir die bestuur van transformasieprosesse te maak.

1. Eerstens is dit belangrik om te let dat hoewel die formulering van 'n "ooreenkoms" nie die hoofdoel van transformatiewe prosesse is nie, dit nodig is om probleme of uitdagings in 'n bepaalde omgewing ook te bespreek in terme van oplossings vir hierdie probleme of maniere om uitdagings te hanteer. In die afwesigheid van so 'n gesprek word rolspelers se begrip vir mekaar en die uitdagings in 'n bepaalde omgewing verdiep, maar vind daar nie noodwendig 'n verruiming plaas in rolspelers se begrip vir gepaste response op hierdie uitdagings en probleme nie.
2. Dit is ook van sentrale belang dat daar in die bestuur van konflik ook formele kanale geskep word waardeur vordering en konseptuele verskuiwings aan voetsoolvlak rolspelers gekommunikeer kan word. Gefokusde rondtes van gesprekvoering tussen top leierskap (waarin die momentum van positiewe interaksie aan die gang gehou word) moet dus afgewissel word met gereelde terugvoering aan belanghebbers. Meer intense rondtes van gesprekke met gefokusde prosesse van terugvoering aan belanghebbers. Sodanige strukturering van gesprekke sal verseker dat rolspelers met die verskillende vlakke van transformering onder top leierskap tred hou, en uiteindelik aanvaarding vir die uitkomst van transformatiewe prosesse bespoedig.
3. Dit is in transformatiewe prosesse van noodsaaklik dat die rol van fasiliteerders duidelik gedefinieer word. Waar 'n bepaalde preskriptiewe raamwerk in die bestuur van transformasie ingespan word is dit uit die aard van die saak nodig dat bepaalde *beginsels* wat in ooreenkomste weerspieël behoort te word deur die fasiliteerder aangemoedig word.

Daar moet egter genoegsame professionele afstand tussen die fasiliteerder en die kwessies onder bespreking wees dat bepaalde uitkomste nie deur die fasiliteerder voorgeskryf word nie, aangesien sodanige inmenging deur die fasiliteerder die geloofwaardigheid van die proses, en rolspelers se steun vir die uiteindelijke uitkomste verswak.

4. Dit is ook nodig om in die bestuur van transformasieprosesse te verseker dat daar 'n wedersydse vloei van inligting in kommunikasie tussen verskillende rolspelers plaasvind. Tydgleuwe vir kommentaar deur verskillende verteenwoordigers kan moontlik ingestel word om gelykmatige deelname deur alle partye te verseker.
5. Volledige en volgehoue dokumentering van gesprekke tussen rolspelers is 'n belangrike instrument wat die bestuur van opeenvolgende gesprekke vergemaklik. Dit sou ook nuttig wees om opsommings van gesprekke op 'n gereelde basis aan deelnemers aan transformasieprosesse beskikbaar te stel. Die vloei van inligting wat hierdeur gefasiliteer sal word bied nie net aan rolspelers die geleentheid om mekaar se standpunte te verder te ondersoek nie, maar maak dit ook moontlik vir rolspelers om die formele interpretasie van hul eie standpunte te sien en om hierdie standpunte, waar nodig, te verhelder.
6. Formele opleiding aan rolspelers ter voorbereiding vir die funksies wat hulle in 'n getransformeerde orde sal speel kan vroeë mislukkinge in implementering en die gepaardgaande ondermyning van die aanvaarding van wedersydse afhanklikheid verhoed.
7. Dit is belangrik om te erken dat die doeltreffende implementering van onderhandelde ooreenkomste die vertrouensverhouding tussen rolspelers versterk. Die implementering van ooreenkomste moet dus nie onnodiglik vertraag word nie.

## Hoofstuk 8: Slot

---

### 1. Inleiding

In hierdie hoofstuk word die belangrikste akademiese bydraes van die studie opgesom. Daar word spesifiek verwys na die suksesvolle karakterisering van die proses van ekonomiese transformasie as 'n situasie van konflik en die wyse waarop konseptuele materiaal uit konflikteorie en sosiale identiteitsteorie geïntegreer is om 'n teoretiese raamwerk te ontwikkel wat in die analisering van ekonomiese transformasie ingespan kan word.

Die geïdentifiseerde analitiese raamwerk spreek ook spesifiek 'n belangrike gaping in die huidige literatuur oor ekonomiese transformasie, naamlik die versuim om die impak van transformasie op die *status* van verskillende groepe en die gepaardgaande implikasies vir tussen-groep verhoudings te ontleed. In hierdie verband word daar o.a. verwys na die identifisering van omstandighede waaronder die onvermydelike ongelykhede in die sosio-ekonomiese orde nie die stabiliteit van verhoudings tussen verskillende sosiale groepe sal bedreig nie. Daar word getoon hoe die konsep van “gelykberegting in eiewaarde”<sup>178</sup>, en die rol daarvan in die handhawing van sosiale stabiliteit, in die studie ontwikkel en uitgelig is.

In Afdeling 2 van hierdie hoofstuk, word daar getoon hoe die teoretiese analise van transformasie dit vir ons moontlik maak om 'n preskriptiewe model vir die effektiewe bestuur van transformasie te identifiseer. Daar word ook geargumenteer dat 'n belangrike bydrae tot die preskriptiewe model moontlik gemaak is deur Rawls se definisie van geregtigheid in Hoofstuk 3 as konseptuele verruiming tot die model voor te stel.

Die sukses van die teoretiese analise van transformasie in die Suid-Afrikaanse wynbedryf word omskryf, en teoretiese insigte wat hierdeur moontlik gemaak is word geïdentifiseer.

---

<sup>178</sup> “Gelykberegting in eiewaarde” is 'n relatief nuwe konsep in Politieke Wetenskap, wat in 1998 vir die eerste keer gebruik is in die Goeie Vrydag ooreenkoms wat tussen twistende groepe in Noord-Ierland gesluit is.



## 2. Probleemstellings

Voortgesette sosiale stabiliteit in Suid-Afrika vereis dat die land se sogenaamde "onvolledige transisie" voltooi word deur betekenisvolle sosio-ekonomiese transformasie wat die ekonomiese gevolge van die land se geskiedenis van ongelyke ontwikkeling aanspreek. Dit is daarom noodsaaklik dat transformasie as sosiale fenomeen deeglik begryp en effektief bestuur word. Sosiale navorsing maak staat op sosiale teorie om analitiese raamwerke te verskaf waarbinne die sosiale realiteit geïnterpreteer kan word<sup>179</sup>. Daar word veronderstel dat hierdie teoretiese-gedrewe interpretasies tot verdiepte begrip vir sosiale verskynsels sal bydra en dat hierdie verdiepte begrip as basis kan dien vir preskriptiewe raamwerke wat op 'n praktiese vlak in die bestuur van die betrokke fenomeen ingespan kan word.

Daar is in Hoofstuk 1 geargumenteer dat huidige analises van ekonomiese transformasie hoofsaaklik fokus op beskrywings van die behoefte aan transformasie, huidige transformasie-inisiatiewe en vordering ten opsigte van die formele transformasiedoelwitte wat op 'n nasionale vlak gestel word. Die proses van transformasie word dus nie in bestaande akademiese analises van die onderwerp geïntegreer nie. Die impak van transformasieprosesse op die status van verskillende groepe in 'n bepaalde sosiale bestel en die gepaardgaande impak op tussengroep verhoudings word dus nie genoegsaam in ag geneem nie. Hierdie akademiese onderbektoneering van transformasieprosesse word toegeskryf aan die feit dat daar geen duidelik gedefinieerde teoretiese raamwerke bestaan in terme waarvan sodanige analises aangepak kan word nie.

Hierdie studie identifiseer daarom 'n teoretiese raamwerk wat in die analisering van ekonomiese transformasie ingespan kan word. Daar is voorgestel dat teorieë en konsepte uit konflikstudie in die analisering van ekonomiese transformasie in Suid-Afrika gebruik word. Hierdie teorieë/ konsepte is toegepas in 'n analise van ekonomiese transformasie in die Suid-Afrikaanse wynbedryf as 'n gevallestudie van transformasie in post-apartheid Suid-Afrika. Soos dit in hoofstuk 1 beskryf is, dien die studie dus 'n tweeledig doel, naamlik: om die effektiwiteit van konflikteorie in die analisering van transformasie te evalueer, en om ons begrip van ekonomiese transformasie te verdiep - wat ons uiteindelik in staat stel om voorstelle te maak oor hoe die proses meer effektief bestuur kan word.

---

<sup>179</sup> Sien Hoofstuk 1 (Afdeling 1) vir 'n meer gedetailleerde beskrywing van hierdie premis.

Die volgende navorsingsdoelwitte is daarom in hoofstuk 1 geïdentifiseer:

- Die karakterisering van die proses van ekonomiese transformasie as 'n situasie van konflik.
- Die omskrywing van teorieë en konsepte in die veld van konflikstudie wat in die analisering van transformasie in post-konflik samelewings gebruik kan word.
- Die identifisering van preskriptiewe voorstelle/ beleidsriglyne vir die bestuur van transformasie wat aan die bogenoemde teorie gekoppel kan word.
- Die toepassing van teoretiese konsepte uit konflikstudie in 'n analise van ekonomiese transformasie in die Suid-Afrikaanse wynbedryf (as gevallestudie van ekonomiese transformasie in post-apartheid Suid-Afrika).
- Die ontleding van die geselekteerde transformasieproses om vas te stel of die voorskrifte van die preskriptiewe raamwerk vir die suksesvolle bestuur van transformasie wel gevolg is, of nie.

Daar sal vervolgens getoon word hoe die bogenoemde doelwitte in hierdie studie bereik is.

### **3. Bevindinge**

*Die karakterisering van die proses van ekonomiese transformasie as 'n situasie van konflik*

In hoofstuk twee is verskillende definisies van transformasie opgesom en is daar 'n oorsig gegee van die aard van ekonomiese transformasie in die Suid-Afrikaanse konteks. Transformasie is op grond van hierdie definisies beskryf as 'n doelmatige proses van verandering. Daar is getoon dat die ekonomiese transformasieproses in Suid-Afrika nie net gemik is op die herverdeling van ekonomiese hulpbronne nie, maar ook 'n herskikking in die verdeling van mag in die ekonomiese arena en 'n aanpassing in die onderliggende waardestelsels en informele magsverhoudinge wat die ekonomiese orde onderlê ten doel het. Teen die agtergrond van 'n beskrywing van objektivistiese en subjektivistiese oorsake van konflik, is daar geargumenteer dat hierdie die veranderinge wat in transformasieprosesse nagestreef word, en die gepaardgaande implikasies vir die relatiewe status van wit en swart Suid-Afrikanners, die potensiaal vir konflik tussen verskillende groepe in die land kan verhoog.

Daar is spesifiek verwys na:

- Die menslike behoefte aan positiewe selfbevestiging en die impak van (i) die verdeling van mag en hulpbronne, en (ii) die aard van die waardestelsels wat 'n bepaalde sosiale orde onderlê, op individuele en kollektiewe pogings om eiewaarde te bevestig;
- Die verwagte respons van dominante en ondergeskikte groepe op onderskeidelik uitdagings vir die *status quo* wat hul selfbevestiging beskerm en ongelykhede wat hul kapasiteit vir positiewe selfbevestiging ondermyn;
- Die sentrale rol van die verdeling van materiële hulpbronne as moontlike bron vir die bevestiging van groepstatus in 'n kapitalistiese bestel waarin daar implisiet veronderstel word dat die uitkomst van ekonomiese kompetisie 'n objektiewe maatstaf vir individuele en kollektiewe status is;
- Die verhoogde konflikpotensiaal in omstandighede waar ongelykhede in die verdeling van hulpbronne, mag en ander bronne van status met askriptiewe eienskappe, soos ras, etnisiteit of kultuur, oorvleuel.

In 'n opsomming van die teoretiese skakel tussen konflik en transformasie is daar geargumenteer dat daar in Suid-Afrika 'n situasie van materiële ongelykheid ontstaan het, dat hierdie ongelykheid met rasselyne oorvleuel, dat daar 'n formele poging is om hierdie ongelykheid te verander en dat 'n bepaalde reaksie op hierdie verandering verwag kan word aangesien 'n herverdeling in materiële hulpbronne 'n primêre bron van groepstatus, en basis vir die bevestiging van eiewaarde (naamlik: sukses in die ekonomiese omgewing) bedreig.

*Die omskrywing van teorieë en konsepte in die veld van konflikstudie wat in die analisering van transformasie in post-konflik samelewings gebruik kan word.*

Twee hoofstroom benaderings tot teoretiese analyses van die oorsake van konflik is in Hoofstuk 2 beskryf. In afdeling 5.2 is daar geargumenteer dat daar dikwels geen instrumentalistiese (objektivistiese) verklaring vir groepe se gedrag teenoor mekaar gevind kan word nie en dat daar in die objektivistiese benadering tot die analisering van konflik ook geen *meganisme* vir konflik geïdentifiseer word wat verduidelik *waarom* die sg. objektiewe kompetisie vir skaars hulpbronne tussengroep konflik veroorsaak nie.

Sodanige meganisme van konflik is geïdentifiseer in subjektivistiese analyses van konflik waarin daar geargumenteer word dat: die individuele behoefte aan die bevestiging van eiewaarde by uitstek via die positiewe selfbevestiging van sosiale groepe geskied; dat die

bevestiging van kollektiewe eiewaarde staatmaak op vergelykings met buitengroepe waarin die meerderwaardige status van die groep duidelik word (m.a.w. die *relatiewe status* van die groep *in vergelyking met ander groepe*); dat groepe dus in kompetisie is vir verskillende *bronne van status*; en dat konflik dus kan realiseer via twee moontlike kanale, naamlik: (i) Groepe wat in die vergelykende situasie as ondergeskik of op grond van een of ander dimensie van onderskeiding as agterlik gekenmerk word (en dus die groep se lede ontnem van die kapasiteit om hul eiewaarde deur lidmaatskap aan die groep te bevestig) kan, as gevolg van die psigologiese spanning wat deur die kwetsende vergelyking veroorsaak word, teen die situasie (die sogenaamde status quo) in opstand kom. Die ongelykheid word dus betwis. OF (ii) Groepe wat in die vergelykende situasie bevestiging vir hul status of waarde gevind het (en dus aan die lede van die groep 'n kanaal vir positiewe self-bevestiging voorsien) kan optree om die *status quo* in stand te hou.

Daar is aan die hand van Tajfel en Turner se konseptualisering van Sosiale Identiteit Teorie getoon dat groepgedrag in situasies van konflik (of, in terme van die subjektivistiese model wat in hoofstuk 2 beskryf is, in situasies van bedreigde groepstatus) begryp kan word as pogings om die *uitkoms van vergelykende prosesse* te verander. Tajfel & Turner (1979) se teorie is vervolgens ingespan om voorspelbare patrone van sosiale response op ongelykhede in sosiale verhoudings te identifiseer. Hierdie teorie het 'n tweeledige funksie gedien. Aan die een kant voorsien dit 'n konseptuele raamwerk in terme waarvan groepgedrag in situasies van konflik begryp kan word. Aan die ander kant word daar egter ook 'n meganisme geïdentifiseer waardeur die potensiaal vir konflik<sup>180</sup> in sosiale omgewings ontkom kan word.

Daar is getoon dat groepe bereid is om ongelyke uitkomst in vergelykende situasies te aanvaar indien die vergelyking, en die omstandighede waaronder die verskille tussen groepe gevestig is, as *legitiem* beskou word. Hierdie legitimititeit is gekoppel aan *regverdigheid* van die omstandighede waaronder die uitkomst van die vergelyking gevestig is en die *veranderbaarheid* van status-hiërargieë en daar is genoem dat vergelykings tussen groepe wat onder hierdie soort omstandighede gevestig word as skadeloos (eerder as kwetsend) ervaar word. 'n Volhoubare basis vir stabiele sosiale verhoudings kan dus op hierdie wyse gevestig word.

---

<sup>180</sup> Gegewe die sentrale rol van *relatiewe status* in die positiewe self-bevestiging en die onvermydelikheid van ongelykhede in die sosiale bestel is daar geargumenteer dat verhoudings tussen groepe noodwendig 'n bepaalde konflikpotensiaal het.

Dit is belangrik om te let dat daar in Sosiale Identiteit Teorie geen duidelike definisie van "regverdigheid" geïdentifiseer word nie.

*Die identifisering van preskriptiewe voorstelle vir die bestuur van transformasie wat aan die bogenoemde teorie gekoppel kan word.*

In Hoofstuk 3 is daar geargumenteer dat subjektivistiese oorsake van tussen-groep konflik aangespreek behoort te word deur (i) die daarstelling van regverdige sosiale strukture wat die potensiaal vir konflik beperk, en (ii) die bevordering van interpretasies van die realiteit wat individue en groepe se behoefte aan die bevestiging van eiewaarde bevredig. Daar is vervolgens onderskei tussen verskillende benaderings tot die hantering van konflik, en geargumenteer dat die bogenoemde kriteria wel in konflik transformering (as preskriptiewe model vir hantering van konflik) bevredig word.

In 'n gedetailleerde beskrywing van die transformatiewe benadering is daar verskillende praktiese meganismes geïdentifiseer wat in hierdie benadering gebruik word om konflik te bestuur. Spesifieke elemente van die transformatiewe benadering is beklemtoon. Daar is o.a. verwys na die benadering se erkenning van (i) die potensiaal van konflik om verbeteringe in tussengroep verhoudings te bewerkstellig, en (ii) die rol van siklusse van positiewe interaksie in die bevordering van 'n meer gelyke en regverdige sosiale orde.

In afdeling 6 (van hoofstuk 3) is die doelwitte van die transformatiewe benadering gekoppel aan die Tajfel & Turner se konseptualisering van die omstandighede waaronder groepe bereid is om ongelyke uitkomst in vergelykende situasies te aanvaar. Daar is getoon dat die behoefte aan eksterne *erkenning* van die bronne van groepstatus as meganisme kan dien om die kompeterende voorkeure van dominante en ondergeskikte groepe te versoen, en dat sodanige versoening moontlik is in omstandighede van sosiale geregtigheid wat aan 'n wedersyds aanvaarde maatstaf van regverdigheid voldoen.

In die afwesigheid van 'n toereikende definisie van geregtigheid binne die transformatiewe benadering is John Rawls se beskrywing van geregtigheid as voorvereiste vir vreedsame sosiale verhoudings en volhoubare sosiale strukture as konseptuele verruiming tot die transformatiewe raamwerk voorgestel. Rawls se algemene beginsel van sosiale geregtigheid, naamlik: *dat alle primêre sosiale goedere gelyk verdeel moet word, tensy die ongelyke*

*verdeling daarvan tot voordeel van die mees ontmagtigde groep sal strek*, is voorgestel as 'n maatstaf vir die verdeling van hulpbronne, mag en ander bronne van status. Daar is geargumenteer dat aanvaarding vir hierdie beginsels in 'n transformatiewe benadering tot konflikbeslegting bevorder kan word. In hierdie verband is daar spesifiek verwys na die wyse waarop daar in die transformatiewe benadering tot konflik voortdurend gepoog word om verhoudings te herstel en wedersydse begrip tussen konflikterende partye te bevorder; die argument dat hierdie bevordering van begrip tot meer regverdigde sosiale strukture kan aanleiding gee; en die ooreenkomste tussen hierdie bevordering van 'n gedeelde basis vir besluitneming en Rawls se konseptualisering van die "oorspronklike posisie" waarin daar verwag word dat besluitnemers in die belange van *alle* groepe in 'n bepaalde sosiale bestel sal optree.

Gegewe die teoretiese koppeling tussen konflik en transformasie is daar uiteindelik geargumenteer dat die transformatiewe raamwerk in die bestuur van transformasie gebruik kan word.

*Die toepassing van teoretiese konsepte uit konflikstudie in 'n analise van ekonomiese transformasie in die Suid-Afrikaanse wynbedryf (as gevallestudie van ekonomiese transformasie in post-apartheid Suid-Afrika).*

In hoofstuk 4 is die konteks van transformasie in Suid-Afrika beskryf aan die hand van 'n oorsig van die land se geskiedenis van ongelyke ontwikkeling en die sosio-ekonomiese ongelykhede wat as gevolg daarvan ontstaan. Daar is 'n oorsig gegee van die verskillende maniere waarop die regerende party en ander rolspelers in die ekonomiese arena sedert 1994 gepoog het om sosio-ekonomiese transformasie te bewerkstellig. Die institusionele basis van transformasie is beskryf in 'n opsomming van die SEB strategie en wetgewing - as 'n spesifieke uitdrukking van die regering se benadering tot transformasie. Die formele transformasieprosesse in die wynbedryf is in hoofstuk 5 geïdentifiseer as 'n gevallestudie van transformasie in die Suid-Afrikaanse konteks. Daar is gepoog om 'n objektiewe beskrywing van hierdie prosesse te gee. Dié hoofstuk is vergesel van 'n opsomming van indrukke uit 'n reeks onderhoude met rolspelers in die wynbedryf wat by die transformasieprosesse in die bedryf betrokke was.

Dit is belangrik om te let dat die formele transformasieprosesse in die wynbedryf twee belangrike ooreenkomste tot gevolg het, naamlik: die Wynbedryfhandves en die gronddokument van die nuwe verteenwoordigende liggaam vir die bedryf. Hierdie ooreenkomste is deur alle rolspelers aanvaar en 'n duidelike verbetering in verhoudings tussen rolspelers was in gesprekke met die deelnemers aan transformasieprosesse sigbaar<sup>181</sup>. Alle deelnemers het die verbetering in verhoudings tussen rolspelers in die bedryf as 'n positiewe uitkoms van die transformasieprosesse geïdentifiseer. Die formele transformasieprosesse in die bedryf kan dus as suksesvol beskou word.

In hoofstuk 6 is die formele transformasieprosesse in die wynbedryf (m.a.w. die gevallestudie) aan die hand van die teoretiese model wat in hoofstuk 2 en 3 uiteengesit is ontleed.

Die gepastheid van die konflikteorie in die bestudering van transformasie is in hierdie analise bevestig. Die teoretiese analise van die transformasieproses in die bedryf het dit moontlik gemaak om (i) die potensiële bronne van konflik in transformasieprosesse in die wynbedryf te identifiseer, en (ii) die persepsies en optrede van rolspelers in die bedryf te interpreteer<sup>182</sup>. Daar is dus aangevoer dat die teorie die konseptuele materiaal voorsien wat nodig is om begrip vir transformasie as sosiale fenomeen te verdiep.

*Die ontleding van die geselekteerde transformasieproses om vas te stel of die voorskrifte van die preskriptiewe raamwerk vir die suksesvolle bestuur van transformasie wel gevolg is, of nie.*

In hoofstuk 6 is daar ook geargumenteer dat verskeie elemente van die transformatiewe benadering tot die hantering van konflik (die preskriptiewe model wat aan die gekose teorie van tussengroep konflik gekoppel is) in die bestuur van konflik in die wynbedryf inslag gevind het. Daar is onder andere verwys na (i) die fokus op die herstel van verhoudings, (ii) die aandag wat geskenk is aan die bevordering van konstruktiewe dialoog waarin verskillende rolspelers se persepsies en standpunte rondom die vernaamste uitdagings in die bedryf blootgelê is, (iii) die inklusiwiteit van onderhandelinge, (iv) die eksplisiete doelwit van

---

<sup>181</sup> Hierdie verbetering in verhoudings is eksplisiet deur verskeie rolspelers as 'n positiewe uitkoms van die proses beskryf en was implisiet waarneembaar in rolspelers se beskrywings van die voorwaardes vir suksesvolle transformasie in die wynbedryf en "geregtigheid" as wedersyds aanvaarde doelwit vir die bedryf.

<sup>182</sup> Sien die beskrywing van die gepastheid van die teoretiese model vir die analisering van transformasie in afdeling 2 van hoofstuk 7.

transformasieprosesse in die bedryf om strukturele veranderinge aanmoedig wat tot sosiale geregtigheid sal bydra.

Soos reeds genoem, word die formele transformasieprosesse in die wynbedryf as suksesvol beskou. Die analise van transformasieprosesse in die wynbedryf het dus ook die potensiaal van konflik transformering as model vir die doeltreffende bestuur van transformasie bevestig. Daar is ook getoon dat die beginsels van die ooreenkomste wat in transformasieprosesse in die wynbedryf deur rolspelers ontwikkel en aanvaar is aan Rawls se definisie van sosiale geregtigheid voldoen. Die gevallestudie het dus ook bevestig dat daar in die proses van konflik transformering (soos in Rawls se posisie van oorspronklike besinning) omstandighede geskep kan word waarin rolspelers op strukturele veranderinge kan ooreenstem wat die behoefte aan sosiale geregtigheid bevredig.

*Die bydra van nuwe insigte tot ons huidige begrip van ekonomiese transformasie as 'n politieke proses wat die basis kan vorm vir voorstelle vir die effektiewe bestuur van transformasie-prosesse.*

Die insigte rakende transformasie wat deur die teoretiese analise na vore gebring is, is opgesom in hoofstuk 7. Daar is spesifiek verwys na die teoretiese blootlegging van die impak van transformasie op die *verhoudings* tussen verskillende rolspelers en die wyse waarop konsepte uit die teoretiese raamwerk ingespan kon word om die gedrag van individue en groepe in omstandighede van transformasie te interpreteer. Die analise vul dus die vakuum in die akademiese bestudering van transformasie wat in hoofstuk 1 geïdentifiseer is in dié sin dat dit aard en implikasies van die *proses* van transformasie op sigself ondersoek.

Soos reeds genoem, is die transformatiewe raamwerk vir die hantering van tussengroep konflik as model vir die bestuur van transformasie geïdentifiseer en is die praktiese implementering van die model in die gevallestudie waargeneem.



#### 4. Voorstelle vir verdere navorsing

Gegewe die begrening van hierdie studie word die volgende voorstelle vir verdere navorsing gemaak:

Soos reeds genoem, volg hierdie studie die formele transformasieprosesse in die wynbedryf tot in Julie 2007. Die *implementering* van die Wynbedryfhandves en die *sukses* van die Wynraad as forum vir besluitneming en konflikbeslegting en die realisering van die doelwitte van die raad word dus nie oorweeg nie. In hieropvolgende studies kan die teoretiese raamwerk wat hier voorgestel word ook in die analisering van die implementering van ooreenkomste in die wynbedryf ingespan word.

Gegewe die feit dat die opinies van rolspelers kort na die twee formele transformasieprosesse in die wynbedryf getoets is, en daar verwag kan word dat sekere kompleksiteite rondom die implementering van ooreenkomste eers mettertyd sal sigbaar word, sou dit nuttig wees om in opvolgstudies rolspelers se standpunte oor transformasieprosesse in die bedryf weer op 'n latere stadium te toets en te analiseer.

In hierdie studie word 'n spesifieke gevallestudie gebruik om die toepaslikheid van konflikteorie in die analisering van transformasie te toets en om te bepaal of preskriptiewe raamwerke wat aan hierdie teorie gekoppel word wel in die bestuur van die proses ingespan is. Hieropvolgende studies sou die teoretiese raamwerk wat hier voorgestel word kon gebruik in die analisering van ander gevallestudies. Sodanige analyses sou weereens die toepaslikheid van die gekose teoretiese raamwerk in die analisering van transformasie kon toets en ook tot die verdere verfyning van die raamwerk kon bydra.

Rawls se definisie van "geregtigheid" word in hoofstuk 3 as 'n konseptuele verruiming tot huidige beskrywing van die transformatiewe benadering tot die hantering van konflik voorgestel. Die keuse van hierdie definisie word in die begrening van die studie in hoofstuk 1 en ook kortliks in die teks van hoofstuk 3 gemotiveer. In hieropvolgende studies sou dit egter moontlik wees om alternatiewe definisies van geregtigheid met mekaar te vergelyk en te oorweeg hoe die gebruik van verskillende definisies in die transformatiewe raamwerk beskrywings van die verlangde uitkomst van transformasieprosesse sou beïnvloed.

## Bronnelys

---

Abedian, I. & Brown, S. 2004. *State, private sector can team up*. [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://www.ijr.org.za/art\\_pga/art75.html](http://www.ijr.org.za/art_pga/art75.html) (Oktober 2004).

ACCESS. 2002. Alliance for Children's Entitlement to Social Security: The Right to Basic Education. [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://www.aces.org.za/documents/basic\\_education.pdf](http://www.aces.org.za/documents/basic_education.pdf) (Julie 2006).

Adam, H. 2002. *Peace-making in divided societies: the Israel-South Africa analogy*. Cape Town: Human Sciences Research Council Publishers.

Africa South Art Initiative. 2005. *Founding Statement*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.asai.co.za> (November 2005).

African National Congress. 1985. "The Future is within our Grasp", *Statement of the National Executive Committee of the ANC*. Lusaka: ANC.

African National Congress. 1998. *Statement on the Transformation of Sport*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.anc.org.za/ancdocs/pr/1998/pr1210.html> (Oktober 2005).

AgriSEB Steering Committee. 2006a. *Broad-Based Black Economic Empowerment: Transformation Charter for Agriculture*. Final Draft. [Aanlyn]. Beskikbaar: [www.uovs.ac.za/faculties/documents/04/099/LEK461/12348-FINAL%20AgriSEB%20Charter%20v20060511.doc](http://www.uovs.ac.za/faculties/documents/04/099/LEK461/12348-FINAL%20AgriSEB%20Charter%20v20060511.doc) (Oktober 2006).

AgriSEB Steering Committee. 2006b. *Indicative AgriSEB Scorecard*. Final Draft. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.uovs.ac.za/faculties/documents/04/099/LEK461/12350-FINAL%20AgriSEB%20Scorecard%20v20060511.doc> (Oktober 2006).

Albin, C. 1991. 'Negotiating Indivisible Goods: The Case of Jerusalem', *The Jerusalem Journal of International Relations*. 13(1):45-75.

Alexander, N. 2002. *An ordinary country: issues in the transition from apartheid to democracy in South Africa*. Scottsville: University of Natal Press.

Allan, R. 1998. "Rawlsian Affirmative Action: Compensatory Justice as Seen from the Original Position". Paper presented at the Twentieth World Congress of Philosophy. Boston, USA. 10-15 August 1998. [Online]. Available: <http://www.bu.edu/wcp/Papers/Soci/SociAlle.htm> (August 2007).

Allport, G.W. 1954. *The Nature of Prejudice*. Cambridge: Addison-Wesley.

ANC Today. 2006. "Land and agrarian reform: Boost to accelerated land reform", in *ANC Today*. 6(5). [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.anc.org.za/ancdocs/anctoday/2006/at35.htm> (Oktober 2006).

Anderson, T.H. 2005. *The Pursuit of Fairness: A History of Affirmative Action*. London: Oxford University Press.

Anstey, M. 1998. 'South Africa', in P. Harris & B. Reilly (eds.) *Democracy and Deep-Rooted Conflict: Options for Negotiators*. Stockholm: International Institute for Democracy and Electoral Assistance.

Armijo, E., Biersteker, T.J. & Lowenthal, A.F. 1994. "The problems of simultaneous transitions". *Journal of Democracy*. 5(4):161-175.

Ashcroft, B. 2001. *Post-Colonial Transformation*. London: Routledge.

Barnard, M. 2007. "SEB is 'n 'stinkende rioolsloot' - Pik" in *Die Burger*. 12 Maart 2007.

Baumeister, R.F., Smart, L. & Boden, J.M. 1999. "Relation of Threatened Egotism to Violence and Aggression: The Dark Side of High Self-Esteem", in R.F. Baumeister (ed.) *The Self in Social Psychology*. PA: Psychology Press.

Berg, A. & Krueger, A. 2002. "Lifting all boats. Why openness helps curb poverty", in *Finance and Development*. 39(3).

Black Economic Empowerment Commission. 2001. *Report of the Black Economic Empowerment Commission*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.dti.gov.za> (April 2005).

Bond, P. 1999. *Elite Transition: From Apartheid to Neo-Liberalism in South Africa*. London: Pluto Press.

Bonorchis, R. 2005. "BEE Codes Pose a Challenge". [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.busrep.co.za/index.php?fArticleId=2976280>. November 2005.

Boshoff, C. 2004. *Die grondvraag is die grondvraag: grond en demokrasie in Suid-Afrika*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.litnet.co.za/seminaar/carelb.asp> (April 2004).

Botes, J. 2003. "Conflict Transformation: A debate of semantics, or a crucial shift in the theory and practice of peace and conflict studies", in *International Journal of Peace Studies*. 8(2):1-27.

Botha, R. 2007. "Raak van die struikelblokke ontslae: Verbete toewyding aan SEB knou groeiteikens", in *Die Burger*. 11 April 2007.

Brahm, E. 2003a. "Latent Conflict Stage." *Beyond Intractability*. Eds. G. Burgess & H. Burgess. Conflict Research Consortium, University of Colorado. [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://www.beyondintractability.org/m/latent\\_conflict.jsp](http://www.beyondintractability.org/m/latent_conflict.jsp) (Desember 2005).

Brewer, M.B. 1986. "The role of ethnocentrism in intergroup conflict", in S. Worchel & W.A. Austin (eds.) *Psychology of Intergroup Relations*. 2<sup>nd</sup> edition. Chicago: Nelson-Hall.

British Broadcasting Corporation. 2005. *SA plan aims to spread the wealth*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://news.bbc.co.uk/2/hi/africa/4399716.stm> (November 2005).

Brown, R. 2000. "Social Identity Theory: past achievements, current problems and future challenges", in *European Journal of Social Psychology*. 30:745-778.

Brown, S. & Fölscher, A. 2004. "Introduction", in S. Brown & A. Fölscher (eds.). *Taking Power in the Economy: Gains and Directions*. Cape Town: Institute for Justice and Reconciliation.

Bull, H. 1977. *The Anarchical Society: a study of order in world politics*. 2<sup>nd</sup> edition. London: Macmillan Press.

Burger, R. 2004. "Changing Dynamics of Employment: What Drives the Post-Apartheid Labour Market?", in S. Brown & A. Fölscher (eds.) *Taking Power in the Economy: Gains and Directions*. Cape Town. Institute for Justice and Reconciliation.

Burgess, G. & Burgess, H. 1996. "Constructive Confrontation: A Transformative Approach to Intractable Conflicts", in *Mediation Quarterly*. 13(4):305-322.

Burgess, G. & Burgess, H. *et al.* 1997. "Transformative approaches to Conflict." Conflict Resolution Consortium, University of Colorado. Available: [Online]: <http://www.beyondintractability.org> (December 2005).

Burton, J. (ed.) 1990. *Conflict: Human Needs Theory*. London: MacMillan.

Bush, R.A.B. & Folger, J. 1994. *The Promise of Mediation: Responding to Conflict Through Empowerment and Recognition*. San Francisco: Jossey-Bass.

Business Day. 2005. *New black empowerment codes*. Interview with Kobus Gertenbach. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://transcripts.businessday.co.za/cgi-bin/transcripts/t-showtranscript.pl?1130882083> (November 2005).

Centre for Development and Enterprise. 2005. *Land Reform in South Africa: A 21st Century Perspective*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.cde.org.za> (Januarie 2007).

Chua, A. 2003. *World On Fire*. London: William Heinemann.

Clark, J. 2007. "SEB geknou oor klein poel swart kundiges", in *Sake Burger*. 31 Januarie 2007.

Classic Business Day. 2005. "New Black Empowerment Codes". Interview with Kobus Gertenbach. 4 November 2005. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.transcripts.businessday.co.za/cgi-bin/transcripts/t-showtranscript.pl?1130882083> (Desember 2005).

Cliffe Dekker Attorneys. 2004. *The Way to BEE: A guide to broad-based black economic empowerment in South Africa*. Cape Town: Cliffe Dekker.

Cloete, N. et al. (eds.) 2002. *Transformation indicators applied to two South African higher education institutions*. Sunnyside: Centre for Higher Education Transformation.

Cohen, J. 2004. "The Importance of Philosophy: Reflections on John Rawls", *South African Journal of Philosophy*. 23(2):113-119.

Connolly, P. 2000. "What Now for the Contact Hypothesis? Towards a New Research Agenda", in *Race Ethnicity and Education*. 3(2):169-193.

Crick, B. 2000. *In Defence of Politics*. Revised edition. New York: Penguin.

Curle, A. 1971. *Making Peace*. London: Travistock Publications.

Dahl, R.A. 1984. *Modern Political Analysis*. 4<sup>th</sup> edition. New Jersey: Prentice Hall.

Daianu, D. 1998. *Transformation of Economy as Real Process: An Insider's perspective*. Aldershot: Ashgate.

Darby, J. & Mac Ginty, R. (eds.) 2003. *Contemporary Peacemaking: Conflict, Violence and Peace Processes*. New York: Palgrave.

De Lange, J. 2005. "Wenkbroute wip oor nuwe SEB kodes: Voorste swart sakelui sien swarigheid vir telkaart", in *Die Burger*. 21 Desember 2005.

De Lille, P. 2004. *Poverty: Poison to Reconciliation*. [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://www.ijr.org.za/art\\_pgs/art88.html](http://www.ijr.org.za/art_pgs/art88.html) (12 Oktober 2004).

Denemark, R.A., Friedman, J., Gills, B.K. & Modelski, G. (eds.) 2000. *World System History: The Social Science of Long-Term Change*. New York: Routledge.

Departement van Landbou. 2004. *Nasionale Landbougid:2004/5*. Pretoria: Rainbow SA.

Department of Agriculture. 2000. *Land Redistribution for Agricultural Development*. Discussion Document. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.nda.agric.za> (Oktober 2006).

Department of Agriculture. 2001. *The Strategic Plan for South African Agriculture*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.nda.agric.za> (Januarie 2005).

Department of Agriculture. 2004. *The Comprehensive Agricultural Support Programme*. Discussion Document. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.nda.agric.za> (Oktober 2006).

Department of Agriculture. 2004a. *AgriBEE: Broad-Based Black Economic Empowerment Framework for Agriculture*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.nda.agric.za>. (November 2004).

Department of Agriculture. 2004b. *The Strategic Plan for South African Agriculture*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.nda.agric.za>. (November 2004).

Department of Agriculture. 2005. *Proposal for an AgriBEE Charter*. Presentation to the AgriBEE Indaba. 6 Desember 2005. Pretoria. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.nda.agric.za> (April 2007).

Department of Agriculture. 2006. Presentation on the AgriSEB Charter. Presentation to the Portfolio Committee on Agriculture and Land Affairs. 21 November 2006. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.pmg.org.za> (April 2007).

Department of Agriculture. 2006a. Broad-Based Black Economic Empowerment Transformation Charter for Agriculture. Final draft. Presented by the Minister of Agriculture to the Portfolio Committee on Agriculture and Land Affairs. 21 November 2006. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.pmg.org.za> (April 2007).

Department of Agriculture. 2006b. Indicative AgriBEE Scorecard. Final draft. Presented by the Minister of Agriculture to the Portfolio Committee on Agriculture and Land Affairs. 21 November 2006. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.pmg.org.za> (April 2007).

Department of Agriculture. 2006c. Indicative AgriQSE Scorecard. Final draft. Presented by the Minister of Agriculture to the Portfolio Committee on Agriculture and Land Affairs. 21 November 2006. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.pmg.org.za> (April 2007).

Department of Labour. 2004. *National Skills Development Strategy: Implementation Report 1 April 2003 to 31 March 2004*. Pretoria: Department of Labour.

Department of Labour. 2005. *The National Skills Development Strategy*. [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://www.labour.gov.za/useful\\_docs/doc\\_display.jsp?id=9976](http://www.labour.gov.za/useful_docs/doc_display.jsp?id=9976) (April 2005).

Department of Trade and Industry. 2003. *South Africa's Economic Transformation: A Strategy for Broad-Based Black Economic Empowerment*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.info.gov.za/otherdocs/2003/dtistrat.pdf>. (November 2004).

Department of Trade and Industry. 2005. Code 100: Framework for the measurement of Broad-Based Black Economic Empowerment. Statement 001: Fronting Practices and other misrepresentation of BEE Status. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.dti.gov.za>. (Desember 2005).



Department of Trade and Industry. 2006. Presentation on the Codes of Good Practice for Black Economic Empowerment. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.dti.gov.za/bee/beecodes.htm> (April 2007).

Department of Trade and Industry. 2007. Codes of Good Practice on Black Economic Empowerment. *Government Gazette No.29617*. 9 February 2007.

Deutsch, M. 1965. "A psychological approach to international conflict", in G. Sperrazzo (ed.) *Psychology and International Relations*. Washington DC: Georgetown University Press.

Didiza, T. The AgriBEE INDABA Speech by the Minister of Agriculture and Land Affairs. Pretoria. 6 December 2005. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.nda.agric.za/> (September 2006).

Dittmar, H. 1992. *The Social Psychology of Material Possessions*. New York: St Martin's.

D'Agostino, F. 2004. "The Legacies of John Rawls", *Journal of Moral Philosophy*. 1.3:349-365.

Du Plessis, C. 2003. 'Wine industry strategy takes shape - signs of a breakthrough with Government support', in *Wineland*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.wineland.co.za/0503strategy.php3> (April 2007).

Du Toit, A. 2004. "Forgotten by the highway: Globalisation, adverse incorporation and chronic poverty in a commercial farming district". PLAAS Chronic poverty and development policy series; no. 4. [Aanlyn]. Beskikbaar: [www.uwc.ac.za/plaas](http://www.uwc.ac.za/plaas) (September 2005).

Du Toit, P. 2004a. *Affirmative Action and the Politics of Transformation: A Survey of Public Opinion*. Study Commissioned by the FW de Klerk Foundation, Cape Town.

Du Toit, P. 2004b. "Parity of Esteem": A Conceptual Framework for Assessing Peace Processes: an application to the South African Case". *International Journal of Comparative Sociology*. 45:195-212.

Du Toit, P. & Bosman, F.R. 2007. *Conflict transformation and the politics of esteem*. Ongepubliseerde artikel.

Dukes, E.F. 1999. "Structural Forces in Conflict and Conflict Resolution in Democratic Society", in H. Jeong (ed.) *Conflict Resolution: Dynamics, Process and Structure*. Brookfield: Ashgate.

Easton, D. 1953. *The Political System*. New York: Knopf.

Easton, D. 1981. *The Political System*. 3<sup>rd</sup> edition. Chicago: University of Chicago Press.

Eatwell, J. 1996. *International Financial Liberalization: the impact on world development*. New York: United Nations Office of Development Studies.

Economist. 2004. "Grumbles About the New Tycoons". 16 October 2004. 374(8397):44.

Economist. 2006. "Righting the Wrongs of Apartheid". 8 April 2006. 378(8472):8 (special section).

Everingham, M. 2002. 'Property Rights and Citizenship in Post-Conflict Societies: Guatemala and South Africa compared', Paper presented at the 43<sup>rd</sup> Annual Convention of the International Studies Association. New Orleans. 24-27 March 2002.

Ewert, J. & du Toit, A. 2005. "A Deepening Divide in the Countryside: Restructuring and Rural Livelihoods in the South African Wine Industry", in *Journal of Southern African Studies*. 31(2):315-332.

Finance24. 2005. *To BEE or not to BEE*. [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://www.finance24.com/articles/default/display\\_article.asp?Nav=ns&ArticleID=1518-1786\\_1729906](http://www.finance24.com/articles/default/display_article.asp?Nav=ns&ArticleID=1518-1786_1729906) (Julie 2005).

Finance24. 2006. *Super-groei vir swart middelklas*, 1 Maart 2006. [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://www.news24.com/Finance/Sake/Ekonomie/0,,1518-6-98\\_1890513,00.html](http://www.news24.com/Finance/Sake/Ekonomie/0,,1518-6-98_1890513,00.html) (Maart 2006).

Finnemore, M. 1996. "Norms, Culture, and World Politics: Insights from Sociology's Institutionalism", in *International Organization*. 50(2): 325-347.

Forbes, H.D. 2004. 'Ethnic Conflict and the Contact Hypothesis', in by Y. Lee, C. McCauley, & F.M. Moghaddam (eds.) *The Psychology of Ethnic and Cultural Conflict*. Westport: Praeger Publishers.

Friedman, S & Atkinson, D. (eds.) 1994. *South African Review 7: The Small Miracle: South Africa's Negotiated Settlement*. Johannesburg: Ravan Press.

FW de Klerk Stigting. 2005. *Transformation and Black Economic Empowerment in South Africa*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.fwdklerk.org.za> (Junie 2005).

FW de Klerk Stigting. 2006. *Transformation and Black Economic Empowerment in South Africa*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.fwdklerk.org.za> (Julie 2006).

Galtung, J. 1996. *Peace by Peaceful Means: Peace and Conflict, Development and Civilization*. London: Sage Publications.

Gelb, S. 2004. "Economic Growth and Transformation", in S. Brown & A. Fölscher (eds.) *Taking Power in the Economy: Gains and Directions*. Cape Town. Institute for Justice and Reconciliation.

Gerwel, J. 2007. "Die saak vir swart bemagtiging", in *Rapport*. 8 April 2007.

Giliomee, H. & Gagiano, J. (eds.) 1990. *The Elusive Search for Peace: South Africa, Israel and Northern Ireland*. Cape Town: Oxford University Press.

Goff, E.L. 1976. "Affirmative Action, John Rawls, and a Partial Compliance Theory of Justice", *Philosophy & Social Criticism*. 4(1):43-59.

Gloppen, S. 1997. *South Africa: The Battle over the Constitution*. Aldershot: Ashgate.

Government of South Africa. 1994. *Reconstruction and Development Programme*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.polity.org.za/html/govdocs/rdp/rdp.html?rebookmark=1> (Julie 2005).

Government of South Africa. 1994. *Reconstruction and Development Programme*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.polity.org.za/html/govdocs/rdp/rdp.html?rebookmark=1> (Julie 2005).

Government of South Africa. 1996. *Constitution of the Republic of South Africa*. Act 108 of 1996. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.polity.org.za/html/govdocs/constitution/saconst.html?rebookmark=1>. (Julie 2006).

Government of South Africa. 1996. *Growth, Employment and Redistribution: a macro-economic strategy*. Cape Town: Government Press.

Government of South Africa. 1998. Employment Equity Act. No. 55 of 1998. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.polity.org.za/pol/acts/> (Julie 2005).

Government of South Africa. 2000. *Integrated Sustainable Rural Development Strategy*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.gov.za> (Maart 2005).

Government of South Africa. 2003. Broad Based Black Economic Empowerment Act. No. 53 of 2003. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.polity.org.za/pol/acts/> (Julie 2005).

Government of South Africa. 2003. *South Africa's Economic Transformation: A Strategy for Broad Based Black Economic Empowerment*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.info.gov.za/otherdocs/2003/dtistrat> (10 Oktober 2003).

Government of South Africa. 2003a. *Towards Ten Years of Freedom: Progress in the First Decade – Challenges of the Second Decade*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.10years.gov.za/> (Januarie 2005).

Government of South Africa. 2003b. *Programme of Action*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.info.gov.za/aboutgovt/poa/index.html> (Augustus 2005).

Government of South Africa. 2004. *South Africa Yearbook 2004/05*. [Aanlyn]. Beskikbaar: [www.gcis.gov.za/docs/publications/yearbook05](http://www.gcis.gov.za/docs/publications/yearbook05) (Maart 2006).

Government of South Africa. 2005. *Accelerated and Shared Growth Initiative - South Africa*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.info.gov.za/asgisa/> (September 2006).

Gready, P. (ed.) 2003. *Political Transition: Politics and Cultures*. London: Pluto Press.

Greenberg, J. *et al.* 1999. "Why do People Need Self-Esteem? Converging Evidence that Self-Esteem Serves an Anxiety-Buffering Function", in R.F. Baumeister (ed.) *The Self in Social Psychology*. PA: Psychology Press.

Groenewald, A. 2006. "Super-groei vir swart middelklas" in *Beeld*, 1 Maart 2006. [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://www.news24.com/Finance/Sake/Ekonomie/0,,1518-6-98\\_1890513,00.html](http://www.news24.com/Finance/Sake/Ekonomie/0,,1518-6-98_1890513,00.html) (April 2006).

Haffajee, F. & Stober, P. 2003. "SA 2014: Boom or Bust – the presidency's four visions of the future", in *Mail & Guardian*. 12-18 Desember:4-5.

Hamber, B. 1998. 'Who pays for peace? Implications of the negotiated settlement for reconciliation, transformation and violence in post-apartheid South Africa' Public lecture at the Annual General Meeting of the Catholic Institute for International Relations.

London. October 1998. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.csve.org.za/papers/papwhop.htm> (Desember 2004).

Hamber, B. 2003. 'Transformation and Reconciliation', in J. Darby & R. Mac Ginty (eds.) *Contemporary Peacemaking: Conflict, Violence and Peace Processes*. New York: Palgrave.

Harris, L. & Michie, J. 1998. "The effects of globalisation on policy formation in South Africa", in D. Baker, G. Epstein & R. Pollin (eds.) *Globalization and Progressive Economic Policy*. Cambridge: Cambridge University Press.

Harris, P. & Reilly, B. (eds.) 1998. *Democracy and Deep-Rooted Conflict: Options for Negotiators*. Stockholm: International Institute for Democracy and Electoral Assistance.

Hartman, B. 2001. 'Will the circle be unbroken? A Critique of the Project on Environment, Population and Security', in N. Peluso & M. Watts. (eds.) *Violent Environment*. Ithaca: Cornell University Press.

Hendricks, L. 2003. BEE Framework presented by the Deputy Minister of Trade and Industry. South Africa House, London. 26 March 2003. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.info.gov.za/speeches> (Junie 2005).

Henrard, K. 2002. "Post Apartheid South Africa's Democratic Transformation Process: Redress of the Past, Reconciliation and 'Unity in Diversity'", in *Global Review of Ethnopolitics*. 1(3):18-38.

Hobson, S. 2006. "Transformasiehandves vir die Wynbedryf". Toespraak gelewer by die Distrikskonferensies van VinPro en Wynkelders Suid-Afrika. Stellenbosch.

Hogg, M.A. & Abrams, D. 1998. *Social Identification: a Social Psychology of Intergroup Relations and Group Processes*. New York: Routledge.

Homer-Dixon, T.F. 1991. "Environmental Change and Violent Conflict", in *Scientific American*. February:16-23.

Homer-Dixon, T.F. 1999. *Environment, Scarcity, and Violence*. Princeton: Princeton University Press.

Horowitz, D. 1985. *Ethnic Groups in Conflict*. 2<sup>nd</sup> ed. London: University of California Press.

Horowitz, D.L. 1991. *A Democratic South Africa? Constitutional Engineering in a Divided Society*. Berkeley: University of California Press.

Horowitz, D.L. 2001. *The Deadly Ethnic Riot*. Berkeley: University of California Press.

Hoskings, S. 2003. "The cost of deviating from an efficient level of BEE in South Africa". Paper delivered in an inaugural address at the University of Port Elizabeth. Port Elizabeth, April 2003.

Husy, D. & Samson, C. 2001. "Promoting development and land Reform on South African farms". Paper Presented at the Paper presented at the SARPN conference on Land Reform and Poverty Alleviation in Southern Africa. Pretoria. [Aanlyn]. Beskikbaar: [www.sarpn.org.za/documents/d0000644/P655-Final\\_Freehold\\_Report.pdf](http://www.sarpn.org.za/documents/d0000644/P655-Final_Freehold_Report.pdf) (September 2005).

International Institute for Strategic Studies. 1995. "South Africa – can the miracle be sustained?" *Strategic Survey 1994/5*. Oxford: Oxford University Press.

Jacks, M. 2007. "Manuel's call for BEE review raises concern", in *Cape Times Business Report*. 11 April 2007.

Jacobsen, G.A. & Lipman, M.H. 1959. *Political Science*. New York: Barnes & Noble.

Jenkins, C. & Thomas, L. 2000. *The Changing Nature of Inequality in South Africa*. UNU World Institute for Development Economic Research. Working Paper No. 203.

Jung, C., Lust-Okar, E. & Shapiro, I. 2004. "Problems and prospects for democratic settlements: South Africa as a model for the Middle East and Northern Ireland?" Paper delivered at Yale University, Department of Political Science Conference on "Contingency in the Study of Politics". New Haven. December 2004. [Aanlyn].  
Beskikbaar: <http://www.yale.edu/polisci/info/conferences/Contingency%20Conference/Shapiro.pdf> (Julie 2006).

Kaplan, R.D. 1994. "The Coming Anarchy", in *Atlantic Monthly*. 273(2):44-76.

Karaan, M. 2004. 'Overview of BEE initiatives in the wine industry'. Presentation at the launch of AgriBEE. East London. 26 July 2004.

Kassier, E. 2005. *Baseline Study: Black Economic Empowerment in the Wine Grape Producer and Co-operative Wine Cellar Sectors*. Draft 1. Study commissioned by the SAWB.

Kelly, E. (ed.) 2001. *Justice as Fairness: A Restatement*. London: Belknap Press.

Kelman, H. 1990. "Interactive Problem-Solving: A Social-Psychological Approach to Conflict Resolution", in J. Burton & F. Duke (eds.) *Readings in Management and Resolution*. New York: St. Martin's Press.

Kgoba, M. 2003. *Transformation of the South African schooling system: a report from the fourth year of Education 2000 Plus, a longitudinal study to monitor education policy implementation and change*. Braamfontein: Centre for Education Policy Development, Evaluation and Management.

Khosa, M.M. 2001. "Empowerment and Transformation in South Africa", in M.M. Khosa (ed.) *Empowerment Through Economic Transformation*. Durban: African Millennium Press.



Klasen, S. 2001. "In Search of the Holy Grail: How to Achieve Pro-Poor Growth" Paper commissioned by Deutsche Gesellschaft für Technische Zusammenarbeit for the Growth and Equity Task Team of the Strategic Partnership with Africa.

Knox, C. & Quirk, P. 2000. *Peacebuilding in Northern Ireland, Israel and South Africa: Transition, Transformation and Reconciliation*. New York: St. Martin's Press.

Kolm, S.C. 1996. *Modern Theories of Justice*. Cambridge: MIT Press.

Korgnegay, F. & Landsberg, C. 1998. 'Phaphama iAfrika!: The African Renaissance and Corporate South Africa', in *African Security Review*. 7(4).

Kriesberg, L. 1997a. "The Development of the Conflict Resolution Field", in I. W. Zartman & J.L. Rasmussen (eds.), *Peacemaking in International Context: Methods and Techniques*. Washington: Institute of Peace.

Kriesberg, L. 1997b. "Paths to Varieties of Inter-Communal Reconciliation", Paper Presented at the Annual Scientific Meeting of the International Society of Political Psychology, Krakow.

Kriesberg, L. 1999. "Paths to Varieties of Inter-Communal Reconciliation", in H. Jeong (ed.) *Conflict Resolution: Dynamics, Process and Structure*. Brookfield: Ashgate.

Kriesberg, L. 2002. "Emerging Conflicts", in *Constructive Conflicts: From Escalation to Resolution*. 2nd Edition. New York: Rowman and Littlefield.

Krog, A. 2005. *'n Ander Tongval*. Kaapstad: Tafelberg.

Landbouweekblad. 2006. 'AgriSA teleurgesteld oor AgriSEB'. 4 Desember 2006. [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://www.landbou.com/LandbouWeekblad/Net\\_op\\_die\\_web/0,,1294-1297\\_2039636,00.html](http://www.landbou.com/LandbouWeekblad/Net_op_die_web/0,,1294-1297_2039636,00.html) (April 2007).

Lasswell, H. 1936. *Politics: Who Gets What, When, How?* New York: McGraw-Hill.

Lebacqz, K. 1986. *Six Theories of Justice: Perspectives from Philosophical and Theological Ethics*. Minneapolis: Augsburg.

Lederach, J.P. 1995. *Preparing for Peace: Conflict Transformation Across Cultures*. New York: Syracuse University Press.

Lederach, J.P. 1997a. *Building Peace: Sustainable Reconciliation in Divided Societies*. Washington, DC: United States Institute of Peace.

Lederach, J.P. 1997b. "The Meeting Place", in *Journey Towards Reconciliation*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.colorado.edu/conflict/transform/jplchpt.htm> (Januarie 2006).

Lederach, JP. & Maiese, M. 2003. "Conflict Transformation". Eds. G. Burgess & H. Burgess. Conflict Research Consortium, University of Colorado. [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://www.beyondintractability.org/m/termination\\_resolution\\_phase.jsp](http://www.beyondintractability.org/m/termination_resolution_phase.jsp) (November 2005).

Legum, M. 2002. *It doesn't have to be like this: a new economy for South Africa and the World*. Cape Town: Ampersand Press.

Lesufi, I. 2002. "Six Years of Neoliberal Socioeconomic Policies in South Africa", in *Journal of Asian & African Studies*. 37(5):286-298.

LitNet. 2005. *Gespreksforum*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.litnet.co.za/seminaar/>. (November 2005).

Lu, C. 2002. "Justice and moral regeneration: lessons from the Treaty of Versailles," in *International Studies Review*. 4(3):3-25.

Lumsden, M. 1999. "Breaking the Cycle of Violence: Three Sones of Social Reconstruction", in H. Jeong (ed.) *Conflict Resolution: Dynamics, Process and Structure*. Brookfield: Ashgate.

Madikizela, B. 2007. "ANC should re-evaluate its priorities on affirmative action", in *Cape Times*. 12 March 2007.

Maiese, M. & Norlen, T. 2003. "Polarization." *Beyond Intractability*. Eds. G. Burgess & H. Burgess. Conflict Research Consortium, University of Colorado. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.beyondintractability.org/m/polarization.jsp> (November 2005).

Mametse, D. 2006. "Darkies not quite taking over the JSE". Moneyweb, 15 March 2006. [Aanlyn]. Beskikbaar: [www.moneyweb.co.za](http://www.moneyweb.co.za) (April 2006).

Manual, T. Available. 2000. Speech by the Minister of Finance on economic development and reparations to the Institute of Justice seminar, St. George's Cathedral, Cape Town. 14 September 2000. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.treasury.gov.za/speech/2000091401.pdf> (September 2006).

Maphai, V. 1994b. "The Politics of Transition since 1990: Implications of a Stalemate", in V. Maphai (ed.) *South Africa: The Challenge of Change*. Harare: Sapes Books.

Marais, H. 2001. *South Africa, limits to change: the political economy of transition*. 2<sup>nd</sup> edition. Cape Town: Zed Books.

Massey, G. 2004. "Thinking about Affirmative Action: Arguments Supporting Preferential Policies", *Review of Policy Research*. 21(6):783–797.

May, J., Woolard, I. & Klasen, S. 2000. "The nature and measurement of poverty and inequality", in J. May (ed.) *Poverty and Inequality in South Africa: Meeting the Challenge*. Cape Town: David Philips.

Mbeki, T. 2006. State of the Nation Address. Joint Sitting of Parliament. Cape Town. 3 February 2006. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.info.gov.za/speeches> (September 2006).

Mbeki, T. 2007. State of the Nation Address. Joint Sitting of Parliament. Cape Town. 9 February 2008. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.info.gov.za/speeches> (Februarie 2007).

Mbongwa, M. 2004. *The Basis for the AgriSEB Framework*. Paper Presented at the launch of the AgriSEB Charter. Port Elizabeth, July 2004. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.nda.agric.za> (Maart 2005).

McEwan, C. & Bek, D. 2005. '(Re)politicizing empowerment: lessons from the South African wine industry', in *Geoforum*. 37(6):1021-1034.

Melber, H. (ed.) 2003. *Limits to liberation in southern Africa : the unfinished business of democratic consolidation*. Cape Town: HSRC.

Mhlambo-Ngcuka, P. 2006. Address by the Deputy President, at the Youth Sector Consultative Workshop on Accelerated and Shared Growth Initiative of South Africa. 17 January 2006. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.dfa.gov.za/docs/speeches/2006> (Junie 2006).

Miall, H. 2003. "Conflict Transformation: A Multi-Dimensional Task", in *Berghof Research Centre Handbook for Constructive Conflict Management*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.berghof-handbook.net> (Januarie 2006).

Miall, H., Ramsbotham, O. & Woodhouse, T. 2005. *Contemporary Conflict Resolution*. Oxford: Polity.

Michie, J. & Padayachee, V. 1997. "South Africa's Transition: The Policy Agenda", in J. Michie & V. Padayachee (eds.) *The Political Economy of South Africa's Transition*. London: Dryden Press.

Milazi, Abdul. "Manuel blasts BEE abuse, seeks review", in *Business Day*. 11 April 2007:1-2.

Mitchell, C. 2002. "Beyond Resolution: What Does Conflict Transformation Actually Transform?" *Peace and Conflict Studies*. 9(1):1-23.

Monroe, K. 2001. 'Paradigm Shift: From Rational Choice to Perspective', *International Political Science Review*. 22(2):151-172.

Monroe, K., Hankin, J. & Van Vechten, R.B. 2000. "The Psychological Foundations of Identity Politics", in *Annual Review of Political Science*. 3:419-447.

Monteiro, A. 2005. Moneyweb. "BEE Charters have to be rehashed". [Aanlyn].  
Beskikbaar: [http://www.moneyweb.co.za/pls/cmxc/cm\\_misc\\_procs.print\\_page?p\\_content\\_id=513384](http://www.moneyweb.co.za/pls/cmxc/cm_misc_procs.print_page?p_content_id=513384) (Desember 2005).

Moos, A. 2007. 'Lulu vra vir navorsing oor SEB', in *Landbouweekblad*. 2 Maart 2007.  
[Aanlyn]. Beskikbaar: [http://www.landbou.com/LandbouWeekblad/Nuus/0,9484,1294-1295\\_2073623,00.html](http://www.landbou.com/LandbouWeekblad/Nuus/0,9484,1294-1295_2073623,00.html) (April 2007).

Nakusera, E.P. 2004. Rethinking higher education transformation in terms of an African(a) philosophy. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (Thesis - Med).

Nattrass, N. & Seekings, J. 2000. "Globalisation and Inequality in South Africa". Paper prepared for the Research Project on *Income Distribution and Global Interdependence* of the Organisation for Economic Co-Operation and Development. Available. [Online].  
<http://www.oecd.org/dataoecd/54/51/2682442.pdf> (November 2003).

Nduru, M. 2007. "South Africa's white farmers uncertain about future". *Africa News*.  
<http://www.africa-interactive.net/index.php?PageID=3254>. (Februarie 2007).

NEPAD Secretariat. 2003. *Comprehensive Africa Agricultural Development Programme*.  
[Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.nepad.org> (Julie 2005).

NEPAD Secretariat. 2005. *A Summary of NEPAD Action Plan*. [Aanlyn]. Beskikbaar:  
<http://www.nepad.org/2005/files/documents/41.pdf> (Julie 2005).

Neuman, W.L. 2000. *Social Research Methods: Qualitative and Quantitative Approaches*. 4th edition. London: Allyn and Bacon.

Nicholson, M. 1991 "Negotiation, Agreement and Conflict Resolution: Psychological, Social and Cultural Influences", in R. Väyrynen (ed.) *New Directions in Conflict Theory: Conflict Resolution and Conflict Transformation*. London: Sage.

Nkuzi Development Association. *Summary of Key Findings from the National Evictions Survey*. [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://www.nkuzi.org.za/docs/Evictions\\_Summary.pdf](http://www.nkuzi.org.za/docs/Evictions_Summary.pdf) (Junie 2007).

Ntshalintshali, B. 2007. "Neither broad nor black: Is BEE really creating a non-racial society where all South Africans have equal opportunities and wealth is fairly distributed", in *Mail & Guardian*. 23 February - 1 March 2007:7.

Nussbaum, M. 2001. "The enduring significance of John Rawls", *The Chronicle Review*. 47(45). [Online]. Available: <http://chronicla.com/free/v47/i45/45b00701.htm>. (December 2006).

Onuf, N.G. 1989. *World of Our making: rules and rule in social theory and international relations*. Columbia: University of South Carolina Press.

Onuf, N.G. 1998. "Constructivism: A User's Manual", in V. Kubáľková, N. Onuf & P. Kowert (eds.) *International relations in a Constructed World*. New York: M.E. Sharp.

Padayachee, V. 2006. "Development discourses in post-apartheid South Africa", in V. Padayachee (ed.) *The Development Decade? Economic and Social Change in South Africa, 1994-2004*. Cape Town: Human Sciences Research Council.

Pauw, K. et al. 2005. *Quantifying the Economic Divide in South African Agriculture: A Income-Side Analysis*. PROVIDE Working Paper 2005:3. [Aanlyn]. Beskikbaar: [www.wcape.agric.za/provide/documents/WP2005\\_3%20agric%20poverty.pdf](http://www.wcape.agric.za/provide/documents/WP2005_3%20agric%20poverty.pdf) (Oktober 2006).

Pettigrew, Thomas F. & Linda R. Tropp, 2006. 'A Meta-Analytic Test of Intergroup Contact Theory', *Journal of Personality and Social Psychology* 90(5): 751-783.

Pieterse, G. 2005. *South African Wine and Brandy Company Restructuring Process: Interim Report*. Johannesburg: Gavin Pieterse & Associates.

Pieterse, G. 2006. *South African Wine and Brandy Company Restructuring Process: Final Report*. Johannesburg: Gavin Pieterse & Associates.

Piper, L. (ed.) 2005. *South Africa's 2004 election : the quest for democratic consolidation*. Johannesburg. EISA.

Price, R.M. 1991. *The Apartheid State in Crisis: Political Transformation in South Africa, 1975-1990*. New York: Oxford University Press.

Princeton University. 2003. *WorldReference English Dictionary*. [Online]. Available: <http://www.wordreference.com/definition/backwardness> (Mei 2006).

Quintal, A. 2007. "Inevitable that a small group will get the lion's share of BEE deals, says Erwin", in *Cape Times*. 30 Maart 2007.

Raubenheimer, I. van W. 1996. *Transformasie: 'n voorvereiste vir verandering*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://general.rau.ac.za/aambeeld/November1996/transformasie.htm>. (5 Januarie 2005).

Raubenheimer, I.W. 1996. "Transformasie: 'n Voorvereiste vir Verandering", in *Aambeeld*. November 1996. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://general.rau.ac.za/aambeeld/november1996/transformasie.htm> (Januarie 2005).

Rawls, J. 1971. *A Theory of Justice*. Massachusetts: Harvard University Press.

Reimann, C. 2003. "Assessing the State-of-the-Art in Conflict Transformation", in *Berghof Research Centre Handbook for Constructive Conflict Management*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.berghof-handbook.net> (Januarie 2006).

Reimann, C. 2003. "Assessing the State-of-the-Art in Conflict Transformation", in *Berghof Research Centre Handbook for Constructive Conflict Management*. [Aanlyn].  
Beskikbaar: <http://www.berghof-handbook.net> (Januarie 2006).

Renfrew, C. 1979. "Transformations", in C. Renfrew & K.L. Cooke (eds.) *Transformations: Mathematical Approaches to Cultural Change*. New York: Academic Press.

Renner, M. 2002. "The Anatomy of Resource Wars". WorldWatch Paper 162. Danvers: State of the World Library.

Rivero, C, du Toit, P and Kotze, H. (2003). "Tracking the Development of the Middle Class in Democratic South Africa", *Politeia*, 22, 3: 6-29.

Ropers, N. 2003. "From Resolution to Transformation: The Role of Dialogue Projects". in *Berghof Research Centre Handbook for Constructive Conflict Management*. [Aanlyn].  
Beskikbaar: <http://www.berghof-handbook.net> (Januarie 2006).

Rosenau, J. 1993. 'Thinking Theory Thoroughly', in P. Viotti & M. Kauppi (eds.) *International Relations Theory: Realism, Pluralism and Globalism*. New York: MacMillan Press.

Roth, S. 1994. "Constructive Conversation in the Abortion Debate: Use of the Dialogue Process", *Conflict Research Consortium*. Working Paper 94. February (1).

Rubinstein, R.E. 1999. "Conflict Resolution and the Structural Sources of Conflict", in H. Jeong (ed.) *Conflict Resolution: Dynamics, Process and Structure*. Brookfield: Ashgate.

RUDNET. *About us*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.rudnet.org.za/> (Julie 2007).

Sanderson, S.K. 1995. *Social Transformation: A General Theory of Historical Development*. Oxford: Blackwell.



SAWB. 2002. *Setting the strategic course for excellence*. Kaapstad: SAWB.

SAWB. 2003. *The South African Wine Industry Strategy Plan*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.sawb.org.za> (Januarie 2006).

SAWIT. 'About SAWIT'. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.sawit.co.za/sawit.asp> (Mei 2007).

Schwabe, C. 2004. *Fact Sheet: Poverty in South Africa*. Human Sciences Research Council. Available. [Online]: <http://www.sarpn.org.za/documents/d0000990/index.php> (July 2007).

Sears, D.O., Huddy, L. & Jervis, R. (eds.) 2003. *Oxford Handbook of Political Psychology*. New York: Oxford University Press.

Seleoane, M. 2001. *Socio-Economic Rights in the South African Constitution*:

Self, P. 2000. *Rolling Back the State: economic dogma and political choice*. London: Macmillan Press.

Seutloadi, K.D. 2003. An Evaluation of the transformation process in the performing arts councils in South Africa. Stellenbosch: University of Stellenbosch. (Thesis – MPhil).

Sharer, R. 1999. "Trade: An Engine of Growth for Africa", in *Finance and Development*. 36(4).

Sherif, M. 1966. *In Common Predicament: Social Psychology of Intergroup Conflict and Cooperation*. Boston: Houghton Mifflin.

Sigcau, S. 2004. Speech by Minister of Public Works at the Launch of the Property Industry Transformation Charter Process. 4 November 2004. Available. [Online]. <http://www.info.gov.za/speeches>. (September 2006).

Simpson, J.A. & Weiner, E.S.C. 1989. Volume XVIII, in *The Oxford English Dictionary*. 2<sup>nd</sup> edition. Oxford: Clarendon Press.

Sisk, T. 1995. *Democratisation in South Africa: the Elusive Social Contract*. Princeton: Princeton University Press.

Smith, G. 2003. 'Levels of analysis in conflict studies'. Paper presented to the Kongres Ilmu Pengetahuan Nasional. Jakarta. 11 September 2003. [Aanlyn]. Beskikbaar: [www.communalconflict.com](http://www.communalconflict.com) (Julie 2004).

Smith, C.B. 1994. "Back and to the Future: The Intergroup Contact Hypothesis Revisited", in *Sociological Inquiry*. 64(4): 438-455.

Smyth, L. 2002. 'Identity-Based Conflicts: A Systemic Approach', in *Negotiation Journal*. April 2002:147-161.

South Africa Info. 2004. "Fair Price for Land Reform". [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://www.southafrica.info/doing\\_business/economy/fiscal\\_policies/landreform-policy.htm](http://www.southafrica.info/doing_business/economy/fiscal_policies/landreform-policy.htm) (September 2006).

South African Institute of Race Relations. 1996. *South Africa Survey 1995/1996*. Pietermaritzburg: Natal Witness.

South African Institute of Race Relations. 2002. *South Africa Survey 2001/2002*. Cape Town: Creda Publications.

South African Institute of Race Relations. 2003. *South Africa Survey 2002/2003*. Cape Town: Creda Publications.

South African Yearbook 2004/5. 2004. *Sport*. [Aanlyn]. Beskikbaar: [www.gcis.gov.za/docs/publications/yearbook/sport.pdf](http://www.gcis.gov.za/docs/publications/yearbook/sport.pdf) (November 2005).

Southall, R. 2005. "Does black economic empowerment advance socio-economic transformation in South Africa". Address delivered at the Harold Wolpe Memorial Trust open dialogue event. 15 April 2005. Cape Town.

Southall, R. 2007. "The uneasy logic of black empowerment", in *Mail & Guardian*. 23 February to 1 March 2007.

Stone, J. & Dennis, R. 2003. "Race Against Time – The Ethnic Divide in the Twentieth Century", in J. Stone & R. Dennis (eds.) *Race and Ethnicity: Comparative and Theoretical Approaches*. Oxford: Blackwell Publishing.

Swanepoel, F. et al. 2004. 'Evaluation of empowerment policies, strategies and performance within the agricultural sector'. Presentation at the launch of AgriBEE. 26 July 2004.

Tafjel, H. & Turner, J. 1979. "An Integrative Theory of Intergroup Conflict", in W.G. Austin & S. Worcel (eds.) *The Social Psychology of Intergroup Relations*. Monterey: Wadsworth.

Taylor, I. & Williams, P. 2000. 'Neo-liberalism and the Political Economy of the "New" South Africa', *New Political Economy*. 5(1):21-40.

Terreblanche, S.J. 2002. *A history of inequality in South Africa: 1652-2002*. Pietermaritzburg: University of Natal Press.

The Comprehensive Agricultural Support Programme. Discussion Document. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.nda.agric.za> (Oktober 2006).

Thwala, W.D. 2003. *Backgrounder - Land and Agrarian Reform in South Africa*. Land and Agrarian Action Network. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.landaction.org> (Oktober 2006).

Troskie, D.P. & Murdoch, J.P. "Statistical context of the agricultural sector in the Western Cape Province". 2<sup>nd</sup> Draft. Elsenburg and the Western Cape Department of Agriculture.

Turner, J. 1975. "Social comparison and social identity: some prospects for intergroup behaviour", *European Journal of Social Psychology*. 5: 5-34.

United Nations. 2000. *South Africa: Transformation for Human Development*. Pretoria: UNDP.

Van der Berg, S. & Louw, M. 2003. "Changing patterns of South African income distribution: Towards time series estimates of distribution and poverty". Mimeo. Stellenbosch: University of Stellenbosch.

Van der Berg, S. 2004. "Education: The Crisis in Schooling", in S. Brown & A. Fölscher (eds.) *Taking Power in the Economy: Gains and Directions*. Cape Town. Institute for Justice and Reconciliation.

Van der Berg, S. 2004. "The crisis in schooling", in *Economic Transformation Audit: Taking Power in the Economy – Gains and Directions*. Cape Town: Institute for Justice and Reconciliation.

Van der Merwe, M. "The new 'legal regime' for BEE". Foundation for the Development of Africa. [Aanlyn]. Besikbaar: [http://www.foundation-development-africa.org/africa\\_black\\_business/legal\\_regime\\_black\\_economic\\_empowerment.htm](http://www.foundation-development-africa.org/africa_black_business/legal_regime_black_economic_empowerment.htm) (Maart 2006).

Van Vuuren, D.J., Wiehahn, N.E., Lombard, J.A. & Rhodie, N.J. (eds.) 1985. *South Africa: A Plural Society in Transition*. Durban: Butterworths.

Väyrynen, R. (ed.) 1991. *New Directions in Conflict Theory: Conflict Resolution and Conflict Transformation*. London: Sage Publications.

Visser, A. 2005. "Nie-wit Superrykes meer as Wittes", in *Die Burger*, 1 Februarie 2005.

Vollgraaff, R. "Die ánder pond vleis in die SEB-bestel", in *Sake Burger*. 12 Februarie 2007.

Weber, C. 2001. *International Relations Theory: A critical introduction*. New York: Routledge.

Wendt, A. 1992. "Anarchy is what states make of it: the social construction of power politics", in J. Der Derian (ed.), *International Theory: critical investigations*. London: Macmillan Press.

Western Cape Provincial Development Council. 2004. *The Framework Agreement for Growth Development and Social Dialogue*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.capegateway.co.za> (Maart 2005).

Western Cape Provincial Development Council. 2005. *Consensus on Issues and the Desired Intervention Strategies: Working towards and agriculture and agri-business sector strategy for the Western Cape*. Draft Document. Cape Town: PDC.

Western Cape Provincial Government. 2004. *Framework for the development of the Western Cape Province: 2004-2007*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.capegateway.gov.za>. (Maart 2005).

Western Cape Provincial Government. 2005. *Provincial Budget Trend Analysis*. [Aanlyn]. Beskikbaar: [www.capegateway.gov.za](http://www.capegateway.gov.za) (Oktober 2006).

Williams, G. 2005. 'Black Empowerment in the Wine Industry', in *Journal of Agrarian Change*. 5(4): 476-504.

Wine Charter Steering Committee. 2005. *The Wine Industry Transformation Charter*. Consultative Draft 2.

Wine Charter Steering Committee. 2005a. *The Wine Industry Transformation Charter*. Draft 4, June 2005. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.winecharter.org.za> (Oktober 2006).

Wine Charter Steering Committee. 2005b. *Wine Charter Steering Committee Business Plan*. Draft 1.

Wine Charter Steering Committee. 2006. *The Wine Industry Transformation Charter*. Consultative Draft 1. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.winecharter.org.za> (Oktober 2006).

Wine Charter Steering Committee. 2007. *The Wine Industry Transformation Charter*. Consultative Draft 2. Edited update, 23 February 2007.

Wine Industry Council. 2006. *The South African Wine Industry Council: Founding Documents*.

Wine Industry Council. 2007. *The Wine Industry Transformation Charter*. Adopted by the South African Wine Industry Council, 20 July 2007.

Wineland. 2006. 'Money makes the wine go round - but who foots the bill?'. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.wineland.co.za/2006oct-money.php3>. (Junie 2007).

Woehrle, L.M. & Coy, P.G. 2000. *Social Conflicts and Collective Identities*. Oxford: Rowman & Littlefield.

Wrights, S.C., Taylor, D.M. & Moghaddam, F.M. 2001. "Responding to Membership in a Disadvantaged Group: From Acceptance to Collective Protest", in M.A. Hogg & D. Abrams (eds.) *Intergroup Relations: Key Readings in Social Psychology*. Philadelphia: Taylor & Francis.

Young, C. 2003. "Explaining the Conflict Potential of Ethnicity", in R. MacGinty & J. Darby (eds.) *Contemporary Peacemaking: Conflict, Violence and Peace Processes*. New York: Palgrave.

Zartman, I.W. 2001. "The Timing of Peace Initiatives: Hurting Stalemates and Ripe Moments", in J. Darby & R. MacGinty. *Contemporary Peacemaking: Conflict, Violence and Peace Processes*. New York: Palgrave MacMillan.

## Bylae A

### Verteenwoordiging in onderhandelinge rakende die herstrukturering van die SAWB

---

*Organisasies wat betrek is by onderhandelinge rakende die herstrukturering van die SAWB:*

Agricultural Workers Association of SA (AGRIWASA)	Rural Development Network (RUDNET)
Arise & Shine (verteenwoordigers van gestremde groepe)	SA Liquor Brandowners Association (SALBA)
Black Association for the Wine and Spirits Industry (BAWSI)	SAWB Ontwikkelingseenheid
Kaapse Wynakademie	South African Wine Industry Information Systems (SAWIS)
Food and Allied Workers Union (FAWU)	Suid-Afrikaanse Wynindustrie Trust (SAWIT) (ook as verteenwoordiger van die nasionale departement van landbou)
Independent Unions Group (ITUF)	Siyakhana Munisipaliteit
National African Farmers Union (NAFU)	VinPro
Landbou bemerkingsraad	Western Cape Agricultural and Allied Workers' Union (WCAAWU)
National Farmers Union	Wynland Distrik Munisipaliteit
National Farmworkers Association	Winetech
National Union of Food, Beverages, Wine and Allied Workers (NUFBWSAW)	Wines of South Africa (WOSA)
Provinsiale regerings van die Wes-Kaap en Noord-Kaap	'n Aantal privaat individue, waaronder: <ul style="list-style-type: none"><li>- Jan Boland Coetzee (gevestigde produsent)</li><li>- Anzill Adams (opkomende produsent)</li></ul>



## Bylae B

### Verteenwoordiging in die Wynbedryfhandves Loodskomitee

---

*Organisasies met verteenwoordiging in die Wynbedryfhandves Loodskomitee:*

Agricultural Workers Association of SA (AGRIWASA)	Black Association for the Wine and Spirits Industry (BAWSI)
Wynland Distrik Munisipaliteit	Kaapse Vroueforum
Arise & Shine (verteenwoordigers van gestremde groepe)	Food and Allied Workers Union (FAWU)
Independent Unions Group (ITUF)	National African Farmers Union (NAFU)
National Union of Food, Beverages, Wine and Allied Workers (NUFBWSAW)	Olifants River Black Economic Empowerment Forum
Rural Development Network (RUDNET)	Siyanda District Municipality
SA Liquor Brandowners Association (SALBA)	Suid-Afrikaanse Wyn- en Brandewyn Maatskappy (SAWB)
Suid-Afrikaanse Wynbouers Vereniging	Suid-Afrikaanse Wynindustrie Trust (SAWIT)
VinPro	Wynkelders Suid-Afrika
Wholesale Merchants Forum	Wyn toerisme
Women on Farms Project	Women in Wine
Centre for Rural Legal Studies	Jeugverteenwoordigers

## Bylae C

### Werkswyse vir gesprekke met rolspelers in die wynbedryf

---

#### *Werkswyse*

Rolspelers met wie daar gesprekke gevoer is, is gekies op grond van hul rol as sogenaamde “strategiese informante” in die wynbedryf. Daar is gepoog om ‘n verteenwoordigende groep respondente uit die gevestigde industrie, arbeidsorganisasies, opkomende produsente en verteenwoordigers van die burgerlike samelewing te kies wat by die formele transformasieprosesse in die bedryf betrokke was. Potensiële respondente is via e-pos genader. Die studie is kortliks aan hulle verduidelik en hulle is gevra om hul bereidwilligheid om met die navorser in gesprek te tree te bevestig. Waar geen reaksie op hierdie e-pos ontvang is nie, is dit opgevolg met verdere elektroniese of telefoniese kommunikasie. Twintig respondente is aanvanklik genader. Veertien respondente het uiteindelik tot amptelike gesprekke ingewillig. Nie-amptelike, informele gesprekke is met ‘n verdere ses rolspelers gevoer.

#### *Lys van respondente*

Respondente met wie daar amptelike gesprekke gevoer is sluit die volgende in (daar word telkens ook genoem watter organisasie/ groepering die betrokke individu in formele transformasieprosesse in die bedryf verteenwoordig het of in watter kapasiteit hulle aan die prosesse deelgeneem het).

<b>Naam</b>	<b>Affiliasie</b>
Jan Booyesen	Uitvoerende bestuurder van die “Netwerk van Kundigheid en Tegnologie vir die Wynbedryf”/ Winetech
Ockie Bosman	Vaardigheidsontwikkeling-spesialis en voorsitter van die voormalige Suid-Afrikaanse Wyn- en Brandewynmaatskappy (SAWB) se taakspan vir die ontwikkeling van menslike hulpbronne
Abrie Botha	KWV direkteur en voorsitter van die produsente organisasie, VinPro
Charles Erasmus	Hoof uitvoerende bestuurder, Suid-Afrikaanse Wynindustrie Trust (SAWIT)
Sharon February	Direkteur van die produsente organisasie, VinPro

Augustinus Hendricks	Wes-Kaapse vise-president van die opkomende produsente organisasie, die "National African Farmers' Union"
Riaan Kruger	Voorsitter van die groothandel entiteit, die "South African Liquor Brandowners Association" (SALBA)
Jos le Roux	Voorsitter van die produsente organisasie, VinPro en die "Association for Responsible Alcohol Use" (ARA)
Sharron Marco-Thyse	Uitvoerende direkteur van die "Centre for Rural Legal Studies"
Theo Pegel	Producer/ Industry support
Nosey Pieterse	Voorsitter van die "Black Association of Workers in the Wine and Spirit Industry" (BAWSI)
Johan van Rooyen	Hoof uitvoerende bestuurder - voormalige Suid-Afrikaanse Wyn- en Brandewynmaatskappy (SAWB) en huidige hoof uitvoerende bestuur van die Suid-Afrikaanse Wynraad
Prof. Nick Vink	Professor in Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van Stellenbosch - akademiese kundige oor die wynbedryf en lid van die Wynbedryfhandves Stuurkomitee
Willy Williams	Wes-Kaapse president van die opkomende produsente organisasie, die "National African Farmers' Union"

Nie-amptelike gesprekke is met die volgende rolspelers gevoer:

<b>Naam</b>	<b>Affiliasie</b>
Annelize Crosby	Parlementêre verteenwoordiger van AgriSA
Chris du Toit	KWV direkteur
Gavin Pieterse	Voormalige direkteur van die Suid-Afrikaanse Wynindustrie Trust (SAWIT) en fasiliteerder van die formele transformasieprosesse in die wynbedryf.
Levona Solomons	Verteenwoordiger van die burgerlike samelewingsgroep, "Rise and Shine" wat die belange van gestremde persone bevorder
Dr. Christa van Louw	Akademiese spesialis oor transformasie-kwessies en strategiese vennoot in die "Women in Wine" inisiatief
Frans van Wyk	PwC vennoot en hoof van SEB dienste in die Wes-Kaap (van Wyk het as bedryfspesialis insette gelewer aan die Wynbedryfhandves Stuurkomitee)

### *Moontlike beperking*

Die oorwig van respondente wat nie tot formele gesprekke ingestem het nie was verteenwoordigers van arbeid (waaronder: die “Food and Allied Workers Union”/FAWU en die “Congress for South African Trade Unions”/COSATU en “Women on Farms”). Dit was dus nie moontlik om hierdie rolspelers direk oor hul opinies oor transformasieprosesse in die bedryf uit te vra nie. Daar word egter in Hoofstuk 5 genoem dat die persepsies van rolspelers in die bedryf deur beide een-tot-een gesprekke met rolspelers en waarneming van rolspelers se optrede en standpunte tydens forumvergaderings oor die herstrukturering van die SAWB, taakgroep- en forumvergaderings van die Wynbedryfhandves Stuurkomitee en die wynbedryf se konferensie oor sosiale uitdagings in die landbousektor getoets is. Verteenwoordigers van die bogenoemde organisasies was tydens die bogenoemde prosesse baie vokaal en het aktief aan alle gesprekke deelgeneem. In die afwesigheid van een-tot-een gesprekke kon redelike afleidings oor die opinies en persepsies van hierdie verteenwoordigers dus uit direkte waarneming van hul standpunte tydens hierdie geleentehede gemaak word.